

JY KAN DIE BYBEL VERSTAAN

JESAJA

DIE DUIDELIKSTE GETUIE VAN JHWH SE EWIG-UNIVERSELE VERLOSSINGSWERK

IN DIE OU TESTAMENT

DIE PROFEET VERKLAAR DIE TOEKOMS

HOOFSTUKKE 40-66

BOB UTLEY

PROFESSOR IN DIE HERMENEUTIEK

(SKRIF - UITLEGKUNDE)

STUDIEGIDS BYBELKOMMENTAAR OU TESTAMENT-REEKS , VOL 11B

BIBLE LESSONS INTERNATIONAL: MARSHALL, TEXAS

2011

INHOUDSOPGAWE

- (i) 'n Kort uiteensetting van tegniese bronne wat in hierdie kommentaar gebruik word
- (ii) Definisies in verband met Hebreëuse werkwoordvorme wat met eksegeese in ag geneem moet word
- (iii) Afkortings wat in die kommentaar gebruik word
- (iv) 'n Aanduiding van die skrywer hoe jy die kommentaar ten beste kan benut
- (v) 'n Gids tot regte benadering van die Bybel: hoe waarhede gekontroleer kan word

KOMMENTAAR

(vi)	Inleiding tot Jesaja	23
(vii)	Jesaja 40	31
	Jesaja 41	63
	Jesaja 42	79
	Jesaja 43	96
	Jesaja 44	107
	Jesaja 45	123
	Jesaja 46	140
	Jesaja 47	147
	Jesaja 48	157
	Jesaja 49	168
	Jesaja 50	180
	Jesaja 51	185
	Jesaja 52	196
	Jesaja 53	204
	Jesaja 54	216
	Jesaja 55	224
	Jesaja 56	233
	Jesaja 57	238
	Jesaja 58	247
	Jesaja 59	255

Jesaja 60	263
Jesaja 61	273
Jesaja 62	281
Jesaja 63	289
Jesaja 64	302
Jesaja 65	308
Jesaja 66	323

BYLAES

Bylaag Een	Inleidend tot Hebreeuse poësie	334
Bylaag Twee	Inleidend tot OT profesie	336
Bylaag Drie	Historiese oorsig in kort	340
Bylaag Vier	Tabelle OT kronologie	345
Bylaag vyf:		357
	Gebeurlikhede onder konings van die Babiloniese, Persiese en Griekse ryke, Konings van die Verdeelde Ryk	
Bylaag Vyf	Leerstellige standpunt	

ONDERWERPE VIR SPESIALE AANDAG

Verbond, 40:1	34
Hand, 20:2	36
Name van God, 40:3	37
Welwillendheid, 40:6	42
'Gees' in die Bybel, 40:7	43
Die veelbesproke Eindtyd, 40:9	45
Messias, 40:10	51
Die Drie-eenheid, 40:13	53
Regspraak, geregtigheid en oordeel in Jesaja, 40:14	54
Monoteïsme, 40:14	55
Bob se evangeliese uitgangspunt, 40:15	56
Mensvormige spreke oor God (Antropomorfismes), 41:2	67
Vrykoop en verlos, 41:14	73
Heiligmaking, 41:14	75
Afskuwelikheid, 41:24	77
Die Persoon van die Heilige Gees, 42:1	83
Gelowig, glo, vertrou en betroubaarheid in die OT, 42:3	84
Die hemel, 42:5	88
Heerlikheid, 42:8	90
Woordgebruik om vergifnis te beskryf, 43:25	105
Verkiesing/uitverkiesing en die belangrikheid van teologiese balans, 44:18	113
Berou in die OT, 44:22	114
Waar bevind die gestorwenes hulle? 44:23	115
Ken (om te), 45:4	125
Engele en demone, 45:12	128
Vir altyd/ewig ("Olam"), 45:17	131
Openbaring, kritiese bespreking van die spanningsvelde (1-4), 45:23	135
Die Oorblyfsel (drieërlei betekenis), 46:3	142
Rites van roubeklag, 47:1	149
Maan-aanbidding, 47:5	151
Vuur, 47:14	155
Geregtigheid, 48:1	161
Wesensaard van die God van Israel, 49:7	173
Eden, 51:3	188
Die Seun van die Mens, 51:12	193
Die naam "JHWH", 52:6	199
Daardie dag! 52:6	200
Vrede (sjalom)	201
Jesus, die Nasarener, 53:2	208
Is genesing God se doel vir elke eeu? 53:3	210
Die Here van die leërskaar, 54:5	219
Die Christen se sekerheid, 55:11	231
Vrugbaarheidsgodsdienst in die ou Nabye Ooste, 57:5-6	241
Molog, 57:5-6	242
Die gebruik van horings in Israel, 58:1	249
Sabbat, 58:13	254
Duisend (elef), 60:22	272
Salwing in die Bybel, 61:1	274
Verlossing ('n OT term), 62:1	282
Edom en Israel, 63:1	291
Die Drie-eenheid, 63:9	295
Die vaderskap van God, 63:16	297

Uitverkiesing versus die mens se vrye keuse, 63:17	299
Die hemele, 64:	303
Wonderlike dinge, 64:3	304
Die naam van die Here, 65:2	310
Die Twee Boeke van God, 65:6	313
Bybelse ingesteldheid ten opsigte van alkohol en alkoholisme, 65:8	316
Amen, 65:16	319
Vroue in die Bybel, 66:12	328

HULPMIDDELS VIR HIERDIE KOMMENTAAR (BRONNE)

DIE TEGNIESE BRONNE NODIG VIR KOMMENTAAR OP DIE REEKS OU TESTAMENTIESE BOEKE

I WOORDEBOEKE

Daar is 'n verskeidenheid voortreflike woordeboeke in verband met antieke Hebreeus beskikbaar.

- A. *Hebrew and English Lexicon of the Old Testament* deur Francis Brown, S.R. Driver en Charles Briggs. Dit is op die Duitse oorspronklike van William Gesenius gebaseer. Dit is bekend onder die afgekorte titel BDB.
- B. *Die Hebrew and Aramaic Lexicon of the Old Testament* deur Ludvig Koehler en Walter Baumgartner, vertaal deur M.E.J. Richardson. Dit is bekend onder die afkorting KB.
- C. *A Concise Hebrew and Aramaic Lexicon of the Old Testament* deur William L. Holladay en is op die bogenoemde Duitse werk gebaseer.
- D. 'n Nuwe vyfdelige teologiese woordbestudering genoem *The New International Dictionary of Old Testament Theology and Exegesis*, redaksioneel versorg deur Willem A. van Gemeren, is onder die afgekorte benaming NIDOTTE bekend.

Waar in verskeie Engelse vertalings beduidende verskille in woordverklaring voorkom, het ek die NASB, NKJV, NRSV, TEV, NJB bygewerk; d.w.s. die "woord vir woord" vertalings en die wat "dinamies ooreenstemmend" is. Vgl Gordon Fee en Douglas Stuart se *How to Read the Bible For All Its Worth*, bl 28-44.

II GRAMMATIKAS

Grammatikale vasstelling is gewoonlik gebaseer op John Joseph Owens se *Analytical Hebrew and Chaldee Lexicon of the Old Testament* van vier volumes. 'n Tweede mening is met Benjamin Davidson se *Hebrew and Chaldee Lexicon of the Old Testament* verkry.

'n Ander waardevolle hulpmiddel vir grammatika en sinskonstruksie, wat in die meeste OT volumes van *You can Understand the Bible*-reeks gebruik word, is die "*The Helps for Translators Series*" van die United Bible Societies. Die reeks verskyn onder die titel "A Handbook on –"

III BRONTEKSTE (MANUSKRIPTE)

Ek heg groot waarde aan die inspirasie van die Hebreeuse Konsonante-tekste (nie die Masorete se vokale-punktuasie en opmerkings nie). Soos die geval met alle ou handgeskrewe manuskripte moet 'n mens aanvaar dat vroeë oorspronke kan ontstaan. Dit is gewoonlik vanweë:

- A. *Hapax legomenon* (woorde wat slegs een keer in die OT voorkom)
- B. idiomatiese uitdrukkinge (waarvan die betekenis verlore geraak het)
- C. historiese onsekerhede (gebrekkige kennis van die antieke wêreld)
- D. Hebreeus se beperkte woordeskat in die semantiese veld van Semitisme
- E. probleme te wyte aan oorskrywers van antieke Hebreeuse manuskripte
- F. Egipties-opgeleide oorskrywers wat hulle vry voel om onduidelikhede in tekste vir hulle dag se lesers verstaanbaar te maak (NIDOTTE Vol. 1, bl 52-54)

Daar is heelwat bronne van Hebreeuse woorde en geskrifte buite die Masoretiese tekstradisie

1. Die Samaritaanse Pentateuch
 2. Die Dooie See Rolle
 3. Munte wat gevind is, briewe en potskerwe (ongebakte potskerwe wat vir skryfmateriaal gebruik is).
- Die OT MSS is nie in verwante (familiegroepe) indeelbaar soos die NT manuskripte nie.

Vir 'n kort, maar insiggewende artikel oor die teks-betroubaarheid van die Masorete se werk na 900 nC. Raadpeeg "*The reliability of the Old Testament Text*" deur K. Waltke in NIDOTTE, Vol. 1, bl 51-67.

Die Hebreeuse teks van *Biblia Hebraica Stuttgartensia* (deur die Duitse Bybel Genootskap in 1997), is op die *Leningrad Kodeks* van 1009 gebaseer. Plek-plek is daarin die Griekse Septuaginta, die Aramese Targoms, die Siriese Pesjitta en die Latynse Vulgaat geraadpleeg, indien die Hebreeuse teks onduidelik was.

HEBREEUSE WERKWOORDVORME

I 'N KORT HISTORIESE ONTWIKKELING VAN HEBREEUS

Hebreeus is 'n Semitiese taal uit die groep van die suid-wes Assiese taalfamilie. Die naam is ontleen aan een van Noag se seuns en aan die taalgroep deur moderne geleerdes toegeskryf (Gen 5:32; 6:10). Onder Sem se nageslag word gereken Hebreërs, Arabiere, Siriërs, Arameërs en Assiriërs (vgl Gen 10:21-31). In werklikheid word die Semitiese taalfamilie in Kanaän, Fenisië en Etiopië as Gam se linie gelokaliseer (Gen 10: 6-14).

Hebreeus dan is in die noordswestelike deel van hierdie taalgebied gelokaliseer. Moderne geleerdes het die volgende bronne geïdentifiseer:

- A. Amorities: Mari-tablette (uit die 18de eeu vC. In Akkadies)
- B. Kanaanities: die Rasj Sjamra-tablette uit 1500 vC. In Ugarities
- C. Kanaänities: die Amarna-briewe uit die 14de eeu vC. In Kanaänitiese Akkadies
- D. Fenisies: Hebreeus in die Fenisiese alfabet
- E. Moabities: die Mesa-steen, 840 vC.
- F. Aramees: amptelike taal van die Persiese Ryk, (twee woorde in Gen 31:47; Jer 10:11; Dan 2:4-6; 7:28; Esra 4:8-6:18; 7:12-28 en omgangstaal van die eerste eeuse Jodendom in Palestina nC. Die Hebreeuse taal staan bekend as die "lip van Kanaän" (vgl Jes 19:18); vir die eerste keer "Hebreeus" genoem in die Proloog van Essiasticus (Die Wysheid van Ben Sirag), ongeveer 180 vC. En ook op ander plekke. Vgl die *Anchor Bible Dictionary*, vol. 4 bl 205. Dit toon baie ooreenstemming met Moabities en was ook by Ugarit in gebruik. Vindplekke van buite-Bybelse antieke Hebreeus is
 1. die Geser-kalender; 'n skoolseun se geskrif 925 vC.
 2. die Siloa-inskripsie in 'n watertonnel
 3. die Samaritaanse tablette
 4. die Lagis-briewe
 5. die Makkabeëse munte en seëls
 6. sommige Dooie See Rolle
 7. talle inskripsies, vgl Languages [Hebrew]. ABD 4:203 ev

Soos alle semitiese tale dra drie-konsonant wortelstamme die basiese betekenis en verder is dit 'n taal met verbuigingsvorme van voorvoegsels en agtervoegsels met interne konsonantbyvoegings (en latere vokale) wat betekenis aandui. Vgl Sue Green, *Linguistic Analysis of Biblical Hebrew*, bl 46-49.

Hebreeuse woordeskat toon verskil tussen prosa en poësie; woordbetekenis (etimologie) hou verband met vroeëre gebruik en is nie taaltegnies van oorsprong nie. Woord-en klankspel kom dikwels voor (paronomasia).

II ASPEKTE VAN DIE SINSFUNKSIE

A. WERKWOORD

Die normale woordvolgorde in die sin is WERKWOORD, VOORNAAMWOORD, SUBJEK (met bywoordelike bepalings) OBJEK (met bywoordelike bepalings). Die Qal-vorm van PERFECTUM, MANLIK, MANLIK, ENKELVOUD dien as basiese vorm waarvolgens woordeboeke vir Aramees en Hebreeus saamgestel word.

VERBUIGINGS van die WERKWOORD toon aan

1. getal: enkelvoud, of meervoud of dualis (tweevoud)
2. geslag: manlik of vroulik (daar is nie onsydig nie!)
3. stemming: indikatief, subjunktief, imperatief
4. tyd (aspek)
 - a. onder PERFECTUM word verstaan dat wat begin is, voortgesit en afgehandel is; gewoonlik word die tydvorm gebruik vir 'n gebeure wat afgehandel is. Vgl J. Wash Watts in sy *A Survey of Syntax in The Hebrew Old Testament*, bl 36. "The single whole described by a perfect is also considered as certain. An imperfect may picture a state as possible or desired or expected, but the perfect sees it as actual, real and sure."

S.R. Driver, *A Treatise on The Use of the Tenses in Hebrew*, laat hom uit soos volg oor die profetiese perfektum: "The perfect is employed to indicate actions accomplished which lies indeed in the future, but is regarded as dependant upon such a unalterable determination of the will that it may

be spoken of as actually having taken place. Thus a resolution, promise or decree, especially a Divine one, is frequently announced in the perfect tense (bl 17)".

Robert B. Chisholm (jr), *From Exegesis to Exposition*, definieër hierdie tydvorm soos volg: "...views the situation from the outside as a whole. As such it expresses a simple fact, whether it be an action or a state (including state of being and of mind). When used of actions it often views the action as complete from the rhetorical standpoint of the speaker or the narrator (whether it is not complete in fact or reality is not the point). The perfect can pertain to an action/state in the past, present or future. As noted above, time frame, which influences how one translates the perfect into a tense-orientated language like English, must be dermied from the context (bl 86).

b. IMPERFEKTUM

Dit word gebruik vir onafgehandelde toestande, aktiwiteite in proses of aan die gang; herhalend, aan die ontwikkel of wisselvallig. Enigiets wat gedeeltelik afgeloop is of waaroor daar nie heeltemal sekerheid bestaan nie. Alles wat ten dele of onvoltooid is (bl 55).

A Survey of Syntax in The Hebrew Old Testament, J.Wash Watts, "All imperfects represent incomplete states. They are either repeated or developing or contingent. In other words, or partially developed or partially assured. In all cases they are partial in some sense, i.e. incomplete (bl 55).

From Exegesis to Exposition, Robert B. Chisholm (jr), "It is difficult to reduce the the essence of the imperfect to a single concept, because it encompasses both aspect and mood. Sometimes the imperfect is used in an indicative mood and makes an objective statement. At other times it views an action more subjectively as hypothetical, contingent, possible and so on (bl 89)".

c. Die waw-teken wat die WERKWOORD aan voorafgaande WERKWOORDE verbind.

d. Die IMPERATIEF wat uiting gee aan die wilsbesluit van die spreker en by die hoorder op aksie wil aandring.

e. In antieke Hebreeus word die tyd (-vorm) wat deur die skrywer bedoel word, alleen uit die breër konteks afgelei (en nie soseer uit die werkwoord se vorm nie)!

B. DIE SEWE HOOF-VERBUIGINGSVORME EN HULLE BASIESE BETEKENIS

In werklikheid staan hierdie vorme ook in 'n konteksgebonde verhouding tot mekaar waarin hulle nie los van mekaar gesien moet word nie.

1. Die Qal-vorm; mees basies ten opsigte van 'n aktiwiteit of toestand; die eenvoudigste vorm sonder oorsaaklikheid of spesifisering.
2. Die Nif'al is ook van die eenvoudiger vorme, bloot die PASSIEF van Qal en ook sonder oorsaaklikheid of spesifisering. Dit word ook vir WEDERKERIGE stellings gebruik, veral REFLEKSIEF (bv. hy benadeel homself)!
3. Pi'el-vorm is AKTIEF en voer die Qal-vorm se aksie tot 'n INTENSIEWE toestand (nie net breek nie, maar *stukkend* breek).
4. Die Pu'al is die PASSIEF of REFLEKSIEF van die Pi'el-vorm (bv. Hy is gebreek! Hy het homself verbreek).
5. Die Hitpa'el is die REFLEKSIEF van INTENSIEWE stamformasies (bv iemand anders /heilig); dit lê klem op HERHALENDE AKSIE of voortdurende aksie.
6. Die Hif'il is die KOUSATIEF van die Pi'el; (bv iemand opsigter *maak*); Ernst Jenni, 'n Duitse grammatikus sien dit as die HOE iets tot stand kom, terwyl die Pi'el slegs aandui DAT dit tot stand gekom het. Dié stamvorm het 'n TOELATENDE aspek.
7. Hof'al is 'n PASSIEF van Hif'il, maar kom selde voor.
Baie van hierdie inligting kom uit *An Introduction to Biblical Hebrew Syntax*, van Bruce K. Waltke en M. O'Connor, bll 343-452; (Afrikaanse voorbeelde uit B Gemser, Hebreeuse Spraakkuns, bll 70-78 – vert).

‘N TABEL VIR BEDRYWENDE VORM, LYDEND-PASSIEWE VORM EN KOUSATIEF (maar let op die ondergenoemde verskil tussen westerse en Hebreeus-oosterse tempera en vorme. Vert.)

VORM (OF SUBJEK)	GEEN TWEEDE PARTY (eerste subjek <u>doen</u> <u>self</u> /geen kousatief)*	TWEEDE PARTY AKTIEF (nog ‘n subjek <u>laat</u> <u>doen</u> /kousatief)*	TWEEDE PARTY PASSIEF (eerste subjek <u>word</u> <u>gedoen</u> /geen kousatief)*
AKTIEF	Qal	Hif’il	Pi’el
MEDIUM, PASSIEF	Nif’al	Hof’al	Pu’al
REFLEKSIEF/ WEDERKEREND	Nif’al	Hif’il	Hitpa’el

(* Aantekeninge tussen hakies deur die vertaler– moontlik naastenby korrek!)

Hierdie tabel is ontleen aan die bekwame werkstuk van Bruce K. Waltke en M. O’Conner se jongste navorsing oor die WERKWOORDSISTEEM in Akkadies in hulle *An Introduction to Biblical Hebrew Syntax*, bl 354-359.

R.H. Kennet het ‘n nodige waarskuwing gerig tot studente, wat daarop neerkom dat hulle ‘n betekenis aanbring by die Skrifwoord en opdring aan die skrywer in Hebreeus. Dit kom daarop neer dat Engelse en Latynse tydvorms as ekwivalent met Hebreeuse vorms beskou word en dat dit dan so vertaal (moet) word. Die skade wat dit veroorsaak is dat ‘n menigte van die fyner betekenis in die oorsit van OT stowwe verlore gaan.

Hierdie probleem ontstaan weens die uitgangspunt dat tydvorm baie belangrik is, terwyl die Hebreër eerder op die aksie gekonsentreer het. Dat “tyd” (grammatikale vorm) vir ons baie belangrik is, soos ook die woord “tense” aandui, was dit egter vir die Hebreër redelik onbelangrik. Dit is voorstelbaar hoe moeilik dit moet wees om bv. in Engels ‘n begrip te vertaal met inagneming van “tense” terwyl dit vir die Hebreër so onbelangrik was.

Hy vervolg: “The ancient Hebrew never thought of an action as Past, Present or Future, but simply as PERFECT or IMPERFECT, (i.e. that it is in the course of development). When we say that a certain Hebrew tense of Perfect, Pluperfect or Future corresponds with the English Perfect, Pluperfect or Future, we simply say that it must be translated in Perfect, Pluperfect or Future, but we do not mean that the Hebrew thought of it is Perfect, Pluperfect or Future, but merely that it so must be translated in English.” (*A Short Account of the Hebrew Tenses*, bl 1 en die voorwoord).

Maar van Sue Groom kom nog ‘n goeie waarskuwing: “There is no way of knowing whether modern scholar’s reconstruction of semantic fields and sense relations in an ancient dead language are merely a reflection of their own intuition or their own native language or whether those fields existed in classical Hebrew” (bl 128).

C. WYSES (STEMMINGE)

1. iets het gebeur of is aan die gebeur (AANTONENDE WYS– INDIKATIEF) gebruik gewoonlik die PERFECTUM of die DEELWOORD (PARTISIPIUM); alle DEELWOORDE is INDIKATIEF!
 - As iets sal gebeur, sou kon gebeur (SUBJUNKTIEF)
 - a. word ‘n gemerkte IMPERFEKTUM gebruik

(1) KOHORTATIEF (toegevoegde h), eerste persoon IMPERFEKTUM as wyse wat gewoonlik aan 'n versoek of 'n selfaansporing uitdrukking gee (d.w.s. aktiwiteite soos die spreker in gedagte het)

(2) JUSSIEF (verandering van gedagte), derde persoon IMPERFEKTUM (dit kan in ontkennde stellings in tweede persoon wees) gee gewoonlik uitdrukking aan 'n versoek, 'n toegewing, 'n aanmoediging of advies.

b. ook word die PERFECTUM met *lu* of *lule* gebruik

Hierdie konstruksies kom ooreen met die VOORWAARDELIKE KLAS TWEE sinne in Koiné Grieks. 'n Onwaar stelling (protasis) lei tot 'n onwaar gevolgtrekking (apodosis).

c. kan ook IMPERFEKTUM met *lu* gebruik

Konteks en *lu*, met 'n toekoms-gedagte, lei tot so 'n SUBJUNKTIEWE gebruik. Sommige voorbeelde van J. Wash Watts, *A Survey of Syntax in the Hebrew Old Testament* is Gen 13:16; Deut 1:12; 1 Kon 13:8; Ps 24:3; Jes 1:18 (vgl bll 76,77).

D. Die WAW-teken (in teenstelling/ as gevolg van/ met betrekking tot–te verstaan in die sinsverband!). Dit is 'n uniek-sinataktiese verskynsel in Hebreeus (Kanaänities) en het deur die jare heelwat verwarring tot gevolg gehad. Dit word, afhangende van die genre, afwisselend gebruik. Die verwarring het ontstaan wanneer geleerdes probeer het om die WAW-teken in hulle eie moedertaal te interpreteer. Sukkel dit, dan het hulle die blaam op Hebreeus geplaas as sou dit 'n "antieke" en "argaïese" wees. Europese tale se WERKWOORDE is sterk op TYDVORM ("tense") ingestel. Die letter WAW het (in Hebreeus) die implikasies van opeenvolgende PERFECTUM en IMPERFEKTUM WERKWOORD-stamme gereël. Daarmee is die rigting van die aksie onder die aandag gebring.

1. In historiese vertellings word die WERKWOORDE op 'n standaardpatroon aaneengeskakel.
2. Die WAW voorvoegsel staan in 'n spesifieke verband met die voorafgaande WERKWOORD(E).
3. Die wyer konteks is altyd sleutel tot die verstaan van die opeenvolgende WERKWOORDE. Semitiese WERKWOORDE kan nie alleenstaande ontleed word nie!

J. Wash Watts, *A Survey of Syntax in the Hebrew Old Testament*, wys daarop hoe Hebreeus daarin te onderskei is deur middel van die WAW* se funksie wat vooraan PERFECTUMS en IMPERFEKTUMS gekoppel word (bl 52-53). Hoewel die basiese funksie van die PERFECTUM verlede tyd is, projekteer die WAW dit onmiddellik in 'n toekomsverband. Die basiese tyd-betekenis van die WERKWOORD bly onveranderd, maar die WAW is verantwoordelik vir die tydverandering. Die WAW plaas die PERFECTUM in die toekoms en plaas die IMPERFEKTUM in die verlede (tyd). Die WAW met PERFECTUM voldoen goed aan wat vir profesie nodig is en die WAW met IMPERFEKTUM dien as draer van verhale, vertellende stowwe (vgl bll 54, 68).

Watts brei uit op sy definisie. Daar is 'n fundamentele verskil tussen WAW KONJUNKTIEF en WAW KONSEKUTIEF. (* WAW is 'n verbindingsletter, iets soos "en" in Afrikaans– vert.).

1. WAW KONJUNKTIEF verskyn altyd om 'n komende parallel aan te dui.
2. WAW KONSEKUTIEF verskyn altyd om 'n vervolgstuk aan te dui. Dit is die vorm van WAW wat met opeenvolgende IMPERFEKTUMS gebruik word (wat "en" kan beteken). Die opeenvolging wat daardeur ontstaan, kan logiese gevolgtrekking wees, of 'n logiese oorsaak, of 'n logiese kontras. In alle geval is dit dan opeenvolgende gedagtes (bl 103).

E. DIE INFINITIEF; daar is twee soorte

1. INFINITIVUS ABSOLUTIS; wat sterk, treffende uitdrukking is vir dramatiese effek... vir 'n subjek sonder 'n WERKWOORD. Die WERKWOORD word veronderstel en kan gewoonlik met "is" vertaal word. Die woord in hierdie status staan gewoonlik "dramaties alleen." (Vgl J. Wash Watts *A Survey of Syntax in the Hebrew Old Testament*, bl 92)
2. INFINITIVUS CONSTRUCTUS; wat by die sin as 'n VOORSETSEL inpas om besit (iets van iemand ens.) aan te dui (bl 91). J. Weingreen, *A Practical Grammar for Classical Hebrew*, beskryf hierdie KONSTRUKTUS/sinsbou as volg: "When two or more words are so closely

united that together they constitute one compound idea, the dependent word (is) or words (are) said to be in the construct state” (bl 44).

F. VRAENDE VOORNAAMWOORDE

1. Kom altyd eerste in die sin voor.
 - a. *ha* – verwag nie ‘n antwoord nie!
 - b. *halo’* – ‘n “ja” antwoord word deur die skrywer verwag

NEGATIEWE

- (1) kom voor in die sin net voor wat dit afwys
- (2) die mees algemene “nee”-woord is *lo’*
- (3) die term *‘al* het ‘n wisselvallige/toevallige– konnotasie en kom voor saam met KOHORTATIEWE en JUSSIEWE

- A
4. Die term *lebhilit*, wat beteken “in geval van... nie” word saam met INFINITIEWE gebruik
Die term *‘en’* word met DEELWOORDE gebruik

G. VOORWAARDELIKE SINNE

1. Daar is vier soorte voorwaardelike sinne wat ook in Koiné-Grieks aanwesig is:
 - a. iets wat aan die gebeur is en waaraan reeds gedink word as afgehandel; in Grieks KLAS EEN
 - b. iets teenstrydig met die feite en dus onuitvoerbaar; Grieks KLAS TWEE
 - c. iets wat ‘n moontlikheid is en daarom altyd haalbaar; Grieks KLAS DRIE
 - d. iets wat minder waarskynlik is en uitvoerbaarheid dus te betwyfel; Grieks KLAS VIER
2. GRAMMATIKALE MERKERS
 - a. dit wat aanvaar word as waar met ‘n aanvaarde resultaat gebruik altyd die INDIKATIEF PERFECTUM in die voorsin of ‘n DEELWOORD met in die voorsin
 - (1) *‘im*
 - (2) *ki (of ‘asjer)*
 - (3) *hin of hinneh*
 - b. dit wat met die feite teenstrydig is, gebruik ‘n PERFECTUM aspek WERKWOORD of ‘n DEELWOORD met ‘n inleidende DEELWOORD/ PARTISIPIUM *lu* of *lule*
 - c. ‘n meer waarskynlike toedrag van sake gebruik gewoonlik in die voorsin *im* of *ki* saam met die inleidende DEELWOORDE
 - d. die minder waarskynlike toestand gebruik die IMPERFECTUM SUBJUNKTIEWE in die voorsin en gebruik altyd *‘im* as ‘n inleidende DEELTJIE.

AFKORTINGS GEBRUIK IN DIE KOMMENTAAR

AB	Anchor Bible Commentaries, red. William Foxwell Albright and David Noel Freedman
ABD	Anchor Bible Dictionary (6 vols.), red. David Noel Freedman
AKOT	Analytical Key to the Old Testament deur John Joseph Owens
ANET	Ancient Near Eastern Texts deur James B. Pritchard
BDB	A Hebrew and English Lexicon of the Old Testament deur F. Brown, S.R. Driver en C.A. Briggs
BHS	Biblia Hebraica Stuttgartensia, GBS, 1997
CUM-MVB	Die Multivertaling Bybel van CUM-boeke, 2004
CUM-NLV	Nuwe Lewende Vertaling van CUM-boeke, 2006
CUMs	CUM-MVB én CUM-NLV
IDB	The Interpreter's Dictionary of the Bible (4 vols.), red. George A. Buttrick
ISBE	International Standard Bible Encyclopedia (5 vols.), red. James Orr.
JB	Jerusalem Bible
JPSOA	The Holy Scriptures According to the Masoretic Text: A New Translation (The Jewish Publication Society of America)
KB	The Hebrew and Aramaic Lexicon of the Old Testament deur Ludwig Koehler en Walter Baumgartner
LAM	The Holy Bible From Ancient Eastern Manuscripts (the Peshitta) deur George M. Lamsa
LXX	Septuagint (Greek-English) deur Zondervan, 1970
MOF	A New Translation of the Bible deur James Moffatt
MT	Masoretic Hebrew Text
NAB	New American Bible Text
NASB	New American Standard Bible
NAV	Die Bybel: Nuwe Afrikaanse Vertaling, 1983
NEB	New English Bible
NET	NET Bible: New English Translation, Second Beta Edition
NIDOTTE	New International Dictionary of Old Testament Theology and Exegesis (5 vols.), red. Willem A. Van Gemeren
NIV	New International Version
NJB	New Jerusalem Bible
NRSV	New Revised Standard Bible
OAV	Die Bybel: Ou Afrikaanse Vertaling (Hersiene Uitgawe), 1954
OTPG	Old Testament Parsing Guide deur Todd S. Beall, William A. Banks en Colin Smith
REB	Revised English Bible
RSV	Revised Standard Version
SEPT	The Septuagint (Greek-English) deur Zondervan, 1970
TEV	Today's English Version van United Bible Societies
YLT	Young's Literal Translation of the Holy Bible deur Robert Young
ZPBE	Zondervan Pictorial Bible Encyclopedia (5 vols.), red. Merrill C. Tenney

VOORWOORD DEUR DIE SKRYWER:

HOE KAN HIERDIE KOMMENTAAR VAN NUT WEES?

Skrif- uitleg is 'n rasonale en geestelike proses. Dit poog om die inspirasie van 'n antieke skrywer te verstaan sodat die boodskap van God kan deurskemer en sodoende daagliks toegepas kan word.

Die geestelike proses is van kardinale belang, maar moeilik om te definieër. Dit vereis die tipe oopheid van gemoed wat totale oorgawe aan God sal toelaat. Daar moet 'n begeerte wees, eerstens vir Hom; tweedens om Hom te ken; en derdens om Hom te dien. Hierdie proses behels gebed, belydenis en die bereidwilligheid om veranderinge in jou lewensstyl aan te bring. Die Gees is van kardinale belang in die interpretasie-proses. Hoekom opregte, toegewyde Christene dus die Bybel verskillend verstaan, bly 'n enigma.

Die rasonale proses is makliker om te beskryf. Ons moet konsekwent en regverdig wees in ons interpretasie van die teks en waak daarteen om deur persoonlike vooroordele, of dié van 'n denominasie, beïnvloed te word. Ons is almal histories gekondisioneer. Niemand kan heeltal neutraal en objektief wees tydens vertolking nie. Hierdie kommentaar bied 'n weldeurdatge, rasonale proses om sulke vooroordele te oorkom en is gestruktureer rondom drie verklarende beginsels.

Eerste Beginsel

Die eerste beginsel is om die historiese konteks waarbinne 'n Bybelboek geskryf is, in ag te neem. Dit sluit in die historiese geleentheid wat ontstaan het vir die skrywer om aan te gryp. Die oorspronklike skrywer het 'n doel gehad met die teks – 'n boodskap om oor te dra. Dus kan geen betekenis aan 'n teks toegeskryf word tensy dit deel was van die oorspronklike, antieke, geïnspireerde skrywer se bedoeling nie. Sý bedoeling, eerder as historiese, emosionele, kulturele, persoonlike of kerklike aspirasies, is sleutel tot 'n verklaring van die teks. Toepassing is 'n belangrike komponent van vertolking, maar toepassing moet noodwendig voorafgegaan word deur 'n grondige interpretasie. Hier is dit nodig om te herbevestig dat elke Bybelse teks een en slegs maar één betekenis het. Hierdie betekenis is afhanklik van die bedoeling wat die oorspronklike skrywer onder leiding van die Gees aan sy tydgenote wou kommunikeer. Die enkele betekenis mag wel verskeie toepassings hê in verskillende kulture en situasies, maar hierdie toepassings moet skakel met die sentrale waarheid van die outeur se oorspronklike bedoeling. Daarom is hierdie studiegids-kommentaar ontwerp om 'n inleiding tot elke boek van die Bybel te voorsien.

Tweede Beginsel

Die tweede beginsel is om die literêre eenhede te identifiseer. Elke Bybelboek is 'n eenheidsdokument. Ontleders het nie die reg om een aspek van die waarheid te isoleer ten koste van 'n ander nie. Daarom moet ons daarna strew om die doel van die Bybelboek in sy geheel te begryp, voordat ons die individuele literêre eenhede begin interpreteer. Die individuele dele – hoofstukke, paragrawe, of verse – kan nie bedoel wat die hele eenheid nie bedoel nie. Interpretasie moet vanuit 'n deduktiewe benadering van die geheel na 'n induktiewe benadering tot die dele vorder. Hierdie studiegids-kommentaar is as sodanig ontwerp om die student te help om die struktuur van elke letterkundige eenheid, aan die hand van paragrawe, te analiseer. Paragrafering en hoofstuk-verdeling is nie geïnspireerd nie, maar dien as die sleutel tot bepaling van die oorspronklike skrywer se gedagtegang en bedoeling.

Die sleutel tot die Bybelse outeur se vermeende bedoeling met die teks, is paragraaf-vlak interpretasie – nie sins-, frase- of woord-vlak nie. Paragrafe is gebaseer op 'n deurlopende onderwerp, dikwels die tema- of onderwerp-sin genoem. Elke woord, frase en sin in die paragrafe hou op 'n manier met mekaar verband om by te dra tot ondersteuning van hierdie sentrale tema. Hulle beperk dit, verbreed dit, verduidelik dit, en/of bevraagteken dit. 'n Ware sleutel tot deeglike verklaring is om die oorspronklike outeur se gedagtegang op 'n paragraaf-vir-paragraaf basis deur die individuele literêre eenhede wat die Bybelboek opmaak, te volg. Hierdie studiegids-kommentaar is ontwerp om die student te help met hierdie proses. Ten einde die teks te ontsluit, word verskeie moderne Engelse vertalings met mekaar vergelyk. Hierdie vertalings is gekies op grond van die verskillende vertalingsteorieë wat hulle huldig. *The United Bible Society's Greek Text* is die vierde gewysigde weergawe (UBS⁴). Paragraafindeling is hier deur moderne tekstkundiges behartig.

- A. *The New King James Version* (NKJV) is 'n woord-vir-woord letterlike vertaling gebaseer op die Griekse manuskrip-tradisie bekend as die *Textus Receptus*. Sy paragraafindelings is langer as die ander vertalings. Hierdie langer eenhede help die student om die breë bedoeling van die onderwerpe as 'n geheel te verstaan.
- B. *The New Revised Standard Version* (NRSV) is 'n gewysigde woord-vir-woord vertaling. Dit vorm 'n middeweg tussen die volgende twee moderne vertalings. Sy paragraafindelings is redelik hulpvaardig in die identifisering van onderwerpe.
- C. *The Today's English Version* (TEV) is 'n dinamiese eweknie-vertaling wat deur die *United Bible Society* gepubliseer is. Dit poog om die Bybel op 'n manier te vertaal dat 'n moderne Engelse leser of spreker die betekenis van die Griekse teks sal begryp.
- D. *The Jerusalem Bible* (JB) is nog 'n dinamiese eweknie-vertaling gebaseer op 'n Franse Katolieke vertaling. Dit is baie nuttig omrede die vergelyking van paragrawe vanuit 'n Europese perspektief.

- E. Die gedrukte teks is die 1995 *Updated New American Standard Bible* (NASB), wat 'n woord-vir-woord vertaling is. Die vers-vir-vers kommentaar volg hierdie paragrafering.

Derde Beginsel

Die derde beginsel is om die Bybel in verskillende vertalings te lees om die breedste moontlike greep te kry op die spektrum van betekenis wat Bybelse woorde en frases kan hê. Dikwels kan 'n Griekse woord of frase op verskeie maniere verstaan word. Verskillende vertalings verhelder dus die verskeidenheid moontlikhede en help om die Griekse manuskrip se variasies te identifiseer en te verduidelik. Hierdie alternatiewe beïnvloed nie leerstellinge waarheid nie, maar help ons eerder in ons poging om die oorspronklike skrywer van die teks se bedoeling te herontdek.

Vierde Beginsel

Beginsel vier wil die literêre genre bepaal. Die oorspronklike geïnspireerde skrywers was daarop gesteld om hulle boodskap in een of ander vorm aan te bied (bv. historiese vertelling, historiese drama, poësie, evangelie (gelykenis, brief, apokaliptiek). Interpretasie van hierdie literatuurvorme moet volgens bepaalde vereistes geskied. (Sien i.d.v. Gordon Fee en Doug Stuart se *How to Read the Bible For All Its Worth*; of ook D.Brent Sandy en Ronald L. Giese (jr.) se *Cracking Old Testament Codes* en Robert Stein, *Playing the Rules*).

Hierdie kommentaar bied 'n vinnige manier vir die student om sy interpretasies na te gaan. Dit is nie veronderstel om bepalend of voorskriftelik te wees nie, maar eerder ter inligting en gedagteprikkelend. Dikwels help ander moontlike interpretasies ons om nie so bevooroordeeld, dogmaties of denominasie-vas te wees nie. Ontleders het 'n wye spektrum van interpretasie-moontlikhede nodig om die dubbelsinnigheid in die antieke teks raak te sien. Dit is skokkend hoe min akkoord daar tussen Christene bestaan wat almal die Bybel as hulle brondokument erken.

Hierdie beginsels het my gehelp om baie van my historiese kondisionering te oorkom deur my te dwing om met die antieke teks te worstel. Ek hoop dat dit vir jou ook tot seën sal wees.

Bob Utley
Baptistiese Universiteit van Oos-Texas
Junie 27, 1996

‘N AANDUIDING HOE HIERDIE KOMMENTAAR U KAN HELP OP SOEK NA BYBELSE WAARHEID DEUR DIE REGTE LEESMETODE: ‘N RIGLYN

Kan ons die waarheid ken? Waar kry ons dit? Kan ons dit deur logika bevestig? Is daar ‘n absolute gesag? Is daar absolute waarhede wat ons lewens kan organiseer; ons wêreld? Het die lewe betekenis? Hoekom is ons hier? Waarheen is ons op pad? Hierdie vrae – vrae waaroor alle rasonale mense wonder – rus reeds sedert die begin van tyd swaar op die mens se intellek (Pred. 1:13-18; 3:9-11). Ek onthou nog my persoonlike soeke na ‘n sentrale ordeningsbeginsel vir my eie lewe. Reeds op ‘n jong ouderdom het ek ‘n Christen-gelowige geword, grotendeels omdat mense wat belangrike rolle gespeel het in my familielewe, getuies was van die waarheid. Naderende volwassenheid het ook ‘n toename in die erns van die vrae oor my wêreld veroorsaak. Eenvoudige kulturele en religieuse clichés het nie betekenis verleen aan die ervarings waarvan ek gelees het, of wat ek ervaar het nie. Dit was ‘n baie verwarrende tydperk in my lewe. Ek het bly soek en smag en dikwels het ek ook hulpeloos gevoel in die aangesig van hierdie onsensitiewe, harde wêreld waarin ek lewe.

Baie mense het aangevoer dat hulle die antwoorde op hierdie kernvraagstukke het, maar navorsing en refleksie het getoon dat hulle antwoorde gebaseer was op die volgende: (1) persoonlike filosofieë, (2) antieke mites, (3) persoonlike ervarings, of (4) sielkundige projeksie. Ek het die een of ander bevestiging nodig gehad, harde bewyse, ‘n rasionaal waarop ek ‘n wêreldsiening kon baseer; my integrerende middelpunt; my rede om te leef.

Ek het my bevestiging gekry deur Bybelstudie. Eers het ek begin soek vir bewyse dat dit geloofwaardig is, wat ek gevind het in (1) die historiese betroubaarheid van die Bybel soos bewys deur die argeologie, (2) die akkuraatheid van die profesieë van die Ou Testament, (3) die eenheid van die Bybel-boodskap oor die sestienvonderd jaar van sy totstandkoming, en (4) die persoonlike getuienis van mense wie se lewens permanent verander is deur hulle ervaring van die Bybel. Christenskap, as ‘n eenheidsstelsel van geloofsleer en prakties glo, het die vermoë om die komplekse vrae van die menslike bestaan te hanteer. Dit het nie net ‘n rasonale raamwerk daargestel nie, maar die ondervindelike aspek van Bybelse geloof het my groot emosionele blydschap en stabiliteit verskaf.

Ek het was onder die indruk dat ek my sentrale ordeningsbeginsel gevind het – Christus, soos verstaan deur die Skrif. Dit was ‘n emosionele ervaring. Ek kan egter steeds die skok en die pyn onthou toe ek begin agterkom hoeveel verskillende interpretasies daar van hierdie boek beskikbaar was – dikwels selfs nog binne dieselfde kerk of denkskool! Bevestiging van die Bybel se inspirasie en betroubaarheid was nie die einde nie, maar bloot die begin. Hoe kon ek die verskeidenheid uiteenlopende interpretasies van die vele moeilike passasies in die Skrif bevestig of verwerp? Die een kommentator was klaarblyklik so gesaghebbend en betroubaar soos die volgende!

Hierdie kwelling was bestem om my lewens- en geloofsdoelwit te word. Ek het geweet dat my geloof in Christus my groot vrede en blydschap verskaf het. Ek (1) het gesmag na absolute waarhede te midde van al die relatiwiteit van my kultuur (in die post-modernistiese tydperk boonop!); (2) wou sekerheid kry oor die dogmatisme van uiteenlopende geloofstelsels (wêreldgelowe); en (3) het die arrogansie van denominasies steurend gevind. In my soeke na geldige benaderings tot die interpretasie van antieke tekste, was ek verras om my eie historiese-, kulturele-, denominasionele- en ervarings-vooroordele te ontdek. Dikwels het ek die Bybel gelees bloot om my eie sienings te herbevestig. Ek het dit as ‘n bron van dogma gebruik om te gebruik as wapen teen ander om sodoende my eie onsekerheid en wanopvattinge te herbevestig. Dit was pynlik om tot hierdie besef te kom!

Hoewel ek nooit heeltemal objektief kan wees nie, kan ek ‘n beter leser van die Bybel word. Ek kan my vooroordele bekamp deur hulle te identifiseer en hulle aanwesigheid te erken. Die verklaarder is dikwels die grootste vyand van ‘n daadwerklike verstaan van die Bybel!

Laat my toe om ‘n aantal van die voorveronderstellings te noem wat ek huldig in my persoonlike studie van die Bybel sodat jy, die leser, hulle saam met my kan ontleed:

I Voorveronderstellings

- A. Ek glo die Bybel is die enigste geïnspireerde, self-openbaring van die een ware God. Daarom is dit nodig om tydens interpretasie in ag te neem dat dit die Heilige Gees is wat deur ‘n menslike skrywer, wat leef gedurende ‘n spesifieke historiese tydperk, ‘n boodskap probeer kommunikeer.

- B. Ek glo dat die Bybel geskryf is deur die gewone mens – vir alle mense! God poog om so duidelik as moontlik met ons te praat, gegewe ‘n historiese en kulturele konteks. God steek nie waarheid weg nie – Hy wil hê ons moet verstaan! Daarom moet dit verklaar word binne die konteks van die tyd waarin die tekste ontstaan het, nie ons s’n nie. Die Bybel behoort nie vir ons te beteken wat dit nie beteken het vir diegene wat dit eerste gehoor of gelees het nie. Dit is verstaanbaar deur die gemiddelde menslike intellek en gebruik normale menslike kommunikasievorme en tegnieke.
- C. Ek glo die Bybel het ‘n verenigde boodskap en doel. Die boodskap word nie weerspreek nie, hoewel daar soms moeilike en paradoksale passasies voorkom. Dus is die beste verklaarder van die Bybel, die Bybel self.
- D. Ek glo dat elke passasie (behalwe die profesieë) slegs een betekenis het, gebaseer op die oorspronklike skrywer se bedoeling. ‘n Aantal aanwysers dui hierop:
 1. die verkose genre (literêre styl) om die boodskap oor te dra
 2. die historiese milieu en/of spesifieke geleentheid wat die skryfproses gestimuleer het
 3. die literêre konteks van die boek in geheel, sowel as van elke literêre eenheid afsonderlik
 4. die tekstuele ontwerp (uitleg) van die literêre eenheid soos dit skakel met die boodskap in geheel
 5. die spesifieke grammatiese tegnieke gebruik om die boodskap oor te dra
 6. woordkeuse
 7. parallelle gedeeltes

Die studie van elkeen van hierdie aspekte word die doel van ons studie van ‘n passasie. Voordat ek my metodologie vir doeltreffende Bybellees verduidelik, wil ek eers ‘n aantal onvanpaste metodes bespreek. Die volgende metodes is almal vandag in gebruik en veroorsaak soveel diversiteit van interpretasie dat hulle liefers vermy moet word.

Onvanpaste Metodes


- A. Ignoreer die literêre konteks van die boeke van die Bybel en gebruik elke sin, frase of selfs individuele woord as stelling van waarheid, ongeag die verwantskap met die outeur se bedoeling of die breër konteks. Dit word dikwels “letterlike uitleg” (“proof-texting”) genoem.
- B. Ignoreer die historiese konteks waarbinne die boeke geskryf is deur ‘n veronderstelde historiese milieu te fabriseer met min of geen ondersteuning van die teks self nie.
- C. Ignoreer die historiese konteks van die boeke en lees dit op dieselfde manier as die oggendkoerant, asof dit hoofsaaklik geskryf is vir moderne individuele Christene.
- D. Ignoreer die historiese konteks van die boeke deur die teks te allegoriseer tot ‘n filosofiese of teologiese boodskap totaal onverwant aan die boodskap wat die eerste luisteraars daaruit sou neem, of aan die oorspronklike skrywer se bedoeling.
- E. Ignoreer die oorspronklike boodskap deur eerder jou eie sisteem van teologie, liefingsonderwerp of hedendaagse kwessies daarmee te vermeng om sodoende die teks uit verband te ruk in terme van die oorspronklike outeur se bedoeling en boodskap. Hierdie fenomeen volg dikwels ‘n eerste lees van die Bybel as ‘n metode om die spreker se gesag daar te stel en word dikwels na verwys as “lesers-respons”/“wat-die-tekst-vir-my-beteken”-interpretasie (“reader response”).

Ten minste drie verwante komponente kom voor in alle geskrewe menslike kommunikasie:



In die verlede het verskillende leestegnieke op een van die drie komponente gefokus. Om egter waarlik die unieke inspirasie van die Bybel te bevestig, is 'n gewysigde diagram meer gepas:

Eintlik moet al drie komponente in ag geneem word tydens die interpretasie-proses. Met bevestiging ten



doel, fokus my interpretasie op die eerste twee komponente: die oorspronklike outeur en die teks. Ek is heel moontlik besig om te reageer op die misbruik wat ek al gesien het deur (1) allegorisering of spiritualisering van die teks en (2) "leser-respons"-interpretasie (wat-dit-vir-my-beteken). Misbruik mag intree op enige stadium van die proses. Ons moet altyd waak daarteen dat ons motiewe, vooroordele, tegnieke en toepassing nie die oorwegende faktore word tydens ontleding nie. Maar hoe bekamp 'n mens hierdie faktore as daar geen grense is waarbinne interpretasie kan plaasvind nie; geen kriteria of beperkings nie? Dit is waar outeursbedoeling en die struktuur van die teks vir my in 'n mate helderheid verskaf oor hoe die sogenaamde moontlike interpretasies uitgeskakel kan word.

In ag genome hierdie onvanpaste leestegnieke, keer ons nou na benaderings wat meer gepas is vir doeltreffende Bybellees en interpretasie, wat 'n mate van bevestiging en konsekwentheid bied.

III Moontlike Benaderings tot Goeie Bybellees

Op hierdie stadium is die unieke tegnieke van spesifieke genre-interpretasies nie van belang nie, maar eerder die algemene hermeneutiese beginsels wat geld vir alle tipes Bybelse tekste. 'n Goeie boek vir genrespesifieke benaderings is *How To Read The Bible For All Its Worth* deur Gordon Fee en Douglas Stuart, uitgegee deur Zondervan, asook *Cracking Old Testament Codes* deur D. Brent Sandy en Ronald L. Giese (Jr.) deur Broadman en Holman uitgegee.

My metodologie fokus aanvanklik daarop dat die leser die Heilige Gees toelaat om die Bybel toe te lig deur vier persoonlike leessiklusse. Dit maak die Gees, die teks en die leser prominent, nie sekondêr tot die proses nie. Dit beskerm ook die leser daarvan om te veel deur kommentaarskrywers beïnvloed te word. Ek het al gehoor mense sê: "Die Bybel werp baie lig op kommentare." Dit is nie veronderstel om afbrekend van studiegids-kommentare te wees nie, maar is eerder 'n versoek op die leser om die gepaste tyd te kies vir hulle gebruik.

Dit moet vir ons moontlik wees om ons interpretasies te staaf uit die teks self. Drie aspekte voorsien ten minste in 'n mate bevestiging:

1. die oorspronklike skrywer se
 - a. historiese milieu
 - b. literêre konteks
2. die oorspronklike skrywer se keuse van
 - a. grammatikale strukture (sintaksis)
 - b. ander soortgelyke tekste
 - c. genre
3. ons verstaan van gepaste
 - a. relevante parallelle gedeeltes
 - b. verwantskappe tussen leerstellinge (paradoks)

Dit moet vir ons moontlik wees om logiese redes te verskaf vir ons interpretasies. Die Bybel is ons enigste bron van geloof en praktyk. Ongelukkig stem Christene dikwels nie saam oor die boodskappe van die Bybel

nie. Dit is selfverydend om aan te voer dat die inspirasie van die Bybel nie vir gelowiges toeganklik is tot so 'n mate dat hulle kan saamstem oor die inhoud daarvan nie!

Die vier leessiklusse is ontwerp om die volgende verklarende insigte te bied:

A. Die eerste leessiklus

- (1) Lees die boek in een sessie deur. Lees dit weer, maar gebruik 'n alternatiewe vertaling – indien moontlik vanuit 'n verskillende vertaling-denkskool.
 - a. woord-vir-woord (NKJV, NASB, NRSV, OAV, NAV);
 - b. dinamiese ekwivalent (TEV, JB, CUM-MVB);
 - c. parafrasering (Living Bible, Amplified Bible, CUM-NLV).
- (2) Identifiseer die sentrale doel van die geskrif in geheel. Wat is die tema?
- (3) Isoleer (indien moontlik) 'n literêre eenheid – 'n hoofstuk, 'n paragraaf of 'n sin – wat duidelik die sentrale doel of tema daarstel.
- (4) Identifiseer die dominante literêre genre.

Ou Testament

- (1) Vertelling in Hebreeus
- (2) Hebreeuse poësie (wysheidsliteratuur, Psalms)
- (3) Hebreeuse profesie (prosa, poësie)
- (4) Wetskodes

Nuwe Testament

- (1) Narratief-vertellings (evangelies, Handeling)
- (2) Gelykenisse (evangelies)
- (3) Briewe
- (4) Apokaliptiese literatuur

B. Die tweede leessiklus

- (1) Lees die hele boek weer en identifiseer die hoofonderwerpe.
- (2) Stel 'n raamwerk van die hoofonderwerpe op en som elkeen se inhoud kortliks op in 'n eenvoudige stelling.
- (3) Vergelyk jou doelstelling en breë raamwerk met studiegids.

C. Die derde leessiklus

- (1) Lees die hele boek weer en identifiseer die historiese milieu en spesifieke geleentheid wat die skrywer genoep het om die boek te skryf.
- (2) Lys die historiese items wat in die boek genoem word:
 - a. die outeur
 - b. die datum
 - c. die ontvangers
 - d. die spesifieke stimulasie vir die skryf daarvan
 - e. aspekte van die kulturele milieu wat verwant is aan bg. stimulasie
 - f. verwysings na historiese figure en gebeure.
- (3) Verbreed jou raamwerk tot 'n paragraaf-vlak vir daardie deel van die Bybelboek wat jy interpreteer. Interpreteer altyd die literêre eenheid as 'n geheel. Dit mag 'n hele paar hoofstukke of paragrawe insluit, maar stel jou in staat om die oorspronklike skrywer se logika en tekstuele ontwerp te volg.
- (4) Vergelyk jou historiese skets met dié van studiegids.

D. Die vierde leessiklus

- (1) Lees die spesifieke literêre eenheid weer in 'n verskeidenheid vertalings:

- a. woord-vir-woord (NKJV, NASB, NRSV, OAV, NAV)
 - b. dinamiese ekwivalent (TEV, JB, CUM-NLV)
 - c. parafrasering (Living Bible, Amplified Bible, CUM-MVB)
- (2) Soek vir literêre of grammatiese structure:
- a. herhaalde frases (Ef. 1:6, 12, 13)
 - b. herhaalde grammatiese strukture (Rom. 8:31)
 - c. kontrasterende konsepte
- (3) Lys die volgende items:
- a. opvallende terme
 - b. ongewone terme
 - c. belangrike grammatiese strukture
 - d. besonder moeilike woorde, frases of sinne
- (4) Soek vir relevante parallelle gedeeltes
- (a) soek vir die duidelikste passasie oor jou onderwerp deur die volgende te gebruik:
 - (1) “sistematiese teologie”-boeke
 - (2) verwysing-Bybels
 - (3) Konkordansies
 - (b) Soek vir ‘n moontlik paradoksale paar binne jou onderwerp. Baie Bybelse waarhede word daargestel in dialektiese pare; heelwat konflik tussen denominasies is te wyte aan letterlik lees van ‘n halwe Bybelse stelling. Die hele Bybel is geïnspireer en ons moet poog om sy volledige boodskap te verstaan om sodoende ‘n gebalanseerde perspektief oor die Skrif in ons interpretasie te hê.
 - (c) Soek vir parallelle binne dieselfde boek, werk van dieselfde outeur of uit dieselfde genre; die Bybel is sy eie beste ontleder omdat hy slegs een outeur het: die Gees.
- (5) Gebruik studie-hulpbronne om die historiese situasie en gebeurtenisse te bepaal:
- a. naslaan-Bybels
 - b. Bybelse ensiklopedieë, handboeke en woordeboeke
 - c. inleidings tot die Bybel oftewel teologieë
 - d. Bybel-kommentare (op hierdie stadium van jou studie is dit nodig om die gelowige gemeenskap – verlede én hede – toe te laat om jou te help om die regte rigting in te slaan).

IV Toepassing van Bybel-interpretasie

Op hierdie stadium rig ons die gesprek op toepassing. Jy het nou tyd gehad om die teks in sy oorspronklike milieu te verstaan; nou moet jy die insig wat dit jou bring in jou lewe en kultuur toepas. Ek definieër Bybelse gesag as “‘n verstaan van wat die oorspronklike Bybelse outeur wou sê vir die lesers van sy dag (in die historiese konteks) en die toepassing van daardie selfde waarhede op jou eie dag (in jou eie konteks)”.

Interpretasie moet gevolg word deur aanwending van die oorspronklike outeur se bedoeling in tyd sowel as logika. Ons kan nie ‘n Bybelse passasie vandag toepas voordat ons weet wat die bedoeling was in die konteks waarin dit geskryf is nie! ‘n Bybel passasie kan nie bedoel wat dit nooit bedoel het nie!

Jou uitgebreide raamwerk op paragraafvlak (leessiklus #3) sal jou lei. Toepassing moet op ‘n paragraaf-vlak gedoen word, nie op woord-vlak nie. Woorde het slegs in konteks betekenis; dieselfde geld vir frases en sinne. Die enigste geïnspireerde persoon betrokke in die interpretasie-proses is die oorspronklike outeur. Ons kan net sy leiding volg deur die verheldering deur die Heilige Gees. Maar verheldering is nie inspirasie nie. Om te sê “dus sê die Here”, moet ons die oorspronklike outeur se bedoeling ken in die saak. Toepassing moet spesifiek verband hou met die algemene bedoeling van die teks in geheel, die spesifieke literêre eenheid en paragraaf-vlak ontwikkeling van gedagtes.

Moenie dat die kwessies van die dag die Bybel interpreteer nie; laat die Bybel vir homself praat! Dit mag verg dat ons beginsels uit die teks assimileer. Hierdie beginsels is geldig indien die teks dit ondersteun. Ongelukkig is ons beginsels dikwels juis dít: ons beginsels – nie dié van die teks nie.

Dit is belangrik om in Bybel-toepassing te onthou dat (behalwe die profesieë) elke Bybelteks slegs een geldige betekenis het. Daardie betekenis is verwant aan die bedoeling van die oorspronklike skrywer in sy aanspraak van 'n krisis van sy dag. Baie moontlike toepassings kan afgelei word van hierdie een bedoeling. Die toepassing is gebaseer op die ontvanger se behoeftes, maar moet verband hou met die oorspronklike outeur se bedoeling.

V Die Geestelike Aspek van Interpretasie

Tot dusver het ek die logiese en tekstuele prosesse betrokke by interpretasie en toepassing bespreek. Laat my nou toe om kortliks die geestelike kant van interpretasie aan te raak. Ek het die volgende oorsiglyk hulpvaardig gevind:

- A. Bid om leiding van die Heilige Gees (vgl. 1 Kor. 1:26-2:16).
- B. Bid vir persoonlike vergifnis en reiniging van gekende sonde (vgl. 1 Joh. 1:9).
- C. Bid vir 'n groter begeerte om God te ken (vgl. Ps. 19:7-14; 42:1vv; 119:1vv).
- D. Pas die nuwe insigte onmiddellik toe in jou lewe.
- E. Bly nederig en bereid om onderrig te word.

Dit is so moeilik om die balans te handhaaf tussen die logiese proses en die geestelike leierskap van die Heilige Gees. Die volgende aanhalings help my hiermee:

- A. uit James W. Sire, *Scripture Twisting*, bl. 17-18:
“The illumination comes to the minds of God’s people – not just to the spiritual elite. There is no guru class in biblical Christianity, no illuminati, no people through whom all proper interpretation must come. And so, while the Holy Spirit gives special gifts of wisdom, knowledge and spiritual discernment, He does not assign these gifted Christians to be the only authoritative interpreters of His Word. It is up to each of His people to learn, to judge and to discern by reference to the Bible which stands as the authority even to those to whom God has given special abilities. To summarize, the assumption I am making throughout the entire book is that the Bible is God’s true revelation to all humanity, that it is our ultimate authority on all matters about which it speaks, that it is not a total mystery but can be adequately understood by ordinary people in every culture”.
- B. oor Kierkegaard, uit Bernard Ramm, *Protestant Biblical Interpretation*, bl. 75:
“According to Kierkegaard the grammatical, lexical and historical study of the Bible was necessary but preliminary to the true reading of the Bible. To read the Bible *as God’s word* one must read it with his heart in his mouth, on tip-toe, with eager expectancy, in conversation with God. To read the Bible thoughtlessly or carelessly or academically or professionally is not to read the Bible as God’s Word. As one reads it as a love letter is read, then one reads it as the Word of God”.
- C. H.H. Rowley in *The Relevance of the Bible*, bl. 19:
“No merely intellectual understanding of the Bible, however complete, can possess all its treasures. It does not despise such understanding of the spiritual treasures of this book if it is to be complete. And for that spiritual understanding something more than intellectual alertness is necessary. Spiritual things are spiritually discerned, and the Bible student needs an attitude of spiritual receptivity, an eagerness to find God that he may yield himself to Him, if he is to pass beyond his scientific study unto the richer inheritance of this greatest of all books”.

VI Hierdie Kommentaar se Metode

Die *Studiegids-Kommentaar* is ontwerp om jou te help met die interpretasie-prosedure op die volgende maniere:

- A. 'n Kort historiese uiteensetting as bekendstelling van elke boek. Gaan hierdie inligting na nadat jy leessiklus #3 voltooi het.
- B. Die verskillende dele van die literêre eenheid word in konteks geplaas aan die begin van elke hoofstuk om jou te wys hoe dit gestruktureer is.
- C. Aan die begin van elke hoofstuk of groot literêre eenheid word die paragraafindeling saam met hulle beskrywende onderskrifte verskaf. Dit word uit die volgende moderne vertalings geneem:
 - 1. The United Bible Society Greek text, vierde uitgawe gewysig (UBS⁴)
 - 2. The New American Standard Bible, 1995 weergawe (NASB)
 - 3. The New King James Version (NKJV)
 - 4. The New Revised Standard Version (NRSV)
 - 5. Today's English Version (TEV)
 - 6. The Jerusalem Bible (JB)
 - 7. Die Ou Afrikaanse Vertaling (OAV)
 - 8. Die Nuwe Afrikaanse Vertaling (NAV)
 - 9. Die Nuwe Lewende Vertaling (CUM-NLV)
 - 10. Die Multivertaling Bybel (CUM-MVB) – ongelukkig uit druk!

Paragrafering is nie geïnspireer nie. Dit moet uit die konteks afgelei word. Deur 'n vergelyking van 'n aantal moderne vertalings vanuit verskillende vertaling-denkskole en teologiese perspektiewe, word dit vir ons moontlik om die veronderstelde struktuur van die skrywer se gedagtes te analiseer. Elke paragraaf het een hoofwaarheid. Dit word gewoonlik die "tema-sin" of "sentrale idee van die teks" genoem. Hierdie eenheidsvormende gedagte is die sleutel tot gepaste historiese, grammatiese interpretasie. Ons moet nooit interpreteer, preek of onderrig oor minder as 'n paragraaf nie! Onthou ook dat elke paragraaf verwant is aan die omliggende paragrawe. Dit is hoekom 'n paragraaf-vlak raamwerk van die hele boek so belangrik is. Dit moet vir ons moontlik wees om die logiese vloei van die onderwerp te volg volgens die bedoeling van die oorspronklike outeur.

- D. Bob se notas volg 'n vers-vir-vers benadering tot interpretasie. Dit dwing ons om die oorspronklike outeur se gedagtegang te volg. Die notas bied inligting oor 'n verskeidenheid aspekte:
 - 1. literêre konteks
 - 2. historiese, kulturele insigte
 - 3. grammatiese inligting
 - 4. woord-ontleding
 - 5. relevante parallelismes
- E. Soms word die gedrukte teks in die kommentaar uit *The New American Standard Version* (1995 weergawe) afgewissel met die vertalings van verskeie ander moderne weergawes:
 - 1. *The New King James Version* (NKJV) is 'n woord-vir-woord letterlike vertaling gebaseer op die Griekse manuskrip-tradisie bekend as die *Textus Receptus*.
 - 2. *The New Revised Standard Version* (NRSV) is 'n gewysigde woord-vir-woord vertaling van die National Council of Churches se *Revised Standard Version*.
 - 3. *The Today's English Version* (TEV) is 'n dinamiese eweknie-vertaling wat deur die *United Bible Society* gepubliseer is.
 - 4. *The Jerusalem Bible* (JB) is nog 'n dinamiese eweknie-vertaling gebaseer op 'n Franse Katolieke vertaling.
 - 5. Die Afrikaanse vertalings: *Ou Afrikaanse Vertaling* (OAV), die *Nuwe Afrikaanse Vertaling* (NAV.) en die twee CUM-weergawes, Cum- *Multi Vertaling Bybel* (MVB) en die Cum- *Nuwe Lewende Vertaling* (NLV)– uitgewer vermeld ter onderskeiding van veelheid van afkortings; slegs aanvullend bygewerk.

- F. Vir diegene wat nie Hebreeus magtig is nie, kan die vergelyking van Engelse en Afrikaanse vertalings oor en weer help om 'n aantal probleme in die teks te identifiseer:
1. manuskrip variasie
 2. alternatiewe woordbetekenisse
 3. grammaties-moeilike teks en struktuur
 4. dubbelsinnige tekste

Hoewel die Engelse en Afrikaanse vertalings nie hierdie probleme kan oplos nie, word hulle wel hierdeur as plekke vir dieper en meer aandagtige studie geïdentifiseer.

- G. Elke hoofstuk word afgesluit met 'n aantal besprekingsvrae wat poog om die belangrikste kwessies vir interpretasie uit elke hoofstuk toe te lig.

'N AANTEKENING VAN DIE VERTAALSPAN / NOTES ON THE AFRIKAANS VERSIONS

Dit is andermaal 'n voorreg om 'n werkstuk van dr Bob Utley in **Afrikaans** te vertaal. Mag dit Afrikaanse Bybellesers aanmoedig om die boek Jesaja met groot verwagting op te neem.

Aangesien die meerderheid Afrikaanse mense **Engels** as tweede taal magtig is, behou ons dr Utley se voorkeur gebruik van die NASB in die teks en aanhalings uit ander Engelse vertalings vir die waarde wat dit vir vergelykende Bybelstudie kan hê.

Maar ander waardevolle opsies kom na vore uit so 'n vertaalopdrag.

Die OAV (ou Afrikaanse vertaling–1933/53) bring ons terug in hierdie vertaalarbeid en wys daarop dat die Bybelgenootskap dit in 'n heruitgawe self weer op die rakke geplaas het.

Die NAV (nuwe Afrikaanse vertaling–1983) is van dieselfde statur as die bogenoemde NASB en verdien sy plek in die aanhalings.

Die jongste Afrikaanse vertaalwerk in CUM-MVB (Christelike Uitgewers Maatskappy se Multivertaling Bybel–2004) en CUM-NLV (die Nuwe Lewende Vertaling van dieselfde maatskappy–2006) verdien op grond van erkende gehalte insluiting as aanhalings. Soms is daar tot nege Bybelaanhalings per vers in beide tale beskikbaar (**Sien E en F hierbo / note E and F above**). Met die Afrikaanse Bybel byderhand, wat die leser gewoonlik gebruik as hoofbron, kan dr Utley se aanwysings (studiegids-kommentaar in Afrikaans) van groot hulp wees. .

Die Afrikaanse vertalings van die Bybel word tot die teks toegevoeg met die nodige **skriftelike goedkeuring** van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika en die Christelik Uitgewers Maatskappy (CUM) onderskeidelik.

Dr. J. (Dunes) van der Merwe (vertaler)
Mev. Karien van der Merwe (proefleser)
Strand, Suid-Afrika
(Somer 2013)

INLEIDEND TOT JESAJA

I TER AANVANG

- A. Meer as enige ander profeet word Jesaja in die NT aangehaal; meer as 411 keer! Sy boodskap is op radikale, universele monoteïsme gegrond en behels 'n verlossingsplan vir die hele skepping:
 - 1. daar is een God
 - 2. een wêreld
 - 3. een geloof

- B. Jesaja is besonderlik Messiaans:
 - 1. die besondere kinders van die Nuwe Era, 7-14
 - 2. die liedere van die Kneg van die HERE
 - 3. die toekomstige Messiaanse Koninkryk (die Nuwe Eeu), hoofstukke 56-66. Die sondeval soos in Genesis verhaal, is nie die laaste woord nie!

- C. E.J. Young, An Introduction to the OT, meld:
 - 1. "Heel tereg word die boek Jesaja as die heel belangrikste OT profesie beskou"
 - 2. "Van al die OT profete het Jesaja die gedagtes van God en sy plan vir die eeue die heel beste verstaan"
 - 3. "Wat geestelike insig betref, staan hy kop en skouers bo heel die OT uit." (bl 172)

II DIE NAAM VAN DIE BOEK

- A. Die boek is vernoem na die profeet aan die woord.

- B. Die naam beteken "verlossing van JHWH" of "JHWH red." Alle Hebreeuse name wat op "-ja" eindig, dra 'n afkorting van Jahweh. Ook die wat met "J" begin en met 'n klinker volg, is 'n teofore naam, by "Josua" en Joël".

III KANONISERING

- A. Dit is die eerste boekrol van die 4 waaruit die Later Profete bestaan:
 - 1. Jesaja
 - 2. Jeremia
 - 3. Esegïel
 - 4. Die Twaalf (kleiner profete)

- B. Dit was vroeg en sonder voorbehoud in die Israeliese literatuur aanvaar.

IV DIE GENRE

- A. Jesaja se literêre vermoë is uitstaande bo al die ander profete. Sy hoogstaande poësie is ryk aan woordspel en boeiend. Die boek is merendeels Hebreeuse digkuns (vgl Bylae Een).

- B. Dit is moeilik om Jesaja in een sessie te lees. Dis moeilik om die boek se struktuur te bepaal. Die rede hiervoor is dat Jesaja 'n prediker was en nie net skrywer of samesteller nie. Boodsappe oor 'n lang termyn van optrede is in sy boek vervat. Daar was groepering na aanleiding van:
 - (1) tema
 - (2) kronologie
 - (3) gebeure wat Israel direk raak
 - (4) volgens kulturele norme van die Ou Naby Ooste (wat veel van ons s'n verskil)
 - (5) en by wyse van sleutelgedagtes (woorde) en woordspel.

V OUTEURSKAP

A. Joodse standpunte:

1. Die Talmoediese (Joodse) *Baba Bathra* 15a is van mening dat Hiskia en sy manne Jesaja, Spreke, Prediker en Hooglied geskryf het (bedoelende saamgestel of redaksioneel versorg het).
2. Ben Sirach, in *Ecclesiasticus 49:17-25*, omtrent 185 v.C. geskryf, meld dat “Jesaja, seun van Amos,” die boek geskryf het (1:1; 12:1; 13:1).
3. In 2 Kron 32:32 word Jesaja se optekening van sy Roeping in die “Gesig van die Profeet Jesaja seun van Amos” en die parallel daarvan in 2 Kon 18:19 - 20:19 (leer ken ons die man) met verwysing na sy getroue optrede gemeld (NAV):
 - a. hy was afkomstig uit welgestelde adelike familie in Jerusalem, moontlik neef van koning Ussia.
 - i. Daar is aanduiding dat die “-ja” uitgang ‘n afkorting van JHWH is en dat so ‘n benoeming onder Juda se koninklikes alleen gebruiklik was.
 - ii. Die familieverbintenis word ondersteun deur die geredelike toegang wat hy tot koning Ussia gehad het.
 - iii. Sien ook die Talmoed “Meg.” 10b
 - b. Hy was met ‘n “profetes” getroud (8:3).
Eersgebore seun, Sjeer- Jasjoeb, wat beteken het “‘n oorblyfsel sal terugkeer”;
Die tweede seun, Maher-sjalal-hasj-bas (8:3), “Plunder en Roof is Naby” (NAV).
 - c. Jesaja het ‘n langer bediening gehad as enige van die ander profete in die OT. Hy het opgetree as verkondiger namens God in Juda vanaf die regering van Jotam (742-735 v.C.) tot Hiskia (715-687 v.C.) en selfs tot in die tyd van Manasse (687-642 v.C.). Manasse was moontlik ‘n mede-regeerder vanaf 697 v.C.).
 - d. Indien 2 Kron. 26:22 na Jesaja verwys, was hy die amptelike skrywer en bewaarder van die konings se kronieke.
 - e. Volgens oorlewering is hy middeldeer gesaag in ‘n blok ten tye van Manasse se regering (vgl *Die Marteling en Hemelvaart van Jesaja* – Heb 11:37).
Moses ben Samuel Ibn Gekatilla, ongeveer 110 n.C. het die stelling gemaak dat hoofstukke 1-39 van Jesaja is, maar hoofstukke 40-66 is tydens die periode van die Tweede Tempel (dws Persiese tydperk, 538-430 v.C.) geskryf.
4. Ibn Esra (n.C. 1092-1167) het Gekatilla se siening gevolg en wys hoofstukke 40-66 af as nie Jesaja die agste eeu voor Christus nie.

B. Geleerdes van nou se siening oor outeurskap

1. ‘n Deeglike opsomming van geskiedkundige aspekte kan in R.K.Harrison se *Introduction to the OT* gevind word, Eerdmans, 1969.
2. ‘n Goeie bespreking van tegniese oorweginge waarom daar van twee Jesajas sprake is, kan in S.R. Driver se *Introduction to The Literature of the OT* gevind word.
3. Geen Hebreeuse of Griekse (LXX) manuskripte is ooit gevind met enige teken van verdeling tussen hoofstukke 40-66 nie:
 - a. Daar is egter in ‘n weergawe van die Dooie See Rolle, ‘n spasie van twee oop lyne na hoofstuk 33, maar nie na hoofstuk 39 nie.
 - b. Dit wil voorkom of daar ‘n parallelle strukturering tussen 1-33 en 34-66 bestaan. Die twee dele gaan, eerstens, oor die profeet se eie tyd en in die tweede plek, oor die toekoms, ‘n tipiese benadering van die Hebreeuse profete (vgl Esegïel, Daniël en Sagaria).
4. Geleerdes van ons dag is hoegenaamd nie eenstemmig oor die aantal medeskrywers of die gedeeltes in die boek waarvoor hulle verantwoordelik is nie.

C. ‘n Paar redes ten gunste van eenheid van Jesaja

1. Vyf-en-twintig uitdukkings in albei dele van Jesaja wat nie op ander plekke in die OT voorkom nie (NIV, *Introduction to Isaiah*, bl. 1014).
2. Die “Heilige van Israel” kom 13 keer in hoofstukke 1-39 voor en 14 keer in 40-66, maar slegs ses keer in die res van die OT.
3. Jesus haal aan uit hoofstukke 53:1 en 6:10 en skryf beide gedeeltes toe aan Jesaja (Joh 12: 38,40).
4. Gedeeltes (aanhalinge) uit hoofstukke 40-66 word aan Jesaja toegeskryf in Mat 3:3; 8:17; 12:17; Luk 3:4; 4:17; Joh. 1:23; Han 8:28 en Rom 10:16-20.
5. Uit die Masoretiese Teks, Dooie See Rolle of die Septuaginta (oudste bestaande manuskripte) is daar geen aanduiding of bewyse dat die boek verdeel word na hoofstuk 1-39 nie.
6. Daar is geen aanduiding van ‘n “groot 6de eeuse profeet” (Deutero-Jesaja) uit historiese bronne nie. K. Harrison, in sy *Introduction to the OT*, maak die volgende opmerking:

“Arguments from literary style were greatly in vogue at the end of the nineteenth century, but in the light of a much wider knowledge of ancient Near Eastern languages they have now assumed a far less important position. The very subjectivity of stylistic considerations had a great appeal for the adherents of the Graf-Wellhausen theory of literary analysis, who saw no inconsistency whatever in perusing material ascribed to a Biblical author, and then denying parts of that very corpus to him because the literary form and vocabulary of each chapter did not happen to be identical. Apparently it did not occur to those early investigators that it was only possible to derive some concept of the style of an ancient author as the result of careful study of all the material ascribed to him, and that subsequent rejection of part or all of that corpus could only be validated on the basis of some rigorous external control” (bl. 776).

D. Enkele oorweginge ten gunste van meer Jesaja-outeurs:

1. In hoofstukke 40-66 kom die naam “Jesaja” nooit voor nie.
2. Gebeure in hoofstukke 40-66 val buite Jesaja se historiese tydperk.
3. Verwysings is nie konsekwent nie wat betref:
 - a. die straf van die Assiriese inval en wegvoering;
 - b. die oordeel van die Babiloniese inval en wegvoering.
4. Nog redes wat betref die teorie van veelheid van outeurs is:
 - (1)
 - a. 1-39 dui op Juda nog voor ‘n inval;
 - b. 40-55 weerspieël ballingskaptoestande;
 - c. 56-66 weerspieël na-ballingskap toestande;
 - d. 1-39, die tempel sal vir altyd staan, maar volgens 40-66 het die tempel reeds geval en bevind die skrywer hom in ballingskap.
 - (2) Die wisselende terme om God se uitverkorenes te beskryf:
 - a. die Messiaanse kind;
 - b. die Lydende Kneg.
 - (3) Terme oor Israel:
 - a. vrou (50:1);
 - b. diensknegte van JHWH (54:17).
5. Eietydse konserwatiewe geleerdes:
 - a. E.J. Young maak ‘n waardevolle stelling i.v.m. hoofstukke 56-66: “another possibility is that Spirit-led, editor-collected prophecies from different prophets of the Isaiah school around basic themes of this section” (bl 188).
 - b. R.K.Harrison se seining “The present writer holds to the view that Isaiah, like the majority of the other extant prophetic writings, represents an anthology of utterances given at various times, and as such the work merits no different treatment from that accorded the other major prophecies. In this connection it is important to note that arguments based upon differences of style or literary expression are immediately vitiated by this approach, since an anthology may be taken quite fairly as representing the total style of the author over the different periods of creative activity. Justification for describing the work as an anthology in

the best sense of that term, is furnished by the opening verse of the prophecy, which constitute a heading for the work and speak specifically of the revelatory material that Isaiah the son of Amoz received in visions concerning Judah and Jerusalem in the days of Uzziah, Jotam, Ahaz, and Hezekiah. As with all anthologies it is fairly evident that the book contained only a selection of the available prophetic oracles and sermons and is highly probable that Isaiah produced considerably more material than has survived in this book. The nature of the prophecy as an anthology is further indicated by the presence of superscriptions in Isaiah 2:1 and 13:1 which may have represented or pointed to the presence of, earlier collections of prophetic utterances, (bl 780).”

6. Daar is ‘n verskil in literêre styl wat betref 1-39 en 40-66.

E. Samevattende opmerkings oor outeurskap:

1. Godvresende geleerdes verskil onder mekaar oor hoe die boek Jesaja in sy huidige vorm tot stand gekom het (sien bv. die Dooie See-rolle en Masorete Teks). Die hoofklem moet egter op die geïnspireerdheid van die boek geplaas word, op die betroubaarheid daarvan, ook wat betref openbaring van die karakter van JHWH.
2. Ons moet alle voorveronderstellings wat God se openbaring deur Jesaja betwyfel, verwerp. Daarmee word ook bedoel die verwerping van die uitgangspunt wat by voorbaat voorspellende profesie nie aanvaar nie, wat daarmee die OT as blote mense werk beskou, slegs van historiese en tydgebonde waarde.

VI DATERING

A. Jesaja was werksaam in geleedere van die 8ste eeuse profete:

1. Jona, Amos en Hosea in die Noordelike Ryk (Israel), tydens regering van Jerobeam II (786-640 v.C.);
2. Jesaja en Miga in die Suidelike Ryk (Juda).

B. Hy is gebore in die jare ongeveer 760 v.C. en ontvang sy roeping as profeet ongeveer 742 v.C. d.w.s. in die sterfjaar van koning Ussia (6:1). Ussia word ook Asarja genoem (783-742 v.C.).

C. Jesaja het ‘n lang bediening gehad. Sy bedizening strek van Ussia se laaste jare (voor 742), regdeur Jotam se tyd (742-735 v.C.), ook dié van Agas (735-715vC.), Hiskia (715-687vC.) en tot in die regeringstyd van Manasse (687-642vC.), want hy voorspel nog Sanherib se dood in hoofstuk 37:38 in 681 vC.

D. R.K. Harrison verklaar dat die boek ‘n bloemlesing is van die profeet se uitsprake en preke, tydens die regeringsjare van verskeie Judese konings en teen 630 vC. na sy dood saamgestel en redaksioneel versorg is.

VII DIE HISTORIESE TYDGEWRIG VAN AGSTE-EEUSE PROFETISME

A. Gegewens uit die Bybel is te vinde in:

1. 2 Kon 14:3-17:6
2. 2 Kron 25-28
3. Amos
4. Jona
5. Hosea
6. Jesaja
7. Miga

B. Die duidelikste beeld oor die staat van afgodery onder die volk van God word in Hosea beskryf (uit NAV geneem – vert.):

1. 2:16, “en my nie meer as ‘n Baäl beskou nie”;

2. 4:12-14, "... dogters hoereer";
3. 4:17, "Efraim is verknog aan afgodsbeelde, laat hom maar sy gang gaan";
4. 13:2, "moet jy hierdie kalwers soen".

C. Die sosiale omgewing:

1. Dit was 'n tyd van ekonomiese hoogbloeï en militêre uitbreiding vir beide Juda en Israel. Dit het egter net die welaf gedeelte van die volk ten goede gekom. Die armes was uitgebuit en verdruk. "Geld ten alle koste" het insigself afgodiese omvang bereik.
2. Die ekonomiese welvaart en besit in beide Israel en Juda:
 - a. was aan die lang en voordelige regeringstyd van Jerobeam II (786-746 v.C. – in die Noorde) en Ussia (783-742 v.C. – in die Suide) te danke;
 - b. die Assiriese onderwerping van Sirië deur toedoen van Adad-Nirari III in 802 v.C.;
 - c. afwesigheid van botsings tussen Israel en Juda;
 - d. uitbuitende belastings op die handelsroetes, van noord na suid oor die Palestynse brug, het tot vinnige ekonomiese ontwikkeling aanleiding gegee, selfs uitspattige lewe vir die welvarende klas!
3. Die "Potskerwe/kleitabelle van Samaria" wat in die regeringstyd van Rehobiam II gedateer word, dui op 'n administrasie soortgelyk aan dié van Salomo. Daaruit blyk die vergroting van die gaping tussen die welgesteldes en die armes.
4. Die oneerlikheid van die rykes word duidelik in Amos, bekend as "die profeet van sosiale geregtigheid," geïllustreer. In beide Israel en Juda was omkoperij van die regbank en 'n ekonomie van gepeuter met gewigseenhede aan die orde.

D. Die godsdienstige toestande van die dag:

1. Daar was oormaat van vormlike godsdienshandeling, maar weinig opregte geloof. Die Kanaänitiese vrugbaarheidskultus het sinkretisties van Israel se geloof deel geword. Die mense was in afgodery verval, maar het dit JHWH-isme (Jahwisme – vert.) genoem. Die neiging by die Volk van God was om deur middel van hulle politieke verbintenisse, wat betref heidense invloed en gebruike, verdraagsaam te raak.
2. Afgodery in Israel word in 2 Kon 17:7-18 uitgebeeld:
 - a. Volgens vers 8 het hulle die aanbiddingspraktyke van die Kanaäniete nagevolg (vgl NAV):
 - (1) kultus vir bevordering van vrugbaarheid (Lev 18:22-23);
 - (2) hoogtes gebou, elke hoë rant (2 Kon 17: 9, 10,11);
 - (3) gewyde klippilare, pale (vv 10, 16);
 - (4) Asjera-beelde (v 16), houtpale wat sinnebeeldig was van die gemalin van Baäl; daarvoor is gemerkte pale geplant of selfs "'n groen boom (NAV)".
3. Waarsêery (NAV – v 17). Vir die geloof verbode, volgens Lev. 19-20:
 - (1) voortsetting van die twee goue kalwers (v 16), bedoel om simboliek van JHWH te wees, wat by Dan en Bet-El deur Jerobeam I opgerig is (1 Kon 12:28-29);
 - (2) verder het hulle die Babiloniese gode van die hemelruim: Son, maan, sterre en die sterrebeelde vereer;
 - (3) ook die Fenisiese vrugbaarheidsgod, aan wie hulle kinders in vuur geoffer het, "Molog" (Lev 18:21; 20:2-5)! Dit is hoe die praktyk genoem word, maar nie die naam van die godheid nie.
4. Baälisme (vgl W.F. Albright, se *Archaeology and the Religion of Israel*, bl 82 e.v.):
 - a. Die beste argeologiese bron is die "Baäl – epos van Ugarit." Dit skets Baäl as 'n seisoengebonde godheid wat sterf en herrys. Hy word deur Mot verslaan en na die "onderwêreld" uitgeban. Alle lewe op aarde kom daarmee tot stilstand. Maar met die hulp van die vroulike godin, Anat, herrys hy elke lente om Mot te verslaan. Hy was 'n vrugbaarheidsgod wat vereer is by wyse van nabootsing deur magiese handeling.
 - b. Sy ander naam was Hadad.

- c. El was die hoofgod van die Kanaänitiese veelgodendom, maar sy populariteit het geswig voor Baälisme.
 - d. Israel was intens beïnvloed deur die Tiriese Baälisme omrede van Isebel, die dogter van die koning van Tirus, wat Omri uitgekies het vir sy seun Agab.
 - e. In Israel is Baälisme op beskikbare hoë plekke beoefen. Simbool van die wyding van die plek was 'n regopstaande steen. Sy gemalin, Asjera, is deur 'n gemerkte paal voorgestel om die "boom van lewe" voor te stel.
5. Verskeie redes vir en tipes van afgodery het dus voorgekom:
- a. die goue kalwers deur Jerobiam I by bet-El en Dan vir JHWH-aanbidding;
 - b. die verering van die Tiriese vrugbaarheids gode (manlike en gemalin) op hoogtes;
 - c. en ander wat genoodsaak was deur politieke affiliasies van die dag.
- E. 'n Kort opsomming van Assiriese en Babiloniese invalle op Palestynse gebied gedurende die 8 ste eeu en hoe dit die gebied geaffekteer het:
1. Die vier agste eeuse profete was tydens die opkoms van die Tigris-Eufraat Ryk, naamlik Assirië, reeds werkzaam. God sou hierdie wrede nasie gebruik om sy volk, in besonder Israel, te oordeel.
 - a. Die spesifieke oorsaak was die totstandkoming van die politiek-militêre, oos-Jordaniese, Siro-Efraimitiese Bondgenootskap (735 vC.). Hiermee wou Israel en Sirië Juda dwing om met hulle saam te staan teen Assirië. In plaas van tot die bondgenootskap toe te tree, stuur Agas 'n brief na Assirië met 'n versoek om hulp. Die eerste koning van Assirië met Ryksideale, Tiglat-Pileser III (745-727 vC.), reageer op die uitdaging met 'n inval in Sirië .
 - b. 'n Vasalvors (van Assirië in Israel), Hosea (732-722vC.), besluit om te rebelleer met beroep op Egipte. Salmaneser V (727-722vC.) val daarmee Israel weer binne maar sterf voor Israel val. Sy opvolger, Sargon II, voer 27 000 Israëliete in ballingskap weg (722 vC.) soos wat sy voorganger, Tiglat- Pileser in 732 vC. duisende weggevoer het.
 2. Na die dood van Agas (735-715 vC.) het die Trans-Jordaniese lande weer 'n militêre koalisie met Egipte gevorm om Assiriese oorheersing af te werp. Dit staan as die "Asdod-Rebellie" bekend. Talle Judese stede is met hierdie Assiriese inval verwoes. Aanvanklik het Hiskia hierdie rebellie gesteun, maar later sy steun onttrek.
 3. Nietemin, nog 'n koalisie het met die afsterwe van Assirië se kragtige koning, Sargon II, in 705 saam met talle ander rebellies dwarsdeur die Ryk, die Assiriese juk, probeer afwerp.
 - a. Hiskia het ten volle aan hierdie opstand deelgeneem. In reaksie op hierdie uitdaging het Sanherib (705-681 vC.) Palestina binnegeval (701 vC.) en in die nabyheid van Jerusalem kamp opgeslaan (2 Kon 18-19; Jes 36-39), maar sy aanvalsmag is op wonderbaarlike wyse deur God vernietig.
 - b. Daar is onder geleerdes nie eenstemmigheid oor die aantal kere wat Sanherib in Palestina toegeslaan het nie(vgl John Bright The History of Israel, bl 270). Hy weet van 701 vC. en is van mening dat 688 vC. Ook 'n moontlikheid is.
 - c. Hiskia het 'n Assiriese oorname oorleef, maar sy vertonerige houding toe 'n Babiloniese afvaardiging hom besoek en hulle die hele Judese ekonomie kon besigtig, lei daartoe dat Jesaja voorspel dat dit alles aan die opkomende Babiloniese Ryk van Nebukadneser afgee sou word (39:1-8). Jerusalem is in gedurende 587-586 deur Nebukadneser ingeneem.
 4. Jesaja het in besonder die herstel van die volk van God onder Kores II, die Mede-Persiese regeerder voorspel (41:2-4; 44:28; 45:1; 56:11). Nineve, hoofstad van Assirië, het in 612 vC. voor die Babiloniërs geval en die stad Babilon val voor Kores se leërs in 539 vC. In 538 vC. Het Kores 'n dekreet uitgereik wat bepaal het dat alle ballinge, wat die Jode ingesluit het, huis toe kan gaan. Hy het selfs fondse uit sy skathuis vir die herbou van nasionale aanbiddingsplekke voorsien. Hy was 'n erg bygelowige man en wou graag hê dat alle gode hom goedgesind moet wees.

- A. Kortliks die samestelling, hoofstukke:
1. 1-39, die profeet en sy dag;
 2. 40-66 (moontlik ook 40-55 en 46-66), die nuwe era.
- B. Hoofstukke 1-39, die historiese tydgewrig van Jesaja (voor die ballingskap):
1. hoofstukke 1-6, onder konings Ussia en Jotam;
 2. hoofstukke 7-14, onder koning Agas;
 3. hoofstukke 15-39 onder koning Hiskia (36-39 is 'n parallelle gedeelte met 2 Kon 18:13- 20:19).
- C. Hoofstukke 40-66 dek die ballingskap en daarna en dui tipologies op 'n toekomstige koninkryk:
1. Dit is duidelik dat hoofstukke 1-39 aantekeninge was van mondelingse optrede, preke, maar hoofstukke 40-55 weerspieël 'n nuwe omgewing. Die oordeel van God is voltrek en herstel is nou die nuwe tema. Stylgewyse kan nou die afleiding gemaak word dat dit eerder geskrewe aantekeninge was as optekening van mondelinkse oorlewering;
 2. Hoofstukke 1-39 hanteer duidelik die Assiriese en die Babiloniese bedreigings as tipes van komende oordeel; veral hoofstukke 13-14, 21 en 39. Hoofstuk 40-55 is oorskou van die Persiese periode en herstel van die Volk van God in die Beloofde Land;
 3. Die latere hoofstukke, 56-66, is eskatologies van aard, wat historiese metafore uit die Ou Nabye Ooste gebruik om 'n voorskou van die wêreldwye, monoteïstiese regering van JHWH te bied.
- D. Die moeilike uitleg van die boek Jesaja:
- 1 Die meerderheid hedendaagse geleerdes verdeel die boek in twee dele: (1) hoofstukke 1-39 en 40-66, maar (2) R.K. Harrison se verdeling volg die "gaping" tussen 1-33 en 34-66 in die Dooie See Rolle se afskrif. Hierdie opvallende verdeling in die DSS het aanleiding gegee tot die gedagte dat die boek Jesaja deur sy navolgelinge in twee volumes byeengebring is. W.H. Brownlee is selfs van mening dat die twee dele, wat samestelling betref, ooreenkomste vertoon:

Volume 1

Hoofstuk 1-5,	ondergang en herstel
Hoofstukke 6-8	biografiese materiaal
Hoofstukke 9-12	bewerkers van seën en straf
Hoofstukke 13-23	uitsprake teen vreemde lande
Hoofstukke 24-27	wêreldoordeel en verlossing van Israel
Hoofstukke 28-31	etiese preke
Hoofstukke 32-33	die herstel van die volk

Volume 2

hoofstukke	34-35
hoofstukke	36-40
hoofstukke	41-45
hoofstukke	46-48
hoofstukke	49-55
hoofstukke	56-59
hoofstukke	60-66

2. Sommige uiteensettings fokus op die historiese situasie terwyl ander die Messiaanse inhoud as riglyn gebruik.

NIV

Hoofs	7-12	Profesieë as gevolg van Die Aramees – Israelitiese Bedreiging van Juda
Hoofs	28-33	Ses "ellende" uitsprake: Vyf teen die ontroue Israel en een teen Assirië

Leupold

" Immanuel-boek"
"Die Boek van Sion" (die Hoeksteen)

3. 'n Voorbeeld van onsekerheid oor literêre eenhede (bv hoofs. 1-12):
 - a. Hoe E.Y. Young die hoofstukke indeel (bl 211-214):
 - (1) 1:1-31, die groot aanklag;

- (2) 2:1-4;6, die Messiaanse regering en oordeel oor die Volk;
 - (3) 5:1-30, die heersende ongeregthede van Juda;
 - (4) 6:1-13, Jesaja se visioen van die Here;
 - (5) 7;1-12:6, profesieë tydens die regering van Agas uitgespreek.
- b. Hoe R.K. Harrison hoofstukke 1-12 indeel (bl 764):
- (1) 1-5, profesieë omtrent die ondergang en herstel van Juda;
 - (2) 6-8, die roeping van Jesaja en biografiese materiaal;
 - (3) 9-12, teenswoordige wêreldmagte en hulle rol.
- c. Hoe die NIV *Study Bible* hoofstukke 1-12 indeel (bl 1016):
- 1-6
- (1) klagtes teen Juda vir verbondsverbreking (hoofs. 1);
 - (2) toekomstige dissipline van Juda en Jerusalem (hoofs 2-4):
 - I Jerusalem se toekomsseën (2:1-5);
 - II Die Here betig Juda (2:6-4:1);
 - III Die herstel van Sion (4:2-6).
 - (3) Oordeel oor die Volk en ballingskap (hoofs 5);
 - (4) Die spesiale roeping van Jesaja (hoofs 6).
- 7-12
- (1) Agas gewaarsku om die Aramees-Israelitiese koalisie nie te vrees nie;
 - (2) Jesaja se seun en Dawid se seun (8:1-9:7);
 - (3) Oordeel oor Israel (9:8-10:34);
 - (4) Die Assiriese Ryk en die Dawidiese Koninkryk (10:5-12:6):
 - I die ondergang van Assirië (10:5-34);
 - II die koms van 'n Dawidiese koning en sy Ryk (hoofs 11);
 - II vreugdesange oor verlossing (hoofs 12).

IX DIE BELANGRIKSTE WAARHEDE

- A. Jesaja het nie net by Juda aangedring om aan die Dawidiese verbond (2 Sam 7) trou te bly nie, maar teruggegaan op die oorspronklike doel van die Abrahamitiese verbond (Gen 12:1-3), wat beteken het dat God die wêreld uitverkies (vgl Eks 19:5-6) deur Israel te kies as instrument. Israel het dié wêreldvisie van JHWH as skok ervaar. God sal nie alleen Israel herstel nie, maar met 'n verlossingsplan na die hele wêreld uitreik.
- B. Jesaja het pertinent na bewegings in die wêreld van sy dag verwys en na toekomsgebeure, onderweg na die herstel van die Dawidiese Koninkryk onder God se Messias (sien ook Miga). Hierdie Koninkryk is heilig en universeel (sien ook Miga). So word dit duidelik dat die Godheid van Jesaja heilig, monoteïsties (enig waar) en 'n Verlosser is.
- C. Jesaja gee duidelik te kenne dat die volk van God se vertrou op wêreldse, gevalle menslike bronne, nutteloos is. Verlossing sal net deur JHWH tot stand kom!
- D. Jesaja gee insig in die kragtige aard van God se verlossingsplan:
- 1. 'n Messias kom;
 - 2. Die Messias as Lydende Kneg;
 - 3. Die Messias sal universeel regeer .

JESAJA 40

PARAGRAAF INDELING VAN EIETDSE VERTALINGS

NASB	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV ¹
The Greatness of God	God's People are Comforted	The Prophet is Called to Announce God's Coming	Words of Hope	Prediction of Deliverance	Soos 'n herder versorg Hy sy kudde
40:1-2 (1-2)	40:1-2(1-2)	40:1-2 (1-2)	40:1-2 (1-2)	40:1-2(1-2)	40:1-2(1-2)
40:3-8 (3-8)	40:3-5(3-5)	40:3-5	40:3-5(3-5)	40:1-2(1-2)	40:3-5(3-5)
40:9-11 (9-11)	40:6-8(6-8) 40:9-11(9-11)	40:6-11	40:6-8(6-8) 40:9(9) 40:10-11 (10-11)	40:3-5(3-5) 40:6-8(6-8) 40:9(9) 40:10-11 (10-11)	40:6-8(6-8) 40:9-11(9-11)
40:12-17 (12-17)	40:12-17 (12-14) (15-17)	Creator of the Universe 40:12:17 (12-17)	Israel's Incomparable God 40:12-14 (12-14)	The Majesty of God 40:12(12)	Met wie kan julle God vergelyk? 40:12(12)
40:18-20 (18-20)	40:18-20 (18-20)	40:18-20(18-20)	40:15-17 (15-17) 40:18-20 (18-20)	40:13-18 (13-18)	40:13-14 (13-14) 40:15-18 (15-18) 40:19-20 (19-20)
				40:19-24	

¹ Although not inspired, paragraph divisions are the key to understanding and following the original author's intent (Note brackets in chart) – Afrikaans, volgende voetnoot –).

		40:21-23	(19-24)	40:21-24
		(21-23)		(21-24)
40:21-26	40:21-24 (21-23)		40:21-22	
(21-26)		40:24(24)	(21-22)	40:25(25)
	(24)			
		40:25-26(25-26)		40:26(26)
	40:25-26 (25-26)		40:23-26	40:25-31
		40:27-31(25-31)	(23-26)	(25-31)
	40:27-31(27-31)			40:27-31
				(27-31)
40:27-31			40:27-31	
(27-31)			(27-31)	

Naas die NAV kan u ook die vir paragraafvergelykings die OAV,Cum-MVB en Cum-NLV gebruik. Let daarvoor op die teksverwysings in hakies²

LEESSIKLUS DRIE (sien die Inleidende Aantekeninge bl. 17)

(ONS BEPAAL DIE BEDOELING VAN DIE SKRYWER OP PARAGRAAF VLAK)

Hierdie is 'n studieleiding kommentaar wat beteken dat u self vir die uitleg van die Bybel verantwoordelik sal wees. Elkeen van ons moet in die lig tot ons beskikking wandel. U is met die Bybel in die hand en onder leiding van die Heilige Gees dus prominent in die verstaansproses en uitleg. Moenie so 'n groot voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die hoofstuk deur in een sitting. Onderskei die onderwerpe. Vergelyk u onderwerpe met die Afrikaanse en Engelse vertalings se tema-opskrifte bo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot verstaan van die oorspronklike skrywer se bedoeling, wat immers die hart van Skrifuitleg is. Elke paragraaf handel oor een enkele saak, niks meer nie.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf

² Alhoewel paragraafindelings nie geïnspireerd is nie, is dit die manier hoe 'n skrywer se bedoeling nagespoor en verstaan kan word. Elke hedendaagse vertaling het die paragraafindelings gemaak (sien hakies in die tabel) en soms van opskrifte voorsien na gelang van hulle verstaan daarvan. Elke paragraaf handel oor 'n enkele opmerking, gedagte of waarheid soos die skrywer dit sien. Elke vertaling merk hulle paragrawe volgens eie oordeel. Wanneer jy die gedeelte van die Skrif voor jou lees, moet jy jou afvra watter van die indelings in die tabel (dws. die vertalings) die naaste kom aan jou siening van die paragraafindeling.

Dit beteken dat jy eers die hoofstuk in die Bybel lees en jou eie paragraafindeling probeer maak. Daarna vergelyk jy dit met die indeling van die verskillende Bybelvertalings. Eers wanneer ons die oorspronklike skrywer se logika of gedagtegang onder die knie het, kan ons sê dat ons die Bybel verstaan. Net hierdie oorspronklike skrywer was geïnspireer – geen leser van die Bybel het die reg om hierdie oorspronklike bedoeling te verander of die boodskap aan te pas nie (sy eie idee in te lees nie!) – hy/sy moet dit eerder as geïnspireerde waarheid op hulle lewe van toepassing maak (oorgeneem uit voetnoot soos voorsien deur prof. Bob Utley).

TOELIGTING UIT DIE KONTEKS

- A. Jesaja het in die 8ste eeu vC geleef. Jesaja 40-66 sinspeel op die tydgewrig van Israel se terugkeer uit ballingskap onder leiding van Zerubbabel en Josua soos in Esra 1-6 beskryf. Die terugkeer uit ballingskap was die gevolg van 'n dekreet van Kores II in 538 vC. (dws. Die 6de eeu v.C.).
- B. Die boek Jesaja moet as 'n eenheid beskou word (sien die Inleidende opmerkings). Ek verwerp die teorie van twee of drie skrywers. Ek glo dat die boek redaksioneel bewerk of saamgestel is.
- C. God het sy verbondsbeloftes nie vergeet nie, maar eerder het Hy deur die ballingskap (Jer. 31:31-34) 'n nuwe verbond tot stand gebring. Hierdie nuwe verbond is uiteindelik in die lewe, die bediening, die dood en opstanding van Jesus verwerklik.
- D. Sy profesie vind nie voltooiing bloot uit die terugkeer uit ballingskap nie, maar strek verder as dit. Hoofstuk 40-66 is op die eerste en tweede koms van die Messias gerig. Hoofstuk 40 is 'n inleiding tot die uniek-Messiaanse gedeeltes wat as die "Diensknegliedere" bekend staan (vgl. 42:1-9; 49:1-7; 50:4-11 en 52:14-53:13).
- E. Jes: 1-39 is op die gebeure van Assiriese en Babiloniese ballingskap gerig, maar hoofstukke 40-66 handel oor 'n terugkeer na Juda en Jerusalem. Die gehoor is dieselfde, maar die geografiese opset was aan die verander.
- F. Verse 1-11 (hoofst. 40) dien as 'n inleidende opsomming van die gehele gedeelte (40-66); 'n nuwe tyd het aangebreek!

WOORD- EN FRASE STUDIE**NASB HERSIENE TEKS 40:1-2**

Vir die Afrikaans hiervan raadpleeg die OAV, NAV, Cum-MVB of Cum-NLV

¹"Comfort, O comfort My people," says your God.
²Speak kindly to Jerusalem;
 And call out to her, that her warfare has ended,
 That her iniquity has been removed,
 That she has received the LORD'S hand
 Double for all her sins."

40:1

OAV, Cum-NLV

"Troos, troos"

NAV

"Die uitkoms is hier! Die uitkoms is hier!"

NASB

"Comfort, O comfort"

Hierdie term (BDB 636, KB 688, *Pi'el* IMPERATIEF (bevelend), MEERVOUD kom in hoofstukke 1-39 net drie keer voor, maar 14 keer in 40-66 (gewoonlik in *Pi 'el*). Dit dui op JHWH se baie besorgde omgee (vgl. Jes 12:1). Dit lyk of die woord ontleen is aan die swaar gehyg van perde. JHWH treur daarvoor dat Hy sy volk so moes straf. Maar die straf is oor. Dit is nie duidelik hoekom nie:

1. Het hulle tot berou gekom? (bv. Esegïel 18); of
2. Tree JHWH in hulle belang op omdat hulle nie tot ware berou in staat is nie? (Eseg 36:22-38).

'n Nuwe dag (en verbond; Jer 31:31-34) het aangebreek! Dit berus op JHWH se wesensaard, nie op sy mense se vermoë nie (vgl. Rom 3:21-31; Gal 3), op sy vermoë, nie hulle s'n nie. Dit berus op sy ewige verlossingsplan waarin hulle 'n toegekende plek het.

Nog iets is van belang in hierdie inleidingsparagraaf: die WERKWOORDE is MEERVOUD. Die vraag is dan na wie verwys JHWH hier as sy mondstuk:

- a. 'n Menigte profete (Jes 52:8);
- b. Individuele profete;

- c. Jesaja se dissipels/volgelingen;
- d. Engele van die hemelhof (vgl. die “ons” van Jes 6:8);
- e. Die LXX (Grieks) se byvoeging van die “priesters wat tot die hart van Jerusalem moet spreek”.

Let op die afwisseling van ENKELVOUD en MEERVOUD (’n “stem”- OAV; vv. 3 en 6 en die WERKWOORDE in MEERVOUD).

Daar is 12 IMPERATIEWE (bevelende toon) wat ’n kenmerk is van verse 1-11, terwyl verse 12-17 gekenmerk word deur ’n reeks vrae wat “nee” as ’n antwoord veronderstel. Die herhaalde IMPERATIEWE plaas groot gewig op die belang van die aktiwiteit; dit is ’n literêre tegniek wat telkens voorkom in hierdie gedeelte van Jesaja (vgl. 51:9,17; 52:1,11; 57:14; 62:10).



OAV, Cum-NLV

“my volk... julle God”

NAV

“julle God... vir my volk”

NASB

“My people... your God”

Hierdie is woorde uit die verbondsluiting (vgl. Gen.12, 15 ens.) Die Jode het na die ballingskap gewonder of JHWH nog vir hulle die God van die Verbond is. Die benaming vir die Godheid hier is *Elohim* wat gewoonlik ten aansien van die Skepper gebruik is, die Voorsienige en Onderhouer van al wat lewe op die planeet. JHWH is gewoonlik ten opsigte van die verbondmaker, die HERE as Verlosser en Bewaarder gebruik. Sien *Vir Spesiale Aandag* by 52:6.

VIR SPESIALE AANDAG: VERBOND

Die OT-term, *berit*, of “verbond”, is nie maklik definieërbaar nie. Daar is nie ’n Hebreeuse WERKWOORD met ooreenkomstige betekenis nie. Alle pogings tot ’n etimologiese definisie is tot dusver onoortuigend. Die konsep is nietemin tot so ’n mate sentraal dat geleerdes gedwing word om ’n funksionele betekenis vanuit die gebruik van die woord af te lei.

Verbondsluiting is die manier waarop die enigware God onderhandel met die mens wat Hy geskep het. Die verbondskonsep, verdragsluiting of ooreenkoms is van sentrale belang in die verstaan van Bybelse openbaring. Die spanning tussen die soewereiniteit van God en vrye wil van die mens is telkens in die verbondskonsep opmerklik. Sommige verbonde is op die karaktereenskappe van God, sy handeling en doelstellings gebaseer:

1. die skepping as sodanig (Gen 1, 2);
2. die roeping van Abraham (Gen 12);
3. die verbond met Abraham (Gen 15);
4. die bewaring van en belofte aan Noag (Gen 6-9).

Die blote aard van ’n verbond vereis egter ’n reaksie:

1. Deur te glo moet Adam God gehoorsaam en nie van die boom in die middel van die tuin eet nie (Gen. 2);
2. Deur te glo moet Abraham sy familie verlaat, God volg en ’n toekoms met afstammeling verwag (Gen. 12, 15);
3. In geloof moet Noag ’n groot boot bou met geen water in sig nie en hy moet diere daarheen bring (Gen. 6-9);
4. In geloof moet Moses Israel uit Egipte lei en spesifieke riglyne ontvang waarvolgens die godsdienstige en sosiale lewe ingerig moet word, met beloftes van seën, maar ook bestraffing (Deut. 27-28).

Hierdie selfde spanning ten aansien van God se verhouding tot die mensdom is in die nuwe verbond ter sprake. Die spanning is baie opmerklik wanneer Eseg. 18 met 36:27-37 vergelyk word. Is die verbond gebaseer op God se genadehandeling of op die voorgeskrewe menslike reaksie? Dit is die oop vraag in beide die ou en die nuwe verbonde. Die doelstellings van beide is egter dieselfde: (1) die herstel van die verlore vertrouensverhouding (vgl. Gen. 3); en (2) die totstandkoming van ’n regverdige volk wat God se karakter reflekteer.

Die nuwe verbond volgens Jer. 31:31-34, los die spanningsprobleem op deur die menslike meriete as norm vir aanvaarding te verwyder. God se wet word ’n innerlike begeerte en is nie meer ’n middel tot uiterlike vertoon nie.

Die doel van 'n toegewyde, regskepe menswees bly, maar die werkswyse verander. 'n Gevalle mensheid is nie in staat om God se beeld te vertoon nie (vgl. Rom. 3:9-18). Die probleem lê by menslike sondigheid en swakheid, nie by die verbond nie (vgl. Rom 7; Gal 3).

Die spanningsprobleem van onvoorwaardelik en voorwaardelik in die verbonde, duur voort deur beide die Ou- en Nuwe Testament. Verlossing is in Christus se afgehandelde werk 'n absolute genadegawe, máár dit vereis aanvaarding deur geloof (as 'n aanvangsaksie en daarna volgehou). Verlossing is beide 'n wetlike vryspraak én 'n oproep tot 'n lewenswyse in die gesindheid van Christus. Verlossing is 'n INDIKATIEF – 'n stelling dat jy aanvaar word as kind van God – maar ook 'n IMPERATIEF – 'n opdrag tot heilig lewe! Gelowiges word nie deur hierdie vertoon van goeie werke gered nie, maar tot 'n lewe van gehoorsaamheid (vgl. Ef 2:8-10). Toegewyde lewe word die bewys van verlossing en is nie 'n middel daartoe nie. Alhoewel, om ewige lewe deelagtig te wees, moet in merkbare eienskappe aanwesig wees; 'n spanning duidelik waarneembaar in die Hebreërbrief.

□
OAV, NAV, CUMs "sê"
NASB "says"

Daar is 'n verskeidenheid WERKWOORDE (dws. Verskillende sprekers) wat in hierdie hoofstuk aan die woord kom met God se boodskap:

1. Spreek, v.2, OAV; praat, Cum-NLV – BDB 180, *Pi'el* IMPERATIEF
2. Roep, vv 2,6, OAV; sê, NAV – BDB 894, *Qal* IMPERATIEF
3. Roep, v.3, OAV; NAV – BDB 894, *Qal* AKTIEF IMPERATIEF
4. Hef jou stem op, v.9, OAV, roep hard, NAV – BDB 926, *Hif'il* IMPERATIEF
5. Sê, v.9, OAV, Cum-NLV – BDB 55, *Qal* IMPERATIEF

Dit dien as 'n tweede roeping van Jesaja (vgl. hoofstuk 6) met die verskil 'Hoor... maar verstaan nie' word nou 'Spreek met...' (vgl. OAV).

40:2
OAV "Spreek na die hart van"
NAV "Bring die goeie tyding"
Cum-NLV "Praat sag met"
NASB "kindly"

Hierdie *bbl*, בבל, is 'n "liefdeswoord" (troetelnaam) afkomstig van die stamwoord "hart." (*bl*, בל,) BDB 523, KB 516, vgl. Gen 34: 3; 50:21; Rig 19:3; Rut 2:13, Hos 2:14). Die Bybel gebruik warm, intieme verhoudinge om God se liefde en toegeneentheid met die mensdom te beskryf. Dit is aanwending van taalgebruik in menseverhoudinge.

□
OAV "stryd verby is"
NAV "swaar kry"
Cum-NLV "hartseer dae"
NASB, NKJV "warfare"
NRSV "has served her term"
TEV "suffered long enough"
NJB "period of service"
JPSOA "term of service"
REB "term of bondage is served"

Die NAAMWOORD hier is VROULIK (gewoonlik MANLIK, BDB 838) kan dui op:

1. Oorlog;
2. Swarigheid (OAV); moeilik om te verstaan (NAV);
3. Leviete-diens (bv. Num 4:3, 23, 30, 35, 39, 43);

4. Moeitevolle dienslewering; harde arbeid (NAV); (vgl. Job 7:1; 14:14; Jes 40:2).

Israel was veronderstel om “n koninkryk wat My as priesters dien’ (NAV) te wees, maar hulle wederstrewigheid het tot harde diens in die Assiriese en Babiloniese ballingskap aanleiding gegee.

□	
OAV	“dat haar skuld betaal is”
NAV	“hy het geboet vir sy sonde”
Cum-NLV	“sy sondes is vergewe”
NASB	“iniquity has been removed”

Dit beteken dat ‘boetedoening vir ongeregtigheid’ aanvaar is as afgehandel (BDB 953, Nif’al PERFECTUM, vgl. Lev. 1:4; en kantaantekening in NASB asook TEV).

□	
OAV	“dat sy uit die hand van die HERE dubbel ontvang het”
NAV	“hy het van die Here sy volle straf ontvang”
Cum-NLV	“Die HERE het hom klaar gestraf”
NASB	“from the LORD’s hand”

JHWH het Israel grondig en terdeë gestraf. Die invalle van Assirië (vgl. 8:7; 10:5) en Babilonië was nie uit eie krag nie, maar deur toedoen van JHWH. Die Oud-oosterse opvatting was dat wanneer volke hulle in oorlog begewe, die gode mekaar die stryd aansê en dat die een met die grootste krag as oorwinnaar uitstap. Die werklikheid was egter iets anders: Israel was in oorlog verslaan omdat hulle sonde bedryf teen JHWH. Dit was sy oordeel.

Die woord “hand’ (NASB) is ‘n Semitiese idioom wat “werktuig” beteken.

VIR SPESIALE AANDAG: “HAND” (SOOS GEILLUSTREER IN ESEGIËL)

Die woord ‘hand’ het ‘n verskeidenheid betekenisse en gebruike:

1. Letterlik die hand van ‘n mens
 - a. Simbolies van ‘n persoon in aksie (3:18; 18:8,17; 33:6,8)
 - b. Simbolies van menslike swakheid (7:17,27; 21:7; 22:14)
 - c. Simbolies van vyandelike magte (7:21; 11:9; 16:39; 21:31; 23:9,28; 28:10; 30:12; 34:27; 38:12; 39:23)
 - d. Hand letterlik bedoel, (8:11; 12:7; 16:11; 37:17,19,20)
 - e. Simbolies van die mag van vals leiers, (13:21,22,23; 34:10)
 - f. Simbolies van ‘n nasie, (23:31,37,42,45; 25:14; 27:15; 28:9; 30:10,22,24,25; 31:11; 39:3)
2. Mensvormig van die godheid
 - a. Ontvangs van openbaring, (1:3; 3:14,22; 8:1; 33:22; 37:1; 40:1), (2:9 is metafories ‘n hand met ‘n boekrol)
 - b. Die mag van JHWH in oordeel, (6:14; 13:9; 14:9,13; 16:27; 20:33; 25:7,13,16; 35:3; 39:21)
 - c. JHWH self, persoonlik teenwoordig, (20:22)
 - d. JHWH se mag om te verlos, 20:34; (moontlik as kern gedagte aan Eksodus ontleen, 3:20; 4:17; 6:1; 7:19; 13:3)
3. Mensvormig oor serafs, (1:8; 8:3; 10:7,8,12,21)
4. Mensvormige verwysing na ‘verwoestende geregsdiensmaats’ (OAV), (9:1-2; 21:11)
5. Simboliek vir eedswering en verbondsluiting (OAV), (17:18; 20:5; (twee keer), 6,15,23,28,; 36:7; 44:12; 47:14)
6. Simbolies van vreugde, (25:6)
7. Mensvormig oor ‘n engel, (40:3,5; 47:3)

□	
OAV	“dubbel vir al haar sondes”
NAV	“die volle straf vir al sy sondes”

Cum-NLV "klaar gestraf vir al sy sondes"
 NASB "double for all her sins"

Hierdie moet nie rekenkundig verstaan word nie, maar digterlik as 'n volkome hoeveelheid (vgl. Jer 16:18; Openb. 18:6; vir 'n positiewe verstaan sien Jes 61:7; Sag 9;12). Genade is in plek eers na volkome oordeel (vgl. Lev 26:40-45).

NASB HERSIENE TEKS 40: 3-8

Vir die Afrikaans hiervan raadpleeg die OAV, die NAV, Cum-MVB en Cum-NLV

³A voice is calling,
 "Clear the way for the LORD in the wilderness;
 Make smooth in the desert a highway for our God.
⁴Let every valley be lifted up,
 And every mountain and hill be made low;
 And let the rough ground become a plain,
 And the rugged terrain a broad valley;
⁵Then the glory of the LORD will be revealed,
 And all flesh will see *it* together;
 For the mouth of the LORD has spoken."
⁶A voice says, "Call out."
 Then he answered, "What shall I call out?"
 All flesh is grass, and all its loveliness is like the flower of the field.
⁷The grass withers, the flower fades,
 When the breath of the LORD blows upon it;
 Surely the people are grass.
⁸The grass withers, the flower fades,
 But the word of our God stands forever.

40:3
 OAV "berei die weg"
 NAV "Maak 'n... pad"
 Cum-NLV "Bou 'n grootpad"
 NASB "Clear the way"

Hierdie WERKWOORD (BDB 815), *Pi'el* IMPERATIEF beteken basies 'omkeer' (omdraai) , maar dit word hier die besondere betekenis van 'maak die pad skoon van voorwerpe' gebruik (vgl. 40:3; 42:16; 49;11; 57:14; 62:10; Mal 3:1).

Die idee van 'n "hoofweg van heiligheid" waarop die volk van God uit ballingskap na Hom toe terugkom, kom herhaaldelik voor in Jesaja (11:16; 26:7; 35:8; 40:3; 42:16).

In hierdie konteks is dit eintlik JHWH wat na sy volk toe terugkeer. Hulle moet daarvoor die weg voorberei, wat op 'n fisies/geestelike voorbereiding dui.

Met hierdie vers het Johannes die Doper homself getipeer (Mat 3:3, Mark 1:3; Luk 3:4-6). Hierdie gedeelte skemer ook deur in Sag 14:10, waar die gelykmaak van die fisiese terrein van Jerusalem dien as metafoor van toegang tot God (Mal 3:1; 4:5,6). Dit is soos om 'n pad voor te berei (Let daarop dat dit 'n parallel is met die voorafgaande reël).

▣
 OAV, NAV, Cum-NLV "HERE/Here"
 NASB "the LORD"

Die naam verwys na JHWH. Sien *Vir Spesiale Aandag* wat nou hier volg.

VIR SPESIALE AANDAG: NAME VAN DIE GODHEID

A. EL (BDB 42, KB 48)

1. Wat vroegste, antieke godsnaam oorspronklik beteken het, is onseker. Baie geleerdes is egter van mening dat dit van 'n Akkadiese stamwoord afgelei is wat beteken "om sterk te wees" of "om magtig te wees" (vgl Gen 17:1; Num 23:19; Deut 27:21; Ps 50:1).

2. In die Kanaänitiese godedom is El die hoofgod (Ras Shamra Tekste).

3. In die Bybel is El normaalweg nie saamgestel met ander terme nie. Die volgende kombinasies was 'n manier om God se aard te beskryf:

a. *El-Elyon* (die Allerhoogste/Most High—BDB 42, 751) Gen 14:18-22; Deut 32:8; Jes 14:14);

b. *El-Roi* (God wat sien/Wat Homself openbaar); BDB 42 & 909 (Gen.16:13).

c. *El-Shaddai* (God die Almagtige/God van medelye/God van die berg; BDB 42 & 994, (Gen 17:1; 35:11; 43:14; 49:25; Eks 6:3).

d. *El-Olam* (die Ewige God; BDB 42: & 761), Gen 21:33. Die teologie van God se belofte aan Dawid haak by hierdie Naam aan: 2 Sam 7:13,16.

e. *El-Berit* (El-Berit NAV, God van die Verbond; BDB 42 & 136) Rig 9:46.

4. *El* word vereenselwig met:

a. *JHWH* in Ps 85:8; Jes 42:5

b. *Elohim* in Gen 46:3; Job 5:8, Ek is *El*, die *Elohim* van jou vader...

c. *Shaddai* in Gen 49:25

d. "wat onverdeelde trou eis"/jealousy in Eks 34:14; Deut 4:24; 5:9; 6:15

e. "genade" in Deut 4:31; Neh 9:31

f. "betroubaar" in Deut 7:9; 32:4

g. "groot en gedug" in Deut 7:21; 10:17; Neh 1:5; 9:32; Dan 9:4

h. "kennis"/"knowledge" in 1 Sam 2:3

i. "omgord met krag" in 2 Sam 22:33

j. "wat my oorwinning gee" in 2 Sam 22:48

k. "die Heilige" in Jes 5:16

l. "magtig" in Jes 10:21

m. "my redder" in Jes 12:2

n. "groot en magtig" in Jer 32:18

o. "wat vergeld" / "retribution" in Jer 51:56.

5. In Jos 22:22 word herhalend al die OT name vir God aangetref (*El, Elohim, JHWH*).

B. Elyon/Eljon

1. Die basiese betekenis is "hoog", "verhewe" of "opgehef" (Gen 40:17; 1 Kon 9:8; 2 Kon 18:17; Neh 3:25; Jer 20:2; 36:10; Ps 18:3).

2. Dit is gebruik vir parallelle vir talle ander name/titels van God:

a. *Elohim* – Ps 47 1-2 73:11 107:11

b. *JHWH* – Gen 14:22; 2 Sam 22:14

c. *El-Shaddai* -- Ps 91:1,9

d.. *El* – Num 24:16

e. *Elah* -- dikwels aangewend in Dan 2-6 en Esra 4-7, gekoppel aan *illair* (Aramees vir "Hoë God") in Dan 3:26; 4:2; 5:18,21.

3 Dit was dikwels in gebruik by nie-Israeliete:

a. Melgisedek, Gen 14:18-22

b. Bileam Num 24:16

c. Moses in gesprek oor die nasies in Deut 32:8

d. Lukas se Evangelie in die NT, gerig aan die Heidene, wat ook die Griekse variasie *Hupsistos* insluit (vgl 1:32,35,76; 6:35; 8:28; Han 7:48; 16:17).

C. Elohim (meervoud), *Eloah* (enkelvoud), meesal in gebruik by poësie

1. Hierdie naam word nie buite die OT aangetref nie.

2. Dit kan dui op die God van Israel of die gode van die nasies (vgl Eks 12:12; 20:3). Abraham se familie was aanhangers van 'n veelgodendom (vgl Jos 24:2).

3. Dit kan ook dui op Israelitiese regters (vgl Eks 21:6, Ps 82:6).

4. Die term *elohim* was ook aangewend om geestelike wesens soos engele en demone aan te dui, bv Deut 32:8 (Septuaginta); Ps 8:5; Job 1:6; 38:7.

5. In die Bybel is dit die eerste titel/naam vir Godheid (vgl Gen 1:1). Dit is al godsnaam in gebruik tot Gen 2:4 waar dit gekombineer word met JHWH. Teologies hou dit verband met die basiese gedagte dat God die Skepper en Onderhouer van alle lewe op hierdie planeet is (vgl Ps 104).

Dit is sinoniem met *El* (vgl Deut 32:15-19). Dit kan ook parallel met JHWH aangewend word soos blyk uit die ooreenstemmende Pss 14 (*elohim*) en 53 (JHWH) en as wisselname vir God gebruik word.

6. Dit is 'n meervoudsvorm en word as sulks ook vir ander gode gebruik, maar dui in MEERVOUDSVORM dikwels die God van Israel aan, gevolg deur 'n werkwoord in ENKELVOUD as aanduiding van monoteïsme.

7. In die mond van nie-Israeliete dien die term ook as naam vir godheid

a. Melgisedek Gen 14:18-22

b. Bileam, Num 24:2

c. Wanneer Moses oor die nasies praat, Deut 32:8

8. Dit is opvallend dat die algemene gebruiksnaam vir die God van Israel in MEERVOUDSVORM is (*-him*-verbuiging)! Hoewel daar nie sekerheid hieroor is nie, is daar verskeie menings.

a. Hebreeus gebruik dikwels MEERVOUD vir die doel van beklemtoning. In noue verband hiermee is daar die later ontwikkelde grammatiese verskynsel van "meervoud van verhewenheid" (majesty). So word 'n konsep vir die aandag uitgelig of vergroot.

b. Dit mag ook van toepassing wees op die vergadering van engele wat voor God in die hemel verskyn om sy bevele uit te voer (1 Kon 22:19-23; Job 1:6; Ps 82:1; 89:5-7).

c. Dit is selfs moontlik dat dit as die NT se openbaring van één God in drie persone (Drie-eenheid) veronderstel moet word. Volgens Gen 1:1 skep God; volgens vers 2 "sweef" die Gees en volgens die NT is Jesus God se bemiddelaar (agent) by die skepping (vgl Joh 1:3,10; Rom 11:36; 1 Kor 8:6; Kol 1:15; Heb 1:2; 2:10).

D. JHWH (BDB 217, KB 394)

1. Dit is die Naam wat die Godheid weerspieël as die Verbondmaker; God wat red, wat verlos! Mense verbreek ooreenkomste, verbonde, maar God hou by sy woord, sy belofte, sy verbond (vgl Ps 103).

Hierdie naam kom aanvanklik voor in kombinasie met Elohim in Gen 2:4. Daar is nie twee skeppingsverhale in Gen 1 en 2 nie, maar wel twee uitgangspunte: (1) God as skepper van die heelal (die fisiese) en (2) God as die spesiale skepper van die mensdom vir 'n doel. Met Gen 2:4 begin die Besondere Openbaring aangaande die bevoorregte plek en doel van die mensdom; maar dan ook die probleem van sonde en rebellie soos wat dit hierdie unieke posisie raak.

2. In Gen 4:26 staan daar geskryf: "*In daardie tyd het mense begin om die Naam van die Here (JHWH) aan te roep.*" Aan die ander kant impliseer Eks 3:6 dat die verbondsvolk (die Patriarge en hulle families) God net as *El-Shaddai* geken het. Die Naam JHWH word net een keer in Eks 3:13-16 verklaar, veral vers 14. Daar moet in ag geneem word dat name in die geskrifte van Moses nie etimologies geïnterpreteer moet word nie, maar eerder as

woordspel gebruiklik was (vgl Gen 17:5; 27:36; 29: 13-35). Daar is verskeie teorieë omtrent die betekenis van dié Naam (geneem uit IDB, vol 2, bl 409-11):

- a. van 'n Arabiese woordstam “om vurige liefde te betoon”;
- b. van 'n Arabiese woordstam “om te blaas” (YHWH as God van storms);
- c. van 'n Ugaritiese (Kanaänitiese) woordstam “om te praat”;
- d. na aanleiding van 'n Fenisiese inskripsie (tablet), KOUSATIEWE DEELWOORD (PARTICIPIUM) wat “Die Een wat onderhou” of “die Een wat oprig” beteken;
- e. van die Hebreeuse **Qal**-vorm “die Een wat is” of “die Een wat teenwoordig is” of ook “die Een wat sal wees” (toekomstig);
- f. van die Hifil-vorm “die Een wat *laat* wees/gebeur”;
- g. van die Hebreeuse stamwoord “om te leef” (voorbeeld uit Gen 3:20) waaruit “die ewig lewende, die alleen lewende Een” (JHWH) afgelei kan word;
- h. van die verband in Eks 3:13-16 wat 'n woordspel op die IMPERFEKTUM (onvoltooide tyd) is: “Ek sal aanhou wees wat Ek tevore (used to be) gewees het” of “Ek sal wees wat Ek altyd (always) was” (vgl J Wash Watts, *A Survey of Syntax in the Old Testament*, bl 67).

Die volle Naam JHWH kom dikwels in afgekorte vorm, oftewel dalk in sy oorspronklike vorm voor in:

- (1) *Jah* (voorbeeld: *Hallelu-ja*);
- (2) *Jahu* (voorbeeld: *Jesa-ja*);
- (3) *Jo* (voorbeeld: *Joël*).

3. In later Judaïsme is hierdie Verbondsnaam, die *tetragrammaton* (“met vier letters”) so heilig geag dat die Jode bevrees was om dit uit te spreek in geval hulle dalk die Gebod van Eks 20:7 daarmee kon oortree (vgl Deut 5:11; 6:13). Hulle vervang dit toe met die Hebreeuse term vir “eienaar”, “meester”, “eggenoot”, “heer” (Engelse vertalings: Lord) — *adon* of *adonai* (heer, my heer). Die Afrikaanse vertalings gebruik die naam “Here” (wat die genoemde *pluralis majestatis* vertoon – vertaler).

4. Soos met *El* is JHWH dikwels met ander terme gekombineer om die wesensaard (karakter) van die Verbondsgod van Israel te beskryf. Wat hier volg, is 'n aantal uit vele moontlikhede:

- a. *JHWH-Jireh* (JHWH sal voorsien BDB 217 & 906), Gen 22:14;
- b. *JHWH-Rophekha* (JHWH wat jou gesond hou; BDB 217 & 950; *Kal*-DEELWOORD), Eks 15:26;
- c. *JHWH-Nissi* (JHWH is my banier/oorwinning; BDB 217 & 651) Eks 17:15;
- d. *JHWH- Meqaddishkem* (JHWH wat heilig maak/afsonder; BDB 217 & 872; *Pi'el*, DEELWOORD) Eks 31:13;
- e. *JHWH-Shalom* (JHWH is vrede/rus; BDB 217 & 1022) Rig 6:24;
- f. *JHWH-Sabbaoth* (JHWH die Almagtige, NAV, [“van die leërskaer” in vroeër Afr. vertaling], Eng: of hosts; BDB 217 & 878, kom dikwels voor in die Profete);
- g. *JHWH-Ro'i* (JHWH is my Herder; BDB 217 & 878; *Kal*-DEELWOORD) Ps 23:1;
- h. *JHWH-Sidqenu* (JHWH ons geregtigheid; BDB 217 & 841) Jer 23:6;
- i. *JHWH-Shammah* (JHWH is dáár; BDB 217 & 1027) 48:35.



OAV, Cum-NLV	“in die wildernis”
NAV	“in die woestyn”
NASB	“in the wilderness”

Esegiël het die heerlikheid van God uit die tempel uit ooswaarts sien beweeg (Eseg 10:18-19; 11:22-23; 43:1-3). God het saam met die bannelinge in ballingskap gegaan en nou laat sien hierdie vers sy terugkeer na Juda en Jerusalem.

40:4 Die konteks dui daarop dat die volk van God vir sy terugkeer na Jerusalem voorbereidings getref het. Die terugkerende ballinge sal saam met Hom op pad wees. Hy sal hulle beskerm, voorsiening vir hulle maak en hulle versorg (vv. 9-11). So word die gedagte van 'n hoofweg deur die wildernis uitgebrei. Dit dien as metafoor daarvoor dat mense maklik en vryelik na God toe kan kom. God het 'n nuwe weg voorsien ('n nuwe verbond, vgl. Jer 31:31-34). Hierdie ‘nuwe weg’ word as die nuwe eksodus gesien:

1. Van die volk wat fisiek uit ballingskap teruggekeer het; en

2. Metafories as die einde van die tyd.

40:5

OAV, Cum-NLV	“die Heerlikheid van die HERE”
NAV	“die mag van die Here”
NASB	“the glory of the LORD ”

‘Die heerlikheid van die Here’ is nog ‘n frase eie aan Jesaja soos in hoofstuk 6 (sien v.3). Hoofstuk 40 moet as ‘n tweede ‘roeping’ van Jesaja beskou word. Kyk die aantekening by vers 25.

Dit is ‘n heenwysing op die ‘wolk met vuur’ (NLV) wat in die woestyn omswerwing as simbool van God se teenwoordigheid gedien het. Die rabbyne het dit die *Sjekina* genoem, wat stam uit die Hebreeuse woord ‘om te woon’. Die Jode wat terugkeer in ‘n nuwe eksodus het ook die versekering van God se persoonlike teenwoordigheid verlang (Vgl. Eks 13:21-22; 14:19).

Wat betref “heerlikheid” sien die *Vir Spesiale Aandag*-rubriek by 42:8.



OAV	“alle vlees tesame sal dit sien”
NAV	“al wat leef, sal dit sien”
Cum-NLV	“en alle mense sal dit sien”
NASB	“all flesh will see it together”

“Vlees” (BDB 142) beteken in dié konteks “mense” (vgl. v.7). Weereens ‘n aanduiding van “universalisme” so eie aan Jesaja (vgl 49:6; 51:4-5; 52:10).



OAV	“want die mond van die HERE het dit gespreek”
NAV	“Die Here self het dit gesê”
Cum-NLV	“Die HERE self het so gesê”
NASB	“the mouth of the LORD has spoken”

Dit is die Hebreeuse idiom wat die mag van God se gesproke woord aandui (vgl. v.8; Gen 1:3,6,9,11,14,20,26 en Jes 55:11).

40:6

OAV, Cum-NLV	“’n Stem sê: ‘Roep!’”
NAV	“Iemand sê: ‘Roep!’”
NASB	“Call out”

Sien die aantekening by 40:1.



OAV	“En hy vra”
NAV	“En ek vra”
Cum-NLV	“Ek het gevra”
NASB	“he answered”
NKJV	“He said”
NRSV,NJB	“I said”
TEV	“I ask”
REB, DSS	“I asked”
LXX (Grieks)	“Ek het gevra”

Aangesien twee stemme hier ter sprake is, kan die aanname gemaak word dat 'n engel of geestelike wese met Jesaja hier in gesprek was (vgl. DSS, LXX en Afr. Vertalings).

□	
OAV,	“alle vlees is gras”
NAV, Cum-NLV	“alle mense is soos gras”
NASB	“all flesh is grass”

Die metafoor wat herhaaldelik voorkom, sinspeel op die swakheid en veranderlikheid van die mense se bestaan in die liggaam teenoor die ewigheid van God (Gen 6:3; Job 10:4; 14:1-2; Ps 78:39; 90:5-6; 103:15-18; 1 Pet 1:24-25). Met wie is die stem in gesprek:

1. Alle mense;
2. Wêreldse magte.

Op die oog af lyk menslike owerhede oppermagtig, maar gemeet aan tyd en werklikheid, gesien teen die almag van God, is hulle inderdaad nie!

□	
OAV	“aanvalligheid”
NAV	“alles waarop hulle staatmaak”
Cum-NLV	“bekoorlikheid”
NASB	“loveliness”

Hierdie vertaling steun op die Hebreeuse woord *hesed* (BDB 338, I, #84) en is 'n term wat ook vir die verbondstrou van God gebruik word.

VIR SPESIALE AANDAG: LIEFDEVOLLE BARMHARTIGHEID: HESED

Hierdie term het 'n baie wye betekenisveld. Die DBD karakteriseer dit as volg (338-339):

- A. Die gebruik van genoemde term in verband met mense:
1. vriendelikheid teenoor medemense (bv. 1 Sam 20:14; 2 Kron 24:22);
 2. goedgesindheid teenoor armes en behoeftiges (vgl Miga 6:8);
 3. liefdevol (Jer 2:2; Hos 6:4);
 4. in optrede (Jes 40:6).
- B. Hesed in verband met God:
1. lojaliteit en liefde kragtens die verbond
 - a. wanneer Hy van vyande en probleme verlos (vgl Jer 31:3; Esra 7:28; 9:9)
 - b. wanneer Hy lewe beskerm teen dood (Job 10:12; Ps 86:13)
 - c. wanneer Hy geestelike lewe vernuwe (Ps 119:41,76,88,124,149,159)
 - d. in verlossing van sonde (vgl Ps 25:7; 51:1)
 - e. by instandhouding van die verbonde (2 Kron 6:14; Neh 1:5; 9:32)
 2. Hesed beskryf God se barmhartigheid, genade, liefde en trou (Eks 34:6)
 3. God se sagmoedigheid/goedertierenheid (OAV)
 - a. in oorgloed (bv Neh 9:17; Ps 103:8)
 - b. groot in omvang (Eks 20:6; Deut 5:10 — “duisendste geslag”)
 - c. vir ewig (bv 1 Kron 16:34,41; 2 Kron 5:13; 7:3,6; 20:21; Esra 3:11)
 4. Werke van sorgsaamheid (NAV) (2 Kron 6:42; Ps 89:2; Jes 55:3; 63:7; Klaagl 3:22).

40:7-8 In hierdie verse is al die WERKWOORDE in die PERFECTUM (voltooide handeling), behalwe die slotopmerking wat lui dat die woord van God tot in ewigheid bly (IMPERFECTUM).

Die terugkerende ballinge het hierdie waarheid nodig gehad: dit wou voorkom of God se beloofde sorg nie gerealiseer het nie. Maar die probleem was nie die feilbaarheid van God se woord nie, maar eerder die afvalligheid van die volk.

40:7	
OAV, Cum-NLV	“asem”
NAV	“wind”
NASB	“breath”

Hierdie Hebreeuse term kan die betekenis hê van “wind”, “asem” of “Gees”.

VIR SPESIALE AANDAG: GEES IN DIE BYBEL

- 1 Die Griekse terme:
 - pneō*, om te blaas
 - pnoē*, wind, asem
 - pneuma*, gees, wind
 - pneumatikos*, van geestelike aard
 - pneumatikōs*, geestelik
- 2 Grieks-filosofiese agtergrond (*pneuma*):
 - A. Aristoteles gebruik dit as ‘n krag wat vanaf geboorte inwerk en lei tot die aanleer van selfdiscipline;
 - B. die Stoïsyne het die term as sinoniem met *psugē* (siel) gebruik en nous vir gedagterewereld/menslike verstand waaronder hulle ook die vyf sintuie ingesluit het;
 - C. in Griekse opvatting het die term goddelike implikasie gehad sodat toorkuns, magie, okkultiese handeling en uitsprake (profesie) daaronder verstaan is.
- 3 Die Ou Testament, (*ruah*):
 - A. dui op aktiwiteit van God (monoteïsme – as Gees sowat 90 keer in OT);
 - (i) positief, Gen 1:2;
 - (ii) negatief, 1 Sam. 16:14-16,23; Jes. 29:10;
 - B. lewenskrag in die mens as gawe van God (die asem van God, vgl. Gen.2:7);
 - C. die Septuaginta vertaal *ruah* met *pneuma* (sowat 100 keer in die OT);
 - D. onder invloed van Zoroastrianisme gebruik die rabbyne geskryfte, apokaliptiese en die Dooie See Rolle die woord ook vir engele en demone.
- 4 *Pneuma* in die Nuwe Testament:
 - A. God se besondere teenwoordigheid en toerusting met krag.
 - B. Die Gees as God werksaam in die kerk:
 - (i) profesieë
 - (ii) wonderwerke
 - (iii) vrymoedige getuies van die evangelie
 - (iv) wysheid (die evangelie as)
 - (v) blydschap
 - (vi) aanbrenner van die nuwe tydperk
 - (vii) bekering (wedergeboorte en inwoning)
 - (viii) Christusgelykvormigheid
 - (ix) spesiale gawes vir bediening
 - (x) bid vir gelowiges.

Die Gees bring die mensdom se behoefte aan die vertrouensvriendskap met God hulle Skepper aan die lig. Hierdie verhouding is herstel danksy die persoon en werk van Jesus Christus, die gesalfde (Messias) van God. Dié hernude geestelike ontwaking lei tot 'n Christelike leefstyl, diensbaarheid en vertrouwe.

C. Die beste verduideliking hiervan is 'n volgehoue, geestelike verband of samehang van die Heilige Gees aan die een kant en die mensheid as fisiese geskiedenis, maar beeld van God en daarom ook gees, aan die ander kant op hierdie planeet.

D. Paulus is die Nuwe Testamentiese skrywer wat 'n 'teologie' van die Heilige Gees ontwikkel het.

(i) Paulus gebruik Gees in kontras met "vlees" en dui daarmee die ou, sondige natuur aan.

(ii) Vir hom is gees die teenoorgestelde van 'n fisiese wêreld.

(iii) Hy stel teenoor menslike denke, kennis en bestaanswyse die Gees/gees.

E. Enkele voorbeelde uit 1 Korintiërs:

Die Heilige Gees:

1 Die krag en wysheid van God word aangebring deur die Heilige Gees (2:4-5)

2 God handel in die gelowige

3 Nuwe denke, 2:12; 14:14,32:

(i) Gelowiges die nuwe tempel (3:16; 6: 19-20)

(ii) 'n Nuwe lewe (moraliteit), 6:9-11

(ii) Nuwe lewe in doophandeling versimboliseer, 12:13

(iv) Een word met God (by wyse van bekering), 6:17

(v) God se wysheid teenoor die wereld se wysheid, 2:12-15; 14:14,32,37

(vi) Vir diensbaarheid aan elke gelowige geestelike gawes; hoof. 12 en 14

4 Geestelik in kontras met fisiek, 9:11; 10:3; 15:44

5 die geesteswêreld in kontras met die fisieke wêreld

6 'n manier om uitdrukking te gee aan die mens se innerlikheid in onderskeiding van die liggaamlikheid, 7:34.

F Weens die wyse waarop hulle geskape is, leef mense in twee ordes, 'n fisiese en 'n geestelike orde. Die mensdom het uit die orde van intimiteit (vertrouensvriendskap) met God verval (Gen 3). Deur Christus se lewe, onderrig, sterwe en opstanding en beloofde wederkoms pleit die Gees by die gevalle mensdom om die evangelie te glo; die punt waarop die mens in die vertrouensverhouding met God herstel word. Die Heilige Gees, verteenwoordig wesenlik en in persoon die Nuwe Era van geregtigheid namens die Drie-eenheid. In hierdie Era werk die Vader deur die Gees en is Hy ook die Aankondiger van die Seun in hierdie tydgewrig. Die probleem bestaan daarin dat die Nuwe Orde in die ou orde (era) aangebreek het waar die sondige weerstand nog voortleef. Maar terwyl die oue en die Nuwe saambestaan, werk die Gees aan die transformasie van die oue.

40:8

OAV "die woord van onse God hou stand in ewigheid"

NAV "die woord van ons God bly vir ewig"

Cum-NLV "die woord van God bly vir altyd"

NASB "the word of our God stands forever"

God se belofte is seker al word goddelike dissipline toegepas (Vgl Ps 103:17-18; Jes.55:8-11; 59:21; Jer 29:10; Mat 5:17-20; 24:35). Hierdie stelling is die vaste geloof en hoop, toekoms sekerheid van elke gelowige.

NASB HERSIENE TEKS 40: 9-11

Vir die Afrikaans hiervan sien die OAV, NAV of Cum-NLV

⁹Get yourself up on a high mountain,
O Zion, bearer of good news,
Lift up your voice mightily,
O Jerusalem bearer of good news;

Lift it up, do not fear.
 Say to the cities of Judah,
 "Here is your God!"
¹⁰Behold, the Lord God will come with might,
 With His arm ruling for Him.
 Behold His reward is with Him
 And His recompense before Him.
¹¹Like a shepherd He will tend His flock,
 In His arm He will gather the lambs
 And carry *them* in His bosom;
 He will gently lead the nursing ewes.

40:9
 OAV "o Sion... o Jerusalem"
 NAV "Sion... Jerusalem"
 Cum-NLV "vir die tempelberg... vir Jerusalem"
 NASB "O Zion... Jerusalem"

Albei uitroep impliseer Jerusalem. Die tempel was op die berg Moria opgerig, maar Sion was idiomaties gebruik om die hele stad aan te dui, hoewel die naam eintlik staan vir 'n aparte heuwel waar Dawid sy paleis laat bou het.

Na wie verwys die personifikasies?

1. Die profete van die Here?
2. Die Levitiese leermeesters?
3. Die aankondiger van die Nuwe Bedeling (Johannes die Doper)?

Verwys dit na:

- 1 die terugkeer uit Babiloniese ballingskap (Jes. 52:7-9; 62:10-12);
- 2 die Makkabeërs se oorwinnings;
- 3 die eerste koms van Jesus (Jes 62:11, soos aangehaal in Mat 21:50); of
- 4 die tweede koms van Jesus (Jes 40:10;62:11, verwys na in Openb 22:12)?

Tussen (1) God se beloofde herstel van Israel en (2) die nuwe Era in Christus is daar 'n sekere vloeibaarheid. Hiermee moet die groter prentjie van die NT in ag geneem word. Jesus is die vervulling van hierdie dubbele hoop.

Die twee tweërlei koms van Christus vervul hierdie verwagting, eers as Verlosser en daarna as Koning; dus tweërlei vervulling. Hierdie toekomsvoorspellings moet nog gebeur. Dit was duidelik nie vervul in die terugkeer van Serubbabel en Josua in 539 vC nie en ook nie in die leeftyd van Jesus van Nasaret nie.

'n Verdere gedagte t.o.v. vv. 9-11 is die uitroep van 'n wagter op die muur in verband met die aantog van 'n aanvalsmag of 'n persoon. Daar kom 'n magtige iemand aan, nl. God, maar nie as 'n invaller nie, maar 'n barmhartige Herder. Hy kom om te red, om te beskerm en om te voorsien. Die Herder van Israel keer terug na sy volk toe wat Hy verlaat het soos gemeld in Eseg 8-10!

VIR SPESIALE AANDAG: MENINGSVERSKIL OOR DIE EINDGEBEURE

Gedurende jare van bestudering van die eskatologie het dit vir my duidelik geword dat die meeste Christene nie in 'n gesistematiseerde, chronologiese beskouing van die eindgebeure geïnteresseerd is nie. Daar is Christene wat op hierdie aspek van die Christendom fokus en vassteek om teologiese, sielkundige en denominasionele redes. Hulle obsessie wentel om die vraag oor hoe die einde sal kom en daarmee ontgaan die dringendheid van evangelie verkondiging hulle in geheel. Gelowiges kan immers niks aan of afdoen aan God se eindtyd agenda nie. Hulle kan wel betrokke wees by die evangelie-opdrag van Mat 28:19-20; Luk. 24:47; Han 1:8. Die meeste gelowiges aanvaar die Tweede Koms van Christus en 'n voleinding waartydens die beloftes van God in vervulling sal gaan. Die baie meningsverskille ontstaan weens die menslike onvermoë om die paradokse oor die tyd daarvan te begryp:

1. die spanning tussen die OT profetiese modelle en die NT apostel-modelle

2. die spanning tussen monoteïsme se een God vir almal en Israel as uitverkore volk
 3. die spanning tussen verbondsverpligtinge (as julle... dan) en die onvoorwaardelike trou van God wat betref die redding van 'n gevalle mensdom
 4. die spanning tussen Midde-Oosterse literêre vorme en Westerse letterkundige modelle
 5. die spanning oor die Koninkryk van God wat "reeds gekom het" en wat "nog kom"
 6. die spanning oor die "nabye" wederkoms van Christus, maar sekere gebeure moet dit voorafgaan.
- Ons bekyk hierdie "spanninge" een vir een.

SPANNING EEN (die OT rasgebonde, nasionaal geografiese sienswyse in spanning met alle gelowiges oor die wêreld heen).

Die profete van die OT het 'n herstel van die Joodse koninkryk in Jerusalem voorspel, onder heerskappy van 'n regeerder uit die Dawidlinie, waar al die volke van die wêreld sal saamkom, maar Jesus en sy apostels het nie op dié agenda gesteun nie. Is die OT nie "geïnspireerd nie of het die NT skrywers noodsaaklike eindgebeure oor die hoof gesien?

Hier volg 'n verskeidenheid bronne van inligting oor die einde van die wêreld:

1. profete van die OT (Jesaja, Miga, Maleagi)
2. apokaliptiese skrywers van die OT (Eseg 37-39; Dan 7-12, Sagaria)
3. nie-kanonieke boeke van tussen OT en NT deur apokaliptiese skrywers (bv 1 Henog, aangehaal in Judas)
4. mededelings van Jesus (Mat 24, Mark 13, Luk 21)
5. geskrifte van Paulus (1 Kor 15; 2 Kor 5; 1 Tes 4-5; 2 Tes 2)
6. geskrifte van Johannes (1 Johannes en Openbaring)

Gee hulle enige aanduiding van volledige besonderhede wat in die eindtyd wag (oor gebeure, persone of kronologie)? Indien nie, hoekom nie? Is hulle almal, behalwe die tussen-testamentêre Joodse skrywers, nie geïspireerd nie?

Die Heilige Gees het aan OT skrywers waarhede geopenbaar in terme en kategorieë wat hulle kon verstaan. Maar deur progressiewe openbaring het die Gees hierdie metafore tot begrippe van universele omvang uitgebrei "die misterie van Christus" (vgl Ef 2:11-3:13). Sien *Vir Speciale Aandag* by 10:7. Hier volg enkele toepaslike voorbeelde:

1. Die stad Jerusalem word in die OT as metafoor vir die volk van God gebruik (Sion), maar dit word in die NT deurgegee as die simbool van God se aanvaarding van alle berouvolle, gelowige mense (die Nuwe Jerusalem van Openb 21/22.) So word Gen 3:15 teologies uitgebou van fisiese stad tot 'n "nuwe volk van God" (gelowige Jode en nie-Jode). Hierdie belofte van God het bestaan voordat daar sprake was van 'n Joodse volk en 'n Joodse hoofstad. Selfs die roeping van Abraham (Gen 12:1-3) sluit duidelik die heidene in (Gen 12:3; Eks 19:5).

2. In die OT is die vyande van God se volk al die nasies rondom hulle in die Nabye Ooste, maar in die NT omvat die begrip al die ongelowige, ongoddelikes wat deur Satan teen God aangepor word.

3. Die Beloofde Land, so swaar op die hart van die volk van die OT gelê (vgl Gen 12:7; 13:15; 15:7,15; 17:8;), omsluit nou die hele wêreld. Die Nuwe Jerusalem daal neer op 'n vernude aarde en nie net maar eksklusief op 'n stukkie Nabye Ooste nie (Openb 21/22).

4. Ander uitgebreide OT opvattinge is soos volg:
 - a. die nageslag van Abraham is die geestelik besnedenes (Rom 2:28-29)
 - b. die verbondsgemeenskap sluit nou die (bekeerde) heidendom in (vg Hos 1:10; 2:23; aangehaal in Rom 9:24-26; asook ev 26:12; Eks 29:45; aangehaal in 2 Kor 6:6-18 en Eks 19:5; Deut 14:2; aangehaal in Tit 2:14

- c. the temple is now Jesus (vgl 26:61; 27:40; Joh 2:19-21) en die plaaslike kerk (vgl 1 Kor 3:16) of selfs die individuele gelowige (vgl 1 Kor 6:19)

- d. selfs Israel en haar beskrywing in karakteristieke OT frases dui nou op die hele volk van God (bv "Israel," Rom 9:6; Gal 6:16; verder 'n "koninkryk van priesters" dui op die hele volk van God; vgl 1 Pet 2:5,9-10; Openb 1:6)

Die profetiese model is vervul, uitgebrei en sluit nou meer in. Jesus en die Apostelskrywers handel nie oor die eindtyd op soortgelyke wyse as die OT profete nie (vgl Martin Wyngaarden, *The future of the Kingdom in Prophecy and fulfilment*). Hedendaagse skrifverklaarders wat probeer om die OT meer letterlik of normatief te verstaan, maak van die openbaring 'n erg Joodse boek en dring "betekenis" op aan losstaande medelinge van Paulus en Christus. Die NT skrywers het nêrens die OT profete teëgegaan nie, maar toon hulle uiteindelijke, universele

betekenis aan. Daar bestaan nie so iets as 'n logiese sisteem in Jesus en Paulus se eskatologie nie. Dit was in hulle geval merendeels van soteriologiese (reddende) of pastorale aard.

Maar spanning is daar selfs in die NT. Die eskatologie word nie sistematies aangebied nie. Dit is selfs verbasend hoe die Openbaringsboek na die OT terugreik en nie van Jesus se leringe oor eskatologie gebruik maak nie (vgl Mat 24; Mark 13)! Dit haak by genre aan wat Sagaria, Esegïel en Daniël inisieër het, hoewel daar 'n ontwikkeling was van Joods- apokaliptiese literatuur gedurende die intertestamentêre tyd. Dit mag Johannes se manier wees om (met Openbaring) 'n band tussen die Ou Verbond en die Nuwe te bewerkstellig. "It", "Dit" (sic – vert.) vertoon die eeu-oue patroon van die mens se rebellie en God se verbintenis tot verlossing. Maar daar moet daarop gelet word dat, hoewel die Openbaringsboek OT taal, persoonlikhede en gebeurtenisse gebruik, dit alles her-interpretêr word in die lig van eerste-eeuse Rome (vgl Openb 1:7).

SPANNING TWEE (Monoteïsme teenoor 'n "uitverkore volk")

Die klem van die Bybel val op een persoonlike God, wat Gees, Skepper en Verlosser is (Eks 8:10; Jes 44:24; 45:5-7,14,18,21-22; 46:9; Jer 10:6-7). Op sy dag was die OT uniek omrede die monoteïsme. Alle volke rondom was politeïsties. Dat God Één is, was die hart van die OT openbaring (Deut 4:6). Die skepping dien as die verhoog waarop God sy vriendskapsverhouding (fellowship) met die mens, geskape na sy beeld, tot stand wou bring (Gen 1:26-27). Maar die mens het oortree en teen teen God se liefde, leiding en doel vir hulle gesondig (vgl Gen 3). God was egter met sy groot liefde en doel so vasberade dat Hy aan die gevallenes 'n belofte van komende verlossing gemaak het (Gen 3:15).

Die spanning het ontstaan toe God een man, sy familie en een nasie gekies het om die boodskap na die mensdom oor te dra. Sy verkiesing van Abraham en die Jode as 'n Koninkryk van priesters het tot hoogmoed gelei eerder as diens, uitsluiting van mense eerder as insluiting. Die roeping van Abraham was daarop gemik om al die nasies te sien (Gen 12:3). Hou in gedagte dat uitverkiesing in die OT op diens gerig was en nie redding nie. Israel se hoop op ewige verlossing was nie op geboortereg gebaseer nie (vgl Joh 8:35-59; Mat 3:9), maar het saamgehang met persoonlike geloof en gehoorsaamheid (Gen 15:6 aangehaal in Rom 4). Israel se opdrag om 'n koninkryk van priesters te wees, het op die kerk oorgegaan (Jes 1:6; 2 Pet 2:5-9). Verkiesing is 'n mandaat en moenie in bevoorregting ontaard nie, dis 'n indiensstelling, nie 'n spesiale status nie! God het een uitverkies ten einde almal te kies!

SPANNING DRIE (Verbondsverpligtinge teenoor genadeverbond).

In die verbonde is daar 'n spanning oor verbond wat verpligtinge as voorwaarde het en 'n verbond sonder voorwaardes (Gen 15:12-21). Dit moet verseker verstaan word dat God se verlossingsplan nie voorwaardes stel nie, maar dat die mens se reaksie op die genadeverbond altyd 'n voorwaarde is. Die "as...dan" patroon kom reg deur die Skrif in OT en NT voor. God is getrou (onvoorwaardelik), maar die mens is ontrou (voorwaardes geld). Hierdie spanning (kontras) het tot baie verwarring aanleiding gegee. Uitleggers was geneig om net op een kant van die dilemma te fokus; oorbeklemtoning van God se getrouheid of die mens se aandeel, oorbeklemtoning van God se soewereiniteit of dat die mens 'n vrye wil het. Al twee kante van die saak is Bybelsgefundeerd en moet in ag geneem word.

Dit werp lig op God se beloftes aan Israel in die OT. Wat God ookal belof het, dit staan vas. God is aan sy beloftes gebonde. Dit gaan per slot van sake om sy reputasie (vgl Eseg 36:22-38). Die onvoorwaardelike en voorwaardelike van die verbonde word in Christus versoen en nie in Israel nie (Vgl Jes 53). God se verbondstrou kom in verlossing tot uiting teenoor almal wat sonde bely en glo. Dit vra nie wie jou vader en moeder was nie. Nie Israel (nageslag van Abraham) is die sleutel tot verlossing nie, maar al God se verbonde en beloftes word in Christus ontsluit. As daar in die teologie, in navolging van die Bybel, slegs 'n sydelingse verwysing (parenthesis) gemaak word, sal dit op Israel van toepassing wees en nie op die kerk nie!

Die wêreldsending van die evangelie is deur die kerk oorgeneem (vgl Mat 28:19-20; Luk 24:47; Han 1:8). Dit beteken wel nie dat God die Jode algeheel verwerp het nie (vgl Rom 9-11). 'n Israel wat waarlik glo, mag 'n doel hê en 'n plek in die eindtyd (vgl Sag 12:10).

SPANNING VIER (Literêre modelle van die Nabye Ooste teenoor Westerse modelle).

Insig in die literatuursoort is van kardinale belang vir korrekte verstaan van die Bybel. Die Kerk se ontstaan dateer uit 'n westerse (Griekse) omgewing. Oosterse literatuursoorte is veel meer op die figuurlike, metaforiese en simboliese spreekwyse ingestem as die Westerse Kulture met hul letterlike aanslag. Die Oosterling fokus meer op mense en ontmoetings en gebeure as om waarheid bondig te formuleer en aan te bied. Christene het hulle daaraan skuldig gemaak om vanuit hulle geskiedenis en literêre modelle die bybelse profesieë te benader (dit geld beide die

OT en NT). Geslag na geslag en mense uit alle oorde het hulle kultuur, geskiedenis en letterlikheid ingespan om die Boek Openbaring te verklaar. Al hierdie pogings het misgetas! Dit is immers uiters misplaas om te dink dat bybelse profesie op Westerse kultuur sou fokus!

Die literatuursoort waarin die oorspronklike skrywer verkies het om te skryf, moet as 'n literêre kontrak met die leser beskou word. Die Openbaringboek is nie geskiedenis nie. Dit is 'n samevoeging van briewe (1-3), gevolg deur profesie en 'n groter deel apokaliptiese literatuur. Dit is net so verkeerd om die Bybel minder te laat sê as die bedoeling van die oorspronklike skrywer as wat dit is om die Bybel meer as sy bedoeling te laat sê. In 'n boek soos Openbaring is dogmatisme arrogant en heeltemal uit plek uit.

Die kerk kon nooit ooreenkom oor hoe Openbaring interpreteer moet word nie. My mening is dat daar net na die Bybel in sy geheel geluister en daarvolgens gehandel moet word en nie net met voorkeur van gedeeltes nie. Die Bybel bied, weens sy oosterse inkleding, waarheid in parestellings aan wat dikwels in spanning met mekaar verkeer. Ons Westerse manier om waarheid aan te bied, is nie ongeldig nie, maar ongebalanseerd. Ek is van mening dat die doodloopstraat waarin opeenvolgende geslagte hulle met uitleg van Openbaring bevind het die beste blyk uit die baie verskille in uitkoms van die uitleg. Vir die meeste uitleggers is dit volkome duidelik dat Openbaring in ooreenstemming met sy eie ontstaanstyd en genre uitgelê moet word. 'n Historiese uitleg moet afvra hoe die eerste lesers dit kon verstaan het en wat hulle daarin sou gehoor het. Vir baie hedendaagse uitleggers het die betekenis van baie van die simboliek in die boek verlore gegaan. Die hoofsaak van Openbaring was om verdrukke gelowiges te bemoedig. Soos in die profetisme, wou dit God se beheer in die geskiedenis beklemtoon; dit het bevestig dat die geskiedenis na 'n bepaalde punt van oordeel en seën (redding) aanbeweeg. Openbaring het in Eerste-Eeuse Joodse apokaliptiek die liefde van God aan die lesers voorgehou; sy teenwoordigheid, sy krag en oppermagtige heerskappy.

Dit, dan, is die teologie wat die Openbaringboek deur alle geslagte heen aan gelowiges deurgegee het. Die kosmiese stryd van goed en sleg word daarin vervat. Die agtergrond feite van die Eerste Eeu mag vir ons verlore wees, maar nie die kragtige, vertroostende waarhede nie. Wanneer hedendaagse Westerse skrifverklaarders probeer om hulle eietydse historiese gebeure in Openbaring in te lees, val hulle daarmee vas in 'n patroongeworde manier van valse uitleg!

Maar dit is heel moontlik dat vroeë besonderhede in die boek treffend vir die laaste geslag van gelowiges herhaal kan word met die opkoms van 'n leier wat 'n totaal anti-God kultuur sal voorstaan (vgl 2 Tes 2). Voordat voorspellings van Jesus (vgl Mat 24; Mark 13; Luk 21) en van Paulus (vgl 1 Kor 15:1; 1 Tes 4-5; 2 Tes 2) nie histories sigbaar word nie, kan niemand die letterlike vervulling van Openbaring aantoon nie. Raaiwerk, gissings en dogmatisme is hier volledig uit plek. Dit is na die aard van Apokaliptiese literatuur om minder spesifiek en buigsaam in aanbieding te wees. Wees daarom dankbaar teenoor God vir beeldryke, simboliese taal wat bo menings oor historiese gebeure uitstyg! Taal wat bloot sê dat God in beheer is! Hy regeer. Hy kom weer.

Die meeste hedendaagse kommentare oor Openbaring maak met hierdie eiesoortige aard (genre) nie voldoende erns nie. Westerse logika soek in die boek 'n logiese teologiese sisteem eerder as om, in alle billikheid, die dubbelsinnigheid, die simbole en die dramatiese aksies van tipiese Joodse Apokaliptiek self te laat spreek. Hierdie waarheid word goed verduidelik in Ralph P. Martin se artikel "*Approaches to New Testament Exegesis*" in die boek *New Testament Interpretation*, red. I. Howard Marshall:

Unless we recognize the dramatic quality of this writing and recall the way in which language is being used as a vehicle to express religious truth, we shall grievously err in our understanding of the Apocalyp, and mistakenly try to interpret its visions as though it were a book of literal prose and concerned to describe events of empirical and datable history. To attempt the latter course is to run in all manner of problems of interpretation. More seriously it leads to a distortion of the essential meaning of apocalyptic and so misses the great value of this part of the New Testament as a dramatic assertion in mythopoetic language of the sovereignty of God in Christ and the paradox of his rule which blends might and love (vgl 5:5,6; "die Leeu is die Lam" bl 235). "

W. Randolph Tate in sy boek, *Biblical Interpretations*, redeneer soos volg:

"No other genre of the Bible has been so fervently read with such depressing results as apocalypse, especially the books of Daniel and revelation. This genre had suffered from a disastrous history of misinterpretation due to fundamental misunderstanding of its literary forms, structure, and purpose. Because of its very claim what is shortly to happen, apocalypse has been viewed as a road map into a blueprint of the future. The tragic flaw in this view is the assumption that the book's frame of reference is the reader's contemporary frame rather than the author's. This misguided approach to apocalypse (particularly Revelation) treats the work as if it were a cryptogram by which contemporary events can be used to interpret the symbol of the text... First the interpreter must recognize that apocalyptic communicates its messages through symbolism. To interpret a symbol literally when it is metaphoric is simply to misinterpret. The events may be historical; they may have really

happened, or might happen, but the author presents events and communicates meaning through images and archetypes” (bl 137).

Vanuit *Dictionary of Biblical Imagery*, onder redaksie van Ryken, Wilhost en Longman III:

“Today’s readers are often puzzled and frustrated by this genre. The unexpected imagery and out of this world experiences seem bizarre and out of sync with most of Scripture. Taking this literature at face value leaves many readers scrambling to determine ‘what will happen when,’ thus missing the intent of the apocalyptic message” (bl 35).

SPANNING VYF (die Koninkryk van God as teenwoordig, maar ook nog komende).

Die koninkryk van God is hier, maar ook nog toekomstig. Juis in eskatologie kom hierdie teologiese paradoks sterk onder beligting. As ‘n mens letterlike vervulling van alle OT profesieë aan Israel verwag, sal die Koninkryk oorwegend ‘n geografiese landskap moet wees vir besetting deur Israel. Dit sal ‘n teologiese voorvereiste moet wees. Die kerk sal stilweg in hoofstuk 5 uit die Boek moet verdwyn en die res van die hoofstukke sou oor Israel handel (let egter op Openb 22:16).

As die Koninkryk, egter, met die intrede van die Messias verband hou, dan breek dit aan met Christus se eerste koms. Die menswording (geboorte), sy lewe, leringe, sterwe en opstanding, die hele verlossingsgebeure kry die klem vir aanwesigheid van die koninkryk. So het die Koninkryk gekom; Christus se verlossingsaanbod vir almal is vervulling van die OT, nie ‘n duisendjarige vrederyk net vir sommiges nie!

Dit is korrek om te aanvaar dat die Bybel van twee komste van Christus spreek, maar waar moet die klem gelê word? Vir my wil dit voorkom of die klem op die eerste koms val, die oprigting van ‘n Messiaanse koninkryk soos Daniël 2 aandui. Maar Daniël (hfs. 7) spreek ook van die ewige heerskappy van God. Die OT verkondig hierdie heerskappy van God, maar die Messiaanse koninkryk is daarvan die meganisme, die manifestasie (1 Kor 15:26,27). Die vraag is nou nie watter een van die genoemde twee “ryke” die ware een is nie; albei is die ware! In so ‘n mate het uitleggers op die “duisendjarige ryk” van die Messias klem gelê (vgl Openb. 20) dat dit hulle heeltemal ontgaan het dat die Bybel die ewige heerskappy van die Vader leer! Christus se heerskappy is in die lig hiervan dus voorlopig. ‘n Tweede koms van Christus word in die OT nie duidelik verkondig nie, ‘n tydgebonde Messiaanse regering ook nie!

Die Koninkryk van God is die kern van Jesus se prediking. Dit is teenwoordig in sy verlossingswerk en dienskneggestalte, maar dit is ook toekomstig in die kragtige deurvoer daarvan. Die sprake van ‘n “millennium” (vgl Openb 20) is inleidend (en gelyktydig met Jesus se eerste koms en hemelvaart – vert.); dit is nog nie die komende, die kragtige deurgevoerde uiteinde soos gemeld in Openb 21-22 nie. Volgens die OT is dit nie duidelik geopenbaar dat ‘n tydgebonde, vooraf heerskappy nodig is nie, intendeel, die Messiaanse heerskappy van Daniël 7 is ewig en nie van milleniale aard nie.

SPANNING SES (die verwagte vroeë koms van Christus teenoor die vertraagde *Parousia*)

Die meeste gelowiges was leerstellig onder die indruk dat Christus spoedig sou kom, skielik en onverwags, vgl Mat 10:23; 24:27,34,44; Mark 9:1; 13:30; Openb 1:1,3; 2:16; 3:11; 22:7,10,12,20. Maar elke generasie se verwagtinge was sover verkeerd. Hierdie spoedige verwagting was die inspirerende hoop van elke geslag, maar die werklikheid daarvan sal net een geslag tref, wat ‘n vervolgte geslag sal wees. Gelowiges moet leef asof Hy môre kom, maar intussen die beplanning en uitvoering van die Groot Opdrag in werking stel (vgl Mat 28:19-20) indien Hy vertoef.

Sommige gedeeltes in die Evangelies (vgl Mark 13:10; Luk 17:2; 18:8) en die Briewe (1 en 2 Tes) veronderstel ‘n vertraagde Tweede Koms (*Parousia*). Sekere historiese gebeurtenisse moet eers plaasvind:

1. Wêreldwye evangelisasie (vgl Mat 24:14; Mark 13:10)
2. openbaarmaking van die ‘mens van sonde’ (vgl Mat 24:15; 2 Tes 2; Openb 13)
3. die groot vervolging (vgl Mat 24:21,24; Openb 13)

‘n Doelbewuste dubbelsinnigheid is in die *Parousia* ingebou (vgl Mat 24:42-51; Mark 13: 32-36)! Leef elke dag asof dit die laaste sal wees, maar beplan en rus toe vir toekomstige bediening!

KONSEKWENTHEID EN BALANS

Dit is so dat die verskillende skole van eskatologiese verklaring iets van die waarheid beet het, miskien die spreekwoordelike “halwe waarheid”. Hulle verklaar en verduidelik wel sommige tekste. Die probleem ontstaan egter as konsekwentheid en balans ontbreek. ‘n Vooruit vasgestelde raamwerk moet deur die uitleg gedien word. Maar die Bybel verskaf nie logiese, kronologiese en gesistematiseerde eskatologie nie. Dit vergelyk goed met ‘n familie album waarin die foto’s waar en eg is, maar nie atyd in konteks en logiese verband geplaas nie. Sommige foto’s het

uitgeval en latere geslagte weet nie hoe om dit in die regte verband terug te plaas nie. Die sleutel tot verstaan van Openbaring is om die bedoeling van die skrywer te probeer verstaan in die genre wat hy daarvoor gekies het. Die meeste uitleggers probeer om hulle eksegetiese gereedskap vir ander genres van die NT ook vir Openbaring toepaslik te maak. Hulle fokus op die OT en laat na om Jesus en Paulus se leringe te volg in die daarstelling van 'n teologiese raamwerk vir apokaliptiek. Dan kom Openbaring tot sy reg as illustrasie materiaal.

Ek moet toegee dat ek 'n verklaring van Openbaring met vrees en versigtigheid aanpak. Nie oor die vloek uitgespreek in Jes 22:18-19 nie, maar oor die vlak van meningsverskil wat onder die kerklike gemeenskappe voorgekom het en nog steeds voorkom. Ek gee baie om vir God se openbaring. Dit is die waarheid te midde van die mensdom wat almal leuenaars is (vgl Rom 3:4).

Beskou asseblief my verklarende werk as bedoel om gedagteprikkelend te wees en nie as padwyser of roetekaart nie! Liewer 'n "Miskien as" as 'n "So spreek die HERE". Ek het van aangesig tot aangesig te staan gekom voor my eie ontoereikendheid en vooropgestelde idees, my teologiese agenda! Dieselfde met ander uitleggers. 'n Mens is so geneig om in Openbaring te kry wat jy wil hê daar moet wees. Die Openbaring-genre leen hom so tot misbruik! Nietemin, in die Bybel is dit daar met 'n doel.

Sy plasing as die "slotwoord" is nie maar toevallig nie. Dit het 'n boodskap van God vir sy kinders van elke geslag. Hy wil dat ons moet verstaan. Dat ons moet hande vat en nie kampe vorm nie. Laat ons saamstem oor wat duidelik is en van sentrale betekenis en nie oor die "miskien waar", of "moontlik waar" of "dalk waar", verder kibbel nie. God help ons almal daartoe!

☐	
OAV	"goeie boodskap"
NAV	"goeie tyding"
Cum-NLV	"goeie nuus"
NASB	"good news"

Hierdie WERKWOORD *basar* (בָּשַׂר) (BDB 142, *Piel* DEELWOORD wat 'bring van 'n goeie boodskap' beteken). Hier dui dit op 'n boodskap van genade, van verlossing en aanvaarding (vgl. 40:9 , [twee keer]; 41:27;52:7 [beide twee keer]; Nahum 1:15). Paulus haal 52:7 aan in Rom.10:15 en verbind dit met Christus (Rom 10:16 haal 53:1 aan). Die evangelie van Jesus Christus word as die "goeie nuus" in die NT bestempel.

☐	
OAV	"Wees nie bevrees nie"
NAV, Cum-NLV	"Moenie bang wees nie"
NASB	"do not fear"

Hierdie WERKWOORD (BDB 431, KB 432 , *Qal* IMPERFEKTUM is JUSSIEF en impliseer Jerusalem (die volk van God). Sonde lei tot vrees. So lui God se boodskap dikwels aan sy volk (vgl 41:10,13,14; 43:1,5; 44:2,8 [maar verskillende woorde] 51:7,12; 54:4,14).

☐	
OAV ,NAV, Cum-NLV	"Sê (vir) aan die stede van Juda"
NASB	"Say to the cities of Judah"

Hierdie verwysing skep 'n probleem vir die voorstanders van 'n laat gedateerde skrywer in plek van Jesaja, want al die stede was deur Nebukadneser II verwoes in 586 v.C.

☐	
OAV	"Hier is julle God"
NAV	"Julle God is hier"
Cum-NLV	"Hier is jou God"
NASB	"Here is your God"

God is met sy volk! Die wagtyd is verby (25:9; 26:8; 33:2; 40:31; 49:23; 51:5; 60:9)!

OAV	“die Here HERE”
NAV	“Die Here God ”
Cum-NLV	“die oppermagtige HERE ”
NASB	“the LORD your God”

Letterlik staan hier ‘Adonai JHWH,’ wat vertaal kan word ‘Here HERE’ (Vgl. Ps 110:1). ‘Here ’ in Hebreeus is *adon* wat werkgewer, eienaar, eggenoot en heer kan beteken.

▣	
OAV	“ ’n Sterke, en sy arm sal heers”
NAV	“die magtige, Hy regeer”
Cum-NLV	“ regeer met mag”
NASB	“With His arm ruling for Him”

Dit is ‘n Semitiese mensvormige (antropomorfitiese) idioom. Sien *Vir Spesiale Aandag* by 41:2 wat betref goddelike handeling en mag. Uit Jesaja 9:6-7; 11:1-5a weet ons dat dit die rol van die Messias beskryf (Ps 110).

VIR SPESIALE AANDAG: MESSIAS

Hierdie rubriek is uit my kommentaar van Daniël 9:6 geneem. Die probleem wat ek hiermee ondervind het, was die verskeidenheid betekenis wat aan ‘Messias’ geheg kan word (BDB 603):

- 1 gebruik i.v.m. Joodse konings, bv. I Sam 2:10, 12:3
- 2 gebruik i.v.m. joodse prieters; Lev 4:3,5
- 3 gebruik i.v.m. koning Kores; Jes 45:1
- 4 #1 en #2 word gesamentlik gebruik in Ps 110 en Sagaria 4
- 5 gebruik i.v.m. God se besondere koning uit die Dawidsgeslag bestem om die nuwe era van geregtigheid aan te bring
 - a. uit die nakomelingskap van Juda; Gen 49:10
 - b. uit die huis van Isai; 2 Sam 7
 - c. met universele heerskappy; Ps 2; Jes 9:6; 11:1-5; Mig 5:1-4vv

Persoonlik voel ek aangetrokke daartoe om Jesus van Nasaret as die Messias te identifiseer omrede

- 1 die bekendstelling van ‘n ewige Koninkryk in Dan 2 in afloop van die 4de ryk;
- 2 die bekendstelling van ‘n “seun van die mens” in Dan 7:13 om ‘n ewige koninkryk te ontvang;
- 3 die gedeeltes oor “verlossing” in Dan.9:24 wat op die beeindiging van ‘n gevalle wêreldgeskiedenis sinspeel;
- 4 en hoe Jesus gebruik maak van die boek Daniël in die NT, Mat 24:15; Mark 13:14.

▣	
OAV	“sy loon is by Hom en sy beloning is voor sy aangesig”
NAV	“Hy bring die volk saam wat Hy syne gemaak het, die wat aan Hom behoort, is by Hom”
Cum-NLV	“Hy bring sy beloning saam. Dit is by Hom”
NASB	“His reward is with Him And His recompense before Him”.

In Jes.62:11 kom die vers op presies dieselfde wyse voor en in Openb. 22:12 word daarna verwys. Vers 10 meld dat God persoonlik aanwesig sal wees (41:10a). Immanuel het gekom (7:14)!

40:11	
OAV, NAV, Cum-NLV	“soos ‘n herder”
NASB	“Like a shepherd”

JHWH, die almagtige (vgl. V.10) is ook ‘n Herder (vgl Ps 23; 80:1; Jer 31:10; Eseg 34: 11-16). Let daarop dat JHWH in Eseg 34:23-24 sy Messias aanstel om Hom te verteenwoordig. Jesus is die Goeie herder (vgl. Joh 10). Hy is die “deurboorde” (OAV) herder van Sagaria 11 en 12 en Jes 52:13-53:12.

NASB HERSIENE TEKS 40:12-17

Vir die Afrikaans hiervan sien die OAV, NAV, Cum-MVB, Cum-NLV

¹²Who has measured the waters in the hollow of his hand,
And marked off the heavens by the span,
And calculated the dust of the earth by the measure,
And weighed the mountain in a balance
And the hills in a pair of scales?
¹³Who has directed the spirit of the LORD,
Or as His counsellor has informed Him?
¹⁴With whom did He consult and *who* gave Him understanding?
And who taught Him the path of justice and taught Him knowledge
And informed Him of the way of understanding?
¹⁵Behold, the nations are like a drop from the bucket,
And are regarded as a speck of dust on the scales;
Behold, He lifts up the islands like fine dust,
¹⁶Even Lebanon is not enough to burn,
Nor its beasts are enough for a burnt offering.
¹⁷All the nations are as nothing before Him,
They are regarded by Him as less than nothing and meaningless.

40:12-17 Soos wat verse 9-11 JHWH se persoonlike teenwoordigheid as Verlosser aandui, beskryf verse 12-17 Hom as Skepper:

- 1 Hy het die waters afgemeet (die oorspronklike chaos-waters beheer); v.12,
- 2 ontwerp die atmosfeer ten opsigte van die planeet ; v.12,
- 3 die droë land tot stand gebring, die stof getel en die berge en heuwels geweeg – ‘n Hebreeuse parallelisme; v.12 (OAV)
- 4 werksaam as Gees sonder instruksies (vv. 13-14)
- 5 mense is ‘n nietigheid en onvergelykbaar met die skeppingsmag en intellektuele vermoë van God; vv 6-8 en 15-17 (Dit stem ooreen met Job 38-41).

40:12

OAV, NAV	“Wie het die waters in die holte van sy hand afgemeet”
Cum-NLV	“Wie anders het die oseane in sy hand gehou”
NASB	“Who has measured the waters”

Al die WERKWOORDE van vers 12 is PERFECTUM (d.w.s. ‘n afgehandelde aksie), ‘n reeks vrae wat negatiewe antwoorde veronderstel. Net soos in die boek Job waar God Job se vrae op ‘n wyse bantwoord wat sy soewereiniteit en gesag onderstreep. Vers 12 stem sterk met 41:26 ooreen.

Let op die parallelisme hier:

- 1 gemeet – BDB 551, KB 547
- 2 maat geneem (OAV) – BDB 1067, KB 1733
- 3 met ‘n maatemmer afgemeet (NAV) – BDB 465, KB 463
- 4 geweeg met ‘n weegskaal (OAV) – BDB 1053, KB 1642

Dit alles is metaforiese beskrywings van die werke van die Skepper. Die skepping soos in Genesis 1 beskryf, is ook beeldspraak van God se beheer, ordening en onderhoud van die heelal. ‘n Nuutverskene, goeie boek is John H. Walton se *The Lost World of Genesis One*.

40:13-14 Die “Wie” van die voorafgaande verse mag ‘n vervolg wees op die MEERVOUDSVORME van verse 1-3. Indien dit die geval is, hou dit verband met die hemelse skare. Die bestaan van engelagtige gesante kan in die volgende gedeeltes waargeneem word:

- 1 die “ons” gedeeltes in Gen. 1-6;

- 2 1 Kon. 22: 19-23;
- 3 Job 1:6-12; 2: 1-6,7;
- 4 Dan. 7:10,26.

40:13

OAV	“Wie het die Gees van die HERE bestier... Hom onderrig”
NAV	“Wie kan die Gees van die Here peil... sy raadgewer wees”
Cum-NLV	“Wie kan die Gees van die HERE advies gee”
NASB	“Who has directed the Spirit of the LORD”

Verse 13 en 14 is parallelle. Hierdie is nie Trinitaries bedoel nie, maar wel 'n OT gedeelte wat spreek van God se aanwesigheid as Gees soos in Gen. 1:2. Sien *Vir Spesiale Aandag* by vers 7.

VIR SPESIALE AANDAG: DIE DRIE-EENHEID

Die term “Triniteit”, geskep deur Tertullianus, is nie 'n Bybelse woord nie, maar die konsep is deurgaans aanwesig in:

- A. die evangelies:
 - 1. Mat 3:16-17; 28:19;
 - 2. Joh 14:26.
- B. Han 2:32-33,38-39.
- C. Paulus
 - 1. Romeine 1:4-5; 5:1; 8:1-4,8-10
 - 2. 1 Kor 2:8-10; 12 :4-6
 - 3. 2 Kor 1:21; 13:14
 - 4. Gal 4:4-6
 - 5. Ef 1:3-14,17; 2:18; 3:14-17; 4:4-6
 - 6. 1 Tes 1:2-5
 - 7. 2 Tes 2:13
 - 8. Tit 3:4-6.
- D. Petrus- 1 Pet 1:2.
- E. Judas vv 20-21.

Dit word in die OT gesuggereer:

- A. God word by wyse van MEERVOUDSVORME aangedui
 - 1. Elohim is meervoud maar die WERKWOORDVORM bly enkelvoud;
 - 2. “Ons” in Genesis 1:26-27; 3:22; 11:7.
- B. Die Engel van die Here as sigbare verskyning van die Godheid:
 - 1. Gen 16: 7-13; 22;11-15; 31:11,13; 48:15-16;
 - 2. Eks 3:2,4; 13:21; 14:19;
 - 3. Rigt 2:1; 6:22-23; 13:3-22;
 - 4. Sag 3:1-2.
- C. God en Gees afsonderlik genoem, Gen 1:1-2; Ps 104:30; Jes 63:9-11; Eseg. 37:13-14.
- D. God (JHWH) en die Messias (Adon) is ook afsonderlik, Ps 45: 6-7; 110:1; Sag 2:8-11; 10:9-12.
- E. Messias en Gees afsonderlik genoem (Sag 12:10).

F. Al drie genoem in Jes 48:16, 61:1.

Die Godheid van Jesus en die persoon-wees van die Gees was vir vroeë, streng monoteïstiese gelowiges problematies:

1. Tertulianus – het die Seun aan die Vader ondergeskik gestel;
2. Origenes – het die godwees van die Seun en die Gees ondergeskik gestel;
3. Arius – het Godheid van die Seun en Gees ontken;
4. Monargianisme – beskou dit as opeenvolgende manifestasies van God: Vader, Seun, Gees.

Gerugsteun deur Bybelse inligting is die formule ivm die Drie-Eenheid histories ontwikkel:

1. die Sinode van Nicea verklaar in 325 n.C die gelykheid van Jesus met die Vader;
2. die Sinode van Konstantinopel (381 n.C) verklaar die Godheid van die Gees gelyk met die Vader en die Seun;
3. in sy De Trinitate bely Augustinus ten volle die bestaan van die Drie-Eenheid.

Dit is volkome misterie, maar die NT bely een Godheid in drie ewige Persone gemanifesteer.

40:14

OAV "en Hom sou leer aangaande die pad van die reg"

NAV "en Hom sou leer wat om te doen"

Cum-NLV "Het Hy nodig dat iemand Hom vertel wat die goeie is"

NASB "And who taught Him in the path of justice"

Let op die parallelisme. In die OT is "pad" die agtergrond waaruit "weg" in die NT ontwikkel het; die NT konsep van "die Weg"; wat as titel gedien het vir die vroeë kerk in Handeling. Hiermee word bedoel dat bybelse geloof die leefstyl is vir 'n vertrouensverhouding met God.

Vir reg/justice/goeie (OAV, NASB, Cum-NLV,) sien die *Vir Speciale Aandag* wat hier volg. Hierdie vers dien sterk as steun vir die monoteïsme.

VIR SPESIALE AANDAG: GEREK, OORDEELSPRAKE EN GERECHTIGHEID IN JESAJA

Hierdie is 'n wydverspreide begrip in die OT (BDB 1047). NIDOTTE vol. 4, bl 214, het die verspreiding en waarde van die begrip nagevors:

1. Pentateug (Gen - Deut), 13%, regters onder mense
2. Die Historiese boeke (Jos – Ester) 34%, leiers onder volk
3. Wysheidsliteratuur (Job – Spreuke); 22%, 'n werk van God
4. Die Profete (Jes – Mal) 31%, hoofsaaklik 'n werk van God

Vergelyk die volgende uiteensetting:

JHWH as Regter	Die Messias as Regter	Die ideale regters in Israel	Israel se werklike regters
2:4	9:7	1:17,21,23	3:2
3:14	11:3,4	26:8	5:7
4:4	16:5	56:1	10:2
5:16	32:1	58:2,8	59:4,9,11,14,15
28:6,17,26	40:14		
30:18	42:1,3,4		
33:5,22	51:4,5		
61:8	53:8		
66:16			

Israel se roeping was om JHWH se karakter aan die nasies te weerspieël. Sy het misluk. Daarop het JHWH die een “ideale” Israeliet opgewek wat sy persoonlike verhouding met die wêreld sou weerspieël (die Messias, Jesus van Nasaret, die Christus; vgl Jes 52:11-53:12)!

■ Die vers is van groot belang vir die bevestiging van monoteïsme. Sien die *Vir Speciale Aandag* wat hier volg.

VIR SPESIALE AANDAG: MONOTEÏSME

Die begrip monoteïsme (net een ware God) is uniek aan Israel; (vgl. Abraham, 2000 v.C.); d.w.s. nie ‘n hoogste god van politeïsme nie of die goeie god van die Iranese dualisme (Zoroastrisme) nie. ‘n Raar uitsondering was die monoteïsme van Amenhotep IV in Egipte, ook as Ikhnaton bekend; 1367-1350 of 1386-1361v.C.).

Hierdie beskouing kom op verskeie plekke voor in die OT (aanhalings NAV):

1. dat daar geen god is soos ons God nie — Elohim; Eks 8:10; 9:14; Deut 33:26; I Kon 8:23;
2. dat daar naas Hom nie ‘n ander is nie; Deut 4:35,39; 32:39; 1 Sam 2:2; 2 Sam 22:32; Jes 45:21; 44:6,8; 45:6,21;
3. Hy is die enigste Here (JHWH); Deut 6:4; Rom 3:30; 1 Kor 8:4,6; 1 Tim 2:5; Jak 2:19
4. daar is niemand soos U nie; 2 Sam 7:22; Jer 10:6
5. U alleen is God; Ps 86:10; Jes 37:16
6. Voor My was daar geen god nie en na My sal daar ook nie een wees nie; Jes 43:10
7. daar is geen ander nie... buiten My is daar geen God nie; Jes 45:5,6,22
8. daar is geen ander nie, daar is nie nog ‘n God nie; Jes 45:14,18
9. Daar is buiten My geen God nie; Jes 45:21
10. Ek is God... daar is niemand soos Ek nie; Jes 46:9.

Dit moet toegegee word dat hierdie belangrike leerstelling in voortgaande openbaring ontstaan het. Die vroegste stellings kon as “henoteïsme” of ‘n praktiserende monoteïsme opgevat word: “Daar is ander gode, maar vir ons is daar net een God” (vgl. Eks 15:11; 20:2-5; Deut 3:28; 5:7; 6:4,14; 10:17; 32:12; 1 Kon 8:23; Ps 83:18; 86:8; 136:1-9).

Die eerste tekste wat op ‘n enigheid van God dui (filosofiese monoteïsme), is vroeg (vgl. Eks 8:10; 9:14; Deut 4:35, 39; 33:26). Die volledigste aansprake kom in Jes 43-46 voor (vgl. Jes 43:11; 44:6,8; 45:7,14,18,22; 46:5,9).

Die NT (Rom 3:30; 1 Kor 8:4,6; Efes 4:6; 1 Tim 2:5; Jak 2:19) haak aan by Deut 6:4. Jesus haal dit aan as die eerste Gebod in Mat 22:36-37; Mark 12:29-30; Luk 10:27. Beide die OT en NT erken die realiteit van ander geestelike wesens (demone, engele), maar ook weer net een Skepper/Verlosser God, naamlik JHWH (Gen 1:1).

Bybelse monoteïsme word gekenmerk deur:

1. God is een en enig (wesensaard aanvaar en nie gespesifiseer nie)
2. God is persoonlik (Gen 1:26-27; 3:8)
3. God is eties (vgl. Eks 34:6; Neh 9:17; Ps 103:8-10)
4. Hy het die mens na sy beeld geskape (Gen 1:26-27) vir die doel van ‘n vertrouensvriendskap (vgl #2); en Hy laat nie mededinging om sy eer toe nie (Hy is ‘n jaloerse God); Eks 20:2-3.

Uit die NT:

1. God manifesteer vir ewig in drieheid van persoon (sien *Vir Speciale Aandag: Die Drie-eenheid*)
2. God is volmaak en volledig geopenbaar in Jesus (Joh 1:1-14; Kol 1:15-19; Heb 1:2-3)
3. Sy ewige raadsplan met ‘n gevalle mensdom sluit in die versoeningsoffer van sy enigste Seun (Jes 53; Mark 10:45; 2 Kor 5:21; Fil 2:6-11; Hebreërs)

40:15-17

OAV	“die nasies is soos ‘n druppel aan die emmer... soos ‘n stoffie aan die weegskaal... as niks en nietigheid word hulle by Hom gereken”
NAV	“Die nasies is... soos ‘n druppel aan ‘n emmer... soos ‘n stoffie op ‘n skaal... hulle is vir Hom minder as niks”
Cum-NLV	“Al die nasies... is soos ‘n druppel in ‘n emmer... soos stof op ‘n skaal... In sy oë is hulle waardeloos”
NASB	“the nations are like a drop from a bucket... a speck of dust on the scales... all nations are as nothing before Him”

Die almag van God kom hierin tot uiting (Jer 10:10) en is dit nie die geval dat Hy vir die nasies niks omgee nie. JHWH het Jesus gestuur om Verlosser te wees vir die hele menslike geslag, alhoewel afvallige nasies oordeel moet verwag (17:13; 29:5,7).

VIR SPESIALE AANDAG: BOB SE EVANGELIESE VOORVERONDERSTELLING

Ek moet aan u, die leser, toegee dat ek op hierdie stadium sterk afwyk, want my sistematiese teologie is nie Calvinisties of Dispensasionalisties nie, maar eerder Die Groot Opdrag-evangelisasie. Ek glo God het van altyd af ‘n plan vir die verlossing van die hele mensheid (vgl. Gen 3:15; 12:3; Eks 19:5-6; Jer 31:31-34; Eseg 18; 36:22-39; Han 2:23; 3:18; 4:28; 13:29; Rom 3:9-18, 19-20, 21-31); almal wat na sy beeld en gelykenis geskape is (vgl. Gen 1:26-27). Die verbonde word in Christus verenig (vgl. Gal 3:28-29; Kol 3:11). Jesus is God se geheimenis wat bedek was, maar nou geopenbaar is (vgl. Ef 2:11-3:13)! Die NT evangelie is die sleutel tot Skrifverstaan, nie Israel nie. Hierdie vooroordeel kleur my Skrifuitleg algeheel. Ek lees alle tekste deur, en vanuit, hierdie voorveronderstelling. Dit is sekerlik ‘n afwyking (alle Skrifverklaarders het dit!), maar dit is ‘n voorveronderstelling wat uit die Bybel self gevorm is.

40:16 Hierdie vers wil slegs duidelik maak dat ‘n bosryke plek soos die Libanon, met al die wildlewe daarin, nie genoeg kan bied om as offer aan die grootheid van Israel se verbonds-God te voldoen nie. Vir ‘n soortgelyke stelling om offer in oortreffende trap te beskryf, kyk 1 Kon 8:63.

40:17

OAV, NAV	“soos niks”
Cum-NLV	“waardeloos”
NASB	“meaningless”
NKJV	“worthless”
NRSV, NJB	“emptiness”

Hierdie woord תהו ; BDB 1062, dien as beskrywing van die vormlose aarde in Gen 1:2 9 (vgl. Jes 34:11; 45:18; Jer 4:23). Dit is ook die woord wat uitdrukking gee aan die nie-bestaan van afgode (1 Sam 12:21; Jes 41:29; 44:9).

Met hierdie woord dui Jesaja in hierdie hoofstuk ook die nietigheid van regeerders in die mensdom aan (d.w.s. Egipte, Assirië, Babilonië, Persië en alle vyande van God se volk). Mense se organisasie en mag kan nie met JHWH se krag en Raadsplan vergelyk word nie.

NASB (HERSIENE) TEKS 40: 18-20

Sien vir die Afrikaans hiervan die OAV,NAV, Cum-NLV, Cum- MVB*

(*indien beskikbaar)

¹⁸To whom then will you liken God?

Or what likeness will you compare with Him?

¹⁹As for the idol, a craftsman casts it,

A goldsmith plates it with gold,

And a silversmith fashions chains of silver.

²⁰He whom is too impoverished for *such* an offering
He seeks for himself a skilful craftsman
To prepare an idol that will not totter.

40:18-20 Die dwaasheid van afgodery in hierdie verse stem ooreen met Jes 44:9-20 en 46:1-7

▣
OAV "By wie wil julle God dan vergelyk"
NAV, Cum-NLV "Met wie kan julle God dan vergelyk"
NASB "To whom then will you liken God"

Hiermee dan die uitdrukking wat die Jode gewoonlik gebruik het om die monteïsme bo alle twyfel te stel (vgl. v 25; 46:5; Eks 8:10; 15:11; 1 Sam 2:2; Mig 7:18). Sien *Vir Spesiale Aandag* by v.14.

40:19
OAV "giet"
NAV "gegiet"
Cum-NLV "gemaak"
NASB "fashions"
NKJV,NRSV,NJB "casts"
TEV "set"
REB "fits"
JPSOA "forging"

Hierdie WERKWOORD (BDB 864, KB 1057) kom twee keer voor en sinspeel op die smelt van metaal in 'n spesifieke vorm (vgl. 41:7; 46:6). Die NIDOTTE, vol. 2, bl. 1000 verkies "forging"/"smee" eerder as die algemene vertaling "giet" omrede die parallelistiese sinoniem van die Hebreeus hier (Kyk Bylae Een: Inleiding tot Hebreeuse Poësie).

40:20
OAV "'n stuk hout"
NAV, Cum-NLV "hout"
NASB "a tree"

Hierdie woord (BDB 781) is hout wat spesifiek vir afgode gebruik word (44:19; 45:20; Hos. 4:12) Dit mag 'n besonder harde houtsoort gewees het, wat nietemin met tyd sal verrot.

NASB (HERSIENE) TEKS 40:21-26

Vind hierdie gedeelte in Afrikaans van die OAV, NAV, Cum-NLV en Cum-MVB indien beskikbaar

²¹Do you not know? Have you not heard?
Has it not been declared to you from the beginning?
Have you not understood from the foundations of the earth?
²²It is He who sits above the circle of the earth,
And its inhabitants are like grasshoppers,
Who stretches out the heavens like a curtain
And spreads them out like a tent to dwell in.
²³It is He who reduces rulers to nothing,
Who makes the judges of the earth meaningless?
²⁴Scarcely they have been planted,
Scarcely have they been sown,
Scarcely has their stock taken root in the earth,
But He merely blows on them and they wither,
And the storm carries them away like stubble.

²⁵To whom then will you liken Me
That would be *his* equal? Says the Holy One.

²⁶Lift up your eyes on high
And see who has created these *stars*,
The One who leads forth their host by number,
He calls them all by name;
Because of the greatness of His might and the strength of *His* power,
Not one *of them* is missing.

40:21-26 Hierdie strofe kom teologies ooreen met 12-17. Albei stukke beskryf God as Skepper teenoor Wie alles anders as klein en onbelangrik beskou kan word. Hy, die Eniglewende, is in werklikheid die enig ware God. Afgode bestaan nie en mense het hulle bestaan aan sy wil te danke! Maar, hoe wonderlik, dit is sy wil om ons te ken en te vergewe; met ons in 'n vertrouensverhouding te tree. Hoe groot is God, wie is soos Hy!

40:21

OAV, NAV, Cum-NLV "Weet julle dan nie"
NASB "Do you not know"

Soos in vers 28 is hierdie opmerking bedoel om die Jode aan vorige openbaring te herinner.

▣

OAV "op die fundamente van die aarde gelet"
NAV "hoe die aarde ontstaan het"
Cum-NLV "die aarde gegrondves het"
NASB "from the foundations of the earth"

In dié teksverband is hierdie weer eens 'n verwysing na die skepping. Merkwaardig dat hierdie frase in die NT vyf keer voorkom as verwysing na die handeling van God reeds voor die skepping (uit Cum-NLV):

1. Mat. 25:34– die koninkryk wat my Vader reeds van voor die begin van die wêreld af vir julle gereed gemaak het;
2. Joh. 17:24– omdat U My voor die skepping van die wêreld liefgehad het;
3. Efes. 1:4– het Hy ons al voor die wêreld gemaak is, uitgekies om Syne te wees;
4. 1 Pet. 1: 19-20– God het Hom lank voor die skepping al hiervoor bestem;
5. Openb. 13:8–
 - a. hulle wie se name nie van die fondamentlegging van die wêreld af ... aangeteken is nie;
 - b. die Lam in die Boekrol van die geslagte voor die grondlegging van die wereld

God was werksaam voor, tydens, en na die fisiese skepping. In die persone van Adam, Noag, Abraham, Jakob, Israel en Christus was Hy werksaam met die oog op die redding van alle mense (Sien *Vir Spesiale Aandag* by 40:15).

40:22

OAV "Hy sit bo die kring van die aarde... dun doek... tent"
NAV "God het sy troon bokant die hemelkoepel... tentdoek... tent"
Cum-NLV "God sit op sy troon bokant die hemelkoepel... gordyn... tent"
NASB "It is He who sits above the circle of the earth... curtain... tent"

Dit is 'n algemeen Midde-Oosterse opvatting (vgl 42:5; Job 9:8; Ps 104:2; Jer 10:12; 51:15; Sag 12:1). In die Egiptiese *Boek van die Dood* word die hemelkoepel as 'n "vel" beskryf. In die *Rig Veda* word die hemel gesien as 'uitgestrek soos 'n vel.' Dit dan is 'n metaforiese spreekwyse oor die hemelkoepel (d.w.s. die atmosfeer van die planeet).

Die term "gordyn"/"curtain" (BDB 201) kom in dié betekenis net hier voor. Dit beteken "vergruis" (vgl. 40:15 se 'fyn stof'). Blykbaar kan dit dan ook beteken dat iets "dun" is (KB 229, bv. die koepel wat die aarde oordek). Gewoonlik kyk uitleggers na:

1. die konteks

2. die Semitiese woordstam
3. en verwante tale

In hierdie geval moet dit #1 wees.

40:25

OAV, NAV "die Heilige"
Cum-NLV "die Heilige Een"
NASB "the Holy One"

Sien die hele aantekening by 6:3 (Jes 1-39, Vol. 11A per internet by www.freebiblecommentary.org). Hierdie titel haak doelbewus aan by Jesaja se eerste roeping wat meld dat Israel eers sal gehoor gee wanneer vernietiging hulle getref het (Jes 6:9-11), wat deur hierdie tweede roeping gevolg word met opdrag om "vriendelik te praat" met 'n volk wat nou bereid is om te luister.

40:26

OAV "Slaan julle oë op in die hoogte en kyk"
NAV, Cum-NLV "Kyk op na die hemel"
NASB "Lift up your eyes... see"

Beide WERKWOORDE is Qal IMPERATIEWE. Let op die parallelisme in die twee reëls van vers 26a en b.

▣

OAV "Wie het hierdie dinge geskape... Hy roep hulle by die naam... daar word nie een gemis nie"
NAV "wie het die sterre geskep... Hy wat die hemelse leer laat uittrek in volle getal... sorg Hy dat geeneen ontbreek nie"
Cum-NLV "Wie het die sterre gemaak... en roep elkeen by sy naam... sorg dat nie een wegraak nie"
NASB "And see who created the *stars*... He calls them by name... not one *of them* is missing"

Dit is van groot belang om op te merk dat teenoor die Babiloniese astrale (sterre) veelgodendom JHWH hier as die alleen- Skepper in beheer van die hemelligame en die een wat hulle onderhou, voorgelou word (Gen 1:16; Ps 8:3; Jer 31:35).

Die term "geskape" in vers 26 is die Hebreeuse 'bara', wat ook in Gen. 1 vir 'skep' gebruik word. Dis 'n woord wat nooit vir iets anders gebruik word nie, maar slegs die skeppingswerk van God aan te dui. Dit kom 20 keer voor in Jes 40-66 (vgl. # 40:26,28; # 41:20; # 42:5; # 43:1,7,15; # 45:7 [twee keer], 8,12,18 [twee keer]; # 48:7; # 54:16 [twee keer]; # 57:19; # 65:17,18 [twee keer]).

▣

OAV "daar word nie een gemis nie"
NAV "geeneen van hulle ontbreek nie"
Cum-NLV "nie een wegraak of verdwaal nie"
NASB "Not one *of them* is missing"

Dit is 'n Hebreeuse spreekwyse wat beteken dat nie een nalaat om aan te meld (of aan te tree) nie. God bestuur die sterre en planete. Hulle is nie gode nie!

NASB HERSIENE TEKS 40:27-31

Vir die Afrikaans hiervan sien die OAV, NAV, Cum-NLV

²⁷Why do you say, O Jacob, and assert, O Israel,
 "My way is hidden from the LORD,
 And the justice due me escapes the notice of my God"?

²⁸Do you not know? Have you not heard?
 The everlasting God, the LORD, the Creator of the ends of the earth
 Does not become weary or tired.

His understanding is inscrutable.

²⁹He gives strength to the weary,

And to him whom who lacks might He increases power.

³⁰Though youths grow weary and tired,

And vigorous young men stumble badly,

³¹Yet those who wait for the LORD

Will gain new strength;

They will mount up *with* wings like eagles,

They will run and not get tired,

They will walk and not become weary.

40:27

OAV "My weg is vir die HERE verborge en my reg gaan by my God verby"

NAV "Die Here sien nie raak wat van my word nie, my reg gaan by my God verby"

Cum-NLV "Die HERE sien nie my moeilikheid raak nie... God weier om na my saak te luister"

NASB "My way is hidden from the LORD
And the justice due me escapes the notice of my God"

Die Jode (synde 'Jakob... Israel') was van mening dat God hulle verlaat het (Jes 49:14). JHWH het sy aangesig 'n tyd lank vir hulle verberg (vgl. Jes 1:15; 8;17; 54:8; Rom 9-11).

40:28 Let op hoe God hier genoem word:

1. Die ewige God – en let ook op Eks 15:18; Deut 32:40; Ps 90:2; Jer 10:10
2. Die HERE -- JHWH, kyk *Vir Spesiale Aandag* by 40:3
3. Die Skepper – soos benadruk in hoofstuk 40
4. Die Heilige Een – vers 25

Die God van die belofte is nou God die teenwoordige!

▣

OAV "Hy raak nie moeg of mat nie"

NAV "Hy raak nie moeg nie. Hy raak nie afgemat nie"

Cum-NLV "Hy word nie moeg of gedaan nie"

NASB "Does not become weary or tired"

Dit is 'n Hebreeuse spreekwoord wat beteken Hy "verloor nie moed nie." Daar is in verse 28-31 woordspel met die woorde *moeg* en *mat* (vgl. veral die OAV):

1. v.28 -- BDB 419, KB 421
BDB 388, KB 386
2. v.30 – BDB 419, KB 421
419, KB 386
3. v 30 – struikel, INFINITIEF en WERKWOORD IMPERFEKTUM (BDB 505, KB 502)
4. v 31 -- BDB 388, KB 386
BDB 419, KB 421

JHWH skenk sterkte en stabiliteit aan diegene wat op Hom wag en vertrou! Lewenskrag van JHWH word op sy volk oorgedra (vv. 29-31). Hulle word bekragtigt omdat Hy magtig is!

▣

OAV "geen deurgroning van sy verstand nie"

NAV "sy insig is ondeurgrondelik"

Cum-NLV "niemand kan die dieptes van sy insig meet nie"

NASB "inscrutable"

NKJV "no searching His understanding"

NRSV "unsearchable"

NJB "beyond fathoming"

Die Hebreuse woord beteken basies “om uit te soek” (BDB 350); hier egter in negatief gestel: nie/on-deurgrond, (NAV); Job 5:9; 9:10; 36:26; Ps 145:3. Paulus bring dieselfde waarheid na vore met aanhaling van Jes 40:13-14 (Rom 11:33).

God is in beheer! Sy werkwyse is volkome deurdink en onfeilbaar. By Hom is niks onverwags nie. Hy hét ons verseker lief. Hy is met ons en staan op vir ons! (vgl. Vv. 29-31).

40:29

OAV, NAV	“Hy gee die vermoeides krag”
Cum-NLV	“Hy gee krag aan dié wat moeg is”
NAB	“He gives strength to the weary”

JHWH vertroos juis hulle wat deur sy oordeel getref was (Jes 41:10; Ps 107:9; Jer 31:25). Dit kom sterk ooreen met ‘n stelling van Jesus: ‘Kom na My toe almal wat vermoeid en belas is en Ek sal julle rus gee’ (Mat 11:28-30).

40:30

OAV	“die jonges”
NAV	“jong manne”
Cum-NLV	“jong mense”
NASB	“vigorous young men”

Dit sinspeel op jong manne wat vir militêre diens ge-oogmerk word.

▣

OAV	“struikel”
NAV, Cum-NLV	“struikel en val”
NASB	“stumble badly”

Dit is ‘n Qal INFINITUS ABSOLUTUS en ‘n *Nif'al* PERFECTUM van dieselfde stamwoord (BDB 505, KB 502) wat die aksie intensifeer.

40:31

OAV	“wag”
NAV	“vertrou”
Cum-NLV	“hoop... stel op”
NASB	“wait”

Dis ‘n Hebreuse woord wat ‘n verwagting van aktiewe aard veronderstel (BDB 875, KB 1082) soos boere wat ‘n oes verwag (Jes 5:4,7); rowers wat in ‘n lokval vir hul prooi wag (Ps 56:6; 119:95); so wag die volk van God op Hom (vgl. 8:17; 25:9; 30:18; 33:2).

▣

OAV, NAV	“kry nuwe krag”
Cum-NLV	“sal hulle krag terugkry”
NASB	“Will gain new strength”

Die WERKWOORD (BDB 322, KB 321, *Hif'il* IMPERFEKTUM) beteken:

- 1 om te ruil (Lev. 27:10)
- 2 om te verander (Gen.31:7,41; 35:2)
- 3 sukses te bevorder (Jes. 40:31)

▣

OAV Cum-NLV	“soos arende”
NAV	“met arendsvlerke”
NASB	“like eagles”

Volgens die *Jewish Study Bible* (bl. 864), was daar 'n populêre geloof dat arende nuut bekragtig word wanneer hulle verveer (Ps 103:5).

JESAJA 41

PARAGRAAF INDELINGS VAN EIETYDSE VERTALINGS

NASB	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV*
<i>Israel Encouraged</i>	Israel Assured of God's Help	The Trial of the Nations	God's Assurance To Israel	Cyrus, the Instrument of Yahweh	Wie het vir Kores laat opstaan?
<i>41:1-4 (1-4)</i>	41:1(1) 41:2-4(2-4)	41:1(1) 41:2-10 (2-10)	41:1 41:2-4	41:1-7(1-7) Israel Chosen and Protected by Yahweh	41:1-4a(1-4a) 41:4b(4b)
<i>41:5-16 (5-16)</i>	41:5-7(5-7) 41:8-10(8-10) 41:11-13 (11-13)	41:5-7(5-7) 41:11-13 (11-13)	41:5-7 41:8-10 41:11-13	41:5-7 41:8-20 (8-20) 41:11-13	41:5-7 (5-7) 41:8-12 (8-12)
<i>41:17-20 (17-20)</i>	41:14-16(14-16) 41:17-20(17-20) The Futility of Idols	41:14-16 (14-16) 41:17-20 (17-20)	41:14-16 41:17-20 The Lord's Challenge to False Gods	The Fatuity of Idols	41:13-16 (13-16) 41:17-19 (17-19) 41:20(20)
<i>41:21-24 (21-24)</i>	41:21-24 (21-24)	41:21-24 (21-24)	41:21-24	41:21-29 (21-29)	Julle kan niks doen nie 41:21(21) 41:22-23 (22-23) 41:24(24) 41:25(25) 41:26(26)
<i>41:25-29 (25-29)</i>	41:25-29 (25-29)	41:25-29 (25-29)	41:25-29		41:27(27) 41:28-29 (28-29)

* Behalwe die NAV kan u ook die OAV, Cum-MVB en Die Cum-NLV met die paragraafindeling vergelyk

LEESSIKLUS DRIE (sien die Inleidende Aantekeninge bl. 17)
(ONS BEPAAL DIE BEDOELING VAN DIE SKRYWER OP PARAGRAAFVLAK)

Hierdie is 'n studieleiding kommentaar wat beteken dat u self vir die uitleg van die Bybel verantwoordelik sal wees. Elkeen van ons moet in die lig tot ons beskikking wandel. U is met die Bybel in die hand en onder leiding van die Heilige Gees dus prominent in die verstaansproses en uitleg. Moenie so 'n groot voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die hoofstuk deur in een sitting. Onderskei die onderwerpe. Vergelyk u onderwerpe met die Afrikaanse en Engelse vertalings se tema-opskrifte bo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot verstaan van die oorspronklike skrywer se bedoeling, wat immers die hart van Skrifuitleg is. Elke paragraaf handel oor een enkele saak, niks meer nie.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens

INSIG UIT DIE KONTEKS

- A. In hierdie hoofstuk betoon JHWH sy allesoorheersende mag deur die Babiloniese oorheersing van die Vrugbare Halfmaan deur Kores II (Persië, vgl. Vv. 2,25) te laat oorvat. Hierdie regeringsverandering sal aantoon dat:
 1. JHWH beplan om sy volk uit ballingskap terug te bring;
 2. dat JHWH oordeel bring oor volke wat op afgode vertrou wat nie kan sien of hoor nie.
- B. Hoofstuk 41 het 'n groot aantal opdragte wat as 'n retories-literêre opvoedingsmiddel beskou kan word:
 1. Vir die aandag van die 'eilande' (NAV); v.1
 - a. Luister na My – BDB 361, KB 357, *Hif'il IMPERATIEF*
 - b. Maak julle gereed, volke (NAV) – BDB 322, KB 321; *Hifil IMPERFETUM* gebruik as JUSSIEF
 - c. Staan nader (NAV) – BDB 620, KB 670, *Qal IMPERFEKTUM* as JUSSIEF gebruik
 - d. En stel julle saak (NAV) – BDB 180, KB 210; *Pi 'el IMPERFEKTUM* gebruik as JUSSIEF
 - e. Laat ons die saak uitmaak (NAV) -- BDB 897, KB 1132, *Qal KOHORTATIEF*
 2. Gerig aan "iemand uit die ooste" (d.w.s. Kores II); v. 2 – BDB 921, KB 1190, *Hif 'il JUSSIEF*
 3. Die eilande bemoedig mekaar, "wees sterk"(OAV v. 6); BDB 303, KB 402, *Qal IMPERATIEF*
 4. JHWH praat met sy volk
 - a. "moenie vrees nie" – BDB 431, KB 432, *Qal IMPERFEKTUM* as JUSSIEF GEBRUIK (kyk ook die aantekeninge by vv. 13,14)
 - b. "kyk nie angstig rond nie" (OAV, v 10); BDB 1034, KB 1609, *Hitpael JUSSIEF*
 5. JHWH en sy hemelse vergadering hou hofverrigtinge oor afgode (vv 21-24)
 - a. "Bring julle regsak voor" (OAV; BDB 897, KB 1132, *Pi 'el IMPERATIEF*
 - b. "Bring julle bewysgronde aan" (OAV); BDB BDB 620, KB 670, *Hif 'il IMPERATIEF*
 - c. "Laat hulle aanbring" (OAV, v 22); BDB 620, KB 670, *Hif' il IMPERFEKTUM JUSSIEF* aangewend
 - d. "en ons te kenne gee" (OAV, v.22); BDB 616, KB 665, *Hif 'il IMPERFEKTUM* in JUSSIEF aangewend
 - e. "Die vorige dinge, hoedanig hulle was (OAV, v. 22); BDB 616, KB 665, *Hifil IMPERATIEF*
 - f. "Sodat ons daarop kan ag gee" (OAV); BDB 962, KB 1321, *Qal KOHORTATIEF*
 - g. "En van die afloop daarvan kennis neem," (OAV, v 22); BDB 393, KB 390, *Qal KOHORTATIEF*
 - h. "Of laat ons die komende dinge hoor", (OAV, v 22); BDB 1033, KB 1570, *Hif'il IMPERATIEF*
 - i. "Gee te kenne dinge wat later sal kom", (OAV, v 23); BDB 616, KB 665, *Hif'il IMPERATIEF*
 - j. "Sodat ons kan weet dat julle gode is", (OAV, v. 23); *Qal KOHORTATIEF*
 - k. "Doen goed," (OAV, v.23); BDB 405, KB 408, *Hifil IMPERFEKTUM*
 - l. "Doen kwaad", BDB 949, KB 1269, *Hifil IMPERFEKTUM*, JUSSIEF gebruik
 - m. "Dat ons verbaas kan staan", (OAV, v 23), BDB 1043, K 1609, *Hitpael KOHORTATIEF*
 - n. "en dit saam kan sien", (OAV); BDB 431, KB 432, (of BDB 906, KB 1157, *Qal KOHORTATIEF*), *Qal JUSSIEF*
 6. JHWH spreek sy oordeel oor die afgode uit in verse 25-29
 - a. "wie het dit te kenne gegee", (OAV, v.26); BDB 393, KB 390, *Qal KOHORTATIEF*

- b. “dat ons kan sê: Hy het reg”, BDB 55, KB 65, *Qal* IMPERFEKTUM, maar in ‘n KOHORTATIEF wyse
 - c. “En Ek kyk rond, maar daar is niemand nie”, (OAV, v 28); BDB 906, KB 1157, *Qal* JUSSIEF
- C. Metafories gesproke word die nasies tot verantwoording geroep (vv. 1, 21) omdat hulle geen berou toon in teenwoordigheid van JHWH se almag en voorkennis nie; hulle gaan voort om afgode te skep.
- D. Let op die aantal kere wat “Ek” voorkom. JHWH verkies om op te tree. Dit stem ooreen met Eseg. 36: 27-38.
- E. Die nuwe eksodus word in ooreenstemming met Jesaja 35 in boerderyterme beskryf. Die beloftes van Deut. 27-29 kom nou in werking.
- F. Israel word in die verbondstatus herstel deur die almag en genade van JHWH.

WOORD EN FRASE STUDIE

NASB HERSIENE TEKS 41:1-4

Raadpleeg vir hierdie gedeelte die OAV, NAV, Cum-NLV en Cum-MVB (indien beskikbaar)

¹Coastlands, listen to Me in silence,
 And let the peoples gain new strength;
 Let them come forward, then let them speak;
 Let us come together for judgement.
²Who has aroused one from the east
 Whom He calls in righteousness to His feet?
 He delivers up nations before him
 And subdues kings.
 He makes them like dust with his sword,
 As wind driven chaff with his bow.
³He pursues them, passing on in safety,
 By a way he had not been traversing with his feet.
⁴Who has performed and accomplished it?
 Calling forth the generations from the beginning?
 ‘I’ the Lord, am the first, and the last. I am He.’

41:1 Vers 1 is ‘n bekende literêre werkwyse in die OT op hofprosedure gebaseer (1:18-20; 43:26; 50:8; Hos 4; Miga 6; kyk aanhangsel Een). JHWH bring die nasies en hul afgode (v.21) voor die regbank

□	
OAV, NAV	“eilande... volke”
Cum-NLV	“eilande en kusgebiede”
NASB, NKJV, NRSV	“coastlands”
TEV	“distant lands”
NJB, REB	“coasts and islands”

Die woord beteken “kusgebied” of “-streek” (BDB 15). Jesaja gebruik dikwels die term om na heidenvolke om die Mediterreense See te verwys (11:11; 24:15; 41:1,5; 42:4,10,12; 49:1; 51:5; 59:18; 60:9; 66:19).

Dit dien as parallel vir “bevolkings” (BDB 522, vgl. 49:1). Dit wil voorkom of Edom as bevolking dien as simbool vir alle afvallige volke (vgl. 34:5-17; 63:1-6; Jer 49:7-22; Klaagl. 4:21-22; Eseg 25:12-14; 35:1-15; Obadja, Mal 1:2-4). In Jesaja word dikwels Filistea en fenisie met die terme bedoel (23:2-6).

□	
OAV	“in stilte”
NAV, Cum-NLV	“Bly stil”
NASB	“in silence”

‘n Term wat met hofgebeure verband hou (vgl. Hab 2:20; Sag 2:13). In die lig van JHWH se almag en aanwesigheid is stilbly gepas.

▣	
OAV	“nuwe krag kry”
NAV	“stel julle saak”
Cum-NLV	“sterkste argumente”
NASB	“gain new strength”

Verrassend is dit dat ‘n WERKWOORD wat eens vir die volk van God gebruik was (BDB 322, KB 321; *Hifil IMPERFEKTUM*) ook op die volke, d.w.s. heidene, van toepassing gemaak word.

▣	
OAV	“laat hulle aankom”
NAV	“staan nader”
Cum-NLV	“kom stel”
NASB	“come forward”

Hierdie WERKWOORD, “naderkom”, (BDB 620, KB 670), Qal IMPERFEKTUM (hier in JUSSIEF aangewend) was gebruiklik vir die priester wat na die altaar toe beweeg en voor JHWH in aanbidding te verskyn, maar hier beteken dit om voor die regter in die proses van verdediging te verskyn (34: 1 ; 48:16).

41:2	
OAV, NAV	“hom uit die ooste”
Cum-NLV	“iemand uit die ooste”
NASB	“one from the east”

Hiermee word Kores II bedoel (Cyrus); vgl “een uit die noorde”, v.25. In Jes 44:28 word hy by die naam genoem; ook 45:1. Kores II

1. word in 558 vC. koning van Ansan
2. kry beheer oor Medië in 550 vC.
3. neem Lidia oor in 546 vC.
4. en Babilon in 539 vC.
5. vaardig ‘n dekreet uit in 538 vC. dat alle groepe, deur Assirië en Babilonië in ballingskap weggevoer, toegelaat word om huis toe te gaan; daarmee ook die Jode.

▣	
OAV	“vir wie die oorwinning tegemoet tree by elke voetstap”
NAV	“vir wie elke voetstap oorwinning bring”
Cum-NLV	“Hy behaal heel pad oorwinning”
NASB	“Whom He calls in righteousness”

Met die vertaling van reël 2 laat die JPSOA hom lei deur die gedagte van reël 1 (‘who has roused a victor from the east’).

Die *Jewish Study Bible* (864) wys daarop dat die Targoems dit in verhouding tot Abraham vertaal wat deur JHWH uit Ur van die Chaldeers geroep was. Die militêre aspek van vers 2 verwys dan na Genesis 14 toe Abraham die konings verslaan het.

▣	
OAV, NAV	“met elke voetstap”
Cum-NLV	“heelpad”
NASB	“to His feet”

Hou in gedagte dat die verbondsark as die voetbank vir JHWH se voete beskou was en dit 'n antropomorfiere frase was om Sy teenwoordigheid aan te dui.

VIR SPESIALE AANDAG: GOD MENSVORMIG BESKRYF (antropomorfismes)

I. Hierdie tipe beskrywing is algemeen in die OT:

A. Fisiek-liggaamlik

1. oë, Gen 1:4,31; Eks 33:17; Num:14:14, Deut 11:12; Sag 4:10
2. hande, Eks 15:17; Num 11:23; Deut 2:15
3. arm, Eks 6:6; 15:16; Deut 4:34; 5:5:15; 26:8
4. ore, Num 11:18; 1 Sam 8:21; 2 Kon 19:16; Ps 5:1; 10:17; 18:6
5. gesig, Eks 33:11; Num 6:25; 12:8; Deut 34:10
6. vinger, Eks 8:19; 31:18; Deut 9:10; Ps 8:3
7. stem, Gen 3:8,10; Eks 15:26; 19:19; Deut 26:17; 27:10
8. voete, Eks 24:10; Eseg 43:7
9. menslike voorkoms, Eks 24:9-11; Ps 47; Jes 6:1; Eseg 1:26
10. die Engel van die Here, Gen 16:7-13; 22:11-15; 31:11,13; 48:15,16; Eks 3:4,13-21; 14:19; Rigt 2:1; 6:22-23; 13:3-22

B. Fisieke handelinge

1. praat tydens die skeppingsgebeure, Gen 1:3,6,9,11,14,20,24,26
2. die geruis van loop in Eden, Gen 3:8; Lev 26:12; Deut 23:14
3. toemaak van Noag se ark deur, Gen 7:16
4. reuk van offerandes, Gen 8:21; Eks 29:18,25; Lev 26:31
5. afkom aarde toe, Gen 11:5; 18:21; Eks 3:8; 19:11,18,20
6. begrawe Moses, Deut 34:6

C. Menslike gevoelens ('n paar voorbeelde)

1. spyt/teleurstelling, Gen 6:6,7; Eks 32:14; Rigt 2:16; 1 Sam 15:29,35; Amos 7:3,6.
2. toorn, Eks 4:14; 15:7; Num 11:10; 12:9; 22:22; 25:3,4; 32:10,13,14; Deut 6:15; 7:4; 29:20
3. jaloersheid, Eks 20:5; 34:14; Deut 4:24; 5:9; 6:15; 32:16,21; Jos 24:19
4. misnoë/afsku, Lev 20:23; 26:30; Deut 32:19

D. Familie-terme (enkele voorbeelde)

1. Vader,
 - a. Van Israel, Eks 4:22; Deut 14:1; Jes 1:2; 63:16; 64:8
 - b. Van die koning, 2 Sam 7:11-16; Ps 7:2
 - c. Metafore van vaderlike optrede, Deut 1:31; 8:5; Ps 27:10; Spr 3:12 Jer 3:4;22; 31;20 Hos 11:1-4; Mal 3:17
2. ouer, Hos 11:1-4
3. moeder, Ps 27:10 (analogie aan moedersknie) 40:15; 66:9-13
4. jong, getroue minnaar, Hos 1-3

II Motivering vir gebruik van mensvormige taal:

- A. die enigste wyse hoe God Hom aan mense kan openbaar;
God as manlik aangedui, is ook 'n antropomorfisme, want God is Gees;
- B. Hy gebruik die mees verstaanbare aspekte van menselewe om Homself aan 'n gevalle mensdom te openbaar (vader, moeder, ouer, minnaar);
- C. ondanks hierdie spreekwyse wil Hy nie onderhewig geag word aan enige van hierdie fisiese vorme nie (vgl Eks 20 en Deut 5);
- D. die hoogste vorm van spreke in menslike gedaante is die menswording in Christus (vgl 1 Joh 1:1-3); in die boodskap van sy bestaan, word hy as die Woord van God bekend (vgl Joh 1:1-18).

▣	
OAV, NAV	“Wie”
Cum-NLV	“Die HERE”
NASB	“He”

Let op wat JHWH alles vir Kores II doen:

1. wek hom op uit die ooste
2. laat hom oorwinning behaal (Cum-NLV), elke voetstap bring oorwinning (NAV)
3. gee nasies aan hom oor (Cum-NLV)
4. onderwerp konings aan hom
 - a. maak hulle tot stof met sy swaard
 - b. kaf wat die wind weg waai.

Vers 3 beskryf die snelle verloop van sy oorwinnings. Vers 4 beskryf die werke van God wat die oorwinnings vir sy doel aangewend het; die verlossing en herstel van sy volk.

▣	
OAV	“vertrap”
NAV, Cum-NLV	“onderwerp
NASB	“subdues”
NKJV	“rule over”
NRSV, JPSOA	“tramples”
TEV	“victory”
REB	“overthrowing”

Die ongewone WERKWOORD skep ‘n probleem (BDB 921, KB 1190, *Hifil* JUSSIEF). In konteks moes die WERKWOORD Kores as subjek gehad het; vandaar die verskillende vertaalopsies hierbo.

41:3	
OAV	“ongehinderd verbytrek... die pad met sy voete nie betree nie”
NAV	“Hy... trek onghinderd voort”
Cum-NLV	“ongehinderd agtervolg Hy... ”
NASB	“traversing with his feet”
NJV	“he had not gone with his feet”
NRSV, NJB	“scarcely touching the path with his feet”
REB	“swifter than any traveler on foot”
JPSOA	“no shackle is placed on his feet”

Die Hebreeus is dubbelsinnig. Vertalings uit die outyd het dit nie verstaan nie.

1. LXX (Septuaginta), “sy voete op pad sal in vrede voortgaan”
2. Peshitta, “Hy sal daar nie te voet verbygaan nie”
3. DSS (Dooie See Rolle), “hulle onderskei nie waarheen sy voete op pad is nie”

Die meerderheid jongste Engelse vertalings beskou die uitdrukking as ‘n metafoor van spoed. Daarteenoor vertaal die JPSOA die (Hebreeuse) woord vir “pad” met “boeie” uit ‘n ou Arabiese woordstam afgelei. Volgens *NET-bible* kan die uitdrukking op (sy uitbreiding na) nuwe grondgebied dui.

41:4:	
OAV	“Hy wat die geslagte roep van die begin af”
NAV, Cum-NLV	“die verloop van dinge van die begin af bepaal”
NASB	“Calling forth the generations from the beginning”

Met hierdie idioom word JHWH se beskikking oor tyd en die loop van geskiedenis aangedui (vgl. 40:21; 41:26; 44:7; 45:21). JHWH bepaal die gang van die skeppingsgebeure en Hy roep Abraham met sy nakomelingskap vir sy doel. Die Uitkoms van voorspellende profesie is die beste getuienis dat die Bybel 'n geïnspireerde Boek is!

▣

OAV	“Ek, die HERE, die Eerste en by die laaste is Ek dieselfde”
NAV	“Dit is Ek, die Here! Ek is die eerste en wanneer die laaste dinge gebeur, sal Ek nog die Here wees”
Cum-NLV	“Dit is Ek, die HERE” die Eerste. Wanneer die laaste dinge gebeur, sal Ek, die HERE nog daar wees”
NASB	“I, the LORD, am the first and the last. I am He”

'n Reeks Hebreeuse terme en grammatikale vorme word hier gebruik om God te beskryf:

1. “Die Here” is afgelei uit die WERKWOORD “om te wees” (vgl. Eks 3:14 en sien ook *Vir Spesiale Aandag* by 40:3);
2. “die Eerste... wanneer die laaste dinge gebeur” (Cum-NLV); Jes. 44:6;
3. “sal Ek nog die Here wees” (dit wys terug op die term JHWH = ‘om te wees.’ (vgl. Jes 43: 10; 46:4; Joh 8: 57-58; 13:19. Gesamentlik dien hierdie terme om te beskryf dat God die ewig-lewende en enig-ware God is (sien *Vir Spesiale Aandag* “monoteïsme” by 40:14). Die terme word ook in verband met Jesus in Openbaring 1:8, 17 en 22:13 gebruik.

NASB HERSIENE TEKS 41:5-16

Vir 'n Afrikaanse weergawe hiervan kan die OAV, NAV of Cum-NLV geraadpleeg word

⁵The coastlands have seen and are afraid;
The ends of the earth tremble;
They have drawn near and come.
⁶Each help his neighbour
And say to his brother, “Be strong!”
⁷So the craftsman encourages the smelter,
And he who smooths *metal* with the hammer *encourages* him, who beats the anvil,
Saying of the soldering, “It is good”;
And he fastens it with nails,
So *that* it will not totter.
⁸But you, Israel, My servant
Jacob whom I have chosen,
Descendant of Abraham My friend,
⁹You whom I have taken from the ends of the earth,
And called from its remotest parts
And said to you, “you are My servant,
I have chosen you and not rejected you.
¹⁰Do not fear I am with you.
Do not anxiously look about you, for I am your God.
I will strengthen you, surely I will help you,
Surely I will uphold you with My righteous right hand.’
¹¹Behold, all those who are angered at you will be shamed and dishonored.
Those who contend with you will be as nothing and will perish.
¹²You will seek those who quarrel, but will not find them,
Those who war with you will be as nothing and non-existent.
¹³For I am the LORD your God, who upholds your right hand,
Who says to you ‘Do not fear, I will help you.’

¹⁴Do not fear, you worm Jacob, you men of Israel;
I will help you," declares the LORD "and your redeemer is the Holy One of Israel.
¹⁵Behold, I have made you a new, sharp threshing sledge with double edges;
You will thresh mountains and pulverize *them*,
And you will make the hills like chaff.
¹⁶You will winnow them, and the wind will carry them away,
And the storm will scatter them;
But you will rejoice in the LORD,
You will glory in the Holy One of Israel.

41:5
OAV "die eindes van die aarde"
NAV "die hele aarde"
Cum-NLV "die aarde se eindes"
NASB "the ends of the earth"

Hierdie tweede reël dien as parallel van "eilande" (NAV). Kyk die aantekening by vers 1. Albei verwysings impliseer die hele "bekende" Mediterreense wêreld en die Nabye Ooste.

41:6-7 Die Hebreeue WERKWOORD, wat beteken "om sterk te maak" (BDB 304, KB 302) word in hierdie verse 3 keer gebruik)

1. *Qal* IMPERATIEF – wees sterk; v.6 (OAV)
2. *Pi'el* IMPERfektum -- jaag... aan, v.7, (Cum-NLV)
3. *Pi'el* IMPERFEKTUM – praat moed in, v.7 (NAV); vas slaan, (OAV)

Tevergeefs het die nasies op mekaar se gode gehoop, wat nie kon help nie omdat hulle nie kon sien of hoor en handel nie.

41:8
OAV "Maar jy Israel, my kneg"
NAV "Maar jy, My dienaar, Israel"
Cum-NLV "Maar jy, Israel, my dienaar"
NASB "But you Israel, My servant"

Heelwat diskussie oor "dienaar/kneg" in die OT het plaasgevind wat daartoe lei dat daar op 3 maniere daarvoor gedink word:

1. titel vir individue soos 'n koning of profeet (Num 12:7)
2. of Israel as volk (Jes 42:19; 44:21)
3. of 'n geïdealiseerde Israeliet soos die Messias (Jes 52:13-53:12)

In die boek Jesaja word # 2 en # 3 dikwels vereenselwig.

▣
OAV, NAV "Jakob vir wie Ek uitverkies het"
Cum-NLV "Jy is Jakob, wat Ek gekies het"
NASB "I have chosen"

Met die WERKWOORD (BB 103, KB 119; Qal PERFKTUM) word God se uitverkiesing beklemtoon (vgl. v 9; 43:10; 44:1,2; 49:7; Deut. 7:6; 14:2). Dit was in die OT 'n verkiesing tot diens en in die NT vir verlossing wat tot diens moet lei.

▣
OAV, Cum-NLV "nageslag/afstammeling van Abraham, my vriend"
NAV "afstammeling van Abraham vir wie Ek lief het"
NASB "Descendant of Abraham, My friend"

Kyk in Gen 12, 15 en 22 vir die roeping van en beloftes aan Abraham. Die Patriargale grondslag van die verbond word deur Paulus in Romeine 4 en Galasiërs 3 sterk beklemtoon. In 2 Kor 20:7 en Jakobus 2:23 word Abraham ook 'n "vriend" van God genoem. Volgens Gen 18 het hulle van aangesig tot aangesig gesprek gevoer.

41:9

OAV, NAV "Jy, vir wie Ek... gegryp het... geroep het"
Cum-NLV "Jou het Ek teruggeroep"
NASB "You whom I have taken... called"

Albei WERKWOORDE is in die PERFECTUM (d.w.s. afgehandelde aksie)

1. gegryp – BDB 304, KB 302 ; *Hifil* PERFECTUM
2. geroep – BDB 894, KB 1128; *Qal* PERFECTUM

Let ook op die gebruik van sinonieme in 'n parallelle konstruksie

1. die eindes van die aarde (OAV)
2. sy uithoeke (OAV)

In konteks dui dit op die plekke waarheen die Assiriërs die banneling- Israeliete weggevoer het (722 v.C.) en waar die Babiloniërs die Judeërs in die jare 605, 597, 586 en 582 v.C. hervestig het.

▣

OAV "Jou het ek uitverkies en nie verwerp nie"
NAV "Ek het jou uitverkies. Ek het jou nie verwerp nie"
Cum-NLV "Ek het jou gekies. Ek het jou nooit verwerp nie"
NASB "I have chosen you and not rejected you"

Die mense van Juda het gevoel dat God hulle verwerp het; hulle het die ballingskap, die verwoesting van Jerusalem en die tempel in daardie lig gesien... Die WERKWOORD "verwerp" (BDB 549, KB 540, *Qal* PERFECTUM in die NEGATIEF gestel), kom ook in Lev 26:44 voor waar JHWH belooft om sy volk nie algeheel omrede hulle sonde en verbondsontrou te verwerp nie.

Dit is dan 'n vraag hoe so 'n belofte in die NT verwoord word:

1. Volgens Rom 9-11 het Israel steeds 'n betekenisvolle plek in gebeure van die eindtyd
2. In ag genome dat diegene wat as "volk van God" gereken word, hulle is wat op Hom vertrou en hulle lewens aan Hom wy. In die OT verwys dit na die nakomelingskap van Abraham sowel as Melgisedek (Gen 14); Job (Job 1); Jetro (Eksodus); Kaleb (Josua); Uria (2 Sam 11); en ander wat nie Israeliete was nie. Hierdie fokus verbreed in die NT om alle gelowiges uit die heidendom in te sluit (Rom 2:28-29 en Gal 3).

41:10

OAV "Wees nie bevrees nie"
NAV, Cum-NLV "Moenie bang wees nie"
NASB "Do not fear"

'n Woord wat JHWH dikwels teenoor sy volk besig (vgl. vv. 13,14,43:1,5; 44:2,8; 51:7,12; 54:4,14).

Let op die redes hoekom hulle nie hoef te vrees nie:

1. JHWH is persoonlik by hulle teenwoordig
2. JHWH is met hulle in verbond
3. Hy sal hulle versterk (OAV)
4. Hy sal hulle te hulp kom (vv. 10, 14)
5. Hy hou hulle vas (vv. 10,13)
6. Al hulle teenstanders sal (vv.11-12):
 - a. beskaamd staan (OAV)

- b. in skande kom (Cum-NLV)
- c. sal soos niks word (NAV)
- d. hulle sal omkom (NAV)

▣

OAV, NAV, Cum-NLV “want Ek is by jou”
NASB “for I am with you”

Daar is nie in hierdie frase ‘n definitiewe WERKWOORD nie (sien die NKJV). Die doel hiervan is woordspeling (vgl. v. 13): Die “Ek is wat Ek is,” uitgedruk in die naam JHWH (Eks. 3:14) word ingebring in die plek van die ontbrekende WERKWOORD. Sien *Vir Spesiale Aandag: Name vir die Godheid by 40:3*. Geen groter belofte word in heel die Bybel gegee nie as hier waar JHWH die plek neem van die ontbrekende WERKWOORD (vgl. Mat.28:20; Han. 18:10).

▣

OAV “kyk nie angstig rond nie”
NAV “moenie bekommerd wees nie”
Cum-NLV “moenie ontsteld word nie”
NASB “Do not anxiously look about you”
NKJV, Peshitta “be not discouraged”
NRSV, REB “do not be afraid”
TEV “let nothing terrify you”
NJB “do not be alarmed”
LXX (Grieks) “wander not”/(vlug nie?)”

Die Hebreeuse WERKWOORD (BDB 1043, KB 1609) in *Hitpael* beteken “kyk nie verskrik rond nie”, hoewel dit moontlik is dat ‘n ander woordstam in Ugarities (אָטַש), ‘*ātas*, “vrees” kan beteken (NET Bible, bl. 1250, # 21).

41:11

OAV “die manne wat... oorlog voer”
NAV “Jou teëparty...”
Cum-NLV “Almal wat jou weerstaan”
NASB “All those... who contend”

Let daarop hoe die terugkerende Israëliete se teenstanders beskryf word (uit Cum-NLV):

1. Almal wat vir jou kwaad is; v.11
2. Almal wat jou weerstaan; v.11
3. Jy sal jou vyande soek; v.12
4. Almal wat teen jou oorlog maak; v.12

Maar let ook op hulle lot! (Met uitsondering geneem uit NAV):

1. sal teleurgesteld staan; v.11
2. sal die aftog blaas; v.11/ NASB “dishonored”
3. sal soos niks word; v.11
4. sal omkom; v.11 / sal vergaan (Cum-NLV)
5. sal nêrens te vinde wees nie; v.12
6. sal word soos niks; v.12 (OAV)
7. ‘n nietige ding; v.12 (OAV)

41:14

OAV “wurmpie, Jakob, volkie Israel”
NAV “al is jy niks meer as ‘n wurm nie, Jakob, al is jy klein, Israel”
Cum-NLV “nietige wurmpie, Jakob! Al is jy min, Israel...”
NASB “you worm, Jacob, you men of Israel”

Die term “wurm” is nie bedoel om afbrekend na Jakob te verwys nie, maar is bloot ‘n metafoor om hulpeloosheid te beskryf (vgl. Job 25:6; Ps 22:6) en afhanklikheid van God se hulp te beklemtoon. Dieselfde soort beeldspraak kom voor in Eseg 16:6.

□	
OAV	“Ek help jou... jou Losser is”
NAV	“Ek help jou... jou Verlosser”
Cum-NLV	“Ek is die Een wat jou red”
NASB	“your Redeemer”

Hierdie titel in DEELWOORDVORM (vgl 43: 14) is sinoniem met *Go’el* (BDB 145, KB 169), is ‘n verwysing na ‘n familielid wat as “Losser” optree of wraak uitoefen. ‘n Familielid koop ‘n naasbestaande terug uit slawerny of gevangeming weens oorlog (vgl. Boas in Rut 4:1 vv.).

VIR SPESIALE AANDAG: LOSPRYS/VERLOS

I OU TESTAMENT

A. Daar is in die eerste plek twee Hebreuse wetsterme wat hierdie gedagte oordra:

1. *Gaal* (BDB 145,l), wat basies beteken om “vry te stel” deur ‘n prys te betaal. *Go’el* is ‘n vorm van hierdie term wat “tussenganger” beteken, gewoonlik ‘n familielid (losser). Hierdie reg, binne kultuurverband, om dinge terug te koop – diere, grond (vgl. Lev 25,27) of verwante persone (vgl. Rut 4:14-15; Jes 29:22) – is teologies oorgedra op JHWH se redding van Israel uit Egipte (Eks 6:6; 15:13; Ps 74:2; 77:15; Jer 31:11). Hy word die “verlosser” (vgl. Job 19:25; Ps 19:14; 78:35; Spr 23:11; Jes 41:14; 43:14; 44:6, 24; 47:4; 48:17; 49:7, 26; 54:5,8; 59:20; 60:16; 63:16; Jer 50:34).

2. *Padah* (BDB 804), wat basies “om te lewer” of “om te red” beteken.

- die loskoop van die eersgeborene (vgl. Eks. 13:13, 14; Num. 18:15-17);
- fisiese loskoop word gekontrasteer met geestelike redding (vgl. Ps. 49:7, 8, 15);
- JHWH sal Israel verlos van hulle sonde en rebellie (Ps. 130:7-8)

B. Die teologiese konsep sluit verskeie sake in wat verband hou met mekaar:

1. Daar is ‘n behoefte, ‘n slawerny, boetedoening, ‘n gevangenskap:

- fisies;
- sosiaal; en
- geestelik (vgl. Ps. 130:8).

2. ‘n Prys is te betaal vir vryheid, loskom en herstel:

- van die volk Israel (vgl. Deut. 7:8);
- en ook van die individu (Job 19:25-27; 33:28).

3. Iemand moet as tussenganger en weldoener optree. In *gaal* is dit gewoonlik ‘n familielid of naasbestaande (d.w.s. ‘n *go’el*).

4. JHWH beskryf Homself dikwels in familie-terme:

- Vader
- Man
- Naasbestaande/wreker

Redding het gekom deur middel van JHWH se eie betrokkenheid; ‘n prys is betaal en verlossing is verkry!

II NUWE TESTAMENT

A. Verskeie terme word gebruik om die teologiese konsep oor te dra:

1. *Agorazō* (vgl. 1 Kor 6:20; 7:23; 2 Pet 2:1; Openb 5:9; 14:34). Dit is ‘n kommersiële term wat aandui dat ‘n prys vir iets betaal is. Ons is bloed-gekoopte mense wat nie ons eie lewens beheer nie. Ons behoort aan Christus.

2. *Exagorazō* (vgl. Gal 3:13; 4:5; Ef 5:16; Kol 4:5). Dit is ook ‘n kommersiële term. Dit weerspieël Jesus se plaasvervangende dood om ons onthalwe. Jesus het die las van ‘n werkheiligheidswet (bv. die Mosaïese wet) wat

gevalle mense nie kon nakom nie, op Hom geneem en daardeur die “vloek” namens ons almal gedra (vgl. Deut 21:23). In Jesus vermeng God se geregtigheid en liefde tot volle vergifnis – tot aanneming en aanvaarding!

3 *Luō*, “om los te maak”

a. *Lutron*, ‘n betaalde prys (vgl. Mat 20:28; Mark 10:45). Hierdie is kragtige woorde uit die mond van Jesus self oor die doel van sy koms; om die Verlosser van die wêreld te wees deur skuld te betaal wat nie syne is nie (Joh 1:29)

b. *Lutroō*, “om los te laat”

(1) om Israel te verlos (Luk 24:21)

(2) om Homself oor te gee ten einde ‘n volk te verlos en te reinig (Tit 2:14)

(3) om ‘n sondelose plaasvervanger te wees (1 Pet 1:18-19)

c. *Lutrōsis*, “vrygekoop, verlossing of vrymaking”

(1) Sagaria se profesie omtrent Jesus (Luk 1:68)

(2) Anna se lof aan God oor Jesus (Luk 2:38)

(3) Jesus se beter, eenmalige offer vir sonde (Heb 9:12)

4. *Apolytrōsis* (vgl. 21:28; Rom 3:24; 8:23; 1 Kor 1:30; Ef 1:7,14,4:3; Kol 1:14; Heb 9:15)

a. verlossing by die wederkoms (vgl. Han 3:19-21)

(1) Luk 21:28

(2) Rom 8:23

(3) Efes 1:14; 4:30

(4) Heb 9:15

b. verlossing deur Christus se sterwe

(1) Rom 3:25

(2) 1 Kor 1:30

(3) Efes 1:17

(4) Kol 1:14

5. *Antilytron* (vgl. 1 Tim 2:6). Dit is, soos Titus 2:14, ‘n allerbelangrike teks wat bevryding verbind met Jesus se dood aan die kruis. Hy is die een en enigste aanvaarbare offerande; die een wat sterwe vir “almal” (vgl. Joh 1:29; 3:16-17; 4:42; 1 Tim 2:4; 4:10; Tit 2:11; 2 Pet 3:9; 1 Joh 2:2; 4:14).

B. Die teologiese konsep in die NT is as volg:

1. Die mensdom is verslaaf aan sonde (Joh 8:34; Rom 3:10-18; 6:23)

2. Die mensdom se verslawing aan sonde is bekendgemaak deur die wet van Moses (Gal 3) en Jesus se Bergrede (vgl. Mat 5-7). Menslike verdienste het ‘n doods vonnis geword (Kol 2:14).

3. Jesus, die sondelose Lam van God, het in ons plek kom sterwe (Joh 1:29; 2 Kor 5:21). Ons is losgekoopt van sonde sodat ons God kan dien (Rom 6).

4. Dit impliseer dat Jesus en JHWH naasbestaandes is wat in ons belang optree. Dit leef voort in die familie-metafore (bv. vader, man, seun, broer, naasbestaande).

5. Vrykoping was nie ‘n prys betaal aan Satan nie (vgl. Middeleeuse teologie), maar die versoening van God se woord en God se geregtigheid met God se liefde en volkome voorsiening in Christus. By die kruis is vrede herstel en menslike rebellie is vergewe. Die beeld van God in die mensdom is nou ten volle funksioneel in intieme vriendskapsvertroulikheid.

6. Dan het verlossing ook ‘n toekomsaspek (vgl. Rom 8:23; Ef 1:14; 4:30) waarby ons opgestane liggame inbegrepe is en die fisiese samesyn met die Drie-enige God. Ons opgestane liggame sal soos syne wees (vgl. 1 Joh 3:2). Hy het ‘n fisiese liggaam, maar met buitengewone dimensionele aspekte. Om die paradoks van 1 Kor 15: 12-19 met 1 Kor 15:35-58 te rym, is moeilik. Dat daar ‘n fisiek-aardse liggaam met ‘n hemelse, geestelike liggaamlikheid sal saambestaan, is duidelik. Immers, Jesus het beide gehad.

’n Voorkeur titel in Jesaja om die Godheid aan te dui (vgl. 1:4; 5:19; 10:17,20; 12:6; 17:7; 29:19,23; 30:11,12,15; 31:1; 37:23; en ook in die tweede deel van Jesaja – 40:25; 41:14,16,20; 41:3,14,15; 45:11; 47:4; 48:17; 49:7; 54:5; 55:5; 60:9,14). Omdat Hy heilig is, moet sy volk ook heilig wees (Lev 19:2; Mat 5:48; 1 Pet 1:16).

In hierdie titel kom ’n onmoontlike spanning na vore; ’n sondegevalle volk kan aan so ’n standaard nie voldoen nie. Om die Mosaïese Verbond te onderhou was onmoontlik (Han 15, Gal 3, Hebreërs). Die ou verbond was ’n manier om vir die mens die onmoontlikheid van voldoening aan God se standaard te beklemtoon; hoewel Hy met hulle oppad was ter voorbereiding van sy redding uit so ’n gevalle staat. Hy verlaag nie sy standaard nie, maar maak daarvoor voorsiening deur sy Messias. Sy nuwe verbond soos vervat in Jer.31:31-34 en Eseg. 36:22-38 is ’n verbond wat op geloof en berou berus met ’n lewe wat toeneem in Christus-gelykvormingheid (vgl. Jak 2:14-26). God verlang dat sy volk sy karakter teenoor die nasies sal weerspieël (vgl. Mat 5:48).

VIR SPESIALE AANDAG: HEILIGMAKING

Die NT verklaar dat wanneer sondaars hulle met berou tot Jesus wend hulle onmiddellik geregverdig en geheilig word. Hulle ontvang ’n nuwe posisie in Christus. Sy geregtigheid word hulle toegereken (Rom 4). God verklaar hulle reg en heilig (’n forensiese handeling van God).

Maar die NT dring ook daarop aan dat gelowiges na heiligheid en heiligmaking moet strew. Dit is naas ’n teologiese posisie, danksy die voltooide werk van Christus, ook ’n roeping om in die daaglikse lewe ’n Christelike gesindheid en handelswyse te openbaar. Verlossing is ’n vrye gawe wat ’n lewe van volle oorgawe vra. Dieselfde geld van heiligmaking.

Aanvanklike geloof

Han 20:23; 26:18
Romeine 15:16
1 Korintiërs 1:2-3; 6:11
2 Tessalonisense 2:13
Hebreërs 2:11; 10:10,14; 13:12
1 Petrus 1:12

Strewe na die beeld van Christus

Romeine 6:19
2 Korintiërs 7:1
Tessalonisense 3:13; 4:3-4,7; 5:23
1 Timoteus 2:15
2 Timoteus 2:21
Hebreërs 12:14
1 Petrus 1:15-16

41:15-16 Israel se vyande word hiermee as “berge” (BDB 249) en “heuvels” (BDB 148) beskryf, wat gedors sal word, ’n oesmetafoor uit landbou agtergrond (vgl. Miga 4:13; Hab 3:12). Moenie hierdie Hebreuse poësie letterlik opneem nie!

NASB HERSIENE TEKS 41:17-20

Vir ’n Afrikaanse weergawe hiervan kan die OAV, NAV en Cum-NLV geraadpleeg word

¹⁷**The afflicted and needy are seeking water, but there is none**

And their tongue is parched with thirst;

I the LORD will answer them Myself,

As the God of Israel will not forsake them

¹⁸**I will open rivers on the bare heights**

And springs in the midst of the valleys;

I will make the wilderness a pool of water

And the dry land fountains of water.

¹⁹**I will put the cedar in the wilderness’**

The acacia and the myrtle and the olive tree

I will place the juniper in the desert

Together with the box tree and the cypress,

²⁰**That they may see and recognize,**

**And consider and gain insight as well.
That the hand of the LORD has done this,
And the Holy One of Israel has created it.**

41:17-20 Hierdie verse weerspieël die seën en oorvloed in die natuur wat deur die teenwoordigheid van God bewerkstellig word (Deut 27).

41:19 ‘n Nuttige bron om plante en diere van die Bybel uit te ken, kyk UBS *Fauna and Flora of the Bible*.

NASB HERSIENE TEKS 41:21-24

Vir ‘n Afrikaanse weergawe hiervan kan die OAV, NAV of Cum-NLV geraadpleeg word

²¹**Present your case, The LORD says.
Bring forward your strong *arguments*
The King of Jacob Says**
²²**Let them bring forth and declare to us what is going to take place;
As for the former *events*, declare what they *were*,
That we may consider them and know their outcome.
Or announce to us what is coming;**
²³**Declare the things that are going to come afterward,
That we may know you are gods;
Indeed, do good or evil, that we may anxiously look about us and fear together**
²⁴**Behold, you are of no account,
And your work amounts to nothing;
He who chooses you is an abomination**

41:21 Hierdie is ‘n hoftoneel (Kyk by vers 1)

▣
OAV, NAV, Cum-NLV “sê die Koning van Jakob”
NASB “The King of Jacob says”

Hierdie titel kom slegs hier voor. JHWH was die werklike Koning van die verbondsgemeenskap (vgl. 44:6; 1 Sam 8:7). In die naam “Jacob” (d.w.s. Israel) word al 13 stamme van die verbondsgemeenskap verteenwoordig (vgl. 45:4).

41:22-24 Dit verwys na nasionale gode waarop God ‘n beroep doen om toekoms-kennis te openbaar of enigiets te probeer doen, maar hulle kan natuurlik nie omdat hulle nietige nie-bestaande dinge is (vgl. vv. 24, 28-29).

41:23 In hierdie vers het die opstellers van die Masoretiese Teks ‘n veranderbare/variantlesing in die Hebreeus opgemerk en ‘n verandering voorgestel. Die MT het nog “sien” in 23c (*qere*, וְכִרְאֵהוּ, BDB 906, Qal IMPERFEKTUM, vgl. die NKJV en Leupold), maar hulle stel voor dat dit “vrees” moet wees (*ketive*), d.w.s. וְכִרְאֵהוּ BDB 431, Qal IMPERFEKTUM, kyk die NASB). Die UBS Text Project ken ‘n B-gradering toe aan “sien” wat ‘n mate van twyfel veronderstel (vgl. naas NASB ook genoemde drie Afrikaanse vertalings m.b.t. “vrees” – vert.).

41:24
OAV “‘n gruwel”
NAV “afskuwelik”
Cum-NLV “netso veragtelik”
NASB “abomination”

Sien die *Vir Speciale Aandag* wat hier volg.

VIR SPESIALE AANDAG: DIE GRUWEL

Hierdie woord "gruwel" (OAV); BDB 1072, kan na 'n verskeidenheid sake verwys.

1. Dinge wat met Egipte verband hou
 - a. hulle het saameet met Hebreërs verfoei; Gen 43:32
 - b. hulle het op die herdersgemeenskap (nomade) neergesien; Gen 46:34
 - c. hulle het die hebreëuse offergebruike geminag; Eks 8:26
2. Oor hoe JHWH gevoel het wat betref optredes van Israel
 - a. onrein voedsel; Deut 14:3-20
 - b. afgode; Deut 7:25; 27:15
 - c. geesteswêreld van die heidene; Deut 18:9,12
 - d. kinderverbranding as offers aan Molog; Lev 18:21; 20:2-5; Deut 12:31; 18; 9,12; 2 Kon. 16:3; 17:17-18; 21: 6; Jer 32:35
 - e. Kanaänitiese afgodery; Deut 13:14; 17:4; 20:17-18; 32:16; Jes 44:19; Jer 16:18; Eseg 5:11; 6:9; 11:18,21; 14:6; 16:50; 18:12
 - f. minderwaardige en geskende offerdiere; Deut 17:1 (vgl. 15: 19-23; Mal 1:12-13)
 - g. offers aan afgode; Jer 44:4-5
 - h. hertroue met 'n vrou wat jy tevore geskei het; Deut 24:2
 - i. vroue in mansklere; waarskynlik t.o.v. kanaänitiese kultus; Deut 22:5
 - j. geld verdien vanweë kultusprostutisie (Kanaänities); Deut 23:18
 - k. afgodery in Israel self; Jer 2:7
 - l. homoseksualiteit (moontlik Kanaänitiese kultus); Lev 18:22; 20:13
 - m. gebruik van valse gewigte; Deut 25:16; Spr 11:1; 20:23
 - n. verbreking van voedselwette (teen Kanaänkultus); Deut 14:3
3. Voorbeelde uit die Wysheidsliteratuur
 - a. Spreuke 3:32; 6:16-19; 11:1,20; 12:22; 15:8,9,26; 16:5; 17:15; 20:10,23; 28:9
 - b. Psalm 88:8
 - c. Job 30;10
4. In die eskatologie kom 'n frase "die afskuwelike voorwerp wat onheilig" herhaaldelik voor (Dan 9:27, 11:31; 12:11). Skynbaar word hiermee veelvuldige vervulling bedoel wat drie stadiums impliseer.
 - a. Antiochus IV Epifanus van die era tussen die OT en NT, die Makkabeëse tyd, (vgl. 1 Makk 1:54,59; 2 Makk 6:1-2)
 - b. Die Romeinse generaal, die latere keiser Titus, wat Jerusalem verwoes het en die tempel daarmee saam in 70 n.C. (Mat 24:15; Mark 13:14; Luk 21:20)
 - c. 'n Wêreldleier aan die einde van die tyd wat die man van ongeregtigheid genoem word (2 Tes 2:3-4) of ook "die Antichris" (vgl. 1 Joh 2:18; 4:3; Openb 13).

NASB HERSIENE TEKS 41:25-29

Vir die Afrikaans hiervan vgl. die OAV, NAV en Cum-NLV

²⁵I have aroused one from the north and he has come;
From the rising of the sun he will call on My name
And he will come upon rulers as *upon* mortar,
Even as the potter treads clay."

²⁶Who has declared *this* from the beginning, that we might know?
Or from former times, that we may say, "He is right!"?
Surely there was no one who declared,
Surely there was no one who proclaimed,
Surely there was no one who heard your words.

²⁷Formerly I said to Zion, 'Behold, here they are.'
And to Jerusalem, 'I will give a messenger of good news.'

²⁸But when I look, there is no one,
And there is no counselor among them
Who, if I ask can give an answer.

²⁹Behold, all of them are false;
Their works are worthless,
Their molten images are wind and emptiness.

41:25

OAV	“uit die noorde een verwek”
NAV	“iemand uit die noorde te voorskyn laat kom”
Cum-NLV	“’n leier laat opstaan wat uit die noorde kom”
NASB	“have aroused one from the north”

Dit verwys weer eens na Kores II (vgl. v.2, 44:28; 45:1). Weens die woestyn landskap aan die oostekant (d.w.s. waar die son opkom), was toegang tot Palestina slegs uit die Vrugbare Halfmaan aan die noordekant.

▣

OAV	“een wat My naam sal aanroep”
NAV	“en My naam aangeroop”
Cum-NLV	“Ek roep hom... op sy naam”
NASB	“he will call on My name”

Dit verwys moontlik na 2 Kron 36:22-23 of Esra 1:1-2.

▣

OAV	“en hy kom oor owerstes soos oor modder”
NAV	“Hy het regeerders in die modder in getrap”
Cum-NLV	“Hy trap op leiers asof hulle modder is”
NASB	“he will come upon rulers”
NKJV	“he will come against princes”
NRSV, TEV, NJB	“he shall trample on rulers”
REB	“he marches over rulers”
JPSOA	“he has trampled rulers”

Die Masoretiese Teks het die baie algemene WERKWOORD “kom” (BDB 97, KB 112, *Qal* IMPERFEKTUM), wat vertalers noop om dit met inagneming van die konteks met “trap op” weer te gee. Die *UBS Textual Project* stel verandering van woordstam voor.

1. וַיָּבֵא ; hy sal kom / hy sal loop oor
2. וַיִּבֹּט ; hy sal trap op

Die *UBS Textual Project* het #1 in die teks geplaas, maar daaraan slegs ‘n C-gradering toegeken (aansienlik twyfelagtig). Die *NET-Bible* verkies opsie # 2 (bl. 1251 # 18).

41:26 JHWH bevestig dat Hy bestaan en dat Hy almagtig is deur sy voorspelde handeling in die geskiedenis (43:9; 45:21).

41:27

OAV	“Hier, hier is dit”
NAV	“dit het gekom”
Cum-NLV	“hier kom hulp”
NASB	“here they are”

Hiermee word blykbaar die ware profete bedoel teenoor verse 28 en 29 se sinspeling op valse profete en die tragedie wat volg wanneer mense op nuttelose afgode staatmaak.

JESAJA 42

PARAGRAAF INDELING VAN EIETDSE VERTALINGS

NASB	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV*
God' Promise Concerning His Servant	The Servant of the Lord	The First Servant Song	The Lord's Servant	The First Song of the Servant	Hier is my dienaar
42:1-4(1-4) 42:5-9(5-9)	42:1-4(1-4) 42:5-9(5-9)	42:1-4(1-4) 42:5-9(5-9)	42:1-4(1-4) 42:5-7(5-7)	42:1-9(1-9)	42:1-4(1-4) 42:5-7(5-7)
	Praise the Lord	God's Glorious Victory	42:8-9(8-9) Song of Praise	Song of Victory	42:8-9(8-9) of Ek verander donker in lig
42: 10-13 (10-13)	42:10-13 (10-13)	42:10-13 (10-13)	42:10-13 (10-13)	42:10-17 (10-17)	42:10-12 (10-12)
The Blindness of the People	Promise of the Lord's Help			Israel's Blindness	42:13 (13)
42:14-17 (14-17)	42:14-17 (14-17)	42:14-17	42:14-15 (14-15) 42:16-17 (16-17)	42:18-25 (18-25)	42:14-16a (14-16a) 42:16b(16b) 42:17(17)
		Israel the Blind And Deaf Servant (42:18-43:7)	Israel's Failure to Learn		Israel is doof en blind
42:18-22 (18-22)	42:18-20 (18-20) Israel's Obstinate Disobedience	42:18-25 (18-25)	42:18-20 (18-20)		42:18-19 (18-19) 42:20(20)
	42:21-22 (21-22)		42:21-22 (21-22)		42:21(21)
42:23-25 (23-25)	42:23-25 (23-25)		42:23-25 (23-25)		42:22-24a (22-24a) 42:24b(24b)
					42:25(25)

*Benewens die NAV kan u ook vir paragraafindeling die OAV, die Cum-NLV en Cum-MVB raadpleeg

LEESSIKLUS DRIE (sien die Inleidende Aantekeninge bl. 17)

(ONS BEPAAL DIE BEDOELING VAN DIE SKRYWER OP PARAGRAAF VLAK)

Hierdie is 'n studieleiding kommentaar wat beteken dat u self vir die uitleg van die Bybel verantwoordelik sal wees. Elkeen van ons moet in die lig tot ons beskikking wandel. U is met die Bybel in die hand en onder leiding van die Heilige Gees dus prominent in die verstaansproses en uitleg. Moenie so 'n groot voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die hoofstuk deur in een sitting. Onderskei die onderwerpe. Vergelyk u onderwerpe met die Afrikaanse en Engelse vertalings se tema-opskrifte bo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot verstaan van die oorspronklike skrywer se bedoeling, wat immers die hart van Skrifuitleg is. Elke paragraaf handel oor een enkele saak, niks meer nie.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens

VERSTAAN IN DIE LIG VAN DIE KONTEKS

- A. Hier volg die besondere gedigte soos aan die Kneg van JHWH opgedra
1. 42:1-4 of 42:1-7 of 42:1-9
 2. 49:1-6 of 49:1-7 of 49:1-13
 3. 50:4-9 of 50:4-11
 4. 52:13-53:12
- Dit is onseker waar die eerste 3 eindig.
- B. Die Kneg word in beide 'n korporatiewe gestalte (Israel) of individueel geteken (die Messias). Slegs die konteks en die beskrywing van aktiwiteite kan tussen die twee onderskei. Teologies gesproke is die Messias die "ideale Israeliet" of "dié Priester" (by uitnemendheid) in 'n koninkryk van priesters (sien in die NT die Hebreërboek i.d.v.).
- C. Die Aramese vertalings en kommentare (die Targoems genoem) beklemtoon dat die Kneg die Messias is. Hy sou 'n besondere Israeliet wees wat die wil van God vir Israel en die wêreld ten uitvoer sou bring. Soos wat Kores II 'n instrument in die hand van JHWH sou wees om 'n nuwe eksodus/verlossing uit ballingskap te bewerkstellig, bring die Messias 'n geestelike omkeer en terugkeer uit die vervreemding van die sondeval tot stand (Genesis 3). Hy sal die gevalle beeld van God in die mensdom herstel en daarmee die intieme vriendskapsverhouding wat in Eden bestaan het!
- Volgens Luk. 2:32 is die Messias die lig vir die wêreld wat Israel veronderstel was om te wees (vgl. 42:6; 51:4; 60:1,3). Lig is 'n metafoor vir die verstaan van geestelike verlossing (vgl. 49:6).

NASB HERSIENE TEKS 42:1-4

Raadpleeg vir die Afrikaans hiervan die OAV, NAV Cum-MVB en Cum-NLV

¹Behold My Servant, whom I uphold;
My chosen one *in whom* My Soul delights.
I have put My Spirit upon Him;
He will bring forth justice to the nations.
²He will not cry out or raise *His voice*,
Nor make His voice heard in the street
³A bruised reed He will not break
And a dimly burning wick He will not extinguish;
He will faithfully bring forth justice.

**⁴He will not be disheartened or crushed
Until He has established justice in the earth;
And the coastlands will wait expectantly for His law."**

42:1
OAV "Daar"
NAV "Hier"
Cum-NLV "Kyk"
NASB "Behold"

Hierdie uitdrukking van twee keer "kyk" (BDB 243, vgl. 41:29; en 42:1) dien as kontrastering van JHWH se aktiwiteit teenoor die lewlose, nuttelose afgode van die nasies. Wat God bied, is beter as wat die nasies aanhang (41:29).

Soos in hoostuk 40 ontstaan die vraag tot wie rig JHWH Hom hier? Dit kan wees

1. die profeet
2. die hemelse vergadering
3. bloot 'n literêre tegniek waardeur JHWH Hom tot sy bondsvolk rig.

▣
OAV "my Kneg"
Cum-NLV "my dienaar"
NAV "die dienaar"
NASB "My Servant"

Dit was 'n titel wat spreek van agting en geroepenheid.

1. Dit word kollektief aangewend:
 - a. die aartsvaders as 'n groep; Deut 9:27
 - b. die profete; 2 Kon 9:7; 17:13; Esra 9:11; Jer 7:25; 26:5; 29:19; 35:15; 44:4
 - c. Israel; Ps 105:6; 136:22; Jes 41:8,9; 42:18-19; 44:1,2,21; 45:4; 48:20; 49:3; Jer 30:10; 46:27,28)
 - d. In die Septuaginta is daar 'n toevoeging van die volgende frase by vers 1: "Jakob is my dienskneg, Ek sal hom help; Israel is my uitverkorene" (dit gee 'n nasionale strekking aan v.1).
2. Dit was ook gebruiklik in individuele sin:
 - a. Abraham; Gen 26:24; Ps 105:6
 - b. Job; 1:8; 2:3; 42:7,8
 - c. Isak; Gen 24:12
 - d. Jakob; 1 Kron 16:13; Ps 105:6; Eseg 28:25
 - e. Moses; Eks 14:31; Num 27:7-8; Deut 34:5; Jos 1:1-2,7,13,15
 - f. Josua; Jo.24:29; Rigt 2:8
 - g. Kaleb; Num 14:24
 - h. Dawid; Eseg 37:25
 - i. Serubbabel; Hag 2:23
 - j. Salomo; 1 Kon 3:8
 - k. Jesaja; Jes 20:3; 44:26
 - l. Jesus; Mat 12:15-21

▣
OAV, NAV, Cum-NLV "wat... Ek"
NASB "whom... I"

Let op wat JHWH gedoen het vir sy kneg en nog sal doen:

1. ondersteun (v.1,Cum-NLV)

2. my guns geniet (v.1,Cum-NLV)
3. my Gees op Hom (v.1,Cum-NLV)

▣

OAV, NAV, Cum-NLV
NASB

“Hy sal”
“He will”

Let op wat die dienskneg alles sal doen:

1. my wil aan die nasies bekend maak (v.1; NAV)
2. nie roep nie (v.2; NAV)
3. nie hard skree nie (v.2; NAV)
4. nie sy stem op straat laat hoor nie (v.2; NAV)
5. ‘n geknakte riet nie afbreek nie (v.3; NAV)
6. ‘n lamppit wat dof brand nie uitdoof nie (v.3; NAV)
7. my wil bekend maak soos dit is (v.3; NAV)
8. sal nie moeg of moedeloos word nie (v.4; Cum-NLV)
9. sal self ook nie geknak word nie (v.4; NAV)
10. totdat Hy my wil op aarde gevestig het (v.4; NAV Cum-NLV)

▣

OAV
NAV
Cum-NLV
NASB

“my Uitverkorene”
“Ek het hom uitverkies”
“die een wat Ek gekies het”
“My chosen one”

Hierdie term (BDB 103, KB 119) maak melding van JHWH se uitverkiesing van mense, plekke en groeperinge om aan Hom diensbaar te wees:

1. In groepverband:
 - a. Nageslag van die Aartsvaders (Deut 4:37;10:15)
 - b. Israel (Deut 7:7; Ps 135:4; Jes 44:1; Eseg 20:5)
 - c. die volk (1 Kon 3:8)
 - d. die stam van Juda (1 Kron 28:4; Ps 78:68)
 - e. die Leviete
2. Individue:
 - a. Abraham; Neh 9:7
 - b. Jakob; Ps 135:4
 - c. Aaron; Num 16:5; 17:5; Ps 105:26
 - d. Dawid; 1 Sam 10:24
 - e. Salomo; 1 Kron 29:1
 - f. Serubbabel; Hag 2:23
3. Plekke (bv. Die tempel)

▣

OAV
NAV, Cum-NLV
NASB

“in wie my siel ‘n welbehae het”
“wat my guns geniet”
“My soul delights”

Dit stem ooreen met die titel wat die Vader ten opsigte van Jesus gebruik het (“my geliefde”; Mat 3:17; 17:5)

▣

OAV,
NAV, Cum-NLV
NASB

“Ek het my Gees op Hom gelê”
“Ek laat my Gees op hom kom”
“I have put My Spirit upon Him”

Hiermee word aangedui dat die Dienskneg op 'n besondere wyse vir sy taak toegerus was (11;2; 59:21; 61:1). Sien *Vir Spesiale Aandag "die Gees (pneuma) in die Bybel"* by 40:7

VIR SPESIALE AANDAG: DIE HEILIGE GEES AS PERSOON

In die OT was die "Gees van God" (Ruach) 'n krag ter uitvoering van JHWH se doelstellings, maar daar was geen aanduiding van persoonskap nie (vgl. monoteïsme). Die NT skryf egter 'n volledige persoonlikheid (of persoonskap) aan hom toe.

1. Daar kan teenoor Hom gelaster word (Mat 12:31; Mark 3:29)
2. Hy onderrig (Luk 12:12; Joh 14:26)
3. Hy lewer getuienis (Joh 15:26)
3. Hy veroordeel en gee leiding (Joh 16:7-15)
4. Die VOORNAAMWOORD "wie" word gebruik om Hom aan te dui (bv. Hos – Ef 1:14)
5. Hy kan bedroef word (vgl. Ef 4:30)
6. Hy kan "geblus" word (1 Tes 5:19)

Trinitariese tekste spreek van drie persone. Sien *Vir Spesiale Aandag: die Drie-eenheid* by 2:32-33.

1. Mat 28:19;
2. 2 Kor 13:14;
3. 1 Pet 1:2

Die Gees word ook geassosieer met menslike aktiwiteit

1. Han 15:28
2. Rom 8:26
3. 1 Kor 12:11
4. Ef 4:30

Heel aan die begin van Handelingte word die aktiwiteit van die Gees beklemtoon. Pinkster was nie die begin van die werk van die Gees nie, maar 'n nuwe hoofstuk. Jesus het altyd die Gees gehad. Jesus se doop was nie die begin van die Gees se werk nie, eerder 'n nuwe hoofstuk. Lukas berei die kerk voor op 'n nuwe hoofstuk van effektiewe bediening. Jesus is steeds die fokus. Die Gees is steeds die effektiewe Bewerker. Die Vader se liefde, vergifnis en herstel van alle mense om sy beeld te vertoon, is steeds die doel!

□	
OAV	"Hy sal die reg... uitbring"
NAV	"hy sal my wil... bekendmaak"
Cum-NLV	"Hy sal reg spreek"
NASB	"He will bring forth justice"

Sien *Vir Spesiale Aandag* by 40:14.

□	
OAV	"na die nasies"
NAV	"aan die nasies"
Cum-NLV	"oor die nasies"
NASB	"to the nations"

Let daarop hoe hierdie frase universele implikasies aandui; sien ook vv. 4b, 4c en 4d, asook v. 6c en d en 10-12. Van al die profete in Israel het Jesaja die duidelikste visie gehad op insluiting van die heidendom in die toekomstige Koninkryk van JHWH.

42:2	
OAV	“hy sal nie skreeu of uitroep nie”
NAV	“Hy sal nie roep nie, hy sal nie hard skree nie”
Cum-NLV	“Hy sal nie roep of hard skree nie”
NASB	“He will not cry out or raise <i>His voice</i> ”

Hierdie kan verstaan word:

1. as ‘n verwysing na Jesus se verhoor (53:7)
2. as ‘n beskrywing van Jesus se bedaarde styl van bediening
3. as ‘n verwysing na bede om hulp wat die Dienskneg nie nodig het nie (vgl. 65:14)

Die etimologie van hierdie term dui beslis op # 3.

42:3	
OAV	“‘n geknakte riet... ‘n dowwe lamppit”
NAV	“‘n geknakte riet... ‘n lamppit wat dof brand”
Cum-NLV	“‘n geknakte riet... mense wat dof brand soos ‘n lamppit”
NASB	“A bruised reed... a dimly burning wick”

Hiermee word ‘n bediening van groot deernis beskryf, van begrip en geduld teenoor verwondes en bedruktes (vgl. 57:15).

▣	
OAV	“die reg gegrond het”
NAV	“soos dit is”
Cum-NLV	“in opregtheid”
NASB, NRSV, NJB	“faithfully”
NKJV, LXX (Septuagint)	“truth”
JPSOA	“the true way”

Die Hebraëuse woordstam אמת (emet) kom net hier voor (BDB 52). Die *UBS Text Project* gradeer “getrouheid” met ‘n “A” en nie “vir nasies” nie (vgl. NEB). “Waarheid” en “getrouheid” val binne die woordstam se semantiese veld.

VIR SPESIALE AANDAG: GLO; VERTROU, GELOOF EN GETROUHEID IN DIE OU TESTAMENT (אמת)

I Ter aanvang

Dit moet gemeld word dat hierdie teologiese konsep, so van sentrale belang in die NT, nie so kernagtig in die OT geformuleer is nie. Verseker is dit dáár, maar word in sleutelparagrafe en persone se lewe geïllustreer. Die OT vleg waarhede saam

1. die individu in sy gemeenskap
2. persoonlike ontmoeting en verbondsgehoorsaamheid

Geloof is ‘n persoonlike verhouding sowel as leefstyl elke dag. Om dit in ‘n persoon te beskryf, is makliker as om dit in woordondersoek bloot te lê. So ‘n persoonlike verhoudingsaspek word die beste toegelig in:

1. Abraham en sy nageslag
2. Dawid en Israel

Hierdie manne het God ontmoet met permanente gevolg in hul lewensstyl. Hulle was geensins volmaak nie, maar het volhard in die geloof. Versoeking het hulle swakhede blootgelê, maar ook die krag wat hulle in God gevind het; die opregtheid van hulle vertrouensverhouding het voortgeduur. Hierdie verhouding is op die proef gestel en verbeter sodat hulle leefstyl gedien het as bevestiging daarvan.

II Die woordstam אָמַן (BDB 52–amen)

1. DIE WERKWOORD

- a. Qal woordstam – “om te ondersteun, om te verfris” (vgl 2 Kon 10:1,5; Ester 2:7; d.w.s. nie-teologiese gebruik)
 - b. Nifal woordstam – om seker of stewig te maak, om op te rig, om te bevestig, om getrou of betroubaar te wees
 - (1) van mense, Jes 8:2; 53:1; Jer 40:4
 - (2) van dinge, Jes 22:23
 - (3) van God, Deut 7:9, 12; Jes 49:7; Jer 42:5
 - c. Hifil woordstam – om vas te staan, om te glo, om te vertrou
 - (1) Abraham het in God geglo, Gen 15:16
 - (2) die Israeliete in Egipte het geglo, Eks 4:31; 14:31
 - (3) die Israeliete het geglo God het deur Moses gespreek, Eks 19:9; Ps 106:12,24
 - (4) Agas het nie op God vertrou nie, Jes 7:9
 - (5) wie ookal daarin glo/in Hom glo, Jes 28:16
 - (6) geloof in waarhede omtrent God, Jes 43:10-12
2. SELFSTANDIGE NAAMWOORD MANLIK – getrouheid (bv. Deut 32:20; Jes 25:1; 26:2)
3. BYWOORD – Voorwaar, waarlik, Ek stem saam, mag dit so wees (vgl Deut 27:15-26; 1 Kon 3:36; 1 Kron 16:36; Jes 65:16; Jer 11:5; 28:6)

A. אֱמֶת (BDB 54) SELFSTANDIGE NAAMWOORD VROULIK, strengheid, getrouheid, waarheid

1. van mense (Jes 10:20; 42:3; 48:1)
2. van God, Eks 34:6; Ps 117:2; Jes 38:18,19; 61:8
3. van waarheid, Deut 32:4; 1 Kon 22:16; Ps 33:4; 98:3; 100:5; 119:30; Jer 9:5; Sag 8:16

B. אֱמוּנָה (BDB 53) vasheid, stewigheid, getrouheid

1. van hande, Eks 17:12
2. van tye, Jes 33:6
3. van mense, Jer 5:3; 7:28; 9:2
4. van God, Ps 40:11; 88:12; 89:2,3,6,9; 119:138

III Paulus se gebruik van die OT begrip

- A. Paulus baseer sy nuwe begrip van JHWH en die OT op sy persoonlike ontmoeting met Jesus op die pad van Damaskus (vgl Han 9; 22; 26).
- B. Die steun vir sy nuwe verstaan in twee OT gedeeltes wat in die wortelstam אָמַן fundeer.
 1. Gen 15:6 – Abraham het ‘n persoonlike ontmoeting met God gehad (Gen 12); deur God geïnisieer en wat lei tot Abraham se lewe van geloofsgehoorsaamheid (Gen 12-22). Paulus verwys daarna in Romeine 4 en Galasiërs 3.
 2. Jes 28:16 – wie in God se raadsplan, die beproefde en gevestigde hoeksteen glo, sal nie
 - a. Rom 9:33, “tot skande gemaak” word of “teleurgesteld” staan nie.
 - b. Rom 10:11 dieselfde!
 3. Hab 2:4 – diegene wat die getroue God ken, moet ook so getrou lewe (Jer 7:28). Paulus gebruik hierdie teks in Rom 1:17 en Gal 3:11 (sien ook Heb 10:38).

IV Petrus se gebruik van hierdie OT begrip

- A. Petrus gebruik die begrip drievoudig:

1. Jes 8:14 – 1 Pet 2:8 (struikelblok)
2. Jes 28:6 – 1 Pet 2:6 (hoeksteen)
3. Ps 118: 22– (verwerpte steen)

B. Hy maak die OT se treffende taalgebruik ('n "uitverkore volk" en "koninklike priesterdom")

1. Deut 10:15; Jes 43:21
2. Jes 61:6; Deut 7:6
3. Eks 19:6; Deut 7:6

as eie geloofsgoed op die kerk van Christus van toepassing.

V. Johannes se gebruik van die begrip

A. Die NT gebruik daarvan

Die term "geglo" kom van die Griekse "*pisteuō*" wat as "glo," "geloof" of "vertroue" vertaal kan word. Byvoorbeeld, as NAAMWOORD kom die term nie in die Johannes-Ewangelie voor nie, maar die WERKWOORD tog dikwels. In Joh 2:23-25 is daar onsekerheid in verband met die skare se instemming dat Jesus van Nasaret die Messias is. Ander voorbeelde van so 'n oppervlakkige "geloof" is in Joh 8:31-59 asook in Han 8:13,18-24 te vind. Ware bybelse geloof is meer as 'n aanvanklike instemming. Uit ware geloof moet 'n proses van dissipelskap volg (vgl Mat 13:20-22,31-32).

B. Die gebruik in VOORVOEGSELS

1. *eis* beteken "in". Hierdie besondere konstruksie beklemtoon hoedat gelowiges hulle vertroue op en in Jesus plaas.

- a. In sy Naam (Joh 1:11; 2:23; 3:18; 1 Joh 5:13)
- b. in Hom (Joh 2:11; 3:15,18; 4:39; 6:40; 7:5,31,39,48; 8:30; 9:36; 10:42; 11:45,48; Mat 18:6; Han 10:43; Fil 1:29; 1 Pet 1:8)
- c. in "My" (Joh 6:35; 7:38; 11:25,26; 12:44,46; 14:1,12; 16:9; 17:20)
- d. in die Seun (Joh 3:36; 9:35; 1 Joh 5:10)
- e. in Jesus (Joh 12:11; Han 19:4; Gal 2:16)
- f. in Lig/lig (Joh 12:36 – OAV)
- g. in God (Joh 14:1)

2. *en* beteken "in" soos in Joh 3:15; Mark 1:15; Han 5:14

3. *epi* beten "in" of "op" soos in Mat 27:42; Han 9:42; 11:17; 16:31; 22:19; Rom 4:5,24; 9:33; 10:11; 1 Tim 1:16; 1 Pet 2:6

4. die DATIEF VORM met geen VOORVOEGSEL nie; sien Gal 3:6; Han 18:8; 27:25; 1 Joh 3:23; 5:10

5. *hoti* wat "glo dat" beteken dui op inhoud van wat geglo moet word, naamlik:

- a. Jesus is die Heilige van God (6:69)
- b. Jesus is die "Ek is" (Joh 8:24)
- c. jesus is in die Vader en die Vader is in Hom (Joh 10:38)
- d. Jesus is die Messias (Joh 11:27; 20:31)
- e. Jesus is die seun van God (Joh 11:27;20:31)
- f. Jesus is deur die Vader gestuur (Joh 14:10-11)
- g. Jesus is een met die Vader (Joh 14:10-11)
- h. Jesus het van die Vader af gekom (Joh 16:27,30)
- i. Jesus het Homself geïdentifiseer met die verbondsnaam van die Vader, "Ek Is" (Joh 8:24; 13:9)
- j. Ons sal met Hom leef (Rom 6:8)
- k. Jesus het gesterf en opgestaan (1 Tes 4:14)

VI. Slotsom

“Geloof,” volgens Bybel, is ‘n menslike reaksie op woord/belofte van die Godheid. God inisieër altyd/gedurig Joh 6:44,65, maar deel van hierdie Verhewe kommunikasie is die noodsaak dat mense moet reageer:

1. vertrouwe
2. verbondsgehoorsaamheid

Bybelse geloof is

1. ‘n persoonlike verhouding (aanvangsgeloof)
2. instemming op bybelse waarheid (geloof in die Godsopenbaring)
3. toepaslik, gehoorsame reaksie daarop (daaglikse geloof)

Bybelse geloof is nie ‘n toegangkaartjie vir die hemel of geestelike assuransië nie. Dit is ‘n persoonlike verhouding. Dit was die doel van die skepping vir mense wat geskape was in die beeld en gelykenis van God (Gen 1:26-27). Dit gaan oor ‘n vorm van geestelike intimiteit. God verlang die reg stel van ‘n vertrouensvriendskap, nie ‘n spesifieke teologiese standpunt nie! Maar hierdie verhouding met ‘n heilige God vereis dat die kinders van ‘n Vader die familie-eienskappe openbaar (d.w.s. heiligheid, vgl Lev 19:2; Mat 5:48; 1 Pet 1:15-16). Die sondeval (vgl Gen 3) het ons vermoë om in alle opregtheid (“appropriately”) te reageer, vermink. Daarom het God om ons onthalwe opgetree (Eseg 36:27-38) deur ‘n nuwe hart en nuwe gees in ons te skenk, wat ons in staat stel om met geloof en sondebelydenis, tot ‘n gehoorsame vertrouensvriendskap na Hom terug te keer.

Al drie hierbo genoem is nodig. Al drie moet onderhou word. Die doel is om God te ken (in beide die Hebreeuse en Griekse sin van die woord) sodat sy wesenskarakter in ons lewe sal deurskemer. Ons doel is nie die hemel eendag nie, maar Christus-gelykvormigheid elke dag!

Die mens se getrouheid is ‘n gevolg (NT), nie die basis (OT) vir die verhouding met God nie. Dit beteken menslike geloof in God se getrouheid en mense se vertrouwe in Sy betroubaarheid.

Die hart van redding in die NT is dat mense ‘n aanvang sal maak om op God se genade en en barmhartigheid te reageer, soos in Christus geopenbaar en dan daarin te volhard. Hy het uit liefde iemand gestuur. Daarmee het Hy ‘n voorsiening gemaak waarby ons met geloof en getrouheid moet inval (Ef 2:8-9 en 10)!

Die getroue God begeer ‘n getroue volk, waarin hy Homself aan ‘n ongelowige wêreld bekend kan maak, sodat mense tot ‘n persoonlike geloof in Hom sal kom.

42:4

OAV, NAV, Cum-NLV “totdat”
NASB “... until...”

Met hierdie aanduiding van ‘n bepaalde tyd, skemer wel deur dat ‘n “geknak word” (NAV) nie onbepaald sal uitbly nie.

▣

OAV, NAV “die eilande”
Cum-NLV “die kuslande en eilande”
NASB “in the earth... the coastlands”

Hierdie twee lokaliteite is parallel en dus sinonieme met die oog op die heidennasies (kyk die aantekening by 41:1,5).

NASB HERSIENE TEKS 42:5-9

Vir die Afrikaans hiervoor sien die OAV, NAV, en Cum-NLV

**⁵Thus says God the LORD,
Who created the heavens and stretched them out,
Who spread out the earth and its offspring
Who gives breath to the people on it
And spirit to those who walk in it,
⁶I am the LORD, I have called You in righteousness,**

I will also hold You by the hand and watch over You,
 And I will appoint You as a covenant to the people
 As a light to the nations,
⁷To open blind eyes,
 To bring out prisoners from the dungeon
 And those who dwell in darkness from the prison.
⁸I am the LORD, that is My name;
 I will not give My glory to another,
 Nor My praise to graven images.
⁹Behold, the former things have come to pass,
 Now I declare new things;
 Before they spring forth I proclaim *them* to you.”

42:5-9 Hierdie gedeelte kom baie ooreen met 40:12-17, waarin JHWH as die Skepper en Heerser van die fisiese skepping voorgehou word.

42:5

OAV, NAV, Cum-NLV “God, die HERE”
NASB “God the LORD”

Hier word twee name vir die Godheid gebruik (Sien *Vir Spesiale Aandag* by 40:3):

1. *El*; die algemene naam vir Godheid in die Ou Nabye Ooste (BDB 42). Hier egter word dit deur die BEPAALDE LIDWOORD voorafgegaan;
2. JHWH; die verbondsnaam van die Godheid van die WERKWOORD “om te wees” afgelei (BDB 217).

▣
OAV “geskape”
NAV “geskep”
Cum-NLV “gemaak”
NASB “created”

Hierdie WERKWOORD (BDB 135, KB 153, *Qal* AKTIEF DEELWOORD) word alleenlik gebruik om God se skeppingswerk aan te dui (vgl. Gen 1:1).

▣
OAV “die hemele”
NAV “die hemelkoepel”
Cum-NLV “die hemel”
NASB “the heavens”

Sien *Vir Spesiale Aandag* wat hier volg.

VIR SPESIALE AANDAG: HEMEL

Die term (BDB 1029), wat as “hemel,” ‘hemelruim,’ hemelkoepel, “lug” vertaal word, kan op ‘n verskeidenheid dinge sinspeel (bv. ‘n stapeling van koepels of sferes in die skepping):

1. In Gen 1:8-20 dui dit op die atmosfeer waar wolke beweeg en voëls vlieg.
2. Van hierdie koepel (vgl. Gen 1:6,20; Jes 40:22; 42:5) bokant die aarde stuur God die reën (uit die vensters van die hemel, vgl Ps 78:23-29; Mal 3:10 of die “waterkanne van die hemel”; (Job 38:37).
3. In hierdie koepel woon die sterre en beweeg die planete. Dit kan die hele kosmos met tiental miljoene sterrestelsels behels.

4. Bokant hierdie koepel is die woonplek van God (in die derde of sewende hemel). Dit is die hoogste hemel (bv. Deut 10:14; 1 Kon 8:27, 30,32; Ps 2:4; 148:4; Jes 66:1).
5. Die teologiese gesigspunt dan:
 - a. God is die skepper van alle dinge
 - b. Hy laat dinge in die skepping gebeur (bv. lig en duisternis, reën en droogte)
 - c. Hy skep en plaas die ligte van die nag (son, maan, sterre, planete, komete)
 - d. Die bestaande dinge is onderskeibaar as
 - 1) die aarde
 - 2) die bowe-aardse
 - 3) 'n onsigbare engele wêreld (Kol 1:16)
 - 4) waar God teenwoordig is en woon
 - e. Alles realiteite wat met mekaar verband hou en deur Hom bestuur word volgens sy voorneme.

□	
OAV	“aan wie daarop wandel”
NAV	“wat op die aarde beweeg”
Cum-NLV	“wat daarop beweeg”
NASB	“offspring”
NKJV, NRSV	“that which comes from it”
TEV	“all that lives there”
NJB	“what comes from it”
JPSOA	“what it brings forth”

Die term (KB 993) het tweërlei oriëntasie:

- a. Plante; Job 31:8; Jes. 34:1; 42:5
- b. Mense; 'n metafoor van afstamming; Job 5:25; 21:8; 27:14; Jes 22:24; 44:3; 48:19; 61:9; 65:23.

Let op wat volg op die “Wie” vraag (geneem uit OAV):

- a. Wie het die hemel geskape
- b. en hulle uitgesprei het
- c. die aarde uitgespan het
- d. saam met wat daaruit voortkom
- e. aan die aardbewoners die asem (*nefes*, BDB 675) gee
- f. en die gees (*ruach*, BDB 924) wie daarop wandel

As die bedoeling 'n opeenvolging van gebeure is soos Genesis 1, dan word met c en d moontlik plantelewe bedoel, maar as dit as parallelisme opgevat moet word, is die fokus op mense. Nie net materie nie, maar lewe is van JHWH. Hy is die ewig-lewende wat lewe skenk.

42:6-7 Hierdie verse laat sien wat JHWH vir sy bondsvolk doen, die mense wat Hy vir sy doel uitverkies het (Kyk *Vir Speciale Aandag* 40:15).

1. hulle geroep tot geregtigheid (BDB 894, KB 1128, *Qal* PERFECTUM)
2. hulle by die hand gevat (BDB 304, KB 302, *Hifil* JUSSIEF)
3. oor hulle gewaak (BDB 665, KB718, *Qal* IMPERFECTUM)
4. as verbondsvolk hulle aangestel om (BDB 678, KB 733, *Qal* IMPERFECTUM):
 - a. 'n lig vir die nasies te wees (kyk die aantekening by 45:22)
 - b. om blindes se oë te open
 - c. om gevangenes na vryheid te lei

Die nakomelinge van Abraham was tegelyk:

1. 'n koninklike priesterdom; en
2. 'n Priesterkoning (vgl. Ps 110 i.v.m. die Messias)

wat gekom het om die wêreld uit die duistenis en die gevangenskap van sonde te lei (Gen 3)

Daar is 'n mate van twyfel oor die Hebreeuse woordstam in #3 (gewaak); Dit kan wees

- a. "beskerm"; כִּצַּר ; NASB, NKJV, NRSV ("behoed" OAV-vert.)
- b. "formeer"; יִצַּר ; NJB, JPSOA, REB

Let ook op wat die Messias/Dienskneg tot stand sal bring:

- a. regering in geregtigheid (vgl. 9:6-7; 11:3-4)
- b. universele heerskappy (45:22; 49:6; 52:10; Miga 5:4)
- c. siende maak van blinde oë (29:18; 32:3; 35:5)
- d. vrylating van gevangenes (61:1)

42:8

OAV, NAV, Cum-NLV "Ek is die HERE, dit is my naam"
NASB "I am the LORD, that is My name"

Dit is die verbondsnaam van God. Sien Vir Spesiale Aandag by 40:3

▣

OAV, Cum-NLV "My eer"
NAV "die eer wat my toekom"
NASB "My glory"

Dit is moeilik om hierdie term te omskryf (BDB 458). In 6:3 vul dit die hele aarde. In 40 vers 5 sal dit aan die hele aarde openbaar gemaak word. In 'n sekere sin impliseer dit JHWH se teenwoordigheid in persoon. In die NT kom JHWH se heerlikheid (kdb) tot openbaring in die Messias (vgl. Joh 1:14; 11:4,40; 17:4)

VIR SPESIALE AANDAG: Die HEERLIKHEID VAN GOD (Doksa)

Die Bybelse konsep van heerlikheid is moeilik om te definieër. Gelowiges se heerlikheid bestaan daarin dat hulle die evangelie verstaan en in God roem, nie in en oor hulle self nie (vgl. 1:29-31; Jer 9:23-24).

Die mees algemene Hebreeuse woord vir "heerlikheid" ("glory") in die OT is *kdb* (kabod). Dit was oorspronklik 'n kommersiële term wat verwys na die weegskaal en het "swaar" beteken. Dit wat swaar was, is van waarde geag, of het wesentlike waarde gehad. Daarby het die konsep van glans ("brightness") uitdrukking gegee aan God se majesteit (vgl. Eks. 19:16-18; 24:17; Jes. 60:1-2). Hy alleen is waardig van agting en hoog geëerd. Hy is te glansryk vir gevalle mense om te aanskou (Eks. 33:17-23; Jes. 6:5). God kan inderwaarheid net in Christus geken word (vgl. Jer. 1:14; Mat. 17:2; Heb. 1:3; Jak. 2:1).

Die term "heerlikheid" is ietwat dubbelsinnig:

- (1) dit kan 'n sinoniem wees vir "die geregtigheid van God";
- (2) dit kan verwys na die "heiligheid" en "volmaaktheid" van God; of
- (3) dit kan dui op die beeld van God waarvolgens die mens geskape is (Gen 1:26-27; 5:1; 9:6), maar wat later geskend is deur die rebellie (vgl. Gen 3:1-22). Hierdie term is aanvanklik in die OT gebruik om YHWH se teenwoordigheid onder sy volk in die woestyn te beskryf (Eks 16:7, 10; Lev 9:23; Num 14:10).

▣

OAV, NAV "Die eer wat my toekom, gee ek aan geen ander nie"
Cum-NLV "My eer deel Ek met niemand anders nie"
NASB "I will not give My glory to another"

Sien Jes 40:18-26 waar kontrasterend gesprek word van werklike teenwoordigheid van JHWH en die nie-bestaan van afgode.

42:9-10

OAV, NAV, Cum-NLV “nuwe dinge... nuwe lied”
NASB “new things... new song”

Die begrip “nuwe” kom by herhaling in Jesaja voor (43:19; 48:6; 62:2; 65:17; 66:22), veral ook in die boek Openbaring. Sien die volledige aantekening by 62:2.

▣

OAV “voordat hulle uitspruit, laat Ek julle dit hoor”
NAV “Voor dit gebeur, laat Ek julle daarvan hoor”
Cum-NLV “Voordat dit gebeur, vertel Ek dit reeds aan julle”
NASB “Before they spring forth I proclaim *them* to you”

Dit slaan terug op 40:18-26 waar JHWH die “afgode” aanpor om vooruitbeskouinge te gee sodat hulle bestaan kan blyk; wat hulle natuurlik nie kan nie en net JHWH kan!

NASB HERSIENE TEKS 42:10-13

Vir die Afrikaans hiervan verwys die OAV, die NAV, Cum-MVB en Cum -NLV

¹⁰Sing to the LORD a new song,
Sing His praise from the end of the earth!
You who go down to the sea, and all that is in it.
You islands, and those who dwell on them.
¹¹Let the wilderness and its cities lift up *their* voices,
The settlements where Kedar inhabit
Let inhabitants of Sela sing aloud,
Let the shout for joy from the tops of the mountains.
¹²let them give glory to the LORD
And declare His praise in the coastlands,
¹³The LORD will go forth like a warrior,
He will arouse His zeal like a man of war.
He will utter a shout, yes, he will raise a war cry,
He will prevail against His enemies.

42:10-13 Hierdie verse is ‘n parallel met die kusstreke van 41:1 en dus ‘n beklemtoning van die universele aard van heidendom wat ook verlangend uitsien na die koms van die die lig (bv. 2:2-4; 40:4,5,6; 49:6).

Teenoor almal wat op soek is na lig is JHWH ‘n toevlug en bied Hy sy hulp aan (vv.6-7), maar diegene wat afgode aanhang, kry te doen met ‘n verbete krygsman (v.13)!

▣

- Heelwat opdragte kom in hierdie verse voor (soos in Cum-NLV):
1. “sing”... BDB 1010, KB 1479, *Qal* IMPERATIEF, v.10
 2. “saamsing”... BDB 669, KB 724; *Qal* IMPERFEKTUM in JUSSIEF sin gebruik, v.11
 3. “sing van vreugde”... BDB 943, KB 1247, *Qal* IMPERFEKTUM in JUSSIEF sin gebruik, v.11
 4. “hard roep”... BDB 846, KB 1011, *Qal* IMPERFEKTUM, gebruik in JUSSIEF sin, v.11
 5. “eer... bring”... BDB 962, KB 1321, *Qal* IMPERFEKTUM, in JUSSIEF aangewend, v.12
 6. “verkondig”... BDB 619, KB 665, *Hifil* IMPERFEKTUM, in JUSSIEF sin gebruik, v.12.

42:10 Die laaste twee reëls van v. 10 dui op die reedsgemelde “kusstreke” van 41:10 (vgl.42:12b):

1. julle wat op die see vaar (OAV)
2. eilande en bewoners daarvan (OAV).

42:11 “Kedar” verwys waarskynlik na Arabiese volke. Die Hebreeuse woordstam impliseer dan

1. nomadiese Arabiese stamme (BDB 871); Jes 21:16; 42:11; 60:7; Jer 2:10; 49:28; Eseg 27:21

2. voorvaders van Ismael (Gen. 25:13; 1 Kron. 1:29).

□	
OAV	“die rotsbewoners”
NAV, Cum-MVB	“Sela”
NASB	“Sela”

Dit beteken “rots” (BDB 709) en dui waarskynlik op Petra, die hoofstad van Edom (vgl. 16:1, BDB 701)

□	
OAV	“jubel... skreeu”
NAV	“jubel... juig”
Cum-NLV	“sing van vreugde... hard roep”
NASB	“sing aloud... shout for joy”

Waaroor word daar gejuig? Die heerlikheid van die HERE het na hulle toe gekom (v.12a); die lig het aangebreek vir die nasies (6d). Hierdie lig is die verbondsvolk met hulle kennis van JHWH!

42:13 Dit is militêre taatgebruik wat die Here se aanval op die afgodiese bevolkings beskryf omdat hulle sy wil teenstaan en die terugkeer van sy volk verhinder:

1. Hy sal opruk soos ‘n baie sterk man (Cum-NLV)
2. hy gaan kom soos ‘n soldaat wat woedend is (Cum-NLV)
3. hy sal ‘n oorlogskreet aanhef (Cum-NLV)
4. ja, uitskreeu (OAV)
5. hy sal triomfeer oor sy vyande (die afgodsdienaars, vgl. v.17; Cum-NLV).

Die term vir “ywer opwek” (OAV) (BDB 888) kom ook in 9:7; 26:11; 37:32 en 59:17 voor waardeur dit blyk dat JHWH se vasberade optrede die oorwinning verseker.

NASB HERSIENE TEKS 42:14-17

Vir die Afrikaans hiervan vergelyk ook die OAV,NAV,Cum-MVB en Cum-NLV

¹⁴I have kept silent for a long time,
I have kept still and restraint Myself.
Now like a woman in labor I will groan,
I will both grasp and pant.
¹⁵I will lay waste the mountains and hill
And wither all their vegetation;
I will make the rivers into coastlands
And dry up the ponds.
¹⁶I will lead the blind by a way they do not know,
In paths they do not know I will guide them.
I will make darkness into light before them
And rugged places into plains.
These are the things I will do,
And I will not leave them undone.”
¹⁷They will be turned back *and* be utterly put to shame,
Who trust in idols,
Who say to molten images,
You are our gods.”

42:14 Dit verwys moontlik na die ballingskapyd. JHWH het die ballingskap van sy volk met diepgevoelde emosie meegemaak.

1. Ek het baie lank stilgebly (Cum-NLV).
2. Ek het stilgebly en het Myself ingehou (Cum-NLV).

3. Nou skree Ek soos 'n vrou wat 'n kind in die wêreld bring (NAV):
 - a. skree; BDB 821, KB 949
 - b. hyg; BDB 983, KB 1375
 - c. snak; BDB 675, KB 730.

42:15-16 JHWH maak sy hulp bekend aan sy verbondsvolk wat uit ballingskap terugkeer.

1. v.15 is 'n metaforiese voorstelling van 'n hoofweg wat Hy gereed maak vir hulle terugkeer (sien ook v.16 d)
2. v.16a-c beskryf sy besorgdheid oor die terugkerendes
3. v.16 e-f teken sy vasberadenheid om op te tree (twee *Qal* PERFECTUMS).

42:17 Hiermee 'n voortsetting van JHWH se afwysing en veroordeling van afgodery (bv. 1:28;-31; 44:9-11; 45:16).

NASB HERSIENE TEKS 42:18-22

Vir die Afrikaans hiervan kyk in die OAV,NAV, Cum-MVB, Cum-NLV

¹⁸**Hear you deaf!**
And look you blind, that you may see.
¹⁹**Who is blind, but My servant,**
Or so deaf as My messenger whom I send?
Who is so blind as he that is at peace *with Me*,
Or so blind as the servant of the LORD?
²⁰**You have seen many things, but you do not observe *them*;**
Your ears are open, but none hears.
²¹**The LORD was pleased for His righteousness sake**
To make the law great and glorious.
²²**But this is a people plundered and despoiled;**
All of them are trapped in caves,
Or are hidden away in prisons;
They have become a prey with none to deliver them,
And a spoil, with none to say, 'Give *them* back!'

42:18-22 Hierdie gedeelte beskryf die bondsvolk. Dis skokkend dat hulle in afgodediens verval het! Hulle het meer rede gehad om geestelik staande te bly, want hulle het tot voorbeeld gehad:

1. die Aartsvaders
2. en die verbondsluitings
3. met gepaardgaande beloftes (vgl. Rom 9:4-5)

Diegene wat die lig aan die nasies moes voorhou, het in hulleself verduister geraak! Hulle het die vloek van Jes 6:9-10 oor hulle gehaal, maar volgens Jes 35:5 was daar hoop.

42: 18 Let daarop dat hier twee IMPERATIEWE (bevele) gegee word:

1. hoor – BDB 1033; KB 1570, *Qal* IMPERATIEF
2. kyk – BDB 613; KB 661, *Hifil* IMPERATIEF

▣

OAV	“Hoor, julle dowes... kyk julle blindes”
NAV	“Luister, julle dowes... kyk, julle blindes ”
Cum-NLV	“Luister julle wat doof is... kyk julle wat blind is en sien!”
NASB	“deaf... blind”

Verskeie kere kom doof en blind in die teksverband voor en is 'n verwysing na Jes. 6:9-10.

42:19 Let op die parallel tussen die titels (1), My “Kneg” [reël een] en (2) my “boodskapper” asook (3) “die dienskneg van die HERE” in die vierde lynjie van die gedig. Gee ook daarop ag dat die konsep “blind” drie keer herhaal word [BDB 734]. Die ironie kom sterk na vore as die “blinde een” beskryf word as:

OAV	“vertroude vriend”
NAV	“my boodskapper”
Cum-NLV	“uitverkore volk”
NASB	“he that is at peace with Me”
NKJV	“he who is perfect”
NRSV	“my dedicated one”
JPSOA	“the chosen one”
REB	“the one who has trust”

Die Hebreeuse woord מְשַׁלֵּם, BDB 1023 se betekenis is onseker. Daar is allerhande teorieë. Dit mag:

(1) nog ‘n parallel (sinoniem) wees by ander titels waarmee Israel benoem word (kyk bo);

(2) nog ‘n “titel” om te suggereer hoe ver Israel afgewyk het van hul roeping en wat hulle in werklikheid deur JHWH bedoel was om te wees.

42:20 Daar is ‘n opvallende parallelisme tussen die twee dele van reël 1 (wat met “sien” in verband staan) en die twee dele van reël 2 (wat met “gehoor” te doen het).

Die Masorete (MT) het, wat eersgenoemde reël betref, dit as ‘n variante lesing beskou wat as “om te sien” gelees moet word (*qere*); d.w.s. ‘n *Qal*/ INFINITIVUS ABSOLUTUS. Joodse geleerdes het egter op “julle het gesien” (vgl. Cum-NLV en OAV) besluit in navolging van die Doobie See Rolle.

42:21 Die probleem met Israel was nie die Wet van God nie, maar die volk se onvermoë om dit na te kom. Die Sondeval het alle mense beïnvloed (vgl. v.22; Eseg 36:22-38). Die gevolge het Israel ook getref. Maar ‘n nuwe verbond voorsien in Jer 31:31-34 sou die manier word om hierdie menslike onvermoë by die Wet reddend aan te spreek.

42:22

OAV	“in kerkers”
NAV	“in gate”
Cum-NLV	“in vanggate”
NASB, NJB	“in caves”
NKJV, NRSV, JPSOA,	“in holes”

Die Masorete het hier “jong manne” (BDB 104), maar die konteks vereis dat die eenderse woord met “in gate” vertaal moet word (vgl. BDB 359).

“jong manne,” בְּחֹרִים en “in gate” = בְּחֹרִים (dieselfde konsonante)

Konteks is van uiterste belang! Die gebruik van parallelisme in Hebreeuse poësie moenie misgekyk word nie.

NASB HERSIENE TEKS 42:23-25

Vir die Afrikaans hiervan gebruik die OAV,NAV, Cum-NLV of Cum-MVB

²³Who among you will give ear to this?

Who will give heed and listen hereafter?

²⁴Who gave Jacob up for spoil and Israel to plunderers?

Was it not the LORD against whom we have sinned,

And in whose ways they were not willing to walk,

And whose law they did not obey?

²⁵So He poured out on him the heat of His anger

And the fierceness of battle;

And it set him aflame all around,

Yet he did not recognize it;

And it burned him, but he paid no attention.

42:24

OAV	“wandel”
NAV, Cum-NLV	“doen”
NASB	“walk”

In die Bybel sinspeel hierdie woord daarop dat geloof met leefstyl gepaard gaan en nie net as “teologie” beskou moet word nie. Waarskynlik het dié begrip aanleiding daartoe gegee dat die vroegste Christenskap as “die Weg” bekend gestaan het (vgl Han 9:2; 19:9,23; 22:4; 24: 14,22; en Joh 14:6).

VRAE VIR BESPREKING

Hierdie is ‘n studieleiding kommentaar wat beteken dat u self vir die uitleg van die Bybel verantwoordelik sal wees. Elkeen van ons moet in die lig tot ons beskikking wandel. U is met die Bybel in die hand en onder leiding van die Heilige Gees dus prominent in die verstaansproses en uitleg. Moenie so ‘n groot voorreg aan ‘n kommentaarskrywer prysgee nie.

Hierdie besprekingsvrae is bedoel om u te help nadink oor die belangrikste sake in hierdie gedeelte van die boek. U is vry om anders te oordeel oor wat u belangrik ag vir ‘n gesprek.

1. Waarom het Israel en Juda hierdie boodskap so dringend nodig gehad?
2. Waarom word die krag van God so sterk beklemtoon?
3. Na wie verwys die titel “My Kneg” – na die Joodse volk of die Messias?
4. Waarom is die groot aantal verwysings na die insluiting van ‘heidene’ so opvallend in hierdie gedeelte?
5. Waarom het God die Joodse volk uitverkies?

JESAJA 43

PARAGRAAF INDELING VAN EIETYDSE VERTALINGS

NASB	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV*
Israel Redeemed	The Redeemer of Israel	Israel the Blind and Deaf	God's Promise to Rescue His People	God, Israel's Protector and Liberator	Jy is myne
43:1-7 (1-7)	43:1-7 (1-7)	43:1-7 (1-7)	43:1-5a (1-5a) 43:5b-7 (5b-7)	43:1-7 (1-7)	43:1-4 43:5-7
Israel is God's Witness		The Servant Israel is the Lord's Witness	Israel is the Lord's Witness	Yahweh Alone is God	43:8-9
43:8-13 (8-13)	43:8-13 (8-13)	43:8-13 (8-13)	43:8-9 (8-9) 43:10 (10) 43:11-13 (11-13)	43:8-11 (8-11)	43:10-11
Babylon to be Destroyed				Against Babylon	
				43:12b-13 (12-13b)	43:12 43:13
		The Redemption and the Restoration of Israel	Escape From Babylon	Miracles of the New Exodus	Kyk, Ek gaan iets nuuts doen
43:14-21 (14-21)	43:14-15 (14-15)	43:14-21 (14-21)	43:14-15 43(14-15)		43:14 43:15
	43:16-21 (16-21)		43:16-17 (16-17)	43:16-21 (16-21)	43:16-17
The Shortcomings of Israel	Pleading With Unfaithful Israel		43:18-21 (18-21)		43:18-21
		Israel's Sin		Israel's Ingratitude	Ek het jou nie belas met offers nie
43:22-24	43:22-24 (22-24)	43:22-24 (22-24)	43:22-25 (22-25)	43:22-28 (22-28)	43:22-24
43:25-28	43:25-28 (25-28)	43:25-28 (25-28)	43:26-28 (26-28)		43:25 43:26-28

*Benewens die NAV kan u ook die OAV, Cum-MVB en Cum-NLV vir pragraafvergeelyking gebruik

LEESSIKLUS DRIE (sien die Inleidende Aantekeninge bl. 17)

(ONS BEPAAL DIE BEDOELING VAN DIE SKRYWER OP PARAGRAAFVLAK)

Hierdie is 'n studieleiding kommentaar wat beteken dat u self vir die uitleg van die Bybel verantwoordelik sal wees. Elkeen van ons moet in die lig tot ons beskikking wandel. U is met die Bybel in die hand en onder leiding van die Heilige Gees dus prominent in die verstaansproses en uitleg. Moenie so 'n groot voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die hoofstuk deur in een sitting. Onderskei die onderwerpe. Vergelyk u onderwerpe met die Afrikaanse en Engelse vertalings se tema-opskrifte bo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot verstaan van die oorspronklike skrywer se bedoeling, wat immers die hart van Skrifuitleg is. Elke paragraaf handel oor een enkele saak, niks meer nie.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens

INSIG UIT DIE TEKSVERBAND

- A. Israel se unieke posisie as die Verbondsmense van JHWH kom duidelik na vore in verse 1-7.
 1. Hy het hulle geskape, v.1,7
 2. Hy het hulle verlos, v.1
 3. Hulle by name geroep (OAV), v.1,7
 4. Hulle beskerm, v.2
 5. As hulle Verbondsgod, v.3
 6. Hulle is kostelik/kosbaar in sy oë, v.4
 7. By Hom hooggeag, v.4
 8. Geliefd, v.4
 9. Hy is met hulle, v.5.
- B. Deur hulle wil JHWH Homself aan die nasies bekendmaak; vv. 8-10 (veral v.10c).
- C. Vers 10, reëls d-f is 'n teologiese bevestiging van JHWH se uniekheid. Kyk veral Vir Spesiale Aandag: Monoteïsme by 40:14.
- D. JHWH sal sy volk uit ballingskap terugbring (vgl. vv.5-6, 14, 16, 19-20):
 1. met behulp van Kores II
 2. uiteindelik deur die Messias.
- E. JHWH sal Israel verlos, selfs onverdiend (vv. 22-24).
- F. JHWH tree na vore as Verlosser in hierdie hoofstuk (vgl. vv. 1,3,11,14, 25-26); ooreenkomstig sy eie aard en vir die rede van sy doelstellings. Israel is 'n kosbare werktuig in die hand van God met die oog op universele verlossing.
- G. Sekere name vir God kom in hoofstuk 43 voor:
 1. "die HERE" (vv. 1,3,11,14) JHWH is die Verbondsnaam vir God (vgl. Eks 3:14). "Ek is" is van die Hebreeuse WERKWOORD "om te wees" afgelei.
 2. "God" (v.3; El in vers 13) Elohim, as MEERVOUDSVORM. Vir die Rabbyne dien JHWH as die aanduiding van 'n "genadige God." Elohim word aangewend vir JHWH se optrede met die wêreld in

‘n meer algemene verband (as Skepper en as Onderhouer). Hierdie twee name vir die Godheid is veral in die OT taamlik algemeen.

3. “Die Heilige van Israel” (vv. 3,15); die karaktersuiwerheid van God en sy transendensie kom hiermee tot uiting (vgl. die aantekening by 40:15).
4. “Redder” (vv. 3,11,12); *jaša*, ‘n woordstam waarvan Josua en Jesus ook afgelei is. Basies beteken die woord “om wyd te wees” of “ruim” (vgl. 19:20; 45:15,21; 49:26; 60:16; 63:8).
5. “Losser” (OAV)/“Verlosser” (NAV), v.14, van dieselfde wortel as Go‘el, ‘n familielid of wreker (vgl. Rut 4:4,6). God word hier as die naasbestaande beskou (vgl. 41:14; 44:6,24; 47:4; 48:17; 49:7,26; 54:5,8; 59:20; 60:1,6; 63:16). Weereens ‘n aanduiding van die verhouding wat God met ons beoog. Ander voorbeelde sou wees dat Hy vir ons soos ‘n ouer of eggenoot wil wees.
6. “Die Skepper”, v.15; JHWH die Skepper is ook die Verbondsgod van Israel. Die WERKWOORD *bara*, vgl. v.1, kom algemeen in Jes 40-66 voor.
7. “Koning” (v.15) beteken dat God die ware Koning van Israel is. Die aardse koning is in werklikheid net sy verteenwoordiger.

NASB HERSIENE TEKS 43:1-7

Vir die Afrikaans hiervan raadpleeg die OAV, NAV, Cum-MVB en die Cum-NLV

**¹But now, thus says the LORD, your Creator, O Jacob,
And He who formed you, O Israel,
“Do not fear, for I have redeemed you;
I have called you by name; you are Mine!
²When you pass through the waters, I will be with you;
And through the rivers, they will not overflow you.
When you walk through the fire, you will not be scorched,
Nor will the flame burn you.
³For I am the LORD your God,
The Holy One of Israel, your Savior;
I have given Egypt as your ransom.
Cush and Seba in your place.
⁴Since you are precious in My sight,
Since you are honoured and I love you,
I will give *other* men in your place and *other* peoples in exchange for your life
⁵Do not fear, for I am with you;
I will bring your offspring from the east,
And gather you from the west.
⁶I will say to the north, ‘Give *them* up!’
And to the south, do not hold *them* back.’
Bring My sons from afar
And My daughters from the ends of the earth,
⁷EveryOne who is called by My name,
And whom I have created for My glory,
Whom I have formed, even whom I have made.”**

43:1

OAV, Cum-NLV	“HERE”
NAV	“Here”
NASB	“LORD”

Dit is die vertaling van die JHWH – naam. In Eks 3:14 word die betekenis “Ek is” aan sy naam geheg, afgelei uit die Hebreeuse WERKWOORD “om te wees.”

▣	
OAV	“jou Skepper”
NAV, Cum-NLV	“wat jou geskep het”

NASB "your creator"

Dit is 'n *Qal* WERKWOORDDEELTJIE/PARTIKEL (BDB 135, KB 153). Dit kom algemeen in die Diensknegliedere voor. Die gedagte hier is die ontstaan van Israel as volk (Gen 12,15,22).

'n Tweede reël van hoofstuk 43 het die WERKWOORD "gevorm" (BDB 427, KB 428), *Qal* WERKWOORDDEELTJIE (vgl. v.21; 44:2,21,24). JHWH het nie alleen die fisiese werklikheid geskep nie, maar ook 'n verbondsvolk).

▣

OAV	"O Jakob"
NAV, Cum-NLV	"Jakob"
NASB	"O Jacob"

Die twee UITROEPE/VOKATIEWE dui op die verbondsvolk, die hele nakomelingskap van Abraham.

▣

OAV	"Wees nie bevrees nie"
NAV, Cum-NLV	"Moenie bang wees nie"
NASB	"Do not fear"

Hierdie is 'n opdrag, 'n bevel (BDB 431, KB 432, *Qal* IMPERFEKTUM in JUSSIEF aangewend). Dikwels spreek God sy volk op dié wyse aan. Veral na hulle ondervinding van ballingskap en die verwoesting van Jerusalem (vgl. 40:9; 41:10,13,14; 44:2; 54:4).

▣

OAV, NAV, Cum-NLV	"verlos"
NASB	"redeemed"

Sien *Vir Speciale Aandag* by 41:14.

▣

OAV, Cum-MVB	"Ek het jou by jou naam geroep"
NAV	"Ek het jou op jou naam geroep"
NASB	"I have called you by name"

Beide "verlos" (vorige aantekening!) en "geroep" is *Qal* PERFECTUMS en dit verwys na God se uitverkiesing van Israel (vgl. v.7; 45:3-4), 'n besondere roeping in en met Abraham (Gen 12;15;18;22).

▣

OAV, NAV	"Jy is myne"
Cum-NLV	"Jy behoort aan My"
NASB	"You are mine"

Kyk v.21 en Eks 19:5-6. Op 'n unieke wyse was Israel die volk van JHWH.

43:2

OAV	"die water... vuur... die vlam"
NAV	"water... vuur... die vlamme"
Cum-NLV	"diep water... vuur van verdrukking... die vlamme"
NASB	"the waters... the fire... the flame"

Wat 'n wonderlike teksvers! Dit dien as metafore vir probleemsituasies, angsgevoelens en vyandelikhede .

▣

OAV, NAV	"is Ek by jou"
----------	----------------

Cum-NLV "sal Ek by jou wees"
NASB "will be with you"

God se grootste moontlike belofte is sy persoonlike teenwoordigheid (vgl. v.5; Deut 31:6-8; Ps 23:4; Mat 28:20).

▣
OAV "die vlam sal jou nie brand nie"
NAV "die vlamme sal jou nie brand nie"
Cum-NLV "die vlamme sal jou nie verteer nie"
NASB "nor will the flame burn you"

Vir 'n voorbeeld hiervan kyk Dan 3.

43:3
OAV "Heiland"
NAV, "Redder"
NASB "Savior"

Die basiese betekenis van hierdie woordstam is "om wyd te wees" (en die name van Josua en Jesus berus op dié gedagte).

▣
OAV, NAV, Cum-NLV "losprys"
NASB "ransome"

Dit dui op die hoë prys van die verlossing ook met die gedagte aan die veldtogte van Kores II (Kyk Vir Spesiale Aandag by 41:14).

43:4 Daar is 'n opmerklige parallel tussen:
1. v.3 en v.4 waar dit gaan oor Egipte, Kus en Seba as losprys in die plek van Israel; en
2. v.4 se losprys van (a) "mense in jou plek" en (b) "in ruil vir jou lewe" (Cum-NLV).

Die *UBS Text Project* (bl. 111) verwys na 'n ander opsie, nl. Assirië... Edom, soos wat die REB suggereer (aangesien verandering van konsonante nie nodig is nie), maar kom tot die gevolgtrekking dat # 1 die mees waarskynlike is. In verse 4 en 5 toon JHWH sy groot liefde vir Israel in 'n stukkie oorlogsliteratuur en hoe Hy verseker dat Kores II se militêre veldtogte daartoe lei dat Israel na Palestina sal terugkeer.

45:5-7 Dit dui op die terugkeer uit Babilon danksy 'n dekreet van Kores II

43:7
OAV "genoem... geskape... geformeer... gemaak het"
NAV "genoem... geskep... gevorm... gemaak het"
Cum-NLV "erken... gemaak het... gevorm... gemaak het"
NASB "called... created... formed... made"

God het 'n doel gehad met Israel se bestaan (vgl. v.10; Gen 12:1-3; Eks 19:5-6). Kyk Vir Spesiale Aandag by 40:15.

NASB HERSIENE TEKS 43:8-13

Raadpleeg die OAV, NAV of die Cum-NLV vir die Afrikaans hiervan

⁸Bring out the people who are blind, even though they have eyes,
And the deaf, even though they have ears.
⁹All the nations have gathered together
So that the peoples may be assembled.

Who among them can declare this?
 And proclaim to us the former things?
¹⁰"You are My witnesses," declares the LORD,
 "And My servant whom I have chosen,
 So that you may know and believe Me
 And understand that I am He.
 Before Me there was no God formed,
 And there will be none after Me.
¹¹I, even I, am the LORD,
 And there is no savior besides Me.
¹²It is I who have declared and saved and proclaimed,
 And there was no strange *god* among you;
 So you are My witnesses," declares the LORD,
 "And I am God.
¹³Even from eternity I am He,
 And there is none who can deliver out of My hand;
 I act and who can reverse it?"

43:8

OAV, NAV

"die volk wat blind is"

Cum-NLV

"die volk... wat niks kan sien nie"

NASB

"the people who are blind"

Dit was die gevolg van hulle volgehoue ongeloof en verbondsverbreking (vgl. 6:9-10 en 42:18-22).

43:9 Daar is 'n reeks Qal IMPERFEKTUMS, gebruik as JUSSIEWE in hierdie vers (d.w.s "laat..."; kyk NRSV en OAV).

1. Laat hulle... bekend maak (BDB 678, KB 733)
2. Laat hulle getuies bring (BDB 842, KB 1003)
3. Laat hulle hoor (BDB 1033, KB 1570)
4. en (*laat hulle*) sê (BDB 55, KB 65).

Die nasies en hulle gode, aldus hoofstuk 40, weet nie toekomstige dinge nie. Slegs JHWH hou tyd en geskiedenis in sy hand. Hy wil Homself deur Israel openbaar en uiteindelik in sy besondere Dienskneg, die Messias.

43:10-13 Let op hoe daar uitdrukking gegee word aan die uniekheid, mag en ewige bestaan van JHWH:

1. Hy wil dat mense wat na sy beeld geskape is:
 - a. sal weet (BDB 393, KB 390, Qal IMPERFEKTUM)
 - b. glo (BDB 52, KB 63, Hifil IMPERFEKTUM)
 - c. verstaan (BDB 106, KB 122, Qal IMPERFEKTUM).
2. Hy is die enigste God:
 - a. Ek, ja, Ek is... vv. 10,11,12,13
 - b. Voor My was daar geen God nie... v.10
 - c. na My sal daar geen God wees nie... v.10
 - d. buiten My... niemand wat jou kan red nie;... v.11.
3. Sy handelinge (almal in Hifil PERFECTUMS; sien OAV):
 - a. Ek het verkondig (BDB 616, KB 665)
 - b. Ek het gered (BDB 446, KB 448)
 - c. Ek het dit laat hoor (BDB 1033, KB 1570).
4. Hy is van ewigheid af; v.13a.
5. Almag van God; v.13b,c.

43:10

OAV, NAV, Cum-NLV

"Julle is my getuies"

NASB

"You are My witnesses"

Die gebruikte metafoor is ‘n hoftoneel (vgl. v.12; 1:18; 41:21; 44:8; Rom 8:31-39). Al die nasies is daarheen opgeroep (vgl. v.9).

□	
OAV	“voor My is geen God geformeer nie”
NAV	“voor My was daar geen god nie”
Cum-NLV	“voor My was daar geen God nie”
NASB	“Before Me there was no God”

Hiermee word monoteïsme aangedui (vgl. vv.1-13). Sien die *Vir Speciale Aandag* by 40:10. Dit is wat Eks 20:5 ook wil sê.

43:13	
OAV	“van vandag af”
NAV	“hierna”
Cum-NLV	“van altyd af”
NASB	“eternity”

Hierdie NASB volg die Septuaginta (LXX) se “ewigheid.” Die Masorete Teks het “van vandag af.”

NASB HERSIENE TEKS 43:14-21

Vir die Afrikaans hiervan gebruik die OAV, NAV, Cum-MVB of Cum-NLV

¹⁴Thus says the LORD your Redeemer, The Holy One of Israel,
For your sake I have sent to Babylon,
And will bring them all down as fugitives
Even the Chaldeans, into the ships in which they rejoice.
¹⁵I am the LORD, your Holy one,
The Creator of Israel, your King.”
¹⁶Thus says the LORD,
Who makes a way through the sea,
And a path through the mighty waters,
¹⁷Who brings forth the chariot and the horse,
The army and the mighty man
(They will lie down together and not rise again;
They have been quenched and extinguished like a wick):
¹⁸Do not call to mind the former things,
Or ponder things of the past.
¹⁹Behold, I will do something new,
Now it will spring forth;
Will you not be aware of it?
I will even make a roadway in the wilderness.
Rivers in the desert,
²⁰the beasts of the field will glorify Me,
The jackals and the ostriches,
Because I have given waters in the wilderness
And rivers in the desert,
To give drink to My chosen people.
²¹The people whom I formed for Myself
Will declare My praise.

43:14	
OAV	“Ek sal hulle almal as vlugteling laat afdaal”
NAV	“laat Ek al sy inwoners, die Galdeërs vlug”
Cum-NLV	“dan sal die Babiloniërs moet vlug”

NASB “will bring them all down as fugitives”

Dit sinspeel op Babilon wat voor aanslag van Kores II geval het. Dit was nie die mag van Kores wat Neo-Babilon verslaan het nie, maar JHWH (“om julle ontwil”); OAV. Met veranderde vokale (puntuasie) onder die konsonante is dit moontlik om te vertaal:

1. vlugteling/“fugitives” (NASB, NKJV, NET Bible en Afr. vertalings); of
2. balke /“bars” (JPSOA, NRSV, NJB, TEV).

▣	
OAV	“die Chaldeërs”
NAV	“die Galdeërs”
Cum-NLV	“die Babiloniërs”
NASB	“the Chaldeans”

Die geskiedskrywer Herodotus (450 v.C.) gebruik die term om ‘n etniese groep aan te dui (2 Kon 24:1-4; Dan 5:30), maar tog ook as ‘n stand van priesterlikes (kyk Dan 2:2; 3:8; 4:7; 5:7,11). Die gebruik van hierdie klassifikasie was reeds in die tyd van Kores II gangbaar. In Assiriese annale word die term ook wel in etniese sin gebruik (BDB 505); vgl. R.K. Harrison, *Introduction to the Old Testament*, bl. 1113. ‘n Uitstekende beredenering oor die verwarring in verband met twee enersse terme, *Kal-du* versus *Kasdu*, kan in *The Expositors Bible Commentary*, vol. 7, bl. 14-15 gevind word. Dieselfde geld Robert Dick Wilson se *Studies in the Book of Daniel*, reeks 1.

‘n Semitiese etnisiteit (dieselfde rasgroep as die Hebreërs) kan vir die Galdeërs aanvaar word, aangesien Tera en sy familie Ur van die Galdeërs as hulle tuiste gehad het (Gen 11:28).

- ▣ Omrede nog ‘n moontlike vokalisasie (Masoretiese puntuasie) by Hebreeuse konsonante kan vertaal word:
 1. “in skepe”; NASB, NKJV, OAV, NAV, Cum-NLV
 2. “in jammerklag”; JPSOA, NRSV, NJB, TEV, REB, NET Bible
 3. “bestem op skepe”; LXX/Septuaginta (Grieks).

Daar is ‘n moontlikheid dat Babiloniërs kon gedink het hulle kan van die Persiese magte ontsnap deur in hulle bote op die Eufraat-rivier af te dryf.

43:15	
OAV, NAV, Cum-NLV	“julle/Israel se Koning”
NASB	“your King”

Dit haak moontlik aan by 2 Sam 7.

43:16 Wat hier in herinnering geroep word, is (1) Israel se Uittog uit Egipte (v.17; Eks 14-15) of (2) JHWH se beheer oor die wanordelike Chaos- waters by die skepping.

▣	
OAV	“Ek gaan iets nuuts maak”
NAV, Cum-NLV	“Ek gaan iets nuuts doen”
NASB	“I will do something new”

Sien die volledige aantekeninge by 62:2.

43:19	
OAV, NAV	“Ek maak in die woestyn ‘n pad”
Cum-NLV	“Ek maak ‘n pad deur die woestyn”
NASB	“I will even make a roadway in the wilderness”

Hierdie tema is besonder algemeen in die Bybel (vgl. 40:1-4).

▣

OAV, NAV, Cum- NLV “riviere”
NASB “rivers”

Die Dooie See Rolle het hiervoor ook “paaie” (REB).

43:20 In die plek van die vervloeking (Deut 27-29) word wilde diere nou mak. Die natuur verkeer in hoogbloei en lewer veelvuldig op omrede die seënende teenwoordigheid van JHWH.

NASB HERSIENE TEKS 43:22-24

Vir die Afrikaans hiervan gebruik die OAV,NAV, Cum-MVB of Cum-NLV

²²Yet you have not called on Me, O Jacob;
But you have become weary of Me, O Israel.
²³You have not brought to Me the sheep of your burnt offerings,
Nor have you honoured Me with your sacrifices.
I have not burdened you with offerings,
Nor wearied you with incense.
²⁴You have bought Me not sweet cane with money,
Nor have you filled Me with the fat of your sacrifices;
Rather you have burdened Me with your sins,
You have wearied Me with your iniquities.

43:22-24 Offers in die algemeen word nie veroordeel nie, maar vals motiewe wel (Jer 7). Die WERKWOORDE in die PERFECTUM is ‘n aanduiding van gevorderde onverskilligheid.

43:24
OAV “kalmoes”
NAV “wierookoffers”
Cum-NLV “soet wierookoffers”
NASB “sweet cane”

Hiermee word gewyde salfolie bedoel (Eks 30:23-25).

NASB HERSIENE TEKS 43:25-28

Vir die Afrikaans hiervan raadpleeg die OAV, NAV,Cum-MVB of die Cum-NLV

²⁵I, even I, am the one who wipes out your transgressions, for My own sake,
And I will not remember your sins.
²⁶Put Me in remembrance, let us argue our case together,
State your *cause*, that you may be proved right.
²⁷Your first forefather sinned,
And your spokesmen have transgressed against Me.
²⁸So I will pollute the princes of the sanctuary,
And I will consign Jacob to the ban and Israel to revilement.

43:25
OAV “Ek, Ek is dit wat jou oortredinge uitdelg om My ontwil”
NAV “En tog is dit Ek wat jou opstandigheid vergewe. Ek is getrou aan Myself”
Cum-NLV “Ek, ja Ek alleen, is die Een wat julle sondes uitwis. Ek doen dit ter wille van Myself”
NASB “I, even I, am the one who wipes out your transgressions for My own sake”

Wanneer God vergewe, is dit suiwer genade sonder enige inagneming van verdienste (37:35; 48:9,11; Eseg 36:22-38).

□	
OAV	“en aan jou sondes dink Ek nie”
NAV	“Ek dink nie meer aan jou sondes nie”
Cum-NLV	“en Ek dink nie weer daaraan nie”
NASB	“I will not remember your sins”

God vergeef nie net nie, Hy vergeet ook (vgl. 1:18; 38:17; 44:22; Ps 103:12; Miga 7:19). Wat 'n nodige vertroosting in die lig van Satan se onophoudelike veroordelings! Hoe groot dan tog die barmhartigheid en genade van God!

VIR SPESIALE AANDAG: WOORDE VAN VERGIFNIS

Hier volg die meeste Hebreeuse woorde of idiome wat aan goddelike vergifnis van die mens se sonde uitdrukking gee:

1. “vergeef”, “verskoon”, סָלַח (*ślh*); BDB 699, KB 757, vgl Eks 34:9; Lev 4:20,26, 31,35; 5:10,13,16,18; 6:7; 19:22; Num 14:20; 15:25-28; 30:5,8,12; 1 Kon 8;30,34,36,39,50; Ps 25:11; 103:3; Jes 55:7; Dan 9:19; Amos 7:2 (hierdie term is altyd God se vergifnis en word nie in menslike verhoudings gebruik nie).
2. “wegveeg”, “uitwis”, נָשָׂא (*ns*); kom algemeen voor met vele betekenis; BDB 669, KB 724, kyk Eks 23:21; 32:32; 34:7; Num 14:18; Jos 24:19; Ps 25:18; 32:1,5; 85:2; 99:8; Miga 7:18.
3. “bedek”, “versoen”; כָּפַר (*kpr*); BDB 497, KB 493, baie algemeen in Levitikus; kyk Ps 65:3; 78:38; 79:9; Jes 6:7; 22:14; Jer 18:23; Eseg 16:63; Dan 9:24.
4. “uitwis”, “wegveeg”, מָחָה (*mhh*); BDB 562, KB 567; kyk Neh 4:5; Ps 51:1,9; Jes 43:25; 44:22; Jer 18:23.
5. “genees”, רָפָא (*rp*); BDB 950, KB 1272, kyk 2 Kron 7:14; Ps 41:4; 103:3; Jes 6:10; 57:18; Jer 3:22; 17:14; 30:17; Hosea 5:13; 14:4.
6. “oorsien”, עָבַר (*br*); BDB 716, KB 778, kyk Spr 19:11; Amos 7:8; 8:2; Miga 7:18.
7. “was”, כָּבַס (*kbs*), BDB 460, KB 459, kyk Ps 51:2,7; Jer 2:22; 4:14.
8. “reinig”, טָהַר (*thr*), BDB 372, KB 369; kyk Lev 16:30; Ps 51:7; Spr 20:9; Eseg 24:13; 36:25.
9. “agter die rug gooi”, שָׁלַךְ (*ślk*); BDB 1020, KB 1527, kyk Jes 38:17; Miga 7:19.
10. “reinig”, חָטָא (*ht*); BDB 306, KB 305; kyk Ps 51:7 (al is hierdie 'n algemeen gebruikte woord, kom dit in die konnotasie van goddelike reiniging net hier voor).
11. “verberg u aangesig van”, סָתַר (*str*); BDB 711, KB 771, kyk Ps 51:9.
12. “onthou”, (negatief = “moenie onthou”); זָכַר (*zkr*); BDB 269, KB 269, kyk Jes 43:25.
13. “ten onder bring”, כִּבֵּשׁ (*kbš*); BDB 461, KB 460, kyk Miga 7:19.

43:26

OAV	“Maak My indagtig; laat ons teen mekaar pleit”
NAV	“laat ons die saak tussen ons uitmaak”
Cum-NLV	“Kom ons dink oor die situasie”
NASB	“let us argue our case together”

Hiermee 'n wetlike argument in 'n hofgeding (vgl. 1:18; 41:21; Rom 8:31-39). Dan volg 'n reeks van bevele van die kant van die regter:

1. Kla My aan (BDB 269; KB 269, Hifil IMPERATIEF);
2. Laat ons die saak tussen ons uitmaak (BDB 1047, KB 1627, Nifal KOHORTATIEF);

3. Praat jy en bewys jou onskuld (BDB 707; KB 765; Pi 'el IMPERATIEF).

43:27

OAV	“Jou eerste vader het gesondig”
NAV	“Jou eerste voorouer het gesondig”
Cum-NLV	“het julle voorouers teen My gesondig”
NASB	“Your forfathers sinned”

Letterlik staan daar net “vader”, wat op Adam of Jakob kan dui, of enige Joodse voorouer. Dit beteken dat God se liefde onverdienstelik was. Die OT kom nie telkens op die oorsprong van sonde terug nie, maar konstateer die aanwesigheid en die algehele verdorwenheid as gevolg daarvan. ‘n Rabbyn, soos Paulus, vind sonde se vertrekpunt in Gen. 3, maar ander beklemtoon Gen. 6 as die begin daarvan.

▣

OAV	“tolke”
NAV	“woordvoerders”
Cum-NLV	“leiers”
NASB	“spokesmen”

Dit verwys na een van die volgende groepe, (1) profete; (2) die priesters; (3) politici.

43:28

OAV	“So het Ek dan heilige vorste ontheilig”
NAV	“het Ek dié in beheer van die tempeldiens ongeskik vir tempeldiens laat word”
Cum-NLV	“het Ek die priesters in my tempel in skande laat kom”
NASB	“I will pollute the princes of the sanctuary”

Die WERKWOORD “besoedel” (BDB 320, KB 319, *Pi 'el IMPERFEKTUM*) kan ook “onteer” of “ontwy” beteken. In navolging van die LXX (Septuaginta) het die NEB en die REB Hebraëuse konsonante effens verander sodat ‘n vertaling “julle prinse het my heiligdom ontwy” moontlik geword het.

Daar bestaan onsekerheid of die twee WERKWOORDE van v.28 op die verlede dui of op die toekoms gerig is. Die Hebraëuse teks verbind verse 27 en 28. Daarom is dit duidelik dat die verlede in vers 28 opgehaal word. Die grootste deel van hoofstuk 43 handel oor ‘n eietydse verlossing van Israel uit ballingskap. Hebraëuse TYD/TEMPUS dui nie hede of verlede/toekoms aan nie, maar bloot aktiwiteit. TYD moet uit die konteks afgelei word.

▣

OAV	“aan die banvloek oorgegee”
NAV	“iets gemaak wat uitgeroei moet word”
Cum-NLV	“het Ek... oorgegee om verwoes te word”
NASB	“the ban”

Dit kom uit die woord *herem* (BDB 356). Iets wat heilig is, kan nie deur ‘n gevalle mensdom gebruik word nie, en moet vernietig word. ‘n Voorbeeld hiervan sou Jerigo kon wees (Kyk Jos.6).

JESAJA 44:1-23

PARAGRAAF INDELING VAN EIETDSE VERTALINGS

NASB	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV*
The Blessings of Israel	God's Blessing of Israel	Jeshurun of	The LORD Is the Only God	The Blessing In Store For Israel	Ek sal my seën uitgiet op jou kinders
44:1-5 (2-5)	44:1-5 (2-5)	44:1-5 (1-5)	44:1-5 (1-5)	44:1-5	44:1-5
	There Is No Other God	God's Uniqueness		There Is Only One God	Buiten my is daar geen God nie
44:6-8 (6-8)	44:6-8 (6-8)	44:6-8 (6-8)	44:6-8 (6-8)	44:6-8	44:6-7 44:8
	Idolatry Foolishness	Is Satire Against Idolatry		The Fatuity of Idols	
44:9-17 (9-17)	44:9-11 (9-110)	44:9-11 (9-11)	44:9-11	44:9-11	44:9-11
	44:12 (12)	44:12-17 (12-17)	44:12	44:12	44:12
	44:13-14 (13-14)		44:13-17	44:13-17	44:13
	44:15-17 (15-17)		44:18-19		44:14-17
44:18-20	44:18-20 (18-20)	44:18-20 (18-20)	44:20	44:18-19 44:20	44:18-19 44:20
God forgives and Redeems	Israel Is Not Forgotten	Israel Is Forgiven and Redeemed	The LORD Is The Creator and Savior	Loyalty to Yahweh	
44:21-23	44:21-22 (21-22)	44:21-22 (21-22)	44:21-22 (21-22)	44:21-23	44:21-23
	44:23 (23)	44:23 (23)	44:23 (23)		

*Vir die doel van paragraafvergeljing kan die OAV, die Cum-MVB en die Cum-NLV ook geraadpleeg word

LEESSIKLUS DRIE (sien die Inleidende Aantekeninge bl.17)

(ONS BEPAAL DIE BEDOELING VAN DIE SKRYWER OP PARAGRAAFVLAK)

Hierdie is 'n studieleiding kommentaar wat beteken dat u self vir die uitleg van die Bybel verantwoordelik sal wees. Elkeen van ons moet in die lig tot ons beskikking wandel. U is met die Bybel in die hand en onder leiding van die Heilige Gees dus prominent in die verstaansproses en uitleg. Moenie so 'n groot voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die hoofstuk deur in een sitting. Onderskei die onderwerpe. Vergelyk u onderwerpe met die Afrikaanse en Engelse vertalings se tema-opskrifte bo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot verstaan van die oorspronklike skrywer se bedoeling, wat immers die hart van Skrifuitleg is. Elke paragraaf handel oor een enkele saak, niks meer nie.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens

WOORD EN FRASESTUDIE

NASB HERSIENE TEKS 44:1-5

Vir die Afrikaans hiervan verwys die OAV, NAV, Cum-MVB en Cum NLV.

¹But now listen, O Jacob, my servant,
And Israel whom I have chosen:
²Thus says the LORD who made you
And formed you from the womb, who will help you,
'Do not fear, O Jacob, my servant;
And you Jeshurun whom I have chosen.
³For I will pour out water on the thirsty *land*
And streams on the dry ground;
And My blessing on your descendants;
⁴And they will spring up among the grass
Like poplars by streams of water.'
⁵This one will say, 'I am the LORD's;
And that one will call on the name of Jacob;
And another will write *on his hand*, 'Belonging to the LORD,'
And will name Israel's name with honor."

44:1

OAV, NAV, Cum-NLV "luister"
NASB "Listen"

Hierdie is 'n IMPERATIEF (BDB 1033, KB 1570) wat in talle uitsprake van Jesaja voorkom, (vgl. 1:2,10; 6:8,9,10; 7:13; 28:14; 32:9; 33:13; 34:1; 36:13; 39:5; 42:18; 46:3,12; 47:8; 48:1,12,14,16; 51:1,7,21; 55:2,3; 59:1; 66:5)

Die woord beteken "om gevolg te gee aan wat jy gehoor het". Dit het ontwikkel tot die *Sjema*, 'n bekende Joodse gebed in Deut. 6:4-5.

▣
OAV "my kneg Jakob"
NAV, Cum-NLV "my dienaar, Jakob"
NASB "O Jacob, My servant"

Let op die parallellisme tussen reël 1 en 2. JHWH rig hom tot die volk as geheel.

▣	
OAV, NAV	“wat Ek uitverkies het”
Cum-NLV	“wat Ek gekies het”
NASB	“whom I have chosen”

1. Israel uitverkies, vv.1,2
2. Israel gemaak, v.2
3. Israel geformeer, v.2
4. Israel gehelp, v.2

44:2 Let op die parallelisme tussen reël 1 en reël 2.

Het jou gemaak (BDB 793, KB 889, Qal WERKWOORDDEELTJIE, eerste reël).

“Het jou geformeer” (BDB 427, KB 428, Qal WERKWOORDDEELTJIE, tweede reël).

JHWH se skeppingshandeling word deur verskeie Hebreuse woorde uitgedruk.

44:3	
OAV	“Wees nie bevrees nie”
NAV, Cum-NLV	“Moenie bang wees nie”
NASB	“Do not fear”

Hierdie frase (BDB 431, KB 432, is ‘n Qal IMPERFEKTUM wat in JUSSIEF betekenis gebruik word en wat dikwels in Hoofstukke 40-66 voorkom (40:9; 41:10,13,14; 43:1,5; 44:3; 51:7; 54:4,14; 57:11). Hulle hoef nie te vrees nie, want:

1. hulle is God se volk
2. Hy is by hulle teenwoordig
3. hulle straf was verby
4. Hy sou aan al hulle behoeftes voorsien.

▣	
OAV, NAV, Cum-NLV	“Jesurun”
NASB	“Jeshurun”

Hierdie titel vir Israel (BDB 449) beteken “die een wat opreg is” is ongewoon, maar parallel met “O, Jakob, my Dienskneg”, vgl. Deut 32:15; 33:5,26).

▣	
OAV	“Ek sal water giet”
NAV	“Ek sal volop water gee”
Cum-NLV	“Ek sal jou water gee”
NASB	“I will pour”

Hierdie WERKWOORD word veral gebruik in verband met salwings of by offerdiensgeleentede:

1. Dit word ‘n keer as aanwysing van wonderbaarlike oorvloed van water gebruik (NAV);
2. en ‘n keer as verwysing na uitstorting van die Heilige Gees (vgl 32:15), maar met ‘n ander woord (BDB 788) en ook (# 2) met ‘n ander woord in Joël 2:28 oor die uitstorting van die Gees (BDB 1049).

OAV	“op jou kroos”
NAV, Cum-NLV	“op jou kinders”
NASB	“on your offspring”

Seëninge en vervloekinge verloop in opeenvolging van geslagte, maar hulle wat in JHWH is, sal dit weet en hulle daarvoor verheug (v.5).

- 44:5 Hierdie vers laat ontstaan die vraag na wie verwys word?:
1. trotse nakomelinge van Abraham (Jakob)?
 2. vreemdelinge wat na Israel se God vra en Hom ophemel?

Dat die woord “roep” (OAV); BDB 894, KB 1128, *Qal* IMPERFEKTUM, vertaal moet word in:

- a. PASSIEF soos in die Aramese Targoems, d.w.s. “sal geroep word” **en**
- b. die REFLEKSIEF/WEDERKERIG, *Nifal* in die LXX en die Pesjitta met “roep homself” **en**
- c. die AKTIEF in die Hebreeus, “sal aanroep”, d.w.s. “aanbid”

laat my dink dat die parallellisme van reëls #b en #c vreemdelinge op die oog het. Indien dit die geval is, is dit nog een van daardie tekste wat vir nie-Jode toegang tot die enigware God verseker. Die Dienskneg is nie net die Lig vir die nasies nie, maar ook die Redder van die nasies! Deur Hom kom Gen 3:5 en 12.3 in vervulling.

NASB HERSIENE TEKS 44:6-8

Verwys vir die Afrikaans hiervan die OAV, NAV, Cum-MVB en Cum NLV

**⁶Thus says the LORD, The King of Israel and his Redeemer, The LORD of hosts:
 “I am the first and I am the last,
 And there is no God beside Me.
⁷Who is like Me? Let him proclaim and declare it;
 Yes, let him recount it to Me in order,
 From the time that I have established the ancient nation.
 And let the declare to them the things that are coming
 And the events that are going to take place.
⁸Do not tremble and do not be afraid;
 Have I not long since announced it to you and declared it?
 And you are my witnesses.
 Is there any God beside Me,
 Or is there any *other* Rock?
 I know of none.”**

- 44:6 Let op hoe God in hierdie konteks genoem word (net soos in 43:3,15)
1. die **HERE** (JHWH)
 2. die Koning van Israel
 3. Verlosser (BDB 145 I, vgl. 43:3,15)
 4. die Here van die leërskaare
 5. Ek is die eerste en Ek is die laaste (41:4; 43:10; 48:12; Openb 1:8,17;22:13)
 6. God (Elohim)
 7. Rots, v.8 (vgl. 17:10; 26:4; 30:29; Ps18:2)

Sien Vir Spesiale Aandag die name vir die Godheid by 40:3. Hierdie titels beklemtoon die uniekheid, die getrouheid en die almag van die God van Israel.

<p>▣ OAV, NAV Cum-NLV NASB</p>	<p>“buiten My is daar geen God nie” “Daar is geen ander God nie” “There is no God besides Me”</p>
--	--

Hierdie is ‘n verklaring van uniekheid en monoteïsme. Sien *Vir Spesiale Aandag* by 40:14. Die tema kom herhaaldelik voor in Jesaja.

44:7
OAV “ – laat hom dit te kenne gee en aan My voorlê – “

NAV	“laat hom dit sê, laat hom sy saak stel”
Cum-NLV	“Laat hulle dit verklaar. Laat hulle dit verduidelik”
NASB	“Let him proclaim and declare it”

Hier word weer ‘n hoftoneel voor die gees geroep. JHWH daag die afgode uit om hulle bestaan en mag te bewys, maar hulle kan nie (Jes 41:21-24). Die toekoms kan hulle nie voorspel nie.

Let op die aantal bevele aan die adres van die valse gode (afgode van die nasies).

1. laat... sy saak stel (NAV); BDB 894, KB 1128; *Qal* IMPERFEKUM
2. (laat)... aan My voorlê (OAV/NAV); *Hifil* IMPERFEKTUM
3. (laat)... verklaring gee van wat gebeur het (NAV); *Qal* IMPERFEKTUM
4. laat verduidelik wat nog gaan gebeur (Cum-NLV); *Hifil* IMPERFEKTUM.

Al vier die bevele is in ‘n JUSSIEF modus gestel.

44:8 Gesien in die lig van die onmag van die nasies se vals gode hoef Israel nie:

1. so verskrik te wees nie (BDB 808, KB 922, *Qal* IMPERFEKTUM in JUSSIEF sin);
2. vol vrees te wees nie, BDB 923 (**יִרֶה**), KB 922, *Qal* IMPERFEKTUM ook in JUSSIEF modus van ‘n ander woordstam (**יָרֶה**).

□	
OAV, NAV, Cum-NLV	“Julle is My getuies”
NASB	“You are My witnesses”

JHWH het ‘n spesifieke doel met hierdie wyse van openbaring aan sy diensknegte/dienskneg.

□	
OAV	“Ek ken geeneen nie”
NAV, Cum-NLV	“Ek weet van geeneen nie”
NASB	“I know of none”

JHWH beantwoord sy eie vraag. Die WERKWOORD is *Qal* PERFEKTUM; daar is geen ander god of gode nie, slegs Hy. Sien *Vir Speciale Aandag* by 40:14.

NASB HERSIENE TEKS 44:9-11

Vir Afrikaans hiervan kyk in die OAV, NAV, Cum-MVB en Cum -NLV

⁹Those who fashion a grave image are all of them futile, and their precious things are not profit; even their own witnesses fail to see or know, so that they will be put to shame. ¹⁰Who has fashioned a god or cast and idol to no profit? ¹¹Behold, all his companions will be put to shame, for the craftsmen themselves are men. Let them all assemble themselves, let them stand up, let them tremble, let them together be put up to shame.

44:9-20 Hierdie is ‘n prosa gedeelte wat oor die dwaasheid van afgodery handel (vgl. Jer 10:2-16)

44:9	
OAV	“nietigheid”
NAV, Cum-NLV	“niks”
NASB	“futile”
NKJV	“useless”
NRSV	“nothing”
TEV	“worthless”
NJB	“nothingness”

Hierdie is vertalings van die Hebreuse woord (BDB 1062) wat “vormloos” Gen 1:2; “verlatenheid” in Jes 34:11 en “leegheid” in 41:29 beteken. Hier beteken dit “dit bestaan nie.”

44:11 Daar is ‘n hele reeks van IMPERFEKTUMS wat die afgodmaker en aanbidder beskryf. Almal in die JUSSIEF vorm (voorbeelde uit OAV):

1. laat hulle bymekaar kom (BDB 867, KB 1062, *Hitpael* IMPERFEKTUM)
2. (laat hulle) gaan staan (BDB 763, KB 840, *Qal* IMPERFEKTUM)
3. (laat hulle) verskrik wees (BDB 808, KB 922, *Qal* IMPERFEKTUM)
4. (laat hulle) tesame beskaamd staan (BDB 101, KB 116), *Qal* IMPERFEKTUM)

NASB HERSIENE TEKS 44:12-17

Vind hierdie gedeelte in Afrikaans in die OAV, NAV en die Cum-NLV

¹²The man shapes iron into a cutting tool and does his work over the coals, fashioning it with hammers and working it with his strong arm. He also gets hungry and his strength fails; he drinks no water and becomes weary. ¹³Another shapes wood, he extends a measuring line; he outlines it with red chalk. He works it with planes and outlines it with a compass, and makes it like the form of a man, like the beauty of man, so that it may sit in a house. ¹⁴Surely he cuts cedars for himself, or takes a cypress or an oak and raises it for himself among the trees of the forest. He plants a fir, and the rain makes it grow. ¹⁵Then it becomes *something* for a man to burn, so he takes one of them and warms himself he also makes a fire to bake bread. He also makes a god and worships it; he makes a graven image and falls down before it. ¹⁶Half of it he burns in the fire; over *this* half he eats meat as he roast a roast and is satisfied. He also warms himself and says, “Aha! I am warm, I have seen the fire.” ¹⁷But the rest of it he makes into a god, his graven image. He falls down before it and worships; he also prays to it and says, “Deliver me, for you are my god.”

44:14-20 Die dwaasheid van afgodediens word hiermee duidelik gestel (vgl. Jer 10:2-16):

1. plant ‘n boom
2. kap dit af
 - a. vir warmte
 - b. om kos gaar te maak
 - c. en ‘n god te maak
3. dan val hy in aanbidding neer voor so ‘n hulpelose maaksel van orige hout. Hy vra’n houtstompie om hom te help en te red!
4. in sy selfbedrog vergeet hy alles wat vooraf gegaan het (v.20).

NASB HERSIENE TEKS 44:18-20

Vir die Afrikaans verwys na die OAV, NAV, Cum-MVB, Cum NLV

¹⁸They do not know, nor do they understand, for He has smeared over his eyes so that they cannot see and their hearts so that they cannot comprehend. ¹⁹No one recalls, nor is there knowledge or understanding to say, “I have burned half of it in the fire and also baked bread over its coals. I roast meat and eat *it*. Then I make the rest into an abomination, I fall down before a block of wood!” ²⁰he feeds on ashes; a deceived heart has turned him aside. And he cannot deliver himself, nor say, “Is there not a lie in my right hand?”

44:18 Is ongeloof en bygeloof ‘n nawerking van:

1. die sondeval;
2. het JHWH ‘n hand daarin?

Die OT stel duidelik dat God die Eerste Oorsaak is (sien farao, ook die aantekening by 6:9-10; 29:10, maar die mens word steeds vir sy handeling verantwoordelik gehou (as tweede oorsaak). Dit is die misterie van God se

soewereiniteit en die menslike vrye wil (want die mens moet ook handel om God se vergifnis te ontvang (vgl. 55:7). Moontlik som Ps 81:12 dit die beste op (kyk ook Rom 1:24,26,28).

VIR SPESIALE AANDAG: UITVERKIESING EN DIE ERNS VAN TEOLOGIESE BALANS

Uitverkiesing is 'n ongelooflik aangrypende leerstelling. Dit is nie 'n aanduiding van begunstiging nie, maar eerder 'n oproep om as kanaal op te tree – 'n werktuig of bemiddelaar van ander se verlossing. In die OT staan die term deurgaans in verband met dienslewering. In die NT kom dit meestal neer op verlossing wat op diens moet uitloop. Nêrens probeer die Bybel die spanning tussen die soewereiniteit van God en die mens se wilsvryheid opklaar nie, maar bevestig die belangrikheid van albei leerstellings. 'n Goeie voorbeeld van hierdie Bybelse spanning word gevind in Rom. 9 oor die soewereiniteit van God en in hoofstuk 10 oor die noodsaaklike beantwoording daarvan deur die mensdom (vgl. 10:11, 13).

Die riglyn vir oplossing van hierdie spanning is moontlik in Ef 1:4 te vinde. Jesus is deur God uitverkies en almal is potensieël in Hom uitverkies. Jesus is God se “ja” vir 'n gevalle mensdom in nood (Karl Barth). Ef 1:4 help ook om die saak te verhelder deur te verklaar dat die doel van uitverkiesing nie die hemel is nie, maar heiligheid en Christusgelykvormigheid. Dikwels word ons deur die voordele van die evangelie aangegryp en ignoreer die gepaardgaande verantwoordelikhede. God se roep (uitverkiesing) is vir die tyd van nou en vir ewigheid!

Leerstellings staan in verband met ander waarhede en moenie as alleenstaande waarheid buite konteks opgevat word nie. Vergelyk byvoorbeeld 'n ster wat nie buite sy konstellasie gereken moet word nie. God gebruik Oosterse uitdrukkingswyses en nie-Westerse genres nie. Ons moenie die spanningsveld wat deur 'n dialektiese (paradoksale) stelwyse veroorsaak word, probeer wegwerk nie. Voorbeelde”:

1. Predestinasie versus vrye wil
2. sekerheid van geloof versus die nodigheid om te volhard in geloof
3. sondeval versus eie neiging tot die kwaad
4. volmaaktheid (perfeksionisme) versus stryd teen sonde
5. die aanvanklike, onmiddellike vryspraak en heiligmaking versus voortgaande heiligmaking
6. Christelike vryheid versus Christelike verantwoordelikheid teenoor 'n verbondsbroer
7. God se transendensie versus sy immanensie
8. God as verborge, onkenbaar versus sy openbaring van Homself in die Skrif
9. die koninkryk van God as teenwoordig en ook nog toekomstig
10. vergifnis as gawe van God versus vergifnis as onderlinge verbondsplig
11. Jesus as God versus Jesus as mens
12. Jesus gelyk aan die Vader versus Jesus onderdanig aan die Vader.

Die verbondsteologie handhaaf ewewig tussen die soewereiniteit van God (Hy behou die inisiatief en bepaal die agenda) en die mens se reaksie in volgehoue geloof en belydenis van begin tot einde (Mark 1:15; Han 3:16,19, 20:21). Wees versigtig om nie bewysplase aan die een kant van die paradoks op te stapel ten koste van die ander kant nie. Wees ook versigtig om nie oormatig voorkeur te gee aan jou persoonlike gunstelingleerstellings of teologie nie.

44:19

OAV	“'n gruwel”
NAV	“'n afskuwelike afgod”
Cum-NLV	“'n god”
NASB	“an abomination”

Sien *Vir Spesiale Aandag: Gruwel* by 41:24.

NASB HERSIENE TEKS 44:21-23

Vir die Afrikaans hiervan sien ook die OAV, NAV, Cum-NLV of Cum-MVB

21”Remember these things, O Jacob,
 And Israel, for you are My Servant;
 O Israel, you will not be forgotten by Me.
22I have wiped out your transgressions like a thick cloud
 And your sins like a heavy mist.
 Return to Me, for I have redeemed you”
23Shout for joy, O heavens, for the LORD has done it!
 Shout joyfully, you lower parts of the earth;
 Break forth into a shout of joy, you mountains,
 O forest and every tree in it;
 For the LORD has redeemed Jacob
 And in Israel He shows forth His glory.

44:21-23 Te midde van valse getuigenis uit afgodiese praktyke, is dit ‘n moet dat die volk van God van die waarheid getuig. Hulle word beveel om:

1. te onthou; v.21 (BDB 269, KB 269,) *Qal* IMPERATIEF
2. terug te keer; v.22 (BDB 996, KB 1427). *Qal* IMPERATIEF.

Die skepping van JHWH word ook as getuie geroep:

3. sing van blydskap, hemel (BDB 943, KB 1247, *Qal* IMPERATIEF; Cum-NLV, v.23)
4. roep hard, dieptes van die aarde (BDB 929, KB 1206, Hifil IMPERATIEF; Cum-NLV, v.23)
5. breek uit in sang, berge, elke boom en bos (BDB 822, KB 953, *Qal* IMPERATIEF, Cum-NLV, v.23).

Hoe ironies dat makers van afgodsbeelde bome verbrand en omskep in afgode terwyl in die skepping die bome verheug is oor JHWH se verlossing van Israel en getuig van sy heerlikheid!

44:21

OAV	“Jy sal deur My nie vergeet word nie”
NAV,	“Ek sal jou nie verlaat nie”
Cum-NLV	“Ek sal nie vergeet om jou te red nie”
NASB, NKJV, NRSV	“you will not be forgotten by Me”
REB, LXX (Septuagint), Pesjitta, JPSOA	“never forget me”

Die verskille hierbo is slegs aan vokalisasie (punksuasie) te wyte. Die UBS Text Project ken ‘n “C” gradering toe aan die NASB e.a. (d.w.s. ook OAV) wat beteken dat die vertaling redelik betwyfel word.

44:22 Dit is nog ‘n oorweldigende belofte van volkome vergifnis. Die WERKWOORD “weggevee”/“wipe out” (Cum-NLV/NASB); BDB 562, KB 567, *Qal* PERFECTUM word ook in 43:25 en Ps. 51:2,9 gebruik. Wanneer God vergewe, vergeet Hy ook (vgl. 1:18; 38:17; 43:25; 44:22; Miga 7:19).

Die grondslag waarop so ‘n volkome uitwissing van ons oortredinge geskied, is:

1. JHWH se verlossing; en
2. ‘n gelowige se berou.

VIR SPESIALE AANDAG: BEKERING IN DIE OU TESTAMENT

Dis ‘n belangrike begrip, hoewel moeilik om te definieer. Die meerderheid van ons definisies is uit ons denominasionele verbintenis afkomstig. Alhoewel teologiese definisies op Hebreeuse en Griekse woorde berus, moet onthou word dat die basis van die definisie nie heeltemal op die OT berus nie, omdat (met uitsondering van Lukas) die NT skrywers in Koine Grieks nogtans Hebreeuse denkers was. Dit vereis dat die Hebreeuse terme self ondersoek moet word. Daar is hoofsaaklik twee terme:

1. *nhm* (vgl BDB 636, KB 688)
2. *swb* (vgl BDB 996, KB 1427)

Die eerste, nl. *nhm*, wat blykbaar oorspronklik beteken het “om die asem diep in te trek”, word in ‘n verskeidenheid verbande gebruik.

a. “Rus” of “vertroos” (Gen 5:29, 24:66, 27:42; 37:35; 38:12; 50:12); dit kom dikwels ook in name voor: (2 Kon 15:14; 1 Kron 4:19; Neh 1:1; 7:7; Nahum 1:1).

- b. “bedroef” (Gen 6:6,7)
- c. “spyt kry” (Eks 13:17; 32:13,14; Num 23:19)
- d. “ontferm” (Deut 32:36)

Let op die diepte van emosie! Dit is die kern van die saak! Opregte gevoel wat tot optrede lei! Dit is gewoonlik verandering van optrede teenoor medemens en God. Die verandering van gesindheid teenoor God maak dit teologies van belang. Maar versigtigheid is hier van pas. Van God word ook gesê dat Hy “bedroef” was (“repent”), maar dit het met fout maak of sonde in Sy geval niks te doen nie (Gen 6:6,7; Eks 32:14; Rig 2:18; 1 Sam 15:11,35; Ps 106:45), eerder toon dit sy ontferming en sorg op hierdie geyk-literêre wyse (vgl Num 23: 19; 1 Sam 15:29; Ps 110:4; Jer 4:27-28; Eseg 24:14). Verdienende straf oor sonde en weerstrewigheid word vergewe wanneer die sondaar hom/haar/hulle opreg van die verkeerde afkeer en tot God terugkeer.

Aangesien hierdie term ‘n baie wye betekenisveld het, is konteks belangrik vir korrekte bepaling van betekenis.

Die tweede term “*swb*” beteken “om (weg van) te draai” of “(na toe) te draai.” Omdat dit so is dat die verbond “bekering” en “geloof” vereis (vgl Mat 3:2; 4:17; Mark 1:4,15; 2:17; Luk 3:3,8; 5:32; 13:3,5; 15:7; 17:3), verwys *nhm* na die intensiteit van gevoel by insig in die sonde en die wegdraai daarvan, terwyl *swb* die inkeer/omkeer na God toe weerspieël. ‘n Goeie voorbeeld hiervan is in Amos 4:6-11 te vinde; vyf keer word Israel daarvoor aangespreek dat hulle nie na JHWH “teruggekeer” het nie en in 5:4,6,14 word hulle gemaan om die HERE te soek en nie slegte dinge nie!

Die eerste uitstaande voorbeeld van die krag van berou, is Dawid na sy sonde met Batseba (vgl 2 Sam 12; Ps 32 en Ps 51). Die gevolge daarvan vir Dawid, vir sy familie en vir Israel het voortgeduur, maar hy was herstel in gemeenskap met God. Selfs die slegte Manassa kon bely en vergifnis ontvang (vgl 2 Kron 33:12-13).

Albei die terme word langs mekaar in Ps 90:13 gebruik. Sonde moet erken word en ‘n persoonlike en vasberade wegdraai daarvan is nodig; daarmee saam ‘n begeerte om God en sy geregtigheid te soek (Jes 1:16-20). Bekering het ‘n kennis aspek (kognitief), ‘n persoonlike aspek en ‘n morele aspek. Al drie is nodig om ‘n nuwe verhouding met God te begin wat volgehou kan word. Die diepe ervaring van berou gaan oor in ‘n volgehoue toewyding aan God en vir sy saak!

44:23

OAV, NAV, Cum-NLV	“dieptes van die aarde”
NASB, NKJV	“lower parts of the earth”
NRSV, JPSOA	“depths of the earth”
TEV	“deep places of the earth”
NJB	“underworld”
LXX, Pesjitta	“foundations of the earth”

Dit dui waarskynlik op “sjeol” (vgl. BDB 982).

VIR SPESIALE AANDAG: WAAR IS DIE OORLEDENES?

I Ou Testament

A Alle mense wat sterf, gaan na She’ol (etimologie onbekend), wat meesal in die Wysheidsliteratuur en Jesaja op die dood of graf dui. In die OT is dit ‘n bewustelike, skaduagtige en vreugdelose voortbestaan (Job 10: 21-22; 38:17; Ps 107:10,14).

B. Karakterisering van She’ol:

1. word geassosieer met oordeel van God (vuur), Deut 32:22
2. word met straf selfs voor die oordeelsdag geassosieer, Ps 18:4,5
3. word met Abaddon geassosieer, hoewel ook gerig op God, Job 26:5; Ps 139:8; Amos 9:2
4. geassosieer met die graf, Ps 16:10; Jes 14:15; Eseg 31:15-17
5. slegte mense daal lewend af in She’ol, Num 16:30-33; Ps 55:15
6. gepersonifieer as ‘n dier met ‘n groot bek, Num 16:30; Jes 5:14; 14:9; Hab 2:5
7. mense daar word “skimme” (OAV– Eng: *Shadows*) genoem, Jes 14:9-11

II Nuwe Testament

A. Die Hebreeuse *She'ol* word in Grieks (LXX) met *Hades* vertaal (die nog ongesiene wêreld).

B. Karakterisering van Hades:

1. dis 'n verwysing na dood, Mat 16:18

2. gekoppel aan dood, Openb 1:18; 6:8; 20:13-14

. dikwels in dieselfde asem genoem as plek van permanente straf, *gehenna*, Mat 11:23 (OT aanhaling); Luk 10:15; 16:23-24

4. dikwels bloot die graf, Luk 16:23.

C. Moontlik verdeel (aldus die rabbyne):

1. waar geregtigheid heers, Paradys, 'n ander naam vir hemel, 2 Kor 12:4; Openb 2:7; Luk 23:43

2. die bese gedeelte word *Tartarus* genoem, die aanhoudingsplek van gevalle engele, 2 Pet 2:4 (vgl Gen 6: 1 Henog)

D. Gehenna:

1. Sinspeel op die "vallei van die seuns van Hinnom" (vgl Jos 15:8; 18:6; Jes 31:9; 66:24 – suidekant van Jerusalem). Dit was die plek waar die Fenisiese godheid Molech (BDB 574) met kinderooffers vereer is (2 Kon 6:3; 21:6; 2 Kron 28: 33:6), wat in Lev 18:21 en 20:2-5 verbode verklaar is.

2. Jeremia het die plek se rol verander van plek van heidenaanbidding tot plek van JHWH se oordeel (Jer 7:32; 19:6-7). Dit word in Henog 90:26-27 en Sib. 1:103 'n plek van brandende, ewige oordeel.

3. Die Jode was so met weersin vervul oor die plek waar hulle voorvaders aan afgodery en kinderooffers deelgeneem het, dat hulle dit in 'n domplek vir Jerusalem se vullis omskep het. Baie van Jesus se metafore in verband met ewige oordeel kom van hierdie vuilgoedhope (vuur, rook, wurms, stank, vgl Mark 9:44,46). Behalwe die uitsondering van Jak 3:6, is dit net Jesus wat die term *Gehenna* gebruik.

4. Jesus se gebruik van Gehenna :

a. vuur, Mat 5:22, 18:9, Mark 9:43

b. vir altyd, Mark 9:48, Mat 25:46

c. plek waar siel en liggaam vergaan, Mat 10:28

d. dien as parallel met *She'ol*, Mat 5:29-30; 18:9

e. 'n slegte mens word bestempel as 'kind van die hel', Mat 23:15 (OAV)

f. as uiteinde van vonnis, Mat 23:33; Luk 12:5

g. as parallel met die konsep van die tweede dood (Openb 2:11; 20:6,14) of 'brandende oond' (Mat 13:42 (NAV), Openb 19:20, 20:10, 14-15, 21:8). Dit is moontlik dat die 'meer van vuur' die permanente verblyf word van mense uit *She'ol* en gevalle engele uit *Tartarus* (vgl 2 Pet 2:4; Jud v 6) of 'onderwêreld' (Luk 8:31; Openb 9:1-10; 20:1,3)

h. Gehenna was nie vir mense ontwerp nie, maar vir Satan en sy engele (Mat 25:41).

E. Omrede die sinonieme gebruik van van *She'ol*, *Hades* en *Gehenna*, is dit moontlik dat:

1. alle mense oorspronklik na *She'ol/Hades* gegaan het

2. dat wat hulle daar ondervind, goed of sleg, na die Oordeelsdag intensifiseer, hetsy slegter af of groter heerlikheid, maar die bese bly in dieselfde plek. Dis die rede waarom die KJV *hades* (graf) eerder as *gehenna* vertaal.

3. die enigste teks wat spreek van lyding voor die Oordeelsdag is die gelykenis van Lasarus en die Ryk Man in Luk 16:19-31. *She'ol* word wel ook in Deut 32:22 en Ps 18:1-5 as straf tyd beskryf, maar nogtans kan 'n leerstelling nie op 'n gelykenis gebaseer word nie.

III Die tussentoestand tussen dood en opstanding

A. Die NT leer nie die "onsterflikheid van die siel" nie, wat een van verskeie sieninge oor die hiernamaals is:

1. dat menslike siele voor hulle fisiese lewe bestaan

2. menslike siele is ewig voor en na hulle fisiese bestaan

3. die fisieke liggaam word as 'n gevangenskap beskou waaruit die siel deur die dood bevry word om na 'n vooraf bestaan terug te keer.

B. Die NT suggereer dat daar 'n liggaamlose staat is tussen dood en opstanding

1. Jesus spreek van 'n skeiding tussen siel en liggaam (Mat 10:28)

2. Abraham bestaan liggaamlik tans, Mark 12: 26-27

3. Moses en Elia het fisiese liggame op die Berg van Verheerliking gehad, Matt 17

4. Paulus verklaar dat gelowiges die eerste sal wees om hulle nuwe liggame by die Wederkoms te ontvang, 1 Tes 4:13-18

5. Paulus verklaar dat gelowiges hulle nuwe geestlike liggame op die Opstandingsdag ontvang, 1 Kor 15: 23,52

6. Paulus verklaar dat gelowiges nie na *Hades* toe gaan nie, maar by afsterwe by Jesus is, 2 Kor 5:6,8; Fil 1:23. Jesus het die dood oorwin en het die verlostes saam met Hom hemel toe geneem, 1 Pet 3: 18-22.

IV Die hemel

A. Die term word in drie betekenisse in die Bybel gebruik:

1. die atmosfeer bokant die aarde, Gen 1:1,8; Jes 42:5; 45:18

2. die sterrehemel, Gen 1:14, Deut 10:14; Ps 148:4; Heb 4:14; 7:26.

3. die plek van God se troon, Deut 10:14; I Kon 8:27; Ps 148:4; Ef 4:10, Heb 9:24 (die parallel van die derde hemel, 2 Kor 12:2).

B. Die Bybel openbaar nie veel omtrent die hiernamaals nie, waarskynlik omdat 'n gevalle mensdom op geen manier in staat sal wees om dit te begryp nie, 1 Kor 2:9.

C. Die hemel is beide plek en Persoon (2 Kor 5:6-8). Die hemel kan ook 'n herstelde Tuin van Eden wees (Gen 1-2; Openb 21-22). Ook die aarde sal gereinig en herstel word (Han 3:21; Rom 8:21; 2 Pet 3:10). In mense is die beeld van God deur Christus herstel (Gen 1:26-27). Daarmee word die intieme vertrouensvriendskap van die Eden-tuin weer herstel. Dat die hemel 'n reuse kubusvormige stad is, mag bloot metafores bedoel wees en dus nie letterlik op te neem nie (Openb 21:9-27). 1 Kor 15 beskryf die verskil tussen die fisieke liggaam en die geestelike liggaam met beeldspraak van saad tot die volgroeiende plant. Weereens, 1 Kor 2:9 ('n aanhaling uit Jes 64:4 en 65: 17) is 'n wonderlike belofte en hoop! Gelowiges weet dat wanneer ons Hom sien, ons sal wees soos Hy is (1 Joh 3:2).

V Nuttige bronne

A. William Hendriksen, *The Bible On the Life Hereafter*

B. Dr M Rawlings, *Beyond Death's Door*

JESAJA 44:24-45:25

PARAGRAAF VERDELINGS VAN EIETDSE BYBELVERTALINGS

NASB	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV*
44:24-28 (24-28)	Judah Will Be Restored 44:24-28	The Commission of Cyrus (44:24-45:13) 44:24-28	44:24-28 (24-28)	God, Creator of the World and LORD of History 44:24-28 (24-28)	Ek is die Here. Ek doen al hierdie dinge 44:24-28 (24-26a) 44: 26b-27 (26b-27) 44:28 (28)
God Uses Cyrus	Cyrus God's Instrument	The Commission of Cyrus	The LORD Appoints Cyrus	Cyrus the Instrument of God	
45:1-7 God's Supreme Power	45:1-7 (1-7)	45:1-4 (1-4) 45:5-7 (5-7)	45:1-4	45:1-7 (1-7)	45:1-7
45:8	45:8	45:8 (8)	45:5-8	45:8	45:8
45:9-10 45:11-13	45:9-10 (9-10) 45:11-13 (11-13) The LORD the Only Savior	45:9-13 (9-13) The Conversion of the Nations	45:9-13	The LORD of Creation and History The Supreme Power of Yahweh	Durf julle aan my voorskryf? 45:9 45:10-11 45:12-13
45:14-17 45:18-19	45:14 (14) 45:15-17 (15-17) 45:18-19 (18-19)	45:14-17 (214-17) 45:18-19 (18-19)	45:14-17 45:18-19 The LORD of the World and the Idols of Babylon	45:14-19 God,LORD of the Whole Universe	45:14 45:15-19 Net van die Here kom daar redding en krag

45:20-25	45:20-21 (20-21)	45:20-21 (20-21)	45:20-21	45:20-25 (20-25)	45:20-21a 45:21b
	45:22-25 (22-25)	45:22-23 (22-23)	45:22-23		45:22-25
		45:24-25 (24-25)	45:24-25 (24-25)		

- Vir die doel van paragraafvergelings kan die OAV, Cum-MVB en die Cum-NLV ook geraadpleeg word

LEESSIKLUS DRIE (sien die Inleidende Aantekeninge bl.17)

(ONS BEPAAL DIE BEDOELING VAN DIE SKRYWER OP PARAGRAAF VLAK)

Hierdie is 'n studieleiding kommentaar wat beteken dat u self vir die uitleg van die Bybel verantwoordelik sal wees. Elkeen van ons moet in die lig tot ons beskikking wandel. U is met die Bybel in die hand en onder leiding van die Heilige Gees dus prominent in die verstaansproses en uitleg. Moenie so 'n groot voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die hoofstuk deur in een sitting. Onderskei die onderwerpe. Vergelyk u onderwerpe met die Afrikaanse en Engelse vertalings se tema-opskrifte bo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot verstaan van die oorspronklike skrywer se bedoeling, wat immers die hart van Skrifuitleg is. Elke paragraaf handel oor een enkele saak, niks meer nie.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens

INSIGTE UIT KONTEKS VAN JESAJA 44:24-45:25

A. Hierdie profesie is van bepaalde karakter en doel. Kores II (Cyrus), ook as Kores die Grote bekend, word by name in verse 44:28 en 45:1 genoem. Vir geleerdes wat nie aan die moontlikheid van voorspellende profesie glo nie, dien dit as bewys van veelvuldige outeurskap van Jesaja (hoofsaaklik gegrond op 41:22-23; 44:7,26). Ek glo egter dat die boek Jesaja, die werk van een skrywer is deur wie God reeds in die 8ste eeu nie net die toekoms van die Assiriese Ryk toelig nie, maar ook dié van die Babiloniërs en die Perse.

B. Hierdie besondere verwysing na Kores gaan daaroor dat sy dekreet in 538 vC. alle ballinge toegelaat het om na hulle lande van geboorte terug te keer en hulle nasionale tempels te restoreer met hulp uit die Persiese staatskas. Vir besonderhede omtrent die Jode se terugkeer lees Esra 1:2-4; 6:3-5. Die hoofoorweging van Kores se optrede was om die nasies aan te moedig om tot hulle gode te bid vir hom en sy opvolgers (vgl. Esra 6:10; 7:23).

C. Ek dink dat Jesaja 45:6 van kardinale belang is. Dit maak duidelik dat God nie net Israel wou kies vir 'n doel nie, maar ook Kores. Want soos wat God deur die kies van Abraham 'n keuse vir die wêreld maak, doen Hy ook met Kores.

D. Let daarop hoeveel keer daar verskillende woorde vir "skep/skape" ingespan word:

1. BDB 427, KB 428 – om te formeer/skep; 44:24; 45:9 [twee keer], v. 18 [twee keer]
2. BDB 793, KB 889 – om te doen maak ; 44:24; 45:7,9,11,18
3. BDB 135, KB 153 – om te skep; 45:7 [twee keer]; vv. 8,12,18 [twee keer]

Theologies beteken hierdie "nuwe era" -gedeelte dat

1. JHWH die skepper is van alle dinge
2. JHWH Israel geformeer het
3. JHWH enig en uniek is (monoteïsme)
4. JHWH sy bestaan bewys deur

- a. voorspellende profesie;
- b. en deur die bestaan van Israel as volk.

WOORD EN FRASE STUDIE

NASB HERSIENE TEKS 44:24-28

Vind die Afrikaans vir hierdie gedeelte in die OAV, NAV, Cum-MVB of die Cum-NLV

²⁴Thus says the LORD your Redeemer, and the one who formed you from the womb,
 “I, the LORD, am the maker of all things,
 Stretching out the heavens by Myself
 And spreading out the earth all alone,
²⁵Causing the omens of boasters to fail,
 Making fools out of diviners,
 Causing wise men to draw back
 And turning their knowledge into foolishness,
²⁶Confirming the the word of His servant
 And performing the purpose of His messengers.
It is I who says of Jerusalem, ‘She shall be inhabited!’
 And of the cities of Judah, “They shall be built.’
 And I will raise up her ruins *again*
²⁷*It is I* who says to the depth of the sea, ‘Be dried up!’
 And I will make your rivers dry.
²⁸*It is I* who says of Cyrus, *He is My shepherd!*
 And he will perform all My desire.’
 And he declares of Jerusalem, ‘She will be built,’
 And of the temple, ‘Your foundation will be laid.’”

44:24-28 In Hebreeus is hierdie een enkele sin. ‘n Reeks sinsnedes, wat met mekaar verband hou, word deur die NIV met “who” vertaal. Die reeks (een sin) is sodanig gestruktureer dat ‘n klimaks in vers 28 bereik word met die noem van Kores se naam. Basies draai die eenheid van die sin om die gedagte dat dit God is wat “kan” en die “afgode wat nie kan nie.” JHWH kan immers vooruit sê wat gaan gebeur en op die wyse bewys lewer van sy bestaan en sy almag (vgl 41:22-23; 44:7,26).

Let op die “who”/“Ek”-konstruksie om aan *Qal*-WERKWOORDDEELTJIES uitdrukking te gee:

1. wat/ “Ek wat jou in die moederskoot gevorm het (NAV,v.24),
2. who(NIV), Ek het alles geskep (NAV, v.24),
3. who(NIV), Ek alleen het die hemel oopgespan (NAV,v.24),
4. who(NIV), Ek het die aarde gevorm (NAV, v.24),
5. who(NIV), Ek stel die toekomsvoorspellers aan die kaak (v.25, NAV),
6. who(NIV), Ek weerlê die geleerde mense (v.25,NAV),
7. who(NIV), Ek bring wat my boodskappers aangekondig het tot vervulling(v.26,NAV),
8. who(NIV), Ek sê van Jerusalem Hy moet weer bewoon word (v.26,NAV),
9. who(NIV), Ek sê vir die diep waters van Babel: ‘Droog op!’ (v.27,NAV),
10. who(NIV), Ek sê vir Kores, ‘Ek het jou as herder aangestel” (v.28,NAV).

Afrikaanse vertalings los die konstruksie-probleem van ‘n lang sin, in retoriese vraagstelling, op deur JHWH as die enig ware antwoord sprekend in te voer (vert.)

44:24

OAV, NAV

“Verlosser”

Cum-NLV

“Redder”

NASB

“Redeemer”

Dit is die term *go'el*, wat dieselfde beteken as “losprys,” maar met die gedagte dat dit deur optrede van ‘n nabye familielid geskied. Dit is dikwels ‘n titel wat in verband met God se optrede gebruik word en word bedoel as aanduidend van sy karakter (Sien *Vir Spesiale Aandag* by 41:14).

□	
OAV	“wat jou geformeer het van die moederskoot af”
NAV, Cum-NLV	“wat jou in die moederskoot gevorm het”
NASB	“the one who formed you from the womb”

Dit dui op die skepping van Israel as nasie (vgl.v.2). Veral word die Eksodus-ondervinding met die gedagte in herinnering geroep. Die konsep van moederskoot en gebore word, lei tot die vorming van terminologie soos “kinders” van God.

□	
OAV, NAV	“Ek is die Here..., Ek”
Cum-NLV	“Ek is die HERE...”
NASB	“I, the LORD, am...”

So lui die uitdrukking letterlik. “Ek is die Here,” is ‘n kernvers in die OT. Dit is woordspel gebaseer op die verbondsnaam van JHWH en die WERKWOORD “om te wees.” Basies beteken dit dat Hy meedeel “Ek is die ewiglewende en enigste Here”.

□	
OAV	“Ek is die HERE wat alles volbring”
NAV	“Ek het alles geskep”
Cum-NLV	“wat alles geskep het”
NASB	“maker of all things”

Hier val die klem daarop dat God, die Redder, ook die Skepper is (vgl. 45:12,18).

□	
OAV	“wat die hemel uitsprei”
NAV, Cum-NLV	“Ek alleen het die hemel oop gespan”
NASB	“Stretching out the heavens by Myself”

Weereens God in Skeppersgestalte. Hierdie frase kom ook voor in 40:22; 42:5;45:12,18; 51:13.

□	
OAV	“Ek alleen, en wat die aarde uitsprei”
NAV	“Ek het die aarde gevorm, daar was niemand by My nie”
Cum-NLV	“Ek alleen het die aarde gevorm”
NASB	“spreading out the earth all alone”

In werklikheid is die Engelse “all alone” (*qere*, NEB, vgl. OAV, NAV, Cum-NLV) antwoord op ‘n retoriese vraag, “Who was with Me?” (*ketiv*, soos in die Dooie See Rolle, LXX, NRSV). Soos die voorafgaande frase word God se unieke posisie weereens beklemtoon. Hy is die enig-ware Skeppergod (vgl. Job 38:vv). Sien ook *Vir Spesiale Aandag*: Monoteïsme by 40:14..

44:25	
OAV	“leuenprofete... waarsêers... wyse”
NAV	“toekomsvoorspellers... waarsêers... geleerde mense”
Cum-NLV	“vals profete... waarsêery... wyses”
NASB	“omens... diviners... wise men”

Hierdie vers gee 'n aanduiding van die okkultiese praktyke wat onder die omringende nasies aan die orde was, in besonder die Babiloniërs. Teen so 'n agtergrond laat staan vers 26 die ware profete van God sterk uit. Die bybelse aanduiding van 'n ware profeet kan in Deut. 13:1-3 en 18:22 opgelees word. Die kontras tussen ware en valse profeet kom hier aan die orde sodat God geopenbaar kan word as die enig-ware God.

Dit is moontlik dat die Hebreeuse woord vir "grootprater" ook kan beteken:

1. leuenaar, leuen profeet (BDB 95 III)
2. waarsêer, afgelei van 'n Akkadiese woordstam (AB, vol. 20, p. 72), wat dit sinoniem maak met "toekomsvoorspeller". Let daarop hoe eenders die woorde in Hebreeus daar uitsien.

#1 בְּרִים teenoor #2 בְּרִים

Die Barim-priesters van Babilonië was bekend vir hulle aanspraak om die toekoms te kan voorspel (Leupold, bl. 133).

44:26

OAV	"wat die woord van sy kneg vervul"
NAV	"bevestig die woorde van my dienaar"
Cum-NLV	"bevestig die woorde van my profete"
NASB	"confirming the word of His servant"

God is in beheer van die geskiedenis. Sy vooruit bekendmaking van gebeure is een manier om aan die hele mensdom te toon dat Hy die alleen-Skepper en Verlosser is (vgl. 41:22-23; 45:7,26).

Reg deur hierdie gedeelte van Jesaja se profesie betoon God sy vermoë teenoor die onvermoë van die okkultiese praktisyns om aan te dui wat die toekoms inhoud.

Die woorde "diensknege" (BDB 712) en "boodskapper" (BDB 521) is parallelle. Die verwysing na diensknege is in die ENKELVOUD en na boodskappers in die MEERVOUD.

1. die Dienaar
2. die profete

Of moet albei opmerkings as "profeet" verstaan word? Die "dienaar" kan wel as 'n versamelterm vir al die profete opgevat word!

Hierdie vers mag 'n verwysing wees na Jes.2:2-4 of Miga 4:1-4.

■

OAV	"wat van Jerusalem sê: 'Dit moet herbou word'"
NAV	"Ek sê van Jerusalem: Hy moet weer bewoon word"
Cum-NLV	"wanneer hulle van Jerusalem sê, 'Dit sal herbou word'"
NASB	"It is I who says of Jerusalem, 'she shall be inhabited'"

Hiermee word nie net Jerusalem se herstel aangekondig nie, maar ook die herstel van al die stede van Juda (2:2-4; Miga 4:1-3).

44:27 Oor die betekenis van hierdie vers was daar heelwat teorieë:

1. JHWH oefen beheer uit oor die chaos-waters (vgl. Gen. 1; Ps. 74:12-17; Jes. 51:10)
2. Dit is 'n verwysing na Eksodus toe God die waters van die Rooi See en die Jordaan rivier geskei het
3. Dit toon aan dat God enige hindernis kan te bowe kom soos met die drooglegging van die Eufraatrivier, sodat Kores Babilon kon verslaan (Kyk Jes. 11:15-16)
4. In 'n sekere sin is dit 'n aanduiding van God se beheer oor vog en nat, wat bewys dat Hy die Gewer van vrugbaarheid is en nie Baäl nie

44:28

OAV	"wat van Kores sê"
NAV	"Ek sê van Kores"
Cum-NLV	"En wanneer Ek van Kores sê"
NASB	"It is I who says of Cyrus"

Kores word vir die eerste keer in hierdie konteks genoem. In 45:1 word hy ook genoem. Josefus het in sy boek *Antiquities of the Jews* melding gemaak van 'n Joodse tradisie wat glo dat die profesieë aan Kores getoon was en dat hy so beïndruk was dat hy die Jode laat terugkeer het (Sien 2 Kron. 36:22-23).

□	
OAV	“Hy is my herder”
NAV	“Ek het jou as herder aangestel”
Cum-NLV	“Hy sal my herder wees”
NASB	“He is My shepherd”

Dié term dui normaalweg op ‘n leier of administrateur. Twee baie sterk terme in aanduiding van koninklike optrede word hier gebruik, naamlik “herder” (BDB 944,) in 44:28 en “gesalfde” (BDB 603) in 45:1. Met albei terme laat God blyk dat Hy Kores sou gebruik om sy doel te bereik. Dit beteken nie dat Kores ‘n gelowige geword het nie (vgl. v.5c), maar God gebruik mense as middele om sy doel te bereik (vgl. Eks. 3: 7-10).

□	
OAV	“en die tempel moet gegrand word”
NAV	“die tempel moet herstel word”
Cum-NLV	“Die fundamente moet herstel word”
NASB	“Your foundation will be laid”

Die vervulling van hierdie profesie hou verband met die stad Jerusalem sowel as met die tempel, soos beskryf in die boeke Esra, Nehemia en Haggai.

NASB HERSIENE TEKS 45:1-7

Vir die Afrikaans hiervan kan ook die OAV, NAV, Cum-MVB en Cum-NLV geraadpleeg word

¹Thus says the LORD to Cyrus His anointed,
Whom I have taken by My right hand,
To subdue nations before him
And to loose the loins of kings;
To open doors before him so that gates will not be shut:
²I will go before you and make the rough places smooth;
I will shatter the doors of bronze and cut through their iron bars.
³I will give you the treasures of darkness
And hidden wealth of secret places,
So that you may know it is I,
The LORD, the God of Israel, who calls you by your name.
⁴For the sake of Jacob My servant,
And Israel my chosen *one*
I have also called you by your name;
I have given you a title of honor
Though you have not known Me.
⁵I am the LORD and there is no other;
Besides Me there is no God.
I will gird you, though you have not known Me;
⁶That men may know that from the rising to the setting of the sun
That there is no one besides Me.
I am the LORD and there is no other,
⁷The One forming light and creating darkness,
Causing well-being and creating calamity;
I am the LORD who does all these”

45:1	
OAV, NAV, Cum-NLV	“gesalfde”
NASB	“anointed”

In die OT dien dit as titel vir heelwat soorte mense:

1. vir koning Saul, 1 Sam 12:3; 24:6
2. vir die volk van God, Hab 3:13
3. vir die Aartsvaders, Ps 105:15
4. vir die priesters, Lev 4:3,5,16
5. vir Een wat kom, Dan 9:25; Ps 2:2.

Gedurende die tussentyd van die twee testamente het hieruit 'n Messiaanse titel ontwikkel. Die term "Messias" (Kyk *Vir Spesiale Aandag* by 40:14) het uit die Hebreeuse woord "Die Gesalfde" ontwikkel. Dat Kores ook by dié naam genoem was, onderstreep dat uitverkiesing in die OT vir diens bedoel was en nie "saligheid" nie.

- ▣
OAV, Cum-NLV "wie se regterhand"
NAV "as heerser aangestel"
NASB "by the right hand"

Sien *Vir Spesiale Aandag* by 40:2.

- ▣
OAV "terwyl Ek die lendene van konings losgord"
NAV "voor wie Hy konings hulle wapens laat neerlê"
Cum-NLV "om konings se wapens af te vat"
NASB "to loose the loins of kings"

Dit dui op die los maak van die lyfband wat kon beteken dat die los kledingstukke beweging bemoeilik het of dat wapens, wat daaraan gehang het, op die grond geval het (vgl. Cum-NLV, v.5).

- 45:2**
OAV, NAV "voor wie Hy deure oopmaak"
Cum-NLV "en deure... oop te maak"
NASB "rough places smooth"
NKJV "crooked places straight"
NRSV, TEV "level the mountains"
NJB "open gateways"

Die NRSV-weergawe is letterlik vertaal (vgl. 49:1). Die letterlike vertaling kom ook voor in die DSS (Dooie See Rolle) en die LXX (Septuaginta). Berge, as metafoor, dui gewoonlik op probleme wat voorlê of vrese as gevolg daarvan.

- ▣
OAV "koperdeure sal Ek verbreek en ystergrendels stukkend slaan"
NAV "Ek sal bronspoorte oopbreek en sluitbalke van yster stukkend kap"
Cum-NLV "Ek breek bronsdeure oop en slaan ystertralië stukkend"
NASB "Shatter the doors of bronze and cut through their iron bars"

Dit is alles metafore wat aandui dat God Kores 'n suksesvolle stryd sal laat voer teen die ommuurde stede van Mesopotamië en Palestina. Heel interessant is die feit dat die historikus, Herodotus (1:179), daarvan melding maak dat Babilon meer as 100 brons poorte gehad het.

- 45:3**
OAV "skatte wat in die donkerheid is"
NAV "skatte... wat in die donker gebêre word"
Cum-NLV "skatte wat weggesteek is in die donker"
NASB "treasures of darkness"

Dit beskryf die verborge of versteekte rykdomme van Mesopotamië en ryke Van die Nabye Ooste.

45:4

OAV "ter wille van Jakob, my kneg, en Israel my uitverkorene"
NAV, Cum-NLV "ter wille van Jakob my dienaar, van Israel wat Ek uitverkies het"
NASB "For the sake of Jacob My servant, and Israel My chosen one"

Hiermee die eerste van twee redes waarom God Kores aangewend het:

(1) die herstel van sy uitverkore volk

(2) Want Hy wou dat die volk Israel vir die wêreld 'n lig moes wees (v.6), maar Israel was nie 'n lig nie en daarom het God Kores gebruik (Eseg 36:22-38).

▣

OAV "hoewel jy My nie geken het nie"
NAV "hoewel jy My nie ken nie"
Cum-NLV "alhoewel jy My nie eens ken nie"
NASB "though you have not known Me"

Al het Kores die Here nie geken nie, het hy hom nogtans gebruik. In verse 4,5,6 kom 'n woordspel voor met die begrip "ken." In Hebreeus is "ken" nie net 'n verstandelike wete nie, maar 'n intieme, persoonlike verhouding (vgl. Gen 4:1). Kores het op geen manier verdien om deur God gekies en gebruik te word nie. Vir God het dit bloot om sy raadsplan gegaan (kyk Vir Spesiale Aandag by 40:15).

VIR SPESIALE AANDAG: OM TE KEN (met Deuteronomium as leidraad)

Die Hebreeuse woord vir "ken" (BDB 393) het verskeie betekenisse ('n wye semantiese veld):

1. om tussen goed en kwaad te kan onderskei; Gen 3:22; Deut 1:39; Jes 7:14-15; Jona 4:11
2. om te ken deur insig; Deut 9:2,3,6; 18:21
3. om te ken deur ondervinding; Deut 3:19; 4:35; 8:2,3,5; 11:2; 20:20; 31:13; Jos 23:14
4. om te oorweeg; Deut 4:39; 11:2; 29:16
5. om persoonlik bekend te wees met:
 - a. 'n persoon; Gen 29:5; Eks 1:8; Deut 22:2; 33:9
 - b. 'n afgod aan te hang; Deut 11:28; 13:2,6,13; 28:64; 29:26; 32:17
 - c. JHWH; Deut 4:35,39; 7:9; 29:6; 38:26
 - d. iemand seksueel; Gen 4:1,17,25; 24:16; 38:26
6. aangeleerde vaardigheid of kundigheid; Jes 29:11,12; Amos 5:16
7. om oor wysheid te beskik; Deut 29:4; Spr 1:2; 4:1; Jes 29:24
8. God se ken van:
 - a. Moses; Deut 34:10
 - b. Israel; Deut 31:21,27,29

45:5

OAV, NAV, Cum-NLV "Ek is die HERE en daar is geen ander nie"
NASB "I am the LORD and there is no other"

Dit is bekragtiging van monoteïsme (vgl. 44:24; 45:6-7,14,18,21,22, sien *Vir Spesiale Aandag* by 40:14)

▣

OAV, NAV "buiten My is daar geen God nie"
Cum-NLV "Daar is geen ander God as Ek nie"
NASB "Besides Me there is no God"

Nog 'n manier om na monoteïsme te verwys (vgl.44:6,8; 43:11).

▣

OAV "Ek omgord jou"
NAV "Ek rus jou toe"
Cum-NLV "Ek maak jou sterk"
NASB "I will gird you"

Dit beteken om te bewapen. Die wapens het aan die gordel gehang (vgl.v. 1). Dit is die teenoorgestelde van v.1d).

45:6	
OAV	“sodat hulle kan weet van die opgang van die son en van sy ondergang af dat daar buiten My geeneen is nie”
NAV, Cum-NLV	“Dan sal die wêreld van die ooste tot by die weste weet daar is geen ander God as Ek nie”
NASB	“That men may know from the rising to the setting of the sun That there is no one besides Me”

Hier vind herhaling plaas van die verstommende profesie dat God Kores vir dieselfde rede uitverkies het as Israel, naamlik dat Hy in sy selfopenbaring wêreldoor bekend sal word.

45:7 Hierdie vers het heelwat meningswisseling onder kommentatore veroorsaak. Dit wil voorkom dat God die oorsprong van kwaad kan wees. Wat egter hier te kenne gegee word, is dat daar nie dualisme in die heelal bestaan nie. Onderliggend mag hieraan wees ‘n Persies-Zoroastrianistiese invloed, maar ons is onseker of Kores wel deur sodanig gevestigde dualisme beïnvloed kon gewees het. Hierdie vers wil bloot sê dat daar maar slegs een Oorsaaklikheid in die heelal bestaan (Pred 7:14, Amos 3:6b). God is in beheer van alle dinge! Die bose gebruik Hy om sy doel te bereik! Weereens ‘n manier om monoteïsme te bekragtig.

God se skepping en heerskappy word in vers 7 met kontrasterende *Qal* WERKWOORDDEELTJIES in pare aangebied (voorbeelde uit NAV).

1. Ek *maak* die lig (BDB 427, KB 428) en (2) *skep* die donker (BDB 135, KB 153)
3. Ek *gee* voorspoed (BDB 793, KB 889) en (4) *skep* ramspoed (BDB 135, KB 153)
5. Ek *doen* al hierdie dinge (BDB 793, KB 889)

Versigtigheid moet aan die dag gelê word om nie in ‘n enkele vers van poëtiese aard grond vir dogmavorming te vind nie. Inagneming van literatuursoort en konteks is van uiterste belang vir korrekte uitleg.

NASB HERSIENE TEKS 45:8

Vir die Afrikaans hiervan verwys die OAV, NAV, Cum-MVB en Cum-NLV

**⁸Drip down , O heavens, from above,
And let the clouds pour down righteousness;
Let the earth open up and salvation bear fruit,
And righteousness spring up with it.
I, the LORD, created it.**

45:8 Die profeet haak aan by die krisis van sy dag om as voorafskaduwing te dien van God se koninkryk. Vers 6 dien as die bepalende konteks van ‘n ideale toekoms wanneer alle mense die Here sal ken en aanbid; wat immers die doel van die oorspronklike skepping was (Gen 3:8).

- Vers 8 is ‘n reeks IMPERATIEWE, biddend op God se skeppingsorde gerig:
 1. laat die reën uitsak (BDB 950, KB 1271, *Hifil* IMPERATIEF)
 2. laat reën... (BDB 633 , KB 683, *Qal* IMPERFEKTUM; in JUSSIEF aangewend)
 3. breek oop... (BDB 834, KB 986, *Qal* IMPERKTUM; in JUSSIEF aangewend)
 4. laat voorspoed ontkiem... (BDB 826, KB 963, *Qal* IMPERFEKTUM, in JUSSIEF)
 5. laat trou uitspruit... (*Qal* IMPERFEKTUM, BDB 855, KB 1033, in JUSSIEF)

NASB HERSIENE TEKS 45:9-10

Vir die Afrikaans sien die volgende vertalings, nl. OAV, NAV, Cum-MVB of Cum-NLV

⁹Woe to *the one* who quarrels with his Maker –
 An earthenware vessel among the vessels on earth!
 Will the clay say to the potter, ‘What are you doing,’
 Or the thing you are making say, ‘He has no hands’?
¹⁰Woe to him who says to a father, ‘What are you begetting?’
 Or to a woman, ‘To what are you giving birth?’

45:9

OAV “Wee hom wat met sy Formeerder twis – ‘n potskerf tussen erdepotskerwe!”
 NAV “Ellende wag vir hom wat die Een verwyf wat hom gevorm het”
 Cum-NLV “Ellende wag vir hom wat sy Skepper verwyf”
 NASB “woe to *the one* who quarrels with his Maker”

In Jes. 40-45 kom ons dikwels die literêre model van ‘n hoftoneel teë. Nou, met “wee” word ‘n ander profetiese genre aangewend, ‘die begrafnis roubeklag.’ Dit dra ‘n ernstige waarskuwing oor aan Jode, sowel as heidene, wat JHWH se handelswyse bevraagteken. In die geheel verband waarin dit voorkom, weerspieël die “wee” ‘n diepe skokervaring by die Jodendom dat JHWH sowaar heidene insluit! Dit dui op ‘n gevoel ernstige beswaardheid by sommige Jode oor hoe God met redding omgaan (vgl. v.11). Dit stem ooreen met Habakkuk se ongeloof by die gedagte dat God Babilon kan gebruik.

▣

OAV “sal die klei sê aan dié wat dit vorm”
 NAV “Durf die klei vir die een wat dit vorm sê”
 Cum-NLV “Kan die kleipot vir sy Maker sê”
 NASB “Will the clay say to the potter”

Die konsep dat die mens klei in die hande van die pottebakker is, kom algemeen in die Bybel voor. Die rede is dat:

1. die mens van stof en klei geskape is en sal daarheen terugkeer (vgl. Jes 29:16; Jer 18:1 vv; Rom 9:20-21);
2. dit werp lig op JHWH se reg om met sy skepping na goedvinde te handel ten einde sy doel te bereik.

▣

OAV “Hy het geen hande nie”
 NAV, Cum-NLV “Hy kan nie sy hande gebruik nie”
 NASB, NKJV “He has no hands”
 NRSV, JPSOA “Your work has no handle”
 REV, REB “you have no skill”
 NJB “your work has no hands”
 Pesjitta “am I not the work of your hands”
 NAB “what you are making has no hands”

Die bedoeling hiervan kan wees:

1. afgode het nie hande (om mee te handel nie)
2. die vakmanne kort vakkundigheid
3. die kruik het nie handvatsels nie.

Hier is dubbelsinnigheid wat liefs in die lig van die voorafgaande verse (vv.9,10) verstaan moet word ten einde die algemene bedoeling in konteks te verstaan: ‘Dit wat geskep word kan nie die werke van die Skepper bevraagteken nie.’

NASB HERSIENE TEKS 45:11-13

Vir die Afrikaans hiervan raadpleeg die OAV, NAV, Cum-MVB en Cum-NLV

¹¹Thus says the LORD, the Holy One of Israel, and his Maker;
 “Ask Me about the things to come concerning My sons,
 And you shall commit to Me the work of My hands.
¹²It is I who made the earth, and created man upon it.
 I stretched out the heavens with My hands
 And I ordained their entire host.
¹³I have aroused him in righteousness
 And I will make all his ways smooth;
 He will built My city and will let my exiles go free,
 Without any payment or reward,” says the LORD of hosts.

45:11 Hierdie vers begin met ‘n aantal titels vir God (NAV):

1. JHWH
2. die Heilige van Israel
3. die Skepper van Israel (BDB 427, KB 428; *Qal* DEELWOORD)

Die UBS Text Project (bl. 125: “Question me about the things to come, (but) as to my sons and the work of my hands, let me take care of them!) ”Vgl. Cum-NLV: “Betwyfel julle wat Ek doen... ?” en NAV: “Durf julle aan My voorskryf...!” (vert.).

45:12

OAV	“en Ek het aan sy ganse leërskaare bevel gegee”
NAV	“En Ek het aan al die hemelliggame hulle opdragte gegee”
Cum-NLV	“Al die miljoene sterre staan onder My bevel”
NASB	“And I ordained all their host”

Hier beklemtoon JHWH opnuut sy unieke posisie as Skepper van die hemel en die aarde. Die Babiloniërs het die sterre en planete aanbid. Hierdie is kragtige standpunt inname dat die ganse hemelruim onder sy bevel staan (BDB 845, KB 1010, Pl’el PERFECTUMs) vgl. 40:26. Die betuiging van JHWH as Skepper en heerser oor die hemelliggame (son, maan, sterre, planete en komete) dien ‘n doel, naamlik om in die lig van Gen 1 astrale aanbidding as dwaasheid af te maak.

In Jes 24:21-22 word onder “leërskaare” die engelagtige magte verstaan wat invloed oor die nasies uitoefen (vgl. die LXX weergawe van Deut 32:8 en Daniël 10). Of dit nou engelagtiges is of hemelliggame, JHWH is in beheer van alle hemelwesens wat deur bewoners van die aarde “god” (*elohim*) genoem mag word.

VIR SPESIALE AANDAG: ENGELE EN DIE DEMONIESE

A. Die mense van die antieke wêreld was animiste; hulle het persoonlikheid of persoonlikheidstrekke aan natuurkragte en fisiese voorwerpe toegeskryf. Die lewensloop is verklaar op grond van interaksie tussen hierdie geestelike bonatuurlikheid (entiteit) en die mensdom.

B. Hierdie personifikasies het tot die ontstaan van politeïsme (veel godendom) aanleiding gegee. Gewoonlik was die demoniese (*genii*) as gode van laer rang beskou, wat met goed of sleg individuele, menslike lewe beïnvloed het:

1. Mesopotamië, chaos en stryd
2. Egipte, orde en funksionaliteit
3. Kanaän, sien W F Albright se *Archaeology and the Religion of Israel*, 5de uitgawe, bl. 67-92

C. Moontlik vanweë sy sterk monoteïstiese inslag, het die OT weinig aandag gegee aan “laer godendom” of engele of die demonise, of wou nie die gedagte ontwikkel nie (vgl Eks 8:10; 9:14; 15:11; Deut 4:35,39; 6:4; 33:26; Ps 35:10; 71:19; 86:6; Jes 43:10-11; 45:21-22; 46:9; Jer 10:6-7; Mig 7:18). Die vals gode (*shedim* – Deut 32:17; Ps 106:37) van die heidennasies word in sommige gevalle wel genoem:

1. *Se’im* – god van wellus of harige demone; Lev 17:7; 2 Kron 11:15
2. *Lilith* – vroulik, verleidster demon; Jes 34:14

3. *Mavet* – Hebreus vir dood, Kanaänitiese god van die onderwêreld; Jes 28:15,18; Jer 9:21 en moontlik Deut 28:22
4. *Resheph* – plaag, Deut 33:29; Ps 78:48; Hab 3:5
5. *Dever* – pessiëkte Ps 91:5-6; Hab 3:5
6. *Az'azel* – naam is onseker, maar moontlik 'n woestyngod of pleknaam; Lev 16:8,10,26 (Hierdie voorbeelde is uit die *Encyclopaedia Judaica* geneem, vol. 5, bl. 1523).

Nietemin, wat die OT betref, is daar geen dualisme, of bestaansreg vir 'n engele/geestelike wêreld, onafhanklik van JHWH nie. Satan is 'n dienaar van JHWH (vgl Job 1-3; Sag 3), nie 'n vyand nie (vgl. A B Davidson, *A Theology of the Old Testament*, bl 300-306).

D. Judaïsme het gedurende die Babiloniese Ballingskap ontwikkel (586-538 v.C.). Dit is teologies deur die dualisme en personifikasies van Zoroastrianisme (uit Persië) beïnvloed; 'n goeie, verhewe god met die naam van *Mazda* of *Ormazd* en sy bose opponent by name *Ahriman*. So ontstaan in die na-ballingskapse Judaïsme die gepersonifieerde dualisme tussen JHWH en sy engele versus Satan met sy demoon-engele.

Die teologie van Judaïsme oor gepersonifieerde boosheid is goed gedokumenteer en verduidelik in Alfred Edersheim se *The Life and Times of Jesus the Messiah*, vol. 2, bylaag XIII, bl. 748-763 en XVI, bl. 770-776. Judaïsme het die bose op drie maniere gepersonifieër:

1. Satan of Sammael
2. bose bedoelinge in die mensdom self (*yetzer hara*)
3. die Engel van die Dood

Edersheim karakteriseer personifikasies as (1) aanklaer, (2) die Versoeker, (3) die Straftoediener (vol.2 bl. 756). Daar is teologies opmerkbare verskille tussen die na-ballingskapse Judaïsme en die Nuwe Testamentiese aanbidding en verduideliking van boosheid.

E. Die NT, in besonder die Evangelies, bevestig die bestaan en teenkating van die kant van bose, geestelike wesens gerig op die mensdom en teenoor JHWH. In die OT is Satan 'n vyand van die mensdom, maar hy beklee nie so 'n status teenoor God nie. Die bose geeste opponeer God se wil, sy heerskappy en koninkryk. Jesus het hierdie demoniese wesens (ook onrein geeste genoem in Luk 4:36; 6:18; of bose geeste in Luk 7:21; 8:2) gekonfronteer en uit menslike wesens uitgedryf. Jesus het 'n duidelike onderskeid getref tussen siekte, hetsy fisiek of breindisfunksie, en demoniese inwoning. Hy het sy mag en geestelike insig aangewend om sulke bose geeste te onderskei en uit te dryf. Hulle het Hom dikwels herken en probeer om met Hom en oor Hom te praat, maar Hy het hulle getuienis verwerp, hulle tot swye gemaak en hulle uitgewerp.

Daar is verrassend min inligting oor dié onderwerp in die NT se Apostelbriewe. Duiweluitdrying het nie die lys van gawes van die Gees gehaal nie en geen metodiek of prosedure word vir toekomstige geslagte, vir leraars en gelowiges, aanbeveel nie.

F. Die Bose is 'n realiteit; boosheid het 'n persoonkarakter; dit is oral teenwoordig. Die oorsprong daarvan is nie bekend nie en die doel daarvan is nie ten volle geopenbaar nie. Die Bybel erken die werklikheid daarvan, maar staan die invloed daarvan aggressief teen. Dit is egter nie die werklikheid van 'n absolute dualime nie; God is absoluut en algeheel in beheer. Boosheid is verslaan en veroordeel (die eerste koms van Jesus) en dit sal uit die skepping verwyder word met sy Tweede Koms.

G. God se volk moet die Bose teenstaan (vgl. Jak 4:7). Dit kan nie God se kinders oorheers en beheers nie (1 Joh 5:18), maar hulle kan aan versoeking toegee met skade wat betref hulle getuienis en invloed (vgl Ef 6:10-18). Dit is geopenbaar dat boosheid 'n werklikheid is en daarmee moet rekening gehou word. Moderne Christene het nie die reg om hierdie openbaringskennis oor die Bose te herdefinieër nie (die demitologisering van Rudolf Bultmann); ook nie om die Bose tot onpersoonlike entiteit te verklaar nie (die sosiale strukture van Paul Tillich); of om dit bloot in sielkundige terme uit te lê nie (Sigmund Freud); die invloed daarvan dring immers oral in en word oral gevoel. Gelowiges moet wandel as oorwinnaars in Christus.

14:13

OAV

“Ek het hom verwek in geregtigheid”

NAV

“Ek het Kores te voorskyn laat tree om reg te laat geskied”

Cum-NLV

“Ek het Kores opgeroep om reg te doen”

NASB "I have aroused him in righteousness"

Die NIV vertaal "him"/hom met Cyrus/Kores (vgl. ook NAV en Cum-NLV). JHWH het Kores opgewek om sy wil te doen. Daarmee word bedoel dat (1) Kores spoedig algehele oorwinnings behaal het, en (2) dat Kores 'n dekreet uitgevaardig het wat alle balling volke toegelaat het om huiswaarts te keer en hulle nasionale heiligdomme te herbou. Hierdie dekreet was in 538 uitgevaardig, een jaar na die val van Babilon.

□	
OAV	"sonder koopprys en sonder geskenk"
NAV	"sonder dat hy betaling of 'n geskenk daarvoor ontvang"
Cum-NLV	"Hy sal nie beloon word vir wat hy doen nie"
NASB	"Without any payment or reward"

JHWH vergun Kores II oorwinnings en op sy beurt sou hy Israeliete die reg verleen om na Juda terug te keer sonder omkoop geskenk of enige vergoeding (TEV).

The Jewish Study Bible (bl. 876) is van mening, na aanleiding van vers 5, dat JHWH Kores wel vergoed het.

NASB HERSIENE TEKS 45: 14-17

Vir die Afrikaans hiervan sien die OAV, NAV, Cum-NLV, Cum MVB

¹⁴Thus says the LORD,
"The products of Egypt and the merchandise of Cush
And the sabeans, men of stature,
Will come over to you and will be yours;
They will walk behind you, they will come over in chains
And will bow down to you;
They will make supplication to you;
'Surely, God is with you and there is no one else,
No other God.'"
¹⁵Truly, You are a God who hides Himself,
O God of Israel, Savior!
¹⁶They will be put to shame and even humiliated, all of them;
The manufacturers of Idols will go away together in humiliation.
¹⁷Israel has been saved by the LORD
With an everlasting salvation;
You will not be put to shame or humiliated
To all eternity.

45:14 Dit is onseker of vv.14-17 as 'n literêre eenheid beskou moet word. Dit is duidelik dat vv.15-17 na Israel verwys. Die moontlikheid bestaan dat vers 14 na Persië verwys (vgl. 43:3) en nie na Juda nie. In elk geval word die genoemde nasies as losprys vir die volk van God gegee, aldus 43:3. In 45:20-22 word verwag dat die hele wêreld na God toe sal kom. Met dit in gedagte kan die subjek van vers 14 wel Juda wees. Hier is 'n groot ooreenkoms met daardie profesieë wat die nasies na 'n herboude Sion sien stroom, vgl. 2:2-4; 60:1 vv. Ps 72:8-11.

Die samevattende reëltjie in vers 14, "Hy is die enigste God" (Cum-NLV) loop uit op vers 16; "hulle" –die afgode en hulle aanbidders sal:

1. "verneder word" (Cum-NLV); BDB 487, KB 480, *Nifal* PERFECTUM);
 2. "en in die skande kom" (Cum-NLV); BDB 101, KB 116, *Qal* PERFECTUM.
- Maar dit geld nie Israel nie (v.17).

45:15 Let op die name vir God:

1. God (El, BDB 42)
2. God (Elohim, BDB 43) van Israel

3. Redder (BDB 446).

Die Redder van Israel het Hom van Israel verberg vanweë hulle sonde en wederstrewigheid (vgl. 1:15; 8:17; 54:8; 57:17; Ps 44:24; 88:14; kyk ook Job 13:24). Maar, met behulp van Kores II, was die tyd van oordeel nou verby (40:2) en die tyd van herstel het aangebreek.

Die AB, vol 20 bl. 82, is van mening dat hierdie verborgenheid op daardie stadium in Israel se geringheid en onbenulligheid waargeneem kon word.

45:16 Sien die aantekening by vers 14. Vers 16 is 'n teologiese parallel met 44:11.

45:17 Dit is 'n wonderlike belofte, maar die leser moet in ag neem dat dit afhanklik is van 'n voorwaarde, naamlik Israel se verbondsgehoorsaamheid. Dat hierdie as 'n immer geldige bewysplaas vir 'n belofte opgevat kan word, moet daarmee rekening hou dat Israel weer oorwin is deur die Grieke en later deur die Romeine. Verbondsgehoorsaamheid plaas 'n perk op die ligtelike opneem van teksbeloftes.

Die probleem was nie dat JHWH kort was aan liefde en beloftes nie, maar dit was Israel se onvermoë om die Here se geboorte te onderhou.

Die Hebreeuse woorde "vir ewig"/"vir altyd" (OAV/Cum-NLV) en "ewigheid" (BDB 761), berus op wye semantiese (betekenis) veld. Sien die *Vir Speciale Aandag* wat hier volg.

VIR SPESIALE AANDAG: EWIG ('*olam*)

Die etimologie van die Hebreeuse woord '*olam*', עולם (BDB 761) is onseker (NIDOTTE, vol. 3 bl 345). Dit word op verskeie wyses aangewend soos bepaal deur die konteks. Wat hier volg is slegs 'n greep uit die talle voorbeelde:

1. antieke dinge
 - a. mense, Gen 6:4; 1 Sam 27:8; Jer 5:15;28:8
 - b. plekke, Jes 58:12; 61:4
 - c. God, Ps 93:2; Spr 8:23; Jes 63:16
 - d. dinge, Gen 49:26; Job 22:5; Ps 24:7,9; Jes 46:9
 - e. tyd, Deut 32:7; Jes 51:9; 63:9,11
2. toekomstige tyd
 - a. 'n menselewe, Eks 21:6; deut 15:17; 1 Sam 1:22; 27:12
 - b. koning op oordrywende wyse toegewens, 1 Kom 1:31; Ps 61:7; Neh 2:3
 - c. oneindige bestaan,
 - (1) die aarde, Ps 78: 69; 104:5; Pred 1:4
 - (2) die hemele, Ps 148:6
 - d. die bestaan van God
 - (1) Gen 21:23
 - (2) Eks 15:18
 - (3) Deut 32:40
 - (4) Ps 93:2
 - (5) Jes 40:28
 - (6) Dan 12:7
 - e. die verbond
 - (1) Gen 9:12,16; 17:7,13,19
 - (2) Eks 31:16
 - (3) Lev 24:8
 - (4) Num 18:19
 - (5) 2 Sam 23:5
 - (6) Ps 105:10
 - (7) Jes 24:5; 55:3;61:8
 - (8) Jer 32:40; 50:5

- f. 'n besondere verbond met Dawid
- (1) 2 Sam 7:13,16,25,29; 22:51; 23:5
 - (2) 1 Kon 2:33, 45; 9:5
 - (3) 2 Kron 13:5
 - (4) Ps 18:50; 89:4,28,36,37
 - (5) Jes 9:7; 16:5; 37:35; 55:3
- g. die Messias/Gesalfde van God
- (1) Ps 45:2; 72:17; 89:35-36; 110:4
 - (2) Jes 9:6
- h. die wette van God
- (1) Eks 29:28; 30:21
 - (2) Lev 16:8,22; 7:34; 10:15
 - (3) Num 18:8,11,19
 - (4) Ps 119:89,160
 - (5) Jes 59:21
- i. die beloftes van God
- (1) 2 Sam 7:13,16,25; 22:51
 - (2) 1 Kon 9:5
 - (3) Ps 18:50
 - (4) Jes 40:8
- j. aan Abraham se nageslag die Beloofde Land
- (1) Gen 13:15; 17:19; 48:4
 - (2) Eks 32:13
 - (3) 1 Kron 16:17
- k. verbondsfeeste
- (1) Eks 12:14,17:24
 - (2) Lev 23:14,21,41
 - (3) Num 10:8
- l. ewigheid sonder einde
- (1) 1 Kon 8:13
 - (2) Ps 61:7-8; 77:8; 90:2; 103:17; 145:13
 - (3) Jes 26:4; 45:17
 - (4) Dan 9:24
- m. wat, volgens die Psalms, gelowiges ewig sal doen
- (1) dank betuig, Ps 30:12; 79:13
 - (2) leef in God se teenwoordigheid, Ps 41:12; 61:4,7
 - (3) verlaat op sy barmhartigheid
 - (4) die HERE loof, Ps 52:9
 - (5) sy lof besing, Ps 61:7; 89:1
 - (6) sy geregtigheid roem, Ps 75:9
 - (7) sy Naam verheerlik, Ps 86:12; 145:2
 - (8) sy naam seën, Ps 145:1
- 3 soos dit van altyd af was en vir altyd sal wees (van ewigheid tot ewigheid)
- a. Ps 41:13, lof aan God
 - b. Ps 90:2, om ewig God te wees
 - c. Ps 103:17, onverganklike liefde en trou.

Hou in gedagte dat konteks die duur van die term bepaal. Die ewige verbonde en beloftes is aan voorwaardes gekoppel (vgl Jeremia 7). Wees daarop bedag om nie jou moderne begrip van tyd en jou NT sistematiese teologie in die OT se gebruik van die woord in te lees nie. Dit is 'n woord met wye betekenisvelde (vloeibaar) wat op sy eie verstaan moet word sonder die universele NT inkleding van OT beloftes.

NASB HERSIENE TEKS 45:18-19

Hierdie gedeelte kan vir die Afrikaans daarvan in die OAV, NAV en Cum-NLV nagegaan word

**18 For thus says the LORD ,who created the heaven;
(He is the God who formed the earth and made it,
He established it *and* did not create it a waste place,
But formed it to be inhabited),
“I am tye LORD, and there is none else.
19 I have not spoken in secret,
In some dark land;
I did not say to the offspring of Jacob,
‘Seek Me in a waste place’;
I, the LORD, speak righteousness,
Declaring things that are upright.**

45:18

OAV “Hy het dit nie geskape om woese te wees nie”
NAV “dit gevorm het, nie om leeg te wees nie”
Cum-NLV “Hy het dit nie gedoen om leeg te wees nie”
NASB “He established it and did not create it a waste place”

Dit is ‘n verwysing na Gen.1:2. Dis moontlik om te vertaal met (“sonder vorm” – BDB 1062, vgl. NAV). God het deurentyd ‘n doel met sy skepping gehad. Hy wou hê dat dit bewoon moes wees. Daar was ontwikkeling in die skepping van God. Daar is nie ‘n onderbreking tussen Gen 1:1 en 1:2 nie (Gap Theory).

▣

OAV “*maar* dit geformeer om bewoon te word”
NAV, Cum-NLV “*maar* om bewoon te word”
NASB “*But* formed it to be inhabited”

Hieroor het die rabbyne druk uitgeoefen dat almal hulle in die huwelik moet begewe (Gen 1:28; 9:1,7).

45:19 JHWH het in hierdie gedeelte herhaaldelik aangedui dat Hy die een is wat verhoor en handel; Hy wat die toekoms ken en die koers daarvan bepaal! So ‘n teologiese gegewe is die primêre bewys van sy bestaan! ‘n Verdere bewys van sy bestaan, is inderdaad die terugkeer van Israel na die Beloofde Land.

NASB HERSIENE TEKS 45:20-25

Vir die Afrikaans hiervan sien die OAV, NAV, Cum-MVB of Cum – NLV

²⁰**Gather yourselves and come;
Draw near together you fugitives of the nations;
They have no knowledge,
Who carries their wooden idol
And pray to a god who cannot save.
²¹declare and set forth *your case*;
Indeed, let them consult together.
Who has announced this from of old?
Who has long since declared it?
Is it not the LORD?
And there is no other God besides Me.
A righteous God and a Savior;
There is none except Me.
²²Turn to Me and be saved, all the ends of the earth;
For I am God and there is no other.**

²³I have sworn by Myself,
The word has gone forth from My mouth in righteousness
And will not turn back,
That to Me every knee will bow, every tongue will swear *allegiance*.’
²⁴They will say of Me, only in the LORD are righteousness and strength.’
Men will come to Him,
And all who were angry at Him will be put to shame.
²⁵In the LORD all the offspring of Israel
Will be justified and will glory.

45:20

OAV “Versamel julle en kom, kom almal nader, julle wat uit die nasies ontvlug het. Hulle weet niks... “

NAV “kom almal bymekaar, kom nader vir die beslissing, vlugteling uit die nasies... het geen insig nie”

Cum-NLV “Kom almal vir ‘n vergadering bymekaar, julle almal uit die nasies wat rondhardloop. Hoe dwaas is almal”

NASB “Gather yourselves and come
Draw near together, you fugitives of the nations;
They have no knowledge”

Sommige is van mening dat dit op die verstrooide Israel dui wat huis toe kom (“julle wat uit die nasies ontvlug het” v.25 – OAV, NAV). Ander beskou dit as ‘n algemene uitnodiging aan die heidennasies, soos reeds aangedui in vv.6,22,23 (vgl. Rom 14:11; Fil 2:10). In hierdie konteks is albei moontlikhede aanvaarbaar.

Daar word ‘n reeks opdragte in verse 20-22 gegee wat mense aanmoedig om op JHWH se toeganklikheid te reageer:

1. “kom almal bymekaar” (NAV, v.20); BDB 867, KB 1062, *Nifal* IMPERATIEF
2. “en kom” (OAV, v.20); BDB 97, KB 112, *Qal* IMPERATIEF
3. “(kom) nader” (NAV, v.20); BDB 620, KB 670; *Hifil* IMPERATIEF
4. “Wend” (OAV, v.22); BDB 815, KB 937, *Qal* IMPERATIEF
5. “gered kan word” (NAV, v.22); *Nifal* IMPERATIEF

▣

OAV “wat die hout van hul gesnede beeld dra”

NAV “Die wat afgodsbeelde dra wat van hout gemaak is”

Cum-NLV “wat hulle afgodsbeelde van hout rond dra”

NASB “who carry about their wooden idol”

Hierdie is ‘n beroep op die nasies om hulle afgode, wat niks kan doen nie, te laat vaar en na die handelende God van Israel vir hulle redding te kom.

45:21 Hierdie is beeldspraak teen ‘n hofagtergrond. Dit voorspel (1) die suksesse van Kores, (2) die terugkeer van Israel om die evangelie diensbaar te wees en die wêreld na God toe te lei. Hier word JHWH ‘n “Redder” genoem, wat, kragtens hierdie konteks, nie net die Jode nie, maar die hele wêreld impliseer (vgl. v.22). Die implikasie van monoteïsme is hier ook opvallend aanwesig; Een God wat alle mense, na sy beeld geskape, lief het. Sien *Vir Spesiale Aandag* by 40:14 en kyk weer Gen 1:26-27.

45:22

OAV “Wend julle tot My”

NAV “Kom na My toe”

Cum-NLV “laat... na My toe kom”

NASB “Turn to Me”

‘n Hebreeuse woord wat aanbidding impliseer (BDB 815, KB 937). Namate mense hulle tot die Here inkeer, laat hulle hul afgodediens en sonde agter (vgl. 55:7). Mense het ‘n keuse: hulle kan hulle tot JHWH wend en gered word of hulle op afgode verlaat (Lev 19:4,31; 20:6; Deut 31:18,20) en sonder hoop gelaat word.

□	
OAV	“Wend julle tot My en laat julle red, alle eindes van die aarde”
NAV	“Kom na My toe dat julle gered kan word, almal op die aarde”
Cum-NLV	“Laat die hele wêreld na My toe kom sodat julle gered kan word”
NASB	“and be saved, all the ends of the world”

Hiermee word ‘n universele verlossing aangebied vir alle mense wat berouvol op JHWH sal vertrou onder die besef dat daar geen ander God is nie (vgl. v.21). Hierdie universele karakter van die oproep tot verlossing is eie aan Jesaja (2:2-4; 12:4-5; 25:6-9; 42:6-12; 49:5-6; 51:4-5; 60:1-3; 66:23). Omrede die *Nifal* IMPERATIEF kan dit ook vertaal word met “red julle self,” wat as woordspel na aanleiding van Gen 12:3b beskou kan word (“al die volke”/“eindes van die aarde” – *red julleself*)!

45:23	
OAV	“Ek sweer by Myself”
NAV	“Ek lê ‘n eed af in my eie naam”
Cum-NLV	“Ek lê ‘n eed af by my naam”
NASB	“I have sworn by Myself”

‘n Eed op hoër gesag is nie moontlik nie!

□	
OAV	“Ek sweer by Myself; geregtigheid gaan uit my mond, ‘n woord wat nie herroep word nie”
NAV	“Ek lê ‘n eed af in my eie naam, wat Ek sê, is betroubaar,... wat nie onvervul sal bly nie”
Cum-NLV	“Ek lê ‘n eed af by my Naam, en sal nooit teruggaan op wat Ek gesê het nie”
NASB	“The word has gone forth from My mouth in righteousness and will not turn back”

Hier blyk ‘n antieke opvatting in die krag van ‘n gesproke woord (vgl. 24:3; 25:8; 40:8; 55:10-11). God het die woord gespreek wat wil dat die hele wêreld gered sal word (Joh 3:16).

□	
OAV	“dat voor My elke knie sal neerbuig, by My elke tong sal sweer”
NAV	“voor My sal elke knie buig, in my naam sal elke tong ‘n eed aflê”
Cum-NLV	“Elke knie sal voor My buig en elke mond sal lojaliteit aan My sweer”
NASB	“That to Me every knee will bow, every tongue will swear <i>allegiance</i>”

Hier gaan dit om JHWH, maar in Fil.2:10 bely almal en alles in die skepping bewustelik dat Jesus Christus die Here is. Volgens konteks is dit weereens duidelik dat God wil hê dat die hele wêreld na Hom toe sal kom en dat dit ‘n universele aanbod is wat deur Christus as Messias moontlik gemaak word (vgl. Mark 10:45; 2 Kor 5:21).

Hier is ‘n duidelike teologiese lyn getrek. As die NT openbaring is, moet die OT beloftes aan nasionale Israel in ‘n veel wyer verband verstaan word.

VIR SPESIALE AANDAG: KRITIES NOODSAAKLIKE OPMERKINGS OOR OPENBARING

Gedurende jare van bestudering van die eskatologie het dit vir my duidelik geword dat die meeste Christene nie geïnteresseerd is in ‘n gesistematiseerde, chronologiese beskouing van die eindgebeure nie. Daar is Christene wat op hierdie aspek van die Christendom fokus en vassteek om teologiese, sielkundige en denominasionele redes. Hulle obsessie wentel om die vraag hoe die einde sal kom en daarmee ontgaan die dringendheid van evangelieverkondiging hulle heeltemal. Gelowiges kan immers niks aan- of afdoen aan God se eindtyd agenda nie. Hulle kan wel betrokke wees by die evangelie-opdrag van Mat 28:19-20; L uk 24:47; Han 1:8. Die meeste gelowiges aanvaar die Tweede Koms van Christus en ‘n voleinding waartydens die beloftes van God in vervulling sal gaan. Die baie meningsverskille ontstaan weens die menslike onvermoë om die paradokse oor die tyd daarvan te begryp:

1. die spanning tussen die OT profetiese modelle en die NT apostel-modelle
 2. die spanning tussen monoteïsme se een God vir almal en Israel as uitverkore volk
 3. die spanning tussen verbondsverpligtinge (as julle... dan) en die onvoorwaardelike trou van God wat betref die redding van 'n gevalle mensdom
 4. die spanning tussen Midde-Oosterse literêre vorme en Westerse letterkundige modelle
 5. die spanning oor die Koninkryk van God wat "reeds gekom het" en wat "nog kom"
 6. die spanning oor die "nabye" wederkoms van Christus, maar sekere gebeure moet dit voorafgaan.
- Ons bekyk hierdie "spanninge" een vir een.

SPANNING EEN (die OT rasgebonde, nasionaal geografiese sienswyse in spanning met alle gelowiges oor die wêreld heen).

Die profete van die OT het 'n herstel van die Joodse koninkryk in Jerusalem voorspel, onder heerskappy van 'n regeerder uit die Dawidlinie, waar al die volke van die wêreld sal saamkom, maar Jesus en sy apostels het nie op dié agenda gesteun nie. Is die OT nie "geïnspireerd" nie of het die NT skrywers noodsaaklike eindgebeure oor die hoof gesien?

Hier volg 'n verskeidenheid bronne van inligting oor die einde van die wêreld:

1. profete van die OT (Jesaja, Miga, Maleagi)
2. apokaliptiese skrywers van die OT (Eseg 37-39; Dan 7-12, Sagaria)
3. nie-kanonieke boeke van tussen OT en NT deur apokaliptiese skrywers (bv 1 Henog, aangehaal in Judas)
4. mededelings van Jesus (Mat 24, Mark 13, Luk 21)
5. geskrifte van Paulus (1 Kor 15; 2 Kor 5; 1 Tes 4-5; 2 Tes 2)
6. geskrifte van Johannes (1 Johannes en Openbaring)

Gee hulle enige aanduiding van volledige besonderhede wat in die eindtyd wag (oor gebeure, persone of kronologie)? Indien nie, hoekom nie? Is hulle almal, behalwe die tussen-testamentêre Joodse skrywers, nie geïnspireerd nie?

Die Heilige Gees het aan OT skrywers waarhede geopenbaar in terme en kategorieë wat hulle kon verstaan. Maar deur progressiewe openbaring het die Gees hierdie metafore tot begrippe van universele omvang uitgebrei "die misterie van Christus" (vgl. Ef 2:11 - 3:13). Sien *Vir Spesiale Aandag* by 10:7. Hier volg enkele toepaslike voorbeelde:

1. Die stad Jerusalem word in die OT as metafoor vir die volk van God gebruik (Sion), maar dit word in die NT deurgegee as die simbool van God se aanvaarding van alle berouvolle, gelowige mense (die Nuwe Jerusalem van Openb 21/22.) So word Gen 3:15 teologies uitgebou van fisiese stad tot 'n "nuwe volk van God" (gelowige Jode en nie-Jode). Hierdie belofte van God het bestaan voordat daar sprake was van 'n Joodse volk en 'n Joodse hoofstad. Selfs die roeping van Abraham (Gen 12:1-3) sluit duidelik die heidene in (Gen 12:3; Eks 19:5).
2. In die OT is die vyande van God se volk al **die nasies rondom in die** Nabye Ooste, maar in die NT omvat die begrip al die ongelowige, ongodelikes wat deur Satan teen God aangepor word. Die stryd het aangegroei van 'n streekkonflik tot 'n universele, kosmiese konflik (vgl Kolossense).
3. Die Beloofde Land, so swaar op die hart van die volk van die OT gelê (vgl. Gen 12:7; 13:15; 15:7,15; 17:8), omsluit nou die hele wêreld. Die Nuwe Jerusalem daal neer op 'n nuwe aarde en nie net maar eksklusief op 'n stukkie Nabye Ooste nie (Openb 21/22).
4. Ander uitgebreide OT opvattinge is soos volg:
 - a. die nageslag van Abraham is die geestelik besnedenes (Rom 2:28-29);
 - b. die verbondsgemeenskap sluit nou die (bekeerde) heidendom in (vgl. Hos 1:10; 2:23; aangehaal in Rom 9:24-26; asook ev 26:12; Eks 29:45; aangehaal in 2 Kor 6:6-18 en Eks 19:5; Deut 14:2; aangehaal in Tit 2:14);
 - c. die tempel is nou Jesus (vgl. 26:61; 27:40; Joh 2:19-21) en deur Hom die plaaslike kerk (vgl. 1 Kor 3:16) en die individuele gelowige (vgl. 1 Kor 6:19);
 - d. selfs Israel en haar beskrywing in karakteristieke OT frases dui nou op die hele volk van God (bv "Israel", Rom 9:6; Gal 6:16; verder 'n "koninkryk van priesters" dui op die hele volk van God; vgl. 1 Pet 2:5,9-10; Openb 1:6).

Die profetiese model is vervul, uitgebrei en sluit nou meer in. Jesus en die Apostelskrywers handel nie oor die eindtyd op soortgelyke wyse as die OT profete nie (vgl. Martin Wyngaarden, *The future of the Kingdom in Prophecy and fulfilment*). Hedendaagse skrifvervaarders wat probeer om die OT meer letterlik of normatief te

verstaan, maak van die openbaring 'n erg Joodse boek en dring "betekenis" op aan losstaande medelinge van Paulus en Christus. Die NT skrywers het die OT profete nêrens teëgegaan nie, maar toon hulle uiteindelijke, universele betekenis aan. Daar bestaan nie so-iets as 'n logiese sisteem in Jesus en Paulus se eskatologie nie. Dit was in hulle geval merendeels van soteriologiese (reddende) of pastorale aard (1 Kor 15:58; 1 Tes 4:18).

Maar daar is selfs spanning in die NT. Die eskatologie word nie sistematies aangebied nie. Dit is selfs verbasend hoe die Openbaringsboek na die OT terugreik en nie van Jesus se leringe oor eskatologie gebruik maak nie (vgl. Mat 24; Mark 13)! Dit haak by genre aan wat Sagaria, Esegïel en Daniël insieër het, hoewel daar 'n ontwikkeling was van Joods- apokaliptiese literatuur gedurende die intertestamentêre tyd. Dit mag Johannes se manier wees om (met Openbaring) 'n band tussen die Ou Verbond en die Nuwe Verbond te bewerkstellig. "It", "Dit" (sic – vert.) vertoon die eeu-oue patroon van die mens se rebellie en God se verbintenis tot verlossing. Maar daar moet op gelet word dat, alhoewel die Openbaringsboek OT taal, persoonlikhede en gebeurtenisse gebruik, dit alles herinterpreteer word in die lig van eerste-eeuse Rome (vgl. Openb 1:7).

SPANNING TWEE (Monoteïsme teenoor 'n "uitverkore volk")

Die klem van die Bybel val op een persoonlike God, wat Gees, Skepper en Verlosser is (Eks 8:10; Jes 44:24; 45:5-7,14,18,21-22; 46:9; Jer 10:6-7). Op sy dag was die OT uniek omrede die monoteïsme. Alle volke rondom was politeïsties. Dat God Één is, was die hart van die OT openbaring (Deut 4:6). Die skepping dien as die verhoog waarop God sy vriendskapsverhouding (fellowship) met die mens, geskape na sy beeld, tot stand wou bring (Gen 1:26-27). Maar die mens het oortree en teen teen God se liefde, leiding en doel vir hulle gesondig (vgl. Gen 3). God was egter met sy groot liefde en doel so vasberade dat Hy aan die gevallenes 'n belofte van komende verlossing gemaak het (Gen 3:15).

Die spanning het ontstaan toe God een man, sy familie en een nasie gekies het om die boodskap na die mensdom oor te dra. Sy verkiesing van Abraham en die Jode as 'n Koninkryk van priesters het tot hoogmoed gelei eerder as diens, uitsluiting van mense eerder as insluiting. Die roeping van Abraham was daarop gemik om al die nasies te seën (Gen 12:3). Hou in gedagte dat uitverkiesing in die OT op diens gerig was en nie redding nie. Israel se hoop op ewige verlossing was nie op geboortereg gebaseer nie (vgl. Joh 8:35-59; Mat 3:9), maar het saamgehang met persoonlike geloof en gehoorsaamheid (Gen 15:6 aangehaal in Rom 4). Israel se opdrag om 'n koninkryk van priesters te wees, het op die kerk oorgegaan (Jes 1:6; 2 Pet 2:5-9). Verkiesing is 'n mandaat en moenie in bevoorregting ontaard nie, dis 'n indiensstelling, nie 'n spesiale status nie! God het een uitverkies teneinde almal te kies!

SPANNING DRIE (Verbondsverpligtinge teenoor genadeverbond).

In die verbonde is daar 'n spanning oor verbond wat verpligtinge as voorwaarde het en 'n verbond sonder voorwaardes (Gen 15:12-21). Dit moet verseker verstaan word dat God se verlossingsplan nie voorwaardes stel nie, maar dat die mens se reaksie op die genadeverbond altyd 'n voorwaarde is. Die "as... dan" patroon kom reg deur die Skrif in OT en NT voor. God is getrou (onvoorwaardelik), maar die mens is ontrou (voorwaardes geld). Hierdie spanning (kontras) het tot baie verwarring aanleiding gegee. Skrifuitleggers was geneig om net op een kant van die dilemma te fokus: oorbeklemtoning van God se getrouheid of die mens se aandeel, oorbeklemtoning van God se soewereiniteit of dat die mens 'n vrye wil het. Altwee kante van die saak is Bybelsgefundeerd en moet in ag geneem word.

Dit werp lig op God se beloftes aan Israel in die OT. Wat God ookal belof het, dit staan vas. God is aan sy beloftes gebonde. Dit gaan per slot van sake om sy reputasie (vgl. Eseg 36:22-38). Die onvoorwaardelike en voorwaardelike van die verbonde word in Christus versoen en nie in Israel nie (vgl. Jes 53). God se verbondstrou kom in verlossing tot uiting teenoor almal wat sonde bely en glo. Dit vra nie wie jou vader en moeder was nie. Israel (nageslag van Abraham) is nie die sleutel tot verlossing nie, maar al God se verbonde en beloftes word in Christus ontsluit. As daar in die teologie, in navolging van die Bybel, slegs 'n sydelingse verwysing (parenthesis) gemaak word, sal dit op Israel van toepassing wees en nie op die kerk nie (Han 7 en Gal 3)!

Die wêreldsending van die evangelie is deur die kerk oorgeneem (vgl. Mat 28:19-20; Luk 24:47; Han 1:8). Dit beteken nie dat God die Jode algeheel verwerp het nie (vgl. Rom 9-11). 'n Israel wat waarlik glo, mag 'n doel en 'n plek in die eindtyd hê (vgl. Sag 12:10).

SPANNING VIER (Literêre modelle van die Nabye Ooste teenoor Westerse modelle).

Insig in die literatuursoort is van kardinale belang vir korrekte verstaan van die Bybel. Die Kerk se ontstaan dateer uit 'n westerse (Griekse) omgewing. Oosterse literatuursoorte is veel meer op die figuurlike, metaforiese en

simboliese spreekwyse ingestem as die Westerse Kulture met hul letterlike aanslag. Die Oosterling fokus meer op mense, ontmoetings en gebeure as om waarheid bondig te formuleer en aan te bied. Christene het hulle daaraan skuldig gemaak om vanuit hulle geskiedenis en literêre modelle die bybelse profesieë te benader (dit geld beide die OT en NT). Geslag na geslag en mense uit alle oorde het hulle kultuur, geskiedenis en letterlikheid ingespan om die Boek Openbaring te verklaar. Elke so 'n poging het misgetas! Dit is immers uiters misplaas om te dink dat bybelse profesie op Westerse kultuur sou gefokus het!

Die literatuursoort waarin die oorspronklike skrywer verkies het om te skryf, moet as 'n literêre kontrak met die leser beskou word. Die Openbaringboek is nie geskiedenis nie. Dit is 'n samevoeging van briewe (1-3), gevolg deur profesie en 'n groter deel apokaliptiese literatuur. Dit is net sowel verkeerd om die Bybel minder te laat sê as die die bedoeling van die oorspronklike skrywer as wat dit is om die Bybel meer as sy bedoeling te laat sê. In 'n boek soos Openbaring is dogmatisme arrogant en heeltemal uit plek uit.

Die kerk kon nooit ooreenkom oor hoe Openbaring interpreteer moet word nie. My mening is dat na die Bybel in sy geheel geluister en daarvolgens gehandel moet word en nie net met voorkeur van gedeeltes nie. Die Bybel bied, weens sy oosterse inkleding, waarheid in parestellings aan wat dikwels in spanning met mekaar verkeer. Ons Westerse manier om waarheid aan te bied, is nie ongeldig nie, maar ongebalanseerd. Ek is van mening dat die doodloopstraat waarin opeenvolgende geslagte hulle met uitleg van Openbaring bevind het, die beste blyk uit die baie verskille in uitkoms van die uitleg. Vir die meeste uitleggers is dit volkome duidelik dat Openbaring in ooreenstemming met sy eie ontstaanstyd en genre uitgelê moet word. (Fee en Stuart, *How to read The Bible for All Its Worth*, bl. 249-264). 'n Historiese uitleg moet afvra hoe die eerste lesers dit kon verstaan het en wat hulle daarin sou gehoor het (vgl. John Bray, *Matthew 24 Fulfilled*). Vir baie hedendaagse uitleggers het die betekenis van veel van die simboliek in die boek verlore gegaan. Die hoof doel van Openbaring was om verdrukke gelowiges te bemoedig. Soos in die profetisme, wou dit God se beheer in die geskiedenis beklemtoon; dit het bevestig dat die geskiedenis na 'n bepaalde punt van oordeel en seën (redding) aanbeweeg. Openbaring het in Eerste-Eeuse Joodse apokaliptiek die liefde van God aan die lesers voorgehou; sy teenwoordigheid, sy krag en oppermagtige heerskappy.

Dit, dan, is die teologie wat die Openbaringboek deur alle geslagte heen aan gelowiges deurgegee het. Die kosmiese stryd van goed en sleg word daarin vervat. Die agtergrondfeite van die Eerste Eeu mag vir ons verlore wees, maar nie die kragtige, vertroostende waarhede nie. Wanneer hedendaagse Westerse skrifverklaarders probeer om hulle eietydse historiese gebeure in Openbaring in te lees, val hulle in 'n patroongeworde manier van valse uitleg vas!

Maar dit is heel mootlik dat vroeë besonderhede in die boek treffend vir die laaste geslag gelowiges herhaal kan word met die opkoms van 'n leier wat 'n totaal anti-God kultuur sal voorstaan (vgl. 2 Tes 2). Voordat voorspellings van Jesus (vgl. Mat 24; Mark 13; Luk 21) en van Paulus (vgl. 1 Kor 15:1; 1 Tes 4-5; 2 Tes 2) nie histories sigbaar word nie, kan niemand die letterlike vervulling van Openbaring aantoon nie. Raaiwerk, gissings en dogmatisme is hier volledig uit plek. Dit is na die aard van Apokaliptiese literatuur om minder spesifiek en buigsaam in aanbieding te wees. Wees daarom dankbaar teenoor God vir beeldryke, simboliese taal wat bo menings oor historiese gebeure uitstyg! Taal wat bloot sê dat God in beheer is! Hy regeer. Hy kom weer.

Die meeste hedendaagse kommentare oor Openbaring maak nie voldoende erns met hierdie eiesoortige aard (genre) nie. Westerse logika soek in die boek 'n logiese teologiese sisteem eerder as om, in alle billikheid, die dubbelsinnigheid, die simbole en die dramatiese aksies van tipiese Joodse Apokaliptiek self te laat spreek. Hierdie waarheid word goed verduidelik in Ralph P. Martin se se artikel "*Approaches to New Testament Exegesis*" in die boek *New Testament Interpretation*, red. I. Howard Marshall:

"Unless we recognize the dramatic quality of this writing and recall the way in which language is being used as a vehicle to express religious truth, we shall grievously err in our understanding of the Apocalyp and mistakenly try to interpret its visions as though it were a book of literal prose and concerned to describe events of empirical and datable history. To attempt the latter course is to run in all manner of problems of interpretation. More seriously it leads to a distortion of the essential meaning of apocalyptic and so misses the great value of this part of the New Testament as a dramatic assertion in mythopoetic language of the sovereignty of God in Christ and the paradox of his rule which blends might and love (vgl. 5:5,6; "die Leeu is die Lam", bl. 235).

W. Randolph Tate in sy boek, *Biblical Interpretations*, redeneer soos volg:

"No other genre of the Bible has been so fervently read with such depressing results as apocalypse, especially the books of Daniel and revelation. This genre had suffered from a disastrous history of misinterpretation due to fundamental misunderstanding of its literary forms, structure, and purpose. Because of its very claim what is shortly to happen, apocalypse has been viewed as a road map into a blueprint of the nfuture. The tragic flaw in this view is

the assumption that the book's frame of reference is the reader's contemporary frame rather than the author's. This misguided approach to apocalypse (particularly Revelation) treats the work as if it were a cryptogram by which contemporary events can be used to interpret the symbol of the text...First the interpreter must recognize that apocalyptic communicates its messages through symbolism. To interpret a symbol literally when it is metaphoric is simply to misinterpret. The events may be historical, they may have really happened, or might happen, but the author presents events and communicates meaning through images and archetypes" (bl. 137).

Vanuit *Dictionary of Biblical Imagery*, onder redaksie van Ryken, Wilhost en Longman III:

"Today's readers are often puzzled and frustrated by this genre. The unexpected imagery and out of this world experiences seem bizarre and out of sync with most of Scripture. Taking this literature at face value leaves many readers scrambling to determine 'what will happen when', thus missing the intent of the apocalyptic message" (bl. 35).

45:24

OAV

"maar hulle almal sal beskaamd staan wat op Hom toornig is"

NAV

"Almal wat teen hom te kere gegaan het, sal beskaamd daarvan afkom"

Cum-NLV

"Almal wat kwaad vir Hom is, sal skaam kry"

NASB

"And all who are angry at Him shall be put to shame"

Dit kom daarop neer dat 'n dag sal aanbreek wanneer alle mense JHWH as Die HERE sal erken, of hulle ookal gelowig was of nie (Fil 2). Almal wat Hom tevore erken het tot redding, maar ander wat gewag het tot net voor hierdie oordeelsdag, tot afskeiding (Mat 25: 31-46; Openb 20:11-15).

VRAE VIR BESPREKING

Hierdie is 'n studieleiding kommentaar wat beteken dat u self vir die uitleg van die Bybel verantwoordelik sal wees. Elkeen van ons moet in die lig tot ons beskikking wandel. U is met die Bybel in die hand en onder leiding van die Heilige Gees dus prominent in die verstaansproses en uitleg. Moenie so 'n groot voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Hierdie besprekingsvrae is bedoel om u te help nadink oor die belangrikste sake in hierdie gedeelte van die boek. U is vry om anders te oordeel oor wat u belangrik ag vir 'n gesprek.

1. Som op die goddelike karaktertrekke van JHWH uit die negetal aanduidinge daarvan in Jes 44:24-28.
2. Waarom het God Kores vir sy taak gekies?
3. Waarom is die Hebreeuse (om te) "ken" so betekenisvol (kyk 45:4-6).
4. Wat maak Jes 45:6 so besonders?
5. Hoeveel keer en op watter maniere kom die leerstelling van monoteïsme in hierdie gedeelte voor?
6. Dui Jes 45:23 op Israel se terugkeer uit ballingskap of op die Messiaanse Koninkryk; motiveer jou standpunt.
7. Waarvoor kan Jes 45:22 as baie belangrik geag word?
8. Hoe kom Jes 45:23 tot vervulling in die Nuwe Testament en op wie reflekteer dit in hierdie vers?

JESAJA 46

PARAGRAAF INDELING VAN EIETDSE VERTALINGS

NASB	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV*
Babylon's Idols and The True God	Dead Idols and the living God	The LORD Supports Israel	The LORD of this Woeld and the Idols of Babylon (45:20-46:13)	The Fall of Babylon	Ek laat die redding naderkom
46:1-2 (1-2)	46:1-2 (1-2)	46:1-2 (1-2)	46:1-2 (1-2)	46:1-13 (1-13)	46:1-2
46:3-4 (3-4)	46:3-4 (3-4)	46:3-4 (3-4)	46:3-4 (3-4)		46:3-4
46:5-7 (5-7)	46:5-7 (5-7)	46:5-7 (5-7)	46:5-7 (5-7)		46:5 46:6-11
46:8-11 (8-11)	46:8-11 (8-11)	46:8-11 (8-11)	46:8-11 (8-11)		
46:12-13 (12-13)	46:12-13 (11-13)	46:12-13 (12-13)	46:12-13 (12-13)		46:12-13

- Naas die NAV kan u ook die OAV, Cum-MVB en die Cum-NLV se paragraaf indeling vergelyk

LEESSIKLUS DRIE (sien die Inleidende Aantekeninge bl.17)

(ONS BEPAAL DIE BEDOELING VAN DIE SKRYWER OP PARAGRAAF VLAK)

Hierdie is 'n studieleiding kommentaar wat beteken dat u self vir die uitleg van die Bybel verantwoordelik sal wees. Elkeen van ons moet in die lig tot ons beskikking wandel. U is met die Bybel in die hand en onder leiding van die Heilige Gees dus prominent in die verstaansproses en uitleg. Moenie so 'n groot voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die hoofstuk deur in een sitting. Onderskei die onderwerpe. Vergelyk u onderwerpe met die Afrikaanse en Engelse vertalings se tema-opskrifte bo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot verstaan van die oorspronklike skrywer se bedoeling, wat immers die hart van Skrifuitleg is. Elke paragraaf handel oor een enkele saak, niks meer nie.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens

TOELIGTING UIT DIE KONTEKS

- A. In sy kommentaar oor Jesaja het Leupold my herinner aan:
1. die veroordeling van die koninkryk van Babilon in Hoofstuk 14
 2. die regspraak oor die afgode van Babilon in hoofstuk 46
 3. die nasie wat in hoofstuk 47 as 'n koningin voorgestel word, onder oordeel kom.
- B. In die Bybel dien Babilon as metafoor vir alle samelewings wat vervreemd van God georganiseer is en so funksioneer. Dis hoe die mensdom poog om aan alle behoeftes uit eie bronne te voorsien. So word die stad Babilon in Openbaring 18 as die groot owerspelige bestempel.

WOORD EN FRASE STUDIE

NASB HERSIENE TEKS 46:1-2

Vir die Afrikaans hiervan sien die OAV, NAV, Cum-MVB en Cum-NLV

¹Bel has bowed down, Nebo stoops over;
 Their images are *consigned* to the beasts and the cattle.
 The things that you carry are burdensome,
 A load for the weary *beast*.
²They stooped over, they have bowed down together;
 They could not rescue the burden,
 But have themselves gone into captivity.

Vir die Afrikaans hiervan gebruik asb. die OAV, NAV, Cum-NLV vir vergelykingsdoeleindes

46:1

OAV, NAV, Cum-NLV "Bel"
 NASB "Bel"

Dit is die Akadiese woord vir "heer" (BDB 138, KB 132) en stem ooreen met die Kanaänitiese titel "Baäl." Hiermee word die hoofgod van die Akadiese veelgodendom aangedui, naamlik *Enlil* wat "heer" genoem was. Met die opkoms van die Babiloniese Ryk is sy naam na *Marduk* verander (BDB 597; sien ook Jer 50:2).

▣
 OAV, NAV, Cum-NLV "Nebo"
 NASB "Nebo"

Hy was die seun van *Marduk*, die god van geleerdheid en skryfkuns (BDB 612). Bel en Nebo kom in talle Babiloniese name van daardie tyd voor, *Nebukadneser*, [Dan 1:1] *Nebusasban* [Jer 39:13], *Nebusaradan* [Jer 39:9]; *Nabopolassar* (eerste koning van Neo-Babilon, die vader van *Nebukadneser*), *Nabonidus* [Belsassar se vader, die laaste koning van Neo-Babilon], *Belsassar* [Dan 5:1]. Hierdie twee was die hoofgode van die Babiloniese godendom.

▣
 OAV "’n vrag vir vermoeide diere"
 NAV "vrag vir moeë diere"
 Cum-NLV "die arme diere steier..."
 NASB "bowed down... stoops over"

Daar is woordspel betrokke rondom die "neergebuig"/"steier" (BDB 505, KB 499). Dit sinspeel op wat in 45:23 staan, naamlik dat die gode van Babilon neerbuig voor JHWH, die Skepper.

▣
 OAV "wat julle rondgedra het... ’n vrag"
 NAV "deur julle rondgedra... ’n vrag"
 Cum-NLV "Die afgodsbeelde... swaar vrag"
 NASB "you carry... load... the burden"

Rondom die woord “dra” is daar in verse 1-2 en 3-4 woordspel aanwesig. Allereers moet die afgode van Babilon deur die strate van groot stede in rituele vertoon op diere vervoer word of om hulle van die Persiese invallers te vrywaar. Daarteenoor het God sy volk, metafories gesproke, deur hulle hele bestaan in sy skoot gedra (vgl. v.4). Die kontras tussen die sorg, voorsiening en genade van die handelende God van Israel en Babiloniese gode, wat nie kan hoor of handel nie, word in verse 1-4 belig.

46:2
OAV “maar het self in ballingskap gegaan”
NAV “en word self in ballingskap weggevoer”
Cum-NLV “Saam gaan hulle in ballingskap”
NASB “But have themselves gone into captivity”

So word dit voorgehou dat die Babiloniese gode persoonlik saam met hulle mense in ballingskap weggevoer word.

NASB HERSIENE TEKS 46:3-4

Vir die Afrikaans sien die OAV, NAV, Cum-MVB of Cum-NLV

³“Listen to Me, O house of Jacob,
 And all the remnant of the house of Israel,
 You who have been borne by Me from birth
 And have been carried from the womb;
⁴Even to *your* old age I will be the same,
 And even to *your* greying years I will bear you!
 I have done it, and I will carry you;
 And I will bear you and I will deliver you.”

46:3
OAV, NAV, Cum-NLV “Luister”
NASB “Listen”

Hierdie is soos v.12 ‘n Qal IMPERATIEF (BDB 1033, KB 1570). Kyk die aantekening by 44:1.

▣
OAV, Cum-NLV, “oorblyfsel”
NAV “almal wat oor is”
NASB “remnant”

Sien *Vir Spesiale Aandag* wat hier volg.

DIE OORBLYFSEL: DRIE BETEKENISSE

Die gedagte van ‘n “getroue oorblyfsel” word in 8ste eeuse profesie (en Jeremia) dikwels herhaal. Dit behels gewoonlik drieërlei gedagtes:

1. diegene wat die ballingskap oorleef het (bv. Jes 10:20-23; 17:4-6; 37:31-32; Jer 42:15,18,19; 44:12,14,28; Amos 1:8)
2. diegene wat aan JHWH getrou gebly het (bv. Jes 4:1-5; 11:11,16; 28:5; Joël 2:32; Amos 5:14-15; Miga 2:12-13; 4:6-7; 5:7-9; 7:18-20)
3. diegene wat sal deel in die eskatologiese vernuwing van die skepping (vgl. Amos 9:11-15)

In hierdie verband kies God net sommige om na Juda terug te keer. (die wat gelowig en toegewyd is) uit diegene wat die ballingskap oorleef het. Soos tevore in hierdie hoofstuk vermeld, verklein God die getalle sodat Hy sy almag, voorsienigheid en sorg kan betoon (vgl. Gideon in Rigt 6-7).

▣	
OAV	“wat deur My gedra is van die moederskoot af”
NAV	“vir wie ek gedra het van julle geboorte af”
Cum-NLV	“Ek het voor geboorte vir julle gesorg”
NASB	“have been carried from the womb”

Dit is ouer-kind beeldspraak met God as ouer en Israel as kind. Origenes sinspeel dit ook op die totstandkoming van Israel soos in Eksodus beskryf (vgl. Deut 1:31; Jes 63:9).

46:4	
OAV	“ja, tot die grysheid toe”
NAV	“Ook tot in julle ouderdom”
Cum-NLV	“deur julle hele lewe. Tot julle stokoud is”
NASB	“Even to your old age”

God het Israel nie net geskep nie, maar onderhou hulle ook (vgl. “gedra”/“versorg”, Eks 19:4; Deut 1:31; 32:11).

▣	
OAV	“Is Ek dieselfde”
NAV	“is Ek die Here”
Cum-NLV	“Ek sal julle God wees”
NASB	“I shall be the same”

Hier vind ons die gedagte van die onveranderlikheid van God (letterlik “Ek is Hy”; kyk NKJV; ook die die NJB, Mal 3:6). Selfs al was Israel aan die verbond ontrou, bly God getrou. Hy, die lojale God van die verbond. Hy is dieselfde, gister, vandag en tot in ewigheid!

▣	
OAV	“Ek sal julle opneem, en Ek sal dra en red”
NAV	“Ek sal julle vashou, julle dra en red”
Cum-NLV	“Ek sal julle ondersteun en julle red”
NASB	“And I will bear <i>you</i> and I will deliver <i>you</i> ”

Hier dui dit op Israel as volk, maar word deur ENKELVOUD WERKWOORDE aan elke gelowige toegesê. Let op die WERKWOORDE in v.4:

1. God het Israel geskep (Qal PERFECTUM, BDB 687, KB 741 [twee keer])
2. God sal voortgaan om te voorsien en te bewaar:
 - (a) julle dra (OAV); Qal IMPERFECTUM, BDB 687, KB 741 [twee keer]
 - (b) julle vashou (NAV); Qal IMPERFECTUM, BDB 669, KB 724 [twee keer]
 - (c) julle red (Cum-NLV); Qal IMPERFECTUM, BDB 572, KB 589

NASB HERSIENE TEKS 46:5-7

Vir die Afrikaans hiervan raadpleeg die OAV, NAV, Cum-MVB en die Cum-NLV

⁵To whom would you liken Me
And make Me equal and compare Me,
That we would be alike?
⁶Those who lavish gold from the purse
And weigh silver on the scale
Hire a goldsmith, and he makes it *into* a god;
They bow down, indeed they worship it.
⁷They lift it upon the shoulder *and* carry it;
They set it in its place and it stands *there*.

**It does not move from its place.
Though one may cry to it, it cannot answer;
It cannot deliver him from his distress.**

Vir die Afrikaans hiervan gebruik u eie Bybel, hetsy die OAV, NAV of Cum-NLV

46:5
OAV, Cum-NLV **“Met wie wil julle My vergelyk”**
NAV **“Met wie kan julle My vergelyk”**
NASB **“To whom would you liken Me”**

Die klem wat hier gelê word, is dat niemand met JHWH vergelykbaar is nie (vgl. 43:11; 44:6,8; 45:6). Hierdie is 'n opweeg teen mekaar van JHWH en die gode van die nasies (vgl. Jes 40:18-20; 44: 8-20). Let op die parallelisme.

1. met wie wil julle My vergelyk; Pi 'el IMPERFEKTUM (BDB 197, KB 225)
2. aan wie wil julle My gelykstel; Hifil IMPERFEKTUM (BDB 1000, KB 1436)
3. en My net so maak (OAV); Hifil IMPERFEKTUM (BDB 605, KB 647)
4. dat ons eenders kan wees (OAV); Qal IMPERFEKTUM (BDB 197, KB 225)

JHWH is uniek! Hy is die ewig-lewende, enig-lewende, alleenware God (Kyk die *Vir Spesiale Aandag: Monoteïsme*, by 40:14). Gaan kyk ook na die teologiese konsep ten opsigte van *Drie-eenheid* in *Vir Spesiale Aandag* by 40:13.

46:6-7 Hierdie twee verse laat sien die kontras tussen die enig – ware God van v.5 en die nasies se afgode:
 1. Mense betaal geld om afbeeldings te maak en kniel dan daarvoor in aanbidding;
 2. Hulle verskuif dit oral rond, want self kan afgode nie beweeg nie. Die afgode is tot niks in staat nie (v.7).

NASB HERSIENE TEKS 46:8-11

Vir die Afrikaans hiervan sien die OAV, NAV, Cum-MVB of Cum-NLV

⁸**Remember this, and be assured;
Recall it to mind, you transgressors.**
⁹**Remember the former things long past,
For I am God, and there is no other;
I am God, and there is no one like Me,**
¹⁰**Declaring the end from the beginning,
And from ancient times things which have not been done,
Saying, 'My purpose will be established,
And I will accomplish all My good pleasure';**
¹¹**Calling a bird of prey from the east,
The man of My purpose from a far country.
Truly I have spoken; truly I will bring it to pass.
I have planned it, surely I will do it.”**

46:8
OAV **“Dink hieraan en wees beslis”**
NAV **“Dink hieraan en luister”**
Cum-NLV **“luister mooi”**
NASB **“Remember”**

Die eerste reël van vers 9 se IMPERATIEF volg op hierdie opmerking van vers 8.

1. Dink (NAV); *Qal* Imperatief; v.8 (BDB 269, KB 269)
2. Luister (NAV, v. 8); *Hitpo'el* IMPERATIEF (BDB 84, KB 100)
3. Neem dit ter harte (NAV, v.8); *Hifil* IMPERATIEF (BDB 996, KB 1427)
4. Dink (NAV, v.9); dieselfde as #1

Nommer #2 is 'n seldsame vorm. Die Aramese Targoems het dit met "skep moed" vertaal, waarskynlik in ooreenstemming met 'n Arabiese woordstam (Leupold, bl 145).

▣	
OAV	"o, afvalliges"
NAV	"julle oortreders"
Cum-NLV	"julle opstandiges"
NASB	"you transgressors"

Dit wys dat daar in Israel steeds diegene was wat aan die wyse waarop God sou red, getwyfel het (45:9-11). Vgl. Habakuk. Daar word na hierdie selfde groep verwys as die "wederstrewiges" onder die Joodse volk (v.12).

▣	
OAV, NAV, Cum-NLV	"Ek is God"
NASB	"For I am God"

Sien die aantekening by vers 5.

46:9	
OAV	"Dink aan die dinge wat tevore was"
NAV	"Dink aan wat vroeër gebeur het"
Cum-NLV	"Dink aan wat lankgelede gebeur het"
NASB	"the former things long past"

Dit kan verwys na:

1. JHWH se lank gelede verbond met Abraham (43:18; 65:17; Jer 16:14; 23:7)
2. JHWH se handeling om hulle as volk in die lewe te roep (Eksodus)
3. Israel se onderneming van ouds om getrou te wees aan die verbond (Deut 32:7)
4. JHWH se bewysvoering van sy bestaan met toekomsvoorsegging (vv.10,11; 42:9)

▣ Weereens gebruik God die voorbeeld van sy vooruitkennis deur voorspellende profesie dat Hy in beheer van die geskiedenis is. In verse 10-11 beklemtoon Hy sy doelstellinge herhaaldelik om aan te toon dat geskiedenis nie wisselvallig is nie, maar op vervulling van sy Raadsplan afstuur, soos ook aangedui in 14:24; 25:1; 40:8; 55:11, dws. *teleologies* gerig! (Eindplan). Vgl. Millard Erickson, *Christian Theology*, 2de uitgawe, bl. 371-390.

Die frase in v.10a is 'n teologiese parallel met 41:4; 44:6; 48:12. JHWH is teenwoordig, reg van die begin af tot op die allerlaaste; Hy is die eerste en die laaste!

NASB HERSIENE TEKS 46:12-13

Vir Afrikaans van hierdie gedeelte sien die OAV, NAV, Cum-MVB of Cum-NLV

¹² Listen to Me you stubborn-minded,
Who are far from righteousness.
¹³ I bring near My righteousness, it is not far off;
And My salvation will not delay.
And I will grant salvation in Zion,
And My glory for Israel."

46:12-13

Hierdie verse is belangrik daarin dat God selfs teenoor 'n ongelowige volk, Israel, genade sal betoon. Daaruit blyk dit dat die Joodse volk onverdiend God se liefde en genade ontvang het. Vele van hulle was steeds hardnekkig (vgl. 48:4), maar God bring redding aan om sy ontwil, omrede hoe Hy is, en nie omdat hulle is soos hulle is nie (vgl. Eseg 36:22-38). Dit is hoe die Nuwe Verbond verstaan moet word (Jer 31:31-34).

46:12	
OAV	“heil... my heerlijkheid”
NAV	“verlossing... my mag”
Cum-NLV	“redding... my heerlijkheid”
NASB, NKJV, LXX, Pesjitta	“righteousness”
NRSV	“deliverance”
TEV, JPSOA, REB	“victory”
NJB	“saving justice... justice”

Die Hebreeuse woord wat twee keer voorkom, is die woord vir “geregtigheid” (BDB 842). BDB maak die stelling dat dit as verlossende handeling van God opgeneem moet word (#6a); Jes. 45:8; 46:13; 51:6. Die parallel (konteks) vir hierdie Hebreeuse woord is dan “redding”/“verlossing”, (BDB 448) wat in v.13b voorkom.

▣	
OAV	“julle wat hard is van hart”
NAV	“julle wat geen redding verdien nie”
Cum-NLV	“julle opstandiges”
NASB	“Who are far from”

’n Kontras word geskep met die veraf toestand van die volk (vgl. NASB) waarteenoor die nabyheid van God se redding (Cum-NLV: “dis nie ver nie”) gestel word:

1. deur Kores II in die nabye toekoms; en
2. deur die Messias (in eskatologiese sin).

JESAJA 47

PARAGRAAF INDELINGS VAN EIETDSE VERTALINGS

NASB	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV*
Lament For Babylon	The Humiliation of Babylon	Lamentation Over Babylon	Judgement On Babylon	Lament For Babylon	Daar kom 'n ramp oor jou
47:1-7 (1-7)	47:1-3 (1-3)	47:1-4 (1-4)	47:1-3 (1-3)	47:1-3 (1-3)	47:1-3
	47:4 (4)		47:4 (4)	47:4-7 (4-7)	47:4 (4)
	47:5-7 (5-7)	47:5-7 (5-7)	47:5-7 (5-7)		47:5-7
47:8-11 (8-11)	47:8-9 (8-9)	47:8-9 (8-9)	47:8-9 (8-9)	47:8-15 (8-15)	47:8-10
	47:10-11 (10-11)	47:10-13 (10-13)	47:10-13 (10-13)		47:11 (11)
47:12-15 (12-15)	47:12-15 (12-15)				47:12-15
		47:14-15 (14-15)	47:14-15 (14-15)		

Vir die doel van paragrawevergelyking kan ook die OAV, Cum-MVB en Cum NLV nagegaan word

LEESSIKLUS DRIE (sien die Inleidende Aantekeninge bl.17)

(ONS BEPAAL DIE BEDOELING VAN DIE SKRYWER OP PARAGRAAFVLAK)

Hierdie is 'n studieleiding kommentaar wat beteken dat u self vir die uitleg van die Bybel verantwoordelik sal wees. Elkeen van ons moet in die lig tot ons beskikking wandel. U is met die Bybel in die hand en onder leiding van die Heilige Gees dus prominent in die verstaansproses en uitleg. Moenie so 'n groot voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die hoofstuk deur in een sitting. Onderskei die onderwerpe. Vergelyk u onderwerpe met die Afrikaanse en Engelse vertalings se tema-opskrifte bo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot verstaan van die oorspronklike skrywer se bedoeling, wat immers die hart van Skrifuitleg is. Elke paragraaf handel oor een enkele saak, niks meer nie.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens

TOELIGTING UIT DIE TEKS VERBAND

- A. Hoofstuk 46 beskryf die ondergang van die Babiloniese godendom waarop volg hoofstuk 47 in verband met die val van Babilonië self (dws die stad met sy okkultiese profete en priesters ingesluit).
- B. Verse 1-7 rig 'n reeks IMPERATIEWE op die sedelose koningin-prostituut
1. Klim af... v.1 – *Qal* IMPERATIEF (BDB 432, KB 434)
 2. sit in die stof... v.1, *Qal* IMPERATIEF, (BDB 442, KB 444)
 3. sit op die grond... v.1, (ditto met #2); let daarop dat hierdie term telkens voorkom, v.1,2 keer en v.5,8 [twee keer]
 4. vat... v.2, *Qal* IMPERATIEF, (BDB 542, KB 534)
 5. maal... v.2. *Qal* IMPERATIEF, BDB 377, KB 374)
 6. slaan jou sluier op... v.2, *Pi'el* IMPERATIEF, BDB BDB 162, KB 191)
 7. trek jou bo-klere uit... v.2, (*Qal* IMPERATIEF, BDB 362, KB 359)
 8. maak jou onderlyf kaal... v.2 (*Pi'el* IMPERTIEF, BDB 162, KB 191)
 9. en loop deur die rivier... v.2. *Qal* IMPERATIEF, BDB 176, KB 778)
 10. jou geslagsdele sal kaal wees... v.3 (*Nifal* JUSSIEF (BDB 162, KB KB 191)
 11. sit doodstil... v.5 (ditto met #3,4)
 12. kruip weg in die donker... v.5 (*Qal* IMPERATIEF, BDB 97, KB 112)
Al die voorbeelde is uit die NAV geneem – vgl. die NASB (Vert.).
- C. Die literêre vorm wat die profeet aanwend, is die begrafnislied (roubeklag). Dit is herkenbaar aan die slag/metrum 3x2 soos dit ook in die Klaagliedere (van Jeremia) voorkom. Hoewel in die vorm 'n klaaglied, word dit hier sarkasties en honend bedoel.

NASB HERSIENE TEKS 47:1-7

Vind die Afrikaans hiervan in die OAV, NAV, Cum-MVB of Cum-NLV

¹Come down and sit in the dust,
O virgin daughter of Babylon;
Sit on the ground without a throne,
O daughter of the Chaldeans!
For you shall no longer be called tender and delicate.

²Take the millstones and grind meal.
Remove your veil, strip off the skirt,
Uncover the leg, cross the rivers.

³Your nakedness will be uncovered,
Your shame also will be exposed;
I will take vengeance and not spare a man.”

⁴Our Redeemer, the LORD of hosts is His name,
The Holy One of Israel .

⁵Sit silently, and go into darkness,
O daughter of the Chaldeans,
For you no longer will be called
The queen of kingdoms.

⁶I was angry with my people,
I profaned my heritage
And gave them into your hand.
You did not show mercy to them,

On the aged you made your yoke very heavy.

⁷Yet you said 'I will be a queen forever.'

These things you did not consider

Nor remember the outcome of them.

47:1

OAV "Kom af"

NAV, Cum-NLV "Klim af"

NASB "Come down"

Dit is een van die drietal literêre modelle wat profete in hulle verkondiging gebruik het:

1. begrafnislied/roubeklag
2. hoftoneel/betoog
3. belofte-uitsprake m.b.t die toekoms

▣

OAV "jonkvrou, dogter van Babel"

NAV "Babel"

Cum-NLV "dogter van Babel"

NASB "O, vergin, daughter of Babilon"

Dit was 'n Semitiese uitdrukking om geborgenheid/veiligheid en waardering in familie-konteks te kenne te gee, maar hier 'n metafoor, ironies gebruik, om uitdrukking te gee aan die kwesbaarheid van die eens so magtige en veilige Babiloniese Ryk.

▣

OAV "sit op die grond sonder troon"

NAV "Gaan sit op die grond sonder jou troon"

Cum-NLV "Kom sit in die stof sonder jou troon"

NAS "sit in the dust... sit on the ground without a throne"

Die woord beteken "sit" in 'n letterlike sin (BDB 442, vgl. vv.1 en 5:8 waar in beide die term twee keer voorkom). Dit was die uiterlike vertoon van rou en droefheid.

VIR SPESIALE AANDAG: ROUBETOON

Die Israeliete het hulle hartseer oor die dood van 'n geliefde of berou oor persoonlike en volksondes op 'n verskeidenheid van maniere betoon:

1. skeur van die bokleed, Gen 37:29,34; 44:13; Rigt 11:35; 2 Sam 1:11; 3:31; 1 Kon 21:27; Job 1:20
2. aantrek van sakklere, Gen 37: 34; 2 Sam 3:31; 1 Kon 21:7; Jer 48:37
3. uittrek van skoene, 2 Sam 15:30; Jes 20:3
4. hande op die kop geplaas, 2 Sam 13:9; Jer 2:37
5. stof strooi op die kop, Jos 7:6; 1 Sam 4:12; Neh 9:1
6. op die grond sit, Klaagl 2:10; Eseg 26:16; op die grond lê: 2 Sam 12:16; Jes 47:1
7. slaan op die bors, 1 Sam 25:1; 2 Sam 11:26; Nah 2:7
8. die liggaam sny, Deut 14:1; Jer 16:6; 48:37
9. vas, 2 Sam 1:16,22; 1 Kon 21:27
10. klaagsang, 2 Sam 1:17; 3:31; 2 Kron 35:25
11. hare afskeer (of uitgetrek), Jer 48:37
12. baarde kort geknip, Jer 48:37
13. kop of gesig bedek, 2 Sam 15:30; 19:14

□	
OAV	“Chaldeërs”
NAV	“Galdeërs”
Cum-NLV	“Babiloniërs”
NASB	“Chaldeans”

Hierdie betiteling is ‘n parallel vir “Babilon” (vgl. die aantekening by 43:14).

□	
OAV	“jy sal nie langer genoem word die vertroetelde en verwénde nie”
NAV	“jy sal nie langer vergelyk word met ‘n jong vrou wat fyn is en altyd haar sin kry nie”
Cum-NLV	“niemand noem jou weer die jong vrou wat fyn en delikaat is nie”
NASB	“shall no longer be called tender and delicate”

Babilon, word met twee terme (BDB 940 en 772) sonder ‘n weelderige en uitspattige leefwyse geskets. In teenstelling met verse 2-3 se beskrywing is sy nou:

1. ‘n slavin
2. ‘n prostituut

47:2-3

Hierdie aantal frases beskryf nou hoe die koningin onder die nasies tot ‘n slaaf verneder is (vv.5,7)

1. sy draai die meulsteen (v.2)
2. sy haal haar sluier af (v.2)
3. sy verander kleredrag met die oog op strawwe werk (v.2)
4. sy moet self deur die riviere waad (moontlik in ballingskap, v.2)
5. erg ontbloot en naak
 - a. die nagevolg en straf op sonde (vgl. 20:4)
 - b. gewoonlik die lot van slavinne in ontblotende kleredrag en seksueel misbruik

47:3

OAV	“Ek... sal geen mens verskoon nie”
NAV	“Ek sal niemand verskoon nie”
Cum-NLV	“en sal niemand spaar nie”
NASB	“and will not spare a man”
NKJV	“I will not arbitrate with a man”
NRSV	“I will spare no one”
TEV	“No one will stop me”
NJB	“No one stands in My way”
JPSOA	“let no man intercede”
REB	“show clemency to none”

letwat onseker is die bedoeling hiervan, maar volgens BDB 803 kan dit verstaan word vanuit ‘n etimologiese (betekenis) veld wat met voorbidding te doen het (vgl. 53:12; 59:16; Jer 36:25). Dit wil voorkom of geen voorbidding, van wie ookal, ‘n verskil gaan maak aan wat God in oordeel vir Babilon beplan het nie.

47:4

Hierdie is ‘n uitroep van die skrywer waardeur hy homself in die vloei van die gedig onderbreek om die Here in drie loflike titels te loof vir Wie Hy is:

1. ons Verlosser; wat sy mense uit slawerny loskoop
2. sy naam is *HERE van die Leërskaer*; ‘n Persiese titel wat kan dui op:
 - a. die raad van engele
 - b. die Babiloniese gode in die hemelruim
3. die *Heilige van Israel*, die titel van God wat verlossing vir sy volk bewerk

47:5	
OAV	“Sit doodstil, en gaan in die duisternis”
NAV	“Sit doodstil, kruip weg in die donker”
Cum-NLV	“Gaan sit doodstil in ‘n donker plek”
NASB	“sit silently, and go into darkness”

Die wêreldmoondheid het nou landelik geword. Die vers beveel aan dat sy terugtree in onopvallende bestaan (by wyse van twee IMPERATIEWE).

▣	
OAV	“gebiedster van die koninkryke”
NAV	“die een wat heers oor al die koninkryke”
Cum-NLV	“koningin van koninkryke”
NASB	“The queen of the kingdoms”

Idiomaties gesproke is dit hoe Neo-Babilonië se selfdunk en magsbesef daar uitgesien het (vgl. v.7). ‘n Koningin word ‘n seksueel misbruikte (vgl. v.2-3; 8a). Wat sy ballinge aangedoen het, word ook haar nou toebedeel (God keer die rolle om).

Dit is ‘n sterk moontlikheid dat hiermee verwys word na Nabonidus wat Babilonië van *Marduk* af weggelei het tot aanbidding van die maangodin wat as “koningin van die hemel” bekend gestaan het. In Akkadies is sy *Sin* genoem en *Nanna* in Sumeries.

VIR SPESIALE AANDAG: MAAN AANBIDDING

Maanaanbidding, wat in die antieke Sumerië (die oudste beskawing bekend) ontstaan het, was die mitologie wat die wydste versprei was in die ou Nabye Ooste. Daar was ‘n manlike en vroulike aspek hieraan verbonde. Oorspronklik wil die mite dat die maangod sy ontstaan te danke hê aan die verkragting wat die lugruimgod (Enlil) op die graangodin (Ninlil) begaan het. Vir hierdie daad is Enlil uit die veelgoderyk na die onderaardse wêreld verban. Toe Ninlil uitvind dat sy swanger was, het sy Enlil gevolg. Die kind, Sin (Zin) word toegelaat om elke nag in die lugruim op te klim.

Die aanbidding van die maan verloop in drie verskillende fases:

1. nuwe maan – Asimbabbar
2. halwe maan – Sin
3. volmaan – Nanaa, wat in Sumeries “beligting” beteken, komende van En-su, die “heer van wysheid”.

Die betekenis van die name kom neer op “wyse heer” (bv Suen) of “illuminasie” (Nanaa), wat in Ur van die Chaldeërs aanbid is. Hierdie stad het die naam gekry van “die stad van Nannar.” Die vrugbare paar was op ziggurats (groot piramides met plat toppe binne die stad) aanbid. Die songod (Sjamasj) was die eersgeborene van die paartjie, wat gevolg is deur Eresjkigal (die koningin van die onderwêreld) en Nanna (die koningin van die lugruim).

Die kultus was oral in die Antieke Nabye Ooste versprei, hoewel daar verskeie sentra van aanbidding bestaan het.

1. Ur
2. Haran
3. Tema
4. Kanaän
5. Mekka

Hierdie mitologie het op beide die astrale aanbidding en die vrugbaarheidskultus die klem laat val. Die OT verwerp die aanbidding van hemelliggame sowel as die vrugbaarheidskultusse (Uit Ugarit se gedigte Ba'al en Asjera; vgl Deut 4:19; 17:3; 2 Kon 21:3,5; 23:5; Jer 8:2; 19:13; Sef 1:5). Die Hebreërs was eers nomadies en was versigtig om maanaanbidding teen te staan. Nomade het snags getrek (in maanlig), maar gevestigde volke wat landbou beoefen het, was sonaanbidders. Gewoonlik het nomade met verloop van tyd gevestig geraak en dan het die aanbidding van hemelliggame oor die algemeen 'n probleem geword.

47:6
OAV "Ek was toornig op my volk"
NAV, Cum-NLV "Ek was kwaad vir my volk"
NASB "I was angry with My people"

Dit dien as verklaring van die Jode se wegvoering in ballingskap. In die antieke wêreld was die godheid beskou as beskermers van die nasie. Aangesien beide Juda en Israel weggevoer was, het die gedagte pos gevat dat die gode van die Vrugbare Halfmaan sterker was as die God van Israel. Dit was nie die geval nie, want eintlik het God die magte van die Vrugbare Halfmaan gebruik om sy a.g.v. hulle sonde te oordeel (42:24).

▣
OAV "jy het hulle geen barmhartigheid bewys nie"
NAV "jy het nie met hulle medelye gehad nie"
Cum-NLV "jy het geen genade vir hulle betoon nie"
NAB "You did not show mercy on them"

Alhoewel God sy volk aan Assirië en Babilonië oorgegee het as straf, het die nasies hulle hand oorspeel en staan hulle veroordeel weens hulle gebrek aan barmhartigheid.

47:7
OAV "jy het hierdie dinge nie ter harte geneem nie, aan die einde daarvan nie gedink nie"
NAV "jy het nie aan die gevolge... gedink aan wat sal gebeur nie"
Cum-NLV "jy het nie gedink aan die gevolge van jou daade nie"
NASB "These things you did not consider
 Nor remember the outcome of them"

Die twee WERKWOORDE is Qal PERFECTUM wat op 'n onveranderlikheid van gesindheid dui:

1. dit nie eers oorweeg om dinge ter harte te neem nie;
2. aan die uiteindelijke gevolg nie gedink nie.

Let daarop dat vers 8 die gedagte van vers 7 verder neem.

NASB HERSIENE TEKS 47:8-11

Vir die Afrikaans hiervan gebruik die OAV, NAV, Cum-MVB of Cum NLV

⁸Now, then, hear this, you sensual one,
 Who dwells securely,
 Who says in your heart,
 'I am, and there is no one besides me.
 I will not sit as a widow,
 Nor know loss of children.'
⁹But these two things will come on you suddenly in one day:
 Loss of children and widowhood.
 They will come on you in full measure
 In spite of your many sorceries,
 In spite of the great power of your spells.
¹⁰You felt secure in your wickedness and said,
 'No one sees me,'

Your wisdom and your knowledge, they have deluded you;
 For you have said in your heart,
 I am, and there is no one besides me.'
 11But evil will come on you
 Which you will not know how to charm away;
 And disaster will fall on you
 For which you cannot atone;
 And destruction about which you do not know
 Will come on you suddenly"

47:8-9

OAV "wellustige wat so veilig sit... Hierdie twee dinge sal dan in 'n oomblik... oor jou kom"
 NAV "Jy wat so rustig woon... Al twee hierdie dinge sal jou oorval"
 Cum-NLV "wat haar verlustig in haar sekuriteit... Dis juis hierdie twee dinge wat jou skielik sal oorval"
 NASB "Who dwells securely... but these two things shall come on you suddenly"

Uit die boek Daniël (hfs. 5) en Herodotus (geskiedskrywer) wil dit voorkom of Babilon die oprukkende Persiese leërs met spot bejeën het. Daarop het die Perse die waters van die Eufraat herlei sodat hulle onderdeur dié roemryke stad se mure kon beweeg en dit in 'n enkele dag te verower (Dan 5). Die Babiloniërs het aan die Perse as bevryders gedink, aangesien Belsassar en sy pa, Nabonidus, hulle op roete van 'n vreemde godsdiens (maanaanbidding) gelei het (*Sin, Namma*, sien by 47:5). Kores het hulle toegelaat om na hulle tradisionele gode terug te keer – *Bel, Marduk* en *Nebo*.

47:8

OAV "Dit is ek en niemand anders nie"
 NAV "Jy wat dink, daar is niemand soos ek nie"
 Cum-NLV "Ek alleen bestaan, daar is niemand soos ek nie"
 NASB "I am, and there is no one besides me"

JHWH was baie duidelik uitgedaag (vgl. v.10). Wie het dan sy volk gered? Watter God is die ware en enige HERE?

47:9

OAV "kinderloosheid"
 NAV "jou inwoners verloor"
 Cum-NLV "kinders verloor"
 NASB "loss of children"

Kyk Jes. 13:16,18. Wat sy aan ander gedoen het, sal haar ook te beurt val.

▣
 OAV "jou towerye, ondanks die groot menigte van jou besweringe"
 NAV "jou toordery, ondanks jou magdom besweringe"
 Cum-NLV "jou toorkunste en jou besweringe"
 NASB "many sorceries... The great power of your spells"

Klem word hier in vers 9 op die kultiese praktyke van Babilon gelê en daarop voort geborduur in verse 11-13. Hierdie praktyke word in Deut 18:9 vv. veroordeel. Maar die magiese kunste van Babilon het niks gehelp in haar poging om haarself te beskerm nie. Daarmee is die nuttelosheid van okkultisme en afgodery aan die lig gebring.

47:10

OAV, Cum-NLV "jy het op jou boosheid vertrou"
 NAV "Jy het op jou bose daade vertrou"
 NASB "secure in your wickedness"

Die Dooie See Rolle het “boosheid” verander na “kennis” deur die **T** (d) as ‘n **T** (r) te lees. Albei is gangbaar inaggenome die konteks.

▣	
OAV	“Niemand sien my nie”
NAV	“gedink, daar is niemand wat jou sien nie”
Cum-NLV	“Niemand sien wat ek doen nie”
NASB	“No one sees me”

Dit impliseer dat hulle bewus was van die boosheid van hulle daade en dit daarom probeer verberg het (Jes.29:15).

47:11	
OAV ,	“ weet om te besweer”
NAV, Cum-NLV	“besweer”
NASB	“charm”

In die sin van omkoop! Hulle magiese kunste kon JHWH nie omkoop nie (Kyk v.3c).

▣	
OAV	“versoen”
NAV	“met ‘n losprys keer”
Cum-NLV	“met ‘n losprys loskoop”
NASB	“atone”

In Hebreeus beteken dit “om te bedek.” Die gedagte hieraan verbonde is “versoening” van bloed op die troon van genade (Lev 16).

NASB HERSIENE TEKS 47:12-15

Vind die Afrikaans hiervan in die OAV, NAV, Cum-MVB en Cum-NLV

¹²Stand *fast* now in your spells
And in your many sorceries
With which you have laboured from your youth;
Perhaps you will be able to profit,
Perhaps you may cause trembling.
¹³You are wearied with your many counsels;
Let now the astrologers,
Those who prophesy by the stars,
Those who predict by the new moons,
Stand up and save you from what will come upon you.
¹⁴Behold, they have become like stubble,
Fire burns them;
They cannot deliver themselves from the power of the flame;
There will be no coal to warm by
Nor a fire to sit before!
¹⁵So have those come to you with whom you have labored,
Who have trafficked wit you from your youth;
Each has wandered in his own way;
There is none to save you.”

47:12	
OAV	“miskien kan jy skrik aanja”
NAV	“dalk skrik jy jou vyande daarmee af”
Cum-NLV	“dalk sal jy mense afskrik”

Leopold voeg die woord “my” in met die implikasie dat God hulle daarop wys dat hulle beswerings hom nie bedreig laat voel of verskrik nie. Dit is waarskynlik die betekenis van die frase, maar dit kan ook beteken dat die Persiese invallers nie afgeskrik kan word nie (NJB, NAV).

47:13

Nie alleen was Babilon se gode niks werd nie en verneder (vgl. 1-3,5), maar haar profete, raadgewers en towenaars was van geen waarde nie (vgl. v.14).

□	
OAV	“planne”
NAV	“voortekens”
Cum-NLV	“raad”
NASB, NKJV, LXX	“counsels”
NRSV, NJB	“consultations”
TEV	“advise”

In 46:10,11 word dieselfde Hebreeuse woord (BDB 420) met “besluit” vertaal (NAV). Hierdie besluite van JHWH wat uitgevoer word, staan in sterk teenstelling met die gebrekkige doelwitte, swak idees en planne van die Babiloniese godsdienstige elite. Niemand het JHWH van raad bedien nie (40:13), maar sy planne/besluite kom altyd ten uitvoer.

□	
OAV, Cum-NLV	“sterrekykers”
NAV	“voorspellers”
NASB, NKJV, LXX	“astrologers”
NRSV	“those who study the heavens”
JPSOA	“scanners of heaven”
Pesjitta	“Chaldeans”
Emphasized Bible	“the dividers of the heavens”

Die Masoretiese Teks het hier (*ketiv* = soos geskryf) die *Qal* PERFECTUM wat “verdeel” beteken (van ‘n Arabiese stamwoord). Die Masoretiese geleerdes suggereer egter dat dit geles (*qere*= lees as) kan word as ‘n *Qal* WERKWOORDDEELTJIE van dieselfde stamwoord en dat dit dan “hulle wat die sterre bestudeer” beteken (d.w.s astroloë).

47:14

OAV	“dit is geen kool om by warm te word nie, geen vuur om daarvoor te sit nie”
NAV	“Daar bly nie eens kole oor om jou by warm te maak nie, ‘n vuur om by te sit nie”
Cum-NLV	“Daar is nie eens kole om jou by warm te maak nie. Geen vuur waarby jy kan sit nie”
NASB	“There will be no coal to warm by,” <i>Nor</i> fire to sit before”

Vuur word hier gebruik in oordeelsvoltage oor die okkultiese praktyke van die Babiloniërs. Hoewel vuur nuttig is wanneer dit op voedselbereiding en verwarming aankom, dien dit hier slegs die doel van oordeel.

VIR SPESIALE AANDAG: VUUR

In die Bybel is daar positiewe en negatiewe konnotasies aan vuur verbonde.

A. Positief:

1. maak warm (vgl Jes 44:15; Joh 18:18)
2. versprei lig (Jes 50:11; Mat 25:1-13)
3. kook (Eks 12:8; Jes 44:15-16; Joh 21:9)

4. suiwer (Num 31:22_23; Spr 17:3; Jes 1:25; 6:6-8; Jer 6:29; Mal 3:2-3)
5. heiligheid (Gen 15:17; Eks 3:2; 19:18; Eseg 1:27; Heb:12:29)
6. hoe God lei (Eks 12:21; Num 14:14; 1 Kon 18:24)
7. hoe God toerus (Han 2:3)
8. beskerming (Sag 2:5)

B. Negatief:

1. brand (Jos 6:24; 8:8; 11:11; Mat 22:7)
2. vernietig (Gen 19:24; Lev 10:1-2)
3. toorn (Num 21:28; Jes 10:16; Sag 12:6)
4. straf (Gen 38:24; Lev20:14; 21:9; Jos 7:15)
5. vals eindtye teken (Openb 13:13)

C. God se toorn oor sonde uitgedruk in vuur-metafore

1. sy toorn brand (Hos 8:5; Sef 3:8)
2. gloeiende toorn, gramskap soos 'n veldbrand (Nah 1:6)
3. ewige vuur (Jer 15:14; 17:4)
4. eindtye oordeel (Mat 3:10; 13:40; Joh. 15:6; 2 Tes 1:7; 2 Pet 3:7-10; Openb 8:7; 13:13; 16:8)

D. Soos baie ander metafore in die Skrif (bv 'suurdeeg' of 'leeu') kan vuur, afhangende van die konteks, tot seën wees of 'n vloek simboliseer.

VRAE VIR BESPREKING

Hierdie is 'n studieleiding kommentaar wat beteken dat u self vir die uitleg van die Bybel verantwoordelik sal wees. Elkeen van ons moet in die lig tot ons beskikking wandel. U is met die Bybel in die hand en onder leiding van die Heilige Gees dus prominent in die verstaansproses en uitleg. Moenie so 'n groot voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Hierdie besprekingsvrae is bedoel om u te help nadink oor die belangrikste sake in hierdie gedeelte van die boek. U is vry om anders te oordeel oor wat u belangrik ag vir 'n gesprek.

1. Watter wedersydse sinspeling is daar tussen Jes 45:23 en 46:1-2 te vinde?
2. Watter woordspeling is tussen Jes 46:1-2 en 46:3-4 merkbaar?
3. Tel bymekaar die aantal kere wat monoteïsme in hoofstukke 46 en 47 benadruk word.
4. Wat het 46:8 in gemeen met Jes 46:12?
5. Hoe rym dit dat God die verloop van die geskiedenis bestuur terwyl die mens ook vryheid van besluit het?
6. Jes 46:12-13 is belangrik vir ons opvatting oor regverdigmaking deur geloof. Hoekom?
7. Stel vas die aantal kere wat Babilon van luukse bestaan tot slawerny verval het.
8. Maak 'n opsomming van die okkulte praktyke waarvan Jes 47:9-13 melding maak.

JESAJA 48

PARAGRAAF VERDELING VAN EIETDSE VERTALINGS

NASB	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV*
Israel's Obstinacy	Israel Refined for God's Glory	Hear and See	God is the LORD of the Future	Jahweh Has Foretold Everything	Ek het dit bekendgemaak
48:1-11 (1-11)	48:1-2 (1-2)	48:1-2 (1-2)	48:1-2 (1-2)	48:1-11 (1-11)	48:1-3a
	48:3-5 (3-5)	48:3-5 (3-5)	48:3-5 (3-5)		48:3b-7
	48:6-8 (6-8)	48:6-8 (6-8)	48:6-8 (6-8)		
	48:9-11 (9-11)	48:9-11 (9-11)	48:9-11 (9-11)		48:8-11
Deliverance Promised	God's Ancient Plan to Redeem Israel		Cyrus, the LORD's Chosen Leader	Jahweh Has Chosen Cyrus	Die Here het sy dienaar Jakob verlos
48:12-16 (12-16)	48:12-13 (12-13)	48:12-13 (12-13)	48:12-13 (12-13)	48:12-15 (12-15)	48:12-13
	48:14-16 (14-16)	48:14-16 (14-16)	48:14-15 (14-15)		48:14-18
			48: 16 (16a)	48:16-19 (16-19)	
			The LORDS' Plan for His People	The End of the Exile	
48:17-19 (17-19)	48:17-19 (17-19)	48:17-19 (17-19)	48: 17 48:18-19 (18-19)		48:17-19
48:20-22 (20-22)	48:20-21 (20-21)	48:20-22 (20-22)	48:20-22 (20-22)	48:20-22 (20-22)	48:20-21
	48:22 (48:22)				48:22 (22)

*Naas die NAV kan vir paragraafvergelyking ook die OAV, Cum-MVB en Cum-NLV geraadpleeg word

LEESSIKLUS DRIE (sien die Inleidende Aantekeninge bl. 17)

(ONS BEPAAL DIE BEDOELING VAN DIE SKRYWER OP PARAGRAAFVLAK)

Hierdie is 'n studieleiding kommentaar wat beteken dat u self vir die uitleg van die Bybel verantwoordelik sal wees. Elkeen van ons moet in die lig tot ons beskikking wandel. U is met die Bybel in die hand en onder leiding van die Heilige Gees dus prominent in die verstaansproses en uitleg. Moenie so 'n groot voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die hoofstuk deur in een sitting. Onderskei die onderwerpe. Vergelyk u onderwerpe met die Afrikaanse en Engelse vertalings se tema-opskrifte bo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot verstaan van die oorspronklike skrywer se bedoeling, wat immers die hart van Skrifuitleg is. Elke paragraaf handel oor een enkele saak, niks meer nie.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens

INSIG UIT DIE TEKSVERBAND

- A. Soos wat JHWH in hoofstukke 46 en 47 Babilon aangespreek het, so rig hy Hom in hoofstuk 48 tot sy volk, sy teruggekeerde, getroue oorblyfsel.
- B. Let op hoe op verskillende maniere na Israel verwys word
 1. nageslag van Jakob, v.1
 2. wat julleself Israel noem, v.1
 3. wat uit Juda voortkom, v.1
 4. wat in die naam van die Here 'n eed aflê, v.1
 5. die God van Israel aanbid, v.1
 6. dat julle hardkoppig is, v.4
 7. dat julle van geboorte af as oortreders bekend is, v.8
 8. Jakob, vv.12,20
(Voorbeelde geneem uit die NAV – Vert.)
- C. Let op die titels wat JHWH bekend stel
 1. die Naam van die Here, v.1
 2. die God van Israel, vv. 1,2
 3. Ek is die Here, v.12
 4. Ek is die Eerste en Ek is die laaste, v.12
 5. die Here (JHWH), vv.14,17,20,22
 6. die Here God, v.16b
 7. Verlosser, v.17
 8. die Heilige van Israel, v.17
 9. die Here jou God, v.17
(Voorbeelde geneem uit die NAV)
- D. Verskeie uitstaande verse is van teologiese belang en word in die NT verder ontwikkel
 1. 45:23
 2. 46:8-11
 3. 48:8-11
 4. 48:16

- E. Leupold betitel hierdie hoofstuk “A Sharp Rebuke and a Gracious Challenge” Bl. 158). Hierdie wisselwerking tussen oordeel en genade is kenmerkend van profetiese literatuur en dit kom voor ongeag of daar min of geen verandering plaasvind nie.

WOORD- EN FRASE STUDIE

NASB HERSIENE TEKS 48:1-11

Vir die Afrikaans hiervan kyk die OAV, NAV, Cum-MVB of Cum-NLV

¹Hear this, O house of Jacob, who are named Israel
And who came forth from the loins of Judah,
Who swear by the name of the LORD
And invoke the God of Israel,
But not in truth nor in righteousness.
²For they call themselves the holy city
And lean on the God of Israel;
The LORD of hosts is His name
³I declared the former things long ago
And they went forth from My mouth and I proclaimed them.
Suddenly I acted and they came to pass.
⁴Because I know that you are obstinate,
And your neck is an iron sinew
And your forehead bronze,
⁵Therefore I declared *them* to you long ago,
Before they took place I proclaimed *them* to you,
So that you would not say, ‘My idol has done them.’
⁶You have heard; look at all this.
And you, will you not declare it?
I proclaim to you new things from this time,
Even hidden things which you have not known.
⁷They are created now and not long ago;
And before today you have not heard them,
So that you would not say, ‘Behold I knew them.’
⁸You have not heard, you have not known.
Even from long ago your ear has not been open,
Because I knew that you would deal very treacherously;
And you have been called a rebel from birth.
⁹For the sake of My name I delay My wrath,
And for My praise I restrain *it* for you,
In order not to cut you off.
¹⁰Behold, I have refined you, but not as silver;
I have tested you in the furnace of affliction.
¹¹For My own sake, for My own sake I will act;
For how can My name be profaned?
And My glory I will not give to another”

48:1

OAV	“Hoor”
NAV, Cum-NLV	“Luister”
NASB	“Hear”

Hierdie opdrag kom algemeen voor in Jesaja (IMPERATIEF, BDB 1033, KB 1570) en ook in Deuteronomium, Konings, Job, Psalms en Amos. Nuwe afdelings begin op dié wyse (vgl. 1:2,10; 7:13; 28:2; 36:13; 37:17; 46:3,12; 47:8; 48:1,14,16; 49:1; 51:1,7; 55:2; 66:5). JHWH wil dat sy boodskap “gehoor” sal word en dat daarvolgens geleef sal

word. Ontvangs van openbaring dring aan op gehoorsaamheid. Waarheid impliseer leefstyl en is nie net 'n verstandsaangeleentheid nie!

□	
OAV	“uit die waters van Juda voortgekom het”
NAV, Cum-NLV	“wat voortkom uit Juda”
NASB, NRSV	“from the loins of Judah”
NKJV	“from the wellsprings of Juda”
TEV	“you who are descended from Judah”
NJB	“issued from the waters of Judah”

Drie Hebreeuse woorde kan hierdie vers verduidelik

1. “waters”, וַיִּמְצְאוּ (die *UBS Text Project* gradeer dit “B”)
2. “voortkom uit/loins of”, וּמִמְצֵי
3. “afstammeling/seed” וּמִזְרֵעַ

Al hierdie terme is metaforiese uitdrukking van natuurlike afstamming, groepgewyse soos in stam- en familieverband.

Immers al die afstammeling word aangedui as

1. Jakob
2. Israel
3. Juda

Die terugkerendes uit ballingskap was hoofsaaklik van Judese afkoms. Maar die verwysing na “Israel” sinspeel op al die afstammeling van Abraham soos die situasie was het voor die skeuring van die Ryk van Israel in 922 v.C.

□	
OAV	“sweer... roem”
NAV	“‘n eed aflê”
Cum-NLV	“sweer... aanroep”
NASB	“Who swear... invoke”

Beide hierdie WERKWOORDE sinspeel op aanbiddingsgebruike

1. “sweer by die naam” (OAV); “‘n eed aflê” (NAV); vgl. 19:18; 65:16
2. “aanroep” (Cum-NLV); letterlik “om iemand te herinner”, *Hifil*, vgl. 12:4; 26:13; 62:6.

□	
OAV	“maar nie in waarheid of geregtigheid nie”
NAV	“maar nie eerlik en opreg nie”
Cum-NLV	“maar nie in waarheid of regverdigheid nie”
NASB, NKJV, LXX	“But not in truth nor in righteousness”
NRSV	“But not in truth or right”
TEV	“But you don’t mean a word you say”
NJB	“Though not in good faith”
JPSOA	“Though not in truth and sincerity”
REB	“But not with honesty and sincerity”

‘n Skokkende evaluasie van Israel in aanbidding! Die term “waarheid” is אֱמֶת , BDB 54 wat “getrouheid” beteken. Sien *Vir Spesiale Aandag* by 42:3.

Vir die tweede woord (geregtigheid) צְדָקָה ; BDB 842, sien *Vir Spesiale Aandag* wat hier volg.

VIR SPESIALE AANDAG: GERECHTIGHEID

“Gerechtigheid” is so ’n sentrale tema dat ’n Bybelstudent persoonlik van die begrip ’n uitvoerige studie behoort te maak.

In die OT word die karakter van God as “regverdig” en “regskape” beskryf (BDB 841). Dit is ’n Mesopotamiese woord vir ’n riet uit die rivier wat as gereedskap gebruik word om die horisontale reglynigheid van mure en lyndrade vas te stel. God het die term gekies om metafories oor sy eie aard te spreek. Hy is die reguitmaat waardeur alle dinge geëvalueer word. Hierdie konsep bevestig God se gerechtigheid sowel as sy reg om te oordeel.

Die mens was geskape na die beeld van God (Gen 1:26-27; 5:1,3; 9:6). Die mensheid was geskape vir vertrouensvriendskap met God. Die hele skepping is die agterdoek of verhoog vir God en mens se verkeer. God wou dat die kroon van sy skepping, die mensheid Hom moes ken, Hom liefhê, Hom dien en wees soos Hy is. Die lojaliteit van die mensdom is getoets en die eerste mensepaar het die toets gedruip (vgl. Gen 3). Dit het uitgedoel op ’n verbreking van die verhouding tussen God en die mensdom (vgl. Gen 3; Rom 5:12-21).

God egter het beloof om die verhouding te herstel en te hervat (Gen 3:15). Hy doen dit uit eie voorneme en deur sy eie Seun. Mense was in onvermoë om die breuk te herstel (vgl. Rom 1:18 - 3:20).

Na die sondeval was God se eerste stap tot herstel was die verbondsbenadering waartoe Hy uitnooi en verwag dat die mensheid met berou, geloof, belydenis en gehoorsaamheid moet reageer. As gevolg van die sondeval was mense nie in staat om na behore te reageer nie (vgl. Rom 3:21-31; Gal 3). God moes toe self inisiatief neem om die verbondsverbrekende mensdom te herstel. Dit het hy gedoen:

1. deur die sondige mensdom regverdig te verklaar danksy die verdienste van Christus (wetlike of plaasbekledende vrypraak)
2. gerechtigheid aan die mensdom geskenk deur die werk van Christus (toegerekende gerechtigheid)
3. die Heilige Gees gestuur om in hulle in te woon en gerechtigheid te bewerk (etiese gerechtigheid)
4. die vertrouensvriendskap van Eden herstel.

Dus verwag God ’n reaksie kragtens die verbondsverhouding waarin Hy immers bepaal dat Hy vryelik sonder verdienste skenk en vir verlossing voorsiening maak, maar mense moet daarop antwoord gee en aanhou reageer:

1. met betoning van berou,
2. geloof,
3. ’n leefstyl van gehoorsaamheid,
4. volharding.

Gerechtigheid is daarom kragtens die verbond ’n *wederkerige handeling* tussen God en sy hoogste skepping. Dit is op die wesensaard van God gebaseer, op die werk van Christus, moontlik gemaak deur die Heilige Gees waaraan elke individu persoonlik en voortdurend toepaslike gehoor moet gee. Die konsep staan bekend as “regverdigmaking deur geloof”. Dit is in die Evangelies geopenbaar, maar nie in hierdie woordgebruik nie. Dié terme is hoofsaaklik aan Paulus te danke wat die Griekse term vir “regverdiging” in wisselende vorme meer as 100 keer gebruik.

Die opgeleide rabbyn, Paulus, gebruik die term *dikaïosunē* in sy Hebreeuse betekenis (*sdk*), soos in die Septuaginta oorgeneem, maar nie uit Grieks-klassieke literatuur nie. In Griekse geskrifte word die term gebruik in verband met iemand wat voldoen aan die verwagtinge van gode en van die gemeenskap. In Hebreeus hou dit altyd verband met verbondsterme. JHWH is ’n regverdige, etiese en morele God. Hy wil dat sy mense sy karakter weerspieël. Die verlore mensdom word ’n nuwe skepping. Hierdie vernuwing lei tot ’n nuwe lewensstyl van toewyding (die Rooms Katolieke fokus ten opsigte van regverdigmaking). Aangesien Israel ’n Teokrasie was, was daar geen duidelike onderskeiding tussen die sekulêre norme van die gemeenskap en die heilige nie (wil van God). Hierdie onderskeid in die Hebreeus en Grieks kom in Engelse vertaling soos volg tot uiting: “*justice*”, in Afrikaans “*gerechtigheid*.” (mbt gemeenskapslewe) en “*righteousness*” en “*regverdigmaking*” (mbt godsdienstige lewe).

Die evangelie (goeie nuus) van Jesus is dat die gevalle mensheid in vertrouensvriendskap (fellowship) met God herstel is. Dit is tot stand gebring deur die Vader se liefde, sy barmhartigheid en genade; deur die Seun se lewe, sterwe en opstanding en deur die roeping en uitnodiging van die Gees na die evangelie toe. Regverdigmaking is ’n genadegawe van God, maar dit moet oorgaan tot ’n lewe van godsvrug (die standpunt van Augustinus wat die

Reformasie se klem op die vrye gawe van die evangelie en die Rooms Katolieke klem op 'n veranderde lewe van liefde en getrouheid weerspieël).

Vir die Hervormers is die term “die geregtigheid van God” ’n OBJEKTIEWE GENETIEF (i.e. die aksie wat ’n sondegevalle mensdom aanvaarbaar vir God maak) [’n status van heiligmaking], terwyl dit vir die Katoliek ’n SUBJEKTIEWE GENETIEF is, wat neerkom op ’n proses van al meer soos God word [eksperimenteel progressiewe heiligmaking]. Dit moet sekerlik albei wees!!

Na my mening is die hele Bybel, van Genesis 4 tot Openbaring 20 die optekening van God se herstel van die vertrouensvriendskap van Eden. Die Bybel begin met die samesyn van God en mens op ’n aardse toneel en eindig met dieselfde toneel (vgl Openb 21-22). God se beeld en bedoeling sal herstel word.

Die voorafgaande bespreking van die Griekse woordgroep word deur die volgende uitgesoekte NT passasies gestaaf:

1. God is regverdig (dikwels in verband met God as Regter)
 - a. Rom 3:26
 - b. 2 Tessalonisense 1:5-6
 - c. 2 Timoteus 4:8
 - d. Openbaring 16:5
2. Jesus is regverdig
 - a. Handeling 3:14; 7:52; 22:14 (titel van die Messias)
 - b. Matteus 27:19
 - c. 1 Johannes 2:1,29,3:7
3. God se wil vir sy skepping is geregtigheid
 - a. Levitikus 19:2
 - b. Matteus 5:48 (vgl 5:17-20)
4. God se middele om geregtigheid te voorsien en te bewerkstellig
 - a. Romeine 3:21-31
 - b. Romeine 4
 - c. Romeine 5:6-11
 - d. Galasiërs 3:6-14
 - e. Geskenk deur God
 - (1) Romeine 3:24; 6:23
 - (2) 1 Korintiërs 1:30
 - (3) Efesiërs 2:8-9
 - f. Ontvang deur geloof
 - (1) Romeine 1:17; 3:22,26; 4:3,5,13; 9:30; 10:4,6,10
 - (2) 1 Korintiërs 5:21
 - g. Deur handeling van die Seun
 - (1) Romeine 5:21-31
 - (2) 2 Korintiërs 5:21
 - (3) Fil 2:6-11
5. God se wil is dat sy volgelinge regverdig moet wees
 - a. Matteus 5:3-48; 7:24-27
 - b. Romeine 2:13; 5:1-5; 6:1-23
 - c. 2 Korintiërs 6:14
 - d. 1 Timoteus 6:11
 - e. 2 Timoteus 2:22; 3:16
 - f. 1 Johannes 3:7
 - g. 1 Petrus 2:24
6. God sal uit geregtigheid die wêreld oordeel

- a. Handeling 17:31
- b. 2 Timoteus 4:8

Geregtigheid is 'n eienskap van God wat Hy vryelik deur Christus aan die sondegevalle mensdom skenk. Dit is:

- 1. 'n toesegging deur God
- 2. 'n geskenk van God
- 3. 'n handeling van Christus
- 4. 'n toeëiening daarvan deur dit te leef.

Maar dit is ook 'n proses van strewe na geregtigheid wat ywerig en standvastig nagejaag moet word, wat by die Wederkoms in volmaaktheid sal oorgaan. 'n Vertrouensverhouding met God word met bekering herstel, maar groei lewenslank aan tot en met 'n aangesig tot aangesig ontmoeting by dood of die Voleinding.

Hier volg 'n aanhaling van uit die *Dictionary of Paul and His Letters* van IVP:

“Calvin, more so than Luther, emphasizes the relational aspect of the righteousness of God. Luther’s view of the righteousness of God seems to contain the aspect of acquittal. Calvin emphasizes the marvelous nature of the communication or imparting of God’s righteousness to us” (bl. 834).

Wat my betref het die gelowige se verhouding met God drie aspekte:

- a. die evangelie is 'n persoon (soos deur die Oosterse Kerk en Calvyn beklemtoon)
- b. die evangelie is waarheid (soos deur Augustinus en Luther beklemtoon)
- c. die evangelie is 'n veranderde lewe (soos deur die Rooms Katolieke beklemtoon).

Hulle spreek almal waar en die uitsprake moet bymekaar gehou word vir 'n gesonde, steekhoudende, Bybelse Christendom. As enigeen oor- of onderbeklemtoon word, ontstaan probleme:

- Ons moet Jesus verwelkom!
- Ons moet die evangelie glo!
- Ons moet Christus-gelykvormigheid nastreef!

48:2 Die eerste twee reëls herinner aan Jeremia se “tempelpreek” (Jer 7) wat daarop neerkom dat Israel hulle vertroue in die tempel gestel het en nie op JHWH nie:

- 1. beskou hulleself as bewoners van die heilige stad (BDB 894, KB 1128), *Nifal* PERFECTUM, vgl. v.1.
- 2. “steun” (OAV) / “maak staat op” (NAV) BDB 701, KB 759, *Nifal* PERFECTUM.

In aanbidding het hulle behoudend en toegewyd voorgekom, maar dit was oneg omdat dit op 'n verkeerde bron staat gemaak het.

48:3 JHWH meld weer eens (let op die opeenvolgende voornaamwoord “Ek”) hoedat Hy in beheer is van tye en geskiedenis. Hy gebruik voorspellende profesie om vir sy mense aan te toon dat Hy bestaan en dat Hy almagtig is.

48:4 JHWH beskryf sy volk as:

- 1. wederstrewig (Eseg 2:4; 3:7)
- 2. eiesinnig soos yster (Cum-NLV)
- 3. kop so hard as brons (NAV).

▣	
OAV	“geweet het”
NAV, Cum-NLV	“weet”
NASB	“know”

Hierdie woord (BDB, 393, KB 390) kom in hierdie hoofstuk etlike kere voor en dit dui op “geweet het dat” en “kennis gehad het van” (48:4,6,7,8), maar eintlik moes dit “'n opregte vertrouensverhouding met” gewees het!

48:6 Daar bestaan onduidelikheid oor presies hoe die WERKWOORDE in die eerste twee reëls vertaal moet word. Ek hou van die NJB se vertaling: “You have heard and seen all this, Why wont you admit it?” (Julle het alles gehoor. Julle kon dit self sien. Sal julle dit nie nou erken nie?” – Cum-NLV).

Die “dit” verwys na JHWH se voorspellings (vgl. v.5). JHWH toon sy realiteit en bestaan deur sy kennis van die toekoms; sy beskikking van toekomstige gebeure oor alle nasies en nie net wat Israel en Juda betref nie. In verband met “nuwe dinge” kyk vir ‘n volle verduideliking by 62:2.

48:8
OAV “baie troueloos handel”
NAV “nie vertrou kan word nie”
Cum-NLV “verraderlik optree”
NASB “deal very treacherously”

Hierdie is ‘n beklemtoning by wyse van die grammatiese vorm, naamlik ‘n Qal IMPERFEKTUM saam met ‘n INFINITIVUS ABSOLUTUS van dieselfde woordstam (BDB 93; KB 108).

▣
OAV “van die moederskoot af ‘n oortreder genoem is”
NAV “van julle geboorte af al as oortreders bekend is”
Cum-LV “van geboorte af...as rebelle bekend”
NASB “a rebel from birth”

Kyk Deut 7. Selfs tydens die Uittog uit Egipte openbaar Israel ‘n geneigdheid tot afgodsdienste (vgl. Eseg 20:8,13; Amos 5: 25-26).

48:9 Hierdie is ‘n goeie opsomming van die probleem wat JHWH met die nakomelingskap van Abraham gehad het, maar Hy los dit op vir die groter doel: Hy wou dat deur Israel die wêreld Hom sou leer ken en tot inkeer kom (Gen 12:3; sien die *Vir Speciale Aandag* by 40:15). Israel was egter ontrou. JHWH se uitgesproke standpunt was: “Ek oordeel volgens dié reël: Die mens wat sondig, sal sterf” (Eseg 18:4,20; Gen 2:16,17 – Cum-NLV). So ontstaan ‘n konflik tussen wat God se doel was en sy woord. Maar dan kies Hy om te handel met die oog op sy groter doel, die verlossing van die mensdom (1 Sam 12:22; Ps 106:8; Jer 14:7; Eseg 20:8,9,14,17)! JHWH handel ook met Israel ingevolge sy groter doel. Is dit nie wat Jes 48:11 sterk onderstreep nie? Dit is die merkwaardige boodskap van Jesaja. Sien die *Vir Speciale Aandag* by 40:15.

NASB HERSIENE TEKS 48:12-16

Vir die Afrikaans hiervan lees in die OAV, NAV, Cum-MVB of Cum-NLV

¹²Listen to Me O Jacob, even Israel whom I called;
I am He, I am the first and I am the last.
¹³Surely, My hand founded the earth,
And my right hand spread the heavens;
When I call to them, they stand together.
¹⁴Assemble all of you and listen!
Who among them has declared these things?
The LORD loves him; he will carry on His good pleasure on Babylon,
And his arm *will be against* the Chaldeans.
¹⁵I, even I, have spoken; indeed I have called him,
I have brought him, and He will make his ways successful.
¹⁶Come near to Me, listen to this:
From the first I have not spoken in secret, From the time it took place, I was there.
And now the Lord God has sent Me, and His Spirit.

48:12
OAV “dit is Ek; Ek is die Eerste, ook is Ek die Laaste”
NAV “Ek is die Here, Ek is die eerste, en Ek is die laaste”

Cum-NLV "Ek alleen is God, die Eerste en die Laaste"
NASB "I am He, I am the first, I am also the last"

Hierdie is 'n deurlopende idioom in Jesaja (41:4;44:6) en dien ook as beskrywing van Christus in Openb 1:8,17; 22:13! Dit gee te kenne dat God die Skepper is (v.13) en ewig lewe. Ewige verlede en ewige toekoms. En Hy, JHWH, is die enigware God (sien *Vir Spesiale Aandag: Monoteïsme* by 40:14).

48:14 Die twee IMPERATIEWE van die eerste reël word in vers 16 se reël 1 herhaal. Let ook op die parallelisme van "Hy vir wie die HERE liefhet" (OAV) en "sy mag"/"his arm" (OAV/NASB) wat albei dui op Kores II wat God se instrument is teen Babilon om Israel se onthalwe.

48:15 Die eerste frase nl. "Ek, Ek het dit gesê," (NAV); Pi'el PERFECTUM (BDB 180, KB 210) gee uitdrukking aan JHWH se onomkeerbare woord (vgl. 55:11). God se voornemens kan nie gestuit word nie!

48:16
OAV "En nou het die Here HERE my met sy Gees gestuur"
NAV "En nou, die Here God het my en sy Gees gestuur"
Cum-NLV "Nou het die oppermagtige HERE my deur sy Gees gestuur"
NASB "now the Lord God has sent Me, and His Spirit"
NKJV "and now the Lord God and His Spirit has sent Me"
NRSV "and now the Lord God has sent me and his spirit"
TEV "Now the Sovereign LORD has given me his power and sent Me"
NJB "and now Lord Yahweh has sent me with his spirit"
JPSOA "and now the Lord God has sent me, endowed with His Spirit"
LXX(Grieks) "en nou het die HERE my gestuur en sy gees"

Die verskillende vertalings stel talle sprekers aan die woord, maar wie is hulle almal? Een van hulle is beslis JHWH en sy Gees dan moontlik in ooreenstemming met Gen 1:2; Jes 11:2; 42:1; 61:1. Maar wie is die "my" waarvan hier sprake is?

1. die "Ek" van reël 3 (NASB/ NAV): "het Ek niks geheim gehou nie"
2. die profeet Jesaja
3. die Messias (of Dienskneg)
4. Kores II (asof aan die woord gestel)

Christene kan maklik die aanduiding van Drie-eenheid in hierdie teks opmerk. Sien *Vir Spesiale Aandag* by 40:13. Dieselfde drie persone word weer in 61:1 genoem. Kyk ook by 42:1 die *Vir Spesiale Aandag: Die persoon van die Heilige Gees*.

NASB HERSIENE TEKS 48:17-19

Vir die Afrikaans hiervan gebruik die OAV, NAV, Cum-MVB of die Cum-NLV

¹⁷Thus says the LORD, your Redeemer, the Holy One of Israel,
 "I am the LORD, your God, who teaches you to profit,
 Who leads you the way you should go.
¹⁸If only you had paid attention to My commandments!
 Then your well-being would have been like a river,
 And your righteousness like the waves of the sea.
¹⁹Your descendants would have been like the sand,
 And your offspring like its grains;
 Their name would never be cut off or destroyed from My presence.

48:17
OAV, NAV "die Here, jou Verlosser, die Heilige van Israel"
Cum-NLV "die HERE jou Redder, die Heilige van Israel"
NASB "the LORD your Redeemer, the Holy One of Israel "

Die titel kom by herhaling voor in hierdie gedeelte van Jesaja (41:14; 43:14; 49:7,26; 54:5,8). Effens verskillend uitgedruk, kom 'n parallel hiervan voor in 49:26: Ek is die HERE, jou Redder en jou Verlosser, die magtige van Jakob (Cum-NLV). *Sien Vir Spesiale Aandag: Name van die Godheid* by 40:3.

□	
OAV	“wat jou leer wat heilsaam is”
NAV	“wat jou onderrig tot jou beswil”
Cum-NLV	“wat jou leer wat vir jou goed is”
NASB	“who teaches you to profit”

Met “profyt” word “voordelig”, “om te baat by” en “tot nut” bedoel (Job 21:15; 35:3; Jer 12:13; Jes 47:12). Dit word dikwels gebruik om aan te toon wat afgode inderwaarheid vir die aanbieder nie kan doen nie (44:9,10; 57:12; 1 Sam. 12:21; Jer.2:8; 7:8,11; 23:32; Hab 2:18).

□	
OAV	“wat jou lei op die weg wat jy moet gaan”
NAV	“wat jou lei op die pad waarop jy moet gaan”
Cum-NLV	“Ek lei jou op die pad waarop jy moet loop”
NASB	“Who leads you in the way you should go”

Dit is die Semitiese idioom om 'n regte lewenswyse voor te hou, die “goeie weg” (Ps 32:8; 119:105). Hier beteken dit moontlik dat JHWH sorgsaam aanwesig sal wees op die pad van terugkeer uit ballingskap (vgl. v.20; 49:9-10).

14:18-19 Hierdie is 'n “Wat indien...” - teks om die seën en vervloeking van die Verbondsluitings, Lev 26 en Deut 27-29 voor die gees te roep. Israel het gesondig en die verbond nie gehou nie en moes verskriklike gevolge dra. Hulle was in die lewe geroep om geregtigheid te beoefen en openbaring te ontvang, maar ongehoorsaamheid en afgodery het hulle in duisternis en verwarring gedompel.

NASB HERSIENE TEKS 48: 20-22

Vir die Afrikaans hiervan sien die OAV, NAV, Cum-MVB of Cum-NLV

²⁰Go forth from Babylon! Flee from the Chaldeans!
Declare with the sound of joyful shouting, proclaimed this,
Send it out to the end of the earth;
Say, “The LORD has redeemed his servant Jacob.”
²¹They did not thirst when He led them through the deserts.
He made the water flow out of the rock for them;
He split the rock and the water gushed forth.
²²There is no peace for the wicked,” says the LORD.

48:20 Hiermee 'n reeks opdragte vir die terugkerende Joodse ballinge:

1. Gaan uit Babilon uit – *Qal* IMPERATIEF (BDB 422, KB 425)
2. vlug weg van die Galdeërs af – (*Qal* IMPERATIEF BDB 137, KB 156)
3. Jubel dit uit – (*Hifil* IMPERATIEF, BDB 616, KB 665)
4. maak hierdie aankondiging – (*Hifil* IMPERATIEF, BDB 1033, KB 665)
5. Laat dit weerklink tot aan die eindes van die aarde – (*Hifil* IMPERATIEF BDB 422, KB 425)
6. Sê... – (*Qal* IMPERATIEF BDB 55, KB 65)

(Die vertaalde voorbeelde uit NAV – vert.)

JHWH kondig aan dat sy volk uit die ballingskap huiswaarts moet keer. Aan die wêreld maak Hy sy voorneme bekend én dat Hy dit ten uitvoer gebring het!

Hy wil dat die wêreld dit sal weet en inkeer tot Hom (vgl. 2:2-4; 42:6; 45:22-23; 51:4-5; 60:1,3; Han 13:46-49)!

48:21 Die terugkeer uit Assirië en Babilonië was beskou as 'n nuwe Uittog en Woestynomwandeling waartydens JHWH in hulle behoeftes sou voorsien. Soos met die Israeliete tydens die Eksodus sou Hy ook met hierdie ballinge wees.

48:22 Hiermee 'n opsomming vir die aandag van ongelowiges en afgodsdienaars (57:21; 59:6). Enige pad sonder JHWH loop uit op ondergang en verderf. Hierdie besluitnemingsproses is ook in die OT bekend as die "twee weë" (Deut 30:15; Spr 4:10-19; Jer 21:8; Mat 7:13-14).

JESAJA 49

Paragraaf indeling van eie tydse vertalings

NASB	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV*
Salvation Reaches to the End of the Earth	The servant, The light to the Gentiles	The Second Servant Song	Israel a Light to the Nations	Second Song of the Servant	Ek maak jou 'n lig van die nasies
49:1-4 (1-4)	49:1-2 (1-2)	49:1-4 (1-4)	49:1-3 (1-3)	49:1-7 (1-7)	49:1-4a 49:4b-6
49:5-7 (5-7)	49:3-4 (3-4) 49:5-6 (5-6)	49:5-6 (5-6)	49:4-5 (4-5) 49:6 (6)	The Joyfull Homecoming	49:7 (7) Hulle sal nie honger of dors kry nie
49:8-13 (8-13)	49:8-9a (8-9a) 49:9b-12 (9b-12) 49:13 (13)	49:8-12 (8-12)	49:8-10 (8-10) 49:11-16 (11-16)	49:8-12 (8-12) 49:13-17 (13-17)	49:8-12 49:13 (13)
Promises to Zion	God Will Remember Zion		49:17-18 (17-18)		
49:14-21 (14-21)	49:14-18 (14-18) 49:19-21 (19-21)	49:14-18 (14-18) 49:19-21 (19-21)	49:19-21 (19-21)	49:18-22 (18-22)	49:14-18a 49:18b-21
49:22-23	49:22-23 (22-23)	49:22-23 (22-23)	49:22-23 (22-23)	49:23-26 (23-26)	49:22-23
49:24-26	49:24	49:24-26			49:24-26

(24)	(24-26)	49:24-26 (24-26)
49:25-26 (25-26)		

* Naas die NAV kan ook ander vertalings soos die OAV, Cum-MVB en Cum-NLV vir paragraafvergeelyking gebruik word

LEESSIKLUS DRIE (sien die Inleidende Aantekeninge bl. 17)

(ONS BEPAAL DIE BEDOELING VAN DIE SKRYWER OP PARAGRAAFVLAK)

Hierdie is 'n studieleiding kommentaar wat beteken dat u self vir die uitleg van die Bybel verantwoordelik sal wees. Elkeen van ons moet in die lig tot ons beskikking wandel. U is met die Bybel in die hand en onder leiding van die Heilige Gees dus prominent in die verstaansproses en uitleg. Moenie so 'n groot voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die hoofstuk deur in een sitting. Onderskei die onderwerpe. Vergelyk u onderwerpe met die Afrikaanse en Engelse vertalings se tema-opskrifte bo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot verstaan van die oorspronklike skrywer se bedoeling, wat immers die hart van Skrifuitleg is. Elke paragraaf handel oor een enkele saak, niks meer nie.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens

INSIG UIT DIE KONTEKS

- A. As litêre eenheid vestig Jes 40-66 die aandag op die herstel van die volk van God deur die werk van “sy Dienskneg” (vgl. Hoofstukke 49-57).
- B. Hierdie hoofstuk staan bekend as die “Tweede Dienskneglied”. Gaan kyk by die Inleidende gedeelte tot hoofstuk 42 A vir volle besonderhede.
- C. Verskeie belangrike waarhede kom in hierdie gedeelte na vore:
 1. God sorg vir 'n besondere Redder/Dienskneg
 2. wat alle volke na God toe sal bring
 3. en Hy het sy dienskneg, Israel, nie vergeet nie.
- D. Let op die parallelle temas en beeldspraak tussen hoofstukke 40 en 49.

NASB HERSIENE TEKS 49:1-4

Vir die Afrikaans hiervan sien die OAV, NAV, Cum-MVB en Cum-NLV

¹Listen to Me, O Islands,
And pay attention, you peoples afar.
The LORD called Me from the womb;
From the body of My mother He named Me.
²He has made My mouth like a sharp sword,
In the shadow of His hand He concealed Me;
And He has also made Me a select arrow,
He has hidden Me in His quiver.
³He said to Me, “You are My Servant, Israel,
In whom I will show My glory.”
⁴But I said, “I have toiled in vain,

**I have spent My strength for nothing and vanity;
Yet surely the justice due to Me is with the LORD,
And My reward with My God."**

49:1

OAV	"Hoor"
NAV, Cum-NLV	"Luister"
NASB	"Listen"

Sien die aantekening oor IMPERATIEF by 48:1. Hierdie literêre eenheid word deur twee IMPERATIEWE ingelei:

1. Hoor (OAV) – Qal IMPERATIEF (BDB 904, KB 1570);
2. Gee aandag – Hifil IMPRATIEF (BDB 904, KB 1151).

God se openbaring van Homself en daarmee sy voornemens moes van kennisgeneem word, begryp word en dienoreenkomstig gehandel word!

▣

OAV	"eilande...volke wat ver is"
NAV	"gee aandag...nasies wat ver is"
Cum-NLV	"almal wat in ver lande bly"
NASB	"O islands...people from afar"

Die parallelle frases beklemtoon die universele implikasies van die Dienskneg se opdrag (vgl. 42:7; God se liefde;

1. onthou sy verbond met Abraham se nageslag (vgl. vv.5-6b)
2. onthou sy belofte ten opsigte van die hele mensdom (Gen. 3:15; 12:3, veral ook v.6c)

‘n Tweeledige aspek kom in JHWH se boodskap na vore:

1. in verband met die Joodse ballinge se terugkeer onder Kores II
2. in verband met terugkeer van nasies onder die Dienskneg/Messias

Jesaja se oog is immer gerig op Assirië (die hede), op Babilonië (die nabye toekoms), en die veraf toekoms (die tyd van die evangelie). JHWH verlang van Israel:

1. geregtigheid;
2. bekendmaking aan die nasies.

Maar dit het nooit gerealiseer nie. Die mandaat van beide (#1,#2) is na die NT volk van God verskuif (kyk *Vir Speciale Aandag* by 40:15); vgl. Mat 28:18-20; Luk 24:46-47; Han 1:8).

▣

OAV	"Van my geboorte af het Hy my naam genoem"
NAV, Cum-NLV	"Voor My geboorte het die HERE my geroep"
NASB	"The LORD called Me from the womb"

Die NASB gebruik HOOFLETTERS om aan te dui dat met ‘n enkele Dienskneg die Messias bedoel word. Sy spesiale roeping geld, wat die Dienskneg betref, van voor Sy geboorte af (vgl. ook Jeremia in 1:5). ‘n Opmerklieke spanning is aanwesig tussen die individuele en korporatiewe (volk in geheel) aspekte van die Dienskneg. Uit 41:8-9; 42:19; 43:10; 49:3 blyk dit dat met die Diensknegtitel geheel Israel (korporeel te verstaan) bedoel word. ‘n Dubbele fokus kom na vore deur die gebruik van VOORNAAMWOORDE in ENKELVOUD in hoofstuk 49, sowel as die handeling van ‘n individu in 52:13-53:12. Selfs in hoofstuk 42 is die dubbele fokus merkbaar. Verse 1-4 dui op die Messias, maar vv.19-21 het duidelik volk Israel in gedagte. Israel was geroep om ‘n koninkryk van priesters te wees, bestem om die wêreld na God toe te lei (Gen 12:1-3; Eks 19:4-6), waarin Israel misluk het omdat die volk die verbond nie onderhou het nie, natuurlik ook omdat hulle nie kon nie. Daarom het God sy universele verlossing bewerkstellig deur ‘n enkele Israeliet, wat in staat was om aan die verbond te voldoen, naamlik Jesus. Hierdie selfde spanning tussen individu en korporeel is in 49:6 merkbaar en word in Luk 2:32 voortgesit, aangehaal om Jesus se bediening aan te dui. Net so is daar dubbele fokus in Han 13:46-49 waar Paulus en Barnabas hulle bediening verduidelik in die lig van Israel se versuim.

▣

OAV, Cum-NLV "Van my geboorte af"
NAV "toe ek nog in my moeder se liggaam was"
NASB "from the body of My mother"

Die woord "liggaam" is letterlik "inwendige dele" (BDB 588) en sinspeel op die verwekking en ontwikkeling van 'n baba (vgl. Ps 139:13). Dieselde woord word in 48:19 gebruik om na nagaslag te verwys (kyk ook Gen 15:4).

▣
OAV "het Hy my naam genoem"
NAV, Cum-NLV "het Hy my op my naam genoem"
NASB "He named Me"

Die Dienskneg is voor sy geboorte as 'n spesiale verteenwoordiger by name geroep. Dit stem ooreen met God se roeping van nasionale Israel soos in 43:1 vermeld. Die beeldspraak oor die Dienskneg vloei regdeur so afwisselend tussen individu en korporele Israel.

49:2
OAV, NAV, Cum-NLV Hy het my mond soos 'n skerp swaard gemaak"
NASB "He has made My mouth like a sharp sword"

Hierdie metafoor beskryf 'n kragtige spreker in besonder oor openbaring (vgl. Efes 6:17; Heb 4:12). Dit word ook gebruik om die verheerlikte Christus as die Regter aan te dui in Jes 11:4 en Openb 1:16; 2:12-16; 19:15-21.

▣
OAV "In die skaduwee van sy hand"
NAV, Cum-NLV "In die skadu van sy hand"
NASB "In the shadow of His hand"

Hierdie vers bevat twee metafore wat op beskerming dui en op verberging tot op 'n regte tyd (vgl. 51:16). Die taak van die Dienskneg is van 'n besondere aard en duidelik uitgestippel. Herhaaldelik kom in die NT voor 'n frase "in die volheid van die tyd" wat op die gedagte van hierdie vers bou (Mark 1:15; Gal 4:4; Efes 1:10; 1 Tim. 2:6, Titus 1:3)

49:3-4 Die fokus van hierdie verse is Israel in geheel, maar werktuig van God het die volk misluk. Hulle was bedoel om 'n uitverkore instrument te wees met die oog op die wêreld se verlossing (v.6d), maar nou moet die volk as werktuig self eers verlos word (vv.5-6a,b; 53:8d).

49:4 Uit die oogpunt van konteks is daar in hierdie vers moontlik 'n bedoelde dubbelsinnigheid aanwesig: handel dit oor die toekoms van Israel of die lyding van die Messias? Al die WERKWOORDE is in die PERFECTUM. Die twee slotreëls van vers 4 spreek van algehele vertrouwe in die God wat reg laat geskied en wat ook beloon (vgl. v.5c).

▣
OAV "my loon is by my God"
NAV "my God sal my beloon"
Cum-NLV "Hy sal My beloon"
NASB "My reward with My God"

My mening is dat hierdie vers saam met 53:10-11 gelees moet word. Die loon sal verlossings wees op skaal van wêreldomvang.

HERSIENE TEKS 49:5-7

Vir die Afrikaans hiervan gebruik die OAV, NAV, Cum-MVB of Cum-NLV

**⁵And now says the LORD, who formed Me from the womb to be His Servant,
To bring Jacob back to Him, so that Israel might be gathered to Him
(For I am honored in the sight of the LORD,**

And My God is My strength),
⁶He says, "It is too small a thing that You should be My Servant
 To raise up the tribes of Jacob and to restore the preserved ones of Israel;
 I will also make You a light of the nations
 So that My salvation may reach to the end of the earth."
⁷Thus says the LORD, the Redeemer of Israel and its Holy One,
 To the despised One, to the One abhorred by the nation,
 To the Servant of rulers,
 "Kings will see and arise,
 Princes will also bow down,
 Because of the LORD who is faithful, the Holy One of Israel who has chosen You.

49:5

OAV, NAV, Cum-NLV "om Jakob na Hom terug te bring"
 NASB "To bring Jacob back to Him"

Hierdie vers en v.6b dui aan dat die Dienskneg Israel moet terugbring, met die gevolg dat die Dienskneg in die vers nie Israel (korporeel) kan wees nie.

▣

OAV "Ek word geëer in die oë van die HERE en my God is my sterkte"
 NAV "Die Here het my 'n belangrike opdrag gegee en my God gee my die krag om dit te doen"
 Cum-NLV "Die HERE het My geëer, my God het My sterk gemaak"
 NASB ("For I am honored in the sight of the LORD"/And my God is My strength")

Dit is 'n opmerking van die Dienskneg. Die Dienskneg word op dié wyse bemoedig in die aangesig van teleurstellings en teëstand wat tydens sy bediening op Hom wag (vgl 53:1-12).

49:6

OAV "terug te bring die gespaardes van Israel"
 NAV "die Israeliete wat gered is terug te bring"
 Cum-NLV "en my volk Israel na my toe terug te bring"
 NASB "to restore the preserved ones of Israel"

Hierdie frase dui op die "gelowige oorblyfsel" (vgl. die *Vir Speciale Aandag* by 46:3). Hulle is die uitverkore volk wat bestem is om die draers van openbaring te wees. Die hoop van 'n herstelde Israel in sake van die geloof kan in Sag 12:10 waargeneem word en in Rom 9-11 (kommentaar oor hierdie boeke kan aanlyn by 52:1,11 opgelees word).

▣

OAV "Ek het U gemaak tot 'n lig van die nasies, om my heil te wees tot aan die einde van die aarde"
 NAV "Ek maak jou 'n lig vir die nasies sodat die redding wat Ek sal bewerk, die uithoeke van die aarde sal bereik"
 Cum-NLV "Ek gaan jou 'n lig maak vir die nasies sodat jy my redding kan bring tot aan die uithoeke van die aarde"
 NASB "I will also make You a light of the nations so that My salvation may reach to the end of the earth"

Let op die tweërlei taak van die Dienskneg/Messias. Indien v.5 die fokus van die evangelie op Israel rig, dan is vers 6 se visie op die wêreldwye uitbreiding van die vroeë kerk gerig. Hierdie universele uitbreiding van die evangelie is 'n dikwels herhaalde tema in Jesaja (2:2-4; 42:6-12; 45:22-23; 61:4-5; 60:1,3; 66:23; Han 13:46-49).

49:7	
OAV	“die HERE, die Verlosser van Israel, sy Heilige”
NAV	“die Here, die Heilige van Israel, sy Verlosser”
Cum-NLV	“die HERE, die Redder en Heilige van Israel”
NASB	“the LORD, the Redeemer of Israel, and its Holy One”

Hierdie reeks titels (kyk die aantekening by 48:17) laat 'n spanning deurskemer tussen:

1. die transendente God en sy immanensie (veraf/naby)
2. God as Redder en Regter
3. God as vriend maar ook heerser

So moet aan beide regverdigmaking en heiligmaking vasgehou word, want beide dien dieselfde doel, naamlik dat dit JHWH se wil is dat Israel sy karakter vertoon.

□	
OAV	“aan die diepveragte, aan Hom wat 'n afsku is by die volk, 'n Kneg van die heersers”
NAV	“vir die een wat diep verag is, wat deur die nasie verafsku word en wat 'n dienaar van regeerders is”
Cum-NLV	“vir die een wat verag is en verwerp word deur die nasie, wat 'n dienaar van regeerders is”
NASB	“To the despised One, To the One abhorred by the nation To the Servant of rulers”

Hiermee word aangedui hoe die Dienskneg geminag is (50:4-11; 52:14-53:6; Ps 22), alhoewel al die aardse hooggeplaastes aan Hom erkenning sal gee (Fil 2:6-11, wat heenwys op Jes 45:22-23) Is dit nie ironies dat die Een wat deur die nasies geminag word en verafsku (Ps 2) is, juis as redder van die nasies optree nie?

□	
OAV	“ter wille van die HERE wat getrou is, van die Heilige van Israel wat U uitverkies het”
NAV	“tot eer van die Here wat getrou is, die Heilige van Israel wat jou uitverkies het”
Cum-NLV	“ter wille van die HERE wat getrou is. Die Heilige van Israel het jou gekies”
NASB	“Because of the LORD who is faithfull, the Holy One of Israel who has chosen You”

Hier word die sleutel vir ons hoop aangedui, naamlik JHWH se getrouheid. Ons hoop berus op die karakter van Een wat roep, beloof en red.

VIR SPESIALE AANDAG: KARAKTEREIEKAPPE VAN DIE GOD VAN ISRAEL

1. Barmhartig (BDB 933)– Eks. 34:6; Deut. 4:31; 2 Kron. 30:9; Ps. 86:15; 103:8; 111:4; Neh. 9:17, 31; Joël 2:13; Jona 4:2.
2. Genadig (BDB 337) – 2 Kron 30:9; Ps 86:15; 103:8; 111:4; Neh 9:17,31; Joel 2:13; Jona 4:2
3. Lankmoedig (BDB 74 in CONSTRUCTUS BDB 60) –Eks 34:6; Ps 86:15; 103:8; Neh 9:17; Joël 2:13; Jona 4:2
4. Vol liefde en trou (NAV); BDB 54 – Eks 34:6-7; Ps 86:15; Ps 103:8; Neh 9:17; Joël 2:13; Jona 4:2
5. Getrou (of “waarheid” BDB 54) – Eks 34:6; Ps 86:15
6. Wat vergewe (Cum-NLV); Neh 9:17
7. Hulle nie verlaat nie (BDB 731 I) – Neh 9:17,31
8. Skeur julle harte, draai terug (Cum-NLV); BDB 636, KB 688, Nifal DEELWOORD; Joël 2:13; Jona 4:2,9. Grote en gedugte God (BB 42,152) – Neh 1:5; 9:32
10. Groot en ontsagwekkende God (NAV); BDB 152, 431, Neh 1:5; 4:14; 9:32
11. Wat u verbond... handhaaf (NAV); BDB 1036, 136); Neh 1:5; 9:32
12. U troue liefde (NAV); BDB 338 – Neh 1:5, 9:32

Voorbeeld-tekste is uit die OAV geneem, behalwe waar anders aangedui.

NASB HERSIENE TEKS 49:8-13

Vir die Afrikaans hiervan gebruik die OAV, NAV, Cum-MVB of die Cum-NLV

⁸Thus says the LORD,
In a favorable time I have answered You,
And in a day of salvation I have helped You;
And I will keep You and give You for a covenant for the people,
To restore the land, to make *them* inherit the desolate heritages;
⁹Saying to those who are bound, Go forth,
To those who are in darkness, 'Show yourselves.'
Along the roads they will feed,
And their pastures *will be* on bare heights.
¹⁰They will not hunger or thirst,
Nor will the scorching heat of sun strike them down;
For He who has compassion on them will lead them
And will guide them to springs of water.
¹¹I will make all mountains a road,
And My highways will be raised up.
¹²Behold, these will come from afar;
And lo, these will *come* from the north and from west,
And these from the land of Sinim."
¹³Shout for joy, O heavens! And rejoice, O earth!
Break forth into joyful shouting, O mountains!
For the LORD has comforted His people
And will have compassion on His afflicted.

Vir die Afrikaans hiervan vgl. die OAV, NAV, Cum-MVB en Cum-NLV

49:8 Let op die parallele "op 'n tyd wat Ek goed dink" en "op die dag wat Ek wil red." Hierdie vers word in 2 Kor 6:2 aangehaal. Met verwysing na 'n "dag van verlossing" word dit in Ps 69:13-15 ook gebruik. Dit kan aanduiding wees van fisiese of geestelike verlossing. Die Jubeljaar (Lev 25:10) was die simbool van die algehele vrystelling van skuldverpligtinge. In so 'n konteks word oor die terugkeer na Palestina gepraat. Dit het met Kores II se dekreet begin (538 v.C.) en het in golwe verloop:

1. Sesebassar – Esra 1
2. Serubbabel en Josua – Esra 2
3. Nehemia – Neh 1
4. Esra – Neh 8

Let daarop hoe die WERKWOORDE in vers 8 JHWH se aktiwiteit beskryf:

1. sal Ek jou gebede verhoor (*Qal* PERFECTUM; BDB 772, KB 851)
2. sal Ek jou help (*Qal* PERFECTUM; BDB 740, KB 810)
3. Ek sal jou beskerm (*Qal* IMPERFECTUM; BDB 665, KB 718)
4. en my verbond... maak (*Qal* IMPERFECTUM; BDB 678, KB 733)
 - a. om sy land te herstel (Hifil INFINITIEF CONSTRUCTUS; BDB 678, KB 1086)
 - b. weer in besit te neem (Hifil INFINITIEF CONSTRUCTUS, BDB 635, KB 686)

(Voorbeelde geneem uit NAV – vert).

■	
OAV	"en gee U as 'n verbond van die volk"
NAV	"en jou my verbond met my volk maak"
Cum-NLV	"en jou maak tot 'n verbond met my volk"
NASB	"give You for a covenant of the people"

Die tema van hierdie vers soos hier in 49:8 vervat, stem met 42:6 ooreen. JHWH se verbond met Abraham en sy nageslag is veel wyer van omvang as net Israel (vgl. Gen 12:3; sien *Vir Speciale Aandag* by 40:15). Dit omvat die

hele wêreld (vgl. die woord “nasies”). Hieroor gaan dit teologies in monoteïsme – daar is net een God (vgl. *Vir Spesiale Aandag* by 40:15), en alle mense is na sy beeld geskape (vgl. Gen 1:26-27) met ‘n belofte dat daar verlossing vir hierdie mensdom aangebied word lank voorat ‘n volk Israel tot stand gekom het.

49: 8d-12 Hierdie verse gebruik die metafoor van skape op ‘n malse groen, oorvloedige weiveld. Die verbondsbelofte van Deut 27-28 word by implikasie bedoel. Die volk van God word opnuut in die Heilige Land teruggebring! Vir die aanbreek van ‘n Nuwe Bedeling haal Paulus hierdie vers aan in 2 Kor 6:2 (letterlik: “‘n dag wat voor God reg is”, vgl. voetnoot in Cum-NLV). Vers 10 hier, word ook in Openb 7:16-17 gebruik om aan te toon at die heidene by hierdie kudde ingesluit is (vgl. Cum-NLV en voetnoot –vert.)

49:9 Israel word geteken asof in die gevangenis (Bv. prisoniers BDB 63, vgl. 42:7; 61:1):

1. hulle is gebind;
2. of in duisternis.

Hulle word aangesê om:

1. daar uit te kom en Qal IMPERATIEF; BDB 422, KB 425;
2. vry te wees; Nifal IMPERATIEF (letterlik: kom te voorskyn); BDB 162, KB 191.

(Soos vertaal in Cum-NLV– vert.)

49:10

OAV	“want hulle Ontfermer sal hulle lei en hulle saggies aanbring”
NAV	“Hy wat Hom oor hulle ontferm het, sal hulle onder sy sorg neem... hulle lei”
Cum-NLV	“Hy wat vir hulle omgee, sal vir hulle sorg en hulle lei”
NASB	“He who has compassion on them will will lead them”

Hierdie titels is beskrywend van JHWH:

1. Hy ontferm Hom oor hulle – *Pi ‘el* WERKWOORDDEELTJIE (BDB 933, KB 1216)
2. Hy is die Een wat hulle lei – *Pi ‘el* IMPERFEKTUM (BDB 624, KB 675)
3. Hy is die Een wat hulle op koers hou – *Pi ‘el* IMPERFEKTUM (BB 624, KB 675)

■ Metafore van voorsiening uit ‘n boerderybestaan word voortgesit:

1. nie meer honger
2. nie meer dors nie
3. nie meer droë/warm woestynwinde nie

(oorgesit uit Cum-NLV– vert.)

Die terugkeer huis toe sal maklik verloop op ‘n beskermde wyse en met oorvloed van sorg. Met verwysing na die Messiaanse era word dieselfde beeldspraak in Openbaring 7:16 gebruik. JHWH se Messias is herder van die kudde (Ps 121:5-6).

49:11 Metafories gesproke word alle hindernisse verwyder om hulle toegang tot Jerusalem te verseker. Daar word selfs ‘n herstelde, voorbereide messiaanse hoofroete voorsien (11:16; 19:23; 62:10). Vir die doel van aanbidding van JHWH sal daar vryheid van beweging tussen die nasies wees. Die nasies van die wêreld het toetree!

Dis heel interessant om daarop te let dat Jesaja dikwels die beeldspraak van ‘n “hoofweg” gebruik:

1. ‘n Hoofweg vir die Joodse bannelinge om terug te keer (11:16; 57:14)
2. ‘n hoofweg vir aanbidders uit die heidendom om toe te tree (19:23)
3. ‘n pad reguit gemaak vir regverdige deur die Regverdige; Cum-NLV (26:7; 35:8; 43:19; 49:11; 51:10)
4. ‘n hoofweg gereed gemaak vir die Messias (40:3; 42:16)

49:12

OAV	“en hulle dáár kom uit die land van die Siniete”
NAV	“party kom uit die land van die Siniete”
Cum-NLV	“nog ander so ver as Egipte”
NASB	“and these from the land of Sinim”

Dis onbekend waar die plek presies geleë was. Die hoofsaak hier is egter om aan te dui dat JHWH sy mense almal sal tuisbring vanaf die verste plekke denkbaar:

1. NASB, NKJV, Pesjitta– Sinim
2. NRSV, REB – Syene
3. TEV, NIV, NJB – Aswan
4. DSS (Dooie See Rol) – Syenians

Al die variasies hier genoem, is verskillende spelwyses van 'n antieke, maar ook moderne stad in die suide van Egipte waar 'n aansienlike Joodse bevolking hulle bevind het (Eseg 30:6).

49:13

OAV "o hemele... aarde... en berge"
NAV "hemel... aarde... berge!"
Cum-NLV "hemel... Aarde... Berge...!"
NASB "O Heaven... O earth... O mountains"

Hierdie "ooggetuies" van God se oordeel oor sy volk (vgl. 48:1vv.) is nou die jubelende getuies van God se getrouheid (44:23). Let op die reeks van IMPERATIEWE.

1. jubel; (BDB 943, KB 1247)
2. juig; *Qal* IMPERATIEF (BDB 162, KB 189)
3. breek uit in gejubel (OAV)/ juig met 'n vrolike lied (Cum-NLV); BDB 822, KB 953

NASB HERSIENE TEKS 49:14-21

Vir die Afrikaans hiervan gebruik die OAV,NAV,Cum-MVB en Cum NLV

¹⁴But Zion said, "The LORD has forsaken me,
And the LORD has forgotten me"
¹⁵Can a woman forget her nursing child
And have no compassion on the son of her womb?
Even these may forget, but I will not forget you.
¹⁶Behold, I have inscribed you on the palms of My hands;
Your walls are continually before Me.
¹⁷Your builders hurry;
Your destroyers and devastators
Will depart from you.
¹⁸Lift up your eyes and look around;
All of them gather together, they come to you.
"As I live," declares the LORD,
You will surely put on all of them as jewels and bind them on as a bride.
¹⁹For your waste and desolate places and your destroyed land –
Surely now you will be too cramped for the inhabitants,
And those who swallowed you will be far away.
²⁰The children of whom you were bereaved will yet say in your ears,
'The place is too cramped for me;
Make room for me that I may live here.'
²¹Then you will say in your heart,
'Who has begotten these for me,
Since I have been bereaved of my children
And am barren, an exile and wanderer?
And who has reared these?
From where did these come?'

49:14-21 Hierdie verse is bemoedigende woorde van God aan 'n ontmoedigde en verlate Jerusalem (Sion). Let op na die kere wat die woord "vergeet" hier voorkom (BDB 1013, KB 1489):

1. Die Here het my vergeet – *Qal* PERFECTUM
2. Kan 'n vrou haar suigeling vergeet – *Qal* IMPERFECTUM

3. ofskoon hulle sou vergeet (OAV) – *Qal IMPERFEKTUM*
4. Ek sal jou nie vergeet nie – *Qal IMPERFEKTUM*

God gebruik mensvormige spreekwyse om sy liefde vir en versorging van die terugkerendes te beskryf en wel by wyse van 'n vroulike metafoer (luister aanlyn na 'n preek by www.freebiblecommentary.org) oor "Difficult and Controversial Texts"; nommer 111, "The Fertility of God".

49:15 dien dan as 'n kragtige metafoer om God se verbondsliefde te beskryf (vgl. 66:9-13): JHWH word hier beskryf in idioom van 'n moeder wat haar kind soog (Sien *Vir Speciale Aandag* by 41:2)

49:16-17 Nog 'n kragtige metafoer om te laat sien hoe God voortdurend sy verbond met Abraham en sy nageslag in herinnering roep. Selfs wanneer van Jerusalem net ruïnes oorbly, het God se volk nog die vooruitsig dat 'n nuwe tyd van herstel op pad is.

49:17

OAV	"Jou seuns kom gou"
NAV	"Jou kinders kom binnekort"
Cum-NLV	"Baie gou sal jou nageslag hulle terug haas"
NASB	"Your builders hurry"
NKJV	"Your sons make haste"
NJB	"your rebuilders are hurrying"
JPSOA	"swiftly your children are coming"

Die UBS Text Project (bl. 114-135) dui twee moontlikhede aan:

1. Jou seuns (בְּנֵיךָ) – MT, DSS
2. jou bouers (בְּנֵיךָ) – wat deur die UBS as "Babiloniese vokalisasie" beskou word.

Die UBS Text Project gradeer opsie #2 met 'n "C" wat as aansienlike twyfel beskou word.

Die onsekerheid geld ook vir die volgende reel:

1. REV – Jou bouers is vinniger as jou vernielers (Cum-NLV – Baie gou sal jou nageslag hulle terughaas)
2. NEB – Hulle wat jou herbou, vorder vinniger as jou verwoesters, (Cum-NLV – Maar hulle wat jou

verwoes het, sal weglug).

Die verskille hang saam met hoe die Hebreeuse konsonante aangewend word (UBS Text Project, bl. 135).

49:18 Jerusalem was verwoes. Die stad word voorgestel as 'n moeder sonder kinders (vgl. vv. 20-21). Haar "eggenoot".

JHWH, het haar in eer herstel en van 'n menigte kinders voorsien as versiering in haar ouderdom!

JHWH roep die terugkerendes op:

1. om op te kyk – *Qal IMPERATIEF*, BDB 669, KB 724.
2. om rondom hulle te kyk – *Qal IMPERATIEF* (BDB 906, KB, 1157).

49:21-22 Die wat na Jerusalem terugkeer om te aanbid, sinspeel op die tempel wat vol sal word en dat die stad probleme sal hê om die aanloop te hanteer.

NASB HERSIENE TEKS 49:22-23

Vir die Afrikaans hiervan maak gebruik van die OAV, NAV, Cum-MVB of Cum-NLV

²²Thus says the Lord GOD,
 "Behold, I will lift up My hand to the nations:
 And set up My standard to the peoples;
 And they will bring your sons in their bosom,
 And your daughters will be carried on their shoulders.
²³Kings will be your guardians,
 And their princesses your nurses.
 They will be down to you with their faces to the earth
 And lick the dust of your feet;

**And you will know that I am the LORD;
Those who hopefully wait for Me will not be put to shame.**

49:22-23 Volgens vers 7 het die heidennasies tevore God se Messias verwerp en teen Hom gerebelleer (vgl. Ps 2). Nou kom hulle met berou en bring God se bondsvolk met hulle saam. Hierdie vers se doel is nie om die OT Verbond op te hemel nie, maar dié God wat die verbond met hulle gemaak het. 'n Bekeerde heidendom se verering van JHWH sal in hulle respek vir sy volk waargeneem kan word (vgl. 45:14).

49:22

OAV	“Ek sal my hand ophef na die nasies... my banier na die volke toe”
NAV	“my hand uitstrek na die nasies toe...sal Ek my vaandel opsteek”
Cum-NLV	“Ek steek my hand op en gee ‘n teken aan die nasies”
NASB	“set up My standard to the peoples”

Om die banier op te hef, is'n parallelle uitdrukking met “hand ophef na die nasies toe.” Die Dienskneg sal 'n teken/vlag vir die nasies wees (d.w.s vir die bekeerde heidendom) om tot die stryd toe te tree (11:10,12). Die groot oogmerk van die herstel van die Bondsvolk is dat herstel van die nasies daarmee saam sal geskied. Sien *Vir Spesiale Aandag* by 45:23.

49:23

OAV, Cum-NLV	“dan sal jy weet dat Ek die HERE is”
NAV	“Dan sal jy besef dat Ek die Here is”
NASB	“And you will know that I am the LORD”

Israel was daarvoor bestem om 'n getuie teenoor die nasies te wees. Nou getuig die nasies teenoor Israel. Terwyl die nasies in groot getalle tot inkeer kom, dien dit as teken vir Israel dat God nog met hulle is, maar dat hulle ook tot geloof moet kom (vgl. Rom. 9-11).

▣

OAV	“dat hulle nie beskaamd staan wat My verwag nie”
NAV	“wie op My vertrou, word nie teleurgestel nie”
Cum-NLV	“Wie sy hoop op My stel, sal nie teleurgestel word nie”
NASB	“Those who hopefully wait for Me will not be put to shame”

Die gedagte van “wag” kom dikwels in Jesaja voor (25:9; 26:8; 40:31; sien ook Ps 37:9). Dit is eintlik maar dieselfde as om te sê: “Vertrou op die Dienskneg”!

'n Ander tema wat in die OT voorkom, is “sal beskaamd staan” (45:17; Ps 25:3; Joël 2:27). Dié wat op die Here wag/vertrou, sal nie beskaamd staan/teleurgestel word nie!

NASB HERSIENE TEKS 49:24-26

Vir die Afrikaans hiervan, sien die OAV, NAV of Cum-NLV

**²⁴Can the prey be taken from the mighty man
Or the captives of a tyrant be rescued**

²⁵Surely , thus says the LORD

**“Even the captives of the mighty man will be taken away,
And the prey of the tyrant will be rescued;”**

**For I will contend with the one who contends with you
And I will save your sons.**

**²⁶I will feed your oppressors with their own flesh,
And they will become drunk with their own blood as with sweet wine;
And all flesh will know that I, the LORD, am your Savior
And your Redeemer, the Mighty One of Jacob”**

49:24-26 Die metafoor in hierdie verse dui op 'n tweede eksodus (Uittog) gebeur. God red sy volk andermaal uit die magsgreep van groot ryke. Opmerklik is dit dat God deur middel van die uitredding, soos met die verlossing uit Egipte, nie net sy volk tot vryheid lei nie, maar dat die Nasies Hom daardeur ook leer ken (v.26c; 45:6; Mal 1:11).

49:24b.

OAV	“n regverdige”
NAV, Cum-NLV	”n betroubare persoon”
NASB, NRSV, NJB	“a tyrant”
NKJV	“the righteous”
REB	“the ruthless”
JPSOA	“victor”

Die NKJV se vertaling weerspieël die MT (sien ook die Afr. vertalings), maar die ander volg die DSS (Dooie See Rolle), Siries en die Vulgaat (Latyn)

1. צַדִּיק – regverdige
2. עֲרִיץ – tiran

49:25

OAV	“en jou bestryder sal Ek bestry”
NAV, Cum-NLV	“want Ek is ‘n vyand van jou vyand”
NASB	“For I will contend”

Hiermee word weer die hoftoneel opgeroep. Moontlik kan die gebruik daarvan deur Jer 50:4 toegelig word. Nou is JHWH, die Dienskneg, nie langer die vervolger nie, maar Advokaat vir die verdediging.

49:26d Let weer op die betekenisvolle (sprekend van sy almag) titels waarop die God van Israel bekend is (41:14; 43:14; 44:6,24; 47:4; 48:17; 49:7,26; 54:5,8; 59:20; 60:16; 63:16).

JESAJA 50

PARAGRAAF INDELINGS VAN EIE TYDSE VERTALINGS

NASB	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV*
God Helps His Servant	The Servant Israel's Hope	Covenant, Faithfulness, and Judgment		Israel's Punishment	Julle is oor julle sondes verkoop
50:1-3 (1-3)	50:1-3 (1-3)	50:1-3 (1-3)	50:1 (1)	50:1-3 (1-3)	50:1-3
			50:2-3 (2-3)		
			The Obedience of the LORD's Servant	The Third Song of the Servant	Wie sal My aankla?
50:4-11 (4-11)	50:4-6 (4-6)	50:4-6 (4-6)	50:4-6 (4-6)	50:4-11 (4-11)	50:4-6
	50:7-9 (7-9)	50:7-9 (7-9)	50:7-9 (7-9)		50:7-9
	50:10-11 (10-11)	50:10-11 (10-11)	50:10-11 (10-11)		50:10-11

Vir die doel van paragraafvergeljing kan u ook die OAV,Cum-MVB en Cum-NLV raadpleeg

LEESSIKLUS DRIE (sien die Inleidende Aantekeninge bl. 17)

(ONS BEPAAL DIE BEDOELING VAN DIE SKRYWER OP PARAGRAAFVLAK)

Hierdie is 'n studieleiding kommentaar wat beteken dat u self vir die uitleg van die Bybel verantwoordelik sal wees. Elkeen van ons moet in die lig tot ons beskikking wandel. U is met die Bybel in die hand en onder leiding van die Heilige Gees dus prominent in die verstaansproses en uitleg. Moenie so 'n groot voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die hoofstuk deur in een sitting. Onderskei die onderwerpe. Vergelyk u onderwerpe met die Afrikaanse en Engelse vertalings se tema-opskrifte bo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot verstaan van die oorspronklike skrywer se bedoeling, wat immers die hart van Skrifuitleg is. Elke paragraaf handel oor een enkele saak, niks meer nie.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens

INSIG UIT DIE KONTEKS

- A. Dit is die derde Dienskneglied.
- B. In 49:25d se geregshofbeeldspraak is die Dienskneg die advokaat vir die verdediging, waardeur aangedui word dat JHWH van sy volk skei weens hulle ontrou.
- C. In teenstelling met die ontrou van die bondsvolk, word die Dienskneg wat kom as die ideale (volmaakte) Israeliet beskou. Hy sou volbring wat Israel nie kon doen nie.
- D. Let op hoe drie Engelse vertalings in drie paragrawe (verse 4-11) die hoorwaarhede uitlig:
1. vv.4-6
 2. vv.7-9
 3. vv.10-11.

WOORD EN FRASE STUDIE

NASB HERSIENE TEKS 50:1-3

Vir die Afrikaans hiervan sien die OAV,NAV, Cum-MVB en Cum-NLV

¹Thus says the LORD
“Where is the certificate of divorce
By which I have sent your mother away?
Or to whom of My creditors did I sell you?
Behold, you were sold for your iniquities,
And for your transgressions your mother was sent away.
²Why was there no man when I came?
When I called, why was there no answer?
Is my hand so short that it cannot ransom?
Or have I no power to deliver?
Behold, I dry up the sea with my rebuke,
I make the rivers a wilderness;
Their fish stink for lack of water
And die of thirst.
³I clothe the heavens with blackness
And make sackcloth their covering.

50:1 Israel word deur twee antieke wetsituasies beoordeel:

1. egskeiding van 'n ontroue vrou (vgl. 54:6-7; Jer 3:1,8; Hos 2:4);
2. die verkoop van iemand in slawerny weens skuld (Deut 32:30; 2 Kon 4:1; Neh 5:5).

Weens Israel se afvalligheid en oortredings was sy veroordeel en in ballingskap Dit was nie toe te skryf aan onvermoë van JHWH nie, maar omrede die wederstrewigheid van sy volk (59:2).

50:2 Hierdie vers begin met vier retoriese vrae soortgelyk aan die twee van vers 1. Die eerste twee laat blyk JHWH sy verbasing daaroor dat niemand ingetree het toe Hy hulp kom aanbied het nie en die totale ongeloof wat aan die orde was. Hy wil weet of daar dan nie vertroue in sy vermoë is om te red nie?

▣

OAV	“is my hand werklik te kort om te verlos”
Cum-NLV	“Is my arm te kort om te red”
NAV	“Is Ek nie in staat om te verlos nie”
NASB	“Is My hand so short”

Dit is 'n *Qal* PERFECTUM en 'n *Qal* INFINITIVUS van dieselfde woordstam (BDB 894, KB 1126) om die gedagte by wyse van sy vraagstelling te benadruk.

□	
OAV, NAV	“verlos”
Cum-NLV	“red”
NASB	“ransom”

Sien *Vir Speciale Aandag* by 41:14. Dit is parallel met “red.”

NASB HERSIENE TEKS 50: 4-11

Vir die Afrikaans hiervan sien die OAV, NAV, Cum-MVB en Cum NLV

⁴The Lord GOD has given *Me* the tongue of disciples,
That I may know how to sustain the weary one with a word.
He awakens *Me* morning by morning,
He awakens My ear to listen as a disciple.
⁵The Lord GOD has opened My ear;
And I was not disobedient
Nor did I turn back.
⁶I gave My back to those who strike *Me*,
And My cheek to those who pluck out My beard;
I did not cover My face from humiliation and spitting.
⁷For the Lord GOD helps Me,
Therefor I am not disgraced;
Therefore I have set My face like flint,
And I know that I will not be ashamed.
⁸He who vindicates Me is near;
Who will contend with Me?
Let us stand up to each other;
Who has a case against Me?
Let him draw near to Me.
⁹Behold, the Lord GOD helps Me;
Who is he who condemns Me?
Behold, they will all wear out like a garment;
The moth will eat them.
¹⁰Who is among you that fears the LORD
That obeys the voice of His servant,
That walks in the darkness and have no light?
Let him trust in the name of the LORD and rely on his God.
¹¹Behold, all you who kindle a fire,
Who encircle yourselves with firebrands?
Walk in the light of your fire
And among the brands you have set ablaze.
This you will have from My hand:
You will lie down in torment.

50:4-6 Aspekte van die Dienskneg se dienswerk word in sy eie woorde hier aangeteken:

1. die gawe om te luister
2. die gawe om te bemoedig (v.4a)
3. hy gee ag op
 - a. wie seer het en vermoeid is (4b; Jer 31:25)
 - b. JHWH (vv. 4c,d,5a)
4. hy is nie ongehoorsaam nie (v.5b)

5. hy is nie ontrou nie (NAV)
6. hy het Homself aan die mishandeling van leiers oorgegee (Mat 26:67; 27:30; Markus 15:9)
 - a. wat Hom oor sy rug geslaan het
 - b. sy baard uitgepluk het
 - c. in sy gesig gespuug het

Sy wyse woorde lei tot verwerping van Homself en sy boodskap deur diegene wat weier om dit aan te hoor (vgl. v.11).

50:4a

OAV	“leerlinge”
NAV, Cum-NLV	“leerling”
NASB	“disciple”

Dit is ‘n seldsame woord wat twee keer net hier voorkom (BDB 541) en gewoonlik met “leer”/“onderrig” vertaal word (54:13).

50:4b

OAV	“om die vermoeide te verkwik met woorde”
NAV, Cum-NLV	“die wat moeg is moed kan inpraat”
NASB, NRSV	“sustain the weary one”
NKJV	“speak a word in season to him who is weary”
TEV	“strengthen the weary”
NJB	“to give a word of comfort to the weary”
JPSOA	“speak timely words to the weary”
REB	“to console the weary”

Hierdie vertalings van die Masoretiese Teks is vaag omrede die woord vir “ondersteuning bied” net hier voorkom (vergelykingsmateriaal ontbreek – vert.) .

50:4c,d ‘n Herhaling van *Hifil* IMPERFEKTUMS kom hier voor (BDB 736, KB 804) wat “wek”/“wakker maak” (OAV/Cum-NLV) om optrede en aktiwiteit aan te moedig (daarom die *Hifil*-vorm!).

1. Volgens 13:17; Jer 51:11 – die Meders en...
2. 41:2,25 – Kores II
3. 45:13 – weer Kores II
4. en hier (50:4c,d) – die Dienskneg/ Messias
5. Dan 11:2 – ‘n regeerder in die tussentyd van die OT en die NT.

Alles inaggenome is JHWH in beheer van die wêreldgeskiedenis en die wêreld se verlossing!

50:6 Die behandeling van die gehoorsame Dienskneg is ‘n voorafskaduwing van die behandeling wat Jesus sou ontvang. Daarmee word die vierde lied van die Lydende Kneg in 52:13 - 53:12 ingelui, spesifiek verse 3,4-5,7-9. Ie Dienskneg sou ‘n hoë prys vir sy lojaliteit, vertroue in en gehoorsaamheid aan JHWH betaal (vgl. Ps 2 en Ps 22). Sy lyding was met ‘n doel (Mark 10:45; 2 Kor 5:21; en die Hebreërboek).

50:7-9 Die eerste frase van vers 7 word in vers 9a herhaal (die oppermagtige Here). “Die Here (Adon) God, (JHWH) help my”. Daarom sal die Dienskneg:

1. nie in skande kom nie
2. sy gesig hard soos ‘n vuurklip wees (Cum-NLV); Luk 9:51
3. sal nie in die verleentheid kom nie (Cum-NLV)

Die rede, JHWH tree hiermee in sy belang op wat deur ‘n reeks vrae in verse 8-9 gesuggereer word. Die “Wie”-vraag loop regdeur die gedeelte tot by vers 10.

50:8

OAV	“‘n regspraak begin”
NAV	“aanklag inbring”
Cum-NLV	“aanklaer”

NASB, NRSV	“vindicate”
NKJV, LXX	“justifies”
TEV	“prove me innocent”
NJB	“saving justice”
JPSOA	“My vindicator”
REB	“will clear my name”

Terwyl verse 6-7 ‘n onregverdige verhoor beskryf, bied vers 8 ‘n regverdige uitspraak. Die WERKWOORD (BDB 842, KB 1003) is ‘n *Hifil* WERKWOORDDEELTJIE wat “regverdig verklaar” beteken (vgl. Eks 23:7; Deut 25:1; 1 Kon 8:32; Spr 17:15). Dit word in ‘n negatiewe sin in Jes 5:23 gebruik. In hierdie konteks beskryf dit:

1. God;
2. die Dienskneg in 53:11.

□	
OAV	“laat ons saam optree”
NAV, Cum-NLV	“Laat hom vorentoe kom”
NASB	“Let him draw near to Me”

Hierdie is ‘n *Qal* IMPERFECTUM wat in JUSSIEF aangewend word. Die WERKWOORD (BDB 620, KB 670) rig die uitnodiging dat die beregtende regter in hierdie saak volgens hofprosedure aangespreek word, want in hierdie geval, is die Denaar die Regter.

50:10-11 AB neem hierdie twee verse op bl. 116 as JHWH se moontlike antwoord op die Denaar (vv. 4-9 – Leupold bl. 169). Daar is ‘n teenstelling tussen twee soorte van “lig”:

1. hoewel dinge duister is vir diegene wat op God en sy Messias vertrou en hulle nie alles verstaan nie (v.10):
 - a. laat hom vertrou op die naam van die Here – *Qal* IMPERFECTUM (BDB 105, KB 120 in ‘n JUSSIEF aangewend);
 - b. laat hom staatmaak (Cum-NLV) op sy God – *Qal* IMPERFECTUM (BDB 1043, KB 1612) in ‘n JUSSIEF aangewend;
2. vir diegene wat hul eie “lig” maak (d.w.s met vuur, sien *Vir Spesiale Aandag* by 47:14 en daarin wandel (*Qal* IMPERATIEF) sal met verloop van tyd vind dat die vuur hulle verteer, dus “in smart gaan lê” (Cum-NLV).

JESAJA 51

PARAGRAAF INDELING VAN EIE TYDSE VERTALINGS

NASB	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV*
Israel Exhorted	The LORD Comforts Zion	Salvation for Abrahams Children	Words of Comfort to Jerusalem	The Blessings to In Store for the Chosen People	Die redding war Ek bring, sal altyd bly
51:1-3 (1-3)	51:1-2 (1-2) 51:3 (3)	51:1-3 (1-3)	51:1-2 (1-2) 51:3 (3)	51:1-3 (1-3)	51:1-3
51:4-8 (4-8)	51:4-6 (4-6)	51:4-8 (4-8)	51:4-6 (4-6)	51:4-8 (4-8)	51:4-6
	51:7-8 (7-8)		51:7-11 (7-11)	The Awakenings of Yahweh	51:7-8
51:9-11 (9-11)	51:9 (9)	51:9-11 (9-11)		51:9-11 (9-11)	51:9-10
	51:10-11 (10-11)			Yahweh the Counselor	51:11 51:12-14 51:15a
51:12-16 (12-16)	51:12-16 (12-16)	51:12-16 (12-16)	51:12-16 (12-16)	51:12-16 (15-16)	51:15b 51:16
51:17-20 (17-20)	God's Fury Removed	God's Kingship	The End of Jerusalems Suffering	The Awakening of Jerusalem	Jerusalem hoof nie langer die oordeelsbeker te drink nie
	51:17-20 (17-20)	51:17-20 (17-20)	51:17-20 (17-20)	51:17-23 (17-23)	51:17-20
51:21-23 (21-23)	51:21-23 (21-23)	51:21-23 (21-23)	51:21-23 (21-23)		51:21-22 51:23a
					51:23b

Benewens die NAV kan u ook van die OAV, Cum-MVB en Cum-NLV gebruik maak om paragraaf indeling te vergelyk

LEESSIKLUS DRIE (sien die Inleidende Aantekeninge bl. 17)

(ONS BEPAAL DIE BEDOELING VAN DIE SKRYWER OP PARAGRAAF VLAK)

Hierdie is 'n studieleiding kommentaar wat beteken dat u self vir die uitleg van die Bybel verantwoordelik sal wees. Elkeen van ons moet in die lig tot ons beskikking wandel. U is met die Bybel in die hand en onder leiding van die Heilige Gees dus prominent in die verstaansproses en uitleg. Moenie so 'n groot voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die hoofstuk deur in een sitting. Onderskei die onderwerpe. Vergelyk u onderwerpe met die Afrikaanse en Engelse vertalings se tema-opskrifte bo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot verstaan van die oorspronklike skrywer se bedoeling, wat immers die hart van Skrifuitleg is. Elke paragraaf handel oor een enkele saak, niks meer nie.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens

INSIG UIT DIE KONTEKS

- A. 'n Reeks IMPERATIEWE doen beroep op God se verbondsvolk om geestelik te ontwaak en dienooreenkomstig te lewe:
1. luister, gee aandag (51:1,4,7,21)
 2. word wakker, 51:9 [3 keer], 17 [2 keer]
 3. kyk, kyk op, 51:1-2,6
- Net so word in hoofstug 52 daarop klem gelê.
- B. 'n Reeks retoriese vrae dui die saak aan waaroor dit hier gaan(51:9-10, 12-14; 52:2).

NASB HERSIENE TEKS 51:1-3

Vir die Afrikaans hiervan sien die OAV, NAV, Cum-MVB of die Cum-NLV

¹Listen to me, you who pursue righteousness,
Who seek the LORD:
"Look to the rock from which you are hewn
And to the quarry from which you are dug.
²Look to Abraham your father
And to Sarah who gave birth to you in pain;
When he was but one I called him,
I blessed him and multiplied him."
³Indeed, the LORD will comfort Zion;
He will comfort all her waste places.
And her wilderness He will make like Eden,
And her desert like the garden of the LORD;
Joy and gladness will be found in her,
Thanksgiving and sound of a melody.

51:1
OAV, NAV, Cum-NLV "Luister"
NASB "Listen"

Dit is die bekende hebreuse woord wat die alombekende monoteïstiese gebed van Deut.6:4-6 inlui. *Sjema* beteken " hoor met die gedagte om te handel" (BDB 1033, KB 1570). Hierdie IMPERATIEF kom herhaaldelik in Jesaja voor.

▣

OAV, NAV	“julle wat”
Cum-NLV	“almal wat”
NASB	“you who”

Hiermee word die getroue verbondsvolk aangespreek (50:10). Hulle word in drie frases omskryf:

1. julle wat geregtigheid najaag (v.1)
2. wat die Here soek (v.1)
3. in wie se harte die wet geskrywe is.

Dit is moontlik “verlossing” (BDB 841) wat daartoe lei dat “geregtigheid” hier as parallel met JHWH in vers 2 bedoel word. Dit kan as ‘n titel beskou word, nl. “Die Een wat Geregtigheid is.” Die “julle wat” is dan die getroues wat:

1. God navolg (reël 1); en
2. God soek (reël 2).

▣

OAV	“die rots... die holte van die put”
NAV, Cum-NLV	“die rots... die klipgroef”
NASB	“the rock... the quarry”

Dit het betrekking op Abraham en Sara (vgl. v.2.). Abraham is geroep uit Ur van die Chaldeërs wat dieselfde geografiese omgewing is waar die ballinge aangehou was. JHWH het beloof om Abraham en sy nakomelinge te seën (Gen 12:1-3; 15:1-11; 18:18; 22:16-18).

51:2

OAV	“ wat vir julle gebaar het”
NAV	“wat vir julle in die wêreld gebring het”
Cum-NLV	“van wie julle afstam”
NASB	“who gave birth to you in pain”

‘n Sinspeling op die normale geboorteproses (Gen 3:16).

▣

OAV	“Ek het... hom geseën en vermenigvuldig”
NAV	“Ek het hom geseën en ‘n groot nageslag gegee”
Cum-NLV	“Ek het hom geseën en hy het ‘n groot nasie geword”
NASB	“I blessed him and multiplied him”

JHWH beloof hier twee dinge:

1. om Abraham te seën; BDB 138, KB 159, *Pi’el* IMPERFEKTUM;
2. om hom te vermenigvuldig; BDB 915, KB 1176, *Hifil* IMPERFEKTUM.

God het Abraham ‘n land en ‘n nageslag belowe. Dit is hom meegedeel dat sy nakomelingska sal wees soos:

1. die stof van die aarde (Gen 13:16; 28:14; Num 23:10);
2. sterre aan die hemel (Gen 15:5; 22:17; 32:12);
3. sand op die seestrand (Gen 22:17; 32:12).

By Jesaja en Miga kom ons te wete dat Abraham se familie groter sou wees as wat enigeen hom kon indink. Dit sal gelowige Jode en gelowiges uit die heidendom omvat (vgl. Rom 2:28-29; 3:21-31; 4:1-25; Gal 3:1-29; 6:16).

53:3

OAV	“Want die HERE vertroos Sion”
NAV	“Nou gaan die Here Hom oor Sion ontferm”
Cum-NLV	“Die HERE gaan Sion vertroos”
NASB	“the LORD will comfort Zion”

Die WERKWOORD “ vertroos ” (BDB 636, KB 688), *Pi’el* PERFECTUM kom herhaaldelik in Jesaja voor; hier in vv. 1 en twee beide twee keer, 40:1 [twee keer]; 49:13; 51:3 [twee keer] 12,19; 52:9; 54:11; 61:2; 66:13 [drie keer]. In

die Pi 'el, beteken dit "om te vertroos" of "te troos". Prakties beteken dit dat die ballingskap tot 'n einde gebring word en Israel in "Beloofde Land" terug gebring word (40:1). God maak weer die verbondsluiting van Deut 27-28 vas.

□	
OAV	"woestyn... soos die tuin van die HERE"
NAV	"woestyngedeeltes... barre veld soos die tuin van die Here"
Cum-NLV	"woestyng gebied... woesteny soos die tuin van van die HERE"
NASB	"waste places... wilderness... desert like the garden of the LORD"

Wat fisiek mooi en vrugbaar is, is 'n teken van die seën van die Here (Lev. 26; Deut. 27-29). Die vermelding van Eden veronderstel nie net oorvloed nie, maar ook 'n vertrouensvriendskap met 'n aanwesige God. Eden was 'n heiligdom van God (vgl. John H. Walton, *ANE Thought and the OT*, bl. 124).

VIR SPESIALE AANDAG: EDEN

Geografies is Eden 'n plek (Ugarities, "'n dal/vlakte") waarin 'n tuin deur God aangebring is (Gen.2-3) as voorsiening vir die hoogste van sy skepping, naamlik die mens (Gen.2:8), geskape na sy beeld (Gen 1:26,27). Na die spesiale tuin word verwys in Jes 51:3; Eseg 28:13; 31:9,16,18 [tweekeer]; 36:35 en Joël 2:3.

Aanvanklik het die woord "oorvloed" beteken, afkomstig uit 'n Arabiese woordstam. In Hebreeus (BDB 792 III, 792 II) beteken die woord "genoeglik" of plesier in 'n letterlike sin. Metafories word sedert Genesis 'n waterryke, vrugbare plek bedoel.

□	
OAV	"vreugde en blydschap... danksegging en klank van liedere"
NAV	"vreugde en blydschap... daar sal gedank en gesing word"
Cum-NLV	"vreugde en blydschap... liedere van dankbaarheid sal weerklink"
NASB	"Joy and gladness... thanksgiving and sound of melody"

Dit weerspieël 'n vreugdevolle sosiale lewe wat ook 'n seën van God is.

51:4-8 Let op hoe in die Engelse weergawe **PERSOONLIKE VOORNAAMWOORDE** opduik: veral "My" en "Ek" (ook Afr. Vertalings – vert.).

51:4 Let op die parallelle in reël 1 en 2. Dit is **IMPERATIEWE**:

1. "Luister"; Cum-NLV/ NAV; (BDB 904, KB 1151, *Hifil IMPERATIEF*);
2. "hoor"/"gee aandag"; Cum-NLV/NAV; (BDB 24, KB 27), *Hifil IMPERATIEF*.

Ook reëls 3 en 4 is parallel. Let daarop hoedat JHWH se leringe bedoel is om tot seën te wees teenoor:

1. Israel; en
2. die wêreld (vgl. 42:6; 49:6; 60:1,3); let ook op die **MEERVOUDSVORM** (nasies, eilande) in 51:5c wat in afwagting verkeer op die koms van JHWH se Dienskneg/Dienaar.

□	
OAV	"wet... reg"
NAV	"onderrig... wil"
Cum-NLV	"onderrig... reg"
NASB	"Law... justice"

Ook hierdie 2 **NAAMWOORDE** is parallel. Albei maak JHWH se waarheid en sy wil aan die mensdom bekend; vanselfsprekend tans vir almal toeganklik in die Bybelse openbaring.

NASB HERSIENE TEKS 51:4-8

Vir die Afrikaans hiervan sien die OAV, NAV, Cum-MVB en Cum-NLV

⁴Pay attention to Me, O My people,
 And give ear to Me, o My nation;
 For a law will go forth from Me,
 And I will set My justice for a light of the peoples.
⁵My righteousness is near, My salvation has gone forth,
 And My arms will judge the peoples;
 The coastlands will wait for Me,
 And for My arm they will wait expectantly.
⁶Lift up your eyes to the sky,
 Then look to the earth beneath;
 For the sky will vanish as smoke,
 And the earth will wear out like a garment
 And its inhabitants will die in like manner;
 But My salvation will be forever,
 And My righteousness will not wane.
⁷listen to Me, you who know righteousness,
 A people in whose heart is My law;
 Do not fear the reproach of man,
 Nor be dismayed at their revilings.
⁸For the moth will eat them like a garment,
 And the grub will eat them like wool.
 But My righteousness will be forever,
 And my salvation to all generations”

51:5
 OAV “My oorwinning is naby, my heil trek uit”
 NAV “Die redding... kom baie gou... die verlossing is op pad”
 Cum-NLV “My redding kom gou, my verlossing is op pad”
 NASB “My righteousness is near, My salvation has gone forth”

Die WERKWOORD (BDB 422, KB 425) is ‘n *Qal* PERFECTUM. Hierdie reël van die gedig reflekteer op ‘n voorafgaande parallel, nl. 46:13. JHWH staan gereed om deur sy Dienskneg handelend op te tree.

Vers 5 beklemtoon die geestelike honger (behoefte) van die heidennasies. Israel, darenteen, moet teen selfvoldaanheid gewaarsku word. Talle Judeërs het met volle vertroue op God na Palestina teruggekeer, maar baie ander het nie. Hulle wat na God hunker, sal Hom vind, maar wie nie na Hom vra nie, gaan ‘n Regter tegemoet!

□
 OAV “my arms”
 NAV “die verlossing”
 Cum-NLV “my verlossing”
 NASB “My arms”

Dit is mensvormige spreke (antropomorfisties) soos in v. 9; 52:10. God is nie liggaamlik nie, maar hierdie dien as metafoor van Sy handeling in die geskiedenis. Sien *Vir Spesiale Aandag* by 41:2.

□
 OAV, NAV, Cum-NLV “die eilande”
 NASB “The peoples”

Vergelyk die volledige bespreking by 45:2.

51:6
 OAV, NAV “die hemel sal soos rook verdwyn”
 Cum-NLV “die lug sal verdwyn soos rook”
 NASB “the sky will vanish like smoke”

Hemel en aarde was in antieke tye die getuies van God se handeling, maar selfs hulle tyd sal uitgedien wees.

□	
OAV	“muskiete”
NAV	“muggies”
Cum-NLV	“vlieë”
NASB (voetnoot), NKJV,NRSV	“gnats”
TEV, REB	“flies”
JPSOA	“as well”

Hierdie vers lewer ‘n probleem op. In die MEERVOUD egter is die vertaling meesal “muggies”(BDB 485 I).

□	
OAV	“my heil sal vir ewig bestaan”
NAV	“maar die verlossing, wat Ek bring, sal vir altyd wees”
Cum-NLV	“die redding wat Ek bring, sal wees vir altyd”
NASB	“My salvation shall be forever”

Die laaste twee reëls is parallel. Die oneindigheid van God word teenoor die kortstondige betaan van die mens en sy wêreld gestel (vgl. v.12; 40:6-8; Job 14:1-2; Ps 90:5-6; 103:15-18; Mat 24:35; Heb 1:10-12; 1 Pet 1:24-25).

51:7	
OAV, NAV, C –NLV	“Luister”
NASB	“Listen”

Hiermee weer ‘n oproep (om aandag te gee (vgl. v.1).

□	
OAV, NAV, Cum-NLV	“Julle wat”
NASB	“You who”

Let op hoe God sy volk se ingesteldheid beskryf (Uit NAV behalwe anders vermeld):

1. julle wat doen wat reg is – (v.7a)
2. volk in wie se hart my wet is (v.7b en kyk Jer 31: 31-34).

In die lig van hulle kennis:

1. is hulle nie bang vir die spot van mense nie (v.7c; BDB 431, KB 432, Qal IMPERFEKTUM in JUSSIEF aangewend); en
2. skrik nie vir hulle skimptaal nie (OAV – v.7d; BDB 369, KB 365, Qal INFINITIEF in JUSSIEF beteken).

□	
OAV, NAV	“volk in wie se hart my wet is”
Cum-NLV	“julle wat my wette in julle harte het”
NASB	“A people in whose heart is My law”

Dit dui op die volgehoue, intieme lewe volgens alle inwonende waarheid, soos wat Moses in Deut 6:6 vereis het. In die Wysheidsliteratuur val die klem ook hierop (Spr 3:3; 7:3; Ps 37:31; 40:8), sowel as in Profetiese Literatuur; vgl Jes 51:7; Jer 17:1).

51:8	
OAV	“mot... wurm”
NAV	“motte... vismotte”
Cum-NLV	“vismotte... wurms”
NASB	“moth... grub”

God skenk genade vir wie Syne is, maar hierdie diere uit die natuur verorber en neem weg; vgl. v.6 [voetnoot NASB]. In 14:11 en 66:24 is wurms die simbole van dood en vernietiging. In die natuur gebeur dit dat wegeneem word eerder as dat gegee word!

□	
OAV	“my geregtigheid”
NAV	“redding wat Ek bring”
Cum-NLV	“my regspraak”
NASB	“My righteousness”

Hierdie twee opmerkings was in v.5 ook parallelle. Die skrywer meld dat hulle daar “gegaan het” (“went forth” –NASB), maar dat hier hulle “vir ewig” sal wees (kontrasterend tussen tydelik en ewigheid op te vat – vert.). Die OAV verstaan onder “trek uit” dat dit beskou moet word as na die heidene toe. Die OAV en Cum-NLV vertaal met “kom gou” as in ooreentemming met die onmiddellike konteks – vert.

NASB HERSIENE TEKS 51:9-11

Vir die Afrkaans hiervan sien die OAV, NAV, Cum MVB of Cum-NLV

⁹Awake, awake, put on strength, O arm of the LORD
 Awake as in the days of the generations of long ago.
 Was it not You who cut rahab in pieces,
 Who pierced the dragon?
¹⁰Was it not You who dried up the sea,
 The waters of the great deep;
 Who made the depths of the sea a pathway
 For the redeemed to cross over?
¹¹So the ransomed of the LORD will return
 And come with joyful shouting in Zion
 And everlasting joy *will be* on their heads.
 They will obtain gladness and joy,
 And sorrow and sighing will flee away

51:9	
OAV	“Ontwaak, ontwaak”
NAV	“Gryp in... gryp in”
Cum-NLV	“Word wakker, word wakker”
NASB	“Awake, awake”

Hierdie drievoudige IMPERATIEF (BDB 734, KB 802, *Qal* IMPERATIEF roep op tot aksie:

1. van God se kant, v.9;
2. van Israel se kant, v.17 (kyk 52:1,11).

□	
OAV	“ontwaak soos in die dae van die voortyd, onder die geslagte van lank gelede”
NAV	“gryp in soos in die ou tyd, soos in tye lank gelede”
Cum-NLV	“Word wakker soos vroeër, soos in tye lank gelede”
NASB	“Awake as in the days of old”

Hierdie is ‘n verwysing na JHWH se aksie tydens die Eksodus (Eks 6:6, Deut 4:34; 5:15; 26:8).

□	
OAV, NAV, Cum-NLV	“Rahab... seemonster”
NASB	“Rahab... dragon”

Daar bestaan drie gebruike vir hierdie woord (KB 1193):

1. ‘n Mitologiese seemonster (Jes 51:9; Job 9:13; 26:12; Ps 74:13; 89:10; 148:7);

2. 'n metafoor vir Egipte afgelei van die kronkelinge van die Nyl (Jes 30:7; Ps 8:4; Eseg 29:3);
3. die "hoogmoediges" (NASB, BDB, 923) of vyande van JHWH – Ps 40:4.

In nommer 1 staan hy ook as die "draak" bekend (BDB 49, Job 7:12).

51:10

OAV	"die waters van die groot wêreldvloed"
NAV	"die groot diep waters"
Cum-NLV	"die diepwaters"
NASB	"the depths"

Hierdie is 'n term wat in die Sumeriese en Babiloniese skeppingsverhale voorkom. Anders as in die genoemde skeppingsverhale is "die diepte" nie 'n godheid nie, (*tiamat*– BDB 1062, 63:13), maar, in die Bybel (Gen 1:2,) die diepte van water.

▣

OAV	"wat 'n pad gemaak het... vir die deurtog van die verlostes"
NAV	"'n pad gemaak het... sodat die wat verlos is kon deurgaam"
CUM-NLV	"'n pad gemaak het... sodat die wat verlos is kon deurtrek"
NASB	"a pathway for the redeemed to cross"

Dit is klaarblyklik 'n verwysing na die skeiding van die Rooi See-waters tydens die uittog uit Egipte (Eks 14,15).

51:11 Soos wat God sy volk uit Egiptiese slawerny verlos het, so sal hy ook van Assirië en Babilonië verlos en sy kinders na die Beloofde Land terugbring.

▣

OAV	"ewige vreugde sal op hulle hoof wees"
NAV	"altyd straal van blydschap"
Cum-NLV	"blydschap sal die kroon op hulle koppe wees"
NASB	"everlasting joy"

Die term ewig/altyd is die Hebreeuse woord *'olam*(BD 761). Sien *Vir Spesiale Aandag* by 45:17:

1. die ewige verbond, 24:5; 55:3; 61:8
2. JHWH is 'n ewige Rots, 26:4
3. ewige vreugde, 35:10; 51:11; 61:7
4. die Ewige God, 40:28
5. 'n ewige verlossing, 45:17
6. 'n liefde wat nooit vergaan nie (Hesed), 54:8 (NAV)
7. 'n ewige teken, 55:13
8. 'n ewige naam, 56:5; 63:12,16
9. 'n ewige lig, 60:19,20

Die term "ewig" word 'n enkele keer in Jesaja (33:14) in negatiewe sin gebruik ("n vuur wat brand sonder ophou"– NAV). Vuur is 'n beskrywing van God se woede (9:18,19; 10:16; 47:14), maar net in Jes 33:14 is dit "ewig".

NASB HERSIENE TEKS 51:12-13

Vir die Afrikaans hiervan sien die OAV, NAV, Cum- MVB of Cum-NLV

¹²I, even I, am He who comforts you.
 Who are you that you are afraid of man who dies
 And the son of man who is made like grass,
¹³That you have forgotten the LORD your Maker,
 Who stretched out the heavens
 And laid the foundations of the earth,
 That you fear continually all day long because of the fury of the oppressor,

**As he makes ready to destroy?
But where is the fury of the oppressor?**

51:12	
OAV	“vir die mens wat moet sterwe... en die mensekind”
NAV	“sterflike mens, vir mense wat”
Cum-NLV	“gewone mense, vir mense wat”
NASB	“man... the son of man”

‘n Hebreeuse manier om na ‘n menslike wese te verwys (Ps 8:4; Eseg 2:1) Mettertyd het dit ‘n titel vir Jesus geword om sy mensheid te bevestig, alhoewel Hy kragtens Daniël (7:13) ook God was.

VIR SPESIALE AANDAG: DIE SEUN VAN DIE MENS (Notas uit die kommentaar op Daniël 7:13)

Die Aramese frase “*ben enos*” (status konstruktus, BDB 1085 en 1081 verskil van die ooreenstemmende Hebreeuse frase “*ben adam*” wat in Psalms en Esegïel voorkom. Albei frases word parallel gebruik in Job 25:6; Ps 8:4; 90:3; 144:3; Jes 13:12. Hier word kennelik die Messias bedoel en word sy mensheid aangetoon (vgl. 8:17; Job 25:6; Ps 8:4; Eseg 2:1), wat die doel is van beide die Aramees en Hebreeus, maar wie se godheid blyk uit die vervoer op wolke, idiomaties vir goddelikheid (vgl. Mat 24:30; Mark 13:26; 14:62; Openb 1:7; 14:14).

Jesus gebruik die frase om na Homself te verwys in die NT. Die rabbynse Judaïsme het egter dié frase nie gebruik nie, want dit het nie nasionalistiese en militêre konnotasies gehad nie. Op ‘n besondere wyse beskryf dié term die volle mensheid én Godheid van die Messias (vgl. 1 Joh 4:1-3). Daniël was die eerste om op dié aspek van godheid te wys.

Jesus het die frase in drieërlei verband op Homself toegepas:

1. op sy lyding en dood (Mark 8:31; 10:45; 14:21; Luk 9:22,44)
2. op sy koms as Regter (Mat 16:27; 25:31; Joh 5:27)
3. in sy koms in heerlikheid om sy koninkryk op te rig (Mat 16:28; 19:28; Mark 13:26-27:14:62).

Oor Dan 7:13 het die latere Joodse tradisie ook ‘n mening uitgespreek. Die volgende is geneem uit *The Jewish Study Bible*, bl. 1657 (sien ook George E Ladd, *A Theology of the New Testament*):

1. This context is Messianic (vgl. Henog 46:1: 48:10; 4 Esra [2 Esdras] hoofstuk 13; Sanh 98a);
2. Alle voorspellings in hierdie konteks is reeds vervul (vgl. Sanh 97b);
3. Hierdie konteks dui nie op die eindtyd nie (vgl. Gen Rab 98.2);
4. Hierdie konteks is vervul in Israel (vgl. Ibn Esra en Rashi).

■	
OAV	“wat oorgegee word soos gras”
NAV	“wat so maklik vergaan soos gras”
Cum-NLV	“wat soos gras vergaan en verdwyn”
NASB	“who dies... like grass”

51:13 Hierdie is moontlik ‘n bedekte verwysing na afgodery van God se volk in tye van Baäl-aanbidding...

NASB HERSIENE TEKS 51: 14-16

Vir die Afrikaans hiervan sien die OAV, NAV, Cum-MVB of Cum-NLV

¹⁴The exile will soon be set free, and will not die in the dungeon, nor his bread be lacking. ¹⁵For I am The LORD your God , who stirs up the sea and its waves roars (the LORD of hosts is His name). ¹⁶I have put My words in your mouth and have covered you with shadow of My hand, to establish the heavens, to found the earth, and to say to Zion, ‘You are my people.

51:14 Hiermee word beskryf dat mense in gevangenskap vrygeset sal word...

51:15 Soos aangedui in verse 9-11 word hiermee die bevryding uit Egipte deur JHWH bedoel...

▣	
OAV	“HERE van die leërskaie is sy naam”
NAV	“sy naam is die Here, die Almagtige”
Cum-NLV	“Die HERE, die Almagtige is sy naam”
NASB	“(the LORD of Hosts is His name)”

51:16 Daar is drie Qal INFINITIEWE in hierdie vers...

NASB HERSIENE TEKS 51:17-20

Vir die Afrikaans hiervan sien die OAV, NAV, Cum-MVB of Cum-NLV

¹⁷Rouse yourself! Rouse yourself! Arise, O Jerusalem
You who have drunk from the LORD'S hand the cup of His Anger;
The chalices of reeling you have drained to the dregs.
¹⁸There is none to guide her among all the sons she has borne,
Nor is there one to take her by the hand among all the sons she has reared.
¹⁹These to things have befallen you;
Who will mourn for you?
The devastation and destruction, famine and sword;
How shall I comfort you?
²⁰Your sons have fainted,
They lie helpless at the head of every street,
Like an antelope in a net,
Full of the wrath of the LORD,
The rebuke of your God.

51:17-20 JHWH moedig sy volk aan om die tye van straf en oordeel agter hulle te kry en hulle vir die tog na Jerusalem gereed te maak...

51:17

OAV	“Ontwaak, ontwaak, staan op Jerusalem”
NAV, Cum-NLV	“Word wakker, word wakker, staan op Jerusalem”
NASB	“Rouse yourself! Rouse yourself! Arise, O Jerusalem”

▣	
OAV	“die beker... kelk”
NAV	“oordeelsbeker... beker”
Cum-NLV	“beker van toorn... ”
NASB	“the cup... the chalice”

51:19 Let op wat met die verbondsvolk gebeur het...

51:20 Wanneer Assirië en Babilon 'n stad ingeneem het, het hulle die bejaardes om die lewe gebring...

NASB HERSIENE TEKS 51: 21-23

Vir die Afrikaans hiervan sien die OAV, NAV, Cum-MJVB, Cum-NLV

²¹Therefore, please hear this, you afflicted,

Who are drunk but not of wine:

²²Thus says your Lord, the LORD, even your God

Who contends for His people,

“Behold, I have taken out of your hand the cup of reeling,

The chalice of My anger;

You will never drink it again.

²³I will put it into the hand of your tormentors,

Who have said to you, ‘Lie down that we may walk over *you*.’

You have even made your back lie the ground

And like the street for those who walk over *it*”.

51:21-23

God belooft om sy oordeelsbeker, wat Israel en Juda so erg verniel het, ...

51:23

OAV

“buig dat ons oor kan gaan”

NAV

“gaan lê dat ons oor jou kan loop”

Cum-NLV

“sodat ons oor jou kan loop”

NASB

“walk over you”

JESAJA 52: 1-12

PARAGRAAF VERDELINGS VAN EIE TYDSE VERTALINGS

NASB	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV*
Chosen For Prostrate Zion	God Redeems Jerusalem	God's Kingship (51:17-52:13)	God will Rescue Jerusalem	The Liberation of Jerusalem	Julle sal losgekoop word
52:1-2 (1-2)	52:1-2 (1-2)	52:1-2 (1-2)	52:1-2 (1-2)	52:1-2 (1-2)	52:1-2
52:3-6 (3-6)	52:3 (3) 52:4-6 (4-6)	52:3-6 (3-6)	52:3-6	52:3-6 (3-6)	52:3-6 52:7 52:8-10
52:7-10 (7-10)	52:7-10 (7-10)	52:7-10 (7-10)	52:7-8 (7-8)	52:7-12 (7-12)	52:11a
52: 11-12 (11-12)	52:11-12 (11-12)	52:11-12 (11-12)	52:9-12 (9-12)		52:11b-12
The Exalted Servant	The ³ Sin- bearing Servant Song (52:13- 53-12)	The Fourth Servant Song (52:13-53:15)	The Suffering Servant (52:13- 53:15)	Fourth Song of the Servant (52:13-53:12)	Oor ons sondes is Hy verbrysel
52:13-15 (13-15)	52:13-15	52:13-15 (13-15)	52:13-15 (13-15)	52:13-15 (13-15)	52:13-15 (13-15)

*Benewens die NAV kan u ook van die OAV, Cum-MVB en die Cum- NLV gebruik maak om Paragraaf-indelings te vergelyk

LEESSIKLUS DRIE (sien die Inleidende Aantekeninge bl. 17)

(ONS BEPAAL DIE BEDOELING VAN DIE SKRYWER OP PARAGRAAFVLAK)

Hierdie is 'n studieleiding kommentaar wat beteken dat u self vir die uitleg van die Bybel verantwoordelik sal wees. Elkeen van ons moet in die lig tot ons beskikking wandel. U is met die Bybel in die hand en onder leiding van die Heilige Gees dus prominent in die verstaansproses en uitleg. Moenie so 'n groot voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die hoofstuk deur in een sitting. Onderskei die onderwerpe. Vergelyk u onderwerpe met die Afrikaanse en Engelse vertalings se tema-opskrifte bo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot verstaan van die oorspronklike skrywer se bedoeling, wat immers die hart van Skrifuitleg is. Elke paragraaf handel oor een enkele saak, niks meer nie.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens

INSIG UIT DIE KONTEKS

- A. Die konteks van hoofstuk 51 word in 52 vervolg.

- B. Die opdragte (IMPERATIEWE) word tot verskillende persone gerig (52:1-52:12):
 1. 51:4-8 O, My volk... O my nasies
 - a. Gee aandag (*Hifil*, BDB 904, KB 1151)
 - b. Luister (*Hifil*, BDB 24, KB 27)
 - c. Kyk op (*Qal*, BDB 669, KB 724)
 - d. Kyk (*Hifil*, BDB 613, KB 661)
 - e. Luister (*Qal*, BDB 1033, KB 1507)
 2. 51:9-11 O Arm van die HERE
 - a. Ontwaak (*Qal*, BDB 734, KB 802)
 - b. Ontwaak (soos #a)
 - c. Beklee (*Qal*, BDB, 527, KB 519)
 - d. Ontwaak (soos #a)
 3. 51:17-23 O Jerusalem
 - a. staan op (*Hitpolel* of *Hitpael*, BDB, 734, KB 802)
 - b. staan op (soos #a)
 - c. staan op (*Qal*, BDB 872, KB 1086)
 4. 52:1 O Sion, O Jerusalem
 - a. ontwaak (*Qal* BDB 734, KB 802)
 - b. ontwaak (soos #a.)
 - c. beklee (*Qal*, BDB 527, KB 519)
 - d. beklee (soos c)
 5. 52:2 O gevangene
 - a. skud (*Hitpael*, BDB 654 ,KB 707)
 - b. staan op (*Qal* BDB 877, KB 1086)
 - c. maak los (*Hitpael*, BDB 605, KB 647; MT het MANLIK, maar moet VROULIK verstaan word)
 6. 52:9-10 Nie gespesifiseer nie, maar pas by #1,3,4 of 5
 - a. breek uit (*Qal*, BDB 822, KB 953)
 - b. roep vreugdevol (*Pi'el* BDB 943, KB 1247)
 7. 52:11-12 Nie gespesifiseer nie, maar pas by #1,3,4 of 5
 - a. trek weg (*Qal*, DBD693, KB 747)
 - b. trek weg (soos #a)
 - c. verlaat (*Qal*, BDB 422, KB 425)
 - d. raak niks aan nie (*Qal* IMPERFEKTUM, maar in JUSSIEF, BDB 619, KB 668)
 - e. trek weg (soos # c)
 - f. reinig julleself (*Nifal*, BDB 140, KB 162).

WOORD EN FRASE STUDIE

NASB HERSIENE TEKS 52: 1-2

Vir die Afrikaans hiervan sien die OAV, NAV, Cum-MVB of Cum-NLV

¹Awake, awake,
 Clothe yourself in your strength, O Zion;
 Clothe yourself in your beautiful garments,
 O Jerusalem, the holy city;
 For the uncircumcised and the unclean
 Will no longer come into you.
²Shake yourself from the dust, rise up,
 O captive, Jerusalem;
 Loose yourself from the chains around your neck,
 O captive daughter of Zion.

52:1-2

OAV "ontwaak... beklee... skud... maak los"
 NAV "Word wakker... trek mooi klere aan... skud... maak los"
 Cum-NLV "word wakker... beklee... trek jou mooiste klere aan... staan op"
 NASB "Awake... clothe... shake... loose"

52:2

OAV, NAV, Cum-NLV "gevangene"
 NASB, NRSV, NJB, NET "captive"
 NKJV "sit down"
 LXX, Vulgate, TEV, JPSOA "Sit [on your throne]"

▣

OAV, NAV, Cum-NLV "maak los"
 NASB "loose"

NASB HERSIENE TEKS 52:3-6

Vir die Afrikaans hiervan sien die OAV, NAV, die Cum-MVB of die Cum-NLV

³For thus says the LORD, "You were sold for nothing and you will be redeemed without money."⁴For thus says the Lord GOD, "My people went down at the first into Egypt to reside there; then the Assyrian oppressed them without cause. ⁵Now therefore, what do I have here," declares the LORD, "seeing that My people have been taken away without cause?" *Again* the LORD declares, "Those who rule over them howl, and My name is continually blasphemed all day long. ⁶Therefore My people shall know My name; therefore in that day I am the one who is speaking, 'Here I am.'

52:3

OAV "sonder geld gelos word"
 NAV "losgekoop, maar nie deur geld nie"
 Cum-NLV "terugkoop sonder geld"
 NASB "Redeemed without money"

52:4-5 Vers 5 verwys na Babilon, hoewel op anonieme wyse.

52:4

OAV "Egipte... Assur"
 NAV, Cum-NLV "Egipte... Assirië"
 NASB "Egypt... Assyria"

52:5 Die hebreuse teks kan op verskillende maniere opgevat word.

□	
OAV	“my naam word gedurigdeur die hele dag belaster”
NAV	“my Naam word gedurig belaster”
Cum-NLV	“praat die hele dag sleg van My”
NASB	“My name is continually blasphemed”

52:6 Deur hulle verlossing sal sy volk weet dat die Here die verbond herstel het.

□	
OAV	“op dié dag”
NAV	“daardie dag”
Cum-NLV	“wanneer die dag kom”
NASB	“in that day”

VIR SPESIALE AANDAG: DIE NAAM JHWH (*Jahweh*)

Die gebruik van die “Naam” JHWH moet as parallel gesien word met die gebruik van “Engel: in Eks 23:20-33, aangesien dit verstaan moet word as “My Naam is in Hom.” Dieselfde verteenwoordigende aspek blyk uit “sy heerlijkheid” (bv. Joh 1:14; 17:22”. Dit alles is versagtende spreekwyse oor die mensvormige verskynings van JHWH (vgl. Eks 3:13-16; 6:3), aangesien dat dit ook begryp was dat Hy geestelik is en aanwesig tydens die hele skeppingsgebeure (vgl. 1 Kon 8:27; Ps 139:7-16; Jer 23:24; Han 7:49 en Jes 66:1).

Op verskeie maniere word in die Naam van JHWH sy goddelike en persoonlike aanwesigheid uitgedruk:

1. Deut 12:5; 2 Sam 7:13; 1 Kon 9:3; 11:36
2. Deut 28:58
3. Ps 5:11; 7:17; 9:10; 33:21; 68:4; 91:14; 103:1; 105:3; 145:21
4. 48:9; 56; 6
5. Eseg 20:44; 36:21; 39:7
6. Amos 2:7
7. Joh 17:6,11,26

Die idee van roeping van JHWH en aanbidding word vroeg in Genesis aangetref:

1. In die geslagslinie van Set; 4:26
2. Abraham; 12:8
3. Abraham; 13:4
4. Hagar; 16:13
5. Abraham; 21:33
6. Isak; 26:25

En in Eksodus:

1. 5:22-23; in U naam spreek
2. 9:16; die mag van sy naam oor die wêreld vertoon (Rom 9:17)
3. 20:7; die naam van die Here mag nie ydelik gebruik word nie (Lev 19:12; Deut 5:11; 6:13; 10:20)
4. 20:24; op elke plek waar Hy sy naam wil laat aanroep (Deut 12:5; 26:2)
5. 23:5; as ‘n Engel in wie my naam is
6. 34:5-6; die uitroep van sy naam in teenwoordigheid van Moses (NAV); selfgetuienis van JHWH oor sy karakter (vgl. Neh 9:17; Ps 103:8; Joël 2:13).

Om iemand op voornaamterme te ken, veronderstel ‘n vertrouensverhouding (vgl. Eks 33:12); Moses het JHWH by sy naam geken en JHWH het Moses by sy naam geken. In so ‘n konteks het Moses verlang om die heerlijkheid van God te aanskou (kyk 33:18). Wat Moses toegelaat was om te aanskou was sy “voortreflikheid” (NAV), wat ‘n parallel van sy Naam was (v.19).

Die Israeliete moes die “name” van Kanaän se gode uitwis (vgl. Deut 12:3) en Hom alleen aanroep (vgl. Deut 6:13; 10:20; 26:2) op die plek wat Hy vir hulle bestem om sy Naam aan te roep; waar Hy sy Naam sal laat woon (Eks 20:24; Deut 12:5,11,21; 14:23,24; 16:2,6,11; 26:2)!

Wat sy Naam betref het JHWH universele oogmerke:

1. Gen 12:3
2. Eks 9:16
3. Eks 19:5-6
4. Deut 28:10,58
5. Miga 4:1-5

VIR SPESIALE AANDAG: DAARDIE DAG

Hierdie frase is deur die 8ste eeuse profete gebruik om oor God se besoek of teenwoordigheid te spreek, vir oordeel sowel as redding.

HOSEA		AMOS		MIGA	
Positief	Negatief	Positief	Negatief	Positief	Negatief
1:11	1:5	9:11	1:14(2)	4:6	2:4
2:15	2:3		2:16	7:11(2)	3:6
2:16	2:18		3:146:3	7:12	5:10
2:21	5:9		8:3		7:4
	7:5		8:9(2)		
	9:5		8:10		
	10:14		8:13		

Hierdie spreekwyse was tipies van die profete. God gaan met die loop van tyd in gryp met optrede teen sonde, maar Hy bied tegelyk 'n dag aan wanneer berou en vergifnis in plek sal wees vir diegene wat hulle hart en dade verander! God se einddoel van verlossing en herstel sal dan in werking kom! Sy volk sal sy karakter openbaar en uitleef. Die doel van die skepping, naamlik dat 'n vertrouensvriendskap tussen God en die mensdom weer tot stand sal kom.

▣

OAV, NAV, Cum-NLV	"Hier is Ek"
NASB, NJB, REB	"Here I am"
NKJV	"Behold <i>it is I</i> "
NRSV	"Here am I"
JPSOA	"Am now at hand"
LXX (Grieks)	"Ek is hier"
Pesjitta (Aramees)	"Dit is Ek"

Hierdie frase (sinsnede) dien gewoonlik as antwoord wanneer 'n mens deur God aangespreek word (vgl. Gen 22:1,11; Eks 3:4; Jes 6:8). Dit is gewilligverklaring om vir God beskikbaar te wees.

Hier in Jesaja, egter, plaas God Homself in 'n posisie dat Hy Hom beskikbaar stel en die vermoë het om uit te voer wat Hy beloof het.

NASB HERSIENE TEKS 52:7-10

Vir die Afrikaans hiervan sien die OAV, die NAV, Cum-MVB en Cum-NLV

⁷How lovely on the mountains
Are the feet of him who brings good news,
Who announces peace
And brings good news of happiness,

Who announces salvation,
And says to Zion, "Your God reigns!"
⁸Listen! Your watchmen lift up *their* voices,
They shout joyfully together;
For they will see with their own eyes
When the LORD restores Zion.
⁹Break forth, shout joyfully together;
You waste places of Jerusalem;
For the LORD has comforted His people
He has redeemed Jerusalem.
¹⁰The LORD has bared his holy arm
In the sight of all the nations,
That all the ends of the earth may see
The salvation of our God.

52:7-9 Die metafoor wat hierdie verse gebruik, is een van twee moontlikhede: (1) die goeie nuus wat 'n regeringsafvaardiging/er bring(vgl. v.7), wat (2) dit by die stadspoort vir die hele gemeenskap aankondig. Die stad is Sion en die goeie nuus is dat JHWH weer sy heerskappy oor sy volk herstel het.

52:7 Die Hebreeuse WERKOORD beteken "bring goeie nuus" (BDB 142, KB 163; *Pi'el* WERKWOORDDEELTJIE / PARTIKEL [twee keer]. In Rom 10:15 word daarna verwys as die Goeie Nuus, die evangelie van Jesus Christus.

- Let op die parallele in die aangekondigde nuus:
 1. vrede (BDB 1022)
 2. blydskap/goed (373)
 3. redding (BDB 447)

VIR SPESIALE AANDAG: VREDE (*sjalom*)

Hierdie Hebreeuse term (BDB 1022, KB 1532) kom algemeen in Semities verwante tale voor:

- A. Akkadies
 1. om ongeskonde te wees
 2. dit gaan goed
 3. om in goeie toestand te verkeer
- B. Ugarities (Kanaän)
 1. om ongeskonde te wees
 2. gesond
- C. Arabies
 1. om gesond te wees
 2. in aangename omstandighede
- D. Aramees
 1. om voldoening te ervaar
 2. gevorder tot 'n gestelde doel/voltooide staat
 3. vrede te sluit
 4. om ongeskonde van iets sleg af te kom
- E. Hebreeuse konnotasies
 1. voldoening
 2. situasie gesond
 3. welvarend
 4. vrede

In hedendaagse Hebreeus is *sjalom* 'n afskeidsgroet. Dit veronderstel die afwesigheid van slegte ervarings en aanwesigheid van die goeie (d.w.s. lewensgeluk en tevredenheid). Dit dui op gemoedsrus en tevredenheid.

□	
OAV, NAV	“Jou God is koning”
Cum-NLV	“Jou God regeer”
NASB	“Your God reigns”

Dit is die vervulling van 24:23; (BDB 590, KB 590, Qal PERFECTUM). In die uitdrukking word iets weerspieel van Israel se se erediens (liturgie).

52:8	
OAV	“sien vlak voor hulle oë”
NAV	“want hulle sien”
Cum-NLV	“voor hulle oë sien hulle”
NASB, TEV, NJB	“they will see with their own eyes”
NKJV	“they shall see eye to eye”
NRSV	“in plain sight they see”
JPSOA	“every eye shall behold”
NET Bible	“they will see with their own eyes”

Die Masorete Teks het “Oog tot oog.” Leupold bied ‘n waardevolle insig in sy kommentaar op Jesaja (bl. 219). In Engels kom dit daarop neer dat twee partye oog om oog sien; volkome eenstemmig is oor sake. In Hebreeus, egter, beteken dit “baie naby” of “byderhand”. ‘n Persoon kom so naby dat jy die wit van sy oog kan sien.

52:10 JHWH het Israel tot stand gebring om ‘n priesterdom vir die wêreld te wees (Gen 12:3; Eks 19:4-6). Maar hulle verbondsontrou roep om oordeel, want hulle het nie aan die wêreld God se ware karakter vertoon nie. Eers deur sy verlossing uit hulle gevangenskappe, Egipte, Assirië en luidens hierdie teks ook Babilon, begin die wêreld die almag, liefde en seënryke hand van God sien.

□	
OAV	“het sy heilige mag ontbloot”
NAV	“sy heiligheid, sy mag geopenbaar”
Cum-NLV	“sal sy heilige mag... vertoon”
NASB	“has bared His holy arm”

Mensvormige spreke (antropomorfisme) in die WERKWOORD (“vertoon” – Cum-NLV; BDB 362, KB 359, Qal PERFECTUM) om aan te dui dat JHWH Hom gereed maak om te handel en tot redding van die volk te kom (Eks 4:7). Dikwels word “met ‘n uitgestrekte arm” op dieselfde wyse goddelike ingrype bedoel (Eks 6:6; Deut 4:34; 5:15; 26:8).

□	
OAV	“voor die oë van al die nasies”
NAV	“voor die oë van die nasies”
Cum-NLV	“voor die volke se oë vertoon”
NASB	“in the sight of all the nations”

Hierdie is ‘n parallel met die volgende frase: “Die Here het sy mag geopenbaar voor die oë van al die nasies” (NAV).

Jes 50:4; kyk ook in Joël 2:28 vir ‘n universele visie!

NASB HERSIENE TEKS 52:11-12

Vir die Afrikaans hiervan sien die OAV,NAV, Cum-MVB, Cum-NLV

¹¹Depart, depart, go out from there,
Touch nothing unclean;
Go out of the midst of her, purify yourselves,
You who carry the vessels of the LORD.
¹²But you will not go in haste,

**Nor will you go as fugitives;
For the LORD will go before you'
And the God of Israel *will be* your rear guard.**

52:11-12 Hier word voorskrifte vir die priesterdom gebruik om vir die verbondsvolk as aanduiding te dien dat God met hulle is en in hulle belang optree (vgl. v.11d en v.12). Dit dien ook as bedekte waarskuwing dat die volk hulle afgode in Mesopotamië moet agterlaat!

Die terugkerendes sal die gebruiksartikels van die tempel saam met hulle bring. Soos wat hulle Egipte verlaat het, verlaat hulle ook nou Babilon, vgl. 11:2; 12:35-36 (Kyk 2 Kronieke 4 waar alles beskryf word). Hulle neem buit saam uit die land wat verslaan is, simbolies van die oorwinning wat oor die nasie en hulle gode behaal is.

VRAE VIR BESPREKING

Hierdie is 'n studieleiding kommentaar wat beteken dat u self vir die uitleg van die Bybel verantwoordelik sal wees. Elkeen van ons moet in die lig tot ons beskikking wandel. U is met die Bybel in die hand en onder leiding van die Heilige Gees dus prominent in die verstaansproses en uitleg. Moenie so 'n groot voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Hierdie besprekingsvrae is bedoel om u te help nadink oor die belangrikste sake in hierdie gedeelte van die boek. U is vry om anders te oordeel oor wat u belangrik ag vir 'n gesprek.

1. Hoekom gebruik Jesaja die roeping van Abraham ter bemoediging van die Joodse volk in gevangenskap?
2. Op watter manier dien die skepping en die Uittog as 'n bemoediging vir Israel in ballingskap?
3. Na wie word in 51:16 verwys?
4. Op watter manier het God Israel gebruik om die heidendom te bereik?

JESAJA 53 (52:13-53:12)

PARAGRAAF INDELING VAN EIE TYDSE VERTALINGS

NASB	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV*
The Suffering Servant	The Sin- Bearing Servant (52:13-53:12)	The Fourth Servant Song (52:13- 53-12)	The Suffering Servant (52:13-53:12)	Fourth Song of the Servant (52:13-53:12)	Oor ons sondes is hy verbrysel
52:1-3 (1-3)	52:1-3 (1-3)	52:1-3 (1-3)	52:1-3 (1-3)	52:1-3 (1-3)	52:1-3
52:4-6 (4-6)	52:4-6 (4-6)	52:4-6 (4-6)	52:4-6 (4-6)	52:4-6 (4-6)	52:4-5
52:7-9 (7-9)	52:7-9 (7-9)	52:7-9 (7-9)	52:7-9 (7-9)	52:7-9 (7-9)	52:6-10a
52:10-12 (10-12)	52:10-12 (10-12)	52:10-12 (10-12)	52:10-12 (1-12)	52:10-12 (10-12)	52:10b-12

Vir die doel van vergelyking van paragrafering kan ook die OAV,Cum-MVB en Cum NLV geraadpleeg word

LEESSIKLUS DRIE (sien die Inleidende Aantekeninge bl.17

(ONS BEPAAL DIE BEDOELING VAN DIE SKRYWER OP PARAGRAAFVLAK)

Hierdie is 'n studieleiding-kommentaar wat beteken dat u self vir die uitleg van die Bybel verantwoordelik sal wees. Elkeen van ons moet in die lig tot ons beskikking wandel. U is met die Bybel in die hand en onder leiding van die Heilige Gees dus prominent in die verstaansproses en uitleg. Moenie so 'n groot voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die hoofstuk deur in een sitting. Onderskei die onderwerpe. Vergelyk u onderwerpe met die Afrikaanse en Engelse vertalings se tema-opskrifte bo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot verstaan van die oorspronklike skrywer se bedoeling, wat immers die hart van Skrifuitleg is. Elke paragraaf handel oor een enkele saak, niks meer nie.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens

INSIG DEUR TE LET OP KONTEKS

- A. Vir die NT se verstaan dat Jesus geïdentifiseer moet word en, derhalwe sy bediening, met die profesieë aangaande die Lydende Knecht, is hierdie gedeelte van hoogste belang. Let op die gedeeltes in die NT wat aanhaal of verwys na hierdie gedeelte:
 1. 52:15 – Rom. 15:21
 2. 53:1 – Rom. 10:16

3. 53:3 – Luk 18:31-33 (verwysing); Mark 10:33-34 (verwysing); Joh 1:10-11 (verwysing)
4. 53:4 – Mat 8:17; 1 Pet 2:24 (verwysing)
5. 53:5 – Rom 4:25 (verwysing); 1 Kor 15:3 (verwysing); Heb 9:28 (verwysing); 1 Pet 2:24-25 (verwysing)
6. 53:6 – 1 Pet 2:25 (verwysing)
7. 53:7-8 – Mat 26:63 (verwysing); Mark 14:61 – (verwysing); Mark 15:5 (verwysing); Luk 23:9 (verwysing)
8. 53:9 – Mat 27: 12-14 (verwysing); I Pet 2:22 (verwysing)
9. 53:10 – Joh 1:29 (verwysing); Mark 10:45 (verwysing)
10. 53:11 – Joh 10:14-18 (verwysing); Rom 5:18,19 (verwysing); I Pet 2:24 (verwysing)
11. 53:12 – Luk 22:37; 2 Kor 5:21 (verwysing); Fil 2:24 (verwysing).

- B. Dit wek my verbasing dat hierdie teks oor plaasvervangende lye en sterwe nie meer dikwels in die NT aangehaal word nie. As Christen van evangeliese oortuiging berus my oortuiging volkome op hierdie Skrif in konteks. Na my oordeel moet die OT allereers in die lig van sy eie tyd verstaan word (die skrywer se primêre bedoeling), maar dan ook in die lig van die Skrif as geheel (vgl. 2 Tim 3:16). Die OT word dan verstaan soos belig deur die openbaring in Christus en deur middel van die apostels.
- C. My mening is dat hierdie kragtige en unieke lied/gedig in die OT benader moet word:
1. deur die verskillende strofes uit te lig;
 2. vas te stel wie aan die woord is; en
 3. die boodskap te omskryf.

WOORD EN FRASE STUDIE

NASB HERSIENE TEKS

Vir die Afrikaans hiervan sien die OAV,NAV, Cum-MVB of Cum-NLV

¹³Behold, My Servant will prosper,
 He will be high and lifted up and greatly exalted.
¹⁴Just as many were astonished at you, *My people*,
 So His appearance was marred more than any man
 And His form more than the sons of men.
¹⁵Thus He will sprinkle many nations,
 Kings will shut their mouths on account of Him;
 For what had not been told them they will see,
 And what they had not heard they will understand.

Sien vir die Afrikaans hiervan die OAV, NAV, Cum-MVB en Cum-NLV

52:13

OAV, NAV, Cum-NLV “sal voorspoedig wees”

NASB “will prosper”

Hierdie WERKWOORD (BDB 968, KB 1328, *Hifil* IMPERFEKTUM) het twee betekenisse:

1. Om te oorweeg; om aandag te gee; om te peins (Jes 41:20; 44:18; Deut 32: 29; Ps 64:9);
2. om voorspoedig te wees; om sukses te behaal (1 Sam 18:15; Jes 52:13; Jer 20:11; 23:5).

Die vraag is watter een van die twee die beste inpas by die die WERKWOORDE “hoog in aansien” en “baie eer ontvang” wat volg. Albei pas by de konteks van 44-55.

▣

OAV “voorspoedig wees, hoog en verhewe... baie hoog”

NAV “sal voorspoedig wees, hy sal baie eer ontvang”

Cum-NLV “hoog in aansien wees en almal sal Hom eer”

NASB “He will be high and lifted up and greatly exalted”

Die vraag na die gebruik van drie WERKWOORDE van dieselfde betekenis agtereenvolgens het ten doel om die gedagte baie sterk te beklemtoon:

1. hoog wees (BDB 926, KB 1202, *Qal* IMPERFEKTUM, vgl. 6:1; 57:15);
2. verhewe wees/in aansien wees (OAV/Cum-NLV); BDB 669, KB 724; *Nifal* PERFEKTUM met die waw; vgl. 6:1; 33:10; 57:15;
3. baie hoog/baie eer ontvang (OAV/ NAV); BDB 146, K 170; *Qal* PERFEKTUM met die waw; vgl. 5:16.

52:14

OAV	“oor U verstom het”
NAV	“ontsteld oor hom”
Cum-NLV	“ontsteld toe hulle hom sien”
NASB, NKJV, LXX	“were astonished at you”
NRSV	“were astonished at him”
NJB	“were aghast at him”
JPSOA	“were appalled at him”
REB	“recoil at the sight of him”
Pesjitta	“amazed at him”

Die Masorete Teks het “U”, עָלֶיךָ (so ook die LXX), maar die Targoems en sommige Siriese vertalings lees עלֵיךָ en die individu-bedoelde “hom” in die Diensknegliedere. Daardie ideale Israeliet wat die prys betaal het vir die hele Israel en die hele mensdom! (Vgl. 53:8). Die UBS Project gradeer die “U” met ‘n “B” (waarskynlik).

Daar is ‘n opmerklige vloeibaarheid/afwisseling tussen die korporatiewe “julle”/die volk as dienskneg en ‘n individuele “hom” in die Dienskneg Liedere.

▣

OAV, NAV, Cum-NLV	(kom nie voor in Afrikaans nie)
NASB	“My people”

Hierdie opmerking in NASB kom nie voor in die Masoretiese Teks nie. Dit onderstreep die gedagte dat die Lydende Kneg hier nie die volk is nie, maar ‘n individu, ‘n ideale Israeliet.

▣

OAV	“so misvormd was sy voorkoms, geen mens meer nie, en sy gestalte... nie van ‘n mensekind nie”
NAV	“Hy was so misvormd dat hy nie meer soos ‘n mens gelyk het nie”
Cum-NLV	“Hy was so misvorm dat hy skaars soos ‘n mens gelyk het”

NASB “His appearance was marred more than any man, And His form more than the sons of man”.

Jesus het soveel straf verduur dat Hy onherkenbaar daar uitgesien het, eers deur die Sanhedrin en daarna deur die Romeinse soldate. Die Joodse rabbyne het op grond van hierdie vers verduidelik dat die Messias aan melaatsheid sou ly.

52:15

OAV	“laat opspring”
NAV	“laat opspring van verbasing”
Cum- NLV	“rein maak”
NASB, NKJV,	“sprinkle”
NRSV, JPSOA, NET	“startle”
NJB, LXX	“astonished”
Pesjitta	“purify”

Hierdie term kom uit offerpraktyke (BDB 633, KB 683, *Hifil* IMPERFEKTUM, vgl. Eks 29:11; Lev 4:6; 8:11; 14:7).

Heelwat hedendaagse vertalings het “startle”/“verbasing” wat laat opspring (BDB 633 II, wat uit ‘n Arabiese Woordstam afgelei is). Sulke vertalings volg die LXX (Grieks) en die Vulgaat (Latyn).

Die vraag is wat is dit wat die konings hoor en sien?

1. 'n Misvormde man (v.14; 53:5)
2. 'n Man hoog in aansien en geëerd (v.13)

Betekenen die WERKWOORD in vers 15:

1. "vreugde van verbasing/aangenaam verras"
2. "verbyster van skok"
3. "besprinkeling van offerbloed" (53:4-5, 10)?

NASB HERSIENE TEKS

Vir die Afrikaans hiervan sien die OAV, NAV, Cum-MVB of Cum-NLV

¹Who has believed our message
And to whom was the arm of the LORD revealed?
²For He grew up before Him like a tender shoot,
And like a root out of parched ground;
He has no *stately* form or majesty
That we should look upon Him.
³He was despised and forsaken by men,
A man of sorrows and acquainted with grief;
And like one from whom men hide their face
He was despised by men, and we did not esteem Him

53:1

OAV	"Wie het geglo wat aan ons verkondig is"
NAV	"Wie sal ons glo as ons hiervan vertel"
Cum-NLV	"Wie het ons boodskap geglo"
NASB	"Who has believed our message"

Wie so in MEERVOUD hier aan die woord is, is onduidelik,

1. die gelowige Joodse oorblyfsel; of
2. die profete.

Dit is duidelik dat baie min mense die konsep van 'n lydende Messias begryp het (Joh 12:38; Rom 10:16)! Alhoewel, 'n dag sal aanbreek wanneer die konings van die aarde dit sal verstaan (vgl. 52:15; en Fil 2:6-11)!

Vir die begrip "geglo" kyk by 42: 3 *Vir Speciale Aandag* en BDB 52, KB 63 *Hifil* PERFECTUM.

■

OAV	"die arm van die HERE"
NAV	"die mag van die Here"
Cum-NLV	"die HERE sy reddende mag openbaar"
NASB	"arm of the Lord"

Dit is 'n mensvorminge spreekwyse (antropomorfisme), kyk ook 51:9; 52:9,10; Deut 5:15 sowel as die *Vir Speciale Aandag* by 41:2. Die bediening van die Dienskneg is 'n uiting van JHWH se handeling.

53:2

OAV	"soos 'n loot... opgespruit"
NAV, Cum-NLV	"soos 'n loot wat uitspruit"
NASB	"like a tender shoot"

Hierdie is 'n verwysing na die skaars merkbare begin van die "takkie" wat ook 'n betekenisverwantskap (etimologies) met die woord "Messias" het. – BDB 666, (vgl. Jes 4:2; 11:1,10). Albei word in Jes 11:1 gebruik.

VIR SPESIALE AANDAG: JESUS DIE NASARENER

Daar is etlike, verskillende Griekse terme in die NT wat Jesus presies identifiseer:

A NT Terme

1. Nasaret, 'n dorp in Galilea (vgl. Luk 1:26; 2:4, 39,51; 4:16; Han 10:38). Hierdie stad word in geen vroeë geskifte genoem nie, maar word wel in later inskripsies aangetref. Vir Jesus, om van Nasaret afkomstig te wees, was nie 'n kompliment nie (vgl. Joh 1:46). Om dié stadsnaam op die kruis aan te bring, was aanduiding van die Joodse minagting³
2. *Nazarēnos* – was skynbaar 'n verwysing na 'n geografiese gebied (vgl. Luk 4:34; 24:19).
3. *Nazōraios* – mag aanduiding van 'n stad wees, maar kon ook sinspeel op die Hebreeuse Messiaanse term “spruit” (Jes 4:2 [OAV] of “takkie” 11:4 [NAV]) (vgl. netser, BDB 666 en verwante terme, Jes 4:2; 11:1; 53:2; Jer 23:5 [BDB 855]; 33:15; Sag 3:8; 6:12). Lukas gebruik dit van Jesus in 18:37 en Han 2:22; 3:6; 4:10; 6:14; 22:8; 24:5; 26:9.
4. In ooreenstemming met #3 *nāsir* (BDB 634) beteken dit dat iemand deur 'n eed afgesonder is.

B. Historiese voorkoms (Nasarener) buite die NT. Dus die bestaan van ander historiese gebruike:

1. Dit was aanduiding van 'n voor-Christelik, Joodse sekte (Aramees: *nāsōrayyā*).
2. Dit was in Joodse kringe 'n manier om na Christus-gelowiges te verwys (vgl. Han 24:5,14; 28:22).
3. Dit het die algemene gebruiksterm in die Siriese kerke (Aramees) geword om na gelowiges te verwys; “Christen” was die gebruiklike aanduiding van gelowiges in die Griekse kerke.
- 4 'n Tyd na die val van Jerusalem het die Fariseërs by Jamnia vergader om te reorganiseer en het hulle 'n amptelike skeiding tussen sinagoge en kerk verklaar. 'n Tipiese vervloekskrif teen Christene is in “die *Agtien Seënuitsprake*” van *Berakoth 28b-29a*, gevind, waarin na gelowiges as “*Nasareners*” verwys word.

“Mag die Nasareners en afgedwaaldes in 'n oomblik verdwyn; hulle sal uitgewis word uit die boek van die lewe en nie saam met die getroues opgeteken wees nie.”

5. Justin Martyr het die stelling, met verwysing na Jesaja se *netser* (Jesus), gebruik.

C. Die skrywer se mening

Ek is verras om soveel verskillende spellings van die term teë te kom. Alhoewel ek weet dat dit nie so ongewoon was dat in die OT byvoorbeeld “Josua” vele kere in Hebreeus verskillend gespél word nie. Wel, omrede:

- (1) die sterk assosiasie met die Messiaanse term “Spruit” (takkie);
- (2) saam gesien met die negatiewe konnotasie; (3) weinig of min vroeë bevestiging van die bestaan van dié stad in Galilea, noop dit my tot onsekerheid omtrent die presiese betekenis van die term Nasarener; en weens
- (4) die eskatologiese implikasie van die uitroep van 'n besetene: “Jesus, Nasarener... Het u gekom om ons te verdelg?” (Luk. 4:34 – vert.) bly ek onseker.

Vir 'n volledige bibliografie van studies oor hierdie woordgroep sien Colin Brown (red.), *New International Dictionary of New Testament Theology*, vol. 2, bl. 346 of Raymond E. Brown, *Birth*, bl. 209-213, 223-225)

□	
OAV	“Hy het geen gestalte of heerlikheid gehad dat ons Hom sou aansien nie”
NAV	“Hy het nie skoonheid of prag gehad dat ons na hom sou kyk nie”
Cum-NLV	“Hy was nie mooi of koninklik sodat hy ons sou aantrek...”
NASB	“He has no stately form or majesty”; That we should look upon Him”

Jesus was nie fisies uitstaande van voorkoms nie. Hy was nie opvallend in 'n skare nie, maar het as't ware tussen hulle verdwyn (Joh 8:59; 12:36).

53:3

OAV, NAV, Cum-NLV	“Hy was verag”
NASB	“He was despised”

³ Joh. 19:19 – vert.

Die WERKWOORD (BDB 102, KB 117, *Nifal* WERKWOORDDEELTJIE dien eintlik as ‘n titel, “Die veragte een”, sien 49:7). In *Ps* 22:6 word die *Qal*- vorm van die WERKWOORDDEELTJIE gebruik. Hiervan glo Christene dat dit die kruisiging van Jesus beskryf (Mat 27:35,39,43,46; Mark 15:29,34; Luk 23:34; Joh 19:24; 20:25). Talle kere sluit die NT aan by hierdie gedeelte van Jesaja, sodat aanvaar kan word dat God deur Jesaja duidelik besig was om sy verlossingsplan vir die mensdom bekend te maak (vgl. *Vir Spesiale Aandag* by 40:15).

■

Die laaste twee reëls is op verskeie maniere uitgelê:

1. sommige van die rabbyne was van mening dat die Messias aan melaatsheid sou ly (vgl. v.11);
2. ander bring dit weer in verband met die geselhoue wat Hy moes verduur aan die hand van Herodus en Pilatus se soldate,
3. sommige veronderstel dat dit in verband met Jesus se woorde in Mat 26:31; Mark 14:27; (n.a.v. Sag 13:7) of Joh 16:32) gesien moet word.

■

OAV	“smarte”
NAV	“lyding”
Cum-NLV	“leed”
NASB	“sorrows”

Hierdie woord (BDB 456) kan dui op:

1. fisieke pyn (Eks 3:7); of
2. emosionele pyn (*Ps* 38:17-18; *Jer* 45:3)

In die konteks van *Jes*.53:13-14 is dit lyding wat die Dienskneg ter wille van Israel (v.8) en daarmee die hele mensdom deurgemaak het (vgl. v.6).

NASB HERSIENE TEKS 53:4-6

Vir die Afrikaans hiervan gebruik die OAV,NAV, Cum-NLV

⁴Surely our griefs He Himself bore,
 And our sorrows He carried;
 Yet we ourselves esteemed Him stricken,
 Smitten of God, and afflicted.
⁵But He was pierced through for our transgressions,
 He was crushed for our iniquities;
 The chastening for our well-being fell upon Him,
 And by His scourging we are healed
⁶All of us like sheep have gone astray,
 Each of us has turned to his own way;
 But the LORD has caused the iniquity of us all
 To fall on Him.

53:4

OAV	“krankhede”
NAV	“lyding”
Cum-NLV	“swakhede”
NASB	“griefs”

Letterlik beteken die woord “krankheid” (BDB 318, vgl. *Deut* 28:59,61), maar in Hebreeus word dit in heelwat wyer verband gebruik. (*Jes* 1:6; 6:10). Die bedoeling hier is Jesus se plaasvervangende offerdiens (*Mark* 10:45; *2 Kor* 5:21). Vele het hierdie v.5d probeer uitlê as sou Jesus met gelowiges se sonde en fisiese ongesteldhede gehandel het. Dit egter hou nie steek met die parallellisme hier nie. “Siek” is ook ‘n Hebreeuse metafoor vir sonde (Vgl. *Ps* 103:3; *Jes* 1:5-6). My gunsteling charismatiese skrywer, Gordon Fee, het ‘n sterk bewoorde boekie hieroor geskryf, nl. *The Disease of the Health and Wealth Gospels* (Die siekte van rykdom- en genesingsgodsdien – vert.).

VIR SPESIALE AANDAG: IS GENESING GOD SE PLAN VIR ALLE TYE?

1. Genesing was 'n belangrike aspek van Jesus en die Apostels se bediening .
2. Die radikale aard van God se boodskap in verband met sy koninkryk is deur genesinge bevestig.
3. Dit openbaar iets van die hart van God oor menslike lyding.
4. God het nie verander nie en Hy handel steeds met helende liefde (vgl. Mal 3:6).
5. Daar is egter voorbeelde waar genesing nie plaasgevind het nie:
 - a. Paulus, 2 Kor 12:7-10;
 - b. Trofimus, 2 Tim 4:20 .
6. In die rabbynse literatuur is siekte en sonde met mekaar in verband gebring , vgl Joh 9:2 en Jak 5:13-18.
7. Genesing is in die Nuwe Verbond nie vanselfsprekend nie en is nie inbegrepe by die “versoening” wat in Jes 53 en Ps 103 beskryf word nie.
8. Dit bly 'n misterie waarom sommige genees word en ander nie.
9. Hoewel genesing in elke eeu voorgekom het, is daar 'n opmerklike toename in Jesus se tyd, wat weer verwag kan word in die aanloop van sy Tweede Koms.

□	
OAV, NAV	“op Hom geneem... gedra”
Cum-NLV	“gedra... verduur”
NASB	“bore... carried”

Hierdie twee WERKWOORDE is parallelle (sinonieme);

1. “gedra” (BDB 669, KB 724, Qal PERFECTUM, in die sin van iemand se skuld oorneem, Gen 4:13; Lev 1:5,17; 7:18; Num 5:31; 14:34; Eseg 14:10; 44:12), hoewel dit ook kan geld vir die oorneem van iemand anders se skuld (derde party); bv. dat een daarvoor instaan of 'n pakesel/rydier aanbied (Lev 10:17; 16:22; Num 14:33; Eseg 4:4,5,6). In Jes 53:4 bied die Dienskneg Hom aan vir so 'n instaan/verlossingsbediening;
2. “verduur” (Cum-NLV); BDB 687, KB 724, Qal PERFECTUM; letterlik “'n swaar vrag opneem,” BDB 687, KB 741. Dit word in verband met die Dienskneg gebruik in vv.4 en 11. (Qal IMPERFETUM).

Kyk wat JHWH deur die Dienaar gedoen het tot beswil van die mensdom:

1. “geslaan” deur God, v.4 (BDB 645, KB 697, Hofal WERKWOORDDEELTJIE)
2. “gepynig” v.4 (BDB 776, KB 853, Pual WERKWOORDDEELTJIE)
3. “deurboor” v.5 (BDB 319, KB 320, Pual WERKWOORDDEELTJIE)
4. “verbrysel” v.5 (BDB 193, KB 221, Poal WERKWOORDDEELTJIE)
5. “straf op Hom” v.5, (geen WERKWOORD nie)
6. “genesing deur sy wonde” v.5.

Hierdie gedeelte dien as die grondslag/fondamentsteen vir die leer van versoening deur plaasvervangende lye en sterwe.

53:5	
OAV	“geslaan en verdruk”
NAV	“geslaan en gepynig”
Cum-NLV	“kasty en teister”
NASB	“pierced... crushed”

Soos wat “dra” en “verduur” in vers 4 parallelle/sinonieme was, (beskryf in die nota hierbo, #2, 53:4-5; NASB, spesifiek 2 nr. #3,) so ook hierdie 2 WERKWOORDE.

1. “Deurboor”/“pierced” ('n oorlogsterm) se parallel word hier bepaal deur die konteks; hierdie 2 WERKWOORDE se parallellie (BDB 319, KB 320, Po'al WERKWOORDDEELTJIE) bring 'n ander betekenis van die woordstam na vore, naamlik “besmet”/“polluted” om die mensdom se “reiniging” en “vergifnis” sinvol te maak.

2. “verdruk” – BDB 193, KB 221, Pual WERKWOORDDEELTJIE; hierdie WERKWOORD kom verskeie kere voor in Jesaja:

- a. 57:15; *Nifal* WERKWOORDDEELTJIE, “verdruk en nederig”
- b. 3:15; *Pi’el* IMPERFEKTUM “wat my mense verdruk”
- c. 19: 10; 53:5; *Pual* WERKWOORDDEELTJIE; wat verdruk word”
- d. 53:10; *Pi’el* INFINITIEF CONSTRUCTUS “die verdrukke”.

Dit verwys na iemand wat verneder is. In die konteks deur JHWH ter wille van groter welsyn van die mensdom.

53:6 So lyk die OT weergawe van Rom. 3:9-18; 5:12,15,18; 11:32; Gal. 3:22. Hier uitgebeeld die skrikwekkende nagevolg van die sondeval van Genesis 3 (vgl. Gen.6:5,11-12; Ps.14:3; 134:2).

□	
OAV	“die ongeregtigheid van ons almal op Hom laat neerkom”
NAV	“ons almal se sonde op hom laat afkom”
Cum-NLV	“ons almal se skuld en sondes op Hom laat neerkom”
NASB	“the iniquity of us all to fall om Him”

Jesus het vir die sondes van die hele wêreld gesterf. In beginsel word almal gered deur Christus (vgl. Joh 1:29; 3:16-17; Rom 5:18; Tit 2;11; 1 Joh 2;2; 4;14). Slegs opsetlike ongeloof van iemand veroorsaak verwydering van God.

Sommige uitleggers het gepoog om ‘n onderskeid te maak tussen die “almal” [twee keer in v.6] en die “baie” van vv.11d en 12e. Inaggenome die parallelisme van Rom 5:18, sinspeel “almal” en “baie” egter duidelik op dieselfde groepering, naamlik die gevalle mensdom wat na die beeld van JHWH geskape is (vgl. Gen 1:26-27).

God begeer die redding van alle mense – Joh.4:42; 1 Tim. 2:4; 4:10; 2 Pet.3:9.

NASB HERSIENE TEKS 53:7-9

Vir die Afrikaans hiervan sien die OAV, die NAV, Cum-MVB en Cum- NLV

⁷He was oppressed and He was afflicted,
Yet He did not open His mouth;
Like a lamb that is led to slaughter,
And like a sheep that is silent before its shearers,
So He did not open His mouth.
⁸By oppression and judgement He was taken away;
And as for His generation, who considered
That He was cut off out of the land of the living
For the transgression of my people, to whom the stroke was due?
⁹His grave was assigned with wicked men,
Yet He was with a rich man in His death,
Because He had done no violence,
Nor was there any deceit in His mouth

53:7	
OAV,NAV, Cum-NLV	“soos ‘n lam”
NASB	“Like a lamb”

‘n Verwysing na die offerdier is duidelik (Joh 1:29; 2 Kor 5:21).

□	
OAV, Cum-NLV	“Hy het sy mond nie oopgemaak nie”
NAV	“het Hy nie gekla nie”
NASB	“He did not open His mouth”

Dit beteken dat die Dienaar nie probeer het om Homself te verdedig nie. Dit word deur verskeie insidente in sy verhoor bevestig:

1. die nagtelike verhoor voor Kaiafas; Mat 26:63; Mark 14:61;
2. sy verhoor voor Pilatus; Mat 27:12-14; Mark 15:5; Joh 19:9;
3. voor Herodus die Viervors; Luk 23:9.

53:8	
OAV	“Ter wille van die oortreding van my volk”
NAV	“Hy is gestraf oor die sonde van my volk”
Cum-NLV	“dat hy vir hulle sondes doodgemaak word”
NASB	“For the transgression of My people”

Hier word dit glashelder duidelik dat die Dienaar nie Israel as volk kon wees nie, aangesien hy sy lewe vir die volk aflê (vgl. v.8c).

Hierdie lied/gedig verloop in verskeie skaars en ongewone WERKWOORDVORME (geneem uit NAV):

1. 52:15; “wat nie aan hulle vertel is nie” – *Pual* PERFECTUM (BDB 707, KB 765)
2. 52:15; “hulle sal iets te wete kom” – *Hitpolel* PERFECTUM (BDB 106, KB 122)
3. 53:4; “geslaan” – *Hofal* WERKWOORDDEELTJIE (BDB 645’ KB 697)
4. 53:4; “gepynig word” – *Pual* WERKWOORDDEELTJIE (BDB 776, KB 853)
5. 53:5; “deurboor” – *Poal* WERKWOORDDEELTJIE (BDB 319, KB 320)
6. 53:5; “verbrysel” – *Pual* WERKWOORDDEELTJIE (BDB 193, KB 221)
7. 53:7; “gelei word” – *Hofal* IMPERFECTUM (BDB 384, KB 383)
8. 53:8; “ter harte geneem” – *Polel* IMPERFECTUM (BDB 967, KB 1319)

53:9 Net so uitvoerig as Ps 22 beskryf hierdie vers die kruisiging en begrafnis van Jesus (Mat 27: 38-59).

NASB HERSIENE TEKS 53:10-12

Vir die Afrikaans hiervan sien die OAV,NAV,Cum-MVB en Cum-NLV

¹⁰But the LORD was pleased
 To crush Him, putting Him to grief;
 If He would render Himself as a guilt offering,
 He will see *His* offspring,
 He will prolong *His* days,
 And the good pleasure of the LORD will prosper in His hand.
¹¹As a result of the anguish of His soul,
 He will see *it and be* satisfied;
 By His knowledge the Righteous One,
 My Servant, will justify many,
 As he will bear their iniquities.
¹²Therefore I will allot Him a portion with the great,
 And He will divide the booty with the strong;
 Because He poured Himself out to death,
 And was numbered with the transgressors;
 Yet he Himself bore the sin of many,
 And interceded for the transgressors

53:10	
OAV	“dit het die HERE behaag om Hom te verbrysel”
NAV	“Dit was die wil van die Here om hom te verbrysel”
Cum-NLV	“Maar dit was die HERE se wil om Hom te vermorsel en laat ly”
NASB	“But the LORD was pleased to crush Him, putting Him to grief”

Let daarop wie opgetree het en wie aan die ontvangkant van die WERKWOORDE was:

1. Dit het JHWH “behaag” (letterlik, die uitdrukking van sy wil) – BDB 342, KB 339, *Qa/* PERFECTUM. Hierdie WERKWOORD beteken letterlik “’n behae skeep in” (vgl. 58:2;62:4) of ‘n “begeerte” (55:11). Dit strook met die plesier wat JHWH daarin gevind het om iemand te dood soos in 1 Sam 2:25 vermeld. Dit is skokkend dat ‘n WERKWOORD soos hierdie (verbrysel) beskryf wat die onskuldige en regverdige Dienaar aangedoen is. JHWH het hiermee ‘n verlossingsplan in werking gestel (vgl. Vir Spesiale Aandag by 40:15).

2. JHWH se wil en doel was om te “verbrysel” (Pi ‘el INFINITIVUS CONSTRUCTUS, vgl. v.5) en om “Hom die pyn te laat ly” (NAV – *Hifil* PERFECTUM, BDB 317, KB 311). Letterlik beteken die WERKWOORD “om siek te laat word” of (JPSOA) deur “slae te beseer”. Dit was ‘n uiters hoë prys om te betaal vir redding van die mensdom. JHWH en sy Dienaar het dit vrywillig en ten volle betaal!

▣

OAV	“as sy siel ‘n skuldoffer aangebied het”
NAV	“As hy sy lewe as skuldoffer gee”
Cum-NLV	“Al het die Here sy lewe ‘n skuldoffer gemaak”
NASB	“If He would render Himself as a guilt offering”
NKJV, NRSV	“When You make His soul an offering for sin”
TEV	“His death was a sacrifice to bring forgiveness”
NJB	“if he gives his life as a sin offering”
JPSOA	“if he made himself an offering for guilt”
Pesitta	“he laid down his life as an offering for sin”

‘n Eenvoudige frase, maar van diepsinnige betekenis, wat insluit:

1. die wil van JHWH;
2. die wil van die Dienaar;
3. die sondaars wat besluit om so ‘n offer vir hul sonde te aanvaar.

Hierdie Hebreeus- teologiese konsep van korporealiteit (een in plek van baie) word geïllustreer in:

1. die offerstelsel; Lev 1-7 en veral op die Dag van Versoening (Lev 16)
2. die sonde van Akan met gevolge vir die hele Israelitiese oorlogspoging (Jos 7)
3. die helder verduideliking in Romeine 5:12-21
4. nog ‘n goeie voorbeeld in 2 Kor 5:21

‘n Enkele Onskuldige het die losprys op Hom geneem sodat al die skuldiges kon vry uitgaan!

▣

OAV	“Hy sal ‘n nakroos sien; Hy sal die dae verleng”
NAV	“sal Hy ‘n groot nageslag hê en nog lank lewe”
Cum-NLV	“sal Hy ‘n groot nageslag kry en nog lank lewe”
NASB	“He will prolong His days”

Dit is duidelik dat die Dienaar sterf (vgl. vv.8,9,12) en dat hierdie vers dus op die lewe na die dood sinspeel! Let op alles wat JHWH vir Hom sal doen:

1. Hy sal sy nakroos sien (OAV); v.10;
2. en nog lank lewe; v.10 (dit dui op die hiernamaals);
3. en die welbehoe van die HERE sal deur sy hand voorspoedig wees (OAV – JHWH se plan om die vertrouensvriendskap met die mens te herstel), v.10;
4. sal Hy weer die lig sien en tevrede wees (Cum-NLV v.11; met verwysing na JHWH se “welbehoe”/“wil”; v.10e)
5. die Regverdige... maak baie regverdig (NAV, v.11)
6. gee Hom ‘n ereplek onder die grotes (NAV, v.12)
7. Hy sal saam met magtiges die oorwinning vier (NAV, v.12).

Omdat gedigte gewoonlik moeilik is om te interpreteer, volg dit dat sommige van hierdie items nie volkome duidelik is nie.

53:11 NASB het “it” en die OAV “dit,” maar die NAV en Cum-NLV het “die lig” in navolging van die Dooie See Rolle en die LXX (Septuaginta) se “ligte”; (vgl. ook NRSV en NJB, “light”). Die Masoretiese Teks het nie die “dit” nie (vgl.

NKJV) en die *UBS Text Project* gradeer die moontlikheid dat “lig” per abuis uit die teks geval het met ‘n “B” (waarskynlik).

□	
OAV	“deur sy kennis”
NAV	“en Hy sal die Here ken”
Cum-NLV	“en deur alles wat Hy beleef het”
NASB	“By His knowledge”

Die NRSV het “he shall find satisfaction through his knowledge.” Die vraag is watter kennis hier ter sprake is?

1. sy nakroos wat hy sien (v. 10c)
2. die voortsetting van sy lewe (v.10d)
3. die uitvoering van JHWH se wil (v.10e)
4. die goeie uitkoms na sy lyding (v. 11a)

□	
OAV, NAV	“die regverdige... regverdig maak”
Cum-NLV	“regverdige Dienaar... regverdig te word”
NASB	“the Righteous One... justify”

Albei terme wortel in dieselfde woordstam (BDB 842, 843); JHWH se Dienaar aan die dra van ander se sonde onderworpe, bring daardeur geregtigheid tot stand vir almal wat glo en dit aanneem (vgl. Joh 1:12; 3:16; Rom 10:9-13)

□	
OAV, NAV,	“baie”
Cum-NLV	“vir baie”
NASB	“the many”

Kyk weer die nota oor “almal” by vers 6.

□	
OAV	
NAV	“en Hy sal hulle skuld dra”
Cum-NLV	“want hy dra al hulle sondes”
NASB	“He will bear their iniquities”

Dieselfde WERKWOORD (BDB 687, KB 741, *Qal* IMPERFEKTUM) kom ook in vers 4 voor. Sien die aantekening daar.

53:12a,b

OAV	“sal Ek Hom ‘n deel gee onder die grotes en met magtiges sal Hy buit verdeel”
NAV	“gee Ek hom ‘n ereplek onder die grotes”
Cum-NLV	“eer Ek hom as iemand wat groot en magtig is”
NASB	“He will divide the booty with the strong”

Hierdie is ‘n oorlogsmetafoor waardeur oorwinning verklaar word. Dit is nie letterlik bedoel nie, maar moet figuurlik as ‘n geestelike oorwinning verstaan word. (vgl. 52:13).

□	
OAV	“omdat Hy sy siel uitgestort het in die dood”
NAV	“omdat hy hom in die dood oorgegee het”
Cum-NLV	“hy was bereid om doorgemaak te word”
NASB	“He poured Himself out to death”

Hierdie WERKWOORD (BDB 788, KB 881, *Hifil* PERFECTUM) beteken letterlik “om ontklee te wees” of “naak” en “leeg gemaak” en kom in Jesaja voor in ‘n verskeidenheid van betekenisse:

1. om ‘n wapen te ontbloot/uit te trek (Jes 22:6);

2. vir openbaring van die Gees (uitgestort); Jes 32:15;
3. die BDB beskou dit as 'n metafoor asof in die *Pi'el*-vorm, (BDB bl.788 by #3; WERKWOORD: "siel uitgiet" – vgl. Ps 141: 8, OAV);
4. die KB 881 noem dit 'n "uitstort"- metafoor, iemand wat sy lewe weggooi in die dood (OAV, v.11a).

▣	
OAV	"en saam met die oortreders getel was"
NAV	"as misdadiger beskou is"
Cum-NLV	"en as misdadiger beskou te word"
NASB	"And he was numbered with the transgressors"

Lukas (22:37) verwys daarna dat Jesus in Getsemane hierdie aanhaling gemaak het teenoor die soldate en wagt wat Hom kom gevange neem het.

Let daarop dat in vers 8 dieselfde woord gebruik word om Israel se sonde te beskryf en in vers 5 die sonde van die hele mensdom (vgl. BDB 833).

▣	
OAV	"terwyl Hy tog die sondes van baie gedra...het"
NAV	"omdat hy die sondes van baie op Hom geneem het"
Cum-NLV	"Hy het die sondes van baie gedra"
NASB	"He Himself bore the sin of many"

Dit beteken dat in die plek van baie plaasvervangende versoening gedoen is (vgl. 20:28; Mark 10:45; 14:24; 2 Kor 5:21; Gal 1:4; 1 Tim 2:6; Tit 2:14). Die *UBS Text Project* meen dat "sonde" in die MEERVOUD moes gewees het en gradeer met 'n "B".

▣	
OAV	"en vir die oortreders gebid het"
NAV	"en vir oortreders gebid het"
Cum-NLV	"en vir sondaars gebid"
NASB	"And interceded for the transgressors"

En so doen Hy steeds (vgl. Rom 8:27,34; Heb 7:25; 9:24; 1 Joh 2:1)!

VRAE VIR BESPREKING

▣ Hierdie is 'n studieleiding kommentaar wat beteken dat u self vir die uitleg van die Bybel verantwoordelik sal wees. Elkeen van ons moet in die lig tot ons beskikking wandel. U is met die Bybel in die hand en onder leiding van die Heilige Gees dus prominent in die verstaansproses en uitleg. Moenie so 'n groot voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Hierdie besprekingsvrae is bedoel om u te help nadink oor die belangrikste sake in hierdie gedeelte van die boek. U is vry om anders te oordeel oor wat u belangrik ag vir 'n gesprek.

1. Verwys hierdie titel "My Kneg" na die Joodse volk of die Messias?
2. Waarom is die talle verwysinge na die 'heidene' so opmerklik in hierdie gedeelte?
3. Waartoe het God die Joodse volk uitverkies?
4. Hoekom moes die Messias soveel lyding deurmaak?
5. Hoekom was dit die HERE se wil om Hom te 'vermorsel' (NLV)?
6. Wat leer Jes 53:6 ons omtrent sonde?
7. Hoekom was hierdie gedeelte altyd van soveel belang vir die kerk?

JESAJA 54

PARAGRAAFINDELING VAN EIETYDSE VERTALINGS

NASB	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV*
The Fertility of Israel	A Perpetual Covenant of Peace	Song of Assurance To Israel	The LORD'S Love for Israel	Jerusalem Restored to Jahweh's Favour	My liefde vir jou sal nooit verdwyn nie
54:1-3 (1-3)	54:1-3 (1-3)	54:1-3 (1-3)	54:1-3 (1-3)	54:1-10 (1-10)	54:1-5
54:4-8 (4-8)	54:4-8 (4-8)	54:4-8 (4-8)	54:4-5 (4-5)	The New Jerusalem	
			54:6-10 (6-10)		54:6-8
54:9-10 (9-10)	54:9-10 (9-10)	54:9-10 (9-10)	The Future of Jerusalem		54:9-10
54:11-17 (11-17)	54:11-15 (11-15)	54:11-17 (11-17)	54:11-12 (11-12)	54:11-17 (11-17)	54:11-17
			54:13-15 (13-15)		
	54:16-17		54:16-17		

	(16-17)		(16-17)		
--	---------	--	---------	--	--

*Vir paragraafvergelyking kan ook die OAV, Cum-MVB en die Cum-NLV gebruik word

LEESSIKLUS DRIE (sien die Inleidende Aantekeninge bl...)

(ONS BEPAAL DIE BEDOELING VAN DIE SKRYWER OP PARAGRAAFVLAK)

Lees die hoofstuk deur in een sitting. Onderskei die onderwerpe. Vergelyk u onderwerpe met die Afrikaanse en Engelse vertalings se tema-opskrifte bo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot verstaan van die oorspronklike skrywer se bedoeling, wat immers die hart van Skrifuitleg is. Elke paragraaf handel oor een enkele saak, niks meer nie.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens

INSIG UIT DIE KONTEKS

- A. In hierdie hoofstuk kom verskeie verwysings na die Aartsvadertyd na vore
 1. Kinderlose moeders
 2. lewe in tente
 3. verwys na nakomelingskap as ‘saad’
- B. ‘n Sinspeling op die Noagitiese vloed kom ook voor
- C. JHWH vernuwe die verbondsbeloftes wat redding impliseer
 1. uit Egipte
 2. uit Mesopotamië
 3. uit die mag van eindtyd/ eskatologiese vyandskappe

WOORD EN FRASESTUDIE

NASB HERSIENE TEKS 54:1-3

Vir die Afrikaans hiervan kan die OAV, NAV, Cum-MVB en Cum NLV gebruik word

¹ “Shout for joy, O barren one, you who have borne no *child*;
 Break forth into joyful shouting and cry aloud, you who have not travailed;
 For the sons of the desolate will be more numerous
 Than the sons of the married woman” says the LORD.

² “Enlarge the place of your tent;
 Stretch out the curtains of your dwellings, spare not;
 Lengthen your cords
 And strengthen your pegs.

³For you will spread abroad to the right and to the left.
 And your descendants will possess nations
 And will resettle the desolate cities.”

54:1-3 verskeie IMPERATIEWE kom in hierdie eerste strofe voor wat ten doel het die herbouings wat in Juda en Jerusalem moet plaasvind (voorbeeld uit NAV).

1. jubel, *Qal* IMPERATIEF, BDB 943, KB 1247
2. jubel, *Qal* IMPERATIEF, BDB 822, KB 953
3. juig, *Qal* IMPERATIEF, BDB 843, KB 1007
4. maak groter die plek vir jou tent, *Hifil* IMPERATIEF BDB 931, KB 1210
5. maak breër jou tentdoeke, *Hifil* IMPERATIEF, BDB 639, KB 359, (in JUSSIEF)
6. moenie suinig daarmee werk nie, *Qal* IMPERFEKTUM, BDB 362, KB 359 (in JUSSIEF)
7. maak langer die tentlyne, *Hifil* IMPERATIEF, BDB 72, KB 88
8. slaan die tentpenne dieper in, *Pi 'el* IMPERATIEF, BDB 304, KB 302

Wanneer Paulus Abraham tipologies aanwend, maak hy van hierdie vers gebruik (Gal. 4:21-31). Ek verwonder my daarvoor dat predikers so graag hierdie vers uit konteks gebruik om die oprigting van 'n nuwe kerkgebou te regverdig. As jy hoegenaamd nie die bedoeling van die skrywer in ag neem nie, kan feitlik enige aktiwiteit aangeprys word. Blykbaar benodig hedendaagse evangeliedienaars immer 'n Bybelteks om hulle optrede en projekte te motiveer. Gaan besigtig by www.freebiblecommentary.org 'n preek aanlyn oor *Biblical Interpretation*

54:3

OAV	“jou nageslag sal nasies in besit neem”
NAV	“jou nageslag sal nasies verdryf”
Cum-NLV	“jou nageslag sal ander nasies oorweldig”
NASB	“your descendants will possess nations”

Op die oog af lyk dit na een van Jesaja se universele uitsprake, maar let op die parallellisme in die opvolgende reël. Na die stamgebiede van Juda en Benjamin word hier verwys. Dit gaan daarvoor dat die Edik van Kores II die nageslag van Abraham na die Babiloniese ballingskap na Palestina laat terugkeer (vgl. 14:1-2).

NASB HERSIENE TEKS 54:4-8

Vir die Afrikaans hiervan vergelyk die OAV, NAV, Cum-MVB en Cum-NLV

⁴Fear not, for you will not be put to shame
 And not humiliated, for you will not be disgraced;
 But you will forget the shame of your youth,
 And the reproach of your widowhood you will remember no more.

⁵For your husband is your Maker
 Whose name is the LORD of hosts;
 And your Redeemer is the Holy One of Israel,
 Who is called the God of all the earth.

⁶For the LORD has called you,
 Like a wife forsaken and grieved in spirit,
 Even like a wife of *one's* youth when she is rejected,”
 Says your God.

⁷For a brief moment I forsook you,
 But with great compassion I will gather you.

⁸In an outburst of anger
 I hid My face from you for a moment,
 But with everlasting loving kindness I will have compassion on you,”
 Says the LORD your Redeemer.

5:4

OAV	“Wees nie bevrees nie”
NAV, Cum-NLV	“Moenie bang wees nie”
NASB	“Fear not”

Hierdie is 'n *Qal* IMPERFEKTUM (BDB 431, KB 432), gebruik in JUSSIEF sin. Die tema kom by herhaling voor in Jesaja (7:4; 8:12; 35:4; 41:10,13,14; 43:5; 44:2; 51:7; 54: 4,14; 57:11). Abraham se nageslag kan onthou dat hulle bedeed is met

1. die teenwoordigheid van JHWH
2. en ontvangers is van JHWH se beloftes
3. met die oog op die doelstellings van JHWH

☐	
OAV	“en vrees geen skande nie, want jy sal nie nodig hê om te bloos nie, maar jy sal die skande van jou jonkheid vergeet”
NAV	“jy sal nie weer in die skande kom nie, moenie so verleë daar staan nie Jy sal nie weer verneder word nie”
DCum-NLV	“Jy sal nie weer verneder word nie, Moenie bang wees vir die skande van voorheen nie”
NASB	“For you will not be put to shame Neither feel humiliated, for you will not be disgraced”

Let op die drietal beloftes aan Abraham se terugkerende nakomelinge.

1. skaam– (in negasie); *Qal* IMPERFEKTUM, BDB 101, KB 116 vgl. teenoor 1:29; 20:5
2. vernedering– (in negasie); *Nifal* IMPERFEKTUM (negasie), BDB 482, KB 480, sien ook 45:17; 50: 7
3. skande– (in negasie); *Qal* IMPERFEKTUM, BDB 344, KB 340

☐	
OAV	“en jy sal vergeet en aan... nie meer dink nie”
NAV	“jy sal ... vergeet en nie meer dink...”
Cum-NLV	“jy sal... vergeet en ook die ...”
NASB	“you will forget...you will remember no more”

Hier is duidelik 'n parallelisme. Met twee grepe uit familielewe word die terugkerendes bemoedig.

1. jou jonktyd
2. jou weduweeskap

Israel het in die sonde van die vroegste tye volhard, daarom het JHWH die ballingskap oor hulle laat kom (d.w.s. weduweeskap), maar daardie tye word vergeet, wat hopelik deur 'n nuwe tyd van van geloof en getrouheid gevolg sal word!

54:5 Soos in vers 4 word weer familiemetafore gebruik. Let op die titels vir die eggenoot- metafoor (kyk ook vv. 6-8 en Hosea 1-3).

1. Hy wat jou gemaak het – die Skepper is eggenoot (vgl. 43:1,7; 44: 2,21,24; Deut 32:18)
2. Die Here (van die leërskaare) die Almagtige (NAV); kyk die *Vir Speciale Aandag* wat volg
3. jou Verlosser – 'n titel wat in Jesaja by herhaling voorkom (vgl. 41:14; 43:14; 44:6,24; 47:4; 49:7,26; 54:5,8; 59:20; 63:16)
4. Die Heilige van Israel – by herhaling in Jesaja (1:4; 5:19,24; 10:20; 12:6; 17:7; 29:19,23; 30:11,12,15; 31:1; 37:23; 41:14,16,20; 43:3,14,15; 45:11; 48: 17; 49:7; 54:5; 55:5; 60:19,14; d.w.s. in albei gedeeltes van Jesaja, 1-39 en 40-66)

VIR SPESIALE AANDAG: HERE VAN DIE LEËRSKARE

Die benaming “HERE van die Leërskaare” is saamgestel uit

- A. Die verbondsnaam vir God, naamlik JHWH. Sien *Vir Speciale Aandag: Name van die Godheid* by 1:1.
- B. Die term “leërskaare” (BDB 838) kan beteken
 1. engele in die algemeen (vgl. Neh. 9:6)

2. 'n hemelse leërmag van engele (vgl. 1 Sam. 17:45; Dan. 8:10; Luk. 2:13)
3. 'n engeleraad (leërmag – NAV, vgl. 1 Kon. 22:19; Dan. 7:10)
4. 'n gewone soldateweermag, (bv. Num. 2:4,6; Rigt. 8:6; 9:29)
5. die ligte (sterre) in die nagemel, aangesien vir geestelike kragte (soos in Babiloniese astrologie en aanbidding; vgl. Deut. 4:19; 17:3; 2 Kon. 17:16; 21:3,5; 23:4,5; 2 Kron 33:3,5; Jer. 8:2; 19:13)
6. asook 'n titel vir JHWH in Amos 4:13; 5:27 (met 'n LIDWOORD in Amos 3:13; 6:14; 9:5 en sonder die LIDWOORD in 1 Kon. 5:14,15,16; 6:8; 19:10,14), wat aandui dat JHWH aan Israel se kant strydvoer.
7. laastens, 'n spesifieke gebruik in Jos. 5:14-15, wat mag verwys na Migaël die bewaarengel van Israel. Dit kan ook as 'n parallel met engel van die HERE en manifestasie van die Here, God self opgevat word.

54:6 Israel word as 'n ontroue vrou beskryf wat om dié rede verstoot is (49:14-21; 50:1,2; 62:4).

54:7 JHWH het Hom van sy ontroue vrou afgeskei, maar soek wel weer tot haar toenadering (Hosea 1-3). In die lig van Moses se geskrifte kan hertroue met dieselfde vrou as onaanvaarbare gedrag beskou word.



OAV	“Vir ‘n klein oomblik het Ek jou verlaat”
NAV	“Net ‘n oomblik het Ek jou verstoot”
Cum-NLV	“Vir ‘n kort rukkie het Ek jou verstoot”
NASB	“For a brief moment I forsook you”

Sien Jes. 26:20. God raak wel verontwaardig, maar dit gaan verby (vgl. Ps. 103: 9-14)



OAV	“sal Ek jou vergader”
NAV	“maar Ek ontferm My oor jou”
Cum-NLV	“vat Ek jou terug”
NASB	“I will gather you”

Hierdie Pi‘el IMPERFEKTUM, BDB 867, KB 1062 is 'n besondere manier om die omkeer van ballingskap uit te beeld; 'n nuwe uittog vanuit Mesopotamië (vgl. 11:12; 43:5; 49:18; 56:8; 60:4)

54:8 In die OT word die liefde en ontferming van JHWH met sy reg en geregtigheid gekontrasteer. Israel is daarom voorwerp van sy liefde én toorn (letterlik: oorvloedige/uiterste toorn, BDB 1009, KB 1637, wat net in dié vers voorkom). Hiermee kom ons, teologies gesproke, op 'n gebied waar net die Messias (52:13-53:12) op Golgota liefde en geregtigheid met mekaar kon versoen!



OAV	“met ewigdurende goedertierenheid ontferm Ek My oor jou”
NAV	“met ‘n liefde wat nooit vergaan nie”
Cum-NLV	“Maar nou sal Ek jou vir altyd liefhê”
NASB	“But with everlasting loving kindness I will have compassion on you”

Waarlik, hierdie is kragtige uitsprake van God se liefde en beloftes

1. ewigdurend/ vir altyd ; sien *Vir Speciale Aandag* by 45:17
2. goedertierenheid/ vriendelike liefde; sien *Vir Speciale Aandag* by 40:6
3. ontferm – *Pi‘el* PERFEKTUM, BDB 933; KB 1216; soos gebruiklik oor JHWH gespreek word in 14:1; 30:18; 49:10, 13, 15; 54:7,8,10; 55:7; 60:10; Mig. 7:19 (in negatiewe sin Jes. 9:17; 27:11)



OAV, Cum-NLV	die HERE
NAV,	“die Here”
NASB	“the LORD”



OAV, NAV “Verlosser”
Cum-NLV “Redder”
NASB “Redeemer”

Kyk *Vir Spesiale Aandag* by 41:14

NASB HERSIENE TEKS 54:9-10

Vir die Afrikaans hiervan vgl. die OAV,NAV,Cum-MVB of Cum-NLV

**⁹For this is like the days of Noah to Me,
When I swore that the waters of Noah
Would not fluid the earth again;
So I have sworn that I will not be angry with you
Nor will I rebuke you.
¹⁰For the mountains may be removed and the hills may shake,
But My loving kindness will not be removed from you,
And My covenant of peace will not be shaken,”
Says the LORD who has compassion on you.**

54:9-10 Hierdie twee verse sinspeel op die Nuwe Verbond soos bedoel deur Jeremia 31:31-34 (vgl. Eseg. 36:22-38), want die teruggekeerde Israeliete het nie van hul sondes afgewyk nie (vgl. Maleagi).

54:9 Hierdie vers is ‘n direkte verwysing na die Vloed van Noag in Gen. 6-9 (kyk 8:21 en 9:11). Die Hebreus kan ook as “soos die dae van Noag” gelees word (die NASB, OAV, die Dooie See Rolle en ander ou vertalings) , maar nie die LXX (Griekse OT) nie, wat lees: “met die waters in die tyd van Noag” (vgl NAV).

54:10

OAV “my vredeverbond”
NAV “my vredeverbond met jou”
Cum-NLV “my verbond van vrede”
NASB “My covenant of peace”

Waarskynlik is dit net nog ‘n manier om na “die ewige verbond” te verwys (vgl. 55:3; 59:21; 61:8; Gen. 17:7; Ps. 105:10; Jer. 32:40; 50:5). Die duur van dié term word in Eseg. 16:60, 20:37; 34:25; 37:26) aangedui. Vir groter duidelikheid kyk my kommentaar van Eseg. 16:60, 20:37; 34:25; 37:26) aanlyn by <www.freebiblecommentary.org> Die probleem wat opduik, is dat JHWH sy verbond met die nakomelinge van Abraham met die verwoesting van Jerusalem en die verwerping van die tempel verbreek het (vgl. Eseg. 8-10.) Waarom dan die terme “ewig” en “vir altyd.” Soos in die verskeie vertalings? (Kyk na *Vir Spesiale Aandag* by 45:17.) Dat daar twee verbonde is, skep ‘n verdere probleem met die verklaring van hierdie teks. Iets van buitengewone belang moes dus met die koms van Christus gebeur het. Hy is die vervulling van alle OT beloftes. Die NT het Hom as kernboodskap en handel nie oor nasionale Israel nie. Dat hierdie kragtige tekste op nasionale Israel gerig is, maak dit, omrede ons liefde vir en vertrouwe in die Bybel moeilik om te aanvaar. Nietemin, nie Jesus nie, of enige NT skrywer het ooit so ‘n belofte op nasionale Israel van toepassing gemaak nie (Sien *Vir Spesiale Aandag* by 40:9).

NASB HERSIENE TEKS 54:11-17

Vir die Afrikaans hiervan vgl. die OAV, NAV, Cum-MVB, Cum-NLV

¹¹ “O afflicted one, storm-tossed, *and* not comforted,
Behold, I will set your stones in antimony,
And your foundations I will lay in sapphires,
¹² Moreover, I will make your battlements of rubies,
And your gates of crystal,
And your entire wall of precious stones.
¹³ All your sons will be taught of the LORD;
And the well-being of your sons will be great.
¹⁴ In righteousness you will be established;
You will be far from oppression, for you will not fear;
And from terror, for it will not come near you.
¹⁵ If anyone fiercely assails *you* it will not be from Me.
Whoever assails you will fall because of you.
¹⁶ Behold, I Myself have created the smith who blows the fire of coals
And brings out a weapon for its work;
And I have created the destroyer to ruin.
¹⁷ No weapon that is formed against you will prosper;
And every tongue that accuses you in judgement you will condemn.
This is the heritage of the servants of the LORD,
And their vindication is from Me,” declares the LORD.

54:11-13 Die vermelding van kosbare gesteentes is aanduiding van die goedgunstigheids van God (Eseg. 28:13).

1. klip (NAV); BDB 806, KB 918 ; swart gesteente of messelklei; vgl. Jes. 54:11
2. saffiersteen (NAV; BDB 705, KB 764), moontlik lasuursteen
3. robyne (NAV); BDB 461. KB 460
4. smarag (NAV); moontlik seewatersteen (beril)
5. kosbare klip (NAV); nie spesifiek aangedui nie.

Slegs een van hierdie juwele was in die borsplaat van die hoëpriester aangebring (Eks. 28: 17-19; 39:10-11) Johannes neem in Openbaring (21:18-21)) hierdie vers se beeldspraak oor wat betref mure met juwele.

54:11

OAV “Jy, ellendige, deur stormgejaagde...”

NAV “Jy, verdrukke, bedreigde stad”

Cum-NLV “Stad wat verdruk is”

NASB “O afflicted one”

Hierdie is ‘n digterlike parallel met die “onvrugbare” (OAV) van vers 1. Albei sinspeel op die terugkerende Israëliete.

OAV “En al jou kinders sal deur die **HERE** geleer wees ”

NAV “Al jou inwoners sal leerlinge van die Here wees”

Cum-NLV “Al jou inwoners sal by die **HERE** leer”

NASB “All your sons will be taught of the LORD”

Dit stem darem baie ooreen met Jer. 31:34 (vgl. die nuwe verbond). In Joh. 6:45 haal die Here Jesus hierdie vers aan met verwysing na die Vader wat gelowiges en dissipels na Hom toe aantrek juis deur Hom.

Die NEB verander die vokaaltekeens in die MT sodat in plek van “al jou seuns” eerder “jou klipbewerke” gelees kan word (vgl. v10). Die *UBS Text Project* skaar hom egter by “al jou seuns” met ‘n “A” gradering, d.w.s. as die mees waarskynlike lesing!

1. Geregtigheid sal in jou heers (NAV); Hitpoel IMPERFEKTUM (BDB 465, KB 464)
2. wees dan nie bang ... (NAV); Qal IMPERATIEF (BDB 934, KB 1221)
3. vir verdrukking nie (NAV); Qal IMPERFEKTUM (BDB 431, KB 464)
4. ook nie vir verskrikking nie (NAV); Qal IMPERFEKTUM (BDB 897, KB 1132)

54:15-17 Hiermee word verseker JHWH se opperheerskappy bedoel. ‘n Mens kan wel wonder hoe dit ten opsigte van vervolging in eskatologiese tye verstaan moet word?

54:15 Hierdie vers is wat betenenis betref dieselfde as Gen. 12:3b. Vir die terugkerendes mag daar onderweg, probleme opduik maar dit kom nie van God nie en aandadiges sal gestraf word(41:11-16). Hier word ‘n Qal INFINITIVUS ABSOLUTUS, ‘n QAL IMPERFEKTUM en ‘n QAL PERFEKTUM van dieselfde Hebreeuse stamwoord gebruik (BDB 158, KB 184). So ‘n grammatikale bymekaarvoeging beklemtoon die probleme maar eweneens God se ingryping in hulle belang.

54:16-17 Soos in Joh.6:45 word die oppermag van JHWH hiermee beklemtoon met die oog daarop dat Hy sy doel deur die nageslag van Abraham sal bereik (d.w.s. deur Israel en die Messias).

54:17,

OAV	“die knegte van die HERE”
NAV	“Ek die Here vir my dienaars sorg”
Cum-NLV	“die dienaars van die HERE”
NASB	“the servants of the LORD”

‘n Verhelderende opmerking oor hierdie frase kom in die NASB Study Bible voor (1033). Na die “dienaar” in enkelvoud van hoofstuk 53, slaan Jesaja oor na die meervoudsvorm (vgl. 63:17; 65:8-9, 13-1566:14), naamlik wat die ware gelowiges uit geleedere van die Jodendom en heidendom impliseer. Hulle is die getroues aan die Here. In ‘n sekere sin die ‘nageslag’ van die dienskneg (53:10).

▣

OAV	“en hulle geregtigheid wat uit My is”
NAV	“Ek laat geregtigheid aan hulle geskied”
Cum-NLV	“aan hulle laat Ek reg geskied”
NASB	“their vindication is from Me”

Hier ontbreek ‘n WERKWOORD in die Masoretiese Teks. Die klem val op JHWH wat sy volk sal verlos.

JESAJA 55

PARAGRAFERING VAN EIETYDSE VERTALINGS

NASB	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV*
The Free Offer Of Mercy	An Invitation to Abundant Life	A Hymn of Joy and Triumph	God's Offer of Mercy	Final Invitation	Ek wil met julle 'n ewige verbond sluit
55:1-5 (1-5)	55:1-5 (1-5)	55:1-5 (1-5)	55:1-2 (1-2)	55:1-3a (1-3a)	55:1 55:2-5
55:6-13 (6-13)	55:6-7 (6-7) 55:8-9 (8-9) 55:10-11 (10-11) 55:12-13 (12-13)	55:6-9 (6-9) 55:10-11 (10-11) 55:12-13 (12-13)	55:3-5 (3-5) 55:6-9 (6-9) 55:10-11 (10-11) 55:12-13 (12-13)	55:3b-5 (3b-5) 55:6-11 (6-11) Conclusion 55:12-13 (12-13)	55:6 55:7 55:8-11 55:12-13

Naas die NAV kan u ook die OAV, Cum-MVB of Cum-NLV gebruik vir paragraafvergelykin

LEESSIKLUS DRIE (sien die Inleidende Aantekeninge bl.17)

(ONS BEPAAL DIE BEDOELING VAN DIE SKRYWER OP PARAGRAAFVLAK)

Hierdie is 'n studieleiding-kommentaar wat beteken dat u self vir die uitleg van die Bybel verantwoordelik sal wees. Elkeen van ons moet in die lig tot ons beskikking wandel. U is met die Bybel in

die hand, en onder leiding van die Heilige Gees, prominent in die verstaansproses en uitleg. Moenie so 'n groot voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die hoofstuk deur in een sitting. Onderskei die onderwerpe. Vergelyk u onderwerpe met die Afrikaanse en Engelse vertalings se tema-opskrifte bo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot verstaan van die oorspronklike skrywer se bedoeling, wat immers die hart van Skrifuitleg is. Elke paragraaf handel oor een enkele saak, niks meer nie.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens

VRAE VOORAF

1. Wie is die veronderstelde gehoor vir hierdie hoofstuk?
2. Wat word hulle hiermee aangebied? (Herstel van die Beloofde Land of geestelike verlossing [n.a.v. Ibn Ezra])
3. Hier verkeer twee uitlegbeginsels in konflik
 - a. Elke gedeelte moet in ooreenstemming met die oorspronklike, geïnspireerde skrywer se bedoeling uitgelê word. Hoe sou sy teikengehoor hom verstaan het? Elke uitspraak het net een betekenis.
 - b. Die ware vervulling van die OT is inderdaad die NT (vgl. 5:17-48). Die OT beloftes vind neerslag in die koms van Jesus. Juiste uitleg van die OT vind alleenlik in en deur Hom plaas. Die NT handel oor universele verlossing in Christus en is nie op die belange van nasionale Israel gerig nie.
4. Miskien sydelings word die terugkeer uit ballingskap aangeroeer (v. 12a,b), maar origens gaan dit hier om 'n algemene en 'n ope uitnodiging.

INSIG UIT DIE TEKSVERBAND

- A. Die veronderstelde agtergrond (wat betref die uitnodiging) is
 1. die Messiaanse banket (Mat. 25: 6-8; Luk. 14:15-24; 22:16,18; Openb. 19:9)
 2. of die markplein in Jerusalem.
- B. Die profete van die OT het dikwels soortgelyk-historiese gebeure gebruik om lig te werp op toekomstig-eskatologiese gebeure.
- C. As 'n gelowige onder die Groot Opdrag (vgl. Mat. 28:18-20; Luk. 24:47; Han. 1:8), wat glo aan die hoë prioriteit van evangelisasie en dissipelskap, het hierdie hoofstuk 'n besondere plek in my hart en bediening ingeneem. JHWH, pleit hier deur sy profeet, by 'n gevalle wêreldgemeenskap om na Hom toe in te keer ten einde volkome en vrye genade en vergifnis deelagtig te word (vgl. vv. 1-5).

Nietemin, daar is 'n vasgestelde aspek van verbondsgehoorsaamheid (vgl. v 6-7). Die mens moet sonde bely, glo, gehoorsaam en volhard.

JHWH se verlossingsplan reik tot in die ewigheid (vv. 8-11). Sien *Vir Spesiale Aandag* by 40:15! God se verlossing deur die groot Nakomeling van Abraham was bedoel as 'n boodskap vir die hele wêreld. Alle gelowiges in Christus is nou nasate van Abraham (Rom. 2:28-29)!
- D. Gee ag daarop dat die spreker in die gedig is JHWH self (of die gepersonifieerde Wysheid van Spreuke 9:1-6). Slegs die uitnodiging van verse 6-7 is deur die profeet uitgespreek, oorweldig deur die genade van JHWH!

WOORD EN FRASESTUDIE

NASB HERSIENE TEKS 55:1-5

Vir die Afrikaans hiervan sien die OAV, NAV, Cum-MVB of Cum- NLV

¹ “Ho! Every one who thirsts, come to the waters;
And you who have no money come, buy and eat.
Come buy wine and milk
Without money and without cost.
²Why do you spend money for what is not bread,
And your wages for what does not satisfy?
Listen carefully to Me, and eat what is good,
And delight yourself in abundance.
³ Incline your ear and come to Me.
Listen that you may live;
And I will make an everlasting covenant with you,
According to the faithful mercies shown to David.
⁴ Behold, I have made him a witness to the peoples,
A leader and commander for the peoples.
⁵ Behold, you will call a nation you do not know,
And a nation which knows you not will run to you.
Because of the LORD your God, even the Holy One of Israel;
For He has glorified you”

55:1-3 Die uitnodiging van JHWH aan die mensdom (“elkeen wat dors het” vgl. v. 1a) geskied by wyse van kragtige goddelike uitroep.(volgens OAV)

1. kom na die waters; *Qal* IMPERATIEF (BDB 229, KB 246)
2. kom; dieselfde as #1
3. koop; *Qal* IMPERATIEF (BDB 991, KB 1404)
4. eet; *Qal* IMPERATIEF (BDB 37, KB 46)
5. kom; dieselfde as #1 en #2
6. koop; dieselfde as #3
7. luister aandagtig; *Qal* IMPERATIEF met ‘n INFINITIVUS ABSOLUTUS van dieselfde woordstam vir beklemtoning (BDB 1033, KB 1570)
8. eet; dieselfde as #4
9. laat julle siel...verlustig; *Qal* IMPERFEKTUM (BDB 772, KB 851)
10. neig julle oor; *Hifil* IMPERATIEF (BDB 639, KB 692)
11. kom na My toe; dieselfde as #1,#2, #5
12. luister; *Qal* IMPERATIEF (BDB 1033, KB 1570)
13. en julle siel sal lewe; *Qal* JUSSIEF, BDB 310, KB 309
14. Ek wil met julle ‘n ewige verbond sluit; *Qal* KOHORTATIEF (BDB 503, KB 560). Sien ook

Vir Speciale Aandag: DIE VERBOND by 40:1.

55:1

AOV	“o ALMAL”
NAV, Cum-NLV	“Almal”
NASB	“Every one”

Dat God se uitnodiging universeel is, kom hiermee aan die lig (vgl.vv.4-5, Gen.3:15; 12:3; Eks. 19:5-6; Joh.1:12; 3:16; 4:42; 1 Tim. 2:4; 4:10; Titus 2:11; 2 Pet. 3:9; 1 Joh.2:1-2; 4:14).



OAV, NAV, Cum-NLV	“dors”
NASB	“thirst”

Dit dui op ontwaking van ‘n geestelike noodtoestand, wat altyd stap een sal wees vir die in sondegevalle mens (vgl. Mat.5:6; Openb. 22:17).

☐	
OAV	“die waters”
NAV, Cum-NLV	“die water”
NASB	“the waters”

Die vroeë kerk was van mening dat hiermee die doop bedoel word. ‘n Mooi voorbeeld van skrifinleg om eie geloofsoortuigings te ondersteun. Eerder was water vir woestynbewoners ‘n simbool van lewe en voorspoed (vgl. 41:17; 44:3).

☐	
OAV	“en wie geen geld het nie...arbeid vir wat nie kan versadig nie”
NAV	“selfs ook dié wat geen geld het nie...vir iets wat nie kan versadig nie”
Cum-NLV	“Selfs al het jy geen geld nie...wat nie kan versadig nie”
NASB	“you who have no money...for what does not satisfy”

Dit sinspeel op ‘n gebrek aan lewensmiddele. Maar heel die wêreld, selfs Israel, se hoop berus op genade alleen waaraan verdienste niks kan toevoeg nie.

☐	
OAV, NAV, Cum-NLV	“eet”
NASB	“eat”

‘n Maaltyd was in die Midde-Ooste by uitnemendheid die manier om verbonde te sluit en vriendskappe vas te maak.

☐	
OAV	“koop sonder geld en sonder prys”
NAV	“koop sonder geld en sonder om te betaal”
Cum-NLV	“koop...sonder prys en geld”
NASB	“buy... without cost”

Dit lyk op stellings wat mekaar weerspreek, maar is ‘n manier om lig te werp op die mensdom se soeke na vrede met God.

1. dit kan nie gekoop word nie, maar kos tog ‘n prys
2. mense honger desperaat na vrede en geluk, maar tevergeefs (Pred. 1-2)
3. ‘n nuwe “Dawid” is die weg waarlangs tot God gekom kan word
4. daar is tog ‘n prys, naamlik die Dawidiese Messias en vrye genade wat jy ontvang deur belydenis van sonde.

55:2	
OAV	“Waarom weeg julle geld af vir wat geen brood is nie”
NAV	“Waarom betaal julle vir iets wat nie brood is nie”
Cum-NLV	“Hoekom spandeer julle geld op dit wat nie brood is nie”
NASB	“Why do you spend money for what is not bread”

Dit weerspieel die mensdom se voortdurende soeke na geluk in besittings, goedere, plesier en mag (vgl. die boek Prediker)

☐	
OAV	“ julle siel hom in vettigheid verlustig”
NAV	“versadig ...met die beste wat daar is”
Cum-NLV	versadig ...met die beste wat te kry is”
NASB	“delight yourself in abundance”

God wil dat ons in ‘n vertrouensvriendskap met Hom van harte gelukkig sal wees (Vgl. Lev.26; Deut. 27-28; Joh. 5:11).Die aarde met alles daarop wat mooi en oorvloedig is, dien tot die plesier van menswees!

55:3**OAV, NAV, Cum-NLV** “kom na My toe”**NASB** “come to Me”

‘n Persoonlike verhouding is die kernsaak waaroor dit in die Bybel gaan. JHWH self is die doel en nie maar net ‘n klomp waarheidskennis oor Hom nie! Sien *Vir Speciale Aandag* by 45:5.

**OAV,** “ Neig julle oor”**NAV,** “Gee aandag”**Cum-NLV** “Luister tog”**NASB** “Listen”

Dit vloei voort uit die ‘*Sjema*’ van Deut. 6:4-5. Dit beteken luister met die ingesteldheid om te doen.

**OAV, NAV, Cum-NLV** “‘n ewige verbond”**NASB** “an everlasting covenant”

“Ewig,” (BDB 761, en kyk *Vir Speciale Aandag* by 45:17), word in Jesaja 40-66 gebruik om baie dinge te beskryf. Dit is ‘n parallel met die “nuwe verbond” van Jer.31:31-34, wat ook in Eseg.36:22-28 beskryf word.

**OAV** “bestendige genadebewyse”**NAV, Cum-NLV** “troue liefde”**NASB** “faithful mercies”

Dit volg uit die woord *hesed* (BDB 338) en dit beteken verbondslojaliteit. Kyk ook *Vir Speciale Aandag* by 40:6.

**OAV, NAV, Cum-NLV** “Dawid”**NASB** “David”

Hy is ‘n voorbeeld van hoe God liefhet en omgee, selfs teenoor onverdienstelikes (vgl. Ps.32: 51). Hierdie verwysing na Dawid het uiteraard Messiaanse betekenis (2 Sam. 7:1vv.) en is as ewigdurend bedoel.

55:4**OAV** “‘n vors en gebieder van die nasies”**NAV** “‘n regeerder en gebieder van volke”**Cum-NLV** “‘n regeerder en bevelvoerder van volke”**NASB** “...leader and commander of the people”

Dit is ‘n heenwysing op toekoms verderaan as Dawid, naamlik op die Messias (Vgl. 2 Sam. 7), aangesien die heidenvolke hier in die visie verskyn (vgl. vv.4-5).

Die MT en die LXX lees hier “hom” bedoelende ‘n nakomeling van Dawid, d.w.s. die Messias, maar vir een of ander rede lees die Siriese vertaling “jy” wat moontlik dieselfde teologiese kwessies oor die persoon van die Lydende Knege oproep, soos bespreek t.o.v. Jes. 52:13-53:12.

**OAV** die volke...die nasies**NAV, Cum-NLV** die volke...volke**NASB** “the peoples...a nation”

Om te besef dat die heidene ingesluit is, hoef ‘n mens net op die meervoudsvorme te let.

55:5 Die nasies sal na die God van Israel toe aankom en aan sy volk (Israel) eer betoon (vgl. 45:14,22-25; 49:6,12,23; Sag. 8:20-23). Die vraagstuk wat hiermee opduik, is watter Israel? Die gelowige, herstelde

Israel, maar tog seker nie die moderne, sekulêre staat Israel nie! Of is dit ‘n verwysing na die Groot Opdrag se verloop in die eskatologiese eindtyd?

☐ Let op hoe die God van Israel genoem word:

1. JHWH

2. jou *Elohim*

3. die Heilige van Israel (vgl. die aantekening by Jes. 1:4 aanlyn by

www.freebiblecommentary.org)

NASB HERSIENE TEKS 55:6-13

Vir die Afrikaans hiervan vgl. OAV,NAV, Cum-MVB en Cum-NLV

⁶Seek the LORD while He may be found;

Call upon Him while He is near.

⁷Let the wicket forsake his way

And the unrighteous man his thoughts;

And let him return to the LORD,

And He will have compassion on him,

And to our God.

For He will abundantly pardon.

⁸For my thoughts are not your thoughts,

Or your ways My ways,” declares the LORD.

⁹For as the heavens are higher than the earth,

So are My ways higher than your ways

And my thoughts than your thoughts.

¹⁰For as the rain and the snow come down from heaven,

And do not return there without watering the earth

And making it bear and sprout,

And furnishing seed to the sowing and bread to the eater;

¹¹So will My word be which come forth from My mouth;

It will not return to Me empty,

Without accomplishing what I desire,

And without succeeding *in the matter* for which I sent it.

¹²For you will go out with joy

And be led forth with peace;

The mountains and the hills will break forth with shouts of joy before you,

And all the trees of the field will clap *their* hands.

¹³Instead of the thorn bush the cypress will come up,

And instead of the nettle the myrtle will come up,

And it will be memorial to the LORD,

For an everlasting sign that will not be cut off.”

55:6

OAV

“Soek die **HERE** terwyl Hy nog te vinde is”

NAV

“Vra na die wil van die Here terwyl Hy nog te vinde is”

Cum-NLV

“Vra na die **HERE** terwyl jy Hom nog kan vind”

NASB

“Seek the **LORD** while He may be found”

“Soek”/”vra” is ‘n *Qal* IMPERATIEF (BDB 205, KB 233). Hierdie WERKWOORD impliseer dikwels dat iemand eg persoonlik na God vra (Deut. 4:29; Jes. 58:2; 65:10). Hierdie soeke word besonderlik in Deut. 30:1-3,10 en Jer. 29:13-14; Amos 5:14-15 beskryf).

☐

OAV, NAV

“terwyl Hy nog te vinde is”

Cum-NLV “terwyl jy Hom nog kan vind”
NASB “while He may be found”

Niemand kan na God toe kom as Hy hom nie nadertrek nie (vgl. 45:22; Joh.6:44,65), maar wanneer Hy nadertrek, moet die mens reageer. God verlaat of versaaak nooit sy skepping nie (Ps. 103:8-14; maar vir keuse maak is daar ‘n tyd. Gaan daardie tyd verby, tree ‘n verharding van die hart in wat oorgaan in ‘n onvermoë om God te hoor en te reageer.

■
OAV “Roep Hom aan terwyl Hy naby is”
NAV “Roep Hom aan terwyl hy nog naby is”
Cum-NLV “Roep Hom nou aan terwyl Hy nog naby is”
NASB “Call upon Him while He is near”

“Roep” is ook ‘n *Qal* IMPERATIEF (BDB 894, KB 1128). Hierdie reëltjie poësie is ‘n parallel met die voorafgaande “soek.” Hier skemer ‘n erediensagtergrond deur soos in die geval ook van Rom.10:9-13 en Joh. 1:12. Mense moet reageer met belydenis en geloof (Jer. 3:12-13; 4:1-4; Joël 2:12-13; Amos 5:4-7, 14-15; Mark. 1:15; Joh.3:16; Han. 20:21). Hierdie gepaste verbondsreaksie is in beide OT en NT dieselfde. JHWH wil graag ‘n vertrouensvriendskap tot stand bring; dis na mense wat Hy verlang.

55:7
OAV “Laat die goddelose sy weg verlaat”
NAV “Die goddelose moet sy verkeerde pad laat staan”
Cum-NLV “Die goddelose moet sy verkeerde dinge los”
NASB “Let the wicked forsake his way”

Berou en leefstylverandering is van uiterste belang. Sien *Vir Speciale Aandag* by 44:22

■ Let op die parallel tussen die eerste twee reëls. Die kwade word op twee maniere beskryf

1. hoe geleef word
2. wat in die gedagtes aangaan

Die rabbyne het nogal ‘n behulpssame gedagte in dié verband gehad. Die gedagtes is ‘n tuin gereedgemaak vir saai. Wat ons deur oë en ore inlaat val in daardie voorbereide grond. As ons daarop bly fokus, begin dit bepaal hoe en wie ons is. Sonde begin in die gedagtelewe, maar met die verloop van tyd bereik dit die hand en voet en mond. Waak dus streng oor jou gedagtelewe!

Die eerste drie WERKWOORDE van vers 7 is JUSSIEWE.

1. laat staan — *Qal* PERFECTUM (BDB 736, KB 806) in ‘n JUSSIEF sin gebruik
2. bekeer — *Qal* JUSSIEF (BDB 996, KB 1427, vgl. 31:6; 44:22)
3. sal Hy hom genadig wees — Pi‘el PERFECTUM (BDB 933, KB 1216) in ‘n JUSSIEF

aangewend; vgl. 49:10,13; 54:8

■
OAV “dan sal Hy hom barmhartig wees”
NAV, Cum-NLV “dan sal Hy hom genadig wees”
NASB “He will have compassion on him”

Sowaar, vir hierdie hoofstuk is ek baie lief! Wat ‘n wonderlik uitnodiging aan geestelik honger mense wat ywerig opgesoek word deur ‘n liefdevolle, vergewensgesinde Skeppergod!

Let op die kragtige WERKOORDVORME.

1. menigvuldiglik (OAV)/ altyd (NAV); Hifil IMPERFECTUM
2. vergewe ; *Qal* INFINITIVUS CONSTRUCTUS

Diegene wat God se liefde en vergifnis ervaar het, beskik oor ‘n wonderlike getuienis teenoor ‘n wêreld vol vrees, verwarring, ontmoedig in die gebrokenheid van sonde.

■
OAV “hom barmhartig wees...hy vergeef menigvuldiglik”
NAV “dan sal Hy hom genadig wees...hy vergewe altyd weer”

Cum-NLV

“Hy sal hom genadig wees... altyd vergewe”

NASB

“He will have compassion...abundantly pardon”

Wanneer God vergewe, vergeet Hy ook(Ps. 103:12; Jes. 1:18; 38:17; 43:25; 44:22; Miga 7:19). ‘n Heerlike waarheid wat oor die liefde van God en sy vergifnis spreek! Heb.9:14; 1 Joh. 1:7). JHWH staan gereed en is gewillig om sy gevalle skepping te aanvaar, te vergewe en weer na sy beeld te herstel!

55:8-11

JHWH se reddingsdoel is die deurlopende tema van hierdie verse! Die parallelle reëls van vers 8 skets die uniekheid van sy genadige karakter. Die mens verdien die dood, maar Hy skenk lewe, vrede saam met sy persoonlike aanwesigheid! Hy verskil algeheel van mense, maar Hy het mense lief. Hy het hulle na sy beeld geskape om in vriendskapsvertroue met hom te leef (Gen. 1:26-27; 3:8; Lev. 26:12). Hy sal ons nie maar net versaak nie, Hy agtervolg ons genadiglik in Christus!

55:11

OAV

“die woord wat uit my mond uitgaan...sal nie leeg na My terugkeer nie”

NAV

“die woord...uit my mond...nie onverrigter sake na My toe terugkeer nie”

Cum-NLV

“Netso... die woord wat uit my mond kom... nie leeg terugkeer nie”

NASB

“My word...shall not return to Me empty”

God is soewerein (oppermagtig, vgl. 40:8). Die woorde wat Hy spreek het volgens die OT groot krag (vgl. Genesis 1). In hierdie hoofstuk dien sy kragtige woord die doel van genade, vergifnis en die herstel van vriendskap (vgl. 14:24; 25:1; 45:23; 46:10; 59:21; Mat. 24:35).

VIR SPESIALE AANDAG: SEKERHEID VAN DIE CHRISTEN

Sekerheid van geloof is (1) ‘n bybelse waarheid, (2) gelowiges se ervaring deur geloof, (3) en ‘n lewenswyse.

- A. Die Bybelse grond vir sekerheid is
1. Die karakter (wesensaard) van God die Vader
 - a. Gen.3:15; 12:3
 - b. Ps.46:10
 - c. Joh. 3:16; 10:28-29
 - d. Rom. 8:38-39
 - e. Efes. 1: 3-14
 - f. Fil. 1:6
 - g. 2 Tim. 1:12
 - h. 1 Pet. 1:3-5
 2. Die Werk van God die Seun
 - a. Sy priesterlike gebed
 - b. Sy plaasvervangende offer
 - 1) Rom. 8:31
 - 2) 2 Kor. 5:21
 - 3) 1 Joh. 4:9-10
 - c. Sy volgehoud intree
 - 1) Rom. 8:34
 - 2) Heb. 7:25
 - 3) 1 Joh. 2:1
 3. God die Gees bewerkstellig
 - a. wat roep (4:44,65)
 - b. wat verseël
 - 1) 2 Kor.2: 22, 5:5
 - 2) Efes. 1:13-14; 4:30
 - c. Sy persoonlike versekering
 - 1) Rom. 8:16-17

- 2) 1 Joh. 5:7-13
- B. Die gelowige se volgehoue verbondsgehoorsaamheid
1. die aanvanklike sondebelydenis en geloof
 - a. Mark. 1:15
 - b. Joh. 1:12
 - c. Han. 3:16:20:21
 - d. Rom. 10:9-13
 2. onthou dat die doel van verlossing die gelykvormigheid aan Christus moet wees
 3. onthou dat sekerheid deur leefstyl bevestig word
 - a. die Jakobus
 - b. die brief 1 Johannes
 4. onthou dat geloofsekerheid bevestig word deur lewende geloof en volharding
 - a. Mark. 13:13
 - b. 1 Kor. 15:2
 - c. Heb. 3:14; 4:14
 - d. 2 Pet. 1:10
 - e. Judas vv. 20-21

55:12-13 Volgens hierdie konteks word landbou-opbrengste as die sigbare teken van oorfloed beskou (vgl. vv1-2). dikwels word die skepping gepersonifiseer as verheug oor die aanwesigheid van God. So word die tuin van Eden as die plek van 'n idilliese vriendskapsverhouding voor die gees geroep.

Wanneer die skrifuitlegger hom afvra of hierdie profesie in die terugkeer onder leiding van Serubbabel, Josua, Esra en Nehemia vervul is, is die antwoord nee. Die profesie moet gevolglik in eskatologiese sin verstaan word.

JESAJA 56

PARAGRAAFVERDELING VAN EIETYDSE VERTALINGS

NASB	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV*
Rewards For Obdience to God	Salvation Fot the Gentiles	A Blessing On All Who Keep the Sabbath	God's People Will Include All Nations	Promises To Foreigners	Ek sal nog ander byvoeg
56: 1-5 (1-5)	56:1-2 (1-2) 56:3-5 (3-5)	56:1 (1) 56:2 (2) 56:3-5 (3-5)	56:1-2 56:3a 56:3b-5	56 :1-7 (1-7)	56:1 56:2 56:3-7 56:8
56:6-8 (6-8)	56:6-8 (6-8) Israel's Irresposible Leaders	56:6-8 (6-8) Against Corrupt Leaders	56:6-7 56:8 Israel's Leaders Ae Condemned	56:8-9 (8-9) The Unworthiness of the Nations Leaders	Hulle is herders sonder insig 56:9-12 (9-12)
56:9-12 (9-12)	56:9-12 (9-12)	56:9-12 (9-12)	56:9-12	56:10-57:2	

* Of ook vir paragraafvergelykings die OAV en die Cum-NLV

LEESSIKLUS DRIE (Sien bl.17 in die Inleidende gedeelte)

ONS VIND DIE SKRYWER SE BEDOELING VOLGENS ELKE PARGRAAF

Hierdie is 'n studieleiding-kommentaar wat beteken dat u self vir die uitleg van die Bybel verantwoordelik sal wees. Elkeen van ons moet in die lig tot ons beskikking wandel. U is met die Bybel in die hand en onder leiding van die Heilige Gees dus prominent in die verstaansproses en uitleg. Moenie so 'n groot voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die hoofstuk deur in een sitting. Onderskei die onderwerpe. Vergelyk u onderwerpe met die Afrikaanse en Engelse vertalings se tema-opskrifte bo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot verstaan van die oorspronklike skrywer se bedoeling, wat immers die hart van Skrifuitleg is. Elke paragraaf handel oor een enkele saak, niks meer nie.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf

INSIG DEUR MIDDEL VAN DIE KONTEKS

Hiermee verplaas Jesaja sy aandag van die terugkerendes uit ballingskap na die steeds ontroue verbondsgemeenskap in Palestina (hoofstukke 56-66)

WOORD EN FRASESTUDIE

NASB HERSIENE TEKS 56:1-5

Gebruik saam met hierdie gedeelte enige van die OAV,NAV of Cum-NLV

**¹Thus says the LORD,
 “Preserve justice and do righteousness,
 For My salvation is about to come
 And My righteousness to be revealed.
²How blessed is the man who does this,
 And the son of man who takes hold of it;
 Who keeps from profaning the Sabbath,
 And keeps his hand from doing any evil.”
³Let not the foreigner who has joined himself to the LORD say,
 “The LORD will surely separate me from His people.”
 Nor let the eunuch say, “Behold, I am a dry tree.”
⁴For thus says the LORD,
 “To the eunuchs who keep My Sabbaths,
 And choose what pleases Me,
 And hold fast My covenant,
⁵To them I will give in My house and within My walls a memorial,
 And a name better than that of sons and daughters;
 I will give them an everlasting name which will not be cut off”**

56:1 Twee bevele word ten aanvang in hierdie hoofstuk geopper wat aandui hoe ‘n lewe in geloof daar moet uitsien (55:7).

(1) Laat reg geskied (NAV)— *Qal* IMPERATIEF (BDB 1036, KB 1581)vgl. 1:17; Wat “reg” betref, kyk *Vir Spesiale Aandag* by 40:14

(2) doen reg (NAV) – *Qal* IMPERATIEF (BDB 793, KB 889); wat “geregtigheid” betref, sien *Vir Spesiale Aandag* by 48:1

☐ Met dié voorskrif aangaande die regte geloofslewe word bedoel

(1) die verlossing wat Ek bring is al aan die kom (NAV)— *Qal* INFINITIVUS CONSTRUCTUS (BDB 97, KB 112), vgl. 46:13; 51:5; Ps.85:9)

(2) die redding wat Ek bewerk...geopenbaar word (NAV)— *Nifal* INFINITIVUS CONSTRUCTUS (BDB 162, KB 191); die twee verwysings soos in #1 herhaal, want gelowiges moet elke dag leef asof die Here vandag kom! So ‘n gesindheid en leefstyl hou ons naby God (Ps.85:9).

56:2 Let daarop dat die twee reëls parallelle is. ‘n Mens wat die Here se gebooie in ag neem en nakom is ‘n “geseende man/mens”(Ps.1:1-3; 112:1; 119:1,2; 128:1)

☐ Soos in die opeenvolgende reëls aangedui:

(1) die sabbat onderhou (vgl. Eks. 20:11, NAV)

(2) niks verkeerd doen nie (‘n samevattende frase)

Die woord “onderhou” (BDB 1036, KB 1581) kom vier keer in hierdie hoofstuk voor (vv. 2 [twee keer] en 4,6). ‘n Persoonlike verhouding met JHWH kom sonder uitsondering in ‘n leefwyse van geloof en gehoorsaamheid tot openbaring.

56:3 Hierdie vers gee die versekering dat niemand weens

(1) fisiese gebreke (vv.6-8, Deut. 23:1-8)

(2) of as nie-Israelitiese aanbieder (vv.4-5)

verder van Israel se God uitgesluit sal word nie. Twee keer kom “sê” voor ten opsigte van die vreemdeling en ontmande in die JUSSIEF betekenis van die *Qal* IMPERFEKTUM.

☐
OAV, NAV, Cum-NLV “n ontmande”
NASB “the eunuch”

Verwys na iemand met

(1) beskadigde testikels

(2) of gekastreer

So lui die verhaal van Han. 8 dat die kamerling/eunug van Ethiopië as gelowige in die Lydende Kneg van die Here, sonder voorbehoud in die gemeente van God aanvaar is.

☐
OAV “gewis afskei”
NAV “afsny”
Cum-NLV “sekerlik uitsluit”
NASB “surely separate”

Hierdie is ’n INFINITIVUS ABSOLUTUS en *Hifil* IMPERFEKTUM van dieselfde woordstam wat klem plaas op die gedagte, hoewel verstaan word dat dit nie die geval sal wees nie (BDB 95, KB 110).

56:5 Ontmandes kon nie op ‘n natuurlike wyse kinders verwek nie, met die gevolg dat JHWH aan hulle as getroues ‘n “blywende naam” in sy huis sal gee, wat die Hebreeuse idioom vir afstammeling is.

☐
OAV, Cum-NLV “gedenkteken”
NAV “aan sy mure ‘n teken”
NASB, REB “memorial”
NRSV, LXX, Pesjitta “a place”
NJB, JPSOA “monument”

Die Hebreeuse woord beteken letterlik “hand”(BDB 388,#4), maar oordragtelik dui dit op ‘n gedenkteken (vgl 1 Sam. 15:12; 2 Sam. 18:18)

NASB (HERSIENE) TEKS 56:6-8

Vind die Afrikaans hiervan in OAV, NAV en Cum-NLV

**⁶ “Also the foreigners who join themselves to the LORD,
To minister to Him, and to love the name of the LORD,
To be His servants, every one who keeps from profaning the Sabbath
And holds fast My covenant;**

**⁷ Even those I will bring to My holy mountain
And make them joyful in My house of prayer.
Their burnt offerings and their sacrifices will be acceptable on my altar;
For My house will be called a house of prayer for all the peoples.”**

**⁸ The Lord GOD, who gathers the dispersed of Israel, declares,
“Yet *others* I will gather to them, to those already gathered.”**

- 56:6** Let op hoe word getroue vreemdelinge voorgehou (NAV).
1. wat aansluit– *Nifal* WERKWOORDDEELTJIE (BDB 530, KB 522)
 2. om My te dien– *Pi‘el* INFINITIVUS CONSTRUCTUS (BDB 1058, KB 1661)
 3. om My naam lief te hê – Qal, INFINITIVUS CONSTRUCTUS (BDB 12, KB 17)
 4. om My dienaars te wees – Qal INFINITIVUS CONSTRUCTUS (BDB 224, KB 243)
 5. wat my sabbatte onderhou – Qal WERKWOORDDEELTJIE, (BB 1036, KB 1581, vgl vv. 2,4) en ‘n *Pi ‘el* INFINITIVUS CONSTRUCTUS (BDB 320, KB 319)
 6. wat lewe volgens my verbond – *Hifil* WERKWOORDDEELTJIE (BDB 304, KB 302)
- JHWH se getroue volgelinge is aan hulle lewenswyse uitkenbaar (vgl. Mat. 5-7, in besonder 7:15-23, 24-27).

56:7-8 Hierdie twee verse beskryf wat die getroue God vir die getroue vreemdelinge (v 6) sal doen.

1. Na my heilige berg toe bring (d.w.s. die tempel)
2. aan hulle vreugde gee in my huis van gebed
3. hulle offers op my altaar sal vir My aanneemlik wees
4. Ek sal ander byvoeg by die wat reeds bymekaar gemaak is

56:7

OAV “want my huis sal ‘n huis van gebed genoem word vir al die volke”
NAV “want my tempel sal uitgeroep word tot ‘n huis van gebed vir al die volke”
Cum-NLV “want my tempel sal ‘n huis van gebed genoem word”
NASB “My house will be called a house of prayer for all the peoples”

Dit was die veronderstelde doel van Salomo se tempel (1 Kon.8:41-43). Jesus het hierdie woorde uitgespreek toe hy die dierehandelaars en geldwisselaars uit die tempel verdryf het (Mat. 21:13; Mark.11:17; Luk.9:46). Vir ‘n omvattende beskrywing van hierdie universele element in Jesaja, kyk 45:22.

56:8

OAV “Ek sal by hom nog meer versamel, by sy versameldes”
NAV “Ek sal nog ander byvoeg by dié wat reeds bymekaar gemaak is”
Cum-NLV “Benewens my volk, bring Ek ook ander huis toe”
NASB “Yet *others* I will gather to them”
NKJV “Yet I will gather to him *others* besides”
NRSV, Pesjitta “I will gather others to them”
TEV “has promised that he will bring still other people to join them”

Daar is twee moontlike verklarings:

- (1) JHWH sal voortgaan om nog meer verstrooides van Israel te versamel
- (2) JHWH sal meer uitgeworpenes bymekaar maak (vreemdelinge en ontmandes)

Volgens Mark. 11:7 in die LXX val die klem op hierdie wyer fokus (#2) en maak Jesus so daarvan gebruik.

NASB HERSIENE TEKS 56:9-12

Vir die Afrikaans hiervan kan u die OAV, NAV of die Cum-NLV raadpleeg.

⁹ All you beasts of the field,
All you beast in the forrest,
Come to eat.
¹⁰ His watchmen are blind,
All of them no nothing.
All of them are mute dogs unable to bark,
Dreamers lying down, who love to slumber;
¹¹ And the dogs are greedy, they are not satisfied.
And they are shephards who have no understanding;
They have all turned to their own way,

Each one to his unjust gain, to the last one.

**¹² Come they say, "Let us get wine, and let us drink heavily of strong drink;
And tomorrow will be like today, only more so."**

56:9 Hierdie is 'n parodie op die uitnodiging tot die hemelse banket (vgl. V. 12; 55:1-2), maar moet hier in die konteks van oordeel gesien word (vv.10-12). Dit is 'n opdrag ("kom"; *Qal* INFINIIVUS CONSTRUCTUS) om vir die oordeel op te daag! Oor wanneer hierdie banket (vv. 9-12) sal plaasvind is 'n uitlegprobleem.

1. voor die ballingskap
2. in die vorm van die ballingskap
3. na die ballingskap?

Die vraagstuk is op watter stadium in die geskiedenis van Israel in hierdie verse aangedui word. Die mees waarskynlike is dat dit elkeen van die stadiums geld, aangesien daar altyd ongelowiges onder leiers en volgelingen is.

56:10-12 In hierdie verse word 'n duidelike teenstelling met die gelowige onderdrukte van verse 1-8 geskep. Israel se geestelike toestand, hoofsaaklik soos wat dit onder die leiers voorkom, word beskryf.

1. die wat oor die volk moet waak, is almal blind (NAV)
2. en weet niks (Cum-NLV)
3. hulle is soos honde wat nie kan grom of
4. blaf as gevaar aankom nie (Cum-NLV); van 'n Arabiese woordstam, net "hyg" (KB 243; na die aard van honde soos in vers 10c – NASB)
5. hulle hou daarvan om rond te lê (Cum-NLV); wil net slaap (NAV)
6. gulsige honde (NAV)
7. wat nooit genoeg kry nie (Cum-NLV)
8. herders sonder insig (NAV)
9. slaan elkeen sy eie koers in (NAV)
10. elkeen sorg net vir homself (Cum-NLV)

Wat 'n skokkende beskrywing van die toestand van die verbondsvolk! Hulle leiers is korrup. Waar is dan die spreekwoord wat lui dat 'n volk die leiers kry wat hulle verdien; of omgekeerd, handel soos hulle voorgangers. Die openbaring van God in hul midde, die tempel, en selfs vroom leiers, kon geen verskil maak nie. Die vrug van so 'n leefwyse is voorspelbaar (selfliefde tot in die uiterste).

56:10

OAV, um-NLV

"Israel se wagte is almal blind"

NAV

"Dié wat oor my volk moet waak, is almal blind"

NASB

"His watchmen are blind"

Die geleerdes verantwoordelik vir die Masoretiese Teks was van mening dat 'n probleem hier voorkom. Wat as 'n *Qal* PERFECTUM (BDB 87, KB 102) in die Hebreeuse teks gelees kan word, meen hulle is eerder 'n *Qal* WERKWOORDDEELTJIE. Hoe ookal beskou, maak dit geen verskil aan die betekenis van die teks nie.

56:12

OAV, NAV, Cum-NLV

"Kom"

NASB

"Come"

Hierdie *Qal* IMPERATIEF (BDB 87, KB 102) is 'n herhaling van die een in v.9c. Mense kom om hul aan dronkenskap oor te gee en sodoende God te ignoreer (v.12b). Daarom nooi God die diereryk om sy verbondsvolk te kom verteer.

JESAJA 57

PARAGRAAFINDELING VAN EIETDSE VERTALINGS

NASB	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV*
Evil Leaders Rebuked 57:1-10 (1-10)	Israel's Futile Idolatry 57:1-2 (1-2) 57:3-6 (3-6) 57:7-10 (7-10)	Against Idolatry 57:1-10 (1-10)	Israel's Idolatry Is Condemned 57:1-2 57:3- 10	The Unworthiness of the Nations' Leaders (56:10-57:2) Against Idolatry 57:3-13 (3-13)	Julle is 'n broeisel leuenaars 57:1-13
57:11-13 (11-13)	57:11-13 (11-13)	57:11-13 (11-13)	57:11-13		
57:14-21 (14-21)	Healing For the Backslider 57:14 (14) 57:15-18 (15-18) 57:19-20 (19-20) 57:21 (21)	Poem of Consolation 57:14-21 (14-21)	God's Promises of Help and Healing 57:14 57:15-17	Salvation for the weak 57:14-16 (14-16) 57:17 (17) 57:18-21 (18-21)	Ek sal hulle genees 57:14-21

Met die oog op parafrasering kan u ook OAV en Cum-NLV raadpleeg

LEESSIKLUS DRIE (Sien bl. 17 in die Inleidende gedeelte)

ONS VIND DIE SKRYWER SE BEDOELING VOLGENS ELKE PARAGRAAF

Hierdie is 'n studieleiding-kommentaar wat beteken dat u self vir die uitleg van die Bybel verantwoordelik sal wees. Elkeen van ons moet in die lig tot ons beskikking wandel. U is met die Bybel in die hand en onder leiding van die Heilige Gees dus prominent in die verstaansproses en uitleg. Moenie so 'n groot voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die hoofstuk deur in een sitting. Onderskei die onderwerpe. Vergelyk u onderwerpe met die Afrikaanse en Engelse vertalings se tema-opskrifte bo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die

sleutel tot verstaan van die oorspronklike skrywer se bedoeling, wat immers die hart van Skrifuitleg is. Elke paragraaf handel oor een enkele saak, niks meer nie.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens

INSIG DEUR RAADPLEGING VAN DIE KONTEKS

- A. Heel duidelik is dit dat die konteks van sonde van Israel oorloop uit hoofstuk 56 na 57.
- B. Hiermee bied die OT ook “die twee weë”; die weg van lewe en vrede en, andersins, die self, sonde en ondergang (vgl. Deut. 30:15, 19).
- C. Leupold maak ‘n interessante opmerking (bl. 271.) dat hoofstuk 56 eindig in verband met afvallige leierskap en 57 dan opvolg oor die sondes van die bevolking.
- D. Die bedoelde omgewing van afgodery is nie Mesopotamië nie, maar Kanaän se vrugbaarheidskultusse (Baäl, Asjera, Molog), wat onder koning Manassa ‘n hoogtepunt bereik het.

WOORD EN FRASESTUDIE

NASB HERSIENE TEKS

Vir die Afrikaans van hierdie gedeelte vgl. die OAV, NAV, Cum-NLV

¹ **“The righteous man perish, and no man takes it to heart;
And devout men are taken away, while no one understands.
For the righteous man is taken away from evil,**
² **He enters into peace;
They rest in their beds,
Each one who walked in his upright way.**
³ **But come here, you sons of a sorceress,
Offspring of an adulterer and a prostitute.**
⁴ **Against whom do you jest?
Against whom you open wide your mouth
And stick out your tongue?
Are you not children of rebellion,
Offspring of deceit,**
⁵ **Who inflame yourselves among the oaks,
Under every luxuriant tree,
Who slaughter the children in the ravines,
Under the clefts of the crags?**
⁶ **Among the smooth stones of the ravine
Is your portion, they are your lot,
Even to them you have poured out a drink offering,
You have made a grain offering.
Shall I relent concerning these things**
⁷ **Upon a high and lofty mountain**

You have made your bed.
You also went up there to offer sacrifice.
⁸ **Behind the door and the doorpost**
You have set up your sign;
Indeed, far removed from Me, you have uncovered yourself,
And have gone up and made your bed wide.
And you have made an agreement for yourself with them,
You have loved their bed,
You have looked on *their* manhood,
⁹ **You have journeyed to the king with oil**
And increased your perfumes;
You have sent your envoys a treat distance
And made *them* go down to Sheol.’
¹⁰ **You were tired out by the length of your road,**
Yet you did not say, ‘It is hopeless.’
You found renewed strength,
Therefore you did not faint.”

57:1 Boosheid heers as regverdige mense vervolg en vermoor word sonder dat iemand daarvoor gekweld is.

1. niemand gee om nie
2. niemand toon begrip nie.



OAV “weggeruk vanweë die boosheid”
NAV “dat dit deur boosheid in die wêreld is”
Cum-NLV “om aan boosheid te ontkom nie”
NASB “is taken from evil”

Want bose mense soek eie belang en verlustig hulle in sonde, maar die regverdige word verlos van die skrikwekkende gevolge van die sonde (Gen. 3; 6:5,11 en 12)

57:2 Hierdie vers skets die geestelike toestand van die regverdige

1. gaan die vrede binne wat as verstandelik verstaan moet word n.a.v vers 1
2. hulle sal rus op hulle bedde (OAV); hierdie is woordspel ten aansien van die regverdige wat teenoor die afvalliges gebruik is (v.7-8)
 - a. met hulle bed vir slaap
 - b. en bed vir seks
 - c. uiteindelik in die graf beland
3. maar die regverdige, wat in opregtheid wandel, handhaaf ‘n leefstyl van getrouheid

57:3-4 Die slegte mense van vers 1 word verder beskryf as:

1. kinders van ‘n towerheks (OAV); BDB 778 II
2. die geslag van ‘n owerspeler (OAV); BDB 610
3. en haar wat hoereer (OAV)/ prostituut; BDB 275

JHWH roep die slegte mense op tot verantwoording (*Qal* IMPERATIEF, BDB 897, KB 1132) in sy teenwoordigheid,

4. hulle wat ‘n leuenagtige geslag is (BDB 833) en vra hulle af
 - a. met wie wil julle spot? (NAV)
 - b. teen wie wil julle grootpraat (NAV)
 - c. vir wie wil julle tonguitsteek (NAV)
 (met verwysing na uitsprake teen die regverdige)
5. en noem dié slegte mense “‘n klomp rebelle” (NAV); BDB 1055

57:5-6 Die afgodery word beskryf

1. as wellus onder die groot bome (*Nifal* WERKWOORDDEELTJIE, BDB 328, KB 328, wat dui op die vrugbaarheidskultus van *Baäl en Asjera*, vgl. Jer. 2:23-27)
2. die slag van kinders (*Qal* WERKWOORDDEELTJIE, BDB 1006, KB 1458, wat Molog aanbidding was.
3. “gietoffer / drankoffer” (NAV); *Qal* PERFECTUM BDB 1049, KB 1629)
4. die bring van ‘n graanoffer (NAV) *Hifil* PERFECTUM BDB 748, KB 828

VIR SPESIALE AANDAG: VRUGBAARHEIDSGODSDIENS IN DIE OU NABYE OOSTE

I. Hoe het dit ontwikkel?

- A. Die vroegste mense het van jag en voedselversameling geleef, maar namate ‘n nomadiese bestaan in gevestigde lewe oorgegaan het, was daar behoefte aan landerye en veestapels.
- B. Die Oosterlinge was aan natuurkragte blootgestel. Namate gevestigde beskawing langs waterbronne ontstaan het, het seisoenswisseling hulle bestaan geaffekteer.
- C. Die natuurkragte is toe vergoddelik en moes die gode bevredig en beheer word.

II Op watter plekke en waarom daar?

- A. Vrugbaarheidsgodsdienste het ontstaan in
 1. Egipte (langs die Nyl)
 2. Mesopotamië (langs die Tigres en die Eufraat)
 3. Kanaän (langs die Jordaan)
- B. Daar is basiese ooreenkomste tussen die vrugbaarheidskultusse in die Ou Nabye Ooste.
- C. Die immer wisselende seisoene en onvoorspelbaarheid van weerstoestande, lei daartoe dat mites van goddelike en menslike aard ontstaan, wat as analogies vir gebeure in die natuur gebruik word.

III Deur wie en hoe?

- A. Wie (die gode en godinne)
 1. Egipte
 - a. Isis (vroulik)
 - b. Osiris (manlike)
 2. Mesopotamië
 - a. Ishtar/ Inanna (vroulik)
 - b. Tammus/ Dumuzi (manlike)
 3. Kanaän
 - Baäl (manlike)
 - Asjera, Astarte, Anat (vroulik)
- B. Die mitologie oor hierdie “pare” toon heelwat ooreenkoms.
 1. een sterf
 2. ‘n ander herleef
 3. ‘n patroon van sterwende en herlewende gode is nabootsing van die jaarlikse seisoenwisseling.
- C. Nabootsende magie deur middel van seksuele daade is uitbeelding van die gode se huwelike en moet as versekering dien dat ooste, kuddes en mense vrugbaar sal bly.

IV Ook Israel?

- A. JHWH se mense was in Levitikus en Deuteronomium teen die vrugbaarheidskultusse gewaarsku. In besonder van hul Kaänanitiese omgewing
- B. hierdie kultusse was baie gewild omrede mense se bygelowigheid en die verleidelike aard van seksuele wellus.
- C. afgodery soek die seenryke lewe in kultiese of rituele handeling eerder as in persoonlike geloof en vertroue op JHWH

V. Aanbevole leesstof

W.F. Albright, *Archaeology and the Religion of Israel*

J.H. Breasted, Development of religion and Thought in Ancient Egypt

James G. Frazer,

- a. Adonis, Attis, Osiris
- b. Folklore in the Old Testament
- c. The Worship of Nature

C.H. Gordon, Before the Bible

S.N. Kramer, Mythologies of the Ancient World

VIR SPESIALE AANDAG :MOLOG

JHWH het Molog-verering verbied (BDB 574). Dit was die Kanaänitiese god (Ammon), 'n vuurgod wat die eersgeborene van elke familie vereis het om vrugbaarheid in die gemeenskap aan te wakker. Die Israëliete het spottenderwys sy naam verwing met o-klanke in plaas van a-klanke (vokale onder die Hebreeuse konsonante vir “koning” [mlk]) om dan “skande” te beteken. Vroeg reeds en dikwels is Israëliete teen hierdie god gewaarsku (vgl. Lev. 18:21; 20: 2,3,4,5; Deut. 12:31; I Kon. 11:7; 2 Kon. 23:10; Jer. 32:35; Miga 6:7). Tiperend van hierdie offerpraktyk was die frase “deur die vuur laat gaan” (OAV; Deut. 18:10; 2 Kon. 16:3; 17:17,31; 21:6; Ps. 106:37; Jer. 7:31; 19:5).

57:6e

OAV

“Sou Ek daarmee vrede hê”

NAV

“Moet Ek my hiervoor oor julle ontferm?”

Cum-NLV

“Moet Ek tevrede hiermee wees?”

NASB

“shall I relent concerning these things”

NKJV

“Should I receive comfort in these”

NRSV

“Shall I appease for these things”

TEV

“Do you think I am pleased with all this”

Vrugbaarheidsgodsdiens wat Israel bedryf het selfs in die naam van JHWH was volkome onaanvaarbaar.

57:7 Hiermee word die Baäl en Ajera altare bedoel wat op die heuweltoppe aangebring was (vgl. Deut 12:2; 2 Kon. 17:10; Jer.3:6; 17:2; Hos.4:3). Die frase “op jou bed geklim” (NAV) dui op die rituele sekspraktyke wat die vrugbaarheid van die grond, die veetroppe en die bevolking sou bevorder (vgl. 8b-d).

57:8 Die eerste twee reëls is onduidelik. Dit kan dui op afgodsbeelde aangebring

1. in hulle huise
2. teen stadsmure
3. selfs in die tempel (vgl. Eseg. 8-10)

‘n Mens kan selfs wonder tot watter mate militêre verbintenisse met heidennasies op verering van die vreemde gode aangedring het (vgl. 8d-e, 9).

■

OAV

“jy het die vlees gesien”

NAV, Cum-NLV

“jy het hulle naaktheid geniet”

NASB

“you have looked on *their* manhood”

NKJV

“where you saw *their* hand”

TEV

“there you satisfy your lust”

NJB

“with your eyes on the sacred symbol”

JPSOA

“you have chosen lust”

NRSV,NIV, Pesjitta

“where you saw their nakedness”

NET Bible

“gaze loningly on their genitals”

Die probleem hier is יד wat letterlik “hand” beteken (BDB 388, KB 386). In Ugarities beteken ידד “liefde.” In Arabies beteken ידד “penis” (vgl. NIDOTTE, vol. 2, bl.56). Dit kan op “kragtigheid” sinspeel in terme van ‘n vrugbaarheidsgodsdiens. Hebreeuse skrywers gebruik eufemismes wanneer hulle na die geslagsorgane verwys (nog ‘n voorbeeld is “voete”, BDB 919, vgl. Eks. 4:25; Deut. 28:57; Rigt. 3:24; Rut 3:8; 1 Sam 24:3 Eseg. 16:25).

57:9-10 Hierdie is blykbaar politieke rituele wat veiligheid teen vyandelike invalle moet verseker.

57:9
OAV “koning”
NAV, Cum-NLV “Molek”
NASB “king”

Dit kan geïnterpreteer word as die vrugbaarheidsgod, Molog/Molek, wat dieselfde konsonante in Hebreeus gebruik as koning. Die UBS Text Project gradeer “koning” ‘n B wat op ‘n mate van twyfel dui.

■ Gaan na Vir Spesiale Aandag: Waar is die dodes? By 44:23.

NASB HERSIENE TEKS 57:11-13

Vir die Afrikaans van hierdie gedeelte vgl. die OAV, NAV, Cum-NLV

**¹¹ Of whom were you worried and fearful
When you lied, and did not remember Me
Nor give Me a thought?
Was I not silent even for a long time
So you do not fear Me?
¹² I will declare your righteousness and your deeds,
But they will not profit you.
¹³ When you cry out, let your collection of idols deliver you,
But the wind will carry all of them up,
And a breath will take them away.
But he who takes refuge in Me will inherit the land
And will possess My holy mountain.**

57:11-13 Hierdie strofe begin met ‘n reeks vrae waarmee JHWH sy ontroue verbondsvolk konfronteer. Dit is tragies dat hulle “godsdiensstig” was (vv. 12, 13a) maar Hy wil weet

1. hoekom onthou jy My nie meer nie (*Qal* PERFECTUM, BDB 268, KB 269, as negasie)
2. en dink jy nie meer aan My nie (letterlik: lê dit nie meer op jou hart nie; *Qal* PERFECTUM BDB 962, KB 1321, ook as negasie).

Die rede waarom hulle JHWH nie in ag neem nie, was oor sy swye (v11d). Dit mag beteken dat getroue profete nie opgetree het nie of dat hulle optrede nie in ag geneem is nie.

Afgode is immers ‘n hersinskim en ‘n nul op ‘n kontrak. Warm lug wat deur wind weggewaai word en hul aanhangers daarmee saam.

57:11
OAV “baie lank al”
Cum-NLV, NAV “lank”
NASB, NJB “for a long time”
NKJV “from of old”
TEV “for so long”
JPSOA “so long”
REB “look away”
NAB “unseeing”

Die REB en die NAB volg die JPSOA se emendasie (teksverbetering) wat dan “en sluit my oë” beteken. Dieselfde Hebreeuse konsonante לעמוֹם kan ook vertaal word “van ewigheid af” of “en om verborge te wees.”

57:13d-e Maar daardie klompie getroues wat op JHWH vertrou het en by Hom “skuiling gesoek het” (Qal WERKWOORDDEELJIE BDB 340, KB 337), sal bewaar en beloon word met ontvangs van

- (1) die Beloofde Land
- (2) en JHWH se teenwoordigheid (dws. die tempel)

NASB HERSIENE TEKS 57:14-21

Vir die Afrikaans van hierdie gedeelte vgl. die OAV, NAV, Cum-NLV

14 And it will be said
“Build up, build up, prepare the way,
Remove every obstacle out of the way of My people.”
15 For thus says the high and the exalted One
Who lives forever, whose name is Holy,
“I dwell on high and holy place,
And also with the contrite and lowly of spirit
In order to revive the spirit of the lowly
And to revive the heart of the contrite.
16 For I will not contend forever,
Nor will I always be angry;
For the spirit would grow faint before Me,
And the breath of those whom I have made..
17 Because of the iniquity of his unjust gain I was angry and struck him;
I hid My face and was angry,
And he went on turning away, in the way of his heart.
18 I have seen his ways, but I will heal him;
I will lead him and restore comfort to him and to his mourners,
19 Creating the praise of the lips.
Peace, peace to him who is far and to him who is near,”
Says the LORD, “and I will heal him.”
20 But the wicked are like the tossing sea,
For it cannot be quiet,
And its waters toss up refuse and mud.
21 “There is no peace,” says my God, “for the wicked”

57:14 Hier volg ‘n reeks van opdragte (IMPERATIEWE) waardeur JHWH die nodige voorbereidings tref vir sy gelowiges se terugkeer uit ballingskap 40:3-4; 62:10.

1. vul die pad op, vul dit op (NAV); *Qal* IMPERATIEF, BDB 699, KB 757
2. maak dit gereed (NAV), *Pi ‘el* IMPERATIEF, BDB 815, KB 937
3. verwyder die struikelblokke (NAV) *Hifil* IMPERATIEF, BDB, 926, KB 1202

57:15 Let hier op die titels en hoe God se karaktertrekke uitgebeeld word.

1. Hoë (OAV); hoë (Cum-NLV); *Qal* WERKWOORDDEELTJIE, BDB 926, KB 1202 (dieselfde WERKWOORD as in vers 14, wat “verwyderd” beteken, d.w.s “opgelig”)
2. Verhewene (OAV); verhewe Een (Cum-NLV); *Nifal* WERKWOORDDEELTJIE, BDB 669, KB 724, d.w.s dieselfde WERKWOORD as in verse 7 en 13, maar nou in ander betekenis.)
3. wat vir altyd bestaan (Cum-NLV); *Qal* WERKWOORDDEELTJIE, BDB 1014, KB 1496, (letterlik: “wat in ewigheid woon,” Die *NET Bible*, (bl. 1275) is van gedagte dat dit verstaan moet word as “Die Een wat vir altyd regeer”.
4. Heilig is sy Naam (OAV); wie se Naam die Heilige is(Cum-NLV)

5. Ek woon in die hoogte en in die heilige plek (OAV); *Qal* IMPERFEKTUM, BDB 1014, KB 1496 (d.w.s. in teenstelling met die vrugbaarheids gode)

6. maar ook saam met die mens wat berouvol (BDB 194 I) en nederig is (Cum-NLV);vgl. BDB 1050 en BDB 924.

7. om te laat herlewe die gees van die nederiges en te laat herlewe die hart van die verbryseldes (OAV); *Hifil* INFINITIVUS CONSTRUCTUS, BDB 310, KB 309. Dit kom twee keer voor in

- a. ten opsigte van JHWH in #6 en
- b. ten opsigte van sy getroues

57:16a-b Hierdie gedeelte voer ‘n selfbeskrywing van JHWH verder:

1. want Ek kla nie vir altyd aan nie (Cum-NLV); *Qal* IMPERFEKTUM, BDB 936, KB 1224, vgl. Gen.6:3

2. en bly nie vir lank kwaad nie (Cum-NLV); *Qal* IMPERFEKTUM, BDB 893, KB 1124, vgl. Ps. 79:5; 85:5; 103:9; Miga 7:18-19

Daar moet nie gedink word dat na ‘n tydperk God se genade afsluit nie, maar eerder is dit die geval dat wanneer ‘n mens hom ignoreer en sy wil en woord teenstaan, dit tot ‘n verskriklike toestand van verharding van hart aanleiding gee. ‘n Onvermoë van die hart dan om nog te hoor en te reageer.

Dit is interessant hoe die OT die menslike emosies van liefde en toornigheid teenoor mekaar stel as daar van God gepraat word:

1. die liefde is langdurig en staan vas; kyk Deut 5:10; 7:9; Ps. 30:5; Jes. 54:7-8; Jer. 31:3
2. toorn is van korte duur; Deut. 5:9; Ps. 30:5; Jes. 26:20; 54:7-8; 57:16-19

57:16c-d JHWH maak die redes bekend waarom Hy nie toornig bly nie (vgl. *Vir Spesiale Aandag: God beskryf op mensvormige wyse* by 41:2) Dit stem baie ooreen met Ps.103:8-14).

1. want anders sou dit die einde beteken van die mens (NAV); Sien *Vir Spesiale Aandag* by 40:7

2. die mens aan wie ek die asem gegee het (NAV);

In Hebreeus is daar ‘n parallelisme tussen “gees” (OAV) en “asem” (OAV,NAV); BDB 924 en 675. Die parallelisme kom ook voor in 42:5. Die verswakte fisieke toestand van gevalle menswees en hulle gepaardgaande sielkundige toestand sou die swye (vv 11,17) en die toorn van hulle Skepper en verlosser nie kon verduur nie!

57:17 JHWH oordeel op ooreenstemmende wyse met ouerlike straf (vgl. Hos. 11). Hy doen dit op ‘n wyse dat sy kinders lering sal aanneem en wegdraai van die verkeerde, maar jammerlik is dit dat sommige nie wil nie en ander nie kan nie (vgl. 17c; 1:3,4).

57:18-21 Daar is ‘n opmerklieke verskil in hoe JHWH handel met die nederiges/verdruktes aan die een kant en die wederstrewiges aan die ander kant.

1. nederiges/verdruktes (NAV); vv. 15-16, 18-19
2. wederstrewiges/ opstandiges (NAV; vv 17, 20-21)

57:18-19 Let op wat JHWH sal doen aan die wat berouvol en nederig van hart is.

1. nuwe krag (NAV), v 15; *Hifil* INFINITIEF CONSTRUCTUS (BDB 310, KB 309)
2. Ek reken nie toe nie (NAV), twis (OAV); v. 16, *Qal* IMPERFEKTUM, BDB 936, KB 1224
3. Ek bly nie vir altyd toornig nie (OAV), v16; *Qal* IMPERFEKTUM , BDB 893, KB 1124
4. Ek sal hom genees (NAV), v 18; *Qal* IMPERFEKTUM , BDB 950, KB 1272
5. sal Ek lei (NAV), v 18; *Hifil* IMPERFEKTUM , BDB 634, KB 685
6. Ek sal vir hulle uitkoms gee, (NAV), vertroosting (OAV), v 18; *Pi ‘el* IMPERFEKTUM, BDB 1022, KB 1532
7. Ek stel hulle in staat om My weer te loof: vrede vir ...ver...en naby(NAV); v19, *Qal* WERKWOORDDEELTJIE; BDB 135, KB 153
8. Ek sal hulle genees, (NAV); v 19, *Qal* PERFEKTUM, BDB 950, KB 1272

- 57:20-21** Die opstandige, ongelowige deel van die verbondsvolk word beskryf as
1. onstuimige see
 2. wat nie tot rus kan kom nie
 3. golwe ... wat aanhou om slyk
 4. en modder uit te stoot
 5. geen vrede nie.

JESAJA 58

PARAGRAAFINDELING VAN EIETYDSE VERTALINGS

NASB	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV*
Observance of Feasts	Fasting that Pleases God	The LORD Does Not Desire Fasting, but Kindness and Justice	The Fasting	Fasting Pleasing to God	Wys my volk op hulle oortredinge
58:1-12 (1-12)	58:1-3a (1-3a) 58:3b-5 (3b-5) 58:6-9a (6-9a) 58:9b-12 (9b-12)	58:1-5 (1-5) 58:6-9 (6-9a) 58:9b-12 (9-12)	58:1-2 58:3a 58:3b-5 58:6-7 58:8-9a 58:9b-12	58:1-12 (1-12)	58:1-3a 58:3b-7 58:8-10 58:11-12
Keeping the Sabbath	13-14 (13-14)	58:13-14 (13-14)	The Reward For Keeping The Sabbath 58:13-14	The Sabbath 58:13-14 (13-14)	58:13-14
58:13-14 (13-14)					

Vir paragraafindeling kan ook OAV en Cum-NLV geraadpleeg word

LEESSIKLUS DRIE (Sien bl. 17 in die Inleidende gedeelte)

ONS VIND DIE SKRYWER SE BEDOELING VOLGENS ELKE PARAGRAAF

Hierdie is 'n studieleiding-kommentaar wat beteken dat u self vir die uitleg van die Bybel verantwoordelik sal wees. Elkeen van ons moet in die lig tot ons beskikking wandel. U is met die Bybel in die hand en onder leiding van die Heilige Gees dus prominent in die verstaansproses en uitleg. Moenie so 'n groot voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die hoofstuk deur in een sitting. Onderskei die onderwerpe. Vergelyk u onderwerpe met die Afrikaanse en Engelse vertalings se tema-opskrifte bo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot verstaan van die oorspronklike skrywer se bedoeling, wat immers die hart van Skrifuitleg is. Elke paragraaf handel oor een enkele saak, niks meer nie.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens

AGTERGROND VAN DIE GEDEELTE

- A. In hierdie gedeelte word godsdienstritus sonder persoonlike geloof veroordeel. (Kyk ook Jes. 29:13; Jer. 7)
- B. Hierdie soort geestelikheid was die aanleidende oorsaak wat tot ballingskap gelei het.

NASB HERSIENE TEKS 58:1-12

Vir die Afrikaans van dié gedeelte sien die OAV,NAV of Cum-NLV

**¹ Cry loudly, do not hold back;
 Raise your voice like a trumpet
 And declare to My people their transgression
 And to the house of Jacob their sins.**

**² Yet they seek Me day by day and delight to know My ways,
 As a nation that has done righteousness
 And has not forsaken the ordinance of their God.
 They ask Me *for* just decisions
 They delight in the nearness of God.**

**³ ‘Why have we fasted and You do not see?
 Why have we humbled ourselves and you do not notice?’
 Behold, on the day of your fast you find *your* desire
 And drive hard all your workers.**

**⁴ Behold, you fast for contention and strife and to strike with a wicked fist.
 You do not fast like you do today to make your voice heard on high.**

**⁵ It is a fast like this which I choose, a day for a man to humble himself?
 Is it for bowing one’s head like a reed
 And for spreading out sackcloth and ashes as a bed?
 Will you call this a fast, even an acceptable day to the LORD?**

**⁶ Is this not the fast which I choose,
 To loosen the bonds of wickedness,
 To undo the bands of the yoke,
 And to let the oppressed go free
 And broke every yoke?**

**⁷ Is it not to divide your bread with the hungry
 And bring the homeless poor into the house;
 When you see the naked, to cover him;
 And not to hide yourself from you own flesh?**

**⁸ Then your light will break out like the dawn,
 And your recovery will speedily spring forth;
 And your righteousness will go before you;
 The glory of the LORD will be your rear guard.**

**⁹ Then you will call, and the LORD will answer;
 You will cry, and He will say, ‘Here I am.’
 If you remove the yoke from your midst,**

The pointing of the finger and speaking wickedness,

¹⁰ And if you give yourself to the hungry

And satisfy the desire of the afflicted,

Then your light will rise in the darkness

And your gloom will *become* like midday.

¹¹ And the LORD will continually guide you,

And satisfy your desire in scorched places,

And give strength to your bones;

And you will be like a watered garden,

And like a spring of water whose waters do not fail.

¹² Those among you will rebuild the ancient ruins;

You will raise up the age-old foundations;

And you will be called the repairer of the breach,

The restorer of the streets in which to dwell.

58:1 Hierdie hoofstuk so eie aan Jesaja (let op die tipiese aanduiding van ‘n nuwe gedig) begin met ‘n reeks IMPERATIEWE (bevele). Die vraag dan nou

1. wie is aan die woord ?

2. aan wie is die boodskap gerig?

Hier is die lys bevele en let op die parallelisme:

1. Roep uit volle bors (NAV); *Qal* IMPERATIEF, BDB 894, KB 1128

2. moet niks verswyg nie (NAV); *Qal* IMPERFEKTUM, BDB 362, KB 359, in

JUSSIEFgebruik

3. Laat jou stem hoor (NAV); *Hifil* IMPERATIEF, BDB 926, KB 1202, vgl.#1

4. wys...op, (vgl.#2); NAV, *Hifil* IMPERATIEF; BDB 616, KB 665

Die spreker is JHWH by monde van sy profeet en die hoorders is:

1. Israel voor hulle ballingskap

2. Israel in ballingskap

3. Israel op pad terug uit ballingskap

4. eskatologiese volk van God (eindtyd)



OAV

“basuin”

NAV

“ramshoring”

Cum-NLV

“trompet”

NASB

“trumpet”

VIR SPESIALE AANDAG: DIE GEBRUIK VAN HORINGS IN ISRAEL

In Hebreeus is daar vier woorde wat met die horing of trompet geassosieer word.

1. Die ramshoring, BDB 901 – omskep in ‘n instrument vir geluidproduksie, vgl. Jos. 6:5. Dieselfde woord was gebruik in verband met Abraham en die ram gevang met horings in die bos wat in plek van Isak geoffer sou word, Gen. 22:13.

2. Met betrekking tot “trompet,” vgl. DBD 1051 – ‘n woord uit Assiries vir ‘n wilde skaap (ibex). Dit is die “horing” waarvan daar sprake was in Eks. 19:16,19 by berg Sinai/Horeb. Hierdie #1 en #2 het ‘n parallel in Jos. 6:5. Dit het tye van aanbidding of gereedmaak vir oorlog aangekondig. Jerigo was ‘n voorbeeld van beide (vgl. Jos. 6:4).

3. Die ramshoring – die Fenisiese woord vir ‘n ram, BDB 385, Jos. 6:4,6,8,13. Dit staan ook vir die oproep tot die Jubeljaar (vgl. Lev. 25:13,28,40,50,52,54; 27:17,18,23,24).

Hierdie genoemde drie woorde is afwisselend gebruik sonder dat bedoelings verskil het. Die Misjna (RH 3.2) het enige dier se horing toegelaat – skaap, bok, of wildsbok, maar nie van ‘n bees nie.

- 4 Van die WERKWOORD “om uit te strek” kom “trompet” wat eintlik ‘n reguit versilwerde been impliseer (nie gekrom soos dierehoring nie), BDB 348. Dit was Egipties van herkoms wat vorm betref en is gebruik vir
- aanbiddingsrituele (vgl. Num. 10:2,8,10; Esra 3:10; Neh. 12:35,41)
 - militêre doeleindes (vgl. Num. 10;9; 31:6; Hos. 5:8)
 - koninklike geleenthede (vgl. 2 Kon. 11:14)..
- So ‘n metaal-horing is op die Boog van Titus in Rome afgebeeld en Josefus beskryf dit in Antiq. 3:12.6

- ☐
- OAV** “verkondig...hulle oortredinge”
N.A.V. “wys op hulle oortredinge”
Cum-NLV “van hulle oortredings”
NASB “their transgressions...their sins”

Die formele of vormgodsdien het die persoonlike geregtigheid verdring. Hulle was godsdienstig maar ver van JHWH af (2 Tim. 3:5). Godsdienstigheid kan ‘n verandering word vir ware, persoonlike geloof.

58:2 Let op hoe vals geloof hier uitgebeeld word (aanhalings NAV):

- Hulle vra wel elke dag na my wil
- asof hulle graag wil weet wat Ek verwag
- Hulle gee voor dat hulle ‘n nasie is wat doen wat reg is
- Hulle vra my wel om regverdige beslissings
- asof hulle van My teenwoordigheid hou

Dit alles klink heel indrukwekkend, maar is vertoongodsdien en klug, godsdiensspeletjies, wat by woorde bly en nie daad word nie.

- ☐
- OAV** “soos ‘n nasie wat geregtigheid doen”
NAV “Hulle gee voor dat hulle ‘n nasie is wat doen wat reg is”
Cum-NLV “Jy sou dink hulle is ‘n volk wat doen wat reg is”
NASB “As a nation that has done righteousness”

Dit is sarkasties bedoel.

- ☐
- OAV** “vra hulle My na die regverdige verordeninge”
NAV “Hulle vra my wel om regverdige beslissings”
Cum-NLV “Hulle vra My om beslissings te maak”
NASB “ask Me for just decisions”

Dit dui op gebruik van

- die Urim en Tummim (soos gehanteer deur die Hoëpriester, vgl. Eks.28:30; Num.27:23; Deut. 33:8; Neh. 7.65)
- profetiese uitsprake
- die plaaslike Leviëte

- 58:3**
- OAV** “vas ons...kwel ons ons siel”
NAV “vas ons...verootmoedig ons ons”
Cum-NLV “gevas...ons verootmoedig”
NASB “fasted... humbled ourselves”

Die woord “vas”(Qal PERFECTUM, BDB 847, KB 1012) is ‘n parallel met “verootmoedig” (Pi ‘el PERFECTUM, BDB 776, KB 853, vgl. Lev. 16:29,31). Hulle wou dat God hulle godsdienstige handeling sal seën. Daar is net een vasdag per jaar (Groot Versoendag, Lev. 16:6a, 34) in die OT vasgestel.) Gedurende hulle ballingskap het die Jode dit tot vier dae per jaar vermeerder teneinde tragiese voorvalle in

hul volkslewe te gedenk (bv. die vyandige inname van Jerusalem, die verwoesting van die tempel, ens. , vgl. Sag. 7:3,5; 8:19).



OAV	“op die dag as julle vas, soek julle geleentheid om sake te doen en julle jaag al julle arbeiders aan”
NAV	“omdat julle op die vasdae doen wat julle wil en die mense wat vir julle werk nog harder laat werk”
Cum-NLV	“op vasdae net julle eie plesier najaag en die mense in julle diens nog harder laat werk”
NASB	“on the day of your fast you find <i>your</i> desire And drive hard all your workers”

Aangesien hulle vir “godsdienstige” redes vas, word die werkmag nie toegelaat om daaraan deel te hê nie. Die uitwerking van die Sondeval is hierin so duidelik!

58:4 Die vasdae was die oorsaak van onmin en het geloof nie bevorder nie.



OAV	“om te twis en te kyf...om te slaan met misdadige vuis”
NAV	“loop uit op twis en rusie, ...dam mekaar met die vuis by”
Cum-NLV	“ vas eindig in twis, rusie en vuisgevegte”
NASB	“to strike with a wicked fist”
AB	“to strike the poor with the fist”
LXX (Grieks)	“slaan ‘n nederige persoon met die vuis”

Die Masorete teks het “slaan ‘n oortreder met die vuis”, maar let daarop dat die LXX by vers 3c-d aanhaak.



OAV	“om julle stem in die hoogte te laat hoor nie”
NAV	“verwag dat julle gebed in die hemel verhoor sal word nie”
Cum-NLV	“verwag dat dit in die hemel gehoor sal word nie”
NASB	“to make your voice heard on high”

‘n Doel van vas is die ondersteuning van gebed, maar ‘n teenoorgestelde reaksie was die gevolg (1:15; 59:2).

58:5 Die oppervlakkige tekens van droefheid word hier aangedui, soos sit in sak en as, maar in werklikheid was dit blote voorwendsel (vgl Mat 6:5,16-18). Sien hiervoor ook *Vir Spesiale Aandag* by 47:1

58:6-7

OAV	“Is die vas wat Ek verkies nie dit nie:”
NAV	“Is die vas wat Ek wil hê, nie dit nie:”
Cum-NLV	“Nee, is die vas wat Ek wil hê dan nie:”
NASB	“Is this not the fast which I chose”

Hier word aangedui wat God van sy volk verlang (d.w.s. daaglikse sosiale geregtigheid, Eks. 21:2; Lev. 25:39-41; Deut. 15:12; Jer.34:8-11, wat verbandhou met die Jubeljaar; Titus 1:16.)

1. om mense wat onregverdig in die tronk is, vry te laat;– Cum-NLV (*Pi’el* INFINITIVUS ABSOLUTUS, BDB 834, KB 986)
2. om die juk van mense af te haal–Cum-NLV (*Hifil* INFINITIVUS ABSOLUTUS, BDB 684, KB 736)
3. en vry laat weggaan die verdruktes – OAV (*Pi’el* INFINITIVUS ABSOLUTUS, BDB 1018, KB 1511)
4. om elke juk te breek– NAV (*Pi’el* WERKWOORDDEELJIE in PASSIEF, BDB 954, KB 1285)

5. om jou kos te deel met dié wat honger is – Cum-NLV (*Qal* INFINITIVUS ABSOLUTUS, BDB 828, KB 969)
6. om aan die arm swerwer blyplek te gee– Cum-NLV (*Hifil* IMPERFEKTUM, BDB 97, KB 112; vgl. Mat.25:35; Rom.12:13; 1 Tim. 3:2; Titus 1:8; Heb. 13:2; 1 Pet. 4:9)
7. om klere te gee vir mense wat dit nodig het– Cum-NLV (*Pi'el* PERFEKTUM BDB 491, KB 487, vgl. Jak . 2:14-18)
8. om nie weg te draai van jou familie wat jou hulp nodig het nie– Cum-NLV (*Hitpael* PERFEKTUM, BDB 761, KB 834, vgl. 1 Tim. 5:8)

Hiervolgens sal die verheerlikte Messias die skape (getroue gelowiges) van die bokke (ongelowiges wat in selfsug volhard) skei (Mat. 25:31-46). Hierdie is nie werk-heiligheid nie, maar leefstyl wat daarop dui dat die gevolge van die Sondeval (voorop van *die self*) omgekeer word om *die ander* in te sluit.

- 58:8-9b** Leefstyl volgens geloof en sondebelydenis sal die die beloofde herstel tot gevolg hê.
1. sal die lig vir jou deurbreek soos die nuwe dag (Cum- NLV)
 2. jou wonde sal spoedig genees (Cum-NLV)
 3. Hy wat jou red, sal voor jou uitgaan (NAV)
 4. die mag van die Here sal agter jou aankom (NAV)
 5. Wanneer jy dan roep om hulp, sal die HERE antwoord (Cum-NLV)
 6. Jy sal skreeu om hulp en Hy sal sê: Hier is Ek! (OAV)

Dit wil die Here vir sy volk doen, maar weens hulle sonde het oordeel en verwydering ingetree.

-
- | | |
|---------|---|
| OAV | “die heerlijkheid van die HERE jou agterhoede” |
| NAV | “die mag van die Here sal agter jou aankom” |
| Cum-NLV | “die heerlijkheid van die HERE sal jou van agter beskerm” |
| NASB | “the LORD will be your rear guard” |

Hierdie uitdrukking dui op die Sjekina-wolk van heerlijkheid wat ook in die Eksodustyd beskerming verleen het (Eks.14:19 en Jes 52:12).

- 58:9c-10**
- | | |
|---------|-----------|
| OAV | “As...en” |
| NAV | “As” |
| Cum-NLV | “As” |
| NASB | “If” |

Weens die wederkerige aard van God se verbondsverhouding met sy volk, geld die volgende voorwaardes:

1. As jy sorg dat mense nie meer by jou verdruk word nie (NAV)
2. nie meer gedreig (NAV)
3. en vals beskuldig word nie (NAV)
4. jou siel laat uitgaan na die hongerige (OAV); *Hifil* JUSSIEF, BDB 807, KB 920
5. voorsien in die behoeftes van dié wat in nood is (NAV)

- 58:9**
- | | |
|---------|--------------------------------|
| OAV | “die uitsteek van die vinger” |
| NAV | “nie meer gedreig ...word nie” |
| Cum-NLV | “die beskuldigende vinger” |
| NASB | “the pointing of the finger” |

Dit dui op kwade gevoelens en gebare (Spr. 6:13)

58:10c-12 Die woordjie “dan” dui op die seën wat voortvloei wanneer verbondsvoorwaardes nagekom word (Sien Lev. 26; Deut. 28-29):

1. sal die lig vir jou skyn wanneer dit donker is (NAV)

2. wat vir jou nag is, word soos die helder middag (NAV)
3. Die HERE sal jou altyd lei (Cum-NLV)
4. Selfs in tye van droogte sal Hy voorsien in jou behoeftes (Cum-LV)
5. Hy sal jou gesond en sterk hou (Cum-NLV)
6. Jy sal wees soos ‘n tuin met volop water (NAV)
7. soos ‘n fontein wat aanhou vloei (Cum-NLV)
8. Jou kinders sal die puinhope van jou stede herbou (Cum-NLV)
9. die fundamente herstel wat al geslagte lank bestaan (NAV)
10. Jy sal bekendstaan as ‘n volk wat sy afgebreekte mure herbou (NAV)
11. hersteller van paaie, om bewoonbaar te maak (OAV)

Die profeet maak van allerlei beeldspraak gebruik om JHWH se teenwoordigheid en seëninge te beskryf:

1. die kontras van lig en duisternis
2. die veeherder bestaanswyse
3. voorspoed in boerderylewe
4. herbouing van ruïnes

58:11 In hierdie teks duik daar twee tekskritiese probleme op.

1. Vers 11b

OAV	“jou siel versadig in dor plekke”
NAV	“selfs in dor streke sal Hy in jou behoeftes voorsien”
Cum-NLV	“Selfs in tye van droogte sal Hy voorsien in jou behoeftes”
NASB	“satisfy your desire”
NKJV	“satisfy your soul in drought”
TEV	“satisfy you with good things”
NJB	“will satisfy your needs in the scorched land”
JPSOA	“He will slake your thirst in parched places”
Pesjitta	“satisfy your soul with rich food”
LXX(Grieks)	“Jy sal versadig word na jou sielsbehoefte”

Die woord “nefesj” (BDB 659) het verskeie betekenismoonlikhede. Die woord vir “dor plekke” word net hier aangetref (BDB 850, KB 1019) waarvan die betekenis onseker is.

2. Vers 11e

OAV	“waarvan die water nooit teleurstel nie”
NAV	“‘n fontein waarvan die water nie opdroog nie”
Cum-NLV	“‘n fontein wat altyd aanhou vloei”
NASB, NKJV	“whose waters do not fail”

Die WERKWOORD in die Masorete Teks (BDB 469, KB 467, *Pi ‘el* PERFECTUM se betekenis is “lieg” of “bedrieg” wat daarop neerkom dat water standhoudend vloei (NJB).

58:12

OAV	“hersteller van paaie om, om bewoonbaar te maak”
NAV	“wat sy strate herstel sodat daar weer mense kan woon”
Cum-NLV	“die een wat stukkende mure en stede opbou”
NASB	“the restorer of the streets in which to dwell”
JPSOA	“restorer of lanes for habitation”
LXX (Grieks)	“julle sal die paaie tussen hulle tot rus bring”
Pesjitta	“the restorer of paths to dwell in”
REB	“the restorer of houses in ruins”

Die Masorete Teks lees “paaie” (BDB 677), wat moontlik op “strate” kan dui as gevolg van die WERKWOORD-konteks “om te woon” (Qal INFINITIVUS CONSTRUCTUS, BDB 442, KB 444).

NASB HERSIENE TEKS 58: 13-14

Vir die Afrikaans hiervan gebruik die OAV, NAV of Cum- NLV,

**13 “If because of the sabbath you turn your foot
From doing your own pleasure on My holy day,
And call the Sabbath a delight, the holy day of the LORD honorable
And honor it, desisting from your *own* ways,
From seeking your *own* pleasure
And speaking your *own* word,
14 Then you will take delight in the LORD,
And I will make you ride on the heights of the earth;
And I will feed you *with* the heritage of Jacob your father.
For the mouth of the LORD has spoken.”**

58:13-14 Volgens hierdie verse kan die onderhouding van sabbatsgebruike as ‘n aanduiding van iemand se gesindheid en getrouheid beskou word.

1. as jy jou daarvan weerhou om die sabbat te oortree (v.13, Cum-NLV)

2. as jy die sabbat ‘n vreugde noem...die heilige dag van die Here in ere hou (NAV); die

WERKWOORD שָׁבַת (BDB 457, KB 455), word in vers 13 twee keer gebruik. Let op die wederkerigheid, die voorwaardelike aspek van die verbond (as... dan). Die baat daarvan word in v. 14b,c aangedui.

58:13 ”die sabbat,” sien Eksodus 20:8-11 en Jes. 56 sowel as die *Vir Speciale Aandag* wat volg.

VIR SPESIALE AANDAG : SABBAT

Hierdie term (BDB 992) beteken “rus” of “staking van aktiwiteit.” Die gebruik daarvan as ‘n dag van aanbidding het met Gen. 2:2-3 posgevat, waar JHWH dit instel as geldig vir diere (Eks. 23:12) en die mensdom (mense het behoefte aan ‘n reëlmaat van werk, rus en aanbidding). Die eerste aangetekende geleentheid van so ‘n dag vir Israel is Eks. 16:25-26 gedurende die insameling van manna. So het dit deel geword van die “Tien Woorde” (Gebooie); Eks. 20:8-11; Deut. 5:12-15). Hierdie is ‘n voorbeeld van verskil tussen die Tien Gebooie in Eksodus 20 en Deuteronomium 5. Deuteronomium 5 was voorbereiding van Israel vir die gevestigde, landboukultuur in Kanaän.

58:14

OAV “want die mond van die **HERE** het dit gespreek”

NAV, Cum-NLV “Ek, die **HERE**, het dit gesê”

NASB “For the mouth of the Lord has spoken”

Hiermee word aan die betroubaarheid en mag van God uitdrukking gegee (Jes.55:11)

VRAE VIR BESPREKING

Hierdie is ‘n studieleiding kommentaar wat beteken dat u self vir die uitleg van die Bybel verantwoordelik sal wees. Elkeen van ons moet in die lig tot ons beskikking wandel. U is met die Bybel in die hand en onder leiding van die Heilige Gees dus prominent in die verstaansproses en uitleg. Moenie so ‘n groot voorreg aan ‘n kommentaarskrywer prysgee nie.

Hierdie besprekingsvrae is bedoel om u te help nadink oor die belangrikste sake in hierdie gedeelte van die boek. U is vry om anders te oordeel oor wat u belangrik ag vir ‘n gesprek.

1. Wat is die verskil tussen bybelse geloof en godsdienstigheid?
2. Hoe moet die verband tussen etiese gedrag en teologie vertstaan word?
3. Wat is die doel van vas?
4. Vir watter rede is die sabbat ingestel en geld dit nog vir ons dag?

JESAJA 59

PARAGRAAFINDELING VAN MODERNE VERTALINGS

NASB	NKJV	NRSV	TEV	NJB	*NAV
Seperation From God	Seperation From God	Call to National Repentance	The Prophet Condemns the People's Sins	Penitential Psalm	Ons sondes kla ons aan
59:1-8 (1-8)	59:1-3 (1-3)	59:1-8 (1-8)	59:1-3	59:1-4 (1-4)	59:1-8 (1-8)
	59:4-5 (4-5)		59:4-8	59:5-8 (5-8)	
	59:6-8 (6-8)		The People Confess Their Sin		
A Confession of Wickedness	Sin Confessed		59:9-11	59:9-11 (9-11)	59:9-15 (9-15)
59:9-15a (9-15a)	59:9-15a (9-15a)	59:9-15a (9-15a)	59:12-15a	59:12-15a	
	The Redeemer of Sin		The Lord Prepares To Rescue His People		
59:15b-20 (15b-20)	59:15b-19 (15b-19)	59:15b-19 (15b-19)	59:15b-21	59:15b-20	59:16-20 (16-20)
	59:20 (20)	59:20 (20)		Prophecy	
59:21	59:21	59:21		59:21	59:21

*U kan ook die OAV en Cum-NLV raadpleeg ten opsigte van paragraafindeling

LEESSIRKEL DRIE (kyk bl. xvi in die Inleidingsgedeelte)

ONS VOLG DIE OORSPRONKLIKE SE BEDOELING OP PARAGRAAFVLAK

Hierdie is 'n studieleiding-kommentaar wat beteken dat u self vir die uitleg van die Bybel verantwoordelik sal wees. Elkeen van ons moet in die lig tot ons beskikking wandel. U is met die Bybel in die hand en onder leiding van die Heilige Gees dus prominent in die verstaansproses en uitleg. Moenie so 'n groot voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die hoofstuk deur in een sitting. Onderskei die onderwerpe. Vergelyk u onderwerpe met die Afrikaanse en Engelse vertalings se tema-opskrifte bo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot verstaan van die oorspronklike skrywer se bedoeling, wat immers die hart van Skrifuitleg is. Elke paragraaf handel oor een enkele saak, niks meer nie.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf

Ens

INSIG UIT DIE KONTEKS

A. Dit is moeilik om te verstaan hoe die verskillende digwerke (d.w.s. hoofstukke) in hierdie gedeelte van Jesaja met mekaar in verband staan. Ek stem saam met R.K. Harrison dat die boek Jesaja 'n nadoodse bloemlesing van sy prediking, leerstellinge en geskrifte is. Dit is op 'n oosterse wyse volgens temas en woordspel saamgestel sonder inagneming van die westers-chronologiese denkwyse.

B. Oor hierdie profesie kan 'n mens wonder

1. of dit veelvoudige vervulling is (bv 7:14, Daniël 11:31, 12:11)?
2. of dat dit die hart en begeerte van God vir Israel uitspreek by gedagte dat hulle, ondanks soveel verbondsvoordele (Rom. 9:4-5), nie in staat is om daarvolgens te lewe nie,
3. en of dit bloot gedigte uit verskillende periodes van Jesaja se bediening is, gerig op verskillende periodes in Israel se bestaan, maar nou onverstaanbaar en losweg gerangskik ?

C. Hedendaagse skrifuitleggers moet onthou dat

1. hierdie poësie is en nie vertellings van historiese aard nie
2. die poësie word los van historiese konteks aangebied
3. talle woorde kom 'n enkele keer in die Bybel voor of in bekende Semitiese literatuur
4. verder moet versigtig omgegaan word met dogmatiese aannames gegrond op enkele reëls in poësie.

Daar moet geпоog word om

- a. parallelle gedeeltes op te merk
- b. veral parallisme in Jesaja en Miga
- c. hoe die NT met die teks of idee/konsep omgaan (F.F. Bruce, *Answers To Questions*, bl. 87-88)

D. Die *Jewish Study Bible* (bl.901) sien in hierdie hoofstuk 'n dieldeling.

1. die sonde van die bevolking as geheel word aangedui
2. individuele gelowiges in die nasie bely hulle sonde
3. die profeet kondig JHWH
 - a. se vergewende genade aan vir wie sonde bely (vv.20,21)
 - b. en oordeel oor die verhardes van hart
 - (1) Jode
 - (2) die kusgebiede, d.w.s. heidendom.

WOORD EN FRASESTUDIE

NASB HERSIENE TEKS 59:1-8

Vir die Afrikaans hiervan sien die OAV, OAV. Cum-NLV.,

¹Behold, the LORD'S hand is not so short

That it cannot save;

Nor is His ear so dull

That it cannot hear.

²But your iniquities have made a separation between you and your God,

And your sins have hidden *His* face from you so that He does not hear.

³For your hands are defiled by blood

And your fingers with iniquity;

Your lips have spoken falsehood,

Your tongue mutters wickedness

⁴No one sues righteously and no one pleads honestly.

They conceive mischief and bring forth iniquity.
⁵They hatch adder's eggs and weave the spiders web;
 He who eats of their eggs dies,
 And from that which is crushed a snake breaks forth.
⁶Their webs will not become clothing,
 Nor will they cover themselves with their works;
 Their works are works of iniquity,
 And an act of violence is in their hands.
⁷Their feet run to evil
 And they hasten to shed innocent blood;
 Their thoughts are thoughts of iniquity,
 Devastation and destruction are in their highways.
⁸They do not know the way of peace
 And there is no justice in their tracks
 They have made their paths crooked,
 Whoever treads on them does not know peace.

59:1-2 Hierdie beginverse laat duidelik blyk dat daar 'n probleem bestaan ten aansien van God se beloftes aan Israel. Nie sy woord nie, of karakter of sy mag nie, maar die herhaaldelike sondes en volgehoue aard daarvan.

Vers 1 laat sien die profeet se reaksie by aanhoor van vrae uit die mond van sy dag se Israeliete (Waar is die beloftes van die HERE?) Murmerering onder die volk word dikwels deur Jesaja opgeteken (40:27, 49:4,14).

59:1
OAV, "hand" , "oor",
NAV "arm" , "oor"
Cum-NLV "nie te swak" , "doof"
NASB "hand" , "ear"

Dikwels is dit in Hebreeus die idioom vir aktiwiteit (vgl. 51:9). Sien *Vir Spesiale Aandag* by 40:2. Let ook op hoeveel keer die Godheid asof met liggaamlikheid beskryf word.

1. hande v.3
2. vingers v 3
3. praat/monde/lippe v.3 (NAV,Cum-NLV, OAV)
4. bedink/tonge/tong v.3 (NAV, Cum-NLV, OAV)
5. loop/weg van vrede (sinspeling op voete); v.8

■
OAV, "swaar"
NAV, Cum-NLV "doof"
NASB "dull"

Hierdie woord (BDB 457, KB 455, Qal PERFECTUM) beteken "om swaar te wees", "drukkend/belas" of "geëerd". In hierdie konteks dui dit op onvermoë om te hoor. Van Faraó se oë (Gen.48:10) en sy hart (Eks.9:7) word op dieselfde wyse gepraat.

59:2
OAV ""'n skeidsmuur tussen julle en julle God"
NAV "skeiding gebring het tussen julle en julle God"
Cum-NLV "julle afgesny het van God"
NASB "made a separation between you and your God"

Die WERKWOORD (BDB 95, KB 110, *Hifil* WERKWOORDEELTJIE) word in 'n verskeidenheid betekenisse gebruik.

1. God skei lig en duisternis (Gen.1:4)
2. God skei Israel van ander nasies af
3. maak onderskeid tussen rein en onrein
4. opsnyn van offerdier in dele
5. JHWH en Moses sonder die Leviete af (veral Aäron; 1 Kron. 23:13)
6. om iemand van volk Israel af te sny (Deut. 29:20).
7. om vreemdelinge uit te sluit (Neh. 13:3)
8. om musikante af te sonder
9. jouself af te sonder van vreemdelinge en heidene in die gemeenskap (Esra 6:21; 9:1; 10:11; Neh. 9:2)
10. jou afskei van 'n leier na 'n ander toe (1 Kron. 12:8)

Maar die gebruik in hierdie vers is uniek. Israel se sonde het hulle emosioneel en geestelik van die verbond en die verbonds-God afgeskei; van sy teenwoordigheid, van sy beloftes en voorsiening sowel as sy beskerming.

'n Manier om hierdie verskriklike geestelike toestand te beskryf, is die parallel/metafoor in die gedig se volgende reël. Die HERE het sy aangesig vir hulle verberg (OAV); hulle gebede nie verhoor nie.

59:3-8 In parallelle reëls lys hierdie verse die sondes van Israel wat die skeiding veroorsaak het, (NAV).

1. julle hande is met bloed bevlek, v.3;
julle vingers met onreg, v.3
2. julle praat net leuens, v.3;
julle bedink net onreg, v.3
3. daar is niemand wat aankla in geregtigheid nie,
wat 'n regstryd voer in waarheid nie, v.4;
(Let op die viertal INFINTIVUS ABSOLUTUS hier; (OAV).
4. die daad van geweld is in hulle hande; OAV (vv.5-7; (Job 8:14-15; 15:35; Spr.1:16; wat betref vers 7, sien Rom. 3:15-17)
5. Die weg van vrede ken hulle nie (vgl. V 26:3,12; 57:20-21; Luk.1:79); of geen reg in hul spore nie (v.8, OAV)

59:4, Soos in vers13, word die INFINTIVUS ABSOLUTUS gebruik om menslike boosheid te beskryf (NAV).

1. Niemand stel sy saak eerlik nie; *Qal* BDB 105, KB 1202;
geen uitspraak is betroubaar nie; *Pi'el*, BDB 180, KB 210
2. Almal vertrou op leë woorde; *Qal*, BDB 247, KB 255 (vgl. Job 15:35);
wat hulle sê, is nie waar nie.
3. hulle is swanger van kwaad; *Qal*, BDB 247, KB 255
hulle bring onreg voort; *Hifil*, BDB 408, KB 411

NASB HERSIENE TEKS 59:9-20

Vir die Afrikaans hiervan sien OAV, NAV en Cum-NLV

⁹Therefore justice is far from us,
And righteousness does not overtake us;
We hope for light, but behold, darkness
For brightness, but we walk in gloom.
¹⁰We grope along the wall like blind men,
We grope like those who have no eyes;
We stumble at midday as in the twilight,
Among those who are vigorous we are like dead men.

¹¹All of us growl like bears,
 And moan sadly like doves;
 We hope for justice, but there is none,
 For salvation, *but* it is far from us

¹²For our transgressions are multiplied before You,
 And our sins testify against us;
 For our transgressions are with us,
 And we know our iniquities

¹³Transgressing and denying the LORD,
 And turning away from our God,
 Speaking oppression and revolt,
 Conceiving *in* and uttering from the heart lying words.

¹⁴Justice is turned back,
 And righteousness stands far away;
 For truth has stumbled in the street,
 And uprightness cannot enter.

¹⁵Yes, truth is lacking;
 And he who turns aside from evil makes himself a prey.
 Now the LORD saw,
 And it was displeasing in His sight that there was no justice.

¹⁶And He saw that there was no man,
 And was astonished that there was no one to intercede;
 Then His own arm brought salvation to Him,
 And His righteousness upheld him.

¹⁷He put on righteousness like a breastplate,
 And a helmet of salvation on His head;
 And He put on garments of vengeance for clothing
 And wrapped Himself with zeal as a mantle.

¹⁸According to *their* deeds, so He will repay,
 Wrath to His adversaries, recompense to His enemies;
 To the coastlands He will make recompense.

¹⁹So They will fear the name of the LORD from the west
 And His glory from the rising of the sun,
 For He will come like a rushing stream
 Which the wind of the LORD drives,

²⁰A redeemer will come to Zion,
 And to those who turn from transgression in Jacob," declares the LORD.

59:9-11 Hierdie verse beskryf die nagevolg van Israel se sonde (vv.3-8)

1. geen sprake van reg en(NAV)
2. geregtigheid vir ons nie(NAV)
3. Ons wag op lig, maar dit bly donker(NAV)
4. Ons wag op 'n straaltjie lig, maar ons pad bly pikdonker (NAV)
5. Ons tas teen die mure soos blindes (BB 178, KB 206, *Pi 'el* KOHORTATIEF, (twee keer) vgl. Deut. 28:29; Jer.13:16; Amos 5:18,20)– (NAV)
6. Ons is almal soos grommende bere(NAV)
7. soos duiwe kir ons aanhoudend (OAV); wat kla en kla (NAV)
8. ons wag opreg, maar dit is nie daar nie (OAV)
9. op heil– dit bly vêr van ons (OAV)

Nommer 6 is 'n metafoor wat net hier in die OT voorkom. Die TEV vertaal dit parafraserend " we are frightened and distressed" in die reëltjie wat volg; Cum-NLV "Ons grom soos honger bere." Die NASB Study Bible het "n voetnoot wat lui" impatient and frustrated."

Die metafoor van nommer 7 word ook in 38:14, Eseg. 7:16 en Nahum 2:7 teëgekomp. .

59:12 Vers 12 beskryf die heersende geestelike ingesteldheid.

1. Israel se oortredinge (Cum-NLV) is van menigvuldige aard
2. Israel se sondes is 'n aanklag teen hulle.
3. Israel se opstandigheid (Cum-NLV) bly hulle voor oë
4. Israel verklaar dat hulle bewus (Cum-NLV) van hulle sondes is

Let daarop hoe Jesaja, soos Esra, die volksondes bely (Esra 9:6-7). So het ook die Hoëpriester gedoen op die Groot Versoendag (Lev. 16). Wat korporele (volksgeheel) sondes betref is daar gevolge; dieselfde geld vir individuele sonde.

59:13 Die sondes word in vers 13 beskryf.

1. Opstand en valsheid; Cum-NLV; (BDB 833, KB 981, Qal INFINITIVUS ABSOLUTUS)
2. geveinsdheid teenoor die Here ; NAV, (BDB 471; KB 469, *Pi 'el* INFINITIVUS ABSOLUTUS)
3. ontrou teen ons God Cum-NLV ; (BDB 690, KB 744 Nifal INFINITIVUS ABSOLUTUS)
4. Beplanning van onderdrukking; NAV (BDB 180, KB 210, *Pi 'el* INFINITIVUS ABSOLUTUS)
5. Leuentaal uit 'n leuenagtige hart ; OAV; (BDB 247, KB KB 255, *Po 'el* INFINITIVUS ABSOLUTUS)
6. verspreiding van leuens; NAV; (BDB 211, KB 237, *Po 'el* INFINITIVUS ABSOLUTUS))

Let daarop hoe die skrywer taalkunstig die INFINITIVUS ABSOLUTUS gebruik in verse 4 en 13! Die afvallige nasate van Abraham laat blyk hulle ware gesindheid (selfgerigtheid) in hulle leefstyl (vgl. Titus 1:16). Hulle het die mondvul oor JHWH, maar hulle leefstyl is origens uiters selfsugtig (6:9-10; 29:13).

59:14-15a Waartoe het hierdie voorbedagte, geestelike opstandigheid gelei?

1. Die reg het van die toneel verdwyn (NAV)
2. die geregtigheid bly staan van ver (OAV)
3. Die waarheid struikel waar daar reg gespreek word (NAV)
4. eerlikheid kan nie daar inkom nie (NAV)
5. Die waarheid het verdwyn (NAV)

59:15b-16b JHWH wou Homself deur Israel as verbondsvolk aan die wereld openbaar, maar hulle het klaaglik misluk.

1. hulle optrede en gesindheid was onaanvaarbaar
2. geregtigheid was daar nie
3. niemand was regverdig nie
4. dat niemand tussebeide tree nie (OAV); Eseg.22:30

Daarom het JHWH self opgetree. Dit stem theologies ooreen met Eseg. 36:22-38, wat die "nuwe verbond" van Jer. 31:31-34 beskryf. Die profeet spreek oor JHWH in verse 15b-20. In vers 21 is JHWH self aan die woord.

59:16d In die lig van 'n gevalle mensdom, wat selfs die bondsvolk insluit, besluit JHWH om Self te handel.

1. Daarom het Hy self gekom om redding te bewerk (Cum-NLV)
2. en sy geregtigheid het Hom ondersteun (OAV)

Wie is hierdie “Hom”? In die konteks kan dit op die Messias dui (die Lydende Kneg), of dalk JHWH se profeet (d.w.s. Jesaja).

59:17 JHWH word hier beskryf as ’n krygsman wat vir oorlog gereedmaak. Hierdie gedeelte in die OT dien as verwysingsraamwerk vir Paulus se militere beeldspraak in Efes. 6:10-17.

1. geregtigheid aangetrek soos ’n pantser (OAV)
2. die helm van heil/ redding/ (NAV) was op sy hoof (OAV)
3. Hy trek straf aan as klere (OAV)
4. Gewikkel in die ywer soos ’n mantel (OAV)

59:18 “Ooreenkomstig hulle werke sal Hy vergeld,” kom herhaaldelik in die Skrif voor.

1. Job 34:11
2. Ps.28:4; 62:12
3. Spr.24:12
4. Pred. 12:14
5. Jer. 17:10; 32:19
6. Mat. 16:27; 25:31-46
7. Rom.2:6; 14:12
8. 1 Kor. 3:8; 2 Kor. 5:10
9. Gal. 6:17
10. 2 Tim 4:14
11. 1 Pet. 1:17
12. Openb. 2:23; 20:12; 22:12

Alle mense maai wat hulle saai. Allerlei gevolge van keuses en optrede volg ons met die loop van tyd. Dank God vir sy vergifnis wat ook vergeet.



OAV	“die eilande”
NAV	“vir die eilande”
Cum-NLV	“selfs hulle wat ver is”
NASB	“The coastlands”

Hierdie woord (BDB 15 I) kom dikwels in hierdie deel van Jesaja voor (40:15; 41:1,5; 42:4,10,15; 49:1 51:5; 59:18; 60:9; 66:19). Die bedoeling daarmee is gewoonlik verwysing na ander volke of heidennasies.

59:19-20 Die rede vir JHWH se ingryping (BDB 168) is verlossing (terwille van die nodige ontsag vir die HERE). ’n Verlosser (vgl. 41:14; 43:1; 44:22) kom op uit die volk Israel (die Messias). Hy kom vir almal wat omkeer/ omdraai (BDB 996, KB 1427, *Qal* PARTISIPIUM); sien vir Spesiale Aandag by 44:22. In die NT is Rom. 9-11 die gedeeltes wat met die ongeloof en opstand van Israel worstel. Paulus gebruik vers 20 in 11:26-27. Ek is van mening dat Rom. 3:21-31; 9-10; Galasiërs 3 en die Hebreërboek goed daarin slaag om verstaanbaar te maak hoedat die Ou- en Nuwe Verbond van mekaar afwyk en hoe dit weer versoen word!

59:19

OAV, Cum-NLV	die naam van die HERE” ""
N.A.V.	“die naam en die mag van die Here”
NASB	“the name of the LORD”

Sien *Vir Spesiale Aandag* by 52:6

NASB HERSIENE TEKS 59:21

Vir die Afrikaans hiervan kyk die OAV, NAV, Cum-NLV

²¹ **“As for Me, this is My covenant with them,” says the LORD: “ My Spirit which is upon you, and My words which I have put in your mouth shall not depart from you, nor from the mouth of your offspring, nor from the mouth of your offspring’s offspring, “ says the LORD, from now and forever.”**

59:21 JHWH meld “wat My aangaan” teenoor Israel (of die gelowige nasate van Abraham, kyk Rom. 2:28-29; 9:6; Gal. 6:16) wat sy beloftes sal wees:

1. Sy Gees
2. Sy openbaring
3. Sy invloed oor die komende geslagte.



OAV	“van nou af en tot in ewigheid”
N.A.V.	“nie nou nie en nooit nie”
Cum-NLV	“van nou af en vir altyd”
NASB	“from now and forever”

Sien *Vir Spesiale Aandag* by 45:17. Een van my gunsteling boeke om profesie te verklaar, is D. Brent Sandy, *Plowshares and Pruning Hooks*. Hy gee deeglik rekenskap van die metaforiese gebruik van “vir altyd.” (bl. 99-101) Hy meld dat dit dikwels die WERKWOORD se intensiteit versterk of versag.

JESAJA 60

PARAGRAAFINDELING VAN EIETYDSE VERTALINGS

NASB	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV*
A Glorified Zion	The Gentiles Bless Zion	Jerusalem's Glorious restoration	The Future Glory of Jerusalem	The Splendor of Jerusalem	Nasies kom na jou lig toe
60:1-3 (1-3)	60:1-3 (1-3)	60:1-3 (1-3)	60:1-3 (1-3)	60:1-11 (1-11)	60:1-3
60:4-9 (4-9)	60:4-7 (4-7) 60:8-9 (8-9)	60:4-16 (4-16)	60:4-5 (4-5) 60:6-7 (6-7) 60:8-9 (8-9)		60:4-12
60:10-14 (10-14)	60:10-12 (10-12) 60:13-14 (13-14)		60:10-12 (10-12) 60:13-14 (13-14)	60:12 (12) 60:13-18 (13-18)	60:13-22
60:15-22 (15-22)	60:15-16 (15-16) 60:17-18 (17-18) God The Glory of His People 60:19-22 (19-22)	60:17-22) (17-22)	60:15-16 (15-16) 60:17-18 (17-18) 60:19-22 (19-22)	60:19-22 (19-22)	

* Maak gerus u paragraafindeling ook van die OAV, Cum-NLV en ander vertalings

LEESSIKLUS DRIE (kyk bl. xvii van die inleidingsgedeelte)

ONS VOLG DIE OORSPRONKLIKE SKYWER SE BEDOELING DEUR PARAGRAAFINDELING

Hierdie is 'n studieleiding-kommentaar wat beteken dat u self vir die uitleg van die Bybel verantwoordelik sal wees. Elkeen van ons moet in die lig tot ons beskikking wandel. U is met die Bybel in die hand en onder leiding van die Heilige Gees dus prominent in die verstaansproses en uitleg. Moenie so 'n groot voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die hoofstuk deur in een sitting. Onderskei die onderwerpe. Vergelyk u onderwerpe met die Afrikaanse en Engelse vertalings se tema-opskrifte bo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot verstaan van die oorspronklike skrywer se bedoeling, wat immers die hart van Skrifuitleg is. Elke paragraaf handel oor een enkele saak, niks meer nie.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens

INSIG UIT DIE TEKSVERBAND

- A. Tussen hoofstuk 59 en die daaropvolgende 60-62 kom 'n radikale verandering van gemoedstemming voor.
- B. Hoofstukke 60-62 is 'n literêre eenheid en handel oor die glorieryke toekoms van God se volk in 'n herstelde Jerusalem.

WOORD EN FRASESTUDIE

NASB HERSIENE TEKS: 60:1-3

Vir die Afrikaans hiervan sien die OAV,NAV, Cum-NLV

**¹“Arise, shine; for your light has come,”
And the glory of the LORD has risen upon you.
²For behold’ darkness will cover the earth
And deep darknes the peoples;
But the LORD will rise upon you
and His glory will appear upon you.
³Nations will come to your light,
And kings to the brightness of your rising**

60:1

OAV	“Staan op, word verlig”
NAV	“Kom...laat skyn jou lig”
Cum-NLV	“Staan op...laat jou lig skyn”
NASB	“Arise, shine”

Die twee *Qal* IMPERATIEWE roep die bondsvolk daartoe op om te wees waarvoor hulle bestem was en wat hulle vir die wêreld behoort te wees. Lig as metafoor kom herhaaldelik in hierdie hoofstuk voor en spreek van

1. God se teenwoordigheid, 60:1,2,9-20
2. geestelike voorbeeldigheid, 60:1,3,5,21;62:1
3. die “lig” as metafoor van lig in duisternis; 9:2; 58:8; 59:9



OAV	“want jou lig kom”
NAV	“laat skyn jou lig”
Cum-NLV	“laat jou lig skyn”
NASB	“your light has come”

Die subjek (handelend) in vv. 1-22 is Sion (vgl. v.14), wat as simbool van die volk van God dien. Die baie algemene WERKWOORD “kom” (BDB 97, KB 112) word verskeie kere in hierdie hoofstuk teëgekem.

1. het gekom; *Qal* PERFECTUM v.1
2. kom; *Qal* PERFECTUM v. 4
3. sal kom; *Qal* IMPERFECTUM v.5
4. sal kom; *Qal* IMPERFECTUM v. 5
5. sal kom; *Qal* IMPERFECTUM, v.6
6. sal bring; *Hifil* INFINITIVUS CONSTRUCTUS, v. 9
7. bring; selfde as #6, v.11
8. sal kom; *Qal* IMPERFECTUM, v.13
- 9-10. sal bring; *Hifil* IMPERFECTUM, twee keer, v.17
11. sal...ondergaan, (in negatief); *Qal* IMPERFECTUM, v. 20 .

Neem in ag dat die tydsaspek (toekoms/verlede) word nie deur die WERKWOORD oorgedra nie, maar hoe dit in die konteks aangwend word.



OAV	“die heerlijkheid van die HERE”
NAV	“die magtige teenwoordigheid van die Here”
Cum-NLV	“die HERE se heerlijkheid”
NASB	“the glory of the LORD”

Hierdie frase is ‘n parallel van “lig” soos genoem in vers 1. In Jes. 24:23; 58:8 word dit met fisiese lig in verband gebring en met oorfloed in boerderyopbrengs (Jes. 58:2). Die Hebreeuse term vir “heerlikheid” (BDB 458), word ook met die *Sjekina-wolk* (van heerlijkheid) – Eks.13:21-22; 14:19,20,24; 19:16-18; 20:21– in verband gebring en dien as simbool van JHWH se persoonlike teenwoordigheid tydens die Uittog uit Egipte. Vuur en weerlig word ook met JHWH se koms na Berg Sinai in verband gebring Eks.19-20), en so word “helderheid” dan ook “heerlikheid.”

60:2 Hiermee word op die fisieke donkerheid van Gen. 1:1-2 gesinspeel of moontlik Eks. 10:21-23; selfs moontlik op Jes. in 9:2 met inspeeling op die duisternis van sonde. JHWH laat nie toe dat die duisternis van die Sondeval (Gen. 3) oor die hele mensdom bly voortbestaan nie. Sy openbaringslig en verlossing sal in die duisternis na vore kom (BDB 280, KB 281).

60:3	
OAV	“nasies sal trek na jou lig”
NAV	“Nasies kom na jou lig toe”
Cum-NLV	“Nasies sal stroom na jou lig”
NASB	“Nations will come to your light”

Dit is heeltemal duidelik dat God se aanvanklike doel met Israel was om die wêreld na Hom toe te lei (61:6,11b;62:2,11; Gen. 12:3; Eks. 19:5-6). Sien *Vir Spesiale Aandag* by 40:15.

Onder al die profete was dit Jesaja wat die universele implikasies van

1. die monoteïsme,
2. die aartsvaderlike beloftes in die OT en
3. Israel se evangeliese/ verkondigingsopdrag

ingesien het, hoewel Miga en Jona in die verband met hom moontlik ingereken moet word.

Sien ook 2:3; 45:14, 22-25;49:23. Sekerlik is dit die voorloper van Joh.3:16; 4:42; 1 Tim.2:4; Tit.2:11; 2 Pet. 3:9; 1 Joh. 2:1; 4:14. Die NT, wat uitsprake van Jesus navolg, het aan hierdie OT beloftes universele status gegee (vgl. Gen. 12:3; Eks. 19:5).

NASB HERSIENE TEKS:60:4-9

Vir die Afrikaans hiervan sien die OAV, die NAV en Cum-NLV

⁴” Lift up your eyes round about and see;
 They all gather together, they come to you.
 Your sons will come from afar,
 And your daughters will be carried in the arms
⁵Then you will see and be radiant,
 And your heart will thrill and rejoice;
 Because the abundance of the sea will be turned to you,
 The wealth of the nations will come to you
⁶A multitude of camels will cover you,
 The young camels of Midian and Ephah
 All those from Sheba will come;
 They will bring gold and frankincense
 And will bear good news of the praises of the LORD
⁷All the flocks of Kedar will be gathered together to you,
 The rams of Nebaioth will minister to you;
 They will go up with acceptance on my altar
 And I shall glorify My My glorious house.
⁸Who are these who fly like a cloud
 And like doves to their lattices?
⁹Surely the coastlands will wait for Me;
 And the ships of Tarshish will *come* first,
 To bring your sons from afar,
 Their silver and their gold with them,
 For the name of the LORD your God
 And for the Holy One of Israel because He has glorified you.

60:4
 OAV “Slaan op... kyk”
 NAV “Kyk... kyk”
 Cum-NLV “Kyk rondom jou ”
 NASB “Lift up...see”

Die twee WERKWOORDE is *Qal* IMPERATIEWE (bevele); vgl. 49:18; Joh.4:35). ‘n Nuwe strofe word dikwels met IMPERTIEWE ingelui.

■
 OAV “Jou seuns kom van ver”
 NAV “Jou seuns kom van ver af”
 Cum-NLV “Jou seuns kom uit ver lande”
 NASB “Your sons will come from afar”

Daar is twee opmerklieke eskatologiese uitsprake wat met reis in verband staan:

1. Die volk van God sal na hulle voorvaderlike tuiste, gesimboliseer deur Jerusalem, terugkeer;
2. daarenteen, sal heidene nie meer Joodse gevangenes maak en hulle in ballingskap wegvoer nie, maar self in die volk van God met hulle gawes en lofsang opgeneem word.

60:5 Wanneer God se volk die lig “sien,” (*Qal* IMPERFEKTUM, BDB 906, KB 1157) en bely, met gepaardgaande goeie gevolg:

1. sal ... straal van vreugde (OAV/NAV); *Qal* PERFEKTUM, BDB 626, KB 676
2. hart sal bons van vreugde (Cum-NLV); *Qal* PERFEKTUM
3. hart...verruim word (OAV); *Qal* PERFEKTUM, BDB 931, KB 1210

Die aanleiding tot hierdie hoop en vreugde is die genadehandeling van God:

1. die rykdom van die see word joune (opbrengs van seevaartvolke)
2. die skatte van die nasies kom in jou besit (vgl. VV. 6-7,11; 61:6)

Hierdie parallelle gedigreëls beskryf die nasies se dank teenoor Israel:

1. vir die openbaring van JHWH
2. vir die tuisbring van JHWH se werklike teenwoordigheid op aarde
3. vir die weg gebaan om die nasie by die verbondsfamilie in te sluit (56:7).

60:6

OAV "en verkondig met blydskap die roemryke dade van die **HERE**"

NAV "en verkondig die lof van die Here"

Cum-NLV "om daarmee die lof van die **HERE** te besing"

NASB "will bear good news of the praises of the **LORD**"

Die WERKWOORD (*Pi 'el* IMPERFEKTUM, BDB 142, KB 163) sinspeel op God se genade aan Israel en daarmee aan alle nasies (40:9-10; 41:27; 42:10-13; 52:7). Is dit nie skokkend wat betref Israel dat dit heidennasies sal wees wat die God van Israel moet prys nie? Nogtans is dit klaarblyklik die doel van monoteïsme (Sien Vir Spesiale Aandag by 40:14). Daar is een God en alle mense is na sy beeld en gelykenis geskape (vgl. Gen. 1:26-27); vir die rede dat hulle vertrouensvriendskap met Hom mag geniet soos wat Gen.3:8; Lev. 26:12 impliseer. Die belofte van Gen. 3:15 aan die mensdom en die hoop op aandeel daaraan vir al die families van die aarde het tot volle wasdom gekom (Gen. 12:3).

60:7

OAV, NAV, Cum-NLV "Nebajot"

NASB "Nabaioth"

Soos die "kleinvee van Kedar" (Cum-NLV) dui Nebajot op Arabiese stamme. Hierdie stam word ook in Gen. 25:13 vermeld. Die Grieke en Romeine het hulle Nabateërs genoem.

60:8

OAV "Wie is dit wat daar aangesweef kom"
soos duiwe na hulle vensters toe?"

NAV "Wat kom hier aangesweef soos wolke
Soos duiwe na hulle neste toe?"

Cum-NLV "Wat sien Ek aangesweef kom soos wolke,
Soos duiwe na hulle neste toe?"

NASB "Who are these who fly like a cloud
And like doves to their lattices"

Hierdie dui op seilskepe wat oor die horison kom op weg na 'n herstelde Jerusalem (v. 9)

60:9

AOV "Ja, op My wag die eilande"

NAV "skepe van die eilande wat na my toe op pad is"

Cum-NLV "die eilande sien op na My"

NASB "Surely the coastlands will wait for Me"

Die eilande is kusgebiede wat in hierdie deel van Jesaja as metafoor vir die heidendom dien. Die WERKWOORD "wag" (*Pi'el* IMPERFEKTUM, DBD 875, KB 1082) word dikwels gebruik as aanduiding hoe op JHWH vertrou moet word (8:17; 25:9; 26:8; 33:2). Let daarop hoe dit in 30:18 met betrekking tot JHWH aangewend word!



OAV,NAV, Cum-NLV

“die skepe van Tarsis”

NASB

“the ships of Tarsis”

“Tarsis” kan dui op

1. die suide van Spanje
2. Sardinië
3. spreekwoordelik vir die “eindes van die aarde”

Let op die verbondsname vir die Godheid (Kyk ook vv. 14,16).

1. JHWH, (God as Redder en Verlosser)
2. Elohim (God as Skepper en Voorsiener)
3. Die Heilige van Israel (Verbondsgod)

Sien die *Vir Speciale Aandag* by 40:3.

NASB HERSIENE TEKS: 60:10-14

Vir die Afrikaans hiervan sien die OAV, NAV en Cum-NLV

¹⁰Foreigners will build up your walls,

And their kings will minister to you;

For My wrath struck you,

And in My favor I have compassion on you.

¹¹Your gates will be open continually;

They will not be closed by day or night,

So that *men* may bring to you the wealth of the nations,

With their kings led in procession.

¹²For the nation and the kingdom which will not serve you will perish,

And the nations will be utterly ruined.

¹³The glory of the Lebanon will come to you,

The juniper, the box tree and the cypress together,

To beautify the place of My sanctuary;

And I shall make the place of My feet glorious.

¹⁴The sons of those who afflicted you will bow themselves at the soles of your feet;

And they will call you the city of the LORD,

The Zion of the Holy One of Israel

60:10

OAV

“in my toorn het Ek jou geslaan,

Maar in my welbehae het Ek My oor jou ontferm”

NAV

“Ek het jou in my toorn gestraf,

Maar in my genade ontferm Ek My oor jou”

Cum-NLV

“Ek het jou in woede gestraf,

Maar in my genade sal Ek My oor jou ontferm

NASB

“For in My wrath I have struck you

And in My favor I have compasson on you”

Hier sien ons die twee groot aksies van JHWH in die Bybel: Sy genade oor die lang termyn, (Ps. 103:10-14) en sy toorn oor die kort termyn (57:16; Ps.103:9). Sy oordeel is van opvoedende aard met die doel om sy skepping tot terugkeer na hom te beweeg (vgl. Rom. 1-3; heb. 12:1-13)

60:11

OAV "Jou poorte sal altyddeur oopstaan"
 NAV "Jou poorte sal altyd oopstaan"
 Cum-NLV "Jou stadshekke sal heeldag en heelnag oop wees"
 NASB "Your gates will be open continually"

Die opmerking beklemtoon dat (veiligheid verkry is,(2) toeganklikheid verseker is (Openb. 21:25)

60:12

OAV "die nasie... sal ondergaan en sekerlik verwoes word"
 NAV "Die nasie ... dié nasie sal heeltemal tot niet gaan."
 Cum-NLV "Die nasie of koninkryk wat jou nie dien nie, sal verdwyn en vernietig word"
 NASB "The nation and kingdom which will not serve you will perish"

So 'n waarskuwing geld ook wat betref die verbond van die Here met Abraham (Gen.12:3; Gen. 27:9)

60:13 Hierdie vers het dit oor die oprigting van 'n nuwe heiligdom (tempel) met die mooi houtsoorte uit die Libanon.

☐

OAV "te versier die plek van my heiligdom... die plek van my voete heerlik maak"
 NAV "die roem van my heiligdom... om luister te verleen aan my tempel"
 Cum-NLV "om my heiligdom te versier, My tempel sal heerlik wees"
 NASB "the place of My sanctuary, And I shall make the place of My feet glorious"

Die verbondsark en die Allerheiligste simboliseer die teenwoordigheid van God op aarde. Die Jodendom se opvatting omtrent die ruimte tussen die Gerubsvlerke as die voetbank vir God se voete (Ps. 99:5; 132:7). Sy troon was dan in die hemel.

60:14

OAV,NAV,Cum-NLV "Sion"
 NASB "Zion"

Dié term (BDB 851) is sinoniem met Jerusalemstad. Die tempel was op die berg Moria opgerig, dié term was nie gebruiklik om die stad aan te dui nie.

NASB HERSIENE TEKS: 60:15-22

Vir die Afrikaans hiervan gebruik die OAV, NAV of Cum-LV

¹⁵"Whereas you have been forsaken and hated
 With no one passing through,
 I will make you an everlasting pride,
 A joy from generation to generation..
¹⁶You will also suck the milk of nations
 And suck the breast of kings;
 Then you will know that I, the LORD, am your Savior
 And your Redeemer, the Mighty One of Jacob.
¹⁷Instead of bronze I will bring gold,
 And instead of iron I will bring silver
 And instead of wood, bronze,
 And instead of stones, iron.
 And I will make peace your administrators
 And righteousness your overseers.
¹⁸Violence will not be heard again in your land,
 Nor devastation or destruction within your borders;
 But you will call your walls salvation, and your gates praise.

**¹⁹No longer will you have the sun for light by day
Nor for brightness will the moon give you light,
But you will have the LORD for an everlasting light,
And your God for your glory.**

**²⁰Your sun will no longer set,
Nor will your moon wane;
For you will have the LORD for an everlasting light
And the days of your mourning will be over.**

**²¹Then all your people will be righteous
They will possess the land forever,
The branch of My planting,
The work of My hands,
That I may be glorified.**

**²²The smallest one will become a clan
And the least one a mighty nation.
I, the LORD will hasten it in its time”**

60:15-22 Hierdie besondere gedeelte stem grootliks ooreen met Openb. 21:1-27 waar die “Nuwe Jerusalem” beskryf word. In hoofsaak is daar twee heersende opvattinge oor hoe die beloftes van die OT in die NT verstaan moet word.

1. Die twee gedeeltes moet letterlik opgeneem word. Jerusalem sal herbou word met ’n sentrale tempel vir offers; d.w.s. ’n bedeling van *premillianisme* is aan die kom.

2. Die twee gedeeltes moet simbolies verstaan word. Daaruit volg dat die NT die beeldspraak beskou as betekenisvol vir die verstaan van ’n nuwe volk van God, d.w.s. *millenialisties*.

’n Soortgelyke dubbelsinnigheid is waarneembaar in 61:6, waar na Israel verwys word as “priesters van die Here.” (vgl. Eks. 19:6). Met dieselfde terme word die kerk in 1 Pet. 2:5,9 en Openb. 1:6 beskryf. Vir altyd was die doel van Israel om die Woord van God aan die mensdom te bring (62:2,11). Sien *Vir Spesiale Aandag* by 40:11. Israel het egter in die taak misluk en God het dit aan die kerk opgedra om dit te volbring. Sien *Vir Spesiale Aandag* by 40:9.

60:15

OAV “In plaas dat jy verlate en gehaat is”

NAV “nie meer verstoot en gehaat”

Cum-NLV “voorheen verstoot... gehaat ”

NASB “you have been forsaken and hated”

Hierdie Hebreeuse idioom staan in verband met die huwelik. Ons vind dit in Gen.29:21vv. as beskrywing van die situasie met Lea. Hierdie selfde idioom i.v.m. die huwelik word voortgesit in 62:4-5, asook in die NT kerk (vgl. Efes. 5:22-33). Die woord “haat” is in Hebreeus ’n term van vergelyking.).

60:17 Moontlik is hierdie ’n sinspeling op 1 Kon. 14:25-27 waar sprake is van die stroop van kosbare metale uit die tempel ten einde belastingpilig teenoor Egipte na te kom.

☐

OAV “Ek sal Vrede as jou owerheid aanstel en geregtigheid as jou Bestuurders”

NAV “Ek laat vrede oor jou regeer,
Ek laat geregtigheid jou bestuur”

Cum-NLV “Vrede en regverdigheid sal jou heersers wees”

NASB “And I will make peace your administrators
And righteousness your overseers”

Hierdie mag aansluit by die Messiaanse regering soos gemeld in hoofstukke 7-14.

60:18 Hierdie profesie is sekerlik nie van toepassing op Israel se eietydse lewe nie. Die profesie laat blyk die afwesigheid van maatskaplike probleme en geweld daarom dui dit op die Messiaanse Era.

60:19-20 Johannes gebruik hierdie beeldspraak in Openb. 21:23; 22:5. JHWH se aanwesigheid is die ware lig.

60:20

AOV "die dae van jou treurigheid is verby"
NAV "jou dae van smart is verby"
Cum-NLV "Jou dae van hartseer het op 'n einde gekom"
NASB "your mourning will be over"

'n Nuwe dag het aangebreek (of sal aanbreek).Jes. 35:10; 65:19; Openb.21:4

60:21

OAV "jou volk sal almal regverdiges wees"
NAV, Cum-NLV "Al jou inwoners sal regverdige(es) wees"
NASB "all your people will be righteous"

Alleen wanneer mense sonde bely, tree God se seëninge na vore. Sien *Vir Speciale Aandag* by 44:22. Hy sal self daarvoor intree met 'n nuwe hart en nuwe verstand (vgl. Jer.31:31-34; Eseg. 36:22-38).

Hierdie soort belofte lei tot die teologiese debat oor God se soewereiniteit en die mens se vrye wil. Kan 'n gevalle mensdom enigiets bydra tot hul eie verlossing of is alles (geloof en belydenis) 'n gawe van God? (vgl. Han.5:31; 11:18; 2 Tim. 2:25). Ander tekste dui daarop dat gepreek moet word om mense tot belydenis te bring (d.w.s. 'n vrye wil om op die aanbod van genade te reageer, vgl. Mat.3:8; Luk. 3:8; Joh. 1:12; Han. 2:38 ens.). Op 'n paradoksale manier is beide wel bybels, hoewel vir die weste moeilik om oosterse denke te verstaan

☐

OAV "vir ewig sal hulle die land besit"
NAV, Cum-NLV "hulle sal die land vir altyd besit"
NASB "They will possess the land forever"

Hierdie mag 'n sinspeling wees op Gen. 17:8. Die frase "vir altyd" is problematies wat interpretasie betref. Sien *Vir Speciale Aandag* by 45:17.

☐

OAV "as lote deur My geplant"
NAV "die loot wat Ek self daar geplant het"
Cum-NLV Ek sal hulle met My eie hande plant
NASB "The branch of My planting"

In 61:3 word dieselfde metafoor gebruik. Dit kan in navolging van Ps.1 geskied, maar kom ook voor in Jes. 11:1. Heelwat boerdery-metafore kom in die OT voor.

60:22

OAV "geslag"
NAV,Cum-NLV "duisende"
NASB "clan"

Sien *Vir Speciale Aandag* wat hier volg.

VIR SPECIALE AANDAG: DUISEND, (êlêf) ; אלף

Dit is die Hebraëuse woord vir “duisend” (BDB 48), alhoewel dit in verskeie betekenisse gebruik kan word.

1. ’n familie-eenheid ; Jos. 22:14; Rigt. 6:15; 1 Sam. 23:23; Sag. 9:7; 12:6
2. ’n militêre-eenheid; Eks. 18: 21, 25; Deut. 1:15
3. duisend in letterlike sin; Gen. 20:16; Eks. 32:18
4. ’n simboliese getal ; Gen. 24:60; 34:7; Deut. 7:9; Jer. 32:18
5. Die verwante Ugaritiese woord “alluf” is ’n hoofman



OAV	“Ek...sal dit op die regte tyd gou laat kom”
NAV, Cum-NLV	“Wanneer die tyd daarvoor kom, sal Ek dit doen”
NASB	“I, the LORD will hasten it in its time ”

Geskiedenis is in die hande van God (vgl. 45:23; 61:11)

VRAE VIR BESPREKING

Hierdie is ’n studieleiding-kommentaar wat beteken dat u self vir die uitleg van die Bybel verantwoordelik sal wees. Elkeen van ons moet in die lig tot ons beskikking wandel. U is met die Bybel in die hand, en onder leiding van die Heilige Gees, prominent in die verstaansproses en uitleg. Moenie so ’n groot voorreg aan ’n kommentaarskrywer prysgee nie.

Hierdie besprekingsvrae is bedoel om u te help nadink oor die belangrikste sake in hierdie gedeelte van die boek. U is vry om anders te oordeel oor wat u belangrik ag vir ’n gesprek.

1. Waarom is hierdie hoofstuk so vol van metafore oor “helderheid” en “lig”?
2. Moet ’n letterlike herstel van ’n Joodse staat verwag word of word ’n Messiaanse Era bedoel?
3. Hoekom sal heidene op trek na Jerusalem?
4. Watter verband is daar tussen vv.15-22 en die Openbaringboek.

JESAJA 61

PARAGRAAF INDELING VAN EIETYDSE VERTALINGS

NASB	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV*
Exaltation of the Afflicted	The Good News of Salvation	The Mission to Zion	The Good News of Deliverance (61:1-62:12)	A Prophets Mission	Eer in plaas van smart
61:1-3 (1-3)	61:1-3 (1-3)	61:1-4 (1-4)	61:1-4 (1-4)	61:1-9 (1-9)	61:1-7 (1-7)
61:4-9 (4-9)	61:4-7 (4-7) 61:8-9 (8-9)	61:5-7 (5-7) 61:8-11 (8-11)	61:5-7 (5-7) 61:8-9 (8-9)	Thanksgiving	61:8-9 (8-9)
61:10-11 (10-11)	61:10-11 (10-11)		61:10-11 (10-11)	61:10-11 (10-11)	61:10-11 (10-11)

Hierdie is 'n studieleiding-kommentaar wat beteken dat u self vir die uitleg van die Bybel verantwoordelik sal wees. Elkeen van ons moet in die lig tot ons beskikking wandel. U is met die Bybel in die hand en onder leiding van die Heilige Gees dus prominent in die verstaansproses en uitleg. Moenie so 'n groot voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die hoofstuk deur in een sitting. Onderskei die onderwerpe. Vergelyk u onderwerpe met die Afrikaanse en Engelse vertalings se tema-opskrifte bo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot verstaan van die oorspronklike skrywer se bedoeling, wat immers die hart van Skrifuitleg is. Elke paragraaf handel oor een enkele saak, niks meer nie.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens

INSIG UIT DIE KONTEKS

- A. Terwyl hoofstuk 60 die eindresultaat beskryf, laat sien hoofstuk 61 hoedat God dit sou seën.
- B. Aangesien die Here Jesus hierdie gedeelte op Homself van toepassing maak (vgl. Luk. 4:16-21; 7:18-23), moet dit as Messiaans beskou word (d.w.s. as die Kneg).
- C. Die Gees van die Here in hierdie hoofstuk is ooreenstemmend met die NT se trinitariese opvatting.
 - 1. Sien Vir Spesiale Aandag by 40:7
 - 2. Sien Vir Spesiale Aandag: Die Drie-eenheid by 40:13
- D. Dit is ook 'n duidelike geval van tipologie, wat beteken dat 'n plaaslik, historiese situasie in Israel se bestaan, sou dien as voorafskaduwing van gebeure in die tyd van die Messias.

WOORD EN FRASE STUDIE:

NASB HERIENE TEKS: 61:1-3

Vir die Afrikaans hiervan sien die OAV, NAV en Cum-NLV

¹The Spirit of the LORD GOD is upon me,
Because the LORD has anointed me
To bring good news to the afflicted;
He has sent me to bind up the broken-hearted,
To proclaim liberty to captives
And freedom to prisoners;
²To proclaim the favourable year of the LORD
And the day of vengeance of our God;
To comfort all who mourn,
³To grant those who mourn in Zion,
Giving them a garland in instead of ashes,
The oil of gladness instead of mourning,
The mantle of praise instead of a spirit of fainting.
So they will be called oaks of righteousness,
The planting of the LORD, that He may be glorified

61:1

OAV

“Die Gees van die Here HERE is op My”

NAV

“Die Gees van die Here my God het oor my gekom”

Cum-NLV

“Die Gees van die oppermagtige HERE het op my gekom”

NASB

“The Spirit of the Lord GOD is upon me

Sigbaar het dit in die lewe van Jesus gebeur tydens sy doop (vgl. Mat. 11:1-2; Jes. 42:1; Mat. 3:13-17; Mark.1: 9-11; Luk. 3:21,22; Joh. 1:31-34), alhoewel die Gees altyd met Jesus was. Sien Vir Spesiale Aandag: Die Heilige Gees as Persoon by 42:1.



OAV, NAV, Cum- NLV

“gesalf”

NASB

“anointed”

Dit is 'n Hebreeuse woord wat ook as Messias of “die Een wat Gesalf is”, vertaal kan word (BDB 602). Sien i.d.v. *Vir Spesiale Aandag* by 40:10. Dit was 'n teken dat God besondere seën toegesê het of bekwaamheid vir 'n taak voorsien het Ps.23:5. In die OT is profete, priesters en konings gesalf as 'n simboliese teken dat hulle die besondere teenwoordigheid van God by uitoefening van hulle opdragte en roeping sou ervaar. Hieruit het Johannes Calvyn 'n drievoudige karakter vir Christus se dienswerk afgelei, naamlik as Profeet, Priester en Koning (vgl. Heb. 1:2,3)

VIR SPESIALE AANDAG: SALWING IN DIE BYBEL (BDB 603)

- A. Vir die doel van verheerliking, geurmiddel (Deut. 28:40; Rut 3:3; 2 Sam.12:20; 14:2; 2 Kron. 28:15; Dan.10:3; Amos 6:6; Miga 6:15)
- B. In gebruik met gaste, gasvryheid (Ps.23:5; Luk.7:38,46; Joh.11:2)
- C. Vir genesingsdoeleindes, medikasie (Jes. 61:1; Jer.51:8; Mark. 6:13; Luk. 10:34; Jak. 5:14;) Ook middel vir higiëne-doeleindes, Eseg.16:9)
- D. Om liggaam vir begrafnis voor te berei (Gen.50:2; 2 Kron. 16:14; Mark.16:1; Joh. 12:3,7; 19:39-40)
- E. Vir godsdienstige gebruik, bv. voorwerpe salf, Gen. 28:18; 31:13 (bv. 'n pilaar); Eks.29:23 (die altaar); Eks. 30:26;40:9-16; Lev. *:10-13; Num.7:1 (Die tabernakel).
- F. Vir aanstelling van leiers
 - 1. Priesters
 - a. Aäron () Eks.28:41; 29:7; Lev. 7:36
 - b. 'n standaard betiteling (Num. 3:3; Lev. 16:32)
 - 2. Konings
 - a. deur God (1 Sam. 2:10; 2 sam. 12:7; 2 Kon. 9:3,6,12; Ps. 45:7; 89:20)
 - b. deur profete (1 Sam. 9:16; 10:1; 15:1,17; 16:3,12-13); 1 Kon. 1:45; 19:15-16
 - c. deur priesters (1 Kon. 1:34,39; 2 Kon. 11:12)
 - d. deur die oudstes (Rigt. 9:8,15; @ sam. 2:7; 5:3; 2 Kon. 23:30)
 - e. salwing van Jesus as Messiaanse Koning (Ps. 2:2; Luk. 4:18; Jes. 61:1; Han.4:27; 10:38; Heb. 1:9; Ps. 45:7).
 - f. Jesus se volgelinge (2 kor. 1:21; 1 Joh. 2:20,27; *charisma vir diens*)
 - 3. moontlik i.v.m profete (Jes. 61:1)
 - 4. ongewone persone gesalf as instrument of rol in God se verlossingswerk
 - a. Kores (Jes.45:1)
 - b. die koning van Tirus (Eseg. 28:14); wat die tuin van Eden-metafore gebruik/
 - 5. die term "Messias" beteken "'n Gesalfde" Persoon (BDB 603)

☐	
OAV	om 'n blye boodskap te bring aan die ootmoediges"
NAV	"om 'n blye boodskap te bring aan die mense in nood"
Cum-NLV	"om goeie nuus te bring vir arm mense"
NASB	"To bring good news to the afflicted"

Die Messias se boodskap (kyk *Vir Spesiale Aandag* by 40:10) sal van hoop en uitkoms spreek, verlossing vir uitgeworpenes, verstoteling en sosiaal onderdrukte. (35:5-6)(*Cum-NLV behalwe waar anders aangedui*)

- 1. goeie nuus vir arm mense (*Pi'el*, BDB 142, KB 163) v.1;
- 2. gestuur om die wat hartseer is te troos (v.1); *Pi 'el* BDB 636
- 3. vir die gevangenes vryheid te verkondig en vrylating vir die in die tronk (v.1); *Qal*, BDB 894
- 4. om die genadejaar van die Here aan te kondig (v.2; #3)
- 5. die dag wanneer Hy vir die wat in Sion treur eer gee in plaas van smart (v.3)
 - a. "beskik"(OAV, *Qal* BDB 962, KB 1321)
 - b. "gee" (Cum-NLV; *Qal* BDB 678, KB 733)
- 6. gevolg deur nog 'n INFINITIVUS CONTRUCTUS, maar gerig op die Messias self – "Die HERE het hulle geplant soos sterk en groot eike om sy roem te vermeerder (*Hitpael*, BDB 802, K 908).

61:2

OAV	"'n jaar van die welbehae van die HERE"
NAV	"die tyd gekom het waarop die Here genade betoon"

Cum-NLV "om die genadejaar van die HERE "
NASB "The favourable year of the LORD"

Dit sinspeel op die Jubeljaar (Lev. 25:10). Dit was 'n jaar van afskrywing van alle skuld en die teruggee van vervreemde grond aan die oorspronklike besitters daarvan. Dit moes elke 50ste jaar geskied, maar in die Bybel is daar geen aanduiding dat dit wel gebeur het of gebruiklik was nie.

☐
OAV "'n dag van die wraak van onse God"
NAV "die dag waarop ons God sy vyande straf"
Cum-NLV "die dag van afrekening van ons God"

NASB "the day of vengeance of our God"

Dit is belangrik om daarop te let dat die Jubeljaar ook 'n dag van oordeel insluit. Vir diegene wat God in die Messias leer ken, is dit 'n dag van belonging, maar wie ons Christus (Gesalfde- Grieks) nie ken nie, word dit 'n dag van oordeel en grote droefheid. Aan Goeie Nuus (evangelie), moet slegte nuus ongelukkig voorafgaan (Romeine 1-3).

61:3 Let op die teenstellings in hierdie vers:

1. eer in plaas van smart
2. vreugde in plaas van droefheid
3. blydskap in plaas van hartseer

Let op dieselfde kontraste in vers 7

1. 'n dubbele deel in plaas van minagting
2. voorspoed in plaas van vernedering

☐
OAV "sieraad...as"
NAV, Cum-NLV "eer... smart"
NASB "garland...ashes"

Hier is sprake van dinge waarmee die hoof bedek kan word.

☐
OAV "vreugde-olie"
NAV, Cum-NLV "vreugde"
NASB "the oil of gladness"

Die vroegste mense het nie oor mooimaakmiddels beskik nie, behalwe olyfolie. Dit het hulle gebruik om hulle voor te berei vir tye van vreugde en feeste.

☐
OAV "genoem... "terebinte van geregtigheid, 'n planting van die HERE"
NAV "genoem... Bome van Redding. Die Here het hulle geplant"
Cum-NLV "die HERE het hulle geplant... soos groot en sterk eike"
NASB "oaks of righteousness... the planting of the LORD"

In Ps. 1 dui dit op God se liefde as vertrekpunt en daarna sy voortgesette liefde in ondersteuning en voorsienigheid (Jer. 17:7-8) In navolging van verse 1 en 2 sinspeel dit op die werk van die Messias.

NASB HERSIENE TEKS: 61: 4-9

Vind asb. die Afrikaans hiervan in die OAV, die NAV of die Cum-NLV.

⁴Then they will rebuild the ancient ruins,

**They will raise up the former devastations
 And they will repair the ruined cities,
 The desolations of many generations.
⁵Strangers will stand and pasture your flocks,
 And foreigners will be your farmers and your vinedressers.
⁶But you will be called the priests of the LORD;
 You will be spoken of as ministers of our God.
 You will eat the wealth of nations,
 And in their riches you will boast.
⁷Instead of your shame you will have a double portion,
 And instead of humiliation they will shout of joy over their portion.
 Therefore they will possess a double portion in their land,
 Everlasting joy will be theirs.
⁸For I the LORD love justice,
 I hate robbery in the burnt offering;
 And I will faithfully give them their recompense
 And make an everlasting covenant with them.
⁹Then their offspring will be known among the nation,
 And their descendants in the midst of the peoples.
 All who see them will recognize them
 Because they are the offspring whom the LORD has blessed.**

61:4

OAV	“hulle sal die ou puinhope bou”
NAV	“Hulle sal die eeue-oue puinhope opbou”
Cum-NLV	“Hulle sal die verlate stede herbou”
NASB	“they will rebuild the ancient ruins”

‘n Nie-Jood vind dit moeilik om die intensiteit van Joodse gevoelens in verband met die Beloofde Land te verstaan (49:8; 58:12; 60:10).

Hierdie vers verklaar wat die vrygemaakte (balling) graag sal wil doen.

1. verlate stede herbou (Cum-NLV)
2. plekke wat lank gelede verwoes is...opbou (Cum-NLV)
3. herstel...plekke wat vir geslagte lank verlate gelê het (Cum-NLV)

In die laaste reël het die skrywer diegene in gedagte wat uit die Babiloniese Ballingskap sou terugkeer.

61:5 Vers 5 vat die tema van vreemdelinge met geskenke op pad na Jerusalem vir aanbidding van die God van Israel verder.

Uit NT openbaring weet ons dat dit op die Nuwe Verbond in Christus dui, vir almal beskikbaar deur belydenis en geloof (Mark. 1:15; Han. 3:16, 19; 20:21)!

Ek vertolk die OT beloftes aan Israel as veelvoudig vervulbaar. In Israel se geskiedenis het dit weens hulle sonde en opstand nie gerealiseer nie, gevolglik vind dit vervulling in Christus. Sien *Vir Spesiale Aandag* by 40:9 en 40:15.

61:6

OAV	“Julle sal priesters van die HERE genoem word”
NAV	“Julle sal genoem word: Priesters van die Here”
Cum-NLV	“julle sal genoem word die Priesters van die HERE”
NASB	“you will be called priests of the LORD”

Israel wat bedoel was om dit te wees, sal dit nou wel word. Petrus gebruik die presiese frase om die kerk te beskryf (1 Pet. 2:5,9 (Vgl. Eks. 19:6; sien ook die gebruik hiervan Openb. 1:6).

61:7
OAV, Cum-NLV "dubbele deel"
NAV "twee keer soveel besittings"
NASB "double portion"

Dit weerspieël die erfdeel van die oudste seun volgens erfreggebruike in Israel (Deut 21:17). Omdat Israel dubbeld ontvang het van JHWH se oordeel, volg nou 'n dubbele goedmaak.

☐
OAV "ewige vreugde geniet"
NAV "julle sal altyd vreugde hê"
Cum-NLV "van voorspoed en ewige vreugde"
NASB "everlasting joy will be theirs"

Hierdie selfde wonderlike belofte word in Ps.16:11 aangetref. Die vraag is wel wanneer dit sal gebeur?

1. Dit het nie gebeur met die terugkerendes uit Babiloniese Ballingskap nie.
2. Dit het nie gebeur met die Jodendom in die Grieks-Romeinse era nie.
3. wel in die toekoms dan
 - a. Israel na die koms van die Messias
 - b. die kerk
 - c. die millennium (1000 jarige vrederyk)
 - d. die herstelde Tuin van Eden.

Dit is baie ou geïnspireerde poësie. Dit beantwoord nie al die vrae van 'n modern tyd nie. Dit is veilig om die sentrale betekenis van die strofe te bepaal en dit in die lig van NT openbaring te verstaan.

61:8
OAV "Want Ek, die HERE, het die reg lief"
NAV "Ek is die Here. Ek het die reg lief"
Cum-NLV "want Ek, die HERE het geregtigheid lief"
NASB "For I, the LORD love justice"

JHWH is 'n eties-morele Wese. Hy vereis etiese, morele handeling van sy volk! Let op sy aangetekende karaktertrekke.

1. het geregtigheid lief
2. haat ongeregtigheid in offerandes

Ander merkwaardige tekste wat JHWH se karakter beskryf, is Eks.34:6; Num.14:18; Neh. 9:17; Ps. 86:15; 103:8-14; 114:5:8-9. Sien Vir Spesiale Aandag by 49:7.

☐
OAV "Ek haat die roof met onreg"
NAV "Ek haat roof en misdaad"
Cum-NLV "diefstal en misdaad"
NASB "in burnt offerings"

Die Septuaginta en moontlik sommige variasies van die Masorete Teks het "met onreg" dieselfde konsonante. Die *UBS Teks Projek* gee die offer-konsep 'n B-gradering (onwaarskynlik)

☐
OAV, NAV "Ek sal 'n ewige verbond met hulle sluit"
Cum-NLV "Ek sluit 'n verbond met hulle wat vir altyd sal bestaan"

NASB**“I will... make an everlasting covenant with them”**

Die Jode het immer die eerste verbond verbreek, soos aangedui word in 1 en 2 Konings en 1 en 2 Kronieke. Om die rede het God bepaal dat die Eerste Verbond tot ‘n einde sal kom. (Sy Gees het die tempel verlaat; die val van Jerusalem). Die doel van hierdie beëindiging was die aanvang van ‘n Nuwe Verbond van veel groter geestelike belang (Jer.31:31-34 en Eseg. 36: 22-38).

61:9 Hier is nog ‘n verwysing na Israel as ‘n teken en boodskapdraer (‘n lig, 42:6; 49:6; 51:4; Han. 13:47), bedoel om die karakter van God aan die nasies te toon.

NASB HERSIENE TEKS 61:10-11

Vir die Afrikaans hiervan sien die OAV, NAV en Cum-NLV

¹⁰I will rejoice greatly in the LORD,
 My soul will exult in my God;
 For He has clothed me with garments of salvation,
 He has wrapped me with a robe of righteousness,
 As a bridegroom decks himself with a garland,
 And as a bride adores herself with jewels
¹¹For as the earth brings forth its sprouts,
 And as a garden causes the things sown in it to spring up,
 So the LORD GOD will cause righteousness and praise
 To spring up before all the nations.

61:10**OAV****“Ek is baie bly in die HERE, my siel juig in my God”****NAV****“Ek is bly oor die Here, ek juig oor my God”****Cum-NLV****“Ek verheug my in die HERE, ek is bly in my God”****NASB****“I will rejoice greatly in the LORD, My soul will exult in my God”**

Hierdie vers kan op die Messias of die volk (vgl. 12:2; 25:9; 41:16) waar vreugde oor JHWH se voorsienigheid opgeteken is. Die AB suggereer dat hier drie sprekers aan die woord is.

1. die profeet, vv. 1-7 (waarskynlik die Dienskneg)
2. JHWH vers 8-9
3. gepersonifieerde Sion, vv. 10-11 (bl. 181)

Hieruit blyk dubbelsinnigheid soos in gedigte wat betref sprekers en hoorders (as gevolg van lang tydsverloop). Sommige verklaarders is van mening dat 61: 1-3 ‘n 5de Dienaarlied is.

Ek is van mening dat vv. 10-11 beskrywing is van verlore gemeenskapslewe (Gen. 3:15) soos waarvan in Efes.2:11—3:13 en in Romeine 9-11 ook melding gemaak word.

Die WERKWOORDE- KONSTRUKSIE “Ek is baie bly ...” is ‘n *Qal* INFINITIVUS ABSOLUTUS en ‘n WERKWOORD IMPERFEKTUM *Qal* van dieselfde stamwoord (BDB 965, KB 1314). Dit is ‘n grammatikale konstruksie in Hebreeus wat gebruik word om intensiteit van ervaring uit te beeld (“baie”; NAV; “verheug”; Cum-NLV). Die volgende reëltye is ‘n parallel met die WERKWOORD in *Qal* JUSSIEF (BDB 162, KB 189)

**OAV****“Hy het my beklee met die klere van heil”****NAV****“vir my oorwinnaarsklere aangetrek”****Cum-NLV****“Hy het my klere van redding aangetrek”****NASB****“He has clothed me with garments of salvation”**

Agtergrond hiervan is 'n huweliksfees wat dien as metafoor vir die vreugde wat met die geestelike ken van God gepaard gaan. Wat die NT betref, is hierdie metafoor uitgebrei om aan te dui dat gelowiges Christus se kleed van geregtigheid ontvang het (2 Kor. 5:21).

61:11 Sien in hierdie verband Jes. 40:8 en 55:10-11.

VRAE VIR BESPREKING

Hierdie is 'n studieleiding-kommentaar wat beteken dat u self vir die uitleg van die Bybel verantwoordelik sal wees. Elkeen van ons moet in die lig tot ons beskikking wandel. U is met die Bybel in die hand en onder leiding van die Heilige Gees dus prominent in die verstaansproses en uitleg. Moenie so 'n groot voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Hierdie besprekingsvrae word voorsien om die denkproses ten opsigte van hierdie hoofstuk te stimuleer en is nie bedoel om voorskriftelik te wees nie.

1. As hierdie hoofstuk op die Messias dui, waarom oorheers hierin nasionale term?
2. Definieer die term 'Messias'
3. Waarom en vir watter doel word die Jode beskou as 'n koninkryk van priesters?
4. Waarom het God sy eerste verbond met die Joodse nasie verbreek?
5. Waarom is vers 10 se sluitingsmetafoor van soveel belang en hoe gebruik die NT dit in verband met die gelowige wat voor God te staan (sal) kom?

JESAJA 62

PARAGRAAF INDELING VAN EIETYDSE VERTALINGS

NASB	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV*
Zions Glory and New Name	Assurance of Zions Salvation	The Glory of God's People	The Good News of Deliverance (61:1-62:12)	The Splendor of Jerusalem	Die Here het jou lief
62:1-5 (1-5)	62:1-5 (1-5)	62:1-9 (1-9)	62:1-5 (1-5)	62:1-5 (1-5)	62:1-5 (1-5)
62:6-9 (6-9)	(62:6-7) (6-7)		62:6-7 (6-7)	62:6-9 (6-9)	62:6-9 (6-9)
	62:8-9 (8-9)		62:8-9 (8-9)	Conclusion	
62:10-12 (10-12)	62:10-12 (10-12)	62:10-12 (10-12)	62:10-12 (10-12)	62:10-11 (10-11)	62:10-12 (10-12)
				62:12 (12)	

U kan paragraafindeling ook nagaan in die OAV en die Cum-NLV

LEESSIKLUS DRIE (Kyk bl. xvii in die Inleidende gedeelte)

DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING WORD OP PARAGAAFVLAK NAGEGAAN

Hierdie is 'n studieleiding-kommentaar wat beteken dat u self vir die uitleg van die Bybel verantwoordelik sal wees. Elkeen van ons moet in die lig tot ons beskikking wandel. U is met die Bybel in die hand en onder leiding van die Heilige Gees dus prominent in die verstaansproses en uitleg. Moenie so 'n groot voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die hoofstuk deur in een sitting. Onderskei die onderwerpe. Vergelyk u onderwerpe met die Afrikaanse en Engelse vertalings se tema-opskrifte bo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot verstaan van die oorspronklike skrywer se bedoeling, wat immers die hart van Skrifuitleg is. Elke paragraaf handel oor een enkele saak, niks meer nie.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens

¹ For Zion's sake I will not keep silent,
 And for Jerusalem's sake I will not keep quiet,
 Until her righteousness goes forth like brightness,
 And her salvation like a torch that is burning.
²The nations will see your righteousness,
 And all kings your glory;
 And you will be called by a new name
 Which the mouth of the LORD will designate
³You will also be a crown of beauty in the hand of the LORD,
 And a royal diadem in the hand of your God.
⁴It will no longer be said to you "Forsaken,"
 Nor to your land will it longer be said, "Desolate";
 But you will be called, "My delight is in her,"
 And your land, "Married";
 For your LORD delights in you,
 And to Him your land will be married.
⁵For as a young man marries a virgin,
 So your sons will marry you;
 And as the bridegroom rejoices over the bride,
 So your God will rejoice over you.

62:1

OAV, NAV, Cum-NLV "Sion...Jerusalem"
 NASB "Zion...Jerusalem"

In Hebreeus is hierdie twee name parallelle begrippe. Jerusalem is op sewe heuwels gebou. Sionsberg was nie die tempelstandplaas nie, maar die plek van Dawid se paleis en word as gevolg daarvan die benaming vir die hele stad Jerusalem.

☐ Die WERKWOORDE "swyg," OAV (Qal IMPERFEKTUM, BDB 364, KB 361) en "stil wees," OAV (Qal IMPERFEKTUM) beide in negasie, staan in verband met die positiewe stelling wat in 61:1 gemaak was. Die persoonlike voornaamwoord "ek" kan die profeet impliseer of dalk die Dienaar/Messias. Die Godheid verbreek die stilte genoem in 42:14; 57:11; 64:12; 65: 6). Daarmee word dit duidelik dat hoofstukke 60-62 bepaald 'n literêre eenheid vorm.

☐

OAV "geregtigheid...heil"
 NAV "redding...lig"
 Cum-NLV "geregtigheid...redding"
 NASB "righteousness...salvation"

Hierdie woordpare dien hulleself aan as parallelle. Vir "geregtigheid" kyk *Vir Spesiale Aandag* by 48:1. Geregtigheid, hier, het dit oor die omstandighede en leefstyl van die volk van God wat fisiese verlossing van hulle vyande nodig maak. In die OT het die term "verlossing" primêr met fisiek-letterlike verlossing te make, terwyl in die NT daarmee geestelike bevryding bedoel word en vergifnis om voor God te kan staan. Sion se nuwe dag het aangebreek (61:10-11) en die hele wêreld sou daardeur geraak word vgl. v.2 ; 60:3)!

VIR SPESIALE AANDAG: VERLOSSING (OT term)

Hierdie term (BDB 447) het 'n verskeidenheid van konnotasies.

1. Welvaart en vooruitgang, Job 30:15
2. Ingrype van God wat oor fisieke aangeleenthede handel, maar ook wel geestelik
 - a. Gen 49:18
 - b. Deut 32:15
 - c. Ps.3:2,8; 22:1; 35:3; 62:2;69:29; 70:5; 78:22; 80:3; 89:26; 91:16; 106:4; 140:7
 - d. Jes.12:2; 33:2;51:6,8; 52:7,10; 56:1; 59:11; 60:18; 62:1
3. die idee van fisieke en geestelike verlossing kom in Jona duidelik na vore
4. dikwels word ervaring van vreugde verbind aan verlossingswerk van JHWH, 1 Sam. 2:1; Jes. 25:9; 26:1; Ps. 9:14; 13:5; 35:9

Verlossing beteken dat JHWH se oorspronklike vertrouensverhouding met die gemeenskap en sy geskape mensdom herstel word. Beide individuele en gemeenskapsheling is nodig.



OAV	“glans...brand”
NAV	“nuwe dag...brandende”
Cum-NLV	“nuwe dag...brandende fakkel”
NASB	“brightness...burning”

Opnuut word die teenwoordigheid van JHWH aan lig verbind soos dit met die berg Sinai die geval was (Eks. 19-20). Sien die aantekening by 60:1. Israel was bestem om die “lig” van JHWH te wees vir ‘n donker heidendom onder die juk van vrugbaarheidsgodsdienste. Ongelukkig het Israel ook daarin vasgeval. Die NT dra dit, soos in geval met Israel, aan gelowiges op om Jesus as God se hoogste openbaring van “lig” (Joh. 1:4; 8:12; 12:35) aan die wêreld te bedien (Mat. 5:14-16).

62:2

OAV	“die nasies sal jou geregtigheid sien”
NAV	“Die nasies sal sien dat jy gered is”
Cum-NLV	“Die nasies sal jou redding sien”
NASB	“The nations will see your righteousness”

Israel was uitverkies om ‘n getuienis teenoor die hele wêreld te lewer en die mensdom na JHWH te lei (vgl. v. 11; 52:10; 60:3; 61:6,11; 1 Pet. 2:5,9; Openb.1:6). Dit is hoe ‘n “koninkryk van priesters” verstaan moet word (Eks. 19:5-6).



OAV	“jy sal met ‘n nuwe naam genoem word”
NAV, Cum-NLV	“Jy sal ‘n nuwe naam kry”
NASB	“And you will be called by a new name”

Die mededeling van ‘n nuwe naam lei ‘n nuwe era in. Die nuwe verbond word ‘n realiteit. Jesaja gebruik die term “nuwe” (BDB 294) oorvloediglik in die tweede deel van sy boek om die nuwe dag van geregtigheid te beskryf.

1. nuwe dinge; 42:9; 48:6
2. nuwe lied; 42:10; (vgl. Openb. 5:9; 14:13)
3. iets nuuts; 43:19 (vgl. Openb. 3:12)
4. nuwe naam; 62:2 (56:5)
5. nuwe hemel en nuwe aarde; 65:17; 66:22; (2 Pet. 3:13)

Die “nuwe” dag (Openb. 21:5) was inderwaarheid die soort dag wat Hy vir die mensdom in gedagte gehad het. Die sondeval volgens Gen. 3 was egter die groot verbreking van die vertrouensverhouding. Verseker is dit moontlik dat die bybelse beeldspraak oor “hemel” ‘n herstelde Tuin van Eden kan wees.

62:3 Die *Jerome Bible Commentary*, vol. 1, bl.383, noem dat antiek-oosterse mense geglo het dat hulle gode 'n kroon dra van dieselfde vorm as die stad waarin hul aanbidders woon. Indien so, kan hierdie vers as 'n ooreenkoms van kulturele aard beskou word. Hierdie mening kan berus op

1. die aanname dat JHWH aan die woord is in hoofstuk 62
2. hoe wyd so 'n heidenopvatting verspreid was

Die Bybel gebruik wel heidense beeldspraak om JHWH se naam groot te maak en Hom te verheerlik. Hier volg vier uit 'n menigte voorbeelde:

1. "God van die hemel" in Nehemia
2. godsidee van Persiese Zoroastrianisme in Mal. 4:2
3. iets van die twaalf tekens van die zodiac (dierieriem = sterrebeeld) in Openb. 12:1
4. die gedagte dat 'n draak boosheid impliseer

In Jes. 28:5 is JHWH die "kroon" van sy verbondsmense. Hy is hulle heerlikheid, hulle lig, voorsiener, beskerming en in Hom is daar oorwinning. In Sagaria 9:16 is die verbondsvolk die juwele in JHWH se kroon.

62:4

OAV	"verlatene...land...wildernis"
NAV	"verstote vrou... land...die een wat verlate lê"
Cum-NLV	"Verstoteling...Verlatene"
NASB	"forsaken...desolate"

Hiermee word Israel se eie ervaring van die Ballingskap weergegee. (Dis die titels wat hulle aan hulleself toegeken het). Hulle het hulle verlate van God gevoel (54:6-7) en het gewonder of Hy hulle ooit weer lief sal kan hê?

☐

OAV	"my welbehae"
NAV	"Die een vir wie die HERE liefhet"
Cum-NLV	"Een wat Ek liefhet"
NASB	"My delight is in her"

"Welbehae" (delight) mag wel ook die persoonsnaam *Heptsiba* wees (BDB 343,) vgl. 2 Kon. 21:1. So begin 'n volgehoue metafoor wat God as 'n huweliksmaat voorstel (vgl. vv. 4-5). Dit is onmoontlik om 'n oneindige, Heilige Skepper-God te beskryf, daarom moet menslike analogieë nadergeroep word. Sien Vir Spesiale Aandag by 41:2. Dit kom algemeen in die Bybel voor dat God as Vader, eggenoot, of nabye familielid beskryf word.

☐

OAV	"die getroude"
NAV	"Die een wat aan die Here behoort"
Cum-NLV	"jou land behoort aan Hom"
NASB	"married"

Dit kan ook met "Beulah" vertaal word (BDB 127). Reëls 4 en 5 mag die nuwe naam van vers 2 voorstel. Hierdie WERKWOORD, BDB 127, KB 42 word vier keer in vv.4-5 gebruik):

1. as *Qal* PASSIEF WERKWOORDDEELJIE, v.4
2. as *Nifal* IMPERFEKTUM, v. 4
3. as *Qal* IMPERFEKTUM, v. 5
4. dieselfde as #3

62:5

OAV	"soos 'n jonkman...so sal jou kinders jou trou"
------------	--

NAV	“Soos ‘n jong man...sal jou volk jou syne maak”
Cum-NLV	“Soos ‘n jong man...jou kinders vir jou sorg”
NASB, NKJV	“So your sons will marry you”
NRSV	“so shall your builder marry you
NJB	“your rebuilders will wed you”
REB	“so you will be wedded to him who rebuilds you”
LXX (Grieks)	“so sal jou seun met jou woon”

Deur ander vokale by בניך (seuns) te voeg, verander die betekenis na “jou bouer.” (vgl. JHWH in nPs. 51:18; 102:16; 147:2, wat ooreenstem met die huweliksbeeldspraak in die strofe).

The Expositor's Bible Commentary, vol. 1 bl.336 maak ‘n opmerking oor hierdie vers wat daarop neerkom dat hierdie vers 5 ‘n vreemde vergelyking tref soos tevore in 60:16. In albei gevalle skyn dit of doelbewus ‘n onderbreking in die normale gang van die beeldspraak geskep word, moontlik ter wille van verbreding van indrukke. Dit laat ‘n mens wonder oor die logiese verloop van die gedagte, maar haak juis daarom temeer in die geheue vas.

NASB HERSIENE TEKS: 62:6-9

Vind die Afrikaans hiervan in die OAV, NAV en die Cum-NLV

**⁶On your walls, O Jerusalem, I have appointed watchmen;
All day and all night they will never keep silent.
You who remind the LORD, take no rest for yourselves;
⁷And give Him no rest until He establishes
And make Jerusalem a praise on earth.
⁸The LORD has sworn by His right hand and by His strong arm,
“I will never again give your grain as food for your enemies;
Nor will foreigners drink your new wine for which you have laboured”
⁹But those who garner it will eat it and praise the LORD;
And those who gather it will drink it in the courts of My sanctuary**

62:6 Hierdie dui op profete (vgl. 52:8; 56:10 [in negasie], Jer 6:17; Eseg. 3:17; 33:7), alhoewel die rabbyne van mening is dat engele bedoel word.



OAV	“Julle wat die HERE herinner...laat Hom nie met rus nie...totdat Hy Jerusalem bevestig”
NAV	“Julle wat die Here moet herinner...moenie stilbly nie...totdat Hy Jerusalem herstel het”
Cum-NLV	“Julle wat die HERE herinner...moenie rus nie...totdat Hy Jerusalem herstel het”
NASB	“You who remind the LORD” ... give Him no rest until He establishes...Jerusalem

Hierdie opmerking herinner aan ‘n teologiese waarheid dat God sy optrede beperk afhange van die gebede van sy kinders (Jak. 4:2). Dit gaan nie daarvoor om ‘n apatiese Godheid se traagheid te bowe te kom nie, maar om ‘n bediening van gebedsbetrokkenheid en toe-eiening van die Here se beloftes aan te moedig (sien *Special Topic* in vol. II A, by 37: 21-24.)

Die WERKWOORDE “uitgesit” (OAV, NAV) en “herinner” is albei in die *Hifil*-vorm.

62:8

OAV	“Die HERE het gesweer by sy regterhand en by sy magtige arm”
NAV	“Die Here het ‘n eed afgelê en deur sy groot mag sal Hy dit gestand doen”
Cum-NLV	“Die HERE het gesweer by sy eie mag”
NASB	“The LORD has sworn by His right hand and by His strong arm”

Dit is mensvormige spreekwyse (kyk *Vir Speciale Aandag* by 41:2). God is nie liggaamlik nie, maar Gees (vgl. Joh. 4:24), maar hy neem die eed gedagtig aan sy eie vermoë om te handel. JHWH is God wat volgens sy eie wil handel in die lewe van individue sowel as die bestaan van nasies.

God se eed is tegelyk 'n merkwaardige belofte (54:9; Heb. 6:13-20; 7:20-28) Dit herinner aan

1. die mag van God se woord (55:11; 66:2d)
2. die betroubaarheid van sy karakter (45:22-23)

God het 'n ewige verlossingsplan vir alle mense, geskape na sy beeld en gelykenis (vgl. Han.2:23; 3:18; 4:28; 1 Pet.1:20; kyk die *Vir Speciale Aandag* by 40:15). Die Dienaarlied van 52:13-53:12 is God se werkwyse om 'n universele verlossing tot stand te bring (Rom. 5:12-21). Die vertrouensvriendskap wat in Eden gegeld het, sal vir diegene wat bely en in God se Messias glo, herstel word.



OAV, NAV	“vyande...uitlanders”
Cum-NLV	“vyande...vreemde soldate”
NASB	“enemies...foreigners”

Dit verwys na invalle in Palestina deur uitlanders, 'n direkte verwysing na die vervloeking en seëninge soos uitgespreek in Lev. 26:16 en Deut. 28:30-33. Dit was 'n verbond wat Israel verbreek het en waarvoor hulle die gevolge moes dra. JHWH belooft 'n toekomstige tyd wanneer seëninge weer werklikheid sal word.

62:9

OAV	“hulle wat dit oes, sal dit drink in my heilige voorhove”
NAV	“sal die wyn drink in die voorhof van my heiligdom”
Cum-NLV	“sal self die wyn drink in die voorhof van my heiligdom”
NASB	“will drink it in the courts of My sanctuary”

Hier word bedoel die feestelike maaltyd van herstelde vriendskap met die deelgenoot aan die verbond.

NASB HERSIENE TEKS: 62:10-11

Vir die Afrikaans hiervan kyk die OAV, NAV of Cum-NLV

**¹⁰Go through, go through the gates,
Clear the way for the people;
Build up, build u the highway,
Remove the stones, lift up a standard over the peoples.
¹¹Behold the LORD has proclaimed to the end of the earth,
Say to the daughter of Zion, “Lo, your salvation comes;
Behold His reward is with Him, and His recompense before Him.”
¹²And they will call them, “The holy people,
The redeemed of the LORD”;
And you will be called, “Sought out, a city, not forsaken.”**

62:10-11
NAV)

Die profeet gee aan die volk opdragte namens JHWH: daar is 'n reeks IMPERATIEWE (aangehaal uit

1. gaan uit– *Qal*, BDB 716, KB 778
2. gaan uit– dieselfde as #1
3. maak gereed– *Pi 'el*, BDB 815, KB 937
4. vul...op– *Qal*, BDB 699, KB 757
5. vul op– dieselfde as #4
6. vat weg die klippe– *Pi 'el*, BDB 709, KB 768
7. steek 'n banier op– *Hifil*, BDB 926, KB 1202

62:10

OAV	“Gaan in...deur die poorte”
NAV	“Gaan uit ...by die poorte”
Cum-NLV	“gaan uit deur die poorte”
NASB	“go through the gates”

Dit kan verwys na

1. die poorte van stede in Mesopotamië waar Israeliete en Judeërs as bannelinge gewoon het (veral Babilon)
2. moontlik buite chronologiese volgorde, maar van toepassing op poorte van
 - a. die poorte van Jerusalem (Esra, Nehemia)
 - b. of die tempel



OAV, NAV	“steek ‘n banier op”
Cum-NLV	“steek ‘n vaandel in die lug”
NASB	“lift up a standard”

Hier word ‘n stamkenteken of vlag as militêre teken bedoel. Let daarop dat die banier pryk oor die volke en wat volgens v. 11a geldig is tot aan die eindes van die aarde. Die onderskeidingsteken van Israel strek nou oor almal wat glo, wat JHWH aangeneem het en erken.



OAV	“vul op die grootpad”
NAV	“Maak die pad gereed vir my volk”
Cum-NLV	“maak die grootpad gereed vir my volk wat terugkom”
NASB	“Clear the way for the people, build up, build the highway”

Hierdie is ‘n algemene idioom om voorbereidings vir ‘n koninklike besoeker te tref (vgl. Jes. 35:6-10; 40:3-4; 57:14). In die Bybel word dit gebruik

1. in verband met die terugkeer van ballinge
2. en Johannes die Doper wat sy bediening as ‘n wegbereider beskou.

62:11

OAV	“tot by die einde van die aarde”
NAV	“dwarsoor die wereld”
Cum-NLV	“oor die hele aarde”
NASB	“to the end of the earth”

Dit is hoe JHWH se liefde en beloftes vir die hele wereld bedoel is en redding vir alle mense, nie net Israel alleen nie (kyk *Vir Spesiale Aandag* by 40:15).



OAV, NAV, Cum-NLV	“Sê”
NASB	“Say”

Daar is drie waarhede hier van toepassing

1. Hy, wat jou red, kom (NAV)
2. Sy volk wat Hy syne gemaak het, is by Hom (NAV)
3. die wat aan Hom behoort loop voor hom uit (NAV); beloning (OAV)

62:12

OAV, NAV, Cum-NLV	“Hulle sal genoem word”
NASB	“they will call them”

Hierdie is 'n verwysing na die "nuwe" naam: in vers 2. Nie- Israeliete sal hulle nie meer "verlatene" of "wildernis" (OAV) noem nie, maar

1. die heilige volk (Cum-NLV)
2. 'n volk wat deur die HERE gered is (Cum-NLV)
3. die begeerlike stad (Cum-NLV)



OAV	"verlostes van die HERE"
NAV	"wat deur die Here verlos is"
Cum-NLV	"wat deur die HERE gered is"
NASB	"redeemed of the LORD"

"Verlose" (BDB 145 I, sien *Vir Speciale Aandag* by 41:14) staan in verband met "naasbestaande" (*Go'el*). Dit was 'n familiebetrekking wat optree om 'n familielid uit gevangenskap of armoede terug te bring. JHWH is 'n voorbeeld van die Godheid wat as *Go'el* optree. Hy word hiermee op baie persoonlike voet, mensvormig, as familiebetrekking geteken.



OAV	"die begeerde, die stad wat nie verlate is nie"
NAV	"Gewilde Stad, wat nie verlate lê nie"
Cum-NLV	"Die begeerlike stad wat... nie meer verlate is nie"
NASB	"sought out, a city not forsaken"

Betekenisvol is hierdie vers daarin dat dit God laat sien as op pad na die Joodse volk toe en nie aan die wegstaan van hulle af nie.

VRAE VIR BESPREKING

Hierdie is 'n studieleiding-kommentaar wat beteken dat u self vir die uitleg van die Bybel verantwoordelik sal wees. Elkeen van ons moet in die lig tot ons beskikking wandel. U is met die Bybel in die hand en onder leiding van die Heilige Gees dus prominent in die verstaansproses en uitleg. Moenie so 'n groot voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Hierdie besprekingsvrae word voorsien om die denkproses ten opsigte van hierdie hoofstuk te stimuleer en is nie bedoel om voorskriftelik te wees nie.

1. Is Jesaja 62 net met die Ballingskap besig of is dit tipologie wat heenwys op die heerskappy van die Messias?
2. Gee 'n definisie van die OT terme "geregtigheid" en "verlossing"
3. Waarom moet God volgens vers 6 aan sy beloftes herinner word?
4. Het God vir Israel 'n meer besondere liefde as vir die nasies?

JESAJA 63

PARAGRAAF INDELING VAN EIETYDSE VERTALINGS

NASB	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV*
God's Vengeance on the Nations	The LORD in Judgement and Salvation	Poem on Devine Judgement	The LORD's Victory over the Nations	Judgement on the Nations	Ek het die volke getrap in my toorn
63:1-6 (1-6)	63:1a (1a) 63:1b (1b) 63:2 (2) 63:3-6 (3-6)	63:1a (1a) 63:1b (1b) 63:2 (2) 63:3-6 (3-6)	63:1a 63:1b 63:2 63:3-6	63:1-6 (1-6)	63:1 (1) 63:2 (2) 63:3-6 (3-6)
The Ancient mercies Recalled	God's Mercy Remembered	Psalm of Intercession (63:7-64:12)	The LORD'S Goodness to Israel	Mediation of the History of Israel	U is tog ons Vader
63:7-14 (7-14)	63:7-10 (7-10)	63:7-9 (7-9)	63:7 (7)	63:7 (7)	63:7-10 (7-10)
"You are our Father"	63:11-14 (11-14)	63:10-14 (10-14)	63:8-10	63:8-10 (8-10)	63:11-14 (11-14)
	A prayer of Penitence (63:15-64:12)		63:11-13a 63:13b-14	63:11-14 (11-14)	
			A Prayer For Mercy and Help (63:15-64:12)		
63:15-19 (15-19)	63:15-19 (15-19)	63:15-19 (15-19)	63: 15-17 63:18-64:7	63:15-19b 63:19c-64:11 19c-64:11	63:15 (15) 63:16 (16) 63:17-64:5 64:6-7 (6-7)

			64:8-12		64:8 (8)
				64:12 (12)	64:9-12 (9-12)

U kan paragraafindelings ook in die OAV en Cum-NLV ondersoek

LEESSIKLUS DRIE (kyk by die Inleidende stuk bl xvii)

ONS VOLG DIE BEDOELING VAN DIE SKRYWER(S) OP PARAGRAAFVLAK

Hierdie is ‘n studieleiding-kommentaar wat beteken dat u self vir die uitleg van die Bybel verantwoordelik sal wees. Elkeen van ons moet in die lig tot ons beskikking wandel. U is met die Bybel in die hand en onder leiding van die Heilige Gees dus prominent in die verstaansproses en uitleg. Moenie so ‘n groot voorreg aan ‘n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die hoofstuk deur in een sitting. Onderskei die onderwerpe. Vergelyk u onderwerpe met die Afrikaanse en Engelse vertalings se tema-opskrifte bo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot verstaan van die oorspronklike skrywer se bedoeling, wat immers die hart van Skrifuitleg is. Elke paragraaf handel oor een enkele saak, niks meer nie.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens

WOORD EN FRASESTUDIE

NASB HERSIENE TEKS: 63:1-6

Vir die Afrikaans hiervan kan u die OAV,NAV of die Cum-NLV gebruik.

**1 Who is this who comes from Edom,
With garments of glowing colors from Bozrah,
This One who is majestic in His apparel,
Marching in the greatness of His strength?
²Why is Your apparel red,
And your garments like the one who treads in the wine press?
³"I have trodden the wine trough alone,
And from the peoples there was no man with Me.
I also trod them in My anger
And tremped them in My wrath;
And their lifeblood is sprinkled on My garments,
And I strained all My raiment.
⁴For the day of vengeance was in My heart,
And My year of vengeance was in My heart,
And my year of redemption has come.
⁵I looked, and there was no one to help,**

**And I was astonished and there was no one to uphold;
 So My own arm brought salvation to Me,
 And My wrath upheld Me.
⁶I trod down the peoples in My anger
 And made them drunk in My wrath,
 And I poured out their lifeblood on the earth.”**

63:1-6 Hierdie is 'n dialoog (vraag en antwoord) tussen die profeet/ Dienaar en JHWH.

1. Vers 1; die eerste vraag van die profeet: JHWH kom uit Edom in grootse gewaad, vv.1a-d;;2
2. vers 1e; JHWH praat
 - a. in geregtigheid
 - b. magtig om te red
3. Vers 3; die profeet se tweede vraag, v. 2
4. Verse 3-6 JHWH antwoord weer
 Het die wyppers alleen getrap
 Niemand uit die volkere het Hom ondersteun nie(v.5; 59:16)

63:1
OAV, NAV, Cum-NLV “Edom”
NAB “Edom”
 Dikwels dien hierdie nabygeleë bevolking as simbool vir al die heidennasies (vgl. 34:5-15) wat onder oordeel van JHWH verkeer.

VIR SPESIALE AANDAG: EDOM EN ISRAEL

- A. Edom is die nasie aan die oostekant van die Dooie See wat nasate van Esau, Jacob se broer, was (Gen.25-28; 32-33) :”Edom” beteken “rooi,” hoewel Esau “harig” was (Gen. 25:25,30).
- B. Aan Israel was dit voorgeskryf om respek vir Edom te hê (Deut. 23:7).
- C. Daar was egter tussen Israel en Edom voortdurend probleme.
 1. Num.20:14-21
 2. Rig. 11:16-17
 3. 1 Sam. 14:47-48
 4. 2 Sam. 8:14
 5. 1 Kon. 11:14-22
 6. 2 Kon. 14:22; 16:5-6
 7. 2 Kron. 20:10-30; 21:8vv.
 8. Amos 1:6-9
- D. Ander profesieë teen Edom
 1. Jes.34:5vv.; 63:1vv.
 2. Jer.49:7-22
 3. Klaagli. 4:21-22
 4. Eseg. 25:12-14; 35:1-15; 36:2-6
 5. Amos 1: 11-12
- E. In Obadja word Edom veroordeel tov
 1. haar trots, vv. 3-4
 - a. In geografiese beveiliging
 - b. in politieke bondgenootskappe en militêre mag
 - c. in voorspoedige handel
 - d. in tradisionele aard van wysheid
 2. in haar gewelddadigheid teenoor Juda as familieverwante volk (vv. 10-14)
 - a. verheug oor die val van Jerusalem (Klaagli. 2:15-17;4:21)
 - b. weier om tot hulp te kom (v.11)
 - c. aktiewe steun aan Israel se vyande (v.14)

- d. vergryp aan Juda se eiendom (Jer. 13:19)
- 3. Haar verwerping en minagting van JHWH
- F. Edom is dan moontlik 'n simbool (tipe) van alle nasies wat teen God en sy volk gerebelleer het, vv. 15-21 (vgl. Ps.2)
- G. Moontlike historiese vervulling van hierdie profesie.
 - 1. verwoesting van Edom deur Neo-Babilon ongeveer 5 jaar na die val van Jerusalem (580 v.C)
 - 2. verdringing van Edomiete uit Petra deur Nabateaanse Arabiere ongeveer 550-499 v.C.(vgl. Mal. 2:1-5). Edom wword nie genoem in Nehemia se lys van omringende vyande nie, maar word verdryf deur Arabiese stamme. Edom het die Negev inbeweeg.
 - 3. verslaan deur Alexander die Grote se se generaal Antigonos in 312 v.C. (meegedeel in Diodorus Seculus)
 - 4. Judas Maccabeus verslaan Edom in ongeveer 175 v.C. in die Negev (vgl. 1 Maccabeus 5:3,15; 2 Maccabeus 10:15; Josefus , *Antiquities of the Jews* 12:8:1; 13:9:1)
 - 5. Edom gedwing deur Johannes Hyrcanus in 125 v.C. om Judaïsme te aanvaar. Sedertdien staan hulle as Idumeërs bekend.
 - 6. In 70 n.C. het die Romeinse generaal, Titus, Idumeïese invloed totaal uitgewis.



OAV, NAV, Cum-NLV "Bosra",
NASB "Bosrah"

Dit was 'n belangrike stad, dikwels die hoofstad van Edom. Die naam kom dikwels in die Wee/ellende-oordeelsuitsprake voor (Jes.34:6; 63:1; Jer. 49:13,22; Amos 1:12)



OAV "aankom...pragtig"
NAV "aankom...indrukwekkend"
Cum-NLV "voortmarsjeer"
NASB, NRSV, TEV,NJB "marching"
NKJV "traveling"
JPSOA "pressing forward"
REB "striding along"

In 51:14 word die woord *הצע*, as "gebukkend loop" (BDB 858, KB 1040) verstaan, maar dié konnotasie pas nie in hierdie konteks nie. Sommige stel emmendasie (konsonantverandering) voor om *הצע* te lees (KB 1040) wat "marsjeer" of "aanstap" beteken. Die *UBS Text Project* gee vir "gebukkend loop" 'n "B" gradering, maar dit is in die parallelisme van die konteks wat dit nie pas nie.

63:3

OAV "pers"
NAV, Cum-NLV "wynpers"
NASB "the wine trough"

Hierdie beeldspraak in verband met oordeel kom ook voor in Klaagl. 1:15; Joël 3:13; Openb. 14:19, 20; 19:15. Hier tree God/Messias as Goddelike Krygsman op.

63:4 Let op hoe 'n dag van oordeel (vgl. 34:8; 35:4,8;61:2) die noodsaaklike voorloper is van die dag of jaar van verlossing!

Die dag van die Here en die dag van verlossing is die twee kante van sy koms. Vir gelowiges is die koms van God die groot hereniging in vertrouensvriendskap; vir die ongelowiges, egter, finale skeiding en verwerping.

63:5

OAV "Toe het my arm My gehelp en my grimmigheid het My ondersteun "
NAV "Ek het self opgetree, my woede het My bygestaan"
Cum-NLV "Daarom het Ek alleen wraak geneem, sonder enige hulp"

NASB**So My own arm brought salvation to Me, And My wrath upheld Me**

Dit moet saamegelees word met die eerste twee reëls, wat aandui dat JHWH geen menslike hulp gehad het om verlossing te bewerkstellig nie. Net Hy alleen kon dit doen (Eseg. 36:22-38). Dit mag wees dat hierdie teks die beeldspraak voorsien het vir Johannes in Openb. 5. Net Een is waardig om die boek oop te maak, die gekruisigde, opgestane Lam van God, die Lydende Kneg, die Messias!

63:6 JHWH se oordeel word in drie metafore beskryf (d.w.s. die Goddelike Krygsman, vgl. 59:17; Eks. 15:3).

1. vertrap in my toorn (OAV); *Qa*/ IMPERFEKTUM, BD 100, KB 115; daar is drie parallelle vir “vertrap” in verse 2-3.
2. hulle dronk gemaak (OAV); *Pi ‘el* PERFEKTUM, BDB 1016, KB 1500, die oordeel van dronkenskap, vgl. 51:22-23; Ps. 75:8)
3. lewenssap op die aarde laat afloop(OAV); *Hifil* IMPERFEKTUM, BDB 432, KB 434 (lyke wat op die grond lê).

NASB HERSIENE TEKS: 63:7-14

Vir die Afrikaans hiervan kan u ook die OAV, NAV en Cum-NLV raadpleeg

**⁷I shall make mention of the lovingkindness of the LORD, the praises of the LORD,
According to all that the LORD has granted us,
And great goodness toward the house of Israel,
Which He has granted them according to His compassion
And according to the abundance of His lovingkindnesses.
⁸For He said, “Surely, they are My people,
Sons who will not deal falsely.
So he became their Savior,
⁹In all their affliction He was afflicted,
And the angel of His presence saved them;
In His love and in His mercy He redeemed them,
And He lifted them and carried them all days of old.
¹⁰But they rebelled
And grieved His Holy Spirit;
Therefore he turned Himself to become their enemy,
He fought against them
¹¹Then His people remembered the days of old, of Moses.
Where is He who brought them up out of the sea with shepherds of His flock?
Where is He who put his Holy Spirit in the midst of them,
¹²Who caused His glorius arm to go at the right hand of Moses,
Who divided the waters before them to make Himself an everlasting name,
¹³Who led them through the depths?
Like the horse in the wilderness, they did not stumble;
¹⁴As the cattle which go down into the valley,
The spirit of the LORD gave them rest.
So You led your people,
To make Yourself a glorious name.**

63:7

OAV “die goedertierenhede van die HERE”

NAV “die troue liefde van die Here”

Cum-NLV “die goedheid van die HERE”

NASB “the lovingkindness of the LORD”

Dit is die besondere NAAMWOORD uit die verbond, (hesed). Sien *Vir Speciale Aandag* by 40:6.



OAV "ooreenkomstig"
 NAV, Cum-NLV "roemryke"
 NASB "according"

Die NASB gebruik "according: drie keer om JHWH se goeie daade te lys:

1. groot goedheid (NAV)
2. in sy genade (NAV)
3. in sy groot liefde (NAV)

63:8

OAV "hulle is tog my volk"
 NAV "Hulle is my volk"
 Cum-NLV "Hulle is my eie volk"
 NASB "They are My people"

Hierdie is verbondstaal. (vgl. Eks. 6:7; Jes. 51:4)



OAV "kinders wat nie sal lieg nie."
 NAV "kinders wat nie ontrou sal word nie"
 Cum-NLV "Hulle sal nie weer ontrou aan My word nie"
 NASB "Sons who will not deal falsely"

Dit is die absolute teenoorgestelde van 1:2-3 (vgl. Jer.3:22)



OAV "So het Hy dan vir hulle 'n Heiland geword"
 NAV "Daarom het Hy hulle gered"
 Cum-NLV "So het Hy hulle Redder geword"
 NASB "So he became their Savior"

Let op die teenstelling tussen vv. 5 en 8b. Alhoewel die opperheerskappy van God beklemtoon word, neem Israel se getrouheid ook 'n belangrike plek in!

63:9

OAV "In al hulle benoudheid was Hy benoud."
 NAV "gered... uit al hulle nood"
 Cum-NLV "In al hulle nood het Hy saam met hulle gely"
 NASB "In all their infliction He was inflicted"

In Engels (NASB) is JHWH se eenheid met sy bondsvolk kragtig uitgedruk (vgl. OAV en Cum-NLV en 57:15), maar die Masorete Teks is moeilik om te volg.

1. hierdie frase mag met die laaste reël van vers 8 in verband staan (NRSV, TEV, NAV) of
2. hierdie frase reik vooruit na vers 9 se tweede reël (NJB)

Die MT het "nie , אָל, maar die Masoretiese geleerdes stel הוּ , "hom", voor (soos te lees, qere, in JPSOA).



OAV "die Engel van sy aangesig"
 NAV "Hy self was die engel wat..."
 Cum-NLV "Hy was die engel wat..."
 NASB "the angel of His presence"

Hierdie is 'n direkte verwysing na Eks. 23:20-23; 33:14, 15. Dit sluit aan by gebeurtenisse tydens die omwandeling van Israel in die woestyn. Israel se sonde het daartoe gelei dat JHWH in Engelgedaante, as sy verteenwoordiger, moes optree. JHWH het op die wyse sy persoonlike teenwoordigheid laat geld (vgl. Deut. 32:9-14). Dis hoe Hy hulle

1. verlos het – Qal PERFECTUM BDB 145, KB 169
2. opgehef en – Pi 'el IMPERFECTUM, BDB 642, KB 694
3. gedra het (OAV) -- Pi 'el IMPERFECTUM, BDB 669, KB 724 (vgl. 46:3; Deut 1:31)

Let ook op die drie Goddelike Persone in vv. 9-10

1. die Vader, v. 9a
2. die Messias voor sy vleeswording, v. 9b
3. die Heilige Gees, v. 10b

VIR SPESIALE AANDAG: DIE DRIE-EENHEID

Let op hoe die aktiwiteit van al drie Persone van die Drie-eenheid in 'n eenheidsverband genoem word.

Die term, "Triniteit", soos eerste gebruik deur Tertullianus, is nie 'n Bybelse woord nie, maar die konsep is deurgaans aanwesig in

- a. die evangelies
 1. Mat. 3:16-17; 28:19
 2. Joh. 14:26
- b. Handeling – Han. 2:32-33, 38-39
- c. Paulus
 1. Rom. 1:4-5; 5:1; 8:1-4, 8-10
 2. 1 Kor. 2:8-10; 12:4-6
 3. 2 Kor. 1:21; 13:14
 4. Gal. 4:4-6
 5. Ef. 1:3-14, 17; 2:18; 3:14-17; 4:4-6
 6. 1 Tess. 1:2-5
 7. 2 Tes. 2:13
 8. Tit. 3:4-6
- d. Petrus – 1 Pet. 1:2
- e. Judas verse 20-21

Dit word in die OT geïmpliseer

- a. Daar word na God verwys in die MEERVOUDSVORM
 1. Elohim is meervoud, maar die WERKWOORDVORM bly enkelvoud
 2. "Ons" in Genesis 1:26-27; 3:22; 11:7
- b. Die engel van die Here as sigbare verteenwoordiger van Godheid
 1. Gen. 16:7-13; 22:11-15; 31:11, 13; 48:15-16
 2. Eks. 3:2, 4; 13:21; 14:19
 3. Rig. 2:1; 6:22-23; 13:3-22
 4. Sag. 3:1-2
- c. God en Gees afsonderlik, Gen. 1:1-2; Ps. 104:30; Jes. 63:9-11; Eseg. 37:13-14
- d. God (JHWH) en die Messias (Adon) is ook afsonderlik, Ps. 45:6-7; 110:1; Sag. 2:8-11; 10:9-12
- e. Messias en Gees afsonderlik, Sag. 12:10
- f. Al drie word genoem in Jes. 48:16; 61:1

Die godheid van Jesus en die persoon-wees van die Gees was vir vroeë, streng monoteïstiese gelowiges, problematies:

1. Tertulianus – stel die Seun ondergeskik aan die Vader
2. Origenes – stel die godheid van die Seun en die Gees ondergeskik
3. Arius – ontken die godheid van die Seun en die Gees
4. Monargianisme – beskou dit as opeenvolgende manifestasies van God

Die historiese ontwikkeling van die Drie-Eenheidskonsep is onderskraag deur inligting uit die Bybel:

1. die Sinode van Nicea verklaar in 325 n.C. die gelykheid van Jesus aan die Vader
2. die Sinode van Konstantinopel verklaar die godheid van die Gees gelyk met die Vader en die Seun (381 n.C.)
3. die Drie-eenheid word voltallig uitgebeeld in Augustinus se De Trinitate

Dit bly 'n geheimenis, maar die NT bevestig die manifestasie van een Godheid in drie persoonlikhede.

- 63:10** Twee WERKWOORDE beskryf Israel se sonde en nog twee die reaksie van JHWH (sinonieme parallelisme).
1. In opstand gekom (NAV); *Qal* PERFECTUM, BDB 598, KB 632
 2. sy Heilige Gees bedroef (NAV); *Pi 'el* PERFECTUM, BDB 780, KB 864
 3. die Here het vir hulle 'n vyand geword (NAV), Nifal, PERFECTUM, BDB 245, KB 253, vgl. Klaagl. 2:4,5
 4. het Hy self teen hulle geveg (NAV); Nifal PERFECTUM, BDB 535, KB 253

63:11-14 Hiermee opgeteken wat die Here vir Israel tydens die Uittog gedoen het!

1. sy kudde dwarsdeur die see gebring het, (NAV); Eks.14-15
2. sy Heilige Gees onder hulle gegee het, (NAV); Num. 11:17,25,29
3. sy groot mag saam met Moses laat gaan het (NAV) Eks. 6:6; 15:16
4. waters voor hulle oopgeklou het(NAV)
 - a. Rooi See, Eks.14-15; Jes. 11:15; 51:10
 - b. Jordaanrivier
5. deur diep waters gelei het (NAV), dieselfde as #4
- 6 sy volk na 'n woonplek toe gebring het (NAV), Jos.21:44; 23:1
7. so het U u volk gelei(NAV.)

JHWH het dit alles vir Israel gedoen "om vir Homself 'n groot naam te maak." Hy wou Homself aan die mensdom openbaar deur middel van Israel. Sy optrede teenoor hulle was gemik op 'n groter doel ('n ewige verlossings; kyk Vir Spesiale Aandag, by 40:15).

NASB HERSIENE TEKS 63:15-19

Vir die Afrikaans hiervan raadpleeg ook die OAV, NAV of die Cum-NLV

**¹⁵Look down from heaven and see from Your holy and glorious habitation;
Where are your zeal and Your mighty deeds?
The stirrings of Your heart and your compassion are restrained toward me**

**¹⁶For You are our Father, though Abraham does not know us
And Israel does not recognize us.
You, O LORD, are our Father
Our Redeemer from old is Your name.**

**¹⁷Why, O LORD, do You cause us to stray from your ways
And harden our hearts from fearing You?
Return for the sake of Your servants, the tribes of Your heritage.**

**¹⁸Your holy people possessed Your sanctuary for a little while,
Our adversaries have trodden *it* down.**

**¹⁹We have become *like* those over whom you have never ruled,
Like those who were not called by your name.**

63:15

OAV	"Kyk...aanskou"
NAV, Cum-NLV	"Kyk...sien"
NASB	"Look...see"

Hierdie twee IMPERATIEWE vra na JHWH se aandag.

1. kyk – *Hifil* IMPERATIEF, BDB 613, KB 661, vgl. Deut. 26:15
2. sien – *Qal* IMPERATIEF, BDB 906, KB 1157, vgl. Ps. 80:14



OAV	"u heilige en verhewe woning"
N.A.V.	"u heilige en verhewe woning"
Cum-NLV	"u heilige en verhewe troon"
NASB	"Your holy and glorious habitation"

Hierdie was 'n manier om na die tempel te verwys. Vir die ou volk Israel was die Ark van die Verbond as 'n voetbank vir JHWH se voete bedoel hoewel Hy in die hemel woon (1 Kron. 28:2, Ps. 99:5; 132:7; Jes. 66:1; Klaagl. 2:1; Mat.5:35; Han. 7:49) .

In 'n Nuwe boek deur John Walton, *The Lost World of Genesis One*, word die bewering gemaak dat Gen.1:1-2:3 beskrywing is van JHWH se tempelbou.



OAV "ontferming... het U jeens my ingehou"
NAV "Is U nie meer oor ons bewoë nie"
Cum-NLV "U weerhou u ontferming en genade van ons"
NASB "The stirrings of Your heart and Your compassion are restrained toward me"

Dit is kragtige poësie waarin 'n gepersonifieerde Jerusalem pleit by JHWH om weer raakgesien te word en dat Hy na die stad sal terugkeer!

63:16

OAV, NAV, Cum NLV "U is ons Vader"
NASB "You are our Father"

As Israel sy "seuns" genoem word, is die keersy van God se "Vaderskap" logies. (kyk vv. 1,2).

VIR SPESIALE AANDAG: DIE VADERSKAP VAN GOD

I Ou Testament

A. In 'n sekere sin is God "Vader" vanweë sy skepping

1. Gen. 1:26-27
2. Mal. 2:10
3. Han.17:28

B. 'n Vader in afgeleide sin (analogie)

1. Vader van Israel by wyse van uitverkiesing
a... "Seun"—Eks.4:22; Deut. 14:1; Jes. 1:2; 63:16; 64:8; Jer.3:19; 31:9,20; Hosea 1:10;

11:1; Mal. 1:6

- b. "eersgeborene"; Eks 4:22; Jer. 31: 9
2. vader van Israel se koning (Messiaans)
 - a. 2 Sam. 7:11-16
 - b. Ps. 2:7; Han. 13:33; Heb. 1:5; 5:5
 - c. Hos. 11:1—Mat. 2:15
3. analogie van liefhebbende vader
 - a. vader (metafoor)
 - (1) dra sy seun—Deut. 1:31
 - (2) dissiplineer -- Deut. 8:5; Spr. 3:12
 - (3) maak voorsiening vir – bv. Eksodus
 - (4) sal hom nie in steek laat nie – Ps. 27:5
 - (5) het lief – Ps.103:13
 - (6) vriend en gee leiding – Jer. 3:4
 - (7) maak gesond en vergewe – Jer. 3:22
 - (8) skenk genade – Jer. 31:20
 - (9) leermeester/opvoeder—Hos. 11:1-4
 - (10) 'n spesiale seun – Mal. 3:17

- b. moeder
 - (1) sal nie verlaat nie – Ps. 27:10

(2) lief vir soos pleegmoeder – Jes. 49:15; 66:9-13; Hos. 11:4 met 'n voorgestelde teksverandering om nie “juk” te lees nie maar “suigeling”

II Nuwe Testament

A. Die Drie-eenheid (tekste waarin Vader saam met Suen en Heilige Gees genoem word.)

(1) Evangelies

a. Mat.3:16-17; 28:19

b. Joh. 14:26

(2) Paulus

a. Rom. 1:4-5; 5:1,5; 8:1-4:8-10

b. 1 Kor. 2:8-10; 12:4-6

c. 2 Kor. 1:21-22; 13:14

d. Gal. 4:4-6

e. Ef. 1:13-14, 17; 2:18; 3:14-17; 4:4-6

f. 1 Tes. 1:2-5

g. 2 Tes. 2:13

h. Titus 3: 4-6

(3) Petrus 1 Pet. 1:2

(4) Judas vv. 20-21

B. Jesus

1. “as Eniggebore Seun”-- Joh.1:18; 3:16,18; 1 Joh.4:9; 11:27

2.. “as Seun van God”—Mat.4:3; 14:33; 16:16; Luk.1:32,35; Joh. 1:34,49; 6:69

3. as die “Geliefde Seun”—Mat.3:17; 17:5

4. Jesus praat van “Abba Vader” – Mark. 14:36

5. Jesus se gebruik van VOONAAMWOORDE om ons verhouding met God aan te dui

a. “My Vader”—Joh. 5:18; 10:30,33; 19:17; 20:17

b. “julle Vader”—Mat.18:14; 5:16,45,48; 6:14,6,8,14,15,18,26,32; 7:11;10:20,29

c. “ons Vader”-- Mat. 6:9,14,26

C. Metafore wat die intieme verhouding tussen God en die mensdom beskryf

1. God as Vader

2. gelowiges as

a.. seuns van God

b. kinders

c.. gebore uit God

d. weergebore

e. aangeneem

f. voortgebring

g. familie van God

☐ OAV “Want Abraham weet van ons nie en Israel ken ons nie”

NAV “Abraham weet niks van ons nie en Israel is nie van ons bewus nie”

Cum-NLV “Selfs as Abraham en Israel ons nie wil erken nie.”

NASB “though Abraham does not know us, And Israel does not recognize us”

. Die Aartsvaders sou hierdie Judeërs nie ken of herken nie weens

1. die tydsverloop tussen voor- en nageslagte

2. die sondes van die afstammeling

☐ OAV, NAV “Verlosser”

Cum-NLV “Redder”

NASB “Redeemer”

Kyk die aantekening by 41:14. Vir die konsep van verlos sien *Vir Speciale Aandag* 41:14.

63:17 Die eerste twee reëls van hierdie vers toon hoe die gedagte van God se soewereiniteit gebruik kan word om mense se eie besef van verantwoordelikheid te verklein. Sien *Vir Spesiale Aandag: Uitverkiesing en die nodigheid van teologiese balans* by 44:18 en *Predestinasie en die Menslike Vrye Wil* wat hier volg.

VIR SPESIALE AANDAG: UITVERKIESING EN DIE MENSLIKE VRYE WIL

Titus 2:11 dien as 'n balanserende uitspraak wat betref ander NT gedeeltes oor uitverkiesing. Ek is van mening dat dit teologies van nut kan wees as ek my aantekeninge van Rom. 8:29 en 9 saam met die by Efesiërs 1 hier aanbied.

1. Romeine 8:29 – Paulus gebruik “reeds vooruit geken” (proginōskōko) twee keer en in 11:2. In 11:2 wys dit op God se verbondsliefde vir Israel voor die aanvang van tyd. Onthou dat die term “ken” in Hebreeus 'n intiem/persoonlike kennis veronderstel en nie net om oor feite oor iemand te beskik nie (Gen.4:1; Jer. 1:5). Hier was 'n kettingreaksie van gebeure aan die orde vgl. Rom. 8:29-30). Hierdie term is aan “predestinasie” gekoppel. God se voorkennis as basis was nie op “predestinasie” gebaseer nie, want indien so, sou dit beteken dat God se voorkennis sou berus op 'n sondegevalle mensdom. Want verwagte reaksie en die uitverkiesing sou menslike verdienste as basis kan hê. Hierdie term kom ook in Han.26:5, 1 Pet. 1:2,20 en 2 Pet. 3:17 voor.

A. “vooruit geweet” (proginōskō),.

Die terme “vooruit weet” en “predestineer” is albei saamgestel met 'n VOORSETSEL “voor/vooruit” en moet gevolglik vertaal word met “vooruitweet”, “om “vooruit te bepaal” of “om vooruit aan te toon.” Definitiewe gedeeltes oor predestinasie in die NT is Rom. 8:28-30; Efes. 1:13-14; en Rom. 9. Hierdie gedeeltes beklemtoon definitief die soewereiniteit van God. Hy is algeheel in beheer van alle dinge. Daar is 'n vooropgestelde (raads-)plan wat oor die loop van tyd uitgewerk word. Hierdie plan is nie arbitrêr of selektief nie. Dit is nie alleen gebaseer op sy soewereiniteit en voorkennis nie, maar ook op sy onveranderlike karakter van liefde, barmhartigheid en onverdiende genade.

Ons moet daarteen waak dat ons hierdie wonderlike waarheid nie met ons westerse individualisme of evangeliese ywer inkleur nie. Maar ook moet ons daarteen waak om nie in die historiese konflikte (Augustinus versus Pelegius; Calvinisme versus Arminianisme) ingesleep te word nie. D.w.s. om nie by wyse van proarizō, “vooruit te bepaal” nie.

B. “Gepredestineer” (proorizō -- vooruit bepaald)

Predestinasie (uitverkiesing) is nie 'n leerstelling bedoel om God se liefde, genade en barmhartigheid te beperk met uitsluiting van sommige nie. Dit is bedoel om gelowiges te bemoedig deur omvorming van hul lewens- en wêreldbeskouing. God gee om vir die hele mensdom (1 Tim.2:4; 2 Pet. 3:9). God is in beheer van alle dinge! Wie of wat kan ons van die liefde van Christus skei (Rom.8:31-39). Vir God is alle geskiedenis teenwoordige tyd; mense is tydgebonde. Ons perspektiewe en verstandelike vermoë is beperk. Daar is geen teenstrydigheid tussen God se soewereiniteit en menslike vrye wil nie. So is immers die verbond gestruktureer. Dit is net nog 'n voorbeeld van dialektiese spanning, want bybelse leerstellinge word uit verskillende gesigshoeke aangebied. Paradoks is eie aan die Bybel. Waarheid is 'n balans tussen die oënskynlik weersprekende stelling. Ons moenie bybelse waarheid in kompartemente verdeel net om van die spanning in teëstellende waarheid ontslae te probeer raak nie.

Dit is ook belangrik om te onthou dat die doel van uitverkiesing nie alleen “hemel toe gaan” op ons sterfdag is nie, maar 'n lewe van Christus-gelykvormigheid hier en nou (Rom.8:26; Efes.1:4, 2:10). Ons is uitverkies om “heilig” en “onberispelik” te wees. God het ons uitverkies om deur 'n veranderde lewe medemense aan te moedig om met geloof na God en Christus te kom. Uitverkiesing is nie bloot 'n persoonlike voorreg nie, maar 'n verbondsverantwoordelikheid. Dit is hoofinhoud van die gedeelte. Dit is die doel van Christendom. Om heilig te lewe is die wil van God vir elke gelowige. Sy uitverkiesing tot Christusgelykvormigheid (Efes. 1:4) is nie 'n ereplek vir sommige nie, maar moet 'n strewe wees om die beeld van God, soos met die skepping aan die mens verleen, in almal te herstel.

C. God se uiteindelijke doel is herstel van sy beeld wat in die sondeval verlore gegaan het; gelowiges is uitverkies tot Christus-gelykvormigheid (Efes. 1:4)

II Romeine 9

A. Hierdie NT gedeelte is 'n sterk betoog in verband met God se soewereiniteit (so ook Efes.1:3-14). Hoofstuk 10, egter, stel dit duidelik dat die mens oor 'n vrye wil beskik (“elkeen” ,vgl. v 4; “niemand”, vgl. vv. 11,13; en vers 12 “almal”). Paulus probeer nooit om hierdie dialektiek van kontrasterende dialektiek (die paradoks tussen Rom.9 en 10) te versoen nie. In die meeste gevalle is sistematiese teologie op hierdie gebied halwe waarhede. In die

sisteme van Augustinus en Calvyn versus Pelagius en Armenius is daar in beide gevalle iets van waarheid en fout aanwesig. Dit is verkieslik om bybelse leerstellinge in spanning met mekaar te los soos dit staan, eerder as om dit in 'n sisteem van dogma en teologie in 'n vooruitgekose raamwerk te probeer druk.

B. Dieselfde waarheid (Rom. 9:23) is in Rom. 8:29-30 en Efes. 4:11 te vind. Hierdie hoofstuk is die duidelikste uitdrukking van God se soewereiniteit in die NT. Dat God in skepping en herskepping (verlossing) werksaam is, staan vas bo alle twyfel. Hierdie groot waarheid moet op geen wyse verswak of nagelaat word nie.

Maar selfs so 'n kragtige stelling moet met God se keuse om verbondsgewyse met sy skepping en met die mens om te gaan. Die mens is immers na sy beeld geskape! Verseker is dit waar dat sommige verbonde, soos bv. Gen.15, 'n onvoorwaardelike karakter vertoon waarby die mens se reaksie op geen wyse betrokke is nie. Ander verbonde is van voorwaardelike aard waarby mense se reaksie veronderstel word (bv. Eden, Noag, Moses, Dawid). God het 'n verlossingsplan vir sy skepping; geen mens kan hieraan iets doen nie. Tog het God planne waarby Hy mense betrek om deel te neem. Dit is hierdie planne wat 'n teologiese vraagstuk kan word omdat daar spanning is tussen sy soewereiniteit (Rom. 9) en die mens se vrye wil (Rom.10).

Dit is nie in orde om een bybelse beklemtoning uit te sonder en ander te ignoreer nie. Tussen leerstellings is daar spanning omdat die oosterse mens (Bybel) waarheid in dialektiese of teenstellende (paradoksale) vorm aanbied. Al die stellings/waarhede moet in verhouding tot mekaar verstaan word. "Waarheid" is 'n mosaïek.

III Efesiërs 1

A. Uitverkiesing is 'n wonderlike leerstelling. Dit is egter nie 'n saak van voorkeurbehandeling nie, maar wat die OT betref eerder gereedskap (Eng. tool) vir dienswerk. In die NT is uitverkorenes of gereddes dié wat vir dienswerk bestem is. Die Bybel probeer nooit om die skynbare teenstrydigheid tussen uitverkiesing en die vrye wil van die mens te versoen nie. 'n Mooi voorbeeld van die spanning tussen die soewereiniteit van God (Rom. 9) en die vrye wil van die mens is Romeine 10 (vv. 11,13). Die sleutel tot verklaring van so 'n teologiese spanning kan in Rom.1:4 gevind word. Jesus is God se uitverkore mens en alle ander mense is potensieel in Hom uitverkies (Karl Barth). Jesus is God se "ja" vir die nood van 'n gevalle mensdom. Efes. 1:4 is ook van waarde aangesien dit beklemtoon word dat die doel van uitverkiesing nie net vir hemel toe gaan is nie, maar heiligheid of Christus-gelykvormigheid. Ons is soms meer ingestel op die voordele van die evangelie as op die verantwoordelikhede. God se roeping is vir tyd en ewigheid!

Leerstellinge hou altyd verband met ander waarhede en kom nie as losstaande waarheid voor nie. 'n Goeie verduideliking sou kon wees dat 'n mens daaraan dink as 'n konstelasie teenoor 'n enkele ster, met eersgenoemde as voorbeeld van waarhede in die Skrif. God bied waarheid aan op 'n oosterse wyse en nie in westerse genres nie. Ons moenie die spanning tussen paradoksale stellings probeer verwyder nie. God is transcendent (verhewe) en Jesus is immanent (met ons); geloofsekerheid teenoor volharding in geloof; Jesus as gelyke met die Vader en Jesus onderworpe aan die Vader; Christelike vryheid teenoor Christelike verantwoordelikheid teenoor God as verbondmaker ens.

Die teologiese konsep van die Verbond verbind die soewereiniteit van God (wat altyd die inisiatief neem en die agenda bepaal) met 'n afhanklike, belydende en volhardende gelowige wat antwoord op die woord. Wees versigtig om nie met bewysplase een kant van die paradoks te beklemtoon ten koste van sy anderkant nie! Wees versigtig om nie met jou voorkeur waarheid op loop te gaan ten koste van die ander kant nie.

B. "Hy het ons uitverkies" in Efes.1:4 is 'n AORISTUS MIDDEL INDIKATIEF wat die SUBJEK beklemtoon. Die fokus is op die Vader se keuse voor die aanvang van tyd. God se uitverkiesing moet nie in 'n Islamse determinisme verstaan word nie, maar ook nie in ultra-Calvinistiese sin nie, maar in die Verbondskarakter daarvan. God het aan Abraham belowe om die gevalle mensdom te red (vgl. Gen. 3:15). God het Abraham uitverkies en daarmee alle mense (Gen. 12:3; Eks. 19:5,6). God het self uitverkies almal wat tot geloof in Christus kom. God neem altyd die inisiatief met verlossing (Joh. 6: 44,65). Hierdie teks en Romeine 9 is die bybelse vir die leerstelling soos deur Augustinus en Calvyn beklemtoon.

God het gelowiges nie net vir regverdigmaking uitverkies nie, maar ook vir heiligmaking (vgl. Kol. 1:10-12). Daarmee word (1) ons posisie in Christus verklaar (2 Kor. 5:21) of (2) God se begeerte om sy karakter te laat sien in sy kinders (2:10; Rom. 8:28-29; Gal. 4:19). God se wil vir sy kinders is wel die hemel eendag, maar vir nou, Christus-gelykvormigheid.

"In Hom" is 'n sleutelkonsep in Efes.1:4. Die Vader se seeninge, genade, en verlossing kom tot stand deur Christus (Joh.14:6). Let op die herhaling van hierdie grammatikale vorm (LOKATIEF VAN SFEER) in verse 3, "in Christus", "in Hom", "in Hom", "in Christus", in Hom" v 12; in Christus, in Hom, ens. Jesus is God se "ja" aan 'n gevalle mensdom (Karl Barth). Jesus is die uitverkorene en almal is potensieel in Hom uitverkies. Alle seeninge van God vloei deur Christus.

Die frase “voor die grondlegging van die wêreld” kom ook in Mat. 25:34, Joh. 17:24; 1 Pet. 1:19-20 en Openb. 13:8 voor. Dit toon God-drieënig aan as reddend aan die werk selfs voor Gen. 1:1. Mense word deur tydsbesef beperk; alles is vir ons verlede, hede en toekoms, maar nie so vir God nie.

Die doel van predestinasie/uitverkiesing is heiligheid, nie bevoorregting nie. God roep nie ‘n paar van Adam se nakomelinge nie, maar almal. Dit is ‘n roeping aan die mensdom om soos Hyself te wees (1 tes. 5:23, 2 Tes. 2:13) in ooreenstemming met sy beeld (Gen.1;26-27). Om van uitverkiesing ‘n teologiese leerstuk te maak, vreemd aan heilig lewe, is tragies! Soms spreek ons “teologieë” luidrugtiger as die bybelteks.

Die term “sonder sonde” (anōmos) of “vlekloos sonder gebrek” is waar

(1) van Jesus (Heb. 9:14; 1 Pet.1:19); (2) Sagaria en Elisabet (vgl. Luk. 1:6); (3) Paulus (Fil. 3:6) en alle ware Christene (Fil. 2:15). God se wil is ongetwyfeld vir elke Christen Christus-gelykvormigheid, nou en nie net die hemel nie! (Rom. 8:29-30; Gal. 4:19; 1 Pet. 1:2). Gelowiges moet God se karaktertrekke aan ‘n verlore wêreld vertoon terwille van evangelisasie.

Grammatikaal sal die frase “in sy liefde” met vers 4 of 5 gelees kan word, hoewel op ander plekke in Efese dit gewoonlik op die mens se liefde vir God dui (vgl. 3:17; 4:2,15,16).

C. In Efes. 1:5 se “Hy het ons uitverkies” het ons ‘n AORISTUS AKTIEF WERKWOORDDEELTJIE. Hierdie Griekse term is ‘n samestelling van “tevore” en “bepaal.” Dit sinspeel op God se vooruitbepaalde verlossingsplan (vgl. Luk.22:22; Han. 2:23; 4:28; 17:31; Rom. 8:29-30).Uitverkiesing is een van talle waarhede wat met die mensdom se redding te doen het. Dis ‘n onderdeel van ‘n teologiese patroon van ander verwante waarhede en kan nie in isolasie opgevat word nie. Bybelse waarhede kom voor in reekse van teenstellings (paradoksaal), pare stellings wat in spanning met mekaar verkeer. Denominasies neig daartoe om die “spanning” weg te redeneer en slegs dan een kant van die waarheid te beklemtoon. Bv.uitverkiesing teenoor die mens se vrye wil; sekerheid van die gelowige teenoor volharding; oorspronklike sonde teenoor minder sondig; heiligmaking ontvang aan die kruis teenoor daaglikse voortgaande heiligmaking; geloof alleen teenoor werke; die vryheid van die Christen teenoor verantwoordelik leef; transendensie teenoor immanensie.

God se uitverkiesing is nie op voorkennis van menslike gedrag gegrond nie, maar op sy genadige karakter (vgl. vv. 9 en 11). Sien ook Jes. 53:6 en verskeie ander OT tekste in Rom. 3: 9-18 aangehaal.

Dit is van uiterste belang om daarop te let dat Paulus in dié hoofstukke klem lê dat uitverkiesing algeheel met menslike prestasie niks te make het nie. Dus, hoofstuk 1 “genade”; hoofstuk 2 “God se ewige plan vir verlossing”, ‘n misterie (2:11-3:13.). Daarmee stel hy hom teenoor die vals leraars vol van die mens se verdienste en trots.

☐	
OAV	“Keer terug terwille van u knegte”
NAV	“Wees tog weer soos vroeër, terwille van u dienaars”
Cum-NLV	“Keer tog terug, want ons is U dienaars”
NASB	“return for the sake of your servants”

Hierdie is ‘n Qal IMPERATIEF (BDB 996, KB 1427) as gebed aangewend.

- 63:18-19** Hierdie verse geen ‘n aanduiding van hoe die Judeërs hulle aan selfmisleiding skuldig gemaak het.
1. hulle het die tempel vir ‘n kort rukkie gehad
 2. hulle vyande het beheer daarvan oorgeneem
 3. hulle het geword soos maar net nog ‘n ander nasie
 4. hulle het soos die nasies geword wat nooit deur JHWH geroep was nie

JESAJA 64

PARAGRAAF INDELING VAN EIETDSE VERTALINGS

NASB	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV*
Prayer for Mercy and Help	A Prayer of Penitence	Ps. of Intercession	A Prayer for Mercy and Help	Meditation on the History of Israel	(U is tog ons Vader)
64:1-7 (1-7)	(63:15-64:12) 64:1-5 (1-5) 64:6-7 (6-7)	(63:7-64:12) 64:1-12	(63:15-64:12) 63:8-64:7	(63:17-64:12) (63:19b-64:12)	64:1-5a (63:17-64:5a) 64:5b-7 (5b-7)
64:8-12 (8-12)	64:8-12 (8-12)		64:8-12		64:8 (8) 64:9-12

U kan ook die parafrasering in die OAV en Cum-NLV nagaan

LEESSIKLUS DRIE (Kyk bl. xvi se inleidende stof)

ONS VOLG DIE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAFVLAK

Hierdie is 'n studieleiding-kommentaar wat beteken dat u self vir die uitleg van die Bybel verantwoordelik sal wees. Elkeen van ons moet in die lig tot ons beskikking wandel. U is met die Bybel in die hand en onder leiding van die Heilige Gees dus prominent in die verstaansproses en uitleg. Moenie so 'n groot voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die hoofstuk deur in een sitting. Onderskei die onderwerpe. Vergelyk u onderwerpe met die Afrikaanse en Engelse vertalings se tema-opskrifte bo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot verstaan van die oorspronklike skrywer se bedoeling, wat immers die hart van Skrifuitleg is. Elke paragraaf handel oor een enkele saak, niks meer nie.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens

NASB HERSIENE TEKS 64:1-7

Vind die Afrikaans vir hierdie gedeelte in die OAV, NAV, Cum-NLV

¹Oh, that You would rend the heavens *and come down*,
That the mountains may quake at Your presence---
²As fire kindles the brushwood, *as fire causes water to boil*---
To make Your name known to Your adversaries,
That nations may tremble at Your presence!
³When You did awesome things which we did not expect,
You came down, the mountains quaked at Your presence.
⁴For from days of old they have not heard or perceived by ear,
Nor has the eye seen a God besides You,
Who acts in behalf of the one who waits for Him.
⁵You meet him who rejoices in doing righteousness,
Who remembers You in Your ways.
Behold, You were angry, for we have sinned,
We continued in them a long time;
And shall we be saved?
⁶For all of us have become like one who is unclean,
And all righteous deeds are like a filthy garment;
And all of us wither like a leaf,
And our iniquities, like the wind, take us away
⁷There is no one who calls on Your name,
Who arouses himself to take hold of You;
For You have hidden Your face from us
And have delivered us into the power of our iniquities.

64:1 In die MT is die eerste twee reëls as 63:19 gemerk. Daar is ‘n reeks PERFECTUM WERKWOORDE in vv. 18-19 gebruik.

JHWH “skeur” (Qal PERFECTUM (BDB 902, KB 1146) die atmosfeer (die hemele, MEERVOUD, vgl. Gen.1:1) van die aarde. Terwyl die Skepper die aarde nader, skud die skepping, (Nifal PERFECTUM, BDB 272, KB 272; hierdie vorm kom net in hierdie vers voor en in Rigters 5:5; in Debora se loflied na onderwerping van Hasor se leermag.) Kyk ook v.2; Ps.18:7-15; 68:8; 77:18; 144:5. Vir “hemele” kyk die *Vir Speciale Aandag* wat hier volg.

VIR SPESIALE AANDAG: DIE HEMELE

Die OT term kom hoofsaaklik in die MEERVOUD voor. (sjamajim), BDB 1029. Die Hebreeuse term beteken “Hoogte.” God woon in die hoogte. Die konsep weerspieël die heiligheid en transendensie van God.

In die MEERVOUD van Gen. 1:1 word met “hemel en aarde” bedoel (1) die atmosfeer bokant die planeet of (2) die geheelheid van geestelike en stoflike dinge. Vanuit hierdie uitgangspunt dien ander tekste die gedagte van vlakke van “hemel,” soos in vlakke daarvan tot uitdrukking kom: “ ry deur die hemele, die hemele wat...” (Ps.68:33; “die hemel, selfs die hoogste hemel...” Deut. 10:14, 1 Kon. 8:27; Neh. 9:6; Ps.168:4). Die rabbyne was van mening dat daar

1. twee hemele mag wees (R. Judah Hagigah, 12b)
2. drie hemele (Test. Levi 2-3; Hemelvaart van Jesaja 6-7; Midras Tehillim op Ps. 148:4)
3. vyf hemele (III Barug)
4. sewe hemele (R. Simon. Lagis; ii Henog 8; Hemelvaart van Jesaja 9: 7)
5. tien hemele (II Henog 20:3b; 22:1)... mag wees!

Dit alles was bedoel om uitdrukking te gee van God se skeiding van die fisiese werklikheid, sy transendensie. Die mees algemene rabbynse opvatting was sewe hemele. A. Cohen, *Everyman’s Talmud*, bl.

30) meen dat dit op 'n sewe-tal sterrekundige vlakke berus, maar ek is eerder van mening dat 7 as die volmaakte getal opgevat moet word (6 dae het God geskep om op die 7de dag te rus, Gen. 2:2)

In 'n persoonlike ontmoeting met God word Paulus bewus van 'n "derde hemel" ("ouranos" in Grieks) en ervaar die majesteitlike teenwoordigheid van God.

64:2 "vuur", Sien *Vir Speciale Aandag* by 47:14

☐ Let daarop dat JHWH onder die nasies bekend wil wees en dat hulle hopelik bewend van ontsag tot belydenis sal kom; vgl. Ps.99:1-5; Jer. 33:9.

64:3

OAV

"vreeslike dinge"

NAV

"wonders"

Cum-NLV

"ontsagwekkende dinge"

NASB, NKJV, NRSV, REB

"awesome things"

TEV

"terrible things"

NJB

"unexpected miracles"

JPSOA

"wonders"

Die Hebreeuse woord (BDB 431, KB 432, Nifal WERKWOORDDEELTIE) beteken letterlik "vrees," maar in hierdie grammatikale vorm kan dit ook op ontsagwekkende wonders in belang van Israel dui (Deut. 10:21; 2 Sam. 7:23; 1 Kron. 17:21; Ps.66:3, 5-6; 106:22; 145:6) .

In Ps. 139:14 word verskeie Hebreeuse woorde so parallel gebruik:

1. BDB 431—vreeswekkend
2. BDB 811 --- wonderbaarlik

Sien *Vir Speciale Aandag* wat hier volg.

VIR SPECIALE AANDAG: WONDERLIKE DINGE/MAGTIGE DADE (פִּלְאָה)

Hierdie woord (BDB 810) het met werke te doen wat buite menslike vermoë val om selfs te kan verduidelik, handeling wat verwondering en vrees wek (vgl. Gen. 18:14; Jer. 32:17,27; Sag. 8:6).

Die WERKWOORD

1. Die Uittog, vgl. Eks. 3:20; 34:10; Mig. 7:15
2. Plae, Deut. 28:59
3. Deurtog deur die Jordaan, Jos. 3:5
4. Handeling van God in die verlede, Rig. 6:13; 1 Kron. 16:9,12,24
5. Die geboorte van Simson
6. Dawid se liefde vir Jonatan, 2 Sam. 1:26
7. Kom dikwels in Job voor, 5:9; 9:10; 10:16; 37:5,14; 42:3
8. Twee-en dertig keer in die Psalms,
9. Die Raad van JHWH
10. Die handeling van JHWH

Die SELFSTANDIGE NAAMWOORD

1. Die Uittog, Eks. 15:11; Ps. 77:11,14; 78:12
2. Ten opsigte van gestorwenes, Ps. 88:10-12
3. Die hemele wat JHWH se werke roem, Ps. 89:5
4. Die wette van JHWH, Ps. 119:129
5. Die Messias van JHWH, Jes. 9:6
6. Handeling van JHWH, 25:1; 29:14
7. Sy werke in die eindtyd, Dan. 12:6

Teenoor die hoogste skepping (die mens), openbaar God Homself met krag as Verlosser. Hy wil dat mense Hom sal ken en vertrou. Sy handeling is openbaring. Die optekening van hierdie handeling geskied by wyse van inspirasie en die verstaan daarvan is insig en wysheid. JHWH se wil is dat die wêreld Hom sal ken!

64:4 Wat die interpretasie hier betref, is dit ‘n vraag wie met die VOORNAAMWOORD ”hulle” bedoel word?

1. Nasionale Israel
2. die gelowige terugkerendes
3. die nasies van vers 2
4. #2 en # 3 gesamentlik



OAV “n God gesien... behalwe U”
NAV “n god gesien soos U”
Cum-NLV “n God soos U”
NASB “a God besides You”

Sien *Vir Spesiale Aandag: Monoteïsme* by 40:14



OAV “wat werksaam is”
NAV, Cum-NLV “wat doen wat U doen”
NASB “Who acts”

Die woord wat hier gebruik word, is “werk”(Qal IMPERFEKTUM, BDB 793, KB 889). Hiermee word die onderskeid tussen JHWH en die gode teologies aangedui. Die gode kan nie sien of hoor nie, handel of praat nie, maar Hy kan dit alles en doen dit ook.



OAV “vir wie op Hom wag”
NAV, Cum-NLV “vir dié wat op Hom vertrou”
NASB “the one who waits for Him”

Iemand met geloof word so beskryf. Hy/sy kan wag (*pi ‘el* WERKWOORDDEELTJIE, BDB 314, KB 313). Hierdie woord het die konnotasie van “hoop,” “vertrou” en “wag” op God. (8:17; 30:18; Hab. 2:3) ‘n Ander stamwoord, (BDB 875 I) word ook met “wag” vertaal, maar is dikwels nie van soveel teologiese belang nie (vgl. Jes. 25:9; 26:8; 33:2; 40:31; Ps.25:3; 27:14; 37:34; 40:1; 130:5; Spr. 20:22).

64:5

OAV “U kom hom tegemoet”
NAV “U kom dié te hulp”
Cum-NLV “U help mense wat...”
NASB “You meet him who”

Die WERKWOORD in hierdie konteks dui op ‘n ontmoeting wat op vertroue en vriendskap uitloop of betoning daarvan. Let op watter soort mens kom tot ‘n ontmoeting met JHWH:

1. wie vreugde vind in die doen wat reg is
2. en wie die Here en sy weë onthou en hoog ag

Hierdie opmerkings is parallele (sien i.d.v. Bylaag Een oor Hebreeuse digkuns)

☐ Die reëls 3-5 vra ‘n beslissende vraag. Israel is ‘n volk wat die verbond verbreek het. Kan so ‘n in sonde volhardende volk gered word? (d.w.s verlos word).

1. van fisieke gevolge van sonde
2. van die geestelike gevolge van sonde

Ek wil graag glo van “ja” ‘n duisendmaal (vv. 8—9)! Maar alleen goddelike genade en barmhartigheid (hierdie hoofstuk is ‘n gebed om JHWH se ingryping) is daartoe in staat (so lui die voorgestelde vertaling in

UBS Text Project in dié verband, bl. 164). Die gevolge van Gen.3 laat ‘n mens verstom staan weens die onverbidde afloop daarvan.

Nietemin, in hierdie konteks (vv. 4-7) blyk oordeelsaankondiging aan die orde te wees sonder die hoop van verlossing (verse 8-12 is ‘n uitroep om genade). In die verlede het Israel afgewyk en dit deurgevoer tot in die hede. As dit die werklike toedrag van sake blyk te wees, dan moet die WERKWOORD “verlos”(**נִוְשַׁע**) verander word om “ons was sondig” **נִוְרָשָׁע** te lees. (UBS Text Project, bl. 163; NET Bible, #16, bl. 1283).



OAV	“in die toestand was ons so baie lank—sal ons verlos word?”
NAV	“ons het so lank daarmee aangehou, hoe kan ons dan nog gered word?”
Cum-NLV	“Maar ons het aangehou om verkeerd te doen; Hoe kan ons ooit gered word?”
NASB	“We continued in them a long time; and shall we be saved?”
NKJV	“In these ways we continue, and we need to be saved”
NRSV	“Because You hid Yourself we transgressed”
NJB	“now we persist in your ways and we shall be saved”
JPSOA	“We have been steeped in them of old and can we be saved?”
LXX (Grieks)	“daarom het ons weggegaan”

Die Masorete Teks is onseker. AB stel voor dat ‘n emendasie/konsonantsverandering aangebring word wat sal lees “Ons was lank opstandiges.”

64:6-7 Let op die gevolge van sonde.

1. ons almal – die omvang van die probleem (vgl. Rom.3:9-18,23; gal. 3:22)
2. onrein (BDB 379)
3. ons geregtigheid is soos vuil klere (NAV)—menstruasiekleed, BDB 723; Lev. 15: 19-24
4. soos verdroogde blare (BDB 614, KBB 663, Qal IMPERFEKTUM, vgl. 1:30; 34:4)
5. die wind waai ons weg
6. niemand roep die naam van die Here aan nie (aanbidding)

JHWH se reaksie op hierdie tragedie van sondeverval gaan daaroor dat Hy optree om sy eie karakter gestand te doen en te vertoon

1. die verberging van sy aangesig vgl. 1:15; 54:8; Deut. 31:18.
2. Hy gee ons oor (MT, “laat versmelt” BDB 556, KB 555) aan die mag van ongeregtighede (teologiese parallel met Rom. 1:24,26,28)

Hierdie verse blyk ‘n petisie te wees of belydenisaflegging. Daar is geen rede waarom JHWH genoodsaak sal wees om te vergewe en te vergeet nie, maar nogtans doen Hy juis dit (55:6-7). Hiermee kom die Nuwe Verbond in sig (Jer. 31:31-34; Eseg. 36:22-38). JHWH sou verder met hulle (Israel) op ‘n nuwe manier handel; ‘n manier wat reg laat geskied aan sy karakter, volgens sy handeling en doelstellings soos vergestalt in Sy Seun en deur sy Gees!

NASB HERSIENE TEKS

Slaan vir die Afrikaans hiervan na in die OAV, NAV of Cum-NLV

**⁸But now, O LORD, You are our Father,
We are the clay, and You are the potter;
And all of us are the work of Your hand.
⁹Do not be angry beyond measure, O LORD,
Nor remember iniquity forever;
Behold, Look now, all of us are Your people.
¹⁰Your holy cities have become a wilderness,
Zion has become a wilderness,
Jerusalem a desolation.
¹¹Our holy and beautiful house,**

**Where our fathers praised You,
Has been burned by fire;
And all our precious things have become a ruin.
¹²Will You restrain Yourself at these things, O LORD?
Will You keep silent and afflict us beyond measure?**

64:8-12 Hier volg 'n bebed waarin JHWH aan sy Verbond herinner word met die versoek dat Hy dáárop ag moet slaan en nie op die sondes van sy kinders nie.

1. U is ons Vader (Sien Vir Spesiale Aandag by 63:16)
2. U is die pottebakker
3. en ons die werke van U hande (vgl. 29: 16; 45:9)

64:9 Die volgende is gebedsversoeke, hoewel met sterk aandrang (almal in NAV).

1. Moet tog nie aanhou kwaad wees... nie (Qal IMPERFKTUM, BDB 893, KB 1124) in 'n JUSSIEF sin gebruik; kyk 54:7-8)

2. Moenie ons sonde vir altyd teen ons hou nie (Qal IMPERFEKTUM, BDB 269, KB 269) in JUSSIEF gebruik.

3. onthou tog ons is almal u volk (Hifil IMPERATIEF); BDB 613; KB 661.

Al hierdie frases stem met 57:16-17 en Ps. 103: 8-14 ooreen.

64:10-11 Al die WERKWOORDE hier is PERFECTUMS waaruit duidelik word dat JHWH se toorn tot volkome ondergang gelei het.

1. die stede van Palestina was tot wildernis verval
2. Jerusalem is verlate
3. Die tempel deur vuur verwoes
4. alles wat vir Israel kosbaar was, was in puin

64:12 God se volk roep op Hom om sy toorn te betuel en aan hulle barmhartigheid te betoon. Asseblief, nie meer nie is hulle uitroep. Kom terug na ons toe!

JESAJA 65

PARAGRAAFINDELING VAN EIETYPDSE VERTALINGS

NASB	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV*
A Rebellious People	The Righteousness of God's Judgement	God's Answer	God's Punishment of the Rebellious	The Coming Judgement	Ek gaan hulle straf
65:1-7 (1-7)	65:1-7 (1-7)	65:1-16 (1-16)	65:1-5 (1-5)	65:1-7 (1-7)	65:1-5 (1-5)
			65:6-7 (6-7)		65:6-10 (6-10)
65:8-12 (8-12)	65:8-12 (8-12)		65:8-11 (8-11)	65: 8-25 (8-25)	
			65:11-16 (11-16)		65:11-12 (11-12)
65:13-16 (13-16)	65:13-16 (13-16)				65:13-15a (13-15a)
					65:15b-16 (15b-16)
The New Heaven and the New Earth	The Glorious New Creation		The New Creation		'n Nuwe hemel en 'n nuwe aarde
65:17-25 (17-25)	65:17-19 (17-19)	65: 17-25 (17-25)	65:17:25 (17-25)		65:17-20 (17-20)
	65:20-23 (20-23)				65:21-25 (21-25)
	65:24-25 (24-25)				

* U kan vir paragraafindeling ook van die OAV en Cum-NLV gebruik maak

Hierdie is 'n studieleiding-kommentaar wat beteken dat u self vir die uitleg van die Bybel verantwoordelik sal wees. Elkeen van ons moet in die lig tot ons beskikking wandel. U is met die Bybel in die hand en onder leiding van die Heilige Gees dus prominent in die verstaansproses en uitleg. Moenie so 'n groot voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die hoofstuk deur in een sitting. Onderskei die onderwerpe. Vergelyk u onderwerpe met die Afrikaanse en Engelse vertalings se tema-opskrifte bo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot verstaan van die oorspronklike skrywer se bedoeling, wat immers die hart van Skrifuitleg is. Elke paragraaf handel oor een enkele saak, niks meer nie.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Vierde paragraaf

INSIG UIT DIE KONTEKS

A. Hierdie laaste twee hoofstukke is deel van 'n literêre eenheid wat strek van Hoofstuk 56-66. Dit kan bekendstaan as “'n Nuwe Dag” of “Die Nuwe Era/Eeu”

B. OT profete het eietydse gebeure gebruik om toekomstige gebeurenisse toe te lig. Die terugkeer uit ballingskap het blykbaar as die voorafskaduwing vir 'n geestelike terugkeer van die hele mensdom tot 'n vertrouensverhouding met God soos in Eden gedien. (Sien *Vir Speciale Aandag* by 40:15)

C. Hoofstuk 65 is moontlik 'n reaksie op Jesaja se gebed vir die volk om hulp en genade soos in 63:7-64:12 vervat. God se basiese antwoord kom daarop neer dat Hy altyd beskikbaar was, maar dat die volk altyd van Hom afgedwaal het.

D. Heel interessant is dit dat Paulus Jes.65:1-2 in Rom. 10:20-21 gebruik. Wat hom betref dui vers 1 op die Heidendom en vers twee op die Jode. Vers 1d met die frase “'n nasie wat My nie aangeroep het nie” (NAV) kan wel op die Jode dui behalwe as dit sarkasties en ironies bedoel is met verwysing na afgodsdienaars.

E. Op 'n ander manier is hoofstuk 65 uniek deurdat die korporatiewe beginsel (die volk as geheel) na 'n vlak van individuele reaksie oorgedra word. Die twee groeperinge kom duidelik na vore in 65:10c en 11a. God sal daarom onderskeid maak in 'n nasie tussen diegene wat Hom ken en die wat Hom verwerp (Kyk Eseg. 18:1-21; 33:10-20 en Jer. 31:29-30)

F. Tot 'n hoogtepunt voer Jesaja sy klem op wat betref die universele liefde van God. Die heidendom moet ingesluit word (2:2-4; 42:6; 49:6; 51:4-5; 56:7; 60:1,3). Hy gaan so ver om te meld dat God uit die bekeerde heidendom priesters en profete sal aanstel (66:21). Dit is merkwaardig in die lig van opmerklike aspekte in Joodse monoteïsme en die roeping van Abraham (Gen. 12:1-3) wat insluitend op die hele wêreld gerig is. (Sien *Vir Speciale Aandag* by 40:15)

G. Dit is verrassend dat die Nuwe Era beskryf word sonder enige verwysings na die Messias van hoofstukke 9 en 11.

WOORD EN FRASE STUDIE

NASB HERSIENE TEKS: 65:1-7

Sien vir die Afrikaans hiervan die OAV, NAV, Cum-NLV

¹I permitted Myself to be sought by those who did not ask *for Me*;

I permitted Myself to be found by those who did not seek Me

I said, ‘Here am I, here am I’

To a nation who did not call on My name.

²I have spread out My hands to a rebellious people,

Who walk *in* the way which is not good, following their own thoughts,

³A people who continually provoke Me to My face,
Offering sacrifices in gardens and burning incense on bricks;
⁴Who sit among graves and spends the night in secret places;
Who eat swine's flesh,
And the broth of unclean meat is *in* their pots.
⁵Who say, 'Keep to yourself, do not come near me,
For I am holier than you!'
These are smoke in My nostrils,
A fire that burns all day.
⁶Behold, it is written before Me,
I will not keep silent, but I will repay;
I will even repay into their bosom
⁷Both their own iniquities and the iniquities of their fathers" says the LORD
Because they have burned incense on the mountains
And scorned Me on the hills,
Therefore I will measure their former work into their bosom."

65:2

OAV "Ek het My laat vind deur die wat My nie gesoek het nie"
NAV "My laat vind deur mense wat My nie in gebed gesoek het nie"
Cum-NLV "Ek laat My vind deur mense wat My nie gesoek het nie"
NASB "I permitted Myself to be sought... to be found"

In geestelike aangeleenthede neem God altyd die inisiatief (Joh. 6:44,65). In hierdie konteks laat Hy toe dat nie net Jode nie, maar ook heidene Hom kan vind. Hierdie inleidende verse herinner aan Romeine 11.



OAV, NAV "Hier is Ek, hier is Ek"
Cum-NLV "Hier is Ek"
NASB "Here am I, here am I"

Die dubbele roep is vir beklemtoning. Dit is Hebreeuse woorde uit 'n idiomatiese uitdrukking wat beskikbaarheid impliseer. God was altyd beskikbaar maar niemand het na Hom gevra of Hom gesoek nie!



OAV "n nasie wat na my naam nie genoem is nie"
NAV "n nasie wat My nie aangeroop het nie"
Cum-NLV "n nasie wat nie na My geroep het nie"
NASB "To a nation which did not call on My name"

In hierdie konteks dui dit (1) op die Joodse volk, wat afgode aangeroop het, besonderlik in vrugbaarheidsgodsdienste, en (2) of mense uit die heidendom (Rom.10:20-21). Die gedagte hier is dat iemand wat aangespreek word, reageer met noem van die spreker se naam. Paulus gebruik hierdie konsep in Rom. 10:9-13 (vgl. Han. 7:59; 9:14, 21; 22:16; 1 Kor. 1:2; 2Tim.2:22). Hierdie gebruik was beskou as vertrou in die spreker en ook as aanbidding gebruiklik.

VIR SPESIALE AANDAG: DIE NAAM VAN DIE HERE

Dit was die algemeen aanvaarde frase om die teenwoordigheid en almag van die Drie-Enige God in die kerk aan te dui. Dit was geen magiese formule nie, maar bloot 'n aanduiding van totale afhanklikheid van God se geopenbaarde wesensaard.

Met dié frase word dikwels juis na die "Here" Jesus verwys (Fil. 2:11):

1. by belydenis van geloof in Jesus tydens die doop (Rom. 10:9-13; Han. 2:38; 8:12, 16; 10:48; 19:5; 22:16; 1 Kor. 1:13, 15; Jak. 2:7);
2. by duiweluitdrywing (Mat. 7:22; Mark. 9:38; Luk. 9:49; 10:17; Han. 19:13);
3. tydens genesing (Han. 3:6, 16; 4:10; 9:34; Jak. 5:14);
4. wanneer Christene in barmhartigheid bedien (Mat. 10:42; 18:5; Luk. 9:48);
5. by die uitoefening van kerklike dissipline (Mat. 18:15-20);
6. wanneer prediking op heidene gerig word (Luk. 24:47; Han. 9:15; 15:17; Rom. 1:5);
7. in gebed (Joh. 14:13-14; 15:2, 16; 16:23; 1 Kor. 1:2); en ook
8. as 'n spreekwyse sinoniem met "Christendom" (Han 26:9; 1 Kor 1:10; 2 Tim 2:19; Jak 2:7; 1 Pet 4:14).

Hoe ons ook al besig is as verkondigers, leraars, gemeentelede, ondersteuners, genesers, duiwel-uitdrywers, ens., ons doen dit in afhanklikheid van sy karaktereenskappe; sy almag; sy voorsienigheid – in sy Naam!

65:2

OAV	“my hande die hele dag uitgebrei na ‘n opstandige volk”
NAV	“gedurig my hande uitgesteek na ‘n opstandige volk”
Cum-NLV	“heeldag my hande uitgesteek na my eie opstandige volk”
NASB	“I spread out My hands all day long to a rebellious people”

Dit is antropomorfe (mensvormige) of metaforiese spreke (sien Vir Spesiale Aandag by 41:2) om God se liefde (Rom. 10:21) in al die intensiteit daarvan te laat sien. Hier is die uitgesteekte hande 'n blyk van verwelkoming, wat andersins gewoonlik 'n gebedshandeling is.



OAV	“wandel op ‘n weg wat nie goed is nie... agter hulle eie gedagtes aan”
NAV	“wat ‘n pad geloop het wat nie goed is nie... hulle eie kop gevolg”
Cum-NLV	“aangehou loop op hulle eie sondige paaie... hulle eie koppe gevolg”
NASB	“Who walk <i>in</i> the way which is not good, following their own thoughts”

Die volgende verse teken verskeie vorme van afgodediens aan, eie aan die Joodse volk. Om uit ons tyd die aspekte en besonderhede van vv. 3-7 te beoordeel, is moeilik. Sommige is van mening dat die aanbidding in tuine (v.3) die inding was terwyl andere gewissel het tussen die verskeidenheid wat daar was. Onbetwisbaar is die feit dat God se volk in allerlei afgodediens verval het. Opgesom kom uitinge ten opsigte van afgodery op die volgende neer:

1. offergebruike in tuine
2. wierook op kleistene gebrand
3. tyd deurgebring tussen grafte
4. oornag in geheime plekke
5. eet van varkveis
6. onrein soppe in hulle voedselpotte
7. brand van wierook op die berge
8. minagtende gedrag teenoor God op die hoogtes
9. tafels gedek vir Toekomsgeluk (v.11)
10. drank gemeng vir die Noodlot

65:3

OAV	“volk wat My gedurigdeur in die aangesig terg”
NAV	“volk beledig My gedurig in my gesig”
Cum-NLV	“n volk wat My in my gesig beledig”
NASB	“A people who continually provoke Me to My face”

Hierdie is ‘n Hebreeuse metafoor wat ‘n openlik uitdagende houding teenoor God beskryf. Afgodery het algemeen en openlike praktyk geword en was nie meer ‘n saak van geheimhouding nie.



OAV	“wat offer in tuine”
NAV	“bring soos heidene offers in tuine”
Cum-NLV	“offers vir afgode in tuine”
NASB	“Offering sacrifice in gardens”

Ons is nie seker of hier sprake is van antieke verering van bome nie (Jes. 1:29) en of dit bedoel is as offers wat spesifiek die tuinomgewing vereis het nie (Jes. 66:7).



OAV	“rook laat opgaan op bakstene”
NAV	“brand wierook op hulle altare”
Cum-NLV	“brand wierook op hulle steenaltare”
NASB	“burning incense on bricks”

Dit word aanvaar dat “stene” kan verwys na

1. ‘n altaar gebou van gekapte klip (Lev. 20:24-25)
2. pilare vir Baäl-aanbidding (Lev. 26:1)
3. dakteëls wat in verband met Babilonies-astrale gode gesien word (hemelliggame)
4. wierook-altare (vgl. IVP Bible Background Commentary: OT, bl. 640)

So ‘n menigte moontlikhede laat ons besef dat ons dit nie heeltemal kan begryp nie.

65:4

OAV	“wat in die grafte sit”
NAV	“hulle sit tussen die grafte”
Cum-NLV	“in die nag gaan hulle na die grafte”
NASB	“Who sit among graves”

Dit lyk op ‘n soort kommunikasie met en aanbidding van die dode of voorvaderverering; moontlik ook towery en swartkuns.



OAV	“en vernag in verborge plekke”
NAV	“en bly snags in geheime plekke”
Cum-NLV	“in die nag gaan hulle na...geheime plekke om bese geeste te aanbid ”
NASB	“spend the night in secret places”

Die woord “geheime plekke” is in Hebreeus letterlik “waghou,” “bewaak” en “behou,” (BDB 665) maar dat dit hier om iets geheimsinnigs gaan.

1. geheime dinge—Jes. 48:6
2. geheime plekke – Jes. 65:4
3. geheime gedagtes -- Spr. 7:10

Wat hiermee bedoel word, weet ons nie regtig nie, maar kultiese gebruike is ‘n moontlikheid.



OAV	“wat varkvleis eet en daar is brokke onrein vleis in hulle skottels”
NAV	“hulle eet varkvleis en daar is onrein vleis in hulle borde”
Cum-NLV	“Hulle eet varkvleis en onrein kos wat verbode is”
NASB	“Wo eat swine’s flesh, and the broth of unclean meat are in their pots”

Gewoonlik verbind uitleggers hierdie twee praktyke, maar dit bly onseker. Dis verbreking van die voedselriglyne van Lev. 11: 7. Volgens Ugaritiese tekste was varke algemeen geag as offerdier by volke rondom Israel.

Die MT het ‘n *ketiv*-nota (hoe geskryf) wat “brokstuk” beteken (BDB 830; פֶּרֶק) maar BDB (600 II) stel met *qere*-nota voor (hoe gelees) מֶרֶק, “ ‘n ryk brokstuk” en word daarin gevolg deur die DSS, LXX en die Aramese Targoem.

65:5

OAV “Wat sê: Bly daar. Kom nie naby my nie, want ek is heilig vir jou”
NAV “Hulle se: “Bly waar jy is... Ek is te heilig vir jou”
Cum-NLV “sê hulle, ‘Bly waar jy is en moenie naby my kom nie! Ek is heiliger as jy”
NASB “Who say, ‘Keep to yourself, do not come near me, for I am holier than you”

1. Bly daar – Qal IMPERATIEF, BDB 897, KB 1132
2. moenie naby my kom nie—Qal IMPERFEKTUM, BDB 620, KB 670 in JUSSIEF vorm

Hierdie opdragte kom van die kant van die afgodsdienaars (vgl. vv. 2-4,7,11-12), waarskynlik uit monde van hulle priesters. Hulle was begaan oor:

1. oordrag/afgee van hulle “heiligheid” (vgl. Eseg.44:19, angstig om hulle kragte en prestige nie meet e deel nie.)
2. en dat die afgee daarvan moontlik slegte gevolge vir ‘n gewone heidenaanbidder kan hê.



OAV “want Ek is heilig vir jou”
NAV “Ek is te heilig vir jou”
Cum-NLV “Ek is heiliger as jy”
NASB “I am holier than you”
NRSV “I am too holy for you”
TEV “we are too holy for you to touch”
NJB “lest my sanctity come near you”
JPSOA “I would render you consecrated”
REB “my holiness will infect you”
Peshitta “I am sanctified”

Met veranderde vokale bied die *UBS Text Project* ‘n ander vertaling, “Ek het jou geheilig,” maar wys tegelyk daarop dat die Masorete Teks se “Ek is vir jou heilig” ‘n “B” gradering kry.



OAV, Cum-NLV “Sulke mense is soos rook in my neus, soos ‘n vuur wat heeldag brand”
NAV “Hierdie mense maak My woedend, hulle laat my toorn losbreek.”
NASB “These are smoke in My nostrils, A fire that burns all the day”

Hierdie idioom toon God se irritasie en toorn oor hierdie soort houding van beoefenaars van afgodiese praktyke.

65:6

OAV “staan voor my aangesig geskrywe, Ek sal nie swyg nie, tensy dat Ek dit vergeld het”
NAV “By My staan dit vas: Ek gaan ingryp, Ek gaan hulle straf”
Cum-NLV “Dit staan voor My geskryf: Ek sal nie langer stilbly nie, nee, Ek sal hulle straf”
NASB “Behold, it is written before Me,” I will not keep silent, but I will repay”

Dat iets geskryf staan is ‘n baie ou metafoer om God se geheue te beskryf (die Boek van Werke en die Boek van die Lewe; Dan. 7:10; Openb. 20:12-15) Die waarheid is dat daar ‘n dag van afrekening kom. Dit is ‘n boodskap wat almal moet hoor. Let op wat JHWH in gedagte het

1. om nie stil te bly nie (Cum-NLV)
2. om te straf (NAV)
3. om te vergeld (OAV)

VIR SPESIALE AANDAG: DIE TWEE BOEKE VAN GOD

- A. Wat met hierdie opskrif bedoel word, is
1. die natuur (d.w.s. die skepping, vgl. Ps. 19:1-6)
 2. die heilige Skrif (Ps. 19: 7-14)

Dit is hoekom ek nie dink dat daar uiteindelik 'n konflik behoort te wees tussen die wetenskap en geloof nie, alle waarheid is God se waarheid. Sien asseblief my kommentaar oor Genesis 1-11 intyds, gratis by www.freebiblecommentary.org

- B. Daar is melding van twee boeke in die Bybel (vgl. Dan. 7:10; Openb. 20:12)
1. Die boek wat alle optrede van mense, sleg sowel as goed, bevat. Dit kan gesien word as die geheue van God en dat op 'n dag elke mens rekenskap sal moet gee van sy/haar rentmeesterskap van die gawe van lewe.
 - a. Ps. 56:8; 139:16
 - b. Jes. 65:6
 - c. Mal. 3:16
 - d. Openb. 20:12-13
 2. Dit is die "boek" wat aantekening hou van almal wat 'n geloof/berouvolle en gehoorsame verhouding met JHWH/Jesus het. Dit dien as metafoor vir God se geheue in verband met almal wat verlos is en vir die hemel bestem is.
 - a. Eks. 32:32-33
 - b. Ps. 69:28
 - c. Jes. 4:3
 - d. Dan. 12:1
 - e. Fil. 4:3
 - f. Heb. 12:23
 - g. Openb. 3:5; 13:8; 17:8; 20:12,15
 - h. Ook gemeld in 1 Henog 47:3; 81:1,2

Hierdie "boeke" toon aan dat God aan Sy Woord getrou is. Hy onthou diegene wat wederstrewig is, maar wanneer sondaars bely, glo, begin gehoorsaam, dien en volhard daamee, vergeet Hy (vgl. Ps. 103:11-13; Jes. 1:18; 38:17; 43:25; 44:22; Miga 7:19). Dat God onwrikbaar vas staan in sy groot barmhartigheid, in beloftes en voorsienigheid, kan met groot sekerheid en vertrouwe aanvaar word. God is, in een woord, getrou!

☐	
OAV	"Ek sal voor alles hulle loon in hulle boesem toemeet"
NAV	"Ek gaan hulle straf volgens wat hulle verdien"
Cum-NLV	"Ek gaan hulle terugbetaal volgens hulle verdienste"
NASB	"I will repay into their bosom"

Die idioom met "boesem" beteken, "Ek sal hulle eie sonde op hulle laat neerkom." (vgl. Job 34:11; Ps. 28:4; 62:12; Spr. 24:12; Pred. 12:14; Jer. 17:10; Jer. 32:19; Mat. 16:27; 25:31-46; Rom. 2:6; 14:12; I Kor. 3:8; 2 Kor. 5:10; Gal. 6:7-10; 2 Tim. 4:14; 1 Pet. 1:17; Openb. 2:23; 20:12; 22:12)

65:7
OAV **"- julle ongeregthede en die ongeregthede van julle vaders tesame"**

NAV	“Ek gaan hulle straf oor hulle en hulle voorvaders se sondes”
Cum-NLV	“Ek gaan hulle straf vir hulle eie sondes en vir die sondes van hul voorouers”
NASB	“Both their own iniquities and the iniquities of their fathers together”

Hier vind ons ‘n sameloop van korporele en individuele, eiewillige sonde. Ons word nie alleen deur korporele volksonde geaffekteer nie, maar ook as gevolg van ons individuele keuses in die hede. Uit die Tien Gebooie (Eks.20; Deut. 5:9) kom ons te wete dat ons tot in die derde en vierde geslag onder die sondige invloed van voorouers ly. In Eseg.18 word die teenoorgestelde beklemtoon, naamlik dat elkeen vir eie sonde aanspreeklik gehou word.

☐	
OAV	“offerrook laat opgaan het op die berge en My smaadheid aangedoen het...”
NAV	“wierook gebrand op die berge en My beledig op die heuwels”
Cum-NLV	“Want hulle het wierook gebrand op die berge en My beledig op die hoogtes”
NASB	“Because they have burned incense on the mountains, And scorned Me on the hills”

Volgens die profeet Hosea is dit aspekte van vrugbaarheidsreligie met name van die god Baäl (vgl. Hos. 4:13-14)

☐	
OAV	“hulle loon in hulle boesem toemeet”
NAV	“vir hulle dade van vroeër”
Cum-NLV	“volgens wat hulle verdien”
NASB, NKJV	“their former work”
NRSV	“full payment”
TEV	“their past deeds”
NJB, JPSOA	“in full”

Die NASB volg die Masorete Teks. Die NRSV, NJB en JOSOA suggereer ‘n emendasie van konsonante , הַרְאֵשׁוֹן wat “vorige” beteken met בְּרֵאשׁוֹן wat “ten volle/ in full” beteken (Lev. 6:5) of “eerste” (Jer. 16:18).

NASB HERSIENE TEKS: 65:8-12

U kan die Afrikaans hiervoor in die OAV, NAV, Cum-NLV nagaan

⁸“as the new wine is found in the cluster,
And one says, ‘Do not destroy it, for there is benefit in it,’
So I will act on behalf of My servants
In order not to destroy them all
⁹I will bring forth offspring from Jacob,
And heir of my mountains from Judah;
Even My chosen ones shall inherit it, moue
And My servants will dwell there.
¹⁰Sharon will be a pasture land for flocks,
And the valley of Achor a resting place for herds,
For My people who seek Me.
¹¹But you who forsake the LORD
Who forget My holy mountain,
Who set a table for Fortune
And who fill *cups* with mixed wine for Destiny,
¹²I will destine you for the sword,

**And all of you will bow down to the slaughter.
Because I called, but you did not answer;
I spoke but you did not hear.
And you did evil in My sight
And chose that in which I did not delight**

65:8

OAV "Soos wanneer iemand mos vind in 'n tros druie"

NAV "Wanneer 'n druiewetros nog sap het"

Cum-NLV "as daar nog sap in 'n druiewetros is"

NASB "As the new wine is found in the cluster"

Dit is 'n metafoor om te sê dat selfs in 'n druiewetros met slegte korrels die bruikbares ook nog aanwesig is. So begin 'n gesprek wat tussen v.8 tot 10 aandui dat 'n oorblyfsel Jode (Sien *Vir Spesiale Aandag* by 46:3) aan JHWH getrou sou bly. Aan die anderkant handel vv. 11-13 die algehele verwerping en oordeel oor diegene wat volhou om God te weerstaan. Dit is die aanvang van die pynlike waarheid dat die oordeel van God begin by die huis van God. Daar is vorme van ons godsdienstigheid waarin God geen plesier vind nie. Hy kyk na die hart van die mens (Jes.29:13).

Ten opsigte van "nuwe wyn" sien die *Vir Spesiale Aandag* wat hier volg.

VIR SPESIALE AANDAG: BYBELSE OPVATTINGE OOR ALKOHOL EN ALKOHOLISME

I A. Ou Testament

Jajin– die algemene term vir wyn (DBD 406), wat 141 keer voorkom. Die etimologie van die woord is onseker omdat dit nie van 'n Hebreeuse wortelstam kom nie. Dit dui op gegiste vrugtesap, meesal druie. Uitstaande gedeeltes is Gen. 9:21; Eks. 29:40; Num. 15:5,10.

Tirosj– is "nuwe wyn" (BDB 440). Omrede die klimaatstoestande in die Nabye Ooste begin gisting binne 6 uur nadat sap afgetrek is. Die term verwys na wyn in die gistingproses. Vir 'n paar tipiese teksverwysings sien Deut.12:17; 18:4; Jes. 62:8-9; Hos. 4:11.

Asis– is baie duidelik alkoholiese drank ("soetwyn," BDB 779, vgl Joël 1:5; Jes 49:26).

Sekar– is die term vir "sterk drank" (BDB 1016). Die Hebreeuse wortelstam word gebruik in die terme "dronk" en "dronklap." Daar was 'n bestanddeel bygevoeg wat die bedwelming verhoog het. Dit word as parallel met *jajin* beskou (Spr 20:1; 31:6; Jes 28:7).

B. Nuwe Testament

Oinos– is die Giekse ekwivalent vir *jajin*.

Eos oinos (nuwe wyn)– is die Griekse ekwivalent vir *tirosj* (vgl Mark 2:22).

Gleuchos vinos (soet wyn, asis)– is wyn in die vroeë stadiums van gissing (vgl Han 2:13).

II Gebruike in die Bybel

A. Ou Testament

1. Wyn is 'n gawe van God (Gen 27:28; Ps 104:14-15; Pred 9:7; Hos 2:8-9; Joël 2:19,24; Amos 9:13; Sag 10:7).

2. Wyn kan deel uitmaak van offergawes (Eks 29:40; Lev23:13; Num 15:7, 10; Deut 14:26; Rigt 9:13)

3. Wyn was in gebruik as medikasie (vgl 2 Sam 16:2; Spr 31:6-7)

4. Wyn kan ernstige probleme veroorsaak ; Noag– Gen 9:21; Lot –Gen 19:33,35; Simson – Rigt 16:19; Nabal– 1 Sam 25:36; Uria – 2 Sam 11:13; Amnon –2 Sam 13:28; Ela –1 Kon 16:9; Benhadad – 1 Kon 20:12; regeerders – Amos 6:6; en dames – Amos 4.

5. Wyn kan misbruik word (vgl Spr 20:1; 23:29-35; 31:4-5; Jes 5:11,22; 19:14; 28:7-8; Hos 4:11).

6. Wyn was verbode vir sekere groepe (priesters aan diens, Lev 10:9; Eseg 44:21; Nasareners Num 6; en regeerders Spr 31:4-5; Jes 56: 11-12; Hos 7:5).

7. Wyn word gebruik in eskatologiese tyd.

B. Tussen die Testamente

1. Wyn matig gebruik, is goed vir 'n mens; Eccl 31:27-30
2. 'n Gesegde van die rabbyne, "Wyn is die beste van alle medisyne, waar wyn ontbreek, word dwelms benodig."

C. Nuwe Testament

1. Jesus het 'n groot hoeveelheid water in wyn verander (Joh 2:1-11)
2. Jesus het wyn gebruik (Mat 11:18-19; Luk 7:33-34; 22:17vv)
3. Petrus van "dronkenskap" weens "nuwe wyn" op Pinksterdag beskuldig (Han 2:13)
4. Wyn kan as medisyne gebruik word (Mark 15:23; Luk 10:34; 1 Tim 5:23)
5. Leiers moenie misbruikers wees nie; wat nie geheelonthouding impliseer nie (1 Tim 3:3,8); Tit 1:7; 2:3; 1 Pet 4:3).
6. Wyn word gebruik in eskatologiese tye (Mat 22: 1vv; Openb 19:19)
7. Dronkenskap word afgekeur (Mat 24:49; Luk 12:45; 21:34; 1 Kor 5:11-13; 6:10; Gal 5:21; 1 Pet 4:3; Rom 13:13-14)

III Teologiese Insigte

A. Dialektiese spanning

1. Wyn is 'n gawe van God
2. Dronkenskap en verslaafdheid is problematies
3. Terwille van die evangelie moet gelowiges in die midde van sekere kulture hulle vryheid beperk (Mat 15: 1-20; Mark 7:1-23; 1 kor 8-10; Rom. 14)

B. Die neiging om grense te oorskrei

1. God is die gewer van alle goeie dinge
2. 'n Gevalle mensdom het God se gawes misbruik deur dit buite sy grense daarvoor te gebruik.

C. Misbruik is nie in fisiese dinge nie. Die fisiese skepping is nie sondig nie (Mark 7:18-23; Rom 14:14,20; 1 kor 10: 25-26; 1 Tim 4:4; Tit 1:15).

IV Eerste eeuse Joodse kultuur en gisprosesse

A. Gisting tree vinnig in na die druif fyngemaak is; binne 6 uur.

B. Die Joodse tradisie meen dat wanneer 'n ligte skuim op die oppervlak verskyn, kan dit as "wyn-tiende" aangebied word (Ma aseroth 6:1).

C. Primêre deur-gisting is voltooi na 'n week

D. Die sekondêre gistingsproses duur 40 dae waarna dit op die altar aangebied kan word (*Edhujjot*) as "verouderde wyn."

E. Wyn wat op afsaksel rus (ou wyn) is ook geskik, maar moet deeglik voor gebruik gefiltreer word.

F. Wyn is na 'n jaar se gisting behoorlik verouder. Drie jaar was die langste wat wyn veilig gestoor kon word. Dit was dan "ou wyn" en moet met water verdun word.

G. Gedurende die laaste 100 jaar kon wyn se gisting in 'n steriele omgewing en met chemikalië beheer word. Die antieke wêreld kon die natuurlike proses van gisting nie stopsit nie.

V Slotopmerkings

A. Maak seker dat jou ervaring en teologie, jou interpretasie van die Bybel nie vir Jesus en die eerste eeuse kultuur, geringskat nie. Hulle was duidelik nie afskaffers nie.

B. Ek maak nie voorspraak vir die sosiale gebruik van alkohol nie. Nietemin, vele persone het die Bybel se standpunt uit verband geruk en baseer hul standpunt nou op gesag van 'n hoëgrond-geregtigheid soos in hulle kultuur en denominasie gangbaar.

C. Vir my het Romeine 14 en 1 Korintiërs 8-10 insig en gedragpatrone gebied wat op liefde en respek gegrond is; nie op persoonlike vryheid of kritiese veroordeling nie. As die Bybel ons enigste bron van geloofskennis en en lewenspraktyk is, sal ons dalk oor hierdie aangeleentheid weer moet besin.

D. As ons geheelonthouding as God se wil verkondig, wat impliseer dit dan omtrent Jesus, en wat van moderne kulture wat gereelde gebruikers van wyn is (bv. Europa, Israel, Argentinië).

- OAV** “vir my volk wat My gesoek het; maar julle wat die **HERE** verlaat”
NAV “Vir die uit my volk wat vra na my wil; Maar julle wat van die Here afvallig
geword het”
Cum-NLV “vir hulle uit my volk wat na my wil vra; maar die res van julle het die **HERE**
versaak ”
NASB “For My people who seek Me; But you who forsake the **LORD**”

Hiermee tree ‘n nuwe konsep die OT binne. Tevore het God altyd ‘n korporele benadering tot sy volk gehad. Die hele nasie was geseënd of die hele nasie was onder oordeel () vgl. Lev.26 en Deut. 28,29. So kom ons nou by die geïndividualiseerde fokus van Eseg.18:32; 30:10-19, en Jer. 31:29-30, wat onderskeid maak tussen diegene in die volk wat glo en hulle wat nie glo nie (Deut. 29:24-28). Later in hoofstuk 66 sal die onderskeid ook geld wat betref die hele mensheid, waarin sommige verwerp sal wees en diegene wat JHWH aangeneem het.

65:11 “julle wat die **HERE** versaak...” Die WERKWOORD (in Qal WERKWOORDDEELJIE (BDB 736 I , KB 806) het die betekenis “om uit te ban” of “om te verlaat.” Gewoonlik word dit oorgesit in “versaak van God” (Deut.28:20; 31:16; Rigt. 10:10 Jer.1: 16; Jona 2:8). Hulle het JHWH versaak om afgode aan te hang (2 Kon 9-22; 2 Kron. 36:13-21) God sal ook hulle versaak (Deut.31:17;Jes. 41:17; 49:14; 54:7).

- ☐
OAV “n tafel dek vir die geluksgod en die mengsel inskink vir die godin van die noodlot”
NAV “vir die afgod Gad offermaaltye hou en wyn inskink vir die afgod Meni”
Cum-NLV “die geluksgod en die god van die noodlot aanbid”
NASB “Who set a table for Fortune; And who fill cups with mixed wine for Destiny”

Die term geluksgod/Fortune (BDB 151, KB 176)en die Hebreeus vir noodlot/ Destiny(BDB 854, KB 176 II) is name vir heidengode wat moontlik met gode van die sterreheem (Jer. 7:18; 44:17) verband hou en wat aanbidding van die “koningin van die hemel” ingesluit het. Ongetwyfeld het die terme met afgodery van een of ander aard te doen.

- 65:12**
OAV “Ek het julle bestem vir die swaard”
NAV “Ek gaan julle straf met die dood”
Cum-NLV “daarom het Ek julle bestem om doorgemaak te word”
NASB “I will destine you for the sword”

Let op die woordspel op die WERKWOORD (Qal PERFECTUM, BDB 584, KB 599) wat as titel vir ‘n vals godheid in vers 11 gebruik word, “Destiny”/ “destine.”(BDB 584) .

- ☐
OAV “”omat ek geroep het en julle nie geantwoord het nie
NAV “omdat julle nie geantwoord het toe Ek geroep het nie”
Cum-NLV “Want toe Ek geroep het, het julle nie geantwoord nie”
NASB “Because I called out and you did not answer”

Dit is ‘n opsomming van verse 1-7. God het hulle voortdurend liefgehad en geroep, maar hulle het geweier om te antwoord en het sy roep geïgnoreer.

NASB HERSIENE TEKS: 65:13-16

13Therefore, thus says the **LORD GOD**,
“Behold, My servants will eat, but you will be hungry
Behold, My servants will drink, but you will be thirsty.
Behold, My servants will rejoice, but you will be put to shame.
14Behold, My servants will shout joyfully with a glad heart,
But you will cry out with a heavy heart,

And you will wail with a broken spirit.
¹⁵**You will leave your name for a curse to My chosen ones,**
And the Lord GOD will slay you.
But My servants will be called by another name.
¹⁶**Because he who is blessed in the earth**
Will be blessed by the God of truth;
Because the former troubles are forgotten,
And because they are hidden from my sight

65:13-16 Hier word die kontras tussen die twee tipes saad (nakomelinge) van Abraham voortgesit — gelowig en ongelowig. In die NT is die onderskeiding van toepassing op die hele mensdom (Rom. 2: 28-29)

65:14 let op die teenstelling tussen geloof en ongeloof:

1. gelowiges--- roep bly van hart
2. ongelowiges --- roep uit met 'n swaarmoedige hart.

Deur die mensdom loop 'n diep skeiding (vgl. Mat. 7:13-14, 15-23,24-27; Luk. 13:22-30) en dit skei selfs sommige af wat “godsdienstig” is.

65:15

OAV “en jul naam vir my uitverkorenes as ‘n woord van verwensing laat agterbly”
NAV, Cum-NLV “Die wat Ek uitverkies het, sal julle naam gebruik om mense mee te vervloek”
NASB “You will leave your name for a curse to My chosen ones”

Nog eens woordspel hierdie keer met “naam” (BD 1027). Dit impliseer dat die naam van ongelowiges as vervloektes gereken word terwyl gelowiges ‘n nuwe naam ontvang. Uit die onmiddellike verband kan die nuwe naam nie afgelei word nie, maar ‘n nuwe naam vir God volg in vers 16 — “die God van waarheid” (OAV), die “Naam van die God wat getrou” is (NAV); vgl Gen. 3:14. Iets hiervan mag moontlik uitkom in gelowies se nuwe naam.

In Genesis is daar JHWH se belofte aan Abraham waarin ‘n waarskuwing vervat is, naamlik dat JHWH sal vervloek wie Araham vervloek of seën wie hom seën, omdat hy JHWH verteenwoordig (Gen. 12:2; 18:18; 22:18).

65:16

OAV “omdat die vorige benoudhede vergete is; en verborge vir my oë”
NAV “Die swaarkry van vroeër sal vergeet wees; Ek laat dit verdwyn”
Cum-NLV “Die probleme van voorheen sal vergeet wees; Ek laat dit verdwyn”
NASB “Because the former troubles are forgotten”
And because they are hidden from My sight”

In die Bybel is dit metafories van toepassing dat as God “vergeet” vergifnis as volkome beskou kan word. Die metafoer dat sonde voor sy aangesig bedek is, kom herhaaldelik voor in die OT. Wanneer God vergewe vergeet Hy ook (Ps. 103: 11-13; jes. 1:18; 38:17; 43:25; 44:22; Miga 7:18).



OAV, Cum-NLV	“die God van waarheid”
NAV	“die God wat getrou is”
NASB, NKJV, NJB	“the God of truth”
NRSV	“The God of faithfulness”
TEV	“the faithful God”
LXX, JPSOA	“the true God”
REB	“by God whose name is Amen”

Die titel waarmee Godheid benoem word, is אלה (BDB 43) en kom dikwels in antieke gedigte voor (vgl. Deut. 32:15,17; Job 3:4; Ps. 18:32; 50:22; 114:7; 139:19; Spr.30:5; Jes. 44:8; Hab. 3:3)

Die tweede deel van die titel is dan “Amen” Sien die *Vir Spesiale Aandag* wat hier volg.

VIR SPESIALE AANDAG: AMEN, אָמֵן

I OU TESTAMENT

A. Die woord “Amen” (BDB 53) kom uit ’n Hebreuse woord vir waarheid (*emeth*) of eerbaarheid (*emun, emunah*) en geloof of gelowigheid.

B. Etimologies verklaar, kom dit neer op iemand wat stewig of vas staan. Teenoorgesteld daarvan sal wees dat iemand onvas is, wat gly (Deut 28:64-67; 38:16; Ps 40:2; 73:18; Jer 23:12) of struikel (vgl Ps 73:2). Vanuit hierdie letterlike betekenis het ’n metaforiese toepassing ontwikkel, naamlik getrouheid, betroubaarheid, lojaliteit en vertroubaarheid (Gen 15:16; Hab 2:4)

C. Skrifvoorbeelde van spesiale gebruik

1. ’n pilaar of suil, 2 Kon 18:16 (1 Tim 3:15)
2. ondersteuning (Eks 17:12)
3. onwankelbaarheid (Eks 17:12)
4. stabiliteit (Jes 33:6; 34:5-7)
5. waar/waarheid (1 Kon 10:6; 17:24; 22:16; Spr 12:22)
6. ferm/fermheid (2 Kron 20:20; Jes 7:9)
7. betroubaar (Torah), Ps 119:43; 142, 151, 168

D. Daar is ook twee ander woorde in die OT wat aktiewe geloof beskryf

1. *bathach*, vertrou (BDB 105, Deut 28:52)
2. *yra*, ontsag, respek, aanbidding (BDB 431, vgl Gen 22:12)

E. ’n Liturgiese gebruik het ontwikkel uit die gedagte aan vertrou en betroubaarheid; ’n ware of betroubare opmerking of stelling van iemand anders kon daardeur beaam word (vgl Deut 27:15-26; Neh 8:6; Ps 41:13; 72:19; 89:52; 106:48).

F. Die teologiese sleutel in dié verband is dat nie die mens nie, maar dit hier om JHWH se getrouheid gaan (Eks 34:6; Deut 32:4; Ps 108:4; 115:1; 118:2; 138:2.) ’n Gevalle mensdom se enigste hoop is die genadige, betroubare verbondslojaliteit van JHWH en sy beloftes. Diegene wat Jahweh (JHWH) ken, moet soos Hy wees (Hab 2:4) Die Bybel is geskiedenis op rekord van hoe God besig was, en is, om sy beeld in die mensdom te herstel (Gen 1:26-27). Verlossing herstel die mens tot ’n vermoë om weer met God in intieme samesyn te verkeer. Dit is waarvoor die mens geskape is.

II NUWE TESTAMENT

A. Die gebruik van “Amen” as ’n mening van instemming, uitgespreek in liturgiese konteks, is algemeen in die NT (vgl 1 Kor 14:16; 2 Kor 1:20; Openb 1:7; 5:14; 7:12).

B. Die gebruik van die woord as ’n afsluiting van gebed is ook eie aan die NT (vgl Rom 1:25; 9:5; 11:36; 16:27; Gal 1:5; 6:18; Ef 3:21; Fil 4:20; 2 Tes 3:18; 1 Tim 1:17; 6:16; 2 Tim 4:18).

C. Dis net Jesus wat by geleentheid van belangrike mededelings dié term gebruik; dikwels in dubbelvorm (herhalend) aldus Johannes (vgl Luk 4:24; 12:37; 18:17, 29; 21:32; 23:43).

D. Dit word as ’n titel vir Jesus in Openbaring (3:14) gebruik (waarskynlik ’n titel van JHWH vanuit Jes 65:16)

E. Hier ’n konsep van getrouheid of geloof, betroubaarheid, en vertrou, word uitgedruk in die term *pistos* of *pistis*, wat in Engels vertaal word met “trust”, “faith” en “believe.”

NASB HERSIENE TEKS: 65:17-25

**¹⁷For behold, I create new heavens and a new earth;
And the former things will not be remembered or come to mind.**

**¹⁸But be glad and rejoice forever in what I create;
For behold, I create Jerusalem for rejoicing
and her people for gladness.**

¹⁹I will also rejoice and be glad in My people;
And there will no longer be heard in her the voice of weeping and the sound of crying.

²⁰No longer will there be in it an infant *who lives but a few days*,
Or an old man who does not live out his days;
For the youth will die at the age of one hundred
And the one who does not reach the age of one hundred
Will be thought accursed

²¹They will build houses and inhabit *them*
They will also plant vineyards and eat their fruit.

²²They will not build and another inhabit,
They will not plant and another eat;
For as the lifetime of a tree, so will be the days of My People,
And My chosen ones will wear out the work of their hands.

²³They will not labor in vain,
Or bear children for calamity;
For they are the offspring of those blessed by the LORD,
and their descendants with them.

²⁴It will also come to pass that before they call, I will answer; while they are still speaking, I will hear. The wolf and the lamb will graze together, and the lion will eat straw like the ox; and dust will be the serpent's food. They will do no evil or harm in all My holy mountain, "says the LORD.

65:17

OAV "Want kyk, Ek skep nuwe hemele en 'n nuwe aarde"

NAV "Ek gaan 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde skep"

Cum-NLV "Kyk Ek skep 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde"

NASB "For behold, I create new heavens and a new earth"

Baie belangrik is die konteks van verse 17-25, omdat daarin die sleutel gebied word, nie alleen vir die laaste twee hoofstukke nie, maar ook vir die aankondiging dat God alle dinge nuut gaan maak (42:9; 48:6; 66:22; 2 Pet 3:13) en ook vir bespreking van die Nuwe Era en die Eeu van die Messias (vgl. Rom. 8:18-25). Dit impliseer dat die bestaande orde vernietig sal word (Jes.51:6 en 2 Pet. 3:10). 'n Aanduiding in verse 16 en 17 is ook dat daar in die Nuwe Orde nie sonde sal wees nie omdat dit alles weggevee sal wees, soos blyk uit die laaste reëls van vers 16.)

Die terminologie van 'n "nuwe hemel en nuwe aarde" kom algemeen in Joodse apokaliptiek voor (vgl. 2 Esdras 6:11-24; 1 Henog 91:16). Hieruit volg die beeldspraak van Openb. 21-22! Die aarde sal terugkeer tot 'n heerlike bestel en doelstellings soos voor die Genesis-gebeure.

65:18 Sommer die eerste reël van die gedig bevat 'n parallel van twee IMPERATIEWE:

1. Wees bly – Qal IMPERATIEF, BDB 965, KB 1314, vgl. 61:10; (twee keer) 62:5; 64:5; 65:18-19; 66:10,14

2. jubel -- Qal IMPERATIEF, BDB 162, KB 189, vgl. 61:10; 65: 18,19; 66:10

AB, bl.198, beskou hierdie as die nuwe titels vir Jerusalem en die terugkerendes uit ballingskap.

■

OAV "vir ewig"

NAV sonder ophou

Cum-NLV (oor wat)

NASB "forever"

Hierdie term dui op voortgaande vertrouensvriendskap met die Skepper en sy uitverkorenes (1 Kron. 28:9; Miga 7:18).

65:19

OAV "en daarin sal nie meer gehoor word die stem van geweën of die stem van geskreeu nie"

NAV **“Daar sal in Jerusalem nie meer iemand gehoor word wat huil of om hulp roep nie”**
 Cum-NLV **“In die stad sal jy nooit meer hoor hoe mense huil of om hulp roep nie”**
 NASB **“And there will be no longer heard in her the voice of weeping and the sound of crying”**

Die Nuwe Era sal nie meer die pyn beleef van hierdie vroeër, sonde-geteisterde aarde nie.

65:20

OAV **“Daarvandaan sal nie meer kom ‘n suigeling van ‘n paar dae of ‘n grysaard wat sy dae nie vol uitlewe nie”**

NAV Cum-NLV **“Nooit sal ‘n suigeling net maar ‘n paar dae leef nie, Daar sal nie grysaards wees wat nie hul jare uitleef nie”**

NASB **“No longer will there be in it an infant who lives but a few days”
 Or an old man who does not live out his days”**

Die oorsprong van dié stellings in oortreffende trap kan op twee oorweginge berus:

1. ‘n sinspeling op die lang leeftye in Gen. 1-5 en ‘n terugkeer dus na die Eden-era

2. die OT se manier om te spreek van ‘n nuwe era, maar waarvan ons uit die NT weet

dat dit nie net gaan oor verlengde fisiese lewe nie, maar nuwe, ewige lewe (zoa).

Vir deeglike bespreking oor Jesaja se mededelings oor verlengde lewe en die NT oor ewige lewe sien Hard Sayings of the Bible, bl. 307-309

65:22 Hierdie is metafore om die feite te stel dat terugkerende ballinge in die land sal woon en die opbrengs daarvan sal geniet. Sien *Vir Speciale Aandag* by 40:9.

Soos die Septuaginta sien die Aramese Targoem die “boom” (BDB 781) as die “boom van die lewe” in die tuin van Eden.

65:24 ‘n Baie mooi belofte in verband met gebedsverhoring wat selfs op Mat. 6:8 verhelderend uitbrei.

65:25

OAV,NAV, Cum-NLV **“Die wolf en die lam sal saam wei”**

NASB **“The wolf and the lamb will graze together”**

Hier het ons weer die idilliese prentjie van God en mensdom tesame in tuinopset waar ook diere (Jes.11:6-9; Genesis 1:2; Openb. 21:22) sal wees. Dit strook met my eie teologiese beskouing dat ons nie hemel toe gaan nie, maar die hemel keer terug na ‘n herskape en gereinigde aarde. Alles sal weer wees soos dit eenmaal was.

☐

OAV **“en stof sal die voedsel van die slang wees”**

NAV **“en stof sal die kos van die slang wees”**

Cum-NLV **“en giftige slange sal stof vreet”**

NASB **“and dust will be the serpents food”**

Dit is ‘n ietwat buite konteks idioom wat betref die nuwe aarde omdat dit algemeen aanvaar is dat stof slange se voedsel is. (Vgl. Cum-NLV se poging tot verheldering - vert.)

Nietemin soos dit staan mag dit verwys na

1. Gen. 3:14 waar blyk dat Satan se versoekings algeheel uitgeskakel sal wees en

oneffektief op ‘n vernude mensdom.

2. Jes. 11:8, ‘n strofe wat ook die Nuwe Era beskryf.

JESAJA 66

PARAGRAAF INDELING VAN EIETJDSE VERTALINGS

NASB	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV*
Heaven is God's Throne	The True Worship and False	Concluding Oracles	The LORD Judges the Nations	Prophecy on the Temple	Die Mag van die Here sal geopenbaar word
66:1-2 (1-2)	66:1-2 (1-2)	66:1-2 (1-2)	66:1-2 (1-2)	66:1-2 (1-2)	66:1-3 (1-3)
66:3-6 (3-6)	66:3-4 (3-4)	66:3-5 (3-5)	66:3-4 (3-4)	66:3-4 (3-4)	66:4 (4)
	The LORD Vindicates Zion			Judgement on Jerusalem	
	66:5 (5)		66:5-6 (5-6)	66:5 (5)	66:5-24 (5-24)
	66:6 (6)	66:6 (6)		66:6 (6)	
66:7-9 (7-9)	66:7-9 (7-9)	66:7-9 (7-9)	66:7-9 (7-9)	66:7-9 (7-9)	
Joy in Jerusalem's Future					
66:10-17 (10-17)	66:10-11 (10-11)	66:10-11 (10-11)	66:10-11 (10-11)	66:10 (10)	
				66:11 (11)	
	66:12-13 (12-13)	66:12-16 (12-16)	66:12-14 (12-14)	66:12a (12a)	
	The Reign and Indignation of God		66:15-16 (15-16)	66:12b-13 (12b-13)	
	66:14-16 (14-16)			66:14 (14)	
				66:15 (15)	

	66 :17 (17)	66:17	66:17-19a (17-19a)	66:16-17 (16-17)	
66:18-24 (22-24)	66:18-21 (18-21)	66:18-21	66:19b-21 (19b-21)	An Eschatological Disclosure 66:18-22 (18-22)	
	66:22-23 (22-23)	66:22-23 (22-23)	66:22-24 (22-24)		
	66:24 (24)	66:24		66:23-24 (23-24)	

U kan ook die OAV en Cum-NLV vir paragraafbepaling gebruik

LEESSIKLUS DRIE (sien bl.xvi van die inleidende gedeelte)

Hierdie is 'n studieleiding-kommentaar wat beteken dat u self vir die uitleg van die Bybel verantwoordelik sal wees. Elkeen van ons moet in die lig tot ons beskikking wandel. U is met die Bybel in die hand en onder leiding van die Heilige Gees dus prominent in die verstaansproses en uitleg. Moenie so 'n groot voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die hoofstuk deur in een sitting. Onderskei die onderwerpe. Vergelyk u onderwerpe met die Afrikaanse en Engelse vertalings se tema-opskrifte bo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot verstaan van die oorspronklike skrywer se bedoeling, wat immers die hart van Skrifuitleg is. Elke paragraaf handel oor een enkele saak, niks meer nie.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens

WOORD EN FRASE STUDIE

NASB HERSIENE TEKS: 66:1-2

Die Afrikaanse teks hiervan kan in die OAV, NAV en Cum-NLV nageslaan word

¹Thus says the LORD,
 "Heaven is My throne and the earth is My footstool.
 Where then is a house you could build for Me?
 And where a place where I may rest?
²For My hand made all things,
 Thus all these things came into being, declares the LORD.
 but to this one I will look,
 To him who is humble and contrite of spirit, and who trembles at My word

66:1	
OAV	“Die hemel is my troon en die aarde die voetbank van my voete, waar is dan die huis wat julle vir my sal bou? En waar die plek wat my rusplek sal wees?”
NAV, Cum-NLV	“Die hemel is my troon en die aarde my voetstoeltjie. Kan julle ooit ‘n tempel bou wat so goed is? Kan julle ‘n huis bou waarin Ek sal woon?”
NASB	“Heaven is My throne and the earth is My footstool. Where then is a house you could build for Me? And where is a place that I may rest”

Hierdie is klaarblyklik ‘n verwysing na die wydingsgesprek van Salomo in 1 Kon.8:27 en waarop in Han. 8:47-48 ook gesinspeel word.

Dit is moeilik om die historiese agtergrond hiervan te bepaal. Sommige geleerdes sien dit as die herbouing van die tempel deur teruggekeerdes uit ballingskap, wat steun vind in die konteks. Ander weer is van mening dat God nie in mensgemaakte geboue kan woon nie, en wat dui op

1. die tempel van die liggaam wat God geskape het
2. die familie van God, die gelowiges as die ware nakomelinge van Abraham, (vgl. Jews and Gentiles of faith) Rom. 2:28-29
3. of die kosmiese tempel van Gen.1 (vgl. John H. Walton, *The Lost Wrlld of Genesis One*) kan wees.

66:2	
OAV, NAV	“Ek het alles gemaak en so het alles ontstaan”
Cum-NLV	“My hand het alle dinge gemaak en so het alles ontstaan”
NASB	“For My hand made all these things”

Vir “hand” kyk *Vir Spesiale Aandag* by 40:2. Ons verstaan uit die NT dat God se bewerker van dinge by die skepping niemand anders as die Here Jesus Christus was nie, voor sy verskyning op aarde (1 Joh. 1:3; 1 Kor. 8:6; Kol. 1:16; Heb. 1:2) .

☐	
OAV	“Maar op hierdie een sal Ek let: op die een wat arm is en verslae van gees, en wat bewe vir my woord”
NAV	“Ek slaan ag op die mens in nood, op die een wat berou het oor sy sonde, wat ontsag het vir my woord”
Cum-NLV	“Dit is die een wat Ek raaksien, die een wat nederig is en berou het oor sy sonde, wat ontsag het vir my woord.”
NASB	“But to this one I look, To him who is humble and contrite of spirit, and who tremble at My word”

God let op motiewe en die karakter wat uit die mens se hart straal. JHWH ken die gedagtes en bedoelinge van die hart (vgl. v 18)

1. 1 Sam. 2:3; 16:7
2. 1 Kon. 8:39
3. 1 Kron. 28:9
4. 2 Kron. 6:30
5. Ps. 7:9; 17:3; 26:2; 44:21; 139:1,23
6. Spr. 15:11; 16:2; 21:2; 24:12
7. Jer. 11:20; 17:9-10
8. Luk. 16:15
9. Han. 1:24; 15:8
10. Rom. 8:27

Jesus het ook die innerlike gedagtes , die motiewe van mense geken, kyk Joh. 2:24-25; 6:61,64; 13:11! Dieselfde beskrywing word gegee van Dawid se wroeging oor sy sonde met Batseba. (vgl. Ps. 51:17); kyk ook Ps.57:15; Ps. 34:18; Mat. 5:3-4; Luk. 18: 13-14.

Hiermee word ook 'n beskrywing gegee van twee mooi eienskappe van God se se mense

1. nederige en berouvolle mense
2. diegene wat vir sy woord ontsag het (kyk v5)

NASB HERSIENE TEKS: 66:3-6

Vir die Afrikaans hiervan raadpleeg die OAV, die NAV of Cum-NLV

³*But he who kills an ox is like one who slays a man;
He who sacrifices a lamb is like the one who breaks a dog's neck
He who offers a grain offering is like the one who offers swine's blood;
He who burns incense is like the one who blesses an idol.
As they have chosen their own ways,
And their souls delight in their abominations,
⁴So I will choose their punishments
And will bring on them what they dread
Because I called, but no one answered;
I spoke, but they did not listen.
And they did evil in My sight
And chose that in which I did not delight"*
⁵Hear the word of the LORD, you who tremble at His word:
"Your brothers who hate you, who exclude you for My name's sake,
Have said, ' Let the LORD be glorified, that we may see joy.'
But they will be put to shame.
⁶A voice of uproar from the city, a voice from the temple,
The voice of the LORD who is rendering recompense to His enemies.

66:3-4 Hier word aangedui dat rituele alleen nie bevestigend is nie (29:13); Jeremia 7. Saam met die ritus moet daar 'n nederige en berouvolle hart aanwesig wees. Ritusse/ godsdienshandelinge wat oor en oor herhaal word neig om vervlakkend in te werk, as daar nie onthou word dat geloof en 'n regte motief daaragter moet wees nie (vgl. v.2).

66:3

OAV	"en hulle siel 'n behae het in hulle verfoeisels"
NAV	"hulle is lief vir hulle afskuwelike afgodsoffers"
Cum-NLV	"Hulle skep behae in hulle afskuwelikhede"
NASB	"And their soul delights in their abomination"

Hiermee word na 'n verskeidenheid van heidense godsdiensgebruike verwys (vgl. 65:4, 7, 11). Hulle was lief vir sondige dinge en daarop ingestel (BDB 103, KB 119), soos blyk uit 'n drievoudige mededeling in verse 3-4 vgl. 1:4; 57:17; 65:2; 66:18; Ps. 81:Ps. 81: 11-12)!

66:4

OAV	"Ek ook...hulle ongeluk verkies"
NAV	"gestraf moet word"
Cum-NLV	"straf"
NASB	"punishments"
NKJV	"delusions"
NRSV, JPSOA	"mock"
TEV	"disaster"
NJB	"making fools of them"
REB	"a willful course"

Hierdie woord kom net hier en in 3:4 voor (BDB 760, KB 1768); KB suggereer

1. kwaadwillige handeling (kinders se katekwaad van die stam ללע soos in 3:4
2. maar slegte behandeling hier in 66:4
Van die ללע maak die NET Bible (BDB 760) "behandel hardhandig"



OAV "en wat hulle met skrik vervul, oor hulle laat kom"
NAV ""en bring Ek verskrikking oor hulle
Cum-NLV "en oor hulle bring wat hulle die meeste vrees"
NASB "And will bring on them what they dread"

O my wêreld! Wat 'n verskriklike oordeel van God! (Spr. 1:27; 19:24)



OAV "omdat Ek geroep het en niemand geantwoord het nie"
NAV, Cum-NLV "Toe Ek geroep het, het niemand geantwoord nie"
NASB "Because I called, but no one answered"

Dit is 'n tema wat al vroeër voorgekom het en hier herhaal word (41:28; 50:2; 65:12)

66:5 Daar is 'n misnoegdheid en spanning selfs onder die volk van God (Rom. 9:6-8.) Die vervolging wat profete uit gelede van die Joodse volk moes ly, is hiervan 'n goeie voorbeeld (vgl. Mat. 5:10-12; 10:22). Verskriklike dade is in die naam van God deur "godsdienstige" mense gepleeg.

Let daarop hoe die ware volk van God op vervolging moes reageer — vreugde (BDB 970), vgl. 51:11; 55:12; 61:7; 7; kyk 65:10 se sinonieme vir vreugde:

1. wees bly— BDB 162
2. verheug — BDB 965 (twee keer)
3. ook die *Qal* IMPERATIEF vir "verheug" (BDB 970)

Daar is drie opdragte in vers 5:

1. Luister na die boodskap van die HERE (Cum-NLV); *Qal* IMPERATIEF BDB 1033, KB 1570
2. Laat die Here sy mag bewys (NAV) ; Laat die HERE Homself bewys (Cum-NLV); *Qal* IMPERFEKTUM, BDB 457, KB 455 in JUSSIEF-- die LXX vertaal dit in PASSIEF
3. dat ons julle vreugde kan aanskou (OAV); *Qal* IMPERFEKTUM , BB 906, KB 157 in KOHORTATIEF gebruik.

66:6 Veel bespreking onder Skrifverklaardes het plaasgevind oor hierdie vers. Die vraag is hoe dit pas in die onmiddellike konteks. Sommige meen dat dit 'n onbekende, historiese gebeurtenis is terwyl ander dit in konteks sien as oordeel na aanleiding van vers 5, wat onder hoogmoedige ongelowiges in die tempel voltrek word.

NASB HERSIENE TEKS: 66:7-9

U kan hierdie gedeelte in Afrikaans naslaan in die OAV, NAV en Cum-NLV

⁷"Before she travailed, she brought forth;
 Before the pain came, she gave birth to a boy.
⁸Who has heard such a thing? Who has seen such things?
 Can a land be born in one day?
 Can a nation be brought forth all at once?
 As soon as Zion travailed, she also brought forth her sons.
⁹Shall I bring to the point of birth and not give delivery? " says the LORD.
 "Or shall I who gives delivery shut *the womb*?" says your God.

66:7-13 Hier help die konteks om te verstaan dat in Sion 'n nasie tot stand kom wat gelowige heidene insluit. Sommige beskou dit as die nasie wat uit ballingskap terugkeer, maar die verwysing na heidene maak die uitleg onwerklik. Gevolglik moet hierdie verse eskatologies verstaan word. Vgl. die NT.

NASB HERSIENE TEKS: 66:10-17

Vir die Afrikaans hiervan raadpleeg die OAV, NAV, Cum-NLV

¹⁰"Be joyful with Jerusalem and rejoice for her, all you who love her;
 Be exceedingly glad with her, all you who mourn over her,
¹¹That you may nurse and be satisfied with her comforting breasts,
 That you may suck and be delighted with her bountiful bosom"
¹²For thus says the LORD, "Behold, I extend peace to her like a river,

**And the glory of the nations like an overflowing river,
 And the glory of the nations like an overflowing stream;
 And you will be nursed, you will be carried on the hip and fondled on the knees.
¹³As one whom his mother comforts, so I will comfort you;
 And you will be comforted in Jerusalem
¹⁴Then you will see *this* , and your heart will be glad
 And your bones will flourish like the new grass
 And the hand of the LORD will be made known to His servants,
 But He will be indignant toward His enemies.
¹⁵For behold, the LORD will come in fire
 And His chariots like the whirlwind,
 To render His anger with fury,
 And is rebuke with flames of fire.
¹⁶For the LORD will execute judgement by fire
 And by His sword on all flesh,
 And those slain by the LORD will be many
¹⁷Those who sanctify and purify themselves *to go* to the gardens,
 Following one in the center
 Who eat swine's flesh, detestable things and mice,
 Will come to an end altogether," declares the LORD**

66:10 As gevolg van die herstel van ballinge uit die vreemde in hulle Beloofde Land (vgl. Gen.12:1; 15:16) is daar die verwagting dat hulle sal

1. juig (Cum-NLV) – *Qal* IMPERATIEF, BDB 970, KB 1333
2. Wees bly (Cum-NLV) – *Qal* IMPERATIEF, BDB 162, KB 189,
3. baie vrolik (OAV) – *Qal* IMPERATIEF, en ook die NAAMWOORD in BDB 965, KB 965

66:12 Die familiestyl of -idoom kom kragtig oor in hierdie vers . Van JHWH word hier in vroulike metafore gepraat! (Vgl. 49:15; 66:9-13 . Sien die *Vir Spesiale Aandag* by 41: 2. Dat God van Homself as “voedende moeder” kan praat, spreek boekdele!

VIR SPESIALE AANDAG: VROUE IN DIE BYBEL

I Die Ou Testament

A. Kultureel gesproke is vrouens beskou as besittings:

ingesluit in 'n lys van besittings (Eks. 20:17)

behandeling van vroulike slawe (Eks. 21:7-11)

vroue se geloftes kon op maatskaplik-sosiale gronde deur haar man nietig verklaar word (Num. 30)

vroue as oorlogsbuit (Deut. 20:10-14; 21:10-14)

B. In praktyk was daar gemeenskaplikheid:

man en vrou geskape na die beeld van God (Gen. 1:27-28)

eer vader en moeder (Eks. 20:12; Deut. 5:16)

eerbied moeder en vader (Lev. 19:3; 20:9)

manne en vroue kon Nasireërs word (Num. 6:1-2)

dogters het erfreg (Num. 27:1-11)

deel van verbondsgemeenskap (Deut. 29:10-12)

ag slaan op onderrig van vader en moeder (Spr. 1:8; 6:20)

seuns en dogters van Heman (Leviëte-familie) begelei in tempel met musiek (1 Kron. 25:5-6)

seuns en dogters sal in die nuwe bedeling profeteer (Joël 2:28)

C. Vroue in leierskaprolle:

Moses se suster, Miriam, 'n profetes genoem (Eks. 15:20-21)

vrouens met gawes deur God toegegerus vir die oprigting van die Tabernakel (Eks. 35:25-26)

'n vrou, Debora, 'n profetes (Rigt. 4:4), lei die stamme van Israel (Rigt. 4:4-5; 5:7)

Hulda was 'n profetes deur koning Josia ingeroep om die nuut-gevonde wetboek te verklaar (2 Kon. 22:14; 2 Kron. 34:22-27)

Rut, 'n toegewyde vrou, was 'n voorouer van Dawid

Koningin Ester, 'n toegewyde vrou, tree op as redder van die Jode in Persië

II Die Nuwe Testament

A. Kultureel gesproke was vrouens in Judaïsme en in die Grieks-Romeinse wêreld tweedeklas burgers met weinig regte of voorregte (Masedonië was 'n uitsondering).

B. Vroue in leierskaprolle:

Elisabeth en Maria, toegewyde vroue; vir God beskikbaar (Luk. 1 en 2)

Anna, 'n toegewyde vrou; dien in die tempel (Luk. 2:36)

Lydia, 'n gelowige en leier van 'n huiskerk (Han. 16:14, 40)

Filippus se vier dogters was profetesse (Han. 21:8-9)

Febe, diakones van die kerk in Kenchreë (Rom. 16:1)

Prisca (Priscilla), Paulus se medewerker en onderrig Apollos (Han. 18:26; Rom. 16:3)

Maria, Trifena, Trifosa, Persis, Julia, Nereus se suster, 'n hele aantal vroulike medewerkers van Paulus (Rom. 16:6-16)

Junia (KJV), waarskynlik 'n vroulike apostel (Rom. 16:7)

Euodia en Sintiche, medewerkers van Paulus (Fil. 4:2-3)

III Hoe vertolk 'n moderne gelowige die uiteenlopende Bybelse voorbeelde?

A. Hoe onderskei 'n mens tussen historiese en kulturele waarheid wat net op die oorspronklike konteks van toepassing was, maar aan die ander kant ewige waarheid is, toepaslik vir alle kerke van alle tye?

1. Ons moet die bedoeling van die oorspronklike, geïnspireerde skrywer absoluut ernstig opneem. Die Bybel is die woord van God en die enigste bron vir geloof en praktyk.

2. Ons moet besluit oor die voor die hand liggende, histories bepaalde, dog geïnspireerde tekste:

a. die kultus (d.w.s. rituele en liturgie) eie aan Israel (vgl. Han. 15; Gal. 3)

b. eerste eeuse Judaïsme

c. Paulus se duidelik histories-bepaalde opmerkings in 1 Korintiërs

(1) die wetstelsel van heiden-Rome (1 Kor. 6)

(2) bly 'n slaaf (1 Kor. 7:20-24)

(3) selibaat (1 Kor. 7:1-35)

(4) maagdelikheid (1 Kor. 7:36-38)

(5) voedsel offer aan 'n afgod (1 Kor. 10:23-33)

(6) onwaardige optrede aan die Nagmaaltafel (1 Kor. 11)

3. God het Hom duidelik openbaar aan 'n bepaalde kultuur in 'n bepaalde tyd. Ons neem die openbaring ernstig op, maar nie elke aspek van die historiese inkleding nie. Die woord van God is geskryf in sy eie woorde, geadresseer in 'n eiesoortige kultuur op 'n spesifieke tyd.

B. Bybeluitleg moet die oorspronklike skrywer se bedoeling vasstel. Wat wou hy vir sý dag sê? Dit is die grondslag en vereiste vir behoorlike uitleg, maar dan moet ons dit toepas op óns dag. Daarmee kom ons by die probleem van vroulike leierskap (dalk maak die verduideliking die probleem duidelik). Was daar meer bedienaars wat vir leiers aangesien is as herders? Is diakonesse beskou as leiers (vgl. Rom. 16:1)? Dit is volkome duidelik dat Paulus in 1 Kor. 14:34-35 en 1 Tim. 2:9-15 te kenne gee dat vroue nie in openbare eredienste leiding moet neem nie! Maar hoe maak ons dit vandag van toepassing? Ek wil dit nie dat Paulus se kultuur, of my kultuur, God se woord en wil tot swye dwing nie. Moontlik was Paulus se dag te beperkend en moontlik is my dag te liberaal! Ek ervaar dit uiters ongemaklik om te beweer dat Paulus se leringe met voorwaardes opgevat moet word, naamlik dat dit eerste eeus is en as plekgebonde gekwalifiseer moet word. Wie is ek dat ek kan toelaat dat my siening of my kultuur 'n geïnspireerde skrywer weerspreek?!

Andersins, wat maak ek daarvan wanneer daar Bybelse voorbeelde van leidinggewende vrouens geopper word, selfs in Paulus se geskrifte soos Romeine 16? Paulus self is miskien 'n goeie voorbeeld van hoe die probleem gehanteer moet word. Sien sy bespreking van openbare aanbidding in 1 Kor. 11-14. In 11:5. Dit lyk of hy vrouens sal toelaat om te preek en bid in die erediens, mits hulle hoofde bedek is. Andersins in 14:34-35 beveel hy hulle tot volkome swye! Daar was immers ook diakonesse (Rom. 16:1) en profetesse (vgl. Han. 21:9). In so 'n verskeidenheid

beseef ek dat ek die vryheid het om te vra waarom hy in eerste-eeuse Korinte en Efese beperkend opgetree het. In beide kerke was daar probleme met vroue se uitoefening van hul nuutgevonde vryheid (sien Bruce Minter, *Corinth After Paul Left*), wat in die weg kon staan van die kerk se uitreik in die gemeenskap vir Christus. Hulle vryheid moes beperk word sodat die evangelie effektief kon wees.

My dag, egter, is die algeheel teenoorgestelde van wat Paulus s'n was. In my dag mag die evangelie verhinder word as opgeleide, welsprekende vroue nie toegelaat word om die evangelie te verkondig nie.

Ek wil toegee aan Paulus: my teologie is primêr Paulinies. Ek wil nie onderstebo geloop word of gemanipuleer word deur moderne feminisme nie! Hoewel ek aan die ander kant voel dat die kerk te traag aanbeweeg het wat betref klinkklare Bybelse waarhede soos die onaanvaarbaarheid van slawerny, rassisme, huigelagtigheid en seksisme. Die kerk was ook traag in toepaslike reaksie op die misbruik van vroue in die moderne tyd. God het in Christus die vrou en die slaaf vrygemaak. Ek kan nie dat kultuurgebonde tekste (bv. Paulus beperkend, 1 Kor. 14:34-35) hulle weer boei nie.

Nog net een opmerking: as Bybelverklaarder weet ek dat die kerk in Korinte uitermate verbrokkeld en verdeeld was. Die charismatiese gewes is hoog aangeskryf en vertonerig opgedring aan die gemeente. Vrouens was moontlik hierin meegevoer. Ek is ook van mening dat in Efese valse leraars misbruik van vroue gemaak het deur hulle as tussengangers in huiskerke te laat optree.

C. Voorstelle vir verdere navorsing:

How to Read the Bible for All It's Worth, Gordon Fee en Doug Stuart (bl. 61-77)

Gospel and Spirit: Issues in New Testament Hermeneutics, Gordon Fee

Hard Sayings of the Bible, Walter C. Kaiser, Peter H. Davids, F.F. Bruce en Manfred T. Branch (bl. 613-616; 665-667)

66:13 Die woord "troos" (OAV) kom drie keer in hierdie vers voor (BDB 636, KB 688).

1.-2. Twee keer as *Pi 'el* IMPERFEKTUM

3. *Pual* IMPERFEKTUM (Cum-NLV vertaal "veilig wees").

Dit herinner aan 40:1 (*Pi'el* IMPERATIEF, twee keer); kyk ook na 12:1; 53: 3 – twee keer – , en vv. 12,19; 52:9; 61:2 , (57:18 kyk BDB 637) . Dit is die tema deurlopend in Jes. 40-66. JHWH het opgetree en vergeef, Hy vergeet en herstel diegene wat Hom vertrou en vir sy woord ontsag het (vv. 2,5)!

66:15-16 Let op watter metafore gebruik word om JHWH se oordeel te beskryf.

1. vuur– (BDB 77; sien *Vir Speciale Aandag* by 47:14)

2. warrelwind– (BDB 693 I), vgl. 5:28; Jer. 4:13

3. sy toorn– (BDB 60 I) met woede (BDB 404, vgl. 42:25; 51:20; 63: 3, 6)

4. sy teregwyding met vlamme vuur, vgl. 29:6; 30:30

5. oordeel met vuur

6. sy swaard gerig teen alle vlees –65:12

66:16

OAV "hulle wat deur die HERE verslaan is, sal baie wees"

NAV "Hy sal baie laat sterf"

Cum- NLV "baie sal sterf weens die HERE se woede"

NASB "those slain by the LORD will be many"

So sal die oordeel begin by die huis van God. Ons moet onthou dat vele in die Joodse gemeenskap en, mag God ons help, in die kerk ook vele is wat Christus Jesus die Messias nie werklik ken nie!

66:17

OAV "vir die tuine"

NAV "in 'n optog na die tuine toe"

Cum-NLV "om die tuine binne te gaan"

NASB "to the gardens"

Hierdie blyk een of ander vorm van heidense religie te wees (vgl 65:3)

☐

OAV "terwyl hulle die een nadoen wat in die middel staan"

NAV (frase nie vertaal nie)

Cum-NLV (frase nie vertaal nie)

NASB "Following one in the center"

Die woord wat met "in die middel" vertaal word, is in Gen. 3:3 vertaal met die "boom van die lewe." Die LXX sien 65:22 op dieselfde wyse as die "boom van die lewe." Hier kan die bedoeling egter wees 'n gemerkte paal, gewy aan Asjera of een of ander vorm van Kanaänitiese vrugbaarheidsreligie.



OAV, NAV, Cum-NLV "Wat...eet"
NASB "Who eat"

1. varkveis
2. afskuwelike dinge (Cum-NLV); BDB 1054, vgl. Lev. 11:10,11,12,13,20, 23,41,42
3. muis (BDB 747, vgl. Lev. 11:29)

Ek is van mening dat die wette oor voedsel nie higiënies bedoel is nie, maar afkeuring van kultus (heidens) is. Dit moes Israeliete afskrik van sosiale en godsdienstige verkeer met Kanaäniete.

NASB HERSIENE TEKS: 66:18-24

Vind in die OAV, NAV en Cum-NLV hierdie gedeelte in Afrikaans

¹⁸"For I know their works and their thoughts; the time is coming to gather all nations and tongues. And they shall come and see My glory.

¹⁹I will set up a sign among them and will send survivors from the nations; Tarsis, Put, Lud, Meschech, Tubal and Javan, to the distant coastlands that have neither heard My fame nor seen My glory. And they will declare My glory among the nations.

²⁰Then they shall bring all your brethren from all the nations as a grain offering to the LORD, on horses, in chariots, in litters, on mules and on camels, to My holy mountain Jerusalem" says the LORD, "just as the sons of Israel bring their grain offering in a clean vessel to the house of the LORD.

²¹I will also take some of them for priests and for Levites says the LORD.

²²For just as the new heavens and the new earth Which I make will endure before Me," declares the LORD, "So your offspring and your name will endure.

²³And it shall be from new moon to new moon And from Sabbath to Sabbath, All mankind will come to bow down before Me," says the LORD

²⁴Then they will go forth and look On the corpses of the men Who have transgressed against Me For their worm will not die And their fire will not be quenched; And they will be abhorrence for all mankind"

66:18-21

OAV "die tyd kom dat Ek al die nasies en tonge versamel"
NAV "Die tyd kom dat Ek al die nasies en al die taalgroepe bymekaar gaan maak "
Cum-NLV "Daarom maak ek al die nasies en volke bymekaar"
NASB "the time is coming to gather all nations and tongues"

Die woord tyd is deur Eben Ezra ingeskryf tydens sy vertaling van die Masoretiese Teks. Daar is 'n mate van verwarring oor die verwerking van hierdie teks. Die woord "ken" kom nie in die Hebreeus voor nie.

Die gedeelte het die versameling van nasie in gedagte. Dit wil voorkom of dit met vyandige bedoeling teen Israel geskied (wat hier die "vrygeraaktes" moet wees (OAV). Maar in God se oorwinning oor hulle (v. 24b) kom sommige tot geloof in Hom. God stuur hulle dan as 'n "teken" (v.19 , vgl. 11:10,12, na hulle eie nasies as evangeliste. En wonder bo wonder reageer die heidene op die boodskap met geloof en kom terug Jerusalem toe om te aanbid en selfs maak Hy van hulle priesters en Leviëte (vgl. v. 21).

Hierdie gedeelte vv. 19-24 is verbysterend in universele gerigtheid. Dit het natuurlik groot konsternasie vir die Joodse rabbyne veroorsaak, maar in die konteks tot hiertoe is dit duidelike vervulling van die beloftes aan Abraham (Gen.12:1-3, wat volg uit Gen. 3:15). Sien *Vir Spesiale Aandag* by 40:15.

66:18

OAV "Maar Ek ken hulle werke en hulle gedagtes
NAV, Cum-NLV "Ek weet wat hulle doen en wat hulle dink"
NASB "For I know their words and their thoughts"

God ken die hart van alle mense. Sien die volle aantekening by 1:2; die gedagtes en bedoelinge van elke hart (vgl. v18)

1. 1 Sam. 2:3; 16:7
2. 1 Kon. 8:39
3. 1 Kron. 28:9
4. 2 Kron. 6:30
5. Ps.7:9; 17:3; 26:2; 44:21; 139:1,23
6. Spr.15:11;16:2;44:21;24:12
7. Jer.11;20; 17:9-10; 20:12
8. Luk. 16:15
9. Han. 1:24; 15:8
10. Rom. 8:27

Jesus het ook goed geweet wat in mense se gedagtes aangaan en ook van hulle motiewe. (Joh.2:24-25; 6:61,64;13:11) .

66:20 Hierdie is een van 'n verskeidenheid tekste wat meld dat die heidense nasies geskenke en offers na die temple in Jerusalem bring (vgl. 2:2-3; 56:7; Ps.22:27; 86:9; Jer. 3:17, Miga 4:1-2})

66:22 Gaan kyk die volle aantekening by 65:17. Die WERKWOORD "bestaan/bly bestaan" (BDB 763, KB 840) word twee keer gebruik.

1. die nuwe hemele en aarde sal bly bestaan— Qal IMPERFEKTUM (Gaan kyk die nota by 62:2)
2. die nakomelinge van gelowiges sal bly bestaan—Qal PERFEKTUM

Hoewel die woord vir "bly bestaan" in hierdie deel van Jesaja dikwels voorkom, is dit net hier waar dit so vertaal word (vgl. 44:11; 46:7; 47:12,13; 48:13; 50:8; 59:14; 61:5).

66:23

OAV "sal alle vlees voor My kom neerbuig, se die HERE"
NAV "sal al wat leef voor My in aanbidding kom buig, sê die Here"
Cum-NLV "sal alle mense kom en voor My neerbuig, se die HERE."
NASB "All mankind will come to bow down before Me, says the LORD,"

Die WERKWOORD (BDB 1005, KB 295) is 'n seldsame *Hitpael* wat net hier gevind word. Dit is 'n duidelike uiting van monoteïsme (sien *Vir Spesiale Aandag* by 40:14). Vir 'n volledige lys van die universele beklemtoninge in Jesaja sien by 45:2.

66:24 Hier volg 'n bekrywing van ongelowige heidene sowel as Jode. Ek is van mening dat 'n mens nie op hierdie teks teologie kan bou van eindtydstraf nie. Dit is moontlik dat Jesus hierdie as vertrekpunt geneem het in sy gesprek oor *Gehenna*. Dit beteken "vallei van die seuns van Hinnon," wat 'n dompplak vir afval van Jerusalem was. Jesus het hierdie term gebruik in sy beskrywing van ewige verwyderdheid van God (sien die *Vir Spesiale Aandag* by 57:9). Let op die elemente soos die wurm wat nie sterf nie en vuur wat nie ophou brand nie. Sulke metafore het die Here Jesus gebruik om die lot te beskryf van diegene wat nie in Hom wou glo nie (Mat. 25:46).

VRAE VIR BESPREKING

Hierdie is 'n studieleiding-kommentaar wat beteken dat u self vir die uitleg van die Bybel verantwoordelik sal wees. Elkeen van ons moet in die lig tot ons beskikking wandel. U is met die Bybel in die hand en onder leiding van die Heilige Gees dus prominent in die verstaansproses en uitleg. Moenie so 'n groot voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Hierdie besprekingsvrae word voorsien om die denkproses ten opsigte van hierdie hoofstuk te stimuleer en is nie bedoel om voorskriftelik te wees nie.

1. Wat is die sentrale tema van Jesaja 65-66?
2. Maak 'n lys van die heidense aanbiddingsritusse in hoofstuk 65
3. Na wie verwys 65:1 en 2 en motiveer
4. Wat is heeltemal uniek omtrent Jesaja soos vermeld in verse 10 en 11?
5. waarom skep God 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde?
6. wat is belangrik om te onthou van Jesaja 66:19-23?

SOLI DEO GLORIA (vert.)

BYLAAG EEN

INLEIDING TOT HEBREEUSE DIGKUNS

I. INLEIDING

- A. Hierdie tipe literatuur verteenwoordig 1/3 van die Ou Testament. Dit is veral eie aan die profete, minder so in Haggai en Maleagi, maar ook goed verteenwoordig in die “Geskrifte” van die kanon.
- B. Dit verskil baie van Engelse digkuns wat uit Griekse en Latynse poësie ontwikkel het en primêr klankgebaseer is. Hebreeuse poësie het heelwat in gemeen met Kanaänitiese poësie. In Naby-Oosterse literatuur is daar nie klemtoon in versreëls of rym nie, hoewel daar wel ‘n ritme is.
- C. Die argeologiese vondste noord van Israel by Ugarit (Ras Shamra) het veel tot die verstaan van OT poësie bygedra. Daardie digkuns van die 15de eeu v.C. toon ongetwyfeld ‘n literêre verwantskap met Bybelse digwerk.

II. ALGEMENE KENMERKE VAN POËSIE

- A. dit is uiters bondig en saamgedronge
- B. dit probeer waarheid, emosie of ervaring uitdruk deur beeldspraak
- C. dit is hoofsaaklik in geskrewe vorm en nie mondelings nie; sterk gestruktureer in
 1. parallelle versreëls.
 2. met woordspel
 3. klankspel

III. DIE STRUKTUUR (R. K. Harrison, *Introduction to The Old Testament*, bl. 965-975)

- A. Bishop Robert Lowth in sy boek, *Lectures on the Sacred Poetry of the Hebrews* (1753) was die eerste om te onderskei dat Bybelse digwerk gedagtes in gebalanseerde versreëls is. Die meeste hedendaagse vertalings in Engels (ook Afrikaans – vert.) is uitgelê in druk wat die versreëls aandui.
 1. sinonieme – die versreëls dra dieselfde gedagte in verskillende woorde oor
 - a. Ps. 3:1; 49:1; 83:14; 103:13
 - b. Spr. 19:5; 20:1
 - c. Jes. 1:3,10
 - d. Amos 5:24; 8:10
 2. antitiesies – die versreëls gee aan teenoorgestelde gedagtes uitdrukking deur kontras of by wyse van positiewe gevolg deur die negatiewe:
 - a. Ps. 1:6; 90:6
 - b. Spr. 1:29; 10:1,12; 15:1; 19:4
 3. sinteties – die opvolgende twee of drie versreëls brei uit op die gedagte – Ps. 1:1-2; 19:7-9; 29:1-2
 4. chiasme – ‘n patroon van gedig maak wat die boodskap in ‘n dalende en stygende lyn vaslê sodat die hoofgedagte in die middel van die patroon gevind moet word.
- B. A. Briggs in sy boek, *General Introduction to the Study of Holy Scripture* (1899), het ‘n volgende stadium van ontleding van Hebreeuse digkuns aangetoon:
 1. emblematis-sinnebeeldig – een versreël letterlik en ‘n volgende metafores, Ps. 42:1; 103:3
 2. klimakties- trapsgewyse – waarheid word stap vir stap opgebou, Ps. 19:7-14; 29:1-2; 103: 20-22
 3. introvert – na binne gekeer – gewoonlik word ‘n viertal versreëls in ‘n struktuur van 1 en 4 buite met 2 en 3 binne gestruktureer, Ps. 30:8-10a
- C. G. B. Gray in sy boek, *The Forms of Hebrew Poetry* (1915) het die konsep van gebalanseerde versreëls verder ontwikkel deur aan te toon
 1. volkome balans – elke woord in versreël een word herhaal of gebalanseer met ‘n ooreenstemmende woord in reël twee; bv. Ps. 83:14 en Jes. 1:3
 2. onvolkome balans waar die reëls nie van dieselfde lengte is nie; bv. Ps. 59:16; 75:6
- D. Deesdae is daar groeiende konsensus oor ‘n literêre struktuur in Hebreeus wat “chiasme” genoem word. Dit bestaan uit ‘n ongelyke aantal parallelle reëls met ‘n uurglasvoorkoms, wat die doel het om die sentrale reël te beklemtoon.
- E. Klankpatrone, wat in poësie oor die algemeen voorkom, is dikwels nie in oosterse digwerk te vinde nie:

1. alfabetiese patroon (akrostiek, vgl. Pss. 9, 34, 37, 119; Spr. 31:10 e.v., Klaagl. 1-4)
2. woordspel met konsonante (alliterasie, Ps. 6:8; 27:7; 122:6; Jes. 1:18-26)
3. woordspel met medeklinkers (assonansie, Gen. 49:17; Eks. 14:14; Eseg. 27:27)
4. woordspel met enersklinkende woorde, maar met verskil van betekenis (paronomasie)
5. woordspel wat met die uitspraak, klink soos die ding wat genoem word (onomatopoeia)
6. besondere opening en sluiting (inklusief)

F. Daar is verskeie soorte digwerk in die OT. Sommige hanteer 'n onderwerp en ander volg 'n bepaalde vorm.

1. wydingsliedere – Num. 21:17-18
2. arbeidsange – (word na verwys, maar is nie opgeteken nie) Rigt. 9:27; Jes. 16:10; Jer. 25:30; 48:33
3. ballades – Num. 21:27-30; Jes. 23:16
4. drinkliedere – (in negatiewe sin) Jes. 5:11-13; Amos 6:4-7; (positief) Jes. 22:13
5. liefdesliedere – Hooglied, huweliksraaisel – Rigt. 14:10-18, huwelikslid – Ps. 45
6. klaagliedere/begrafnissange – (verwys: 2 Sam. 1:17 en 2 Kron. 35:25, maar nie opgeneem nie); 2 Sam. 3:33; Ps. 27,28; Jer. 9:17-22; Klaagliedere; Eseg. 19:1-14; 26:17-18; Nah. 3:15,19
7. Krygsliedere – Gen. 4:23-24; Eks. 15:1-18, 20; Num. 10: 35-36; 21:14-15; Jos. 10:13; Rigt. 5:1-31; 11:34; 1 Sam. 18:6; 2 Sam. 1:18; Jes. 47:1-15; 37:21
8. spesiale seënwense aan 'n leierskap – Gen. 49; Num. 6:24-26; Deut. 32; 2 Sam. 23:7
9. magiese tekste – Bileam, Num. 24:3-9
10. gewyde gedigte – Psalms
11. akrostiese gedigte – Pss. 9,34,37,119; Spr. 31:10 en Klaagliedere 1-4
12. vervloekinge – Num. 21:22-30
13. smaadgedigte – Jes. 14:1-22; 47:1-15; Eseg. 28:1-23
14. die boek van oorloë (gedigte, Jasjar)

IV. 'N RIGLYN VIR DIE VERSTAAN VAN HEBREEUSE GEDIGTE

A. Soek na die sentrale waarheid of stansa of strofe (nes jy soek na 'n paragraaf-tema in prosa). Die RSV was die eerste moderne vertaling wat poësie geïdentifiseer en in stansas verdeel het. Vergelyk moderne vertalings vir behulp same voorbeelde.

Bepaal die figuurlike/oordragtelike taalgebruik en skryf neer in prosa. Neem in ag dat hierdie soort literatuur kompak is (veelseggend in min woorde), sodat heelwat deur die leser veronderstel moet

BYLAAG TWEE

INLEIDING TOT OU TESTAMENTIESE PROFESIE

I. INLEIDING

A. Aanvangsopmerkings

1. Die geloofsgemeenskap is nie eenstemmig oor hoe profesie geïnterpreteer moet word nie. Sekere sienswyses van ortodokse aard is deur die eeue gevestig, maar nie hierdie een nie.
2. Daar is 'n aantal goed-gedefinieerde stadiums van OT profesie
 - a. Voor die Koningstyd (voor koning Saul)
 - 1) individue word profeet genoem
 - (a) Abraham, Gen. 20:7
 - (b) Moses, Num. 12: 6-8; Deut. 18:15; 34:10
 - (c) Aäron voorvoerder namens Moses, Eks. 7:1
 - (d) Miriam, Eks. 15:20
 - (e) Medad en Eldad, Num. 11:24-30
 - (f) Debora, Rig. 4:4
 - (g) Anoniem, Rig. 6:7-10
 - (h) Samuel, 1 Sam. 3:20
 - 2) Verwysing na profete as groep – Deut. 13:1-5; 18:20-21
 - 3) profetegroep as 'n gilde, 1 Sam. 10:5-13; 19:20; 1 Kon. 20:35,41; 22:6,10-13; 2 Kon. 2:3,7; 6:1 ens.
 - 4) die Messias word profeet genoem, Deut. 18:15-18
 - b. profete wat nie geskryf het nie, maar voor konings opgetree het
 - 1) Gad, 1 Sam. 7:2; 12:25; 1 Kon. 1:22
 - 2) Natan, 2 Sam. 24:11; 1 Kron. 29:29
 - 3) Agija, 1 Kon. 11:29
 - 4) Jehu, 1 Kon. 16:1,7,12
 - 5) Anoniem, 1 Kon. 18:4,13; 20:13,22
 - 6) Elia, 1 Kon. 18; 2 Kon. 2
 - 7) Kenaäna, 1 Kon. 22:24
 - 8) Elisa, 2 Kon. 2:8,13
 - c. klassieke skrifprofete (wat koning en nasie aanspreek): Jesaja tot Maleagi (uitgesluit Daniël)

B. Bybelse Terme

1. *ro'eh* = siener, 1 Sam. 9:9. Hierdie benaming toon reeds die oorgang na die term *Nabi*, wat profeet beteken en kom van die woordstam “om te roep.” *Ro'eh* kom van die gewone Hebreeuse woord “om te sien.” Hierdie persoon het God se werkwysse en planne verstaan en was genader om God se wil in enige aangeleentheid mee te deel.
2. *Hozeh* = siener, 2 Sam. 24:11. Dit is basies sinoniem met *ro'eh*. Dit kom van 'n skaars woord in Hebreeus, “om 'n visioen te ontvang.” Die DEELWOORD-vorm word dikwels gebruik om 'n profeet aan te dui.
3. *Nabi* = profeet, verwant aan die Aramese *nabu* = “om te roep” en die Arabiese *naba'a* “om aan te kondig”. Dit is die mees algemene OT term om 'n profeet mee aan te dui. Dit kom meer as 300 keer voor. Die etimologie is onseker, maar “om te roep” is vir die huidige die waarskynlikste opsie. Die heel beste verduideliking kom van JHWH self wanneer Hy die verhouding tussen Moses en Aäron beskryf (vgl. Eks. 4:10-16; 7:1; Deut. 5:5). 'n Profeet is iemand wat namens God met sy volk spreek (vgl. Amos 3:8; Jer. 1:7,17; Eseg. 3:4).
4. Al hierdie terme kom in 1 Kron. 29:29 voor – Samuel = *ro'eh*; Natan = *nabi* en Gad = *hozeh*.
5. Die frase '*isja ha- 'elohim*, is 'n wyer aan duiding van hoe iemand is wat namens God praat. Dit word 76 keer in die OT as aanduiding van 'n profeet gebruik,
6. Die woord “profeet” is van Griekse oorsprong. Dit kom van (1) *pro* = vooraf of vir; (2) *femi* = om te praat

II. 'N DEFINISIE VAN PROFESIE

- A. Die term “profesie” het in Hebreeus 'n wyer semantiese veld as in Engels. Die Jode het na al die historiese boeke van Josua tot en met Konings (uitgesonder Rut) as die “vroeë profete” verwys. Abraham (Gen. 20:7; Ps. 105:5) en Moses (Deut. 18:18) was as profete beskou, selfs ook Miriam (Eks. 15:20). Daarom moet 'n mens vir die eng Engelse definisie versigtig wees!
- B. 'n Aanhaling uit die *Interpreter's Dictionary of the Bible*, vol. 3, bl. 897: “Profetisme, na sy ware aard, kan as 'n opvatting van die geskiedenis beskou word wat die gebeure daarvan verstaan as deur God bepaal, vir sy doel daarmee en betrokkenheid daarin.”

- C. Uit *Encyclopedia Judaica (Prophets and Prophecy)*, vol.13, bl. 1152: “Die profeet is nie ‘n filosoof of sistematiese teoloog nie, eerder is hy ‘n tussenganger in die verbondsituasie wat die woord van God aan sy volk bemiddel om hulle hede so te reformeer (verander) dat hulle in die toekoms daarby kan baat.”

III. DIE DOEL VAN PROFESIE

- A. Profetisme is die wyse waarin God sy volk aanspreek en in hulle betrokke situasie leiding gee sodat hulle hul hoop sal bou op sy beheer oor hulle lewens en oor wêreldgebeure. Hulle boodskap was merendeels korporeel van aard (op die geheel gerig). Die doel was om te vermaan, te bemoedig en om geloof en sondebelydenis op te wek en om hulle ingelig te hou aangaande God en sy doelstellinge. Hulle was vermaan om aan God se verbonde getrou te bly. Dikwels het God duidelik aanduiding gegee wie namens Hom moet optree (Deut. 13:1-3; 18:20-22), wat uiteindelik ook die Messias impliseer het.
- B. Dikwels het die profeet ‘n historiese, of teologiese krisis uit sy eie tyd, geneem en dit in ‘n toekomstige of eindtyd (eskatologiese) situasie geprojekteer. Hierdie eindtyd-opvatting (teleologiese) beskouing van geskiedenis is uniek aan Israel en daarmee haar aanname van haar uitverkore rol soos in die verbondsbeloftes uitgestippel.
- C. Die amp van profeet het met die amp van hoëpriester op gelyke vlak gekom ten einde die wil van God te verneem en dit selfs vervang (Jer. 18:18). Die Urim en die Tummim (loting) het in ‘n verbale vorm oorgegaan by monde van ‘n gesant van God. Maar die amp van profeet het skynbaar ook verval gedurende die 400 jaar na Maleagi (of met die totstandkoming van Kronieke). Dit herleef weer met die verskyning van Johannes die Doper. Die mate van ooreenstemming tussen die NT “gawe” van profesie en OT profetisme is in onsekerheid gehul. NT “profete” is nie openbaarmakers van nuwe openbaring nie, maar voorspellers en aankondigers van God se wil in herhaaldelik voorkomende situasies (Han. 11:27-28; 13:1; 14:29,32,37; 15:32; 1 Kor. 12:10, 28-29; Efes. 4:11).
- D. Profesie is nie noodwendig voorspellend van aard nie. Dit is wel een manier waarop sy amp en boodskap erkenning kan ontvang, maar dit is belangrik om daarop te let dat “minder as 2% van OT profesie Messiaans is. Minder as 5% beskryf spesifiek die Nuwe Verbond Era. Minder as 1% het betrekking op gebeure wat nog moet plaasvind,” (Fee & Stuart, *How to Read the Bible For all Its Worth*, bl. 166).
- E. Profete stel God onder mense aan die woord terwyl ‘n priester mense aan God opdra. Dit is oor die algemeen gesproke, maar daar is uitsonderings, soos byvoorbeeld Habakuk wat sy vrae tot God rig.
- F. ‘n Rede waarom ons dit moeilik vind om die profete te verstaan, is omdat ons nie weet hoe hulle werke gestruktureer is nie. Hulle is byvoorbeeld nie chronologies nie. Hulle benader hulle hul saak tematies, maar die uitsonderings is gewoonlik nie soos ‘n mens dit sou verwag nie. Dikwels is daar geen historiese duidelikheid nie weens die ontbreking van tydraamwerke. Tussen uitsprake is daar nie duidelike verdelings nie. Dit is moeilik (1) om die boek in een sitting deur te lees, (2) om hulle uitsprake saakgewyse te onderverdeel, (3) en die sentrale waarheid of die outeur se bedoeling met sy uitspraak te bepaal.

IV. TIPEREND VAN PROFESIE

- A. Daar is aanduiding in die OT dat die konsep van “profeet” en “profesie” ’n ontwikkeling deurloop het. In vroegste Israel is profeetgeselskappe gevorm onder leiding van kragtige, charismatiese leiers soos Elia en Elisa. Die frase “seuns van die profete” het gewoonlik so ‘n groepering aangedui (2 Kon. 2). Soms het hulle optrede met ekstase gepaard gegaan (1 Sam. 10:10-13; 19:18-24).
- B. Nietemin, hierdie periode het vinnig in ‘n stadium van individuele profete oorgegaan. Hulle was profete wat met die konings geïdentifiseer het en paleisinwoning geniet het (ware sowel as vals, bv. Gad en Natan). Hulle was beide manlik en vroulik (2 Kon. 22:14).
- C. Die profeet was ‘n toekomsvoorspeller met aandring daarop dat ‘n persoon of die bevolking onmiddellik reageer. Dikwels was dit sy taak om God se universele plan met sy skepping aan te dui sonder dat menslike aktiwiteit daaraan enige verskil sou kon maak. Onder die volke van die Ou Nabye Ooste was hierdie universele perspektief van Israel se profetisme volkome uniek. Toekomsaankondiging en die Verbondstrou (van God) was onlosmaaklik verbonde in die fokus van die profetisme. Dit omrede die profete primêr ‘n korporele (groep) gerigtheid gehad het. Hoewel nie uitsluitlik nie, was hulle uitsprake gewoonlik op die volk Israel gerig.
- D. Mondelinge uitsprake was aan die orde. Later is dit tematies of histories gerangskik, of in Nabye Oosterse literêre patroon gegiet, wat aan ons nie meer bekend is nie. Omrede die mondelinge aard daarvan is dit nie as prosa opgeteken nie. Dit bemoelik die leesproses in een sessie en die verstaan daarvan as ‘n historiese tydgewrig nie aangedui word nie.
- E. Die profete gebruik ‘n verskeidenheid van aanbiedingswyses vir hulle boodskap.

1. Hoftoneel – God vat sy volk hof toe; dikwels as ‘n skeisaak waarin JHWH sy “vrou,” Israel, verwerp omrede haar ontou (Hosea 4; Miga 6).
2. Roubeklag/klaagsang – die besondere metrum van hierdie tipe boodskap met die tipiese “wee” (“ellende wag”) laat dit duidelik as ‘n spesiale vorm van aanbidding uitstaan (Jes. 5; Hab. 2).
3. Aankondiging van Verbondseëninge – die aard van die Verbond is voorwaardes wat nagekom moet word, met goeie of slegte gevolge vir die toekoms (Deut. 27-29)

V. DIE BYBEL SE VEREISTES VIR ‘N WARE PROFEET

- A. Deuteronomium, 13:1-5; voorspellings en tekens in nouste verband met monoteïsme
- B. Deut. 18:19-22; oor valse en ware profete
- C. As profete (of profetesse) geroep en betitel
 1. Miriam; Eks. 15.
 2. Debora; Rig. 4:4-6
 3. Hulda; 2 Kon. 22:14-22; 2 Kron. 34:22-28
- D. Profete in die omringende kulture is deur die vermoë tot ontdekking van verborgenhede gekenmerk (divinasie) en as sodanig erken. In Israel het erkenning gevolg op
 1. ‘n teologiese toets – uitsprake in die naam van JHWH
 2. ‘n historiese toets – die akkurate uitkoms van voorspellings

VI. HULPMIDDELE EN RIGLYNE VIR UITLEG VAN PROFESIE

- A. Onderskei die bedoeling van die profeet (of later redaksie) deur die historiese tydgewrig te bepaal en die literêre konteks van elke uitspraak. Gewoonlik het dit te make met verbreking van die Mosaïese Verbond op die een of ander wyse.
- B. Lees en interpreteer die hele uitspraak, nie net ‘n gedeelte daarvan nie; teken die inhoud daarvan aan. Kyk na die verhouding met omringende uitsprake. Probeer om die strekking van die hele boek in ag te neem (inaggenome literêre eenhede en breek op tot in paragraafvlak).
- C. Veronderstel ‘n letterlike bedoeling (interpretasie) van die gedeelte totdat iets in die teks self aandui dat figuurlike taalgebruik aan die orde is; probeer dan die figuurlike oorsit in prosa.
- D. Simboliese handeling moet in die lig van die historiese opset en parallelle gedeeltes beoordeel word. Hou in gedagte dat hierdie Oud-Oosterse literatuur is en nie modern-westers nie.
- E. Hanteer voorspellings omsigtig
 1. of hulle uitsluitlik vir die dag en tyd van die skrywer bedoel is,
 2. of hulle later in Israel se geskiedenis vervul is,
 3. of moet dit nog in die toekoms gebeur,
 4. dui dit op ‘n eietydse vervulling, maar ook op ‘n toekomstige?
 5. Laat die Bybelskrywers jou na antwoorde toe lei eerder as moderne skrywers!
- F. Gee besonderlik aandag aan of
 1. ‘n bepaalde voorwaarde aan die voorspelling verbonde is,
 2. die profesie tot iemand gerig is en hoekom,
 3. daar ‘n moontlikheid bestaan dat uit Bybelse gesigspunt, en histories, meervoudige vervullings van toepassing is,
 4. die geïnspireerde NT skrywers in staat was om die Messias in talle OT gedeeltes, wat vir ons nie duidelik is nie, waar te neem. Dit wil voorkom of hulle tipologie sowel as woordspel gebruik het. Aangesien ons nie geïnspireerd is nie, laat ons so ‘n beradering liefes aan hulle oor.

VII. NUTTIGE BOEKE

- A. *A Guide to Biblical Prophecy*, Carl E. Armerding en W. Ward Gasque
- B. *How to Read the Bible for All its Worth*, Gordon Fee en Douglas Stuart
- C. *My Servants the Prophets*, Edward J. Young
- D. *Plowshares and Pruning Hooks: Rethinking the Language of Biblical Prophecy and Apocalyptic*, D. Brent Sandy
- E. *Cracking the Old Testament Code*, D. Brent Sandy en Ronald L. Giese, Jr.

B. word.

- C. Maak seker dat die langer gedigte wat oor kwessies handel in die lig van hulle literêre konteks beoordeel word (soms selfs die hele boek) en met inagneming van die historiese tydgewrig.
- D. Rigters 4 en 5 is baie nuttig om insig te verkry oor die manier waarop digkuns aan geskiedenis uitdrukking gee. Rigters 4 is prosa en Rigters 5 is poësie wat oor dieselfde gebeure handel. Vergelyk ook Eksodus 14 en 15.
- E. Probeer om die tipe parallelisme vas te stel, of dit sinoniem is, antiteties of sinteties. Dit is van kernbelang.

BYLAAG DRIE

'N KORT HISTORIESE OORSIG

'n Kort historiese oorsig van die Magte wat Mesopotamië oorheers het (datums soos in John Bright se *A History of Israel*, bl. 462 e.v.):

A. Die Assiriese Ryk (Gen. 10:11)

1. godsdiens en kultuur Is in 'n groot mate deur die Sumeries/Babiloniese Ryk beïnvloed.
2. 'n lys by benadering van regeerders en moontlike datums:
 - a. 1354-1318 Assur-Uballit
 - (1) verower die Hetite stad Karkemis
 - (2) verdring Hetitiese invloed wat tot ontwikkeling van Assirië aanleiding gee
 - b. 1297-1266 Adad Nirari I, 'n magtige monarg
 - c. 1265-1235 Salmaneser I, 'n magtige monarg
 - d. 1234-1197 Tukulti-Ninurta I
 - eerste verowerings suidwaarts deur Babilonië
 - e. 1118-1078 Tiglat-Pileser I
 - Assiriese oorheersing vat pos in Mesopotamië
 - f. 1012-972 Assur-Rabi II
 - g. 972-976 Assur-Res-Isui II
 - h. 966-934 Tiglat-Pileser II
 - i. 934-912 Assur-Dan II
 - j. 912-890 Adad-Nirari II
 - k. 890-884 Tukulti-Ninurta II
 - l. 890-859 Assur-Nasir-Apal II
 - m. 859-824 Salmaneser III
 - die Slag van Karkar in 853
 - n. 824-811 Sjamsasi-Adad V
 - o. 811-783 Adad-Nirari III
 - p. 781-772 Salmaneser IV
 - q. 772-754 Assur-Dan III
 - r. 754-745 Assur-Nirari V
 - s. 745-727 Tiglat-Pileser III
 - (1) met troonsbestygingsnaam Pul in 2 Kon 15:19
 - (2) 'n kragtige monarg
 - (3) begin met 'n beleid van wegvoering van oorwonne bevolkings
 - (4) in 735 vC. kom die die “Siro-Efraimitiese Alliansie” tot stand met die doel om alle beskikbare militêre slaankrag, van die hoofstroom van die Eufraat tot Egipte, as 'n teëvoeter vir die opkomende mag van Assirië te monster. Koning Agas van Juda weier om saam te werk en word deur Israel en Sirië binnegeval. Teen die advies in van Jesaja rig hy 'n brief aan Tiglat-Pileser III om hulp (vgl Jes 7-12)
 - (5) en in 732 val Tiglat-Pileser III Sirië en Israel binne en plaas 'n vassal-koning, Hosea (732-722vC.) op die troon van Israel. Duisende Jode is in ballingskap na Medië weggevoer (2 Kon 15-16).
 - t. 727-722 Salmaneser V
 - Hosea sluit 'n verdrag met Egipte en word deur Assirië binnegeval (2 Kon 17).
 - u. 722-705 Sargon II:
 - (1) na 'n beleg van drie jaar, begin deur Salmaneser V, verower sy generaal en opvolger, Sargon II, die hoofstad van Israel, Samaria, Meer as 27 000 ballinge word na Medië weggevoer.
 - (2) die Hetitiese Ryk word ook oorweldig
 - (3) in 714-711 vorm die Transjordaniese volke saam met Egipte 'n koalisie om teen Assirië te rebelleer. Dit staan as die “Asdod - rebellie” bekend. Selfs Hiskia van Juda was aanvanklik daarby betrokke. Assirië het ingegryp en verskeie Filistynse stede verwoes.
 - v. 705-681 Sanherib
 - (1) in 705 rebelleer 'n trans-Jordaniese koalisie saam met Egipte na die dood van Sargon II, sy vader. Hiskia het sy gewig agter hierdie opstand ingegooi. Sanherib slaan toe in 701. Die rebellie is onderdruk, maar Jerusalem kom vry deur 'n handeling van God (sien Jes 36-39 en 2 Kon 18-19.)
 - (2) opstande in Elam en Babilon word ook onderdruk
 - w. 681-669 Essarhaddon:
 - (1) word die eerste Assiriese regeerder wat Egipte aanval en onderwerp.
 - (2) danksy 'n groot simpatie met Babilon herbou hy dié land se hoofstad
 - x. 669-663 Assurbannipal:
 - (1) word ook Osnappar genoem in Esra 4:10

(2) sy broer, Sjamas-sjum-ukin word as koning in babilon aangestel. Dit dien tot langdurige vrede tussen Assirië en Babilon, maar 'n onderstroming en onafhanklikheidsdrang onder leiding van sy broer wat in 652 uitbreek.

(3) Tebes val in 633

(4) Elam word in 653 en 645 verslaan

y. 633-629 Assur-Etil-Ilani.

z. 629-612 Sin-Sjar-Iskun

aa. 612-609 Assur-Uballit II

– word as koning onttron en na Haran in ballingskap na die val van Assur in 614 en Nineve in 612.

B. die Neo-Babiloniese Ryk

1. 703 - ? Merodag-Baladan

– het verskeie kere teen Assiriese oorheering in opstand gekom

2. 652 Sjamasj-Sjum-Ukin:

a. Esarhaddon se seun en broer van Assurbanipal,

b. hy kom teen Assirië in opstand, maar word verslaan

3. 626-605 Nabopolassar

a. die eerste monarg van die Neo-Babiloniese Ryk

b. hy val Assirië uit die suide aan en Cyaxares van Medië uit die noord-ooste

c. die antieke hoofstad van Assirie val in 614 en die magtige stad, die nuwe Nineve in 612

d. die deel van die Assiriese leer wat oorleef het, het na Haran teruggeval. Hulle het selfs 'n koning aangewys.

e. in 608 marsjeer die magte van Farao Nego II noordwaarts om die oorblyfsel van die Assiriese magte by te staan. Die doel was om 'n nuwe buffer teen die opkoms van die Babiloniese Ryk te skep. Josia, die vroom koning van Juda (2 Kon 23), wou die opmars van Egipte deur Palestina teenstaan. In 'n veldslag van geringe omvang by Megiddo doen Josia 'n wond op as gevolg waarvan hy sterf (2 Kon 23:29-30). Sy seun, Joahas, word koning gemaak. Farao Nego se magte daag te laat op om die verwoestingswerk van die Assiriërs by Haran te stuit. Hy raak met die Babiloniese magte van kroonprins Nebukadnesar by Karkemis slaags maar word 'n volslae nederlaag toegedien.

Op pad terug na Egipte doen hy Jerusalem aan en plunder die stad. Hy vervang en verban koning Joahas na drie maande op die troon. Hy sit 'n ander seun van Josia, Jehojakim, op die troon (2 Kon 23:31-35).

f. Nebukadnesar II, wat die Egiptiese leer terugverdryf deur palestina, verneem van sy vader se dood en keer terug na Babilon.

Dieselfde jaar, egter, keer hy na Palestina terug. Hy behou Jehojakim op die troon van juda, maar voer etlike duisende van leidinggewende burgers en lede van die koninklike familie weg na Babilon. Onder hierdie ballinge was Daniël en sy vriende.

4. 605-562 Nebukadnesar II

a. vanaf 597-538 is Babilon in algehele beheer van Palestina

b. in 597 volg 'n verdere wegvoering van Jerusalem se bevolking omrede Jehojakim se verbond met Egipte (2 Kon 24). Jehojakim sterf voor die aankoms van Nebukadnesar II. Sy seun, Jehojagin, regeer vir drie maande tot sy ballingskap na Babilon. Tien duisend bewoners, wat Esegël ingesluit het, word langs die Kebarkanaal, naby die stad Babilon, hervestig.

c. in 586, na ononderbroke steunsoekery by Egipte, word Jerusalem totaal vernietig en nog 'n massawegvoering vind plaas. Sedekia, wat Jojagin vervang het, word in ballingskap weggevoer en Gedalja, word as goewerneur aangestel.

Gedalja word deur militere oorlopers om die lewe gebring. Hierdie opstandeling vlug na Egipte en dwing Jeremia om met hulle saam te gaan. 'n Vierde keer val Nebukadnesar (605, 596, 586, 582) die land binne met wegvoering van alle oorblywende Jode, wat hy in 582 kon vind.

5. 562-560 Evil-Merodag

– ook bekend as Amel-Marduk, bevry Jehojagin uit gevangenskap, maar laat hom in Babilonie aanbly (2 Kon 25:27-30; Jer 52:31).

6. 560-556 Neriglissar

– hy was die general van Nebukadnesar verantwoordelik vir die verwoesting van Jerusalem

7. 556- ? Labaski-Marduk

– die seun van Neriglissar, maar na net nege maande om die lewe gebring

8. 556-539 Nabonidus

(a) het nie 'n familieverband met koninklikes gehad nie en trou daarom met 'n dogter van Nebukadnesar II

(b) Hy het sy tyd deurgebring met bouwerk aan 'n tempel vir die maangod *Sin* in Tema. Hy was 'n seun van 'n priesteres van hierdie godin. Hiermee haal hy die vyandskap van die Marduk-priesters oor hom, wat die hoofgod van babilon was.

(c) beste die meeste van sy tyd aan onderdrukking van opstande in 'n poging om die koninkryk te stabiliseer

(d) hy trek weg na Tema en laat regeringsaangeleenthede in Babilon oor aan sy seun, Belsassar (vgl dan 5).

9. ? – 539 Belsassar (mede-regeerder)

– die stad Babilon is uiters maklik deur die Medo-Persiese leer betree; Gobryas van Gutium het die waters van die Eufraat afgekeer en het sonder teenstand die stad ingeneem. Die priesters en die bevolking het die Perse as bevryders

gesien wat Marduk in eer sou herstel. Gobryas is deur Kores (Cyrus II) as goewerneur van Babilon aangestel. Een van die twee, Kores (Cyrus) of Gobryas, was die “Darius die Meder” van Daniël 5;31 en 6:1. Darius beteken die “Die Koninklike Een”

- C. Die Ryk van Mede en Perse; ‘n Oorsig oor die Opkoms van Cyrus II (Kores, Jes 44:28;45:7 –NAV)
1. 625-585 Cyaxares was die koning van Medië wat Babilon gehelp het om Assirië te verslaan.
 2. 585-550 Astyages was koning van Medië. Kores was sy kleinkind wie se moeder Mandane was.
 3. 550-530 Kores II was vassalkoning van Ansham wat ‘n opstand gelei het.
 - a. Nabonidus, die koning van Babilon het Kores ondersteun
 - b. Kores het Astyages onttroon.
 - c. Nabonidus, wat die magsbalans wou herstel, het alliansies gesluit met
 - (1) Egipte
 - (2) Croesus, die koning van Lydia (in Klein Asië)
 4. 547 – Kores trek op teen Sardis (hoofstad van Lydia)
 5. op 2 November, 539, neem Gobryas van Gutium, met behulp van Kores se magte, Babilon in sonder slag of stoot. Gobryas goewerneur van Babilon.
 6. 539 – in Oktober, daag “Kores die Grote” in eie persoon op as bevryder. Sy beleid van genaakbaarheid teenoor ander nasionaliteite bring ‘n ommekeer in die wegvoerbeleid tot stand en as nasionale beleid laat hy die Jode en ander toe om terug te keer en hulle volksheilidomme te herbou.
 7. 538 Jode en ander groepe keer huiswaarts om hulle heiligdomme te herbou
 8. 530 Kores se seun, Kambuses II, het hom opgevolg.
 9. 530-522 die regeringstyd van Kambuses II
 - in 525 voeg hy die Egiptiese Ryk by tot die Ryk van Mede en Perse
 - dit is waarskynlik so dat hy selfmoord gepleeg het
 10. 522-486 Darius I vat die beheer oor
 - a. hy was nie van koninklike afkoms nie, maar ‘n militaris (generaal)
 - b. hy organiseer die Persiese Ryk ooreenkomstig Kores se beginsels met Satrappe (Esra 1-6; Haggai, Sagaria)
 - c. hy voer na die voorbeeld van Lidia ‘n muntstelsel in
 11. 486-465 Xerxes I se regering
 - a. hy onderdruk ‘n Egiptiese opstand
 - b. hy beplan om Griekeland in te val, wat ‘n Persiese droom was, maar hy word met die Slag van Termopolie (480) en deur Salamis (479) verslaan.
 - c. Ester se eggenoot, Ahasveros, soos hy in die Bybel genoem word, word vermoor in 465
 12. 465-424 Artaxerxes I se regeringstyd (Esra 7-10; Nehemia; Maleagi):
 - a. die Grieke was voortdurend in opmars totdat hulle deur die eie Peloponisiëse Burgeroorloë ingetrek word
 - b. Griekeland val uiteen (Ateens en Peloponisië)
 - c. die Griekse burgeroorloë duur sowat 20 jaar
 - d. dis ‘n periode waartydens die Joodse gemeenskapslewe in sterkte ervaar
 13. 423-404 Darius in regering
 14. 404- 358 Artaxerxes II se regeringstyd
 15. 358-338 Artaxerxes III in regering
 16. 338-336 Arses regeer
 17. 336- 331 Darius III regeer
- D. ‘n Oorsig oor Egipte
1. Hiksos (Veeherder Konings – Semiete) – 1720/10 -1550 vC.
 2. 18de Dinastie (1570-1546)
 - a. 1570-1546 Amosis
 - b. 1546-1525 Amenofis I (Amenhotep I)
 - c. 1525- 1494 Toetmosis I
 - d. ? Toetmosis II
 - e. ? Hatsjepsut
 - f. 1490-1435 Toetmosis III
 - g. 1435-1414 Amenofis II
 - h. 1414-1406 Toetmosis IV
 - i. 1406-1370 Amenofis III
 - j. 1370-1353 Amenofis IV (Ikhenaton)
 - k. ? Smenkhare
 - l. ? Toetankamen
 - m. ? Ay
 - n. 1340-1310 Haremhab
 3. Die 19de Dinastie
 - a. ? Ramesis I
 - b. 1309-1290 Seti I

- c. 1209-1224 Ramesses (Rameses II)
- d. 1224-1216 Marnipta (Merenpt)
- e. ? Amenmesses
- f. ? Seti II
- g. ? Sipta
- h. ? Tewosret
- 4. die 20 ste Dinastie(1180-1144)
 - a. 1175-1144 Rameses III
 - b. 1144-1065 Ramesis IV-XI
- 5. die 21ste Dinastie
 - a. ? Smendes
 - b. ? Herihor
- 6. die 22ste Dinastie(935-725 vC)- die Libiese
 - a. 935-914 Sjisak (Sjosenk I of Sjesjong I)
 - b. 914-874 Osorkon I
 - c. ? Osorkon II
 - d. ? Sjosnek II
- 7. die 23ste Dinastie (759-715) Libies
- 8. die 24ste Dinastie (725-709)
- 9. die 25ste Dinastie (716/15-663) Etiopies/Nubies
 - a. 710/9-696/95 Sjabako (Sjabaku)
 - b. 696/5-685/4 Sjebitku/o
 - c. 690/89-685/4 Sjebteko (Sjebitku)
 - d. ? 664 Tirhaka (Taharqa)
 - e. ? Tantamun
- 10. die 26ste Dinastie(663-525) Saïties
 - a. 663-609 Psammetikus (Psamtik)
 - b. 609-593 Neko II (Necho)
 - c. 593-588 Psammetikus II (Psamtik)
 - d. 588-669 Apries (Hofra)
 - e. 569-525 Amasis
 - f. ? Psammatikus III (Psamtik)
- 11. die 27ste Dinastie (525-401) Persies
 - a. 530-522 Cambuses II (seun van Kores II)
 - b. 522-486 Darius I
 - c. 486-465 Xerxes I
 - d. 465-424 Artaxerxes I
 - e. 423-404 Darius II

* Vir 'n kronologie wat verskil, sien *Zondervan's Pictorial Bible Encyclopedia*, vol. 2, bl. 231

E. 'n Oorsig van Griekeland

1. 359-336 Philippus II van Masedonië:
 - a. het Griekeland opgebou
 - b. dood weens sluipmoord in 336.
2. 336-323 Alexander II, "die Grote" (seun van Filippus)
 - a. vermorsel Darius II, die Persiese koning by die Slag van Isus
 - b. sterf in 323 op 33/32 jarige ouderdom aan koors in Babilon
 - c. Alexander se generaals verdeel sy ryk onder mekaar
 - (1) Cassender – Macedonie en Griekeland
 - (2) Lysimikus – Trace
 - (3) Seleucus I – Sirië en Babilon
 - (4) Ptolemie - Egipte en Palestina
 - (5) Antigonos – Klein Asië (hy kon dit nie lank behou nie)
3. die Seleusiede en Ptolemies in stryd om beheer van Palestina
 - a. Sirië (Seleusiede regeer)
 - (1) 312-280 Seleukus I
 - (2) 280- 261 Antiochus Soster
 - (3) 261- 246 Antiochus II Theus
 - (4) 246-226 Seleukus II Callicinus
 - (5) 226-223 Seleukus III Ceraunus
 - (6) 223-187 Antiochus III, die Grote
 - (7) 187-175 Seleukus IV Filopator
 - (8) 175-163 Antiochus IV Epifanus

- (9) 163-162 Antiochus V
- (10) 162-150 Demetrius I
- (11)
- b. Egiptiese Ptolemitiese regeerders
 - (1) 327-285 Ptolemie I Soter
 - (2) 285-246 Ptolemie I Soter
 - (3) 246-221 Ptolemie II Filadelfus
 - (4) 221-203 Ptolemie III Euegetes
 - (5) 203-181 Ptolemie IV Filopator
 - (6) 181-146 Ptolemie V Epifanes
 - (7) Ptolemie VI Filometor
- c. 'n kort oorsig
 - (1) 301 – Palestina onder Ptolemiese regering vir lank
 - (2) 175-163 Antiochus IV Epifanes, Seleusidiese regeerder nr 8, wou die Jode met dwang Heleniseer (vergrieks), indien nodig.
 - a. hy rig gimnasiums op
 - b. bou heidense altaar vir Zeus Olimpius in die tempel

BYLAAG VIER

TABELLE OU TESTAMENTIESE TYDLYN

Ons verskaf 'n sleutel in Afrikaans met die oog op gebruik van die tabel
OLD TESTAMENT TIMELINE
(Raadpleeg, Dr Bob Utley, *Bible Lessons '96*)

1. GEN. 1-11 Skepping (1) Sondeval (2) Noag en die Sonvloed(3) Toring van Babel (4)
GEN. 12-50 Job
 2. Egipte – EKS./LEV. (Uittog)
– NUM./DEUT. (Intog)
 3. Kanaän – JOS.
 4. Filistea – RIGT./RUT
– I SAM.(Saul (S), Dawid (D), Salomo (S)–koninkrykonverdeelde)
 5. Sirië – II SAM, I en II KON./I KRON. (– verdeeldeRyk; **Juda**, Rehabeam;**Israel**: Jerobeam en Agab, profete:
Elia en Elisa
 6. Assirië – I en II KON; II KRON.; Tiglat-Pileser III, Salmaneser V, Sargon II/Sanherib, Essarhaddon, Assurbanip
Israel: (konings) Jerobeam I, Agab,Jerobeam II;Profete (klein): *Jona, Amos,Hosea, Miga*; (groot),
Jesaja
- WEGVOERING IN BALLINGSKAP
7. Babilon – (Konings) Nabopolassar, Nebukadneser, Nabonidus, Belsassar
Juda: (koningsin volgorde/opvolging) Ussia, Hiskia, Manasse, Josia, Joahas, Jojakim, Jojagin, Sedekia
(Profete) *Jeremia, Esegïel, Daniël* (groot)
Nahum, Habakkuk, Sefanja (klein)
 8. Persië – Kores (Cyrus II), Kambees II, Darius I
Profete (klein): *Obadja, Joël, Haggai, Sagaria*
ESRA 1-6 – EERSTE TERUGKEER UIT BALLINGSKAP, o.l.v. Sesbassar
–TWEEDE TERUGKEER o.l.v. Serubbabel
 9. ESRA 7-10 – Xerxus I, Ahasveros, Artaxerxus I
ESTER – DIE DERDE TERUGKEER UIT BALLINGSKAP
NEH. Nehemia herbou mure van Jerusalem
 10. MAL. (laaste profeet– *Maleagi*)

Sien vir grafiese weergawe die Engelse weergawe (vert.)

Konings en Gebeure van die Babiloniese, Persiese en Griekse Dinastieë

- 612 v.C. Nineve val voor die neo-Babiloniese krygsmag (Nebukadneser)
- 608 Die opmars van farao Neko II na Karkemis om die uitbreiding van neo-Babiloniese mag te stuit
- Josia, koning van Juda, probeer sy aantog afsny
- Josia sneuwel en sy seun Joahas volg hom op
- Jojakim, 'n ander seun van Josia, word deur farao Neko II op die troon geplaas slegs drie maande later
- Palestina en Sirië onder Egiptiese oorheersing
- Josia se hervormings raak afgewater en verval
- 605 Nabopolassar stuur troepe om die oorblywende Assiriese magte en die Egiptenare by Karkemis te onderwerp
- Nebukadneser agtervolg en verjaag hulle tot in die Palestynse vlaktes
- Daar verneem hy van die dood van sy vader (Nabopolassar) en hy keer terug na Babilon om die kroon te ontvang
- Op hierdie terugtog vat hy Daniël en ander uit die koninklike familie in ballingskap saam
- 605-538 Babilon is nou in beheer van Palestina, 597; 10 000 Jode weggevoer in ballingskap
- 586 Jerusalem en die tempel word verwoes en nog groot wegvoerings
- 582 Omdat Joodse guerrilla vegters Gedalja vermoor, vind nog 'n laaste groot wegvoering plaas

DIE OPVOLGERS VAN NEBUKADNESER

- 562-560 Evil-Merodag ontslaan Jojakim (die Messiaanse linie) uit aanhouding
- 560-556 Neriglissar
- 556 Labaski-Marduk regeer

556-539

Nabonidus

Bring sy tyd deur met tempelbou vir die maangod, *Sin*

Poog deurentyd om opstande te beheer en die koninkryk te stabiliseer

Hy vestig hom in Tema en laat die aangeleenthede van staatsbestuur in die hande van sy seun, Belsassar

Belsassar probeer die meeste van tyd om orde te herstel

Die grootste bedreiging vir Babilonië was Medië

Die opkoms van Kores (Cyrus)

585-550

Astayages was koning in Medië en Kores was sy kleinseun (by Mandane)

550

Kores (Cyrus II), 'n vassalkoning, kom in opstand

Om die magsbalans te herstel, sluit Nabonidus ooreenkomste met

Egipte

Krekus, koning van Lydia

547

Kores trek op teen Sardis, hoofstad van Lydia en onderwerp die hele Klein Asië

539

Gobiyas ondervind geen weerstand van Babilon nie (Dan. 5; Belsassar is mederegeerder met Nabonidus); waarskynlik was Gobiyas "Darius die Meder" – Dan. 5:31)

11 Okt. 539

Kores kom bevry die Babiloniërs van Nabonidus se maangodin (Zin)

Kores se opvolgers

530

Kores se seun, Kambuses, volg hom op

530-522

Die duur van Kambuses se regering (Elephantine papirusse)

Hy voeg in 525 Egipte by tot sy Medo-Persiese Ryk

522-486

Darius I kom op die troon

Hy organiseer die Persiese Ryk volgens die Kores-plan van satrappe

Hy stel 'n muntstelsel in na voorbeeld van Lydia

486-465

Xerxes I (Ester)

Hy onderdruk 'n Egiptiese opstand

Beplan om Griekeland binne te val, maar word in die Slag van Termopolie verslaan

(480)

Word vermoor in 465

- 480 Die Slag van Termopolie
- 465-424 Artaxerxes I Longimanus (Esra 7-10, Nehemia en Maleagi)
Die Grieke in opmars, maar val vas in die Peloponnesiese Oorloë
Oorloë wat omtrent 20 jaar aangehou het
Hierdie tydperk dien as herstelperiode vir Joodse gemeenskapslewe
- 423-404 Darius II
Hy magtig die fees van Ongesuurde Brode in die Elephantine-tempel (Egipte)
- 404-358 Artaxerxes II
- 358-338 Artaxerxes III
- 338-336 Arses
- 336-331 Darius III

GRIEKELAND

- 359-336 Filippus II van Masedonië bou die land op
Word vermoor in 336
- 336-323 Filippus se seun, Alexander “die Grote”
Verpletter Darius II in die Slag van Isus
Hy sterf in 323 in Babilon aan ‘n koorssiekte nadat hy oorskant van die Mediterreense See en die Nabye Ooste onderwerp het
Na sy dood het die generaals die Ryk onder hulle verdeel:
Cassander – Masedonie en Griekeland
Licimicus – Trace
Seleucus I – Sirië en Babilon
Ptolemie – Egipte en Palestina
Antigonus – ‘n klein deel van Klein Asië

Die Seleusiede versus die Ptolemies

- 301 Palestina was 100 jaar lank onder Ptolemie-beheer

175-163	Antiochus Epifanus Wil die Jode Helleniseer (vergrieks), bou 'n gimnasium Rig heidenaltare op: priesters word sleg behandel
Des. 13,168	Antiochus Epifanus laat slag 'n vark op die altaar; sommige beskou die daad as "die gruwelike aanstootlikheid"
167	Mattatias en sy seuns rebelleer. Mattatias word gedood en Judas neem beheer Judas Makkabeus voer 'n suksesvolle gorilla-stryd
165,Des.25	Herinwyding van die tempel.

REGEERDERS

BABILON

626-605

605-562

562-560

556

556-539

539-

MEDIË

Nabopolassar sterf ("Nabu, beskerm die son")
625-585
Kirzares

Nebukadneser II
("Nebu, beskerm die grens")
585-550
Astyages

Evil Merodak 550
Cyrus II (Kores)

Labaski Marduk

Nabonidus

Belsassar

Gobiyas

MEDO-PERSIES

550-530 Cyrus II (Kores); 538 Mede en Perse oorheers, die Achaemeniese Ryk genoem

530-522 Kambuses II (Voeg Egipte en Cyprus by die Ryk)

522 Gaumata of Pseudo, Smerdis (regeer 6 maande)

522-486 Darius I (Histaspes)

486-465	Xerxes I (Ester se eggenoot/Ahasveros)
465-424	Artaxexes I (Esra en Nehemia in Palestina)
423-	Xerxes II
424-404	Darius II Notus
404-359	Artaxerxes II Mnemon
359-338	Artaxexes III Ochus
338-336	Arses
338-331	Darius III Codomannus

GRIEKS

359-336	Filippus van Masedonië
336-323	Alexander die Grote
323-	Die generaals verdeel die Ryk Kassander – Masedonië Lisimikus- Sirië Seleucus I – Sirië en Babilonië Ptolemie – Egipte Antigonus – Klein Asië

Palestina was onder Ptolemie-beheer, maar die Seleusiede het oorgeneem gedurende 175-163

175-163 Antiochus Epifanus was die agste Seleusied-leier

* Datums en name is hoofsaaklik geneem uit *A History of Israel* deur John Bright, bl. 461-471.

KONINGS VAN DIE VERDEELDE RYK

JUDA SE KONINGS (1 KRON. 3:1-16; MAT. 1:6-11)					ISRAEL SE KONINGS				
NAME & DATUMS	BRIGHT	YOUNG	HARRISON	BYBELTEKSTE	NAME & DATUMS	BRIGHT	YOUNG	HARRISON	BYBEL-TEKSTE
Rehabeam	922-915	933-917	931/30-913	1 Kon. 11:43-12:27; 14:21-31 2 Kron. 9:31-12:16	Jerobeam I	922-901	933-912	931/30-910/9	1 Kon. 11:26-40
Abija (Abijam)	915-914	916-914	913-911/10	1 Kon. 14:31-15:8 11 Kron. 11:20, 22					
Asa	913-873	913-873	911/10-870/69	1 Kon. 15:8-30; 16:8,10,23,29; 22:41, 43,46 Jer. 41:9	Nadab	901-900	912-911	910/09-909/08	1 Kon. 14:20; 15:25
					Baesa	900-877	911-888	909/08-886/85	1 Kon. 15:16-16:7; 2 Kon. 9:9 2 Kron. 16:1-6 Jer. 41:9
Josafat	873-849	873-849	870/69-848	1 Kon. 15:24; 22:1-51 2 Kon. 3:1-12; 8:16-19 1 Kon.	Ela	877-846	888-887	886/85-885/84	1 Kon. 16:8-14

				3:10 2 Kron. 17:1- 21:1					
(Joram med eregerder)	----- ---	----- -- -	853-848	1 Kon. 22:50 2 Kon. 1:17; 8:16; 12:18	Simri (generaal) Omri (generaal)	876 876- 8 6 9	887 887- 8 7 7	885/84 885/84- 874 /73	1 Kon. 16:9-20 2 Kon. 9:31 1 Kon. 16:15- 28 2 Kon. 8:26 Miga 6:16
Joram	849- 84 2	849- 8 4 2	848-841	1 Kron. 21:1- 20 Matteus 1:8					
Ahasia	842	842	----- ----	2 Kon. 8:24- 9:29 2 Kron. 22:1-9	Agab Ahasia	869- 8 5 0	876- 8 5 4	874/73- 853 853- 852	1 Kon. 16:29- 22:40 1 Kon. 22:40,4 1,49,51 -53 2 Kon. 18:1- 3,19
Atalia (Koningin)	842- 83 7	842- 8 3 6	841-835	2 Kon. 8:26; 11:1- 20 2 Kron. 22:2- 23:21	Jehoram (Joram)	849- 8 4 2	853- 8 4 2	852- 841	2 Kon. 1:17; 3:1-27; 8:16- 9:29
Joas	837- 80 0	836- 7 9 7	835-796	2 Kon. 11:2-3; 12:1- 21 2 Kron. 22:11- 12; 24:1- 27	Jehu (Generaal)	842- 8 1 5	842- 8 1 5	841- 814 /13	1 Kon. 19:16- 17 2 Kon. 9:1- 10:36; 15:12 2 Kon. 22:7-9 Hosea 1:4

JUDA SE KONINGS (1 KRON. 3:1-16; MAT. 1:6-11) (VERVOLG)					ISRAEL SE KONINGS (VERVOLG)				
NAME & DATUMS	BRIGHT	YOUNG	HARRISON	BYBELTEKSTE	NAME & DATUMS	BRIGHT	YOUNG	HARRISON	BYBEL-TEKSTE
Amasia	800-7 8 3	797-7 7 9	796-767	2 Kon. 12:21; 14:1-22 2 Kron. 25:1-28					
(Ussia Medeerder)	----- -- --	----- - - - -	791/90 - 767	2 Kon. 14:21; 15:17	Joahas	815-8 0 1	814-7 9 8	814/13-79 8	2 Kon. 10:35; 13:1-9
Ussia (Asarja)	783-7 4 2	779-7 4 0	767-740 /39	2 Krron. 26:1-23 Hosea 1:1; Amos 1:1 Sagaria 14:5	Joahas	801-7 8 6	798-7 8 3	798-78 2/8 1	2 Kon. 13:9-13,25 2 Kron. 25:17-25 Hosea 1:1; Amos 1:1
(Jerobeam II Medeerder)					(Jerobeam II Medeerder)	----- - - - -	----- - - - -	793/92-78 2/8 1	2 Kon. 13:13; 14:16,23-29 Hosea 1:1
(Jotam Medeerder)	750-7 4 2	----- - - -	750-740 /39	2 Kon. 15:7,32-38					
Jotam	742-7 3 5	740-7 3 6	740/39 - 732 /31	1 Kron. 5:17 2 Kron. 26:23-27:9 Jes. 1:1; 7:1 Hosea 1:1; Miga 1:1	Jerobeam II Sagaria	786-7 4 6 746-7	783-7 4 3	782/81-75 3 753-75	Amos 1:1; 7:9-11 2 Kon. 15:8-12

(Agas Mederegelder)	----- -- -- - - -	----- - - - -	744/43 - 732 /31	2 Kon. 15:30- 16:20 2 Kron. 27:9- 28:27	Sallum	4 5 745	743	752	2 Kon. 15:10, 13-15
Agas	735- 7 1 5	736- 7 2 8	732/31 - 716 /15	Jes. 1:1; 7:1 e.v.; 14:28; 38:8 Hosea 1:1; Miga 1:1	Menahem	745- 7 3 8	743- 7 3 7	752- 74 2/4 1	2 Kon. 15:14, 16-22
(Hiskia Mederegelder)	----- -- -- - - -	----- - - - -	729- 716 /15	2 Kon. 16:20; 18:1- 20,21 2 Kron. 28:27- 32:33 Spr. 25:1	Pekahia	738- 7 3 7	737- 7 3 6	742/4 1- 74 0/3 9	2 Kon. 15:23- 26
Hiskia	715- 6 8 7	727- 6 9 9	716/15 - 687 /86	Jes. 1:1; 36:1-39:8 Hosea 1:1; Miga 1:1 Mat. 1:9-10	Pekah	737- 7 3 2	736- 7 3 0	740/3 9- 73 2/3 1	2 Kon. 15:27- 31; 16:5 2 Kron. 28:6; Jes. 7:1
(Manasse Mederegelder)	----- -- -- - - -	----- - - - -	696/95 - 687 /86	2 Kon. 20:21- 21:18; 23:12,26; 24:2	Hosea	732- 7 2 4	730- 7 2 2	732/3 1- 72 3/2 2	2 Kon. 17:1-18
Manasse	687/8 6 - 6 4 2	698- 6 4 3	687/86 - 642 /41	2 Kron. 32:33- 33:20 Jer. 15:4 e.v.; 2 Kon. 21:18-26	Valvanasariovoor Assirië	724 v C .	722 v C .	722 v. C. C.	
Amon	642- 6 4	643- 6 4	642/41 - 640	2 Kron. 33:20-25 Jer. 1:2; Sef.					

	0	1	/39	1:1 1 Kon. 13:2-3					
--	---	---	-----	----------------------	--	--	--	--	--

JUDA SE KONINGS (VERVOLG)					ISRAEL SE KONINGS (VERVOLG)				
NAME & DATUMS	BRIGIT	YOUNG	HARRISON	BYBELTEKSTE	NAM E & DATUMS	BRIGIT	YOUNG	HARRISON	BYBEL-TEKSTE
Josia	610-609	640-609	640/39-609	2 Kon. 21:24; 22:1-23:30 2 Kron. 33:25-35:27 Jer. 1:2; Sef. 1:1 Mat. 1:10-11					
Joahas	609 (3 m a a n d e)	609	609	2 Kon. 23:30-34 2 Kron. 36:1-4					
Jojakim	609-598	609-598	609-597	2 Kon. 23:34-24:6,19 2 Kron. 36:4-8 Jer. 1:3; 22:18-23; 25:1 e.v.; 26:1 e.v.; 27:1 e.v.; 35:1 e.v.; 36:1 e.v. Dan. 1:1-2					
Jojagin	598/97 (3 m a	598	597	2 Kon. 24:6,8-17; 25:27-30 2 Kron.					

	a n d e)			36:8-9 Jer. 52:31; Eseg. 1:2				
Sedekia	597- 5 8 6	598- 5 8 7	597- 587	2 Kon. 24:17- 25:7 2 Kron. 36:10-11 Jer. 1:3; 21:1-7; 24:8-10 27:1 e.v.; 32:4-5; 34:1-22; 37:1- 39:7; 52:1-11				
Val van Jeru sale m voo r Bab ilon	586 v. C .	587 v. C .	587 v.C .	Klaagliedere				

Vir 'n goeie bespreking oor die dateringsprobleme, sien E. R. Thiele, *The Mysterious Numbers of the Hebrew Kings*.

BYLAAG VYF

LEERSTELLIGE UITSPRAAK

Ek hou nie juis van stellings oor geloof of oortuiging nie. Ek verkies om die Bybel self te laat spreek. Maar ek besef dat 'n leerstellige uitspraak diegene wat my nie ken nie sal help om my perspektief in sake van geloof te evalueer. In ons tyd van soveel teologiese mistasting en misleiding, is die volgende, kort opsomming van my teologiese standpunt moontlik gepas.

1. Die Bybel, Ou en Nuwe Testament ingesluit, is die geïnspireerde, onfeilbare, gesaghebbende en ewige Woord van God. Dit is die self-openbaring van God, opgeteken deur manne onder bonatuurlike leiding. Dit is ons enigste bron van helder waarheid oor God en sy doelstellings. Dit is ook die enigste bron van geloof en praktyk vir sy kerk.

2. Daar is slegs een ewige, skeppende, verlossende God. Hy is die skepper van alle dinge – sigbaar én onsigbaar. Hy het Homself aan ons openbaar as liefdevol en sorgsaam, hoewel hy ook regverdig en op geregtigheid ingestel is. Hy het Homself openbaar in drie onderskeie persone: Vader, Seun en Gees; waarlik apart en tog dieselfde in wese.

3. God is aktief in beheer van sy wêreld. Daar is 'n ewige, onveranderlike plan vir sy skepping, sowel as 'n individueel-gefokusde plan wat die mens vrye wil toelaat. Niks gebeur sonder God se wete en toelating nie, en tog laat Hy beide engele en mense toe om hulle eie keuses te maak. Jesus is die Vader se Uitverkore Man, en almal is potensieel in Hom uitverkies. God se voorkennis van gebeure bind nie die mens se lewe aan voorafbepaalde draaiboek nie. Ons bly almal verantwoordelik vir ons eie denke en dade.

4. Die mens, hoewel na die beeld van God geskape en vry van sonde, het nogtans besluit om teen God te rebelleer. Ten spyte van die feit dat hulle deur 'n eksterne agent verlei is, was Adam en Eva steeds verantwoordelik vir hulle selfsug en eiewilligheid. Hulle rebellie het die mens en die skepping geaffekteer sodat ons almal 'n behoefte het aan God se genade – vir ons gedeelde verantwoordelikheid met Adam, sowel as ons individuele wederstrewigheid.

5. God het vir die gevalle mensheid 'n manier gegee om vergifnis en herstel te bekom. Jesus Christus, God se unieke seun, het mens geword, 'n sondelose lewe gelei, en het deur middel van sy plaasvervangende dood die skuld van die mens se sondes afgehandel. Hy is die enigste weg tot herstel van ons vertrouensverhouding met God. Daar is geen ander manier om verlossing te bekom anders as deur geloof in sy verdienste nie.

6. Elkeen van ons moet God se aanbod van vergifnis en herstel in Jesus persoonlik aanvaar. Dit word bewerkstellig deur 'n wilsbesluit om God se beloftes in en deur Jesus te vertrou en deur gewilliglik van gekende sonde weg te draai.

7. Ons almal is ten volle vergewe en herstel deur ons vertrou in Christus en inkeer van sonde. Maar bevestiging van hierdie nuwe verhouding moet egter in 'n veranderde en veranderende lewe merkbaar word. Die doel van God vir die mens is nie bloot om eendag in die hemel te kom nie, maar om daaglik Christus-gelykvormig te lewe. Diegene wat werklik gered is, selfs al sondig hulle steeds nou en dan, sal voortgaan in geloof en inkering vir die res van hulle lewens.

8. Die Heilige Gees is “die ander Jesus”. Hy is in die wêreld aanwesig om verlorene na Christus te lei, en om 'n Christus-gesindheid in dié wat gered is, te ontwikkel. Die gawes van die Gees word gegee by verlossing. Die gawes is die lewe en bediening van Jesus wat tussen die lede van sy liggaam – die kerk – verdeel word. Die gawes, wat basies die gesindheid en motiewe van Jesus is, kom tot uiting in die vrug van die Gees. Die Gees is so aktief vandag soos Hy was in Bybelse tye.

9. Die Vader het die opgestane Jesus Christus die regter van alle dinge gemaak. Hy sal terugkeer aarde toe om oordeel uit te spreek oor die mensdom. Dié wat Jesus vertrou het en wie se name in die Lam se boek van die lewe geskryf staan, sal hulle ewige, verheerlikte liggame ontvang met sy wederkoms. Hulle sal vir ewig saam met Hom wees. Maar diegene wat Hom verwerp het en weier om te reageer op God se waarheid, sal vir ewig afgesny wees van die geluk en vertrouensverhouding met die Drie-Enige God. Hulle sal verdoem wees saam met die duiwel en sy engele.

Hierdie is sekerlik nie volledig of omvattend nie, maar ek hoop dat dit jou die teologiese kleur van my hart wys. Ek hou van die volgende stelling:

“In noodsaaklikhede – eenheid; in dinge rondom – vryheid; in alle dinge – liefde.”
 (“In essentials – unity, In peripherals – freedom, In all things – love.”)

